**NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND**

# *Agenda en Handelinge van die Sinodesitting*

## 17-20 OKTOBER 2016

## TE KIMBERLEY

# INHOUDSOPGAWE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **1.** | **VERSLAG VAN DIE TAAKSPAN SINODEBEPLANNING** | 1 |
| | BYLAE 1: Lys van afgevaardigdes | 6 |
| | BYLAE 2: Voorgestelde werkswyse | 9 |
| | BYLAE 3: Tydsindeling | 11 |
| | BYLAE 4: Beskrywingspunt 1: Standpunt oor die algemene sinode se besluit oor selfdegeslagverhoudings – Ned. Geref. Kerk Orania | 13 |
| | BYLAE 5: Beskrywingspunt 2: Selfdegeslagverhoudinge – ring van Griekwastad | 15 |
| | BYLAE 6: Beskrywingspunt 3: Verandering van algemene sinodestruktuur en – funksionering – ring van Griekwastad | 16 |
| | BYLAE 7: Beskrywingspunt 4: Belhar Belydenis – ring van Griekwastad | 17 |
| | BYLAE 8: Beskrywingspunt 5: Vierde bedieningsopsie in kleinerwordende gemeentes – oudl. Gerhard Cilliers – Ned. Geref. Kerk Plooysburg | 18 |
| **2.** | **VERSLAG SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING** | 19 |
| | BYLAE 1: Julle sal my getuies wees | 40 |
| | BYLAE 2: Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk | 48 |
| | BYLAE 3: Missionale transformasie – van oorlewing tot impak | 66 |
| | BYLAE 4: Verslag – Skrifgesag en Skrifgebruik – (vgl. Agenda Algemene Sinode 1986, bladsy 55-58) | 72 |
| | BYLAE 5: Verslag – Gesag van die Skrif – (vgl. Agenda Algemene Sinode 2002, bladsy 201-210) | 77 |
| | BYLAE 6: Dié verklaring – Skrifgebruik en Skrifgesag – (vgl. Besluiteregister Algemene Sinode 2004, bladsy 9-10) | 87 |
| | BYLAE 7: Dié verslag – Skrifberoep in Etiese Sake – (vgl. Agenda Algemene Sinode 1990, 124-128) | 88 |
| | BYLAE 8: Ring van Upington – Selfdegeslagverhoudings | 94 |
| | BYLAE 9: NG Kerk Vergelegen – Selfdegeslagverhoudings | 96 |
| | BYLAE 10: Selfdegeslagverhoudings | 97 |
| | BYLAE 11: Homoseksualiteit en Selfdegeslagverhoudings | 103 |
| | BYLAE 12: Pastorale uitdeelstuk aan gemeentes | 110 |
| | BYLAE 13: Kritiese beoordeling van die dokument: Seisoen van Menswaardigheid | 113 |
| | BYLAE 14: Gemeente- en ringsterugvoer (vraelyste) | 116 |

BYLAE 15: Riglyne vir die Beroepingsproses van 'n Leraar" deur dr. PM Goosen en dr. JF Marais 135

BYLAE 16: Sinodale proses vir standplaasverwisseling 141

BYLAE 17: "Rus-dag" – knelpunt of noodsaaklikheid? 145

BYLAE 18: Verslag van die verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die kuratorium van die teologiese fakulteit, Universiteit van die Vrystaat 147

BYLAE 19: Verslag van die verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die kuratorium van die teologiese fakulteit, Universiteit van Pretoria 148

BYLAE 20: Verslag van die verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die kuratorium van die teologiese fakulteit, Universiteit van Stellenbosch 150

**3. VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS EN GETUIENIS** 152

BYLAE 1: Report on bachelor of theology course offered by North West University through Kgolagano College 169

BYLAE 2: Skrywe aan me. Kgalalelo Marintlhwane, direkteur van Landelike Ontwikkeling en Grondsake in die Noord-Kaap 170

BYLAE 3: Verslag van die verteenwoordiger vir die Bybelgenootskap NG Kerk Noord-Kaap (1 November 2014 - 31 Oktober 2015) 172

BYLAE 4: Verslag verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die Kuratorium NGKA 176

**4. VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR HULPDIENSTE** 178

BYLAE 1: Verslag oor die fondsbeleggings pensioenfonds van predikante soos op 31 Desember 2015 186

BYLAE 2: Ned Geref Kerk in Noord-Kaapland gekonsolideerde inkomstestaat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016 188

BYLAE 3: Sinodale fondse soos op 29 Februarie 2016 190

BYLAE 4: Begroting 2015/2016 192

BYLAE 5: Reglement Sinodale instandhoudingsfonds (IF) 196

BYLAE 6: Reglement Noord-Kaapland Sinodesit-tingskoste Fonds (SF) 197

BYLAE 7: Reglement Sinodale Reserwefonds (RF) 198

**5. VERSLAG VAN DIE SINODALE KERKORDEKOMMISSIE** 199

BYLAE 1: Advies in sake beskrywingspunt: algemene bevoegdheidsraad (ABR) 209

BYLAE 2: Kommentaar op Gedragskode 210

BYLAE 3: Verslag van die algemene sinodale projekspan kerkverband 211

BYLAE 4: Vorm 8, Akte van demissie: Emeritaat of met die oog op verdere studie of op grond van Kerkorde art 12.7.3, by verstryking van termyn 218

**6. NOTULE** 220

**7. HERDERLIKE BRIEF** 285

**8. BESLUITEREGISTER BRIEF** 287

# ROEPINGSVERKLARING
# NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND

’n Sinode is gemeentes wat in ’n kerkverband aan mekaar gebind is en as kerk saam na die Woord van die Here luister en die pad so saamloop dat ons ons roeping ontdek en mekaar moed en hoop gee om dit uit te leef.

Die sinode het die volgende **KERNWAARDES** aanvaar

1. **Luister**
   - Die sinode wil God deur sy Woord en Gees ontmoet en na Hom luister.
   - Die sinode wil saam God se wil en roeping vir die Kerk ontdek.
   - Die afgevaardigdes luister na mekaar sodat ons mekaar tot troos en hulp kan wees.

2. **Liturgiese grondhouding**
   Die sinode vergader met 'n liturgiese grondhouding.

3. **Deelname**
   Die afgevaardigdes soek saam in die lig van die Woord en onder leiding van die Heilige Gees na God se wil. Dit kan geskied deur kleingroepbesprekings (tafelgesprekke) en debat deur die volle vergadering.
   Die sinode poog om so ver as moontlik konsensus te bereik wanneer besluite geneem word.

4. **Beplanning**
   Die sinode wil gemeentes en ringe ondersteun om konkreet en prakties uitvoering te gee aan God se roeping vir sy kerk.

5. **Verbondenheid aan mekaar**
   Gemeentes is met mekaar versoen deur Jesus Christus. Hierdie verbintenis word uitgedruk in ons belydenis, nl. Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls. Ons deel ons roeping in die wêreld en het ooreengekom om ordelik volgens ons kerkverband op te tree soos dit in ons *Kerkorde* weergegee word.

# 1. VERSLAG VAN DIE TAAKSPAN SINODEBEPLANNING

Geagte voorsitter en afgevaardigdes

U taakspan doen soos volg verslag van sy werksaamhede:

**1. PERSONEEL EN VERGADERINGS**
Die taakspan sinodebeplanning is saamgestel uit die voorsitters van sinodale kommissies, lede wat die ring van Upington aanwys het, nl. di. BJP Booysen en TE Smit.
Die predikant in sinodale diens, ds JPL Mostert en die Hoof Uitvoerende Direkteur Caritas Gemeenskapsfokus NPC, ds. FD Hugo, het ampshalwe gedien.
Ds. PL Louw het as voorsitter van die taakspan sinodebeplanning opgetree.

**2. TAAKSPAN SINODEBEPLANNING**
Die taakspan sinodebeplanning is as volg saamgestel

- die voorsitters van sinodale kommissies
- verteenwoordiger Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by algemene sinode
- die lede waarmee die ring die sinode preadviseer met betrekking tot die verkiesing van ’n voorsitter en ondervoorsitter (Bepaling 34.2.1)
- die predikant in sinodale diens.

**2.1 Uitvoering**
Die taakspan sinodebeplanning het 3 keer vergader – van die vergaderings was telefonies.

**3. REËLINGS VIR DIE TWINTIGSTE VERGADERING VAN DIE SINODE VAN DIE NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND**
Daar is aandag gegee aan die opdragte vir die reël van ’n sinode soos verwoord in die *Kerkorde*:

- *Die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning stel die Agenda op en dra sorg dat dit, indien enigsins moontlik, vier weke voor die vergadering in die hande van die afgevaardigdes gestel word.* (Kerkorde Noord-Kaapland 2014, Reglement van Orde, punt 3.1)
- *Die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning het die bevoegdheid om verslae deur die kommissies ingedien, te laat verkort indien dit onnodig lank is.* (Kerkorde Noord-Kaapland 2014, Reglement van Orde, punt 7.3)
- *Die gedeelte van die rapport van die sinodale kommissie vir hulpdienste wat op die reël van die vergadering betrekking het word eerste in behandeling geneem.* (Kerkorde Noord-Kaapland 2014, Reglement van Orde, punt 3.2)
- *Praktiese reëlings: sinodale vergaderings (Logistiek)* (Kerkorde Noord-Kaapland 2014, bepaling 35.5.2.2 (e))

Die taakspan sinodebeplanning het in uitvoering van bogenoemde voorskrifte van die *Kerkorde* die agenda vir die vergadering voorberei.

**3.1 Aanmelding van afgevaardigdes**
Alle afgevaardigdes neem betyds sitplek in sodat die konstituering op Maandag 17 Oktober 2016 om 13:00 in aanvang kan neem.

**3.2 Opening**
Ds. PF Louw van Upington neem as leraar met die langste jare diens die opening met Skriflesing en gebed waar en tree as voorsitter op totdat ’n moderator verkies is (Bepaling 1.1 van Reglement van Orde). ds. EZ Anthonissen van Upington is as sekundus aangewys.

**3.3 Notulering**
Die notulekommissie behartig die notule onder die leiding van die predikant in sinodale diens.

**3.4 Konstituering**

**3.4.1 Kennisgewing**
Daar is kennis gegee van die vergadering in die *Kerkbode* van 15 April 2016, sowel as per brief gedateer 4 Desember 2015 asook op 9 Maart 2016 aan alle kerkrade.

**3.4.2 Geloofsbriewe**
Die geloofsbriewe ***Bylae 1*** word ter tafel gelê, tesame met die wysiginge wat tot voor die konstituering ontvang is.
(Bepalings 1.2 en 1.3 van die Reglement van Orde).

**3.4.3 Konstituering**
Die konstituering vind plaas in ooreenstemming met Kerkorde artikel 33 en bepaling 1.3 van die Reglement van Orde.

**AANBEVELING**
**Die voorsitter verklaar die vergadering wettig gekonstitueerd.**

**3.4.4 Verkiesing van moderatuur**
Die verkiesing van die moderatuur vind plaas volgens bepaling 34 van die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland.
Die ring van Upington is versoek om ’n groslys te voorsien waaruit ’n voorsitter en ondervoorsitter gekies kan word.

***Die Ring van Upington het op 17 November 2015 besluit dat die twee name waaruit 'n voorsitter en onder-voorsitter gekies kan word vir die Sinodale vergadering vir 2016 as volg is:***
***Ds. TE Smit (Primarius)***
***Ds. BJP Booysen (Primarius)***
***Ds. FA Fouché (Sekundus)***

'n Voorsitter en ondervoorsitter word agtereenvolgens verkies, nadat in elke geval 'n nuwe groslys gevorm is – telkens (nominasies en stemming) per geslote stembriefies (Bepaling 1.4 en 2 van die Reglement van Orde)
Die stembriewe word opgeneem en getel deur die stemtellers.
Daar word voortgegaan met die behandeling van die verslag van die taakspan sinodebeplanning, terwyl die verkiesing van die voorsitter en ondervoorsitter aan die gang is.

**3.5 Werkswyse en tydsindeling**
Die voorgestelde werkswyse (***Bylae 2***) en tydsindeling (***Bylae 3***) van die vergadering is aangeheg by hierdie verslag.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**
1. **om die voorgestelde werkswyse (B*ylae 2*) en tydsindeling (*Bylae 3*) goed te keur.**

**3.6 Afsluiting van vergadering**
Die sinode nie later as 12:00 Donderdag 20 Oktober 2016 sal verdaag nie. Die verrigtinge word afgesluit met Skriflesing en gebed deur die voorsitter of iemand deur hom daartoe versoek. (Bepaling 9 van die Reglement van Orde).

**3.7 Groeteboodskappe**
Die volgende kerke is genooi om elk 'n groeteboodskap tydens die sinodesitting te bring:

- Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika Phororo
- Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo
- Reformed Church in Africa Pearl
- Dutch Reformed Church in Botswana
- Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika
- Gereformeerde Kerk
- Afrikaanse Protestantse Kerk
- 'n Verteenwoordiger van die algemene sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Groeteboodskappe sal 10 min voor ete of teetyd plaasvind.

**3.8 Standaardisering van verslae**
Almal verantwoordelik vir verslae aan die sinode is versoek om ter wille van eenvormigheid en die rekenarisering van die agenda te let op die skryfwyse van verslae van die vorige sinode in Noord-Kaapland. Waar nodig, is redaksionele en numeringsveranderinge aangebring kragtens Bepaling 7.3 van die Reglement van Orde.

**3.9 Ander reëlings**
**3.9.1** Vorms waarop voorstelle geskryf word, is voorberei. Geen voorstel wat nie op so 'n vorm geskryf is, sal aanvaar word nie.
**3.9.2** Tydelike kommissies kry geleentheid om in die aande na afloop van die normale sittingstyd te vergader.
**3.9.3** Afgevaardigdes word op 'n staande besluit gewys, naamlik dat afgevaardigdes met gemaklike – dog netjiese kleredrag sinodesittings kan bywoon.

**3.10 Verteenwoordigers van teologiese fakulteite**
Geen verteenwoordigers is genooi nie.

**3.11 Kommunikasie - media**
Die taakspan sinodebeplanning het besluit dat *eNuus Noord-Kaapland* sal nuus en besluite van die sinode deurgee. Die tydelike mediakommissie sal artikels vir *eNuus* voorsien.

**3.12 Tydelike kommissies (bepaling 35.6.1)**

**3.12.1 Kommissie vir aankondigings en korrespondensie**
<u>Personeel</u>
Dr. JB Vos (s)
Sekundus: Ds. DJ Muller

**3.12.2 Kommissie vir die besluiteregister**
<u>Personeel</u>
Ds. GP Barnard (s)
Ds. VR Terblanche
Sekundus: Ds. PF Coetzee

**3.12.3 Mediakommissie**
<u>Personeel</u>
Dr. JB Vos (s)
Ds. DJ Muller
'n Verteenwoordiger uit die notulekommissie

**3.12.4 Kommissie vir hulpdienste**
<u>Personeel</u>
Dr. AC Swanepoel (s)
Ds J Oosthuizen
Ds TE Smit
Oudl. JP Smit
Oudl. EL Daffue
Mev. E Badenhorst

**3.12.5 Kommissie vir algemene sake**
<u>Personeel</u>
Ds. SW Albertyn (s)
Ds. GJ Duursema
Dr. AC Swanepoel
Ds. J Oosthuizen
Ds. PL Louw
Ds. DJ Muller
Ds. MJ Coetzer
Dr. JJ Knoetze

**3.12.6 Kerkordekommissie**

Personeel

Ds GJ Duursema (s)
Ds. SW Albertyn
Ds. A Werner
Ds. JJ van Zyl
Ds. PG Otto
Ds. NB Roux
Ds. JIR van Niekerk
Ds. CR Scheepers
Ds. J Grobbelaar
Oudl. HB Fick

**3.12.7 Skrifbeskouing en Skrifgesag**

Personeel

Ds. SJ Strydom (s)
Ds. GJ Duursema
Ds. PG Otto
Dr. DL van Niekerk

**3.12.8 Selfdegeslagverhoudings**

Personeel

Ds. IM Kluge (s)
Ds. SJ Strydom
Ds. GJ Duursema
Ds. PG Otto
Dr. DL van Niekerk

**3.12.9 Missionale transformasie**

Personeel

Ds. PL Louw (s)
Ds. PJ Conradie
Ds. FJ Heymans
Ds. FP Avenant

**3.12.10 Gemeente en Gemeenskap**

Personeel

Dr. JS Henning (s)
Ds. FP Avenant
Ds. FD Hugo
Ds. SC van der Merwe
Ds. R Britz

**3.12.11 Kommissie vir reiskoste**

Personeel

Ds. LB de Villiers
Me. E Badenhorst

**3.12.12 Kommissie vir kommissies**

Personeel

- Ds JPL Mostert (predikant in sinodale diens)
- Voorsitters (indien hy nie kan nie, die skriba) van die sinodale kommissies soos tot voor aanvang van sinode
- Skribas van ringe

**3.12.13 Stemtellers**

Die volgende persone is aangewys:

| | | |
|---|---|---|
| Tafels | 1-4 | Ds. GFM Oosthuizen |
| | 5-8 | Ds. CJ Swart |
| | 9-12 | Ds. PJ Theron |
| | 13-16 | Ds. RJ Lourens |
| | 17-20 | Ds. C Janse van Rensburg |
| | 21-24 | Ds. R Britz |
| | 25-28 | Ds. G Marx |
| | 29-35 | Ds. GP Barnard |

Sameroeper: Ds. GP Barnard

**3.12.14 Notulekommissie**

Personeel

Ds. JPL Mostert (s)
Ds. K O'Callaghan
Ds. J Oosthuizen
Dr. LM Basson

**3.12.15 Herderlike brief**

Die ring van Upington neem verantwoordelikheid.

**3.13 Sinodale betrokkenheid van leraars**

Alle sinodale werksaamhede is 'n gesamentlike onderneming van al die gemeentes soos by die sinodesitting ooreengekom is. Die praktyk het uitgewys dat die werkslading van leraars by sinodale werksaamhede oneweredig versprei is. Sekere leraars is oorbetrokke by sinodale werk en ander is onbetrokke.

Die sinode het in 2008 die beginsel goedgekeur dat alle gemeentes (en leraars volgens artikel 9) betrokke behoort te wees by sinodale en algemene sinodale werksaamhede om te verseker dat die werkslading van leraars nie oneweredig versprei is nie.

**3.14 Notule**

Die dag se notule sal die volgende dag behandel word en vir goedkeuring voorgelê word. Moontlike foute word na regstelling opgeneem in die volgende dag se notule. Die finale notule word dan so spoedig moontlik na die sinodesitting beskikbaar gestel.

**3.15 Bind van enkele stelle van agenda en notule**

Die sinodale kantoor sal enkele stelle laat inbind (agenda, notule, tydelike kommissieverslae, laat stukke en 'n indeks) vir beskikbaarstelling aan alle sinodale kommissies asook aan kerkargiewe, teologiese fakulteite en ander sinodale kantore wat dit versoek.

**3.16 Daggeld, reis- en verblyfkoste vir sinode 2016**

Reëlings is getref dat afgevaardigdes wat buite Kimberley woon in gastehuise en by lidmate tuisgaan.

**AANBEVELING**

**Die sinode besluit dat**

1. **die koste teen R3-00 per kilometer vir een voertuig per gemeente en twee vir 'n gemeente met meer as twee leraars direk ter vergadering aan afgevaardigdes uitbetaal word, wat dit self onderling verdeel.**
2. **R100 per dag aan afgevaardigdes vir aandete betaal word.**

**3. geen gelde aan afgevaardigdes betaal word vir alternatiewe verblyf nie.**

**3.17 Plek waar die volgende sinodesitting gehou sal word**

*Die sinode het besluit*

*dat die volgende sinodesitting te Kimberley plaasvind.*

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat die volgende sinodesitting te Kimberley plaasvind.**

**3.18 Beskrywingspunte**

Kerkorde sinode in Noord-Kaapland

*Bepaling 35.1.2*

*Beskrywingspunte wat voor agt maande voor die sinodesitting ontvang word, moet deur die toepaslike permanente kommissies opgeneem word in hul agenda.*
*Die kommissies moet die sinode met 'n deeglike verslag en aanbeveling dien.*
*Beskrywingspunte wat na die datum ontvang word, word ook deur die toepaslike kommissie opgeneem in sy verslag aan die sinode, maar kan verwys word na 'n tydelike kommissie, indien daar nie genoeg tyd is om daaroor te besin nie.*

*Reglement van orde*

*5.2 Beskrywingspunte word deur die sinodale kommissie vir hulpdienste na die tydelike kommissie verwys waar dit in wese tuishoort. Die tydelike kommissies behandel die beskrywingspunte wat na hulle verwys word en dien die sinode met aanbevelings.*
*5.3 Tydelike kommissies maak nie aanbevelings oor die verslag van permanente kommissies nie, tensy daar 'n beskrywingspunt oor dieselfde saak is wat nuwe aspekte na vore bring, of wanneer 'n saak deur die sinode na hulle verwys is.*
*5.4 Tydelike kommissies moet sover moontlik uit die lede van die ooreenstemmende permanente kommissies bestaan.*
*5.5 Die tydelike kommissies soos deur die sinodale kommissie vir hulpdienste volgens die agenda aangewys, mag voor die aanvang van die sinode met hulle werksaamhede begin.*
*5.6 Insenders van beskrywingspunte kan die betrokke punt aan die tydelike kommissie toelig.*

***6.2 Beskrywingspunte***

*6.2.1 Beskrywingspunte en sake vir behandeling is alleen ontvanklik as dit minstens drie maande voor die vergadering by die predikant in sinodale diens ingehandig is.*
*6.2.2 Beskrywingspunte en sake vir behandeling is alleen ontvanklik in ooreenstemming met artikel 35 van die Kerkorde.*
*6.3 Spoedeisende sake van besondere en algemene belang mag deur die vergadering in behandeling geneem word indien die vergadering dit goedkeur. Die vergadering bespreek die saak nadat dit eers na 'n tydelike kommissie verwys is, vir 'n aanbeveling.*

Die taakspan sinodebeplanning het die volgende beskrywingspunte ontvang, nl.

1. ***Standpunt oor die algemene sinode se besluit oor selfdegeslagverhoudings – Ned. Geref. Kerk Orania*** is aangeheg as ***Bylae 4***.
2. ***Selfdegeslagverhoudinge – ring van Griekwastad*** is aangeheg as ***Bylae 5***.
3. ***Verandering van algemene sinodestruktuur en –funksionering – ring van Griekwastad*** is aangeheg as ***Bylae 6***.
4. ***Belhar Belydenis – ring van Griekwastad*** is aangeheg as ***Bylae 7***.
5. ***Vierde bedieningsopsie in kleinerwordende gemeentes – oudl. Gerhard Cilliers – Ned. Geref. Kerk Plooysburg*** is aangeheg as ***Bylae 8***.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**

1. **Beskrywingspunt 1: *Standpunt oor die algemene sinode se besluit oor selfdegeslagverhoudings – Ned. Geref. Kerk Orania* (*Bylae 4*) word verwys na die tydelike kommissie vir selfdegeslagverhoudings.**
2. **Beskrywingspunt 2: *Selfdegeslagverhoudinge – ring van Griekwastad* (*Bylae 5*) word verwys na die tydelike kommissie vir selfdegeslagverhoudings**
3. **Beskrywingspunt 3: *Verandering van algemene sinodestruktuur en –funksionering – ring van Griekwastad* (*Bylae 6*) word verwys na die tydelike kommissie vir algemene sake.**
4. **Beskrywingspunt 4: *Belhar Belydenis – ring van Griekwastad* (*Bylae 7*) word verwys na die tydelike kerkorde-kommissie.**
5. **Beskrywingspunt 5: Vierde bedieningsopsie in kleinerwordende gemeentes – oudl. Gerhard Cilliers – Ned. Geref. Kerk Plooysburg (*Bylae 8*) word verwys na die sinodale kerkordekommissie.**

**4. TAAKSPAN SINODEBEPLANNING**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**

1. **'n taakspan sinodebeplanning aangewys word wat as volg saamgestel word**
   a. **die voorsitters van kommissies**
   b. **verteenwoordiger Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by moderamen van die algemene sinode**
   c. **die lede waarmee die ring die sinode preadviseer met betrekking tot die verkiesing van 'n voorsitter en ondervoorsitter (Bepaling 34.2.1)**
   d. **die predikant in sinodale diens**

| |
|---|
| **e. die Hoof Uitvoerende Direkteur Caritas Gemeenskapsfokus NPC.** |

**5. SLOT**

Die kommissie vertrou dat hy sy opdrag uitgevoer het.

**6. LEDE VAN DIE TAAKSPAN**

| | |
|---|---|
| Ds. PL Louw | SKBO |
| Dr. AC Swanepoel | SKHD |
| Ds. GJ Duursema | SKOK |
| Ds. MJ Coetzer | SKDG |
| Ds. DJ Muller | SKBO (Begeleier) |
| Ds. BJP Booysen | Ring van Upington |
| Ds. TE Smit | Ring van Upington |
| Ds. FD Hugo | Hoof Uitvoerende Direkteur Caritas Gemeenskapsfokus NPC |
| Ds JPL Mostert | (Predikant in sinodale diens) |

**BYLAE 1**

# VOORLOPIGE LYS VAN AFGEVAARDIGDES SOOS OP 1 AUGUSTUS 2016

| GEMEENTES | PREDIKANTE | PRIMARII | SECUNDI |
|---|---|---|---|
| **Angolana** | M Hongolo | F da Costa | |
| **Askham-Noenieput** | FA Fouché | IJ De Witt | DJ van der Merwe |
| **Augrabies** | SJ Schoeman | GF Visser | J Kruger |
| **Barkly-Wes** | F Vorster(sekundus) | G Moorcroft | Me. M Oosthuizen |
| **Brandvlei** | RG Janse van Vuuren | Me. HLHC Louw | Me. AG Fölscher |
| **Britstown** | JZ Joubert | Me. MC van Zyl | SG Strauss |
| **Carnarvon** | SC van der Merwe | SP Jacobs | FG Haasbroek |
| **Daniëlskuil** | EL Daffue(sekundus) | SF Weideman | B Markram |
| **De Aar** | PJ Conradie | DJS Ferreira | |
| **De-Aar-Noord** | NB Roux | EJvZ Greyling | WJ du Plessis |
| **Deben** | AJ Pieterse(sekundus) | DEA Slabbert | IC Olivier |
| **Delportshoop** | FP Avenant | GV Faber | DG Swan |
| **Diamantveld** | P-R du Toit<br>FD Hugo | JF du Plooy<br>Me. BM van Zyl | |
| **Douglas** | D Gerber | DC Klynsmith | M Lötter |
| **Dutoitspan** | Me. E Kotze(sekundus) | PJ Le Roux | JH Erasmus |
| **Goedvertrou** | HS Havenga | J Pretorius | TL Le Roux |
| **Griekwastad** | PG Otto | JJ Scholtz | JG Korb |
| **Groblershoop** | DA Burger | CJ Nortjé | PG Slabber |
| **Grootdrink** | M VDS Loubser | JAC Burger | JM Jacobs |
| **Grootrivier** | | PJJ Goussard | |
| **Hanover** | | W Liebenberg | C Brown |
| **Hartskroon** | A Nel | HB Fick | |
| **Hartswater** | MJ Coetzer<br>TC du Toit | JA Swiegers<br>AD Grové | JPP Goussard<br>PDM Basson |
| **Hopetown** | JS Henning | CJ Thomas | HM van Rooyen |
| **Jan Kempdorp** | SJ Strydom | HJ Lourens | ML Bernardo |
| **Kakamas** | PJL Blaauw<br>R Britz | Me. GM Botma<br>Me. F van Wyk | Me. JJM Nel<br>Me. JH Truter |
| **Kalahari** | EZ Anthonissen | JA de Klerk | J Vermeulen |
| **Kameelboom** | GJHW Nieuwoudt(sekundus) | Me. T Grobler | PS Nieuwoudt |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Kanoneiland** | SL de Jager | Me. CDE Valentin | Me. HE Roux |
| **Kathu** | HK Viljoen<br>AC de Villiers<br>JA van Schalkwyk | BF Burger<br>PL Zietsman<br>N Loots | Me. L Janse v Rensburg<br>Me. EVD Cawood |
| **Keimoes** | JP Conradie | DJ Malan | JP Theron |
| **Kenhardt** | JIR van Niekerk | WJ Blomerus | HEC van der Westhuizen |
| **Kimberley** | LM Basson | MD Botha | JA van Niekerk |
| **Kimberley-Bakenskop** | A Zandberg<br>WG Stumpfe | Me. S Jacobs<br>PJ Botha | Me. ED Weyers<br>Me. M Theron |
| **Kimberley-Bet-El** | GJ Duursema | Me. MM Jaffer | Me. P Britz |
| **Kimberley-ǂGacan** | PW Manu | Me. S Mionga | M Mberego |
| **Kimberley-!Xun-Alfa** | FM Mahongo | K Benedito | Me. M Andonio |
| **Kimberley-Harmonie** | AC Swanepoel<br>DJ Scheepers<br>S Nel | LJ Enslin<br>PJ Harmse<br>Me. AS Enslin | AC Human<br>JH Deyzel<br>JD Smith |
| **Kimberley-Vooruitsig** | W Roets<br>JPL Mostert<br>CJ Swart | G Vernooy<br>HP Kritzinger<br>Me. M du Toit | |
| **Kimberley-Wes** | PL Gouws | Me. CM du Preez | Me. JJ Spangenberg |
| **Kuruman** | N van Staden | N Thomatos | PJ Ras |
| **Kuruman Die Oog** | C Jonck | Me. SM Joubert | Me. EJH Taljaard |
| **Lime Acres** | FJ Heymans | J Gronum | Me. SM Leeuwner |
| **Louisvale** | J Grobbelaar | WJ Barnard | |
| **Louwna** | DJ Janse van Rensburg<br>(sekundus) | | |
| **Loxton** | A Werner | Me. E Davis | |
| **Mafikeng** | JJ Knoetze | JA Pretorius | S du Toit |
| **Marchand** | G Marx | GJJ van Niekerk | PW Smit |
| **Mareetsane** | PC Bossert(sekundus) | JC Gouws | PG Nieuwoudt |
| **Modderrivier-Ritchie** | DJ Kritzinger(sekundus) | F van As | Me. H Fourie |
| **Neilersdrif** | RJ Lourens | C Baard | AP Hanekom |
| **Noorderharts** | | JM Brümmer | MG Horn |
| **Olifantshoek** | JJ van Zyl | B Nel | AWA Maritz |
| **Onder-Molopo** | FJ Keyser(sekundus) | JS Strumpher | WF du Preez |
| **Orania** | SW Albertyn | FD Joubert | WJ Boshoff |
| **Oranjevallei** | GP Barnard | Me. CE Lintvelt | BF Louw |
| **Petrusville** | P VdW Coetzer | Me. JG Potgieter | |
| **Petrusville-Uitsig** | Geen | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Philipstown** | GPM de Wet | L de Jager | CJ Visser |
| **Piet Plessis** | LB de Villiers | R Botha | FA Seevinck |
| **Plooysburg** | FC de Witt (sekundus) | DG Cilliers | JF du Toit |
| **Postmasburg** | K O'Callaghan | Me. PS Dippenaar | |
| **Prieska** | DJ Muller<br>VR Terblanche<br>HG Human(sekundus) | Me. CC Coetzee<br>Me. JC Hanekom<br>AA Visser | |
| **Reivilo** | CR Scheepers | AP Scholtz | M Stander |
| **Stella** | WP Vermaak | HJ van Wyk | JT van Rensburg |
| **Strydenburg** | IM Kluge | GJ Liebenberg | DI Venter |
| **Tadcaster** | J Oosthuizen | WJ van der Merwe | NA Lombaard |
| **Upington** | PL Louw | RBF Saal | MM Muntingh |
| **Upington-Blydeville** | JJ van Zyl | J Pretorius | SJP Brand |
| **Upington-Noord** | BJP Booysen | DG Smit | SP du Toit |
| **Upington-Oos** | DL van Niekerk<br>AH Scholtz | JP Smit<br>JL Snyman | Me. EE Spangenberg<br>GP Möller |
| **Upington-Wes** | TE Smit | HJ van Heerden | AJ van Rooyen |
| **Vanderkloof** | JP Pienaar(sekundus) | Me. GA Moolman | |
| **Vanwyksvlei** | JJ Smit | JPP Vos | SD de Kock |
| **Vanzylsrus** | JPJ van Tonder | WJJ Roux | CC Claassens |
| **Vergelegen** | F vZ Engelbrecht(sekundus) | FP Botma | JH van Biljon |
| **Vosburg** | C Janse van Rensburg | JJ Borman | LP Steenkamp |
| **Vryburg-Harmonie** | LM Coreejes | CJ Sterrenberg | JC Esterhuysen |
| **Vryburg-Noord** | PJ Theron | LSG Claassens | SJ Estherhuizen |
| **Vryburg-Wes** | PF Coetzee | W vV Weideman | JR Vermaak |
| **Warrenton** | JB Vos | J Koorts | |
| **Williston** | GFM Oosthuizen | ND Esterhuyse | Me. HC Hoon |

**BYLAE 2**

# VOORGESTELDE WERKSWYSE

## 1. ROEPINGSVERKLARING

Die sinode in Noord-Kaapland verwoord sy roeping as volg:

*’n Sinode is gemeentes wat in ’n kerkverband aan mekaar gebind is en as kerk saam na die Woord van die Here luister en die pad so saamloop dat ons ons roeping ontdek en mekaar moed en hoop gee om dit uit te leef.*

Die sinode het die volgende **KERNWAARDES** aanvaar

**1. Luister**

- Die sinode wil God deur sy Woord en Gees ontmoet en na Hom luister.
- Die sinode wil saam God se wil en roeping vir die Kerk ontdek.
- Die afgevaardigdes luister na mekaar sodat ons mekaar tot troos en hulp kan wees.

**2. Liturgiese grondhouding**

Die sinode vergader met ’n liturgiese grondhouding.

**3. Deelname**

Die afgevaardigdes soek saam in die lig van die Woord en onder leiding van die Heilige Gees na God se wil. Dit kan geskied deur kleingroepbesprekings (tafelgesprekke) en debat deur die volle vergadering.

Die sinode poog om so ver as moontlik konsensus te bereik wanneer besluite geneem word.

**4. Beplanning**

Die sinode wil gemeentes en ringe ondersteun om konkreet en prakties uitvoering te gee aan God se roeping vir sy kerk.

**5. Verbondenheid aan mekaar**

Gemeentes is met mekaar versoen deur Jesus Christus. Hierdie verbintenis word uitgedruk in ons belydenis, nl. Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls. Ons deel ons roeping in die wêreld en het ooreengekom om ordelik volgens ons kerkverband op te tree soos dit in ons *Kerkorde* weergegee word.

## 2. VEILIGE RUIMTE

Om uitdrukking te gee aan ons roepingsverklaring en waardes daarin verwoord, is dit vir die taakspan sinodebeplanning belangrik om die vergadering van die sinode so in te rig dat ons ’n veilige ruimte skep waarbinne hierdie waardes gestalte kan kry.

## 3. TEMA

Die tema wat ons gesprekke tydens die sinodesitting rig, is:

***“Here doen dit weer...”***

***“Here sê weer vir ons...”***
***“Here raak ons weer aan...”***
***“Here stuur ons weer...”***

1. Dag 1: Handelinge tydperk
2. Dag 2: Reformasie tydperk
3. Dag 3: Die jaar 2016
4. Dag 4: *“Here stuur ons weer...”*

## 4. INKLEDING VAN DIE VERGADERING VAN DIE SINODE

Die doel van die sinodesitting is om in die lig van die Woord en ons luister na gemeentes (die konteks waarin ons gemeente is) opnuut ons roeping te ontdek. Met ander woorde: Waartoe roep die Here ons? Waarop moet ons nou fokus? Waaraan moet die gemeentes, ringe en sinode vir die volgende twee jaar aandag gee?

### 4.1 Tafelgesprekke

Vier tafelgesprekke is geïdentifiseer, naamlik:

1. Skrifbeskouing en Skrifgesag
   *(Skrifbeskouing en Skrifgesag & Hermeneutiek en Skrifuitleg)*
2. Selfdegeslagverhoudings
3. Missionale transformasie
4. Gemeente en Gemeenskap
   *(Vroeë kindontwikkelings- en gemeenskapsontwikkelingprojekte)*

’n Tydelike kommissie word vir elke tafelgesprek aangewys.
’n Kort, bondige inleiding sal elke tafelgesprek voorafgaan.
Vir elke tafelgesprek wys die tafel ’n ander gespreksleier en skriba aan.

### 4.2 Verslae deur kommissies

Die voorsitter van die vergadering kan voorstelle, wat nie in verslae vervat is nie en tydens die vergadering gestel word, na tydelike kommissies verwys.

### 4.3 Besluiteregister

4.3.1 Die Handelinge en Besluiteregister van die sinode word na afloop van die sinode aan die “permanente kommissies” van die sinode oorhandig wat na goeddunke taakspanne saamstel ten einde uitvoering te gee aan sy werksaamhede/bepaalde fokusse soos deur die sinode bepaal.

4.3.2 Elke sinodale kommissie se werkswyse is duidelik omlyn.

Bepaling 35.5.3.3

*Elke sinodale kommissie stel sy eie huishoudelike bepalinge op, in ooreenstemming met die Kerkorde, waarin die werkwyse van die kommissie duidelik omlyn word. Huishoudelike bepalinge word aan die sinodale kerkordekommissie voorgelê, daarna aan die sinode en is altyd ter insae by die predikant in sinodale diens en skriba van die kommissie.*

**BYLAE 3**

# TYDSINDELING

**MAANDAG 17 OKTOBER 2016**

| | | |
|---|---|---|
| 10:00 - 12:00 | Registrasie | |
| 12:00 - 13:00 | Ete | |
| 13:00 - 14:00 | Verslag taakspan sinodebeplanning | [±60 minute] |
| 14:00 - 15:20 | Verslag van die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning | [±80 minute] |
| | Verslag taakspan Leer en Aktuele sake<br>Tafelgesprek Skrifbeskouing en Skrifgesag<br>Tafelsgesprek Selfdegeslagverhoudings | |
| 15:20 - 15:30 | *Groeteboodskap Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika* | [±10 minute] |
| 15:30 - 16:00 | Tee | |
| 16:00 - 17:45 | Verslag van die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning (vervolg) | [±105 minute] |
| | Verslag taakspan eietydse gemeentebediening<br>Tafelgesprek Missionale transformasie<br>Verslag taakspan JONK<br>Verslag taakspan Lidmaattoerusting<br>Verslag taakspan Predikantesake<br>Verslag taakspan Vrouelessenaar NK<br>Verslae Verteenwoordigers<br>Kuratorium Vrystaat<br>Kuratorium Pretoria<br>Kuratorium Stelenbosch | |
| 17:45 - 18:00 | Afsluiting | [±15 minute] |
| 18:00 - 18:30 | **Ringe vergader**<br>• Wys verteenwoordigers op sinodale kommissies aan | |
| 20:00 | Tydelike kommissies vergader | |

**DINSDAG 18 OKTOBER 2016**

| | | |
|---|---|---|
| 07:30 - 08:15 | Ontbyt | |
| 08:30 - 08:45 | Dagopening | [±15 minute] |
| 08:45 - 09:00 | Eerste verslag kommissie vir kommissies | [±15 minute] |
| 09:00 – 09:30 | Verslag van die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning (vervolg) | [±30 minute] |
| 09:30 - 10:20 | Verslag van die sinodale kommissie vir diens en getuienis | [±50 minute] |
| | Verslag taakspan Botswana<br>Verslag taakspan Ekologie | |
| 10:20 - 10:30 | *Groeteboodskap Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo* | [±10 minute] |
| 10:30 - 11:00 | Tee | |
| 11:00 - 12:50 | Verslag van die sinodale kommissie vir diens en getuienis (vervolg) | [±110 minute] |
| | Verslag taakspan Ekumene<br>Verslag taakspan Wêreldsending<br>Verteenwoordigers<br>Bybelgenootskap<br>Kuratoruim NGKA<br>Verslag taakspan Diakonaat<br>Tafelgesprek Gemeente en Gemeenskap | |
| 12:50 - 13:00 | *Groeteboodskap Dutch Reformed Church in Botswana* | [±10 minute] |
| 13:00 - 14:00 | Middagete | |

| | | |
|---|---|---|
| 14:00 - 14:10 | *Groeteboodskap Reformed Church in Africa Pearl* | [±10 minute] |
| 14:10 - 15:00 | Verslag van die sinodale kommissie vir hulpdienste | [±50 minute] |
| 15:00 - 15:20 | Verslag van die sinodale kerkordekommissie | [±20 minute] |
| 15:20 - 15:30 | *Groeteboodskap Gereformeerde Kerk* | [±10 minute] |
| 15:30 - 16:00 | Tee | |
| 16:00 - 17:45 | Verslag van die sinodale kerkordekommissie (vervolg) | [±105 minute] |
| 17:45 - 18:00 | Afsluiting | [±15 minute] |
| 18:00 - 18:30 | **Sinodale kommissies vergader**<br>• Konstitueer<br>• Afgevaardigdes na die algemene sinode van 2017 | |
| 19:00 - 20:00 | Aandete by Ned. Geref. Kerk Harmonie (braai) | |
| 20:00 | Tydelike kommissies vergader | |

**WOENSDAG 19 OKTOBER 2016**

| | | |
|---|---|---|
| 07:30 - 08:15 | Ontbyt | |
| 08:30 - 08:45 | Dagopening | [±15 minute] |
| 08:45 - 09:00 | Tweede verslag kommissie vir kommissies | [±15 minute] |
| 09:00 - 10:20 | Verslag tydelike kommissie: Skrifbeskouing en Skrifgesag | [±80 minute] |
| 10:20 - 10:30 | *Groeteboodskap: Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk* | [±10 minute] |
| 10:30 - 11:00 | Tee | |
| 11:00 - 12:50 | Verslag van tydelike kommissie: Selfdegeslagverhoudings | [±110 minute] |
| 12:50 - 13:00 | *Groeteboodskap Afrikaanse Protestantse Kerk* | [±10 minute] |
| 13:00 - 14:00 | Middagete | |
| 14:00 - 14:10 | *Groeteboodskap: Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika Phororo* | [±10 minute] |
| 14:10 - 15:30 | Verslag van die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning (vervolg)<br>Verslag taakspan Leer en Aktuele Sake (vervolg) | [±80 minute] |
| 15:30 - 16:00 | Tee | |
| 16:00 - 16:45 | Verslag van tydelike kommissie: Missionale transformasie | [±45 minute] |
| 16:45 - 17:00 | Afsluiting | [±15 minute] |
| 18:30 | Tydelike kommissies vergader, indien nodig | |

**DONDERDAG 20 OKTOBER 2016**

| | | |
|---|---|---|
| 07:30 - 08:15 | Ontbyt | |
| 08:30 - 08:45 | Dagopening | [±15 minute] |
| 08:45 - 09:00 | Derde verslag kommissie vir kommissies | [±15 minute] |
| 09:00 - 09:45 | Verslag van tydelike kommissie: Gemeente en Gemeenskap | [±45 minute] |
| 09:45 - 10:30 | Verslae van tydelike kommissies (algemene sake, reiskoste kerkorde ens.) | [±45 minute] |
| 10:30 - 11:00 | Tee | |
| 11:00 - 11:30 | Verslag tydelike kommissies (vervolg) | [±30 minute] |
| 11:30 - 12:00 | Afsluiting | [±30 minute] |

**BYLAE 4**

# 1. BESKRYWINGSPUNT

## STANDPUNT OOR DIE ALGEMENE SINODE SE BESLUIT OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

**(Ned. Geref. Kerk Orania)**

**Die sinode**

1. **bevestig dat die gesin as normatiewe verhouding in ’n Christelike gemeenskap beskou word en dat die huwelik as verbintenis tussen een man en een vrou die grondslag daarvan is.**
2. **bevestig dat alle menslike gebrokenheid en sonde deur God se genade oortref word en dat die mens wat God se verlossende genade ontvang, streef om uit dankbaarheid na God se gebod te lewe.**
3. **bevestig dat in die kerk geen hovaardigheid jeens medesondaars pas nie, maar dat elkeen wat God se aangesig soek, verwelkom en onderskraag word.**
4. **beskou aan die hand van bostaande en op grond van ons vertolking van die Skrif en die oorgrote deel van die Christelike tradisie seksuele verkeer en seksuele verhoudings tussen persone van dieselfde geslag as iets wat tot die orde van menslike gebrokenheid behoort. Dit lei ook dikwels tot die ontwrigting van normatiewe verhoudings in die gemeenskap. Daarom kan ons geen normalisering daarvan aanvaar nie, terwyl ons ondersteuning van en liefde vir medegelowiges wat daarmee te kampe het, bo twyfel moet staan.**
5. **verwys bostaande standpunt as beskrywingspunt na die eersvolgende sitting van die Algemene Sinode as die standpunt van die sinode in Noord-Kaapland.**

**MOTIVERING**

Die NG Kerk van Orania het die Algemene Sinode se besluit aangaande selfdegeslagverhoudings (9 Oktober 2015) afgewys. Ons het dit op 28 Oktober 2015 sonder opspraak gedoen en ’n vollediger verklaring in die vooruitsig gestel.

Ons besef dat aangetrokkenheid tot persone van dieselfde geslag ’n menslike verskynsel is wat sedert die vroegste menslike geskiedenis bekend is en deur die loop van tyd op verskillende maniere benader en verklaar is. So is seksuele verkeer tussen persone van dieselfde geslag in die Bybelse geskiedenis en die Christelike tradisie afgewys en veroordeel en kan talle Skrifverwysings met dié strekking aangehaal word, hoewel sulke aangetrokkenheid nie aan sulke seksuele verkeer gelyk gestel word nie. Die afwysing van seksuele verkeer en seksuele verhoudings tussen persone van dieselfde geslag, waaroor die Kerk wêreldwyd tot onlangs nog saamgestem het, is voorheen nie as strydig met die liefdesgebod of tot uitsluiting van God se genade beskou nie. Dit is, soos alle ander uitdrukkings van menslike sondigheid, deur die elemente van verlossing en dankbaarheid binne God se heilsorde tuisgebring. Daarom is ons afwysing van die Algemene Sinode se besluit nie bedoel om enigiemand se menswaardigheid aan te tas nie, wens ons nie om kwetsend teenoor iemand wat in sodanige posisie verkeer, op te tree nie en probeer ons wegstuur van ’n onnodige debakel wat tussen ons sondige mense en God se genade kan staan.

Ons voel nietemin daartoe gedring om die Algemene Sinode se besluit af te wys aangesien dit na ons oordeel op onvaste voete staan. In die eerste plek word die besluit vanuit ’n tendensieuse mensbeskouing, die “seisoen van menswaardigheid”, gemotiveer. Hoewel die gedagte van menswaardigheid as sodanig diep wortels in die Christelike geloof het, vind die mensbeeld van kontrakterende individue wie se verhoudings met ander mense ’n private vraagstuk is waarop geen gemeenskapsvoorkeure van toepassing behoort te wees nie, min weerklank in die Bybel. Verder betoon die Algemene Sinode se besluit hoogstens lippediens aan die bevestigde siening dat ’n huwelik ’n verband tussen een man en een vrou is deurdat geen wesenlike verskil tussen sodanige huwelik en burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag gemaak word nie. Dit gee ook nie voldoende erkenning aan die gesin as bousteen van ’n funksionele Christelike gemeenskap nie. Kerklik gesproke vind ons dit ook kommerwekkend en onaanvaarbaar dat so ’n verreikende besluit wêreldkundig gemaak word sonder enige diepgaande eksegese van Skrifgedeeltes wat vry algemeen hierby ter sprake gebring word en ooglopend daarop betrekking het. Daarby word, veral in die begeleidende herderlike

brief, veronderstel dat die Algemene Sinode ’n eiestandige standpunt kan inneem en dan aan gemeentes die reg kan “gee” om ’n eie standpunt daaroor te formuleer, wat uitvoering van die sinodale standpunt kan negeer sonder om dit tot niet te maak. Dit, saam met ander omstrede vraagstukke, plaas ’n vraagteken oor die Algemene Sinode se werking en toekoms, in besonder oor gemeentes, ringe en sinodes wat van besluite verskil, se verbintenis tot die Algemene Sinode.

**BYLAE 5**

# 2. BESKRYWINGSPUNT

## Selfdegeslagverhoudinge

### Ring van Griekwastad

**Die sinode besluit dat**

1. **die ASM versoek word om 'n moratorium te plaas op die algemene sinode se besluite rakende selfdegeslagverhoudinge, ten einde gemeentes, ringe en sinodes in die streke geleentheid te gee om self die sake te debatteer. Tot die proses afgehandel is en 'n finale besluit geneem is, bly die 2007/13 besluit van die Algemene Sinode van krag.**

**MOTIVERING**

1. Dit is vir die ring van Griekwastad onmoontlik om die besluite oor selfdegeslagverhoudinge te aanvaar aangesien:
   - 1.1 Daar nooit uitvoering aan die vorige Algemene Sinode se besluit gegee is om die verdere ondersoek aangaande selfdegeslagverhoudinge te doen aan die hand van die Bybel en die belydenisskrifte nie. Die opdrag moes gewoon uitgevoer word, ten einde die kerk te help om die gesprek na sy logiese, teologiese, konsekwensies te voer. Dit het nie gebeur nie.
   - 1.2 Dit bring die kerk se verbintenis ten opsigte van Skrifgesag en Skrifgebruik, asook ons identiteit as 'n belydende- en belydeniskerk onder verdenking.
   - 1.3 Indien daar inderdaad – soos ons as ring van mening is – 'n probleem in die kerk bestaan rondom die aanvaarding van die Skrif as die gesaghebbende Woord van God (Sola Scriptura), wat genoegsaam is in sy funksionering as die hoogste norm (norma normans) vir die kerk in sy besluitnemingsprosesse, word sinvolle gesprekvoering en besluitneming 'n kerklike onmoontlikheid.
   - 1.4 En indien Skrifgebruik (lees: teksuitleg) voortgaan op die wyse waarop dit klaarblyklik tydens die sinodesitting hanteer is – deurdat Skrif waarhede, soos byvoorbeeld die blywende geldigheid van die Wet en dat die uitlewing van seksualiteit alleen binne die huwelik geldig is, gewoon gedekonstrueer kan word ten einde aan die gees van die tyd uitvoering te gee, kan geen belydenismatige uitsprake op die lange duur meer gehandhaaf word nie. Dringende verdere gesprek hieroor is nodig.
   - 1.5 Die verdelende aard van die besluit (102/88) dreig om die NG Kerk te skeur, selfs gemeentes finansieel te ruïneer, leraars en amptenare werkloos te laat, die kerk se Christelike getuienis verdag te maak, asook om die eenheid van die kerk as die liggaam van Christus ingrypend te raak/te bedreig.
   - 1.6 Die gereformeerde – en daarmee saam, verantwoordelike – hantering van Skrif en konteks, en wel op so 'n wyse dat die Skrif normatief tot die konteks is en deur die Godsvolk – onder biddende leiding van die Gees – gedoen word, is en bly van deurslaggewende belang vir die kerk se identiteit, getuienis en diens in elke tyd.?

**BYLAE 6**

# 3. BESKRYWINGSPUNT

## Verandering van algemene sinodestruktuur en -funksionering

### Ring van Griekwastad

**Die sinode besluit dat**

1. **die algemene sinode /ASM ernstig moet besin oor die voortsetting van die algemene sinode in haar huidige formaat/opdrag/status/gesag en funksionering, en om gemeentes, ringe, en sinodes in die streke deel van die besinning te maak.**
2. **die ring van Griekwastad se beskrywingspunte ter tafel geneem en indringend bespreek word.**

**MOTIVERING**

1. In die lig van die ring se voorgaande beskrywingspunte en motiverings, sekere bevindinge in die verslag van die Projekspan Kerkverband 4.2, asook 'n groeiende onvergenoegdheid binne die kerk met die wyse waarop die algemene sinode funksioneer en "ruim huis" besluite neem, kan die ring nie anders nie as om die voortsetting van die algemene sinode in sy huidige formaat /opdrag/status en funksionering te bevraagteken.
   - 1.1 Besluite gegrond op die "ruim huis" beginsel kom dikwels strydig met die Skrif en belydenisskrifte voor.
   - 1.2 Dit word ervaar dat die sinode en sy steunspanne nie meer vertrou kan word om die identiteit van die kerk as 'n Gereformeerde Kerk te bewaar nie.
   - 1.3 Dat die sinode, veral in sy erg verkleinde formaat, nie meer die kerk se verstaan van haarself weerspieël nie, maar dat leiersfigure en sekere groeperinge binne die sinode die toekoms van die NG Kerk wil bepaal op 'n wyse wat strydig is met die tradisie en identiteit van die kerk.

*BYLAE 7*

# 4. BESKRYWINGSPUNT

## Belhar Belydenis

### Ring van Griekwastad

**Die sinode besluit dat**

**1. die ASM versoek word om haar jongste besluit oor die aanvaarding van die Belhar Belydenis ongeldig te verklaar.**

**MOTIVERING**

1. Dit is om die volgende redes vir die ring onmoontlik om hierdie besluit te aanvaar:
   - 1.1 In die lig van die NG Kerk se afwysing van die wysiging van Artikel 1 – gegewe ook die hoeveelheid geld en tyd wat die Kerk bestee het aan sy besluit – vind die ring die gebruik van Artikel 35.7 as ’n skuiwergat om wel aan sinodes in die streke die reg te gee om ander belydenisskrifte wat nie in stryd is met die Drie Formuliere van Eenheid is nie te kan aanvaar, as kerklik verdelend en kerkordelik moeilik regverdigbaar.
   - 1.2 Die feit dat die sinode kennis geneem het dat dit ’n “risiko besluit” is wat in die burgerlike hof getoets kan/moet word, vind die ring kerkregtelik en regtelik onverantwoordelik.
   - 1.3 Die ring is van mening dat die Drie Formuliere van Eenheid, asook die nuwe “Tussenorde” genoegsame gemeenskaplike grond bied wat samewerking tussen die VGKSA en die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland moontlik maak.

**BYLAE 8**

# 5. BESKRYWINGSPUNT

## VIERDE BEDIENINGSOPSIE IN KLEINERWORDENDE GEMEENTES

**(Oudl. Gerhard Cilliers – Ned. Geref. Kerk Plooysburg)**

**Die sinode**

1. **besluit dat daar in kleinerwordende gemeentes ’n behoefte bestaan na ’n vierde bedieningsopsie waarvoor tans nie in die Kerkorde voorsiening gemaak word nie.**
2. **verwys die aangeleentheid na die verantwoordelike kommissie vir ondersoek en terugvoer aan die sinode.**

**MOTIVERING**

1. Die sinodale skaal soos in Kerkorde uiteengesit raak al meer onhaalbaar en word ’n uitkontraktering van dienste vanaf ’n gelegitimeerde verlang.
2. ’n Tentmakerspos met vryheid tot ’n eie persoonlike beroep en bediening as ’n roepings- begeerte word in gedagte geroep.
3. Dienste word gelewer op ’n fakturerings basis met eie pensioen, medies en belasting beplanning.

# 2. VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,

Die kommissie doen soos volg verslag van sy werksaamhede:

### 1. PERSONEEL EN VERGADERINGS

Op die konstitueringsvergadering van 14 Oktober 2014 is die volgende uitvoerende komitee verkies: ds. PL Louw (voorsitter), ds. DJ Muller (ondervoorsitter) en ds. MF Scholly (skriba). Nadat ds. MF Scholly uit die sinodale gebied verhuis het, is ds. DJ Muller as skriba verkies.
Daar is aandag gegee aan die opdrag wat die kommissie het soos verwoord in die huishoudelike bepalinge van die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning.

### 2. SAMESTELLING: SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING

Die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning het 3 keer vergader en die dagbestuur het 5 keer vergader. Die dagbestuur se vergaderings was meestal telefonies.

### 2.1 Taakspanne

Die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning het die volgende taakspanne (voorsitter word aangedui) saamgestel om opdragte aan hom, deur die sinode, uit te voer:

| | |
|---|---|
| 1. Eietydse gemeente bediening | Ds. W Roets |
| 2. JONK NK | Ds. S Nel |
| 3. Leer en Aktuele Sake | Ds. PG Otto |
| 4. Lidmaattoerusting | Ds. FJ Heymans |
| 5. Predikantesake | Ds. AC de Villiers |
| 6. Vrouelessenaar NK | Me. R Viviers |

### 2.2 Verteenwoordigers

Die verteenwoordigers het die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland verteenwoordig met verslag aan die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning.

| | |
|---|---|
| 1. Algemene Kuratorium | Dr. DL van Niekerk |
| 2. Gemeentebediening | Ds. PL Louw |
| 3. Gemeentedienste netwerk | Ds. PJ Neethling |
| 4. Jeug | Ds. S Nel |
| 5. Kerkverband | Ds. GJ Duursema |
| 6. Leer en aktuele sake | Ds. PG Otto |
| 7. Lidmaatbemagtiging | Ds. FJ Heymans |
| 8. Erediens en liturgie | Ds. PJ Conradie |
| 9. Predikantesake | Ds. AC de Villiers |
| 10. Reformasie 500 | Ds. GJ Duursema |
| 11. Kuratorium Pretoria | Ds. PF Coetzee |
| 12. Kuratorium Stellenbosch | Dr. DL van Niekerk |
| 13. Kuratorium Vrystaat | Ds. DJ Muller |
| 14. Vrouelessenaar | Me. R Viviers |

## 3. TAAKSPAN EIETYDSE GEMEENTEBEDIENING

### 3.1 Visie en missie van taakspan eietydse gemeentebediening

**Visie**

- Om gemeentes, wat 'n predikant het, te help om te leef asof daar nie 'n predikant is nie en gemeentes, waar daar nie 'n predikant is nie, te help om te leef asof daar 'n predikant is.

**Missie**

- Herontdek die Nuwe Testamentiese aard van gemeente-wees.
- Begelei predikante in 'n proses van rol- en herdefiniëring binne sy/haar unieke konteks/bedieningsruimte.
- Leer gemeentelede wat ware dissipelskap beteken.
- Moedig gemeentes aan om hul unieke, God-gegewe gawes te ontdek en in te bou in hul wese en bediening.

### 3.2. Kerkraadslede opleiding: prediking en pastoraat

<u>Sinode Noord-Kaapland 2014</u>

*Die sinode besluit dat*

1. *die ATR wel die opdrag oor Artikel 48.3.5 hanteer om riglyne daar te stel, maar dat die goedkeuring hiervan nie aan die ASM oorgelaat word nie, maar dat dit aan die Algemene Sinode voorgelê word vir goedkeuring.*
   *Die Algemene Sinode verwys die volgende rakende die prosedure by die hantering van Artikel 48.3.5 na die ATR vir hantering en die voorlegging van riglyne aan die ASM vir goedkeuring:*
   - *Aan watter vereistes moet so persoon voldoen?*
   - *Watter keuringsproses moet gevolg word?*
   - *Oor watter vermoëns moet so persoon beskik?*
   - *Is die vergunning beperk tot 'n bepaalde gemeente asook vaste termyn?*
   - *Kan so persoon aansoek doen, of word hy/sy deur die kerkraad genomineer/uitgenooi?*
   - *Watter minimum akademiese vereistes/kursusse word gestel voordat iemand die vergunning kan kry?*
   - *Watter rol speel die kerkraad/ring in die toesighouding van die suiwer verkondiging van die Woord?*

- *Wat behels "preekvergunning"? Is dit beperk tot leesdienste? Kan so 'n persoon eie preke maak? Is dit beperk tot prediking of mag sakramente bedien word?*

2. *voordat 'n beleid aan die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland voorgelê kan word, "ten opsigte van die bedieningsbehoeftes in die kleiner gemeentes en om opleiding te gee aan kerkraadslede om die prediking en pastoraat in die gemeentes te behartig" moet die skriftuurlike beginsels wat aan die gereformeerde ampsbegrip ten grondslag lê, uitgeklaar word:*
   a. *Waar kom die huidige drieledige ampsbegrip vandaan?*
   b. *Wat is die tekortkominge in hierdie drieledige ampsbegrip?*
   c. *Hoe kan/moet die ampsbegrip verander word?*
   d. *Beginsel van "singuliere gawes"*
3. *dat 'n tafelgesprek tydens eerskomende sinodesitting plaasvind oor:*
   a. *Wat is die tekortkominge in hierdie drieledige ampsbegrip?*
   b. *Hoe moet die ampte in die toekoms daar uitsien?*
   c. *Erediensleiding deur ouderlinge?*

Sinode Noord-Kaapland 2014
*Die sinode besluit dat*
1. *die terugvoer van die tafelgesprekke ten opsigte van vraag 1 na die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning verwys word*
2. *die metafore van die Kerk van Christus in die Woord van God steeds geldend is. Die sinode verbind haarself opnuut tot die uitleef en implementering tot hierdie uitbeeldings.*
3. *dié metafore telkens en onlosmaaklik, die funksionering van die kerk bepaal. (Bv. die kerk as "liggaam" van Christus behels noodwendig dat die kerk soos 'n menslike liggaam funksioneer, met Christus as die hoof).*
4. *die kerk net optimaal kan funksioneer as lidmate erns maak met die taak van kerkwees wat Jesus ons opgelê het.*
5. *die terugvoer van die tafelgesprekke ten opsigte van vraag 2 na die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning verwys word.*
6. *daar erns gemaak moet word met toerusting van die ampte, sodat al ons lidmate in hulle alledaagse lewe en in hulle gemeentelewe, voorbereid is.*
7. *besondere aandag gegee word aan toerusting vir die amp van gelowige, sodat lidmate hulle roeping en gawes effektief kan uitlewe.*

**Terugvoering**
Sien ***Verslag van die sinodale kerkordekommissie, punt 10: Die implementering van artikel 48.3.5***, bladsy 202-203.

Die algemene sinode het in 2015 besluite geneem waarvan die sinode in Noord-Kaapland kennis moet neem.

**Artikel 48.3.5: Prosedure by die implementering van** (A.18 bl. 407 pt 5.2.2, Notule Dag 5 pt 17)
*5.2.2.1 Die Algemene Sinode keur die volgende riglyne goed vir opname in die Kerkordeboek:*
***Riglyne vir die lei van eredienste deur ouderlinge*** *(vergelyk Artikel 48.3.5 en Artikel 4, 10 en 16.1.8):*
*1. Indien die ring die behoefte goedkeur om op grond van plaaslike omstandighede aan ouderling(e) preekvergunning te gee met die oog op die leiding van openbare eredienste, nomineer kerkrade dienende ouderling(e) wat oor die gawes beskik om 'n openbare erediens te lei en beveel die genomineerdes by die ring aan om die goedgekeurde opleidingsprogram van die sinode te deurloop.*
*2. Ná goedkeuring deur die ring of sy gevolmagtigde, skryf die kerkraad die ouderling in vir opleiding en toerusting van die goedgekeurde opleidingsprogram. Die kerkraad/ring behoort in te staan vir die aansoeker se opleidingskoste.*
*3. Ná die suksesvolle voltooiing van die opleiding word die ouderling se taakomskrywing uitgebrei om die lei van openbare eredienste in die ringsgebied ooreenkomstig Art 16.1.8 in te sluit.*
*4. Die ring of sy gevolmagtigde wys 'n predikant uit sy geledere aan om deurlopend aan sodanige ouderling(e) begeleiding te gee. Die begeleier doen jaarliks skriftelik verslag aan die ring ten opsigte van die geskiktheid van die ouderling.*
*5. Die ouderling word aangewend soos en waar die bedieningsnood deur die ring geïdentifiseer is. By elke erediens wat die ouderling lei, tree die persoon op onder die toesig van die betrokke kerkraad.*
*6. 'n Ouderling behou die preekvergunning vir solank hy in die amp staan en op voorwaarde dat die ring dit jaarliks goedkeur.*
*7. Van opgeleide ouderlinge word verwag om voortgesette opleidingsprogramme by te woon.*

**AANBEVELING**
**Die sinode wys kerkrade en ringe op die riglyne wat die algemene sinode daargestel het vir die lei van eredienste deur ouderlinge (sien Artikel 48.3.5 en Artikel 4, 10 en 16.1.8).**

### 3.3 Missionale Transformasie
Die algemene sinode het in 2015 besluite geneem waarvan die sinode in Noord-Kaapland kennis moet neem.

**Missionale Transformasie** (A 7.5 bl. 138 pt 5, T.7.5.1 bl 1 pt 1.1, Notule Dag 3 pt 9)
*5.1 Die Algemene Sinode vestig 'n Projekspan vir Missionale Transformasie ten einde die "Gestuurde Manifes" (soos uiteengesit in die boekie "Gestuur" en gebaseer op die Raamwerkdokument – kyk pt 1 van hierdie verslag) strategies verder te ontwikkel.*
*5.2 Die Algemene Sinode versoek die Projekspan Missionale Transformasie om die opdragte aan die subspanne vir Lidmaatbemagtiging, Missionale Ekklesiologie, Erediens en Liturgie, Gemeentebediening en Algemene Kuratorium*

*(soos vervat in die verslae) uit te pak, te prioritiseer en te koördineer ten einde dieselfde strategiese doelwit na te streef.*
*5.3 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Taakspan Fondse en Bates om te begroot vir die werksaamhede van die Projekspan Missionale Transformasie sowel as subspanne vir Lidmaat-bemagtiging, Missionale Ekklesiologie, Gemeentebediening en Erediens en Liturgie.*

**Missionale ekklesiologie** (A 7.4 bl. 132 pt 8, T.7.5.1 bl 1 pt 1.5, Notule Dag 3 pt 9)
*8.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag en verwys dit na die Projekspan vir Missionale Transformasie vir verdere optrede.*
*8.2 Die Algemene Sinode besluit dat Missionale Ekklesiologie voortaan as 'n subspan van die Projekspan vir Missionale Transformasie funksioneer.*

- ***Julle sal my getuies wees*** is aangeheg as ***Bylae 1***.
- ***Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk*** is aangeheg as ***Bylae 2***.
- ***Missionale transformasie – van oorlewing tot impak*** is aange*heg* as ***Bylae 3***.

Die dokument, ***Together towards Life: Mission and Evangelism in Changing Landscapes***, is op aanvraag by die sinodale kantoor beskikbaar.

**AANBEVELING**
**Die sinode**
**1. neem kennis van die volgende dokumente**
   **a. *Julle sal my getuies wees* is aangeheg as *Bylae 1.***
   **b. *Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk* is aangeheg as *Bylae 2.***
   **c. *Missionale transformasie – van oorlewing tot impak* is aangeheg as *Bylae 3.***
**2. besluit dat 'n gesprek om tafels plaasvind waar onderstaande tema en vrae aan die orde gestel word:**
   **a. Tema: Missionale transformasie**
   **b. Gesprek (begeleidende video sal vertoon word) wat fokus op gestuurdheid, dissipelskap en waarheen ons gestuur is na aanleiding van Johannes 20:20-22.**

# 4. TAAKSPAN JONK NK

## 4.1 JONK NK: Fokusareas

Sinode Noord-Kaapland 2014
*Die sinode besluit*
1. *dat die ses (6) fokusareas, soos wat reeds deur die sinode goedgekeur is, steeds op die agenda van JONK NK bly staan:*
   a. *Kategese.*
   b. *Gefokusde bediening gerig op jong volwassenes (18-35 jaar).*
   c. *Gefokusde bediening gerig op klein kindertjies (2-6 jaar).*
   d. *Gefokusde bediening gerig op tieners.*
   e. *Ouerleiding.*
   f. *Hulp en leiding aan gemeentes om die leefwêreld van kinders, tieners en jong volwassenes te verstaan.*
2. *dat leraars en lidmate wat 'n roeping het vir een van bogenoemde fokusareas versoek word om hulself beskikbaar te stel as lede van JONK NK ten einde hierdie taakspan van die sinode se ledetal sodoende uit te brei dat hierdie ses fokusareas so gou as moontlik aangespreek kan word.*
3. *om haar begroting só aan te pas dat dit vir JONK NK moontlik sal wees om soveel as moontlik van hierdie fokusareas effektief oor die volgende twee jaar aan te spreek.*
4. *om met kommer kennis te neem van die stand van die Jeugwerkfonds, en dra dit aan sinodale kommissie vir bedienings-ondersteuning en die sinodale kommissie vir hulpdienste op om hierdie fonds aan te suiwer ten einde jeugwerk in ons sinodale streek te bevorder.*
5. *dat JONK NK bedank word vir die afgelope twee jaar se werksaamhede.*

**Terugvoering**
JONK NK bedank die sinode vir hul finansiële steun wat dit vir JONK NK moontlik gemaak het om aan die fokusareas aandag te gee.
JONK NK het die afgelope twee jaar tyd spandeer aan die 6 fokusareas hierbo genoem.
Vanweë die uitgestrektheid van die sinodale streek is dit nie effektief om inligting en vaardighede op een plek te sentraliseer nie. Noord-Kaapland is dus in 5 streke (hubs) verdeel, nl. Kimberley, Upington, Kathu, Prieska en Stella. Daar word gepoog om meer mense in die verskillende streke op te lei sodat die inligting en vaardighede gedesentraliseer kan word.

Vanuit die 6 fokusareas is aan 3 aandag gegee.

### 4.1.1 Kategese
JONK NK is tans in gesprek met algemene sinode se Jeugnetwerk oor moontlike pad vorentoe. JONK NK is beskikbaar om

gemeentes te help om materiaal en metodes te vind wat vir hulle kan werk.

**4.1.2 Gefokusde bediening gerig op jong volwassenes (18-35 jaar).**
JONK NK benodig hulp van iemand met 'n passie vir die ouderdomsgroep 18-35 jaar. Twee boeke is rondom die tema: 'Jongvolwassenes' aanbeveel, naamlik: "*Seasons of faith formation*" – J Roberto en "Reim*agining faith formation in 21$^{st}$ century*" – deur J Roberto.

**4.1.3 Gefokusde bediening gerig op klein kindertjies (2-6 jaar).**
Die fokuspunt is uitgebrei na kinders van 2-12 jaar. JONK NK het hande gevat met *KIX Kinders In Christus* van die Wes-Kaapland sinode. Twee lede van JONK NK is vir die afgelope twee jaar deel van die skryfspan van KIX. Die materiaal kan gebruik word in skole, kleingroepe en by die kinderkrans. Die materiaal is gratis beskikbaar op die Communitas se webbladsy: http://communitas.co.za/category/taakspanne/jeug/kix-kom/

**4.1.4 Gefokusde bediening gerig op tieners**
JONK NK het twee projekte wat uit die "tiener fokus" vloei.

- **#Imagine** is 'n saamtrek van tieners van regoor die land wat een maal per jaar plaasvind. Plus-minus 300 tieners uit Noord-Kaapland woon jaarliks die geleentheid by.
- Die tweede is **#Re-Imagine** wat 'n Noord-Kaaplandse inisiatief is, om die tieners van die Noord-Kaapland aan die einde van die jaar bymekaar te kry. Dit dien as opvolg geleentheid vir die tieners wat by #Imagine was en is ook 'n geleentheid waar ons tieners kan bedien wat nie die Nasionale fees kon bywoon nie. #Re-Imagine is die afgelope twee jaar deur plus minus 200 tieners en leiers bygewoon. Dit het die laaste twee jaar by Pro Regno in Barkley-Wes plaasgevind.

Twee nuwe inisiatiewe wat uitvloei vanuit #Imagine, is:

- Om tieners te help om **in te skakel by plaaslike uitreik groepe** van hulle eie gemeentes en ook 'n "blootstelling uitreik" wat deur #Imagine self gereël word met behulp van MIA (Mission In Action).
- **#Imagine Kidz** word beplan vir September/Oktober. Die fokus is hier op tieners wat bemagtig word om self aan laerskool kinders te bedien. #Kidz is nie een of twee groot geleenthede wat aangebied word op 'n sentrale plek nie, maar kan plaaslik deur dorpe/gemeentes aangebied word. Dit maak dit meer toeganklik vir die ouderdomsgroep wat ons wil bedien. Die fokusgroep wat hier bedien word is die graad 4-6 groep. Besoek #Imagine Kidz se webbladsy vir meer inligting hieroor: http://imaginekidz.com/

**4.1.5 Ouerleiding**
**4.1.5.1 Ouerleiding** is 'n belangrike fokusarea wat kennis en vaardighede desentraliseer. JONK NK het reeds 2 opgeleide fasiliteerders vir die Immergroen Ouerskap kursus van Hettie Brittz. JONK NK beplan om nog een fasiliteerder in die boekjaar 2016/2017 op te lei en in die volgende boekjaar nog 2 fasiliteerders op te lei. Dit sal dan beteken dat daar 'n opgeleide fasiliteerder in elk van die vyf HUBS is, wat die kennis oor ouerbegeleiding versprei oor Noord-Kaapland.
Só word gemeentes in staat gestel om van 'n fasiliteerder gebruik te maak. Sodra 'n fasiliteerder 'n paar kursusse aangebied het, kry hulle ook die voorreg om die kleuterkursus aan te bied, wat dan weer aansluit by JONK se fokus vir die bediening van die 2-6 jarige kind.
**4.1.5.2 Begeleiding aan enkelouers en leiding aan kinders van geskeide ouers**. 'n Tweede projek onder ouerleiding is die begeleiding aan enkelouers en leiding aan kinders van geskeide ouers. Die taakspan JONK-NK het besluit dat die inligting oor die "Storm"-program" ('n program wat fokus op kinders wat uit geskeide gesinne kom) aan die gemeentes gestuur gaan word deur middel van e-Nuus Noord-Kaapland, asook deur die jeugnetwerk van die sinodale kantoor, sodat gemeentes bewus kan word van die program wat beskikbaar is.

**4.1.6 Hulp en leiding aan gemeentes om die leefwêreld van kinders, tieners en jongvolwassenes te verstaan.**
JONK NK moedig gemeentes aan om die boek van ds. Xander van der Westhuizen oor jeugnavorsing: "*Skokkend Positief*" te lees. Dit is navorsing oor ons kerkgaande jeug wat baie interessant is en bietjie 'n mens laat dink oor die manier hoe om jongmense in gemeentes te bedien.

**4.2 VS / NK #Imagine nasionale kamp: 10-12 April 2015**

<u>Sinode Noord-Kaapland 2014</u>

1. *Die sinode neem met dank en opgewondenheid kennis van VS / NK #Imagine Nasionale Kamp wat vanaf 10-12 April 2015 aangebied word.*
2. *Die sinode dra dit aan die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning en die sinodale kommissie vir hulpdienste op om Jonk NK finansieel te ondersteun ten einde die VS / NK #Imagine Nasionale Kamp te kan aanbied. Jonk NK onderneem om self ook borge te gaan vind ten einde hierdie kostes te help dek.*

*Die sinode BESLUIT dat punt 2 van bogenoemde voorstel na die taakspan beplanning en begroting verwys word.*

**Terugvoering**

Dit was met groot teleurstelling dat gemeentes in Noord-Kaapland ingelig is dat Noord-Kaapland en Vrystaat nie ’n #Imagine Nasionale fees kon reël nie.

Met groot entoesiasme is ’n beplanningsvergadering van #Imagine Nasionaal versoek of Vrystaat en Noord-Kaapland nie ’n plaaslike fees kon reël nie.

Beplanning is begin maar teen Desember 2014 het die sinode van Vrystaat besluit om nie met die fees voort te gaan nie. Redes daarvoor was: 1) kommer oor finansies; 2) die gereformeerde teologie tydens die vorige fees nie tot sy reg gekom het nie; 3) reiskoste sou nie wesenlik gesny word deur die fees nader te bring nie.

Ds. S Nel van Kimberley en ds. HK Viljoen van Kathu is op die nasionale span wat die feeste reël en doen alles in hulle vermoë om die gereformeerde leer tot sy reg te laat kom.

Sprekers wat by die feeste optree, word biddend aan die Here opgedra en moet by ’n streng voorskrif hou oor die onderwerp waaroor hy/sy praat.

#Imagine is nie net ’n fees wat eenmaal ’n jaar gehou word nie. Dit is die stimulus om tieners te laat droom van ’n toekoms saam met God. Dit is ’n beweging waar tieners hulle hande vuil maak om die koninkryk van God op elke dorp te laat kom.

Die grootte van die feeste bepaal nie die diepte van die geestelike ontmoeting wat die tieners met God het nie.

Noord-Kaapland reël elke jaar vervoer om tieners te help om deel te wees van die feeste. Dit is JONK NK se droom dat tieners in Noord-Kaapland ook deel van dié beweging sal wees.

Die sinode in Noord-Kaapland subsidieer die reiskostes en maak dit moontlik om die kampkostes laag te hou.

### 4.3 #Re-Imagine

#Re-Imagine is JONK NK se eie inisiatief. Dit dien as opvolg geleentheid vir die tieners wat by #Imagine was en is ook ’n geleentheid waar ons tieners kan bedien wat nie die Nasionale fees kon bywoon nie. Dit word aangebied deur ons eie plaaslike predikante en die program is van ’n hoë gehalte. #Re-Imagine is elke jaar deur plus minus 200 tieners en leiers bygewoon. Dit het die laaste twee jaar plaasgevind by Deo Gloria in Barkley-Wes.

Dit is belangrik om te sê dat beide #Imagine en #Re-Imagine sy eie identiteit het en elkeen op ’n ander manier ons tieners aanspreek en dus glo JONK dis nie een of die ander nie, maar ’n kombinasie van die twee wat dit vir ons moontlik maak om ons tieners op die stadium suksesvol te bedien. Ons wil egter nog saam met gemeentes dink en droom oor hoe ons die energie wat loskom in hierdie tieners kan kanaliseer om weer in hulle eie gemeentes en gemeenskappe ’n verskil te gaan maak.

### 4.4 #Imagine Nasionaal

**AANBEVELING**
**Die sinode keur goed dat JONK NK ’n video oor #Imagine vertoon.**

### 4.5 Immergroen ouerskap

Immergroen ouerskap fokus op 7 “wortel”-waarhede vir ouerskap en is ’n 7-8 weke kursus wat ouers help om die dissipelskap proses te verstaan sodat hulle hul kinders kan begelei na volwassenheid. In die kursus word gekyk na Temperament – jou Godgegewe ontwerp, gesagboustene, unieke oomblikke van ouerskap, groeiseisoene van ’n kind se lewe en aanpassings wat gemaak moet word om by elke seisoen effektief as ouer te wees, dissipline op die regte manier en met liefde toegepas, “worteldiep” veranderinge wat in ons eie harte moet plaasvind en doelgerigte praktiese planne vir ouers. Die kursus maak regtig ’n nuwe wêreld rondom ouerskap oop. Indien iemand belangstel om die kursus in hulle omgewing aan te bied, kan hulle die voorsitter van JONK NK skakel, naamlik Santie Nel 0832997227 of santie@ngkharmonie.co.za.

### 4.6 Ignite

#Ignite is ’n Indaba, konferensie en wegbreek geleentheid vir jeugleraars, jeugwerkers en vrywilligers wat tieners geestelik begelei. #Ignite vind jaarliks in die Wes-Kaap plaas. Die leiers wat dit bygewoon het, is verfris, verryk en versterk vir hul roeping. Die sprekers was: Jonathan McKee en Thomas McKee uit die VSA, asook Johan Smith, Alan Storey en Eric Hofmeyer. Die lofprysing is deur Louis Brittz gelei. Daar is gefokus op leiers se geestelike en fisiese gesondheid, op uitbranding en hoe om dit te voorkom. Die McKee’s het die aangeleentheid van vrywilligers en hoe om hulle in jeugbediening aan te wend, behandel.

Agt leiers vanuit Noord-Kaapland het dit bygewoon. Ds. S Nel skryf die volgende oor #Ignite: “In my bediening as jeugleraar was daar al baie konferensies, maar nog nooit het enige van die konferensies my en my bediening so direk aangespreek soos #Ignite nie.”

### 4.7 Ontwikkeling van KIX-materiaal

Elke persoon by die sinode kry ’n harde kopie as voorbeeld van die kwartaallikse KIX blaadjie. ’n KIX werkswinkel (Vertel die kinders) is in Februarie 2016 in Kimberley aangebied om

leiers wat met kinders werk te bemagtig. Die werkswinkel is in totaal deur 42 mense bygewoon waarvan 6 fasiliteerders was van die verskillende werkswinkels. Die volgende "*Vertel die kinders werkswinkel*" word beoog vir Kathu. Datums hiervoor sal deurgegee word.
Die volgende is die temas wat hanteer is:

- Kruis-generasie-bediening (Annelie Botma van die Kerk van die Nasareners)
  (Hoe die een generasie by die ander generasie leer deur kontak met mekaar)
- Besempoppe as kreatiewe storievertel tegniek (Ds. Santie Nel van Kimberley)
- Kreatiewe Blaaibord – (Annatjie Enslin van Kimberley)
- Beeld jou verhaal uit in 'n Sandbox (Christine van Eyssen van CEF Oos-Kaap)
- Visuele hulpmiddels – hoe gebruik jy wat jy het? (Gebruik enige iets van papier tot rekenaar) (Sulet van den Berg – Jeugwerker: Wes-Kaap)

## 5. TAAKSPAN LEER EN AKTUELE SAKE

### 5.1 Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg

#### 5.1.1 Skrifbeskouing en Skrifgesag

Op die tafel van die taakspan leer en aktuele sake het 'n aantal sake beland waaronder die Bediening van bevryding (besluit van die algemene sinode aangaande die duiwel), Homoseksualisme en Selfdegeslagverhoudings, Geloof en Wetenskap, Die Apostolicum, Seisoen van Menswaardigheid en 'n versoek om 'n Teologiese beoordeling van die Belydenis van Belhar.
Die taakspan het onder die indruk gekom van die wye verskeidenheid standpunte wat in die Ned. Geref. Kerk oor dié aangeleenthede bestaan. Die taakspan is besorg dat ons gemeenskaplike Belydenis nie tot gemeenskaplike Skrifuitleg lei nie. Dit val naamlik in 'n toenemende mate op dat lidmate oor belangrike morele kwessies totaal teenoorgestelde standpunte inneem en dit met 'n beroep op dieselfde Bybel.
Die taakspan het geoordeel dat teruggevra moet word na die mees fundamentele vraag, nl. na ons Skrifbeskouing en, voorspruitend dááruit, wat die gesag van die Skrif is en laastens hoe dit verstaan en uitgelê moet word.
Dit is nie 'n nuwe probleem nie. Die Skrifbeskouing van die Ned. Geref. Kerk was in die vorige eeu wêreldwyd onder die soeklig geplaas en – soos uit die agendas van die algemene sinode blyk – ook die ander twee Afrikaanse Susterkerke het die standpunt van die Ned. Geref. Kerk bevraagteken. By die algemene sinode van 1986 is hieroor besluite geneem – wat ook die besluit *Kerk en Samelewing* ten grondslag lê – en wat steeds as die standpunt van die Ned. Geref. Kerk geld. By die daaropvolgende algemene sinode is verslag gedoen van die reaksie van die ander twee Afrikaanse Susterkerke (Geref. Kerke en Ned. Herv. Kerk). *Die Algemene Sinode het bevind dat die aksentverskille wat in die Skrifbeskouing tussen die drie kerke voorkom nie as wesenlike verskille beskou kan word nie*.

Dié ***verslag – Skrifgesag en Skrifgebruik – (vgl. Agenda Algemene Sinode 1986, bladsy 55-58)*** is aangeheg as ***Bylae 4***.
(Opmerking: die verslag van 1990 word nie hierby aangeheg nie – dié verslag is bloot 'n rapport van die gesprek met die ander twee susterkerke en handel oor die verskille in beskouinge tussen die drie kerke. Dit is dus nie hier tersake nie)

Na bogenoemde besluit van die algemene sinode in 1986 kom dié kwessie eers weer in 2002 op die agenda van die algemene sinode. Die besluit van 1986 was sonder teenstem aanvaar, maar die debat oor dié kwessie het egter eerder toegeneem as afgeneem. Die algemene kommissie vir leer en aktuele sake skryf in hulle verslag van 2002:
"Die huidige verslag is nie bedoel as 'n vervanging van *Skrifgesag en Skrifgebruik* nie, maar as aanvulling en verdere verduideliking daarvan... Dit is wel 'n poging om groter klaarheid te bring en sodoende 'n sinvoller gesprek moontlik te maak."

Dié ***verslag – Gesag van die Skrif – (vgl. Agenda Algemene Sinode 2002, bladsy 201-210)*** is aangeheg as ***Bylae 5***.

Dit word bevestig deur die besluit van die algemene sinode in 2011:
"SKRIFBESKOUING

1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring *Skrifgebruik en Skrifgesag*, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.
2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986, 1990 en 2002 hiermee saam gelees behoort te word."

Sedert die algemene sinode 2004 is die verklaring *Skrifgebruik en Skrifgesag,* wat by dié sinode goedgekeur is, onder "<u>Funksionele besluite</u>" in elke Kerkorde-bundel sedert 2004 opgeneem (vgl. *Kerkorde Noord-Kaapland 2014*, bladsy 198-199).

***Dié verklaring – Skrifgebruik en Skrifgesag – (vgl. Besluiteregister Algemene Sinode 2004, bladsy 9-10)*** is aangeheg as ***Bylae 6***.

By die algemene sinode 2015 het die algemene sinodale taakspan leer en aktuele sake egter 'n nuwe standpunt oor hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag aan die algemene sinode voorgelê. Daar is *nie* gevra dat dit goedgekeur word nie, maar die algemene sinode het gemeentes, ringe en sinodes versoek om hierdie dokumente te bespreek. *Dit moet beklemtoon word dat dié standpunte nié 'n amptelike besluit van die Algemene Sinode is nie*. Die status van die dokumente is dus dat dit gewoon die standpunte van die algemene sinodale taakspan vir leer en aktuele sake is. (Vgl. Handelinge Algemene Sinode 2015, bladsy 62. Die dokumente word nie aangeheg nie, aangesien dit op die algemene sinode se webbladsy beskikbaar is by: http://www.ngkerkas.co.za/wp-content/uploads/2013/04/Agenda-Algemene-Sinode-2015.pdf).

Al die opdragte van die algemene sinode is deur die algemene taakspan leer en aktuele sake as 'n eenheid behandel, alhoewel dit oor drie bylaes in die agenda van die algemene sinode versprei is. Die drie bylaes moet as 'n eenheid gelees word. Hulle is:

- ***Bylae 2: Verkennende oriëntering vir die voorlegging van die huidige gesprek*** (Bylae 2 is die "oriëntering" tot *Bylae 3* hieronder).
- ***Bylae 3: Ons christelike geloof en die wetenskap*** (Bylae 3 bespreek 'n nuwe "hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag").
- ***Bylae 4: NGB art 12: God se troos vir Middeleeuse mense – en vir ons vandag. 'n alternatiewe lesing*** (Bylae 4 is 'n praktiese toepassing van uitgangspunte in bylae 3. In bylae 4 vind ons ~~dat~~ aan die einde: "...'n meer konvensioneel-dogmatiese lees van Artikel 12" aangebied word. Laasgenoemde verteenwoordig die hermeneutiek en eksegese van die Ned. Geref. Kerk soos dit sedert 1986 gevolg is.

Die (ander/nuwe) standpunte in hierdie bylaes verskil van besluite wat die algemene sinode vanaf 1986 tot en met 2013 oor hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag geneem het. As voorbeeld van hierdie nuwe standpunt oor hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag gee ons onderstaande aanhalings uit bylae 2:

- "As die kerk met eerlikheid en integriteit oor geloof en etiese aangeleenthede wil dink, praat en optree, is dit nie tans nodig om ook saam met die Bybel respek te hê vir en reg te laat geskied aan die geldigheid van ander sosiale teorieë, wêreldbeskouinge, filosofieë, historiese, wetenskaplike en morele denkwyses en perspektiewe waarvan mense kennis neem en waardering voor het nie? ***Hierdie en soortgelyke vrae maak dit hoe langer hoe meer moeilik om op 'n geslote, verdedigende en eksklusiewe manier bloot die Bybel as finale en onbevraagtekenbare gesag te poneer en te probeer handhaaf***." (ons verdonker en kursiveer. *Vgl. Agenda Algemene Sinode 2015, bladsy 262)*
- "Die kanonieke gesag van die Bybel is dus nie 'n afgehandelde, geslote en beskermende afkondiging van finale, logiese of rasionele sekerhede of geloofsfeite nie. Eerder is dit 'n navolging van en deelname aan die Gees se begeleiding van die voortgaande, waarheid-ontsluitende en gesagvolle gesprek van en in die Bybel as Lewende Woord van die Lewende God. Die afgeleide, historiese, kulturele en kanonieke gesag van die Bybel is wesenlik gegrond op en rus uiteindelik op die teologiese gesag daarvan." *(vgl. Agenda Algemene Sinode 2015, bladsy 264).*

Standpunte soos bogenoemde laat nie reg geskied aan die reformatoriese ***Sola Scriptura*** nie, maar toon bepaalde kenmerke van 'n ***natuurlike teologie***.

Daarteenoor:

> "'n Etiek wat alleen op ons ***natuurlike sedelike besef*** of op ons insig in die ***skeppingsbeginsels*** opgebou sou word, en die versoening en verlossing in Christus, die kruis en die opstanding, die wederkoms en die vernuwing van alle dinge alleen as wegspringplek gebruik, sonder om die gebod wat daaruit tot ons kom, ten volle te hoor, kan geen volledige Christelike etiek wees nie."
> (ons verdonker en kursiveer. Sien ***Dié verslag – Skrifberoep in Etiese Sake – (vgl. Agenda Algemene Sinode 1990, 124-128)***, Bylae 7).

**AANBEVELING**
**Die sinode**

1. **herbevestig sy verbintenis aan die besluit van die algemene sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg.**

   **"1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring Skrifgebruik en Skrifgesag, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.**
   **2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986, 1990 en 2002 hiermee saam gelees behoort te word."**
   **(Vgl.: Notule algemene sinode 2011, bladsy 91)**
2. **aanvaar nie die nuwe standpunt oor hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag soos verwoord in die bylaes van die taakspan leer en aktuele sake wat voor die algemene sinode 2015 gedien het nie.**

### 5.1.2 Hermeneutiek en Skrifuitleg

In die NG Kerk is daar tans verskille rondom hermeneutiek en Skrifuitleg.

"Die vraag wat hier in die geding is, is nie *of* daar by etiese kwessies 'n beroep op die Skrif gedoen moet word nie, maar eerder *hoe* dit gedoen behoort te word. *Die insig ontstaan dat 'n korrekte leer aangaande die Heilige Skrif nie outomaties uitloop op 'n suiwer Skrifuitleg nie* (ons kursiveer – TLAS)." [verslag *Skrifberoep in Etiese Sake,* Agenda Algemene Sinode 1990, 124.]
Die verslag meld dat dit tot 'n groot mate aansluit by 'n uitvoerige rapport wat in 1979 voor die sinode van Wes-Kaapland gedien het. Dié rapport is in 1980 deur NG Kerk Uitgewers namens SKLAS van die sinode van Wes-Kaapland gepubliseer met die titel: *Die Reformatoriese Sola Scriptura en die Skrifberoep in Etiese Sake*. Dié verslag geniet dus breë erkenning en instemming binne die Ned. Geref. Kerk en**:** "AKLAS is oortuig daarvan dat die basiese insigte wat daarin tot uitdrukking kom reeds in lyn was met die uitgangspunte aangaande Skrifgesag en Skrifgebruik wat die algemene sinode in 1986 aanvaar het." [verslag *Skrifberoep in Etiese Sake,* Agenda Algemene Sinode 1990, 124.]

***Dié verslag – Skrifberoep in Etiese Sake – (vgl. Agenda Algemene Sinode 1990, 124-128)*** is aangeheg as ***Bylae 7***.

Enkele hermeneutiese uitgangspunte in ***Dié verslag – Skrifberoep in Etiese Sake*** is die volgende:

- Dat die Heilige Skrif gesag het vir alle terreine van ons lewe.
- Die beroep op die Skrif het alleen gesag as dit 'n verantwoorde beroep is, dit wil sê 'n beroep wat ten volle rekening hou met wat die Skrif wil sê.
- Die Reformasie was van die begin af gekant teen 'n wettiese omgang met die Skrif wat nie na behore rekening hou met die uitlegkundige reëls nie en die Skrif benader asof dit 'n wetboek met artikels is wat buite verband aangehaal kan word.
- Die Skrif moet as 'n historiese boek hanteer word wat beteken dat nie alles wat daarin staan, op dieselfde vlak lê nie.
- Daar moet met die historiese karakter van die Skrif rekening gehou word.
- 'n Willekeurige beroep op 'n Skrifwoord is uitgesluit.
- 'n Beroep op die klank af op bepaalde Skriftekste sonder inagneming van die hermeneutiese reëls is ook uitgesluit.
- Goeie hermeneutiek beteken nie om die Bybel te laat buikspreek nie om jou eie standpunte te verwoord nie.

Standpunte wat tydens die algemene sinode van 2015 ingeneem is en as 'n voorbeeld van dié ***nuwe standpunt*** oor hermeneutiek kan dien, is:

> "Kortom gesê: Daar staan *<u>klaarblyklik</u>* (ons kursiveer en onderstreep) nie wat ons met 'n eerste opslag en op die klank van die vertaalde woord "homoseksualiteit" af dink daar staan nie. Die kulturele omstandighede is net soveel anders as vandag dat ons vrae het oor wat die tekste se afwysings van seksuele geweld en - onreg vandag beteken" (vgl. *Aanvullende Agenda Algemene Sinode 2015, bladsy 86*)

**Let wel**: "*Klaarblyklik* beteken dat iets beslis, kennelik, ongetwyfeld of onteenseglik sal gebeur en dui op feitlik volkome sekerheid. As iets klaarblyklik die geval is, bestaan daar geen twyfel meer nie." (Müller, Dalene. 2003. *Skryf Afrikaans van A tot Z*. Pharos, bladsy 52).

**AANBEVELING**
**Die sinode**
1. **vereenselwig hom met die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake* van die algemene sinode van 1990 (*Bylae 7*).**
2. **beredeneer die sake wat die sinode van Noord-Kaapland op sy tafel geplaas het (punt 5.2 tot punt 5.6) aan die hand van:**
   **2.1 Skrifbeskouing en Skrifgesag soos uiteengesit in punt 5.1.1 hierbo**
   **2.2 en die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake.***

### 5.2 Bediening van bevryding

<u>Sinode Noord-Kaapland 2014</u>
*Die sinode verwys die besluit van die Algemene Sinode na die sinodale kommissie vir leer en aktuele sake.*

<u>Sinode Noord-Kaapland 2014</u>
*Die sinode besluit dat*
1. *by sy formulering van 2011 gestaan word. (sien Handeling algemene sinode 2011, punt 18, Bediening van Bevryding)*
2. *die taakspan vir leer en aktuele sake (TLAS) versoek word om die saak met die algemene sinode se taakspan vir leer en aktuele sake (ASTLAS) op te neem. Indien die regstelling aanvaar word, is die saak afgehandel. Andersins moet die beskrywingspunt van Noord-Kaapland steeds dien voor die algemene sinode.*

Die <u>algemene sinode het in 2015</u> besluite geneem waarvan die sinode in Noord-Kaapland kennis moet neem.

> ***GEREFORMEERDE HERMENEUTIEK/BEDIENING VAN BEVRYDING/GELOOF EN WETENSKAP*** *(A.12 bl 253 pt 414) – goedgekeur:*
> *4.1.4.1 Die Algemene Sinode neem die dokument (Ons Christelike geloof en die wetenskap) BYLAAG 3 ter tafel.*
> *4.1.4.2 Die Algemene Sinode moedig sinodes, ringe en gemeentes aan om hierdie dokument prakties aan te wend in gesprek met lidmate.*
> *4.1.4.3 Die Algemene Sinode ondersteun die inisiatief van ALTAS in die volgende jare om in*

*samewerking met die onderskeie sinodes, geleenthede met predikante van daardie sinodes te skep, om na aanleiding van hierdie hermeneutiese benadering onderskeidend tekste te lees.*
*4.1.4.4 Die Algemene Sinode aanvaar dat daar diegene is wat nie saamstem met hierdie hermeneutiese benadering nie en nooi juis daarom almal, van watter oortuiging ook, om hierdie inisiatief te ondersteun en hulle benaderings met mekaar te toets.*
*4.1.4.5 Die Algemene Sinode versoek sinodes om hierdie inisiatief prakties te ondersteun met die nodige finansiële en logistieke hulp.*

**Terugvoering**
Die algemene sinode het aanvaar "...dat daar diegene is wat nie saamstem met hierdie hermeneutiese benadering nie en nooi juis daarom almal, van watter oortuiging ook, om hierdie inisiatief te ondersteun en hulle benaderings met mekaar te toets". (punt 4.1.4.4)
Die sinode in Noord-Kaapland se besluit van 2011 gaan van 'n ander hermeneutiese uitgangspunt uit.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit om**
1. **sy formulering van 2011 te handhaaf, naamlik**
   **"Die sinode is bewus van die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassings van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Om die werklike en wesenlik persoonlike aard van die duiwel te aanvaar, sonder om daardeur die boosheid in die mens self, in owerhede, strukture, magte ensovoorts te ontken, is die Bybelse posisie en word ook so in die belydenisskrifte voorgehou en deur die NG Kerk aanvaar."**
2. **om opnuut onderstaande as <u>beskrywingspunt</u> aan die algemene sinode te stuur:**
   **Die sinode besluit dat die bestaande formulering (Sien Handelinge Algemene Sinode, punt 18 Bediening van bevryding, A.10 Leer en Aktuele Sake, Bylaag 2, bladsy 187, punt 14) wat as volg lui:**
      **"Die algemene sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassings van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer."**
   **gewysig word om te lees:**
      **"Die algemene sinode is bewus van die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassings van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Om die werklike en wesenlik persoonlike aard van die duiwel te aanvaar, sonder om daardeur die boosheid in die mens self, in owerhede, strukture, magte ensovoorts te ontken, is die Bybelse posisie en word ook so in die belydenisskrifte voorgehou en deur die NG Kerk aanvaar."**

## 5.3 Geloof en wetenskap

<u>Sinode Noord-Kaapland 2014</u>
*Die sinode besluit dat*
1. *aan taakspan vir leer en aktuele sake (TLAS) opgedra word om by ontvangs van die hersiene uitgawe van die dokument "Geloof en Wetenskap", dit te evalueer en saam met die gespreksdokument van die algemene sinode se taakspan vir leer en aktuele sake (ASTLAS) aan gemeentes te versprei vir kommentaar.*

**Terugvoering**
By die deurgaan van die hersiene uitgawe van die dokument "*Geloof en Wetenskap*", het die taakspan leer en aktuele sake tot die voorlopige indruk gekom dat hierin 'n bepaalde natuurlike teologie hanteer word wat nie beantwoord aan 'n reformatoriese uitgangspunt soos verwoord in die algemene sinode se verslag ***Skrifgesag en Skrifgebruik*** (vgl. punt 5.1.1) nie.
Die taakspan leer en aktuele sake ag die volgende as relevant:

> "Ons beswaar teen 'n dergelike standpunt (natuurlike teologie – taakspan leer en aktuele sake) is dat dit die Christen in etiese kwessies weglei van die Skrif af met die veronderstelling dat ons tans in staat sou wees om sonder die Skrif die wil van God vir ons lewe op te spoor, deurdat ons ons laat lei deur ons natuurlike sedelike besef, of deur die skeppingsbeginsels wat ons in die geskape werklikheid kan ontdek. Ons is van oortuiging dat die erns van die sondeval daarmee gerelativeer word. Ons lewe in in sondige, gebrekkige werklikheid. Selfs die insig van die wedergebore mens is relatief, feilbaar. Ons het die lig van die Skrif as die besondere openbaring van God nodig om ons stap vir stap op die weg te lei. Bowendien swaai die skaal by hierdie beskouinge in die rigting van die voorrang van die algemene openbaring bo die besondere, waarmee na ons mening meermale aan die unieke betekenis van Gods openbaring in Christus onreg gedoen word.... 'n Etiek wat alleen op ons natuurlike sedelike

besef of op ons insig in die skeppingsbeginsels opgebou sou word, en die versoening en verlossing in Christus, die kruis en die opstanding, die wederkoms en die vernuwing van alle dinge alleen as wegspringplek gebruik, sonder om die gebod wat daaruit tot ons kom, ten volle te hoor, kan geen volledige Christelike etiek wees nie..." (Sien ***Dié verslag – Skrifberoep in Etiese Sake – (vgl. Agenda Algemene Sinode 1990, 124-128)***, Bylae 7).

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**
1. **dat die opdrag oor *Geloof en Wetenskap* aan taakspan leer en aktuele sake herhaal word weens die omvangryke en ingewikkelde aard van die saak, naamlik**
   ***"aan taakspan vir leer en aktuele sake (TLAS) opgedra word om by ontvangs van die hersiene uitgawe van die dokument "Geloof en Wetenskap", dit te evalueer en saam met die gespreksdokument van die algemene sinode se taakspan vir leer en aktuele sake (ASTLAS) aan gemeentes te versprei vir kommentaar.***

**5.4 Homoseksualisme en Selfdegeslagverhoudings**

**5.4.1 Korrespondensie**
Onderstaande is deur taakspan sinodebeplanning na die taakspan leer en aktuele sake verwys nadat die sinodale kerkordekommissie aanbevelings daaroor gemaak het.
Skrywes is ontvang:
- van die ring van Upington
  ***Ring van Upington – Selfdegeslagverhoudings*** is aangeheg as ***Bylae 8***.
- van die Ned. Geref. Kerk Vergelegen
  ***NG Kerk Vergelegen – Selfdegeslagverhoudings*** is aangeheg as ***Bylae 9***.
- van die ring van Griekwastad.

**5.4.1.1 Ring van Upington**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit om te volstaan met die aanbeveling van die sinodale kerkordekommissie ten opsigte van die skrywe van die ring van Upington, naamlik om kennis te neem van die dokument *Ring van Upington – Selfdegeslagverhoudings* (*Bylae 8*).**

**5.4.1.2 Ned. Geref. Kerk Vergelegen**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit om te volstaan met die aanbeveling van die taakspan leer en aktuele sake, naamlik dat al die sake wat die Ned. Geref. Kerk Vergelegen noem (*Bylae 9*) in die verslag van die taakspan leer en aktuele sake aan die sinode van 2016 aangespreek word.**

**5.4.1.3 Ring van Griekwastad**
'n Skrywe van die ring van Griekwastad is ontvang, maar aangesien dit nie voldoen aan die formaat van 'n beskrywingspunt nie, is dit terugverwys na die ring van Griekwastad om die sinode met die regte formaat te bedien.

Sien ***Verslag taakspan sinodebeplanning, punt 3.18: Beskrywingspunte***, bladsy 4 en 15.

**5.4.2 Opdrag van die sinode: Homoseksualisme en Selfdegeslagverhoudings**

<u>Sinode Noord-Kaapland 2014</u>
*Die sinode besluit dat*
1. *by ontvangs van die algemene sinode se taakspan vir leer en aktuele sake (ASTLAS) se verslag, "Homoseksualisme en selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en die Gereformeerde tradisie", dit te bestudeer en 'n verslag aan die sinode van Noord-Kaapland voor te lê.*

<u>Besluite van die algemene sinode 2015:</u> die algemene sinode het in 2015 onderstaande besluit geneem waarvan die sinode in Noord-Kaapland kennis moet neem.

**Selfdegeslagverhoudings** (Notule Dag 6 pt 13)
*2.1 Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.*
*2.2 Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in 'n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.*
*2.3 Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word.*
*2.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.*
*2.5 Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie en ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.*
*2.6 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.*
*2.7 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor*

*homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in 'n gees van Christelike liefde te doen.*

*2.8 Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na 'n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op 'n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In ooreenstemming met NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, dws die beste huidige menswetenskaplike bevindings.*

*2.9 Die Algemene Sinode besluit om 'n Christelik-Bybels-etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake, wat reeds 'n soortgelyke opdrag in A.8.2 bl 172 punt 7.4 ontvang het.*

*2.10 Die Algemene Sinode besluit om 'n bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.*

**Selfdegeslagverhoudings – mense wat seergekry het** (Notule Dag 6 pt 13)

*3.1 Vanuit ons verbintenis tot die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid sê ons as Algemene Sinode opreg jammer vir mense wat seergekry het en wie se waardigheid aangetas is weens enige homofobiese taal, gedrag of gesindheid van die kant van die kerk, ook tydens hierdie vergadering.*

*3.2 Die Algemene Sinode weerhou haarself voortaan van enige homofobiese taal, gedrag en gesindheid juis vanweë ons verbintenis aan die Seisoen van Menswaardigheid, en ook vanuit 'n diepe oortuiging van die diskriminerende aard van sodanige taal, gedrag en gesindheid as gevolg daarvan.*

**Terugvoering**

- ***Selfdegeslagverhoudings*** is aangeheg as ***Bylae 10***.
- ***Homoseksualiteit en Selfdegeslagverhoudings*** is aangeheg as ***Bylae 11***.
- ***Pastorale uitdeelstuk aan gemeentes*** is aangeheg as ***Bylae 12***.

**AANBEVELING**

**Die sinode**

**1. besluit om die verslag *Selfdegeslagverhoudings* ter tafel te neem en keur dit goed.**

**2. besluit om onderstaande goed te keur en as 'n gravamen na die Algemene Sinode te stuur met die verslag *Selfdegeslagverhoudings* as motivering.**

**2.1 herbevestig sy verbintenis aan die besluit van die algemene sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg.**

> **"1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring Skrifgebruik en Skrifgesag, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.**
>
> **2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986 (getiteld *Skrifgebruik en Skrifgesag*), 1990 (*Skrifberoep in Etiese Sake*) en 2002 (*Gesag van die Skrif*) hiermee saam gelees behoort te word."**
>
> **(Vgl.: Notule algemene sinode 2011, bladsy 91)**

**2.2 wys die Algemene Sinode daarop dat die amptelike besluite van die Algemene Sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt van die Algemene Sinode is.**

**2.3 aanvaar nie die nuwe standpunte van die algemene taakspan leer en aktuele sake oor hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag soos verwoord in die bylaes van die taakspan leer en aktuele sake wat voor die algemene sinode 2015 gedien het nie.**

**2.4 versoek die Algemene Sinode om die motivering van die Sinode van Noord-Kaapland ter tafel te neem en te bespreek**

**2.5 aanvaar op grond van Skrif en Belydenis nie**

**2.5.1 punt 2.4 van die besluit van die Algemene Sinode 2015 oor selfdegeslagverhoudinge nie**

> ***2.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.***

**2.5.2 ook nie die laaste sin van punt 2.8 van die besluit van die Algemene Sinode 2015 oor selfdegeslagverhoudinge nie**

> ***In ooreenstemming met NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, d.w.s. die beste huidige menswetenskaplike bevindings.***

**aangesien dit afwyk van die amptelike standpunt van die Algemene Sinode oor Skrifbeskouing, Skrifgesag en hermeneutiek soos uiteengesit in ons**

**motivering *Selfdegeslagverhoudings* (*Bylae 10*).**

**2.6 aanvaar op grond van die Kerkorde nie dat die Algemene Sinode as enigste beleidmakende sinode aan die een kant beleid vorm en aan die ander kant ook aan mindere vergaderings dieselfde reg gee wat luidens die Kerkorde nie in eerste instansie daar tuishoort nie.**

**Die sinode verwerp dus ook onderstaande:**

***2.6 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.***

***2.7 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in 'n gees van Christelike liefde te doen.***

**2.7 beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie maar dat inteendeel met respek in en liefde teenoor alle mense opgetree moet word**

**2.8 roep alle lidmate en ampsdraers op om persone met 'n homoseksuele oriëntasie met pastorale sensitiwiteit en met die liefde van Christus te bedien**

**2.9 vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met 'n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie**

**2.10 herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou**

**2.11 herbevestig dat alle seksuele gedrag – waaronder alle vorme van homoseksuele gedrag – buite die huwelik teen die Woord van God ingaan**

**2.12 is oortuig dat die Woord van God 'n selibate lewenswyse verwag van alle ongetroude mense**

**2.13 enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, is 'n volwaardige lidmaat van Sy kerk en as sodanig het enige ongesensureerde lidmaat volle toegang tot al die ampte in die kerk.**

### 5.5 Seisoen van menswaardigheid

Sinode Noord-Kaapland 2014

*Die sinode besluit dat*

1. *aan die taakspan vir leer en aktuele sake (TLAS) opdrag gegee word om 'n evaluering van die dokument, "Die Seisoen van Menswaardigheid", te maak in die lig van die Skrif en die Gereformeerde leer en verslag te doen aan die volgende sinode.*

**Terugvoering**

Sien ***Verslag van die sinodale kommissie vir diens en getuienis, punt 4.7: Seisoen van menswaardigheid***, bladsy 159.

***Kritiese beoordeling van die dokument: Seisoen van Menswaardigheid*** is aangeheg as ***Bylae 13***.

**AANBEVELING**

**Die sinode besluit dat**

1. **kennis geneem word van die kritiese beoordeling van die dokument, Seisoen van Menswaardigheid (*Bylae 13*).**
2. **in 'n beskrywingspunt die algemene sinode versoek word om oor die begrip Menswaardigheid in die lig van Skrif en Belydenis van die kerk te herbesin. Die verslag, *Kritiese beoordeling van die dokument: Seisoen van Menswaardigheid*, word as motivering aangeheg.**
3. **opdrag gegee word aan die verteenwoordiger van die sinode in Noord-Kaapland wat op die taakspan seisoen van menswaardigheid van die algemene sinode dien, om terugvoer aan die sinode te gee.**

### 5.6 Apostolicum

Sinode Noord-Kaapland 2014

*Die sinode besluit dat*

1. *ringe en gemeentes, soos versoek deur die algemene sinode, die dokument in behandeling neem en as 'n saak van dringendheid hulle kommentaar deurstuur aan die taakspan vir leer en aktuele sake (TLAS).*
2. *die taakspan vir leer en aktuele sake (TLAS) met inagneming van die kommentaar 'n eie studie onderneem met verslag aan die volgende sinode.*

**Terugvoering**

***Die Apostoliese Geloofsbelydenis. 'n Eietydse Uitleg*** kan hier afgelaai word: http://www.ngkerkas.co.za/wp-content/uploads/2013/04/Apostolicum.pdf

Die taakspan leer en aktuele sake kon weens omstandighede nie die opdrag afhandel nie.

**AANBEVELING**

**Die sinode**

1. **om kennis te neem van die dokument *Die Apostoliese Geloofsbelydenis. 'n Eietydse Uitleg***
2. **herhaal die opdrag van 2014**

***1. ringe en gemeentes, soos versoek deur die algemene sinode, die dokument in behandeling neem en as 'n saak van dringendheid hulle***

***kommentaar deurstuur aan die taakspan vir leer en aktuele sake (TLAS).***
***2. die taakspan vir leer en aktuele sake (TLAS) met inagneming van die kommentaar 'n eie studie onderneem met verslag aan die volgende sinode.***

### 5.7 Belydenis van Belhar

Sinode Noord-Kaapland 2015
*Die sinode*

1. *versoek elke kerkraad van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland om – met die betrokkenheid van die gemeente en aan die hand van die Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid – die Belharbelydenis te evalueer;*
2. *gee opdrag aan sy taakspan vir leer en aktuele sake om die Belydenis van Belhar leerstellig en eksegeties te toets en veral aandag te gee aan dié Belydenis se Skrifgebruik, die moontlikheid van verskillende interpretasies daarvan, die moontlike invloed van die sogenaamde Bevrydingsteologie(ë), voldoening aan die vereistes vir 'n belydenisskrif, met volledige verslag aan die volgende gewone vergadering van die Sinode;*

**Terugvoering**

Sien ***Verslag van die sinodale kommissie vir diens en getuienis, punt 6.7: Belydenis van Belhar***, bladsy 167.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**

1. **die volgende dokumente aan gemeentes beskikbaar gestel word:**
   - **WD Jonker - 1987 - Beoordeling van die Belhar-Belydenis**
   - **'n Teologiese beoordeling van die Belharbelydenis - Prof SA Strauss**
   - **Belhar NGK Kroonstad Môrewag Beskrywingspunt**
2. **gemeentes versoek word om na aanleiding van punt 1 'n eie teologiese beoordeling van die Belydenis van Belhar te maak met terugvoer aan taakspan leer en aktuele sake – na aanleiding van sinode 2015 se besluit:**
   ***"Die sinode versoek elke kerkraad van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland om – met die betrokkenheid van die gemeente en aan die hand van die Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid – die Belharbelydenis te evalueer;"***

### 5.8 Reformasie 500 feesvieringe 2017

Sinode Noord-Kaapland 2014
*Die sinode besluit*

1. *om kennis te neem van die Verslag Reformasie 500 feesvieringe 2017 (Bylae 4)*
2. *om die 500 jarige herdenking van die Reformasie luisterryk in die sinode in Noord-Kaapland te vier*
3. *dat Reformasie 500 feesvieringe 2017 na die tydelike kommissie vir algemene sake verwys word.*

*Die sinode besluit dat*

1. *die verslag "Reformasie 500 feesvieringe 2017" voor die sinode dien.*
2. *dit verwys word na die taakspan vir leer en aktuele sake vir uitvoering.*

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**

1. **dat 'n PowerPoint aanbieding oor die boomaanplanting van Noord-Kaapland in Lutherstadt Wittenberg (5-10 minute) tydens die sinode plaasvind.**
2. **dat 'n "partner-boom" tydens die sinode-sitting geplant word**
3. **dat by die sinode aanbeveel word dat by elke gemeente in 2017 'n "partner-boom" geplant word**
4. **kennis geneem word dat die algemene taakspan Reformasie 500, Vrygemaak, as tema gekies het.**
5. **om kennis te neem dat taakspan leer en aktuele sake aanbeveel dat die tema in Noord-Kaapland, Reformeer Weer, moet wees.**
6. **dat inligting van die algemene sinode se taakspan Reformasie 500 aan gemeentes beskikbaar gestel word sodra dit ontvang word.**

## 6. TAAKSPAN LIDMAATTOERUSTING

### 6.1 Program van lidmaattoerusting

Sinode Noord-Kaapland 2014

1. *voortgegaan word om inhoud te verleen aan 'n program van lidmaatbemagtiging.*
2. *bepaal word op watter vlak (gemeente, ring of sinode) en wyse lidmaatbemagting hanteer word.*

**Terugvoering**

### 6.2 Taakspan lidmaattoerusting

Oudl. EJ vZ Greyling
Ds. PJ Neethling
Ds. FJHeymans (voorsitter)

### 6.3 Byeenkomste

Die taakspan het sedert die 2014 sinodesitting ses keer vergader.

### 6.4 Fokusarea

Die mandaat van die taakspan spruit voort uit die tafelgesprekke van die 2012 sinodesitting, en die daaropvolgende opdrag van sinode 2014. Die

tafelgesprekke het die volgende fokuspunte t.o.v. *lidmaattoerusting* geïdentifiseer:

a. *Leiding aan lidmate om waarlik met God te wandel en vanuit hul verhouding met God te leef.*
b. *Verdiepte spiritualiteit wat lidmate in staat stel om geloofsonderskeidend te leef.*
c. *Help lidmate om hul gawes te ontdek ter wille van groter diensbaarheid in God se Koninkryk.*
d. *Toerusting van lidmate in geloofsdissiplines.*
e. *Die vestiging van waardes by lidmate, wat insluit: eerlikheid, vertroue, liefde, openheid, diensbaarheid, gasvryheid, luister, gebed, eienaarskap en rentmeesterskap.*
f. *Uitbreiding van lidmate se God- en kerkbegrip.*
g. *Hoe kan ons jonger lidmate meer betrokke maak in die gemeente?*

Sinode 2012 het die volgende besluit t.o.v. die tafelgesprekuitkomste geneem:

1. *Die sinode versoek die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning om die inligting vanaf tafelgesprekke weer deeglik deur te werk ten einde te verseker dat alles wat rondom die tafels bespreek is wel ondervang is.*
2. *Die sinode gee opdrag aan die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning om die tafelgesprekke verder te neem na ringe en kerkrade.*
3. *Die sinode neem kennis van die volgende fokuspunte soos geïdentifiseer vanuit die tafelgesprekke (sien Uitgebreide fokusareas):*
   i. *Leierskapsontwikkeling (kerkrade en gemeenteleiers);*
   ii. *Jeug- en gesinsbediening;*
   iii. *Lidmaatbemagtiging;*
   iv. *Die vestiging van betekenisvolle verhoudings en netwerke;*
   v. *Hulp en leiding aan kleiner gemeentes;*
   vi. *Erediens (liturgie en prediking);*
   vii. *Kommunikasie binne kerklike strukture;*
   viii. *Predikanteversorging.*
4. *Die sinode gee aan die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning opdrag om bogenoemde fokuspunte die inhoud van hulle werksaamhede oor die volgende twee jaar te maak, met terugvoering aan die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland 2014.*

Sinode 2014 het die volgende besluit geneem oor lidmaattoerusting:

1. *voortgegaan word om inhoud te verleen aan 'n program van lidmaatbemagtiging.*
2. *bepaal word op watter vlak (gemeente, ring of sinode) en wyse lidmaatbemagting hanteer word.*

## 6.5 Agtergrond: lidmaattoerusting

Die taakspan lidmaattoerusting bevestig die holistiese fokus waartoe die afgelope twee jaar se werksaamhede aanleiding gegee het, nl. lidmate se behoefte om (1) gemeentelike-, sowel as (2) geestelike toerusting. 'n Toegeruste lidmaat is 'n lidmaat wat oor die vermoë beskik om geestelik-kerklik hom/haarself te realiseer. Kerklik-geestelike toerusting stel 'n lidmaat in staat om – met die hulp van die Heilige Gees – voortdurend te groei na groter geestelike volwassenheid, met as vrug 'n meer geestelik-vervullende persoonslewe, gesinslewe, werks-lewe, en kerklidmaatskap.

Die taakspan lidmaattoerusting het besef dat Noord-Kaapland gemeentes se verskeidenheid ten opsigte van toerustingsbehoeftes in aanmerking geneem moet word: van "geen dominee"-situasies, basies behoeftes soos kategeseprogramme, preekbundels, unieke jeug-, bejaardes-, volwassenesbehoeftes, tot verskillende en unieke gemeentekontekste, funksionering- en oorlewingssituasies. Ons het ook besef dat die woord "toerusting" weerstand, apatie, of intimidasie kan veroorsaak.

Daarbenewens is dit belangrik dat toerusting effektief moet wees. Ons kan nie goedsmoeds aanvaar dat toerustingsmetodes, -materiaal, en -benaderings wat vantevore suksesvol was steeds 'n wenresep is nie.

As vertrekpunt het ons deeglik besin oor lidmaattoerusting. Wat moet alles oorweg word voordat besluite geneem kan word oor 'n benadering tot lidmate se geestelike- en kerklike toerusting? Wat is ter sake oorwegings in hierdie verband?

Dit was vir die taakspan belangrik om nie self te probeer uitsluitsel gee aan hierdie en ander vrae oor lidmaattoerusting nie. Daarom het ons ons toevlug tot ons Noord-Kaapland gemeentes gewend – dat hulle vir ons die antwoorde sal verskaf.

'n Dekbrief en vraelys is vervolgens opgestel, en aan al die gemeentes van Noord-Kaapland, sowel as aan al die ringe, gestuur. Ons het terugvoer van 18 gemeentes ontvang, wat ons gekonsolideer het.

***Gemeente- en ringsterugvoer (vraelyste)*** is aangeheg as ***Bylae*** 14.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**

1. **voortgegaan word om inhoud te verleen aan 'n program van lidmaattoerusting.**
2. **die wenslikheid van 'n toerustings-webblad as loodsprogram ondersoek word.**
3. **gemeentes van Noord-Kaapland by die evaluering van die loodsprojek betrek word.**

# 7. TAAKSPAN PREDIKANTESAKE

Die taakspan predikantesake fokus op die geluk van beide die predikant en die gemeente. Die taakspan wil sien dat die gemeente gelukkig is met die arbeid van die predikant en dat die predikant gelukkig is in sy/haar beroep. Die taakspan reël kursusse en hulpmiddels vir die predikante om hulleself verder en beter toe te rus vir die werk in gemeentes in ’n veranderende wêreld. Die taakspan wil ook graag vir kerkrade (as werkgewers en bestuurders van gemeentes) kursusse en hulpmiddels aanbied om hulle te help om hulle eie omstandighede te bestuur.
Die taakspan vind dit ’n leemte dat daar te min kontak is tussen hulle en kerkrade as werkgewers. Die taakspan wil baie graag in gesprek wees met kerkrade om toe te sien dat hulle die gemeentes bestuur volgens beide die beginsels van die Woord en die beginsels van goeie arbeidsbetrekkinge. Die taakspan wil graag in die toekoms meer kursusse aanbied vir kerkraadslede.
In die afgelope twee jaar is op die volgende sake gefokus:

## 7.1 Mentorskap van predikante in die sinodale gebied.

### 7.1.1 Nuwe predikante

Die sinode het ’n paar jaar gelede besluit om nuwe predikante in die gebied by te staan met die inskakelingsproses. Nuwe predikante word vir ’n tydperk van drie jaar gehelp om te verstaan hoe die sinode werk, sowel as om hulle voete in die bediening te vind (veral die predikante wat ’n eerste keer in die bediening kom). Die groep kom 2-3 keer per jaar byeen in Kimberley waar aktuele sake bespreek word. Die agenda word bepaal deur wat die begeleiers dink nodig is asook wat die predikante self wil bespreek.
Die groep leer mekaar ken oor tyd en vorm ’n hegte eenheid. Dit bied ’n veilige ruimte vir hulle om hulle gewaarwordinge, bekommernisse en emosies te deel.
Die terugvoer van die predikante is baie positief. Die taakspan sal ook van kerkrade wie se predikante by die mentorskapprogram betrokke is wil hoor wat hulle ervaring is.

### 7.1.2 Ouer predikante (insluitend emeriti)

’n Hele aantal predikante het vantevore kursusse bygewoon om as mentors vir ander op te tree. Die taakspan wil graag meer van hulle gebruik maak en so predikante in staat stel om mekaar by te staan in hulle geloofsgroei. In kerklike taal sluit mentorskap aan by dissipelskap. Gelowiges moet as dissipels van Jesus groei en daarom is mentorskap nodig. Die taakspan sal in die nuwe termyn daaraan werk om predikante wat hierby betrokke wil raak beter, te probeer inskakel.

Wat emeriti betref wil die taakspan verseker dat hulle genooi word na al die opleidings- en kuiergeleenthede. Emeritaat beteken nie noodwendig dat die predikante nie meer in gemeentes betrokke is of wil wees nie. Die taakspan wil hulle graag steeds as deel van die predikante-groep erken en hanteer.

## 7.2 Predikanteversorging

Predikanteversorging is ’n baie omvattende begrip en sluit die volgende in:

### 7.2.1 Die bestuur van personeel in gemeentes (predikante en ander personeel)

Die *Handleiding vir die bestuur van predikantsake in die NG Kerk* is ’n hulpmiddel wat die bestuur van alle sake wat predikante en kerkrade raak, meer effektief te reël. Die Handleiding (2013 en 2010) kan afgelaai word by http://www.ngkerkas.co.za/index.php/taakspanne-vir-staande-werk/algemene-bevoegdheidsraad-abr/bestuurshandleiding-2010/.
Daar was verskeie navrae, onduidelikhede en onsekerhede oor die versorging, begeleiding en bevoegdheid van bedienaars van die Woord. Daarom het lede van die Algemene Steunspan Predikantesake (ASP) saamgewerk met die skep van ’n handleiding wat die breë kerkverband wil dien met die verskillende dienste wat die ASP aanbied.
Die Handleiding is by die Algemene Sinode in 2015 goedgekeur as ’n werksdokument en moes in 2016 opgegradeer en bygewerk word. Daarna sal die ASP dit elektronies publiseer vir gebruik in breë kerklike verband. Kerklike vergaderinge is gevra om die handleiding te gebruik en kommentaar aan die ASP deur te stuur met die oog op die finalisering van die Handleiding.
Die volgende spesifieke sake in die Handleiding is deur die taakspan hanteer:

#### 7.2.1.1 Gedragskode vir predikante

Die taakspan het dit nie in diepte hanteer nie omdat die sinodale kerkordekommissie aangedui het dat hulle hieroor iets voorberei vir die sinode.

Sien ***Verslag van die sinodale kerkordekommissie, punt 9: Gedragskode***, bladsy 202.

#### 7.2.1.2 Bedieningsbeoordelingsisteem

Die besluit van die Algemene Sinode 2015 lui soos volg:

> **ASP-Handleiding** (A.16.3 bl 357 pt 4.4.2, Notule Dag 4 pt 10)
> *Die Algemene Sinode:*
> *4.4.2.1 neem kennis van die ASP-Handleiding wat ontwikkel is;*
> *4.4.2.2 moedig kerklike vergaderinge aan om van die Handleiding gebruik te maak;*
> *4.4.2.3 versoek kerklike vergaderinge om enige verdere kommentaar aan die ASP deur te stuur*

*teen 31 Maart 2016 met die oog op die opgradering van die Handleiding.*

In verskeie werkskringe word daar prestasiebeoordeling gedoen en vele stemme het in die kerk opgegaan vir 'n sisteem om bedienaars van die Woord en amptenare te kan beoordeel in terme van werksuitsette. Die ASP is van oordeel dat hulle nie op dieselfde manier as persone wat vir sekulêre instansies werk, beoordeel kan word nie, maar dat daar eerder na 'n eiesoortige sisteem gekyk moet word. Nadat verskeie modelle ondersoek is, is 'n eiesoortige konsepmodel ontwikkel. Die voorgestelde konsepmodel berus op 'n bedieningsbeoordelingsisteem (vir bedienaars van die Woord) en werksbeoordelingsisteem (vir amptenare).
Die ASP versoek kerklike vergaderings om van die konsepmodel gebruik te maak en insette te lewer sodat dit verder ontwikkel kan word. Die konsepmodel is beskikbaar in die Handleiding van die ABR of by die Bestuurder ASP.
<u>Opmerkings</u>:

1. Die grootste voordeel lê in die terugvoer wat die werknemers kry in verband met hulle werkverrigting. Daar is 'n spreuk wat lui: "Feedback is the food of champions." Waar daar nie terugvoer is nie kan dit lei tot onsekerheid. Dit kan ook gebeur dat verkeerde gedrag nie reggestel word nie, omdat die werknemer nie bewus is dat sy/haar gedrag verkeerd is nie. Indien dit goed toegepas word, kan dit uiteindelik lei tot die vestiging van dieselfde hoë standaarde regdeur die predikantekorps.
2. Die bedieningsbeoordelingsisteem moet nie verwar word met die gedragskode vir predikante nie.

**7.2.2 Induksie/spanontwikkeling/kontekstualisering**

Dit is baie belangrik dat gemeentes/kerkrade 'n duidelike prentjie het van hulle roeping en rol in hulle gemeenskappe. Veral wanneer nuwe predikante beroep word, word dit deurslaggewend en kan daar van die begin af gesoek word na 'n persoon wat oor die gawes beskik om daardie prentjie af te rond. Wanneer 'n nuwe predikant bevestig is, is dit ook belangrik dat hy/sy goed moet inskakel by die gemeente en daarom is die studie gedoen om gemeentes te help met die proses.

**7.2.2.1** Die dokument ***"Riglyne vir die beroepingsproses van 'n leraar"*** deur dr. PM (Pierre) Goosen en dr. JF (Frederick) Marais is so opgestel dat dit aan heelwat van die vereistes voldoen wat die konsulent (ring) sou kon gebruik om 'n gemeente by te staan met die beroeping van 'n leraar. Dit sou kon help om 'n gemeente wat in oorgangsfase is, te begelei om onder andere die bedieningsbehoeftes, gemeentekultuur en konteks/omstandighede van die gemeente te identifiseer. Met dit in gedagte kan die aansoeke van predikante sinvol deurgewerk word met die oog daarop om 'n predikant met die geskikte gawes, ervaring en vaardighede te beroep. Hierdie dokument spreek veral die hantering van die induksieprogram en kontekstualisering aan.
Die enigste probleem wat moontlik kan ontstaan is wanneer die gemeente nie 'n goeie idee het van hulle bedieningsbehoeftes, gemeentekultuur en konteks nie. Dit kan tyd neem om eers die bedieningsbehoeftes, gemeentekultuur en konteks te bepaal. Dit stel weer die beroeping van 'n leraar uit. Nie alle gemeentes sien kans hiervoor nie. Daarom is dit wys dat kerkrade hierdie dokument moet deurwerk in die tyd vóórdat hulle leraar weggaan. Hulle moet hulleself deurlopend vergewis van hulle behoeftes, kultuur en konteks.

***Riglyne vir die Beroepingsproses van 'n Leraar" deur dr. PM Goosen en dr. JF Marais*** is aangeheg as ***Bylae 15***.

**7.2.2.2** Vir die spanbou oefening sal die ***"Induksieprogram vir die inskakeling van nuwe predikante – Handleiding vir fasiliteerders"*** van dr. R (Roelf) Opperman 'n baie handige kursus wees om te deurloop. Hy het dit reeds vir leraars van die sinode van Noord-Kaapland aangebied. Dit bevat nie net spanboumateriaal nie maar ook ander baie handige materiaal wat op fasilitering gemik is. 'n Gedeelte van hierdie handleiding is met die vriendelike goedkeuring van dr. Opperman gekopieer en is beskikbaar by die sinodale kantoor.
**7.2.2.3** Dit moet egter ook in gedagte gehou word dat daar sekere gedeeltes van die induksieprogram/spanbou oefening/kontekstualiseringsproses is wat om verskeie redes nie noodwendig deur die konsulent (ring) gehanteer sal kan word nie. Waar dit die geval is, moet van ander leraars gebruik gemaak word. Leraars wat 'n kursus in fasilitering met die oog op die inskakeling van nuwe predikante bygewoon het sowel as Brugpredikante kan gebruik word. Om hierdie punt te bevestig word aangehaal uit die dokument ***"Riglyne vir die beroepingsproses van 'n leraar":***

> *"<u>**Nota**</u>: Indien daar trauma in die gemeente se verhaal is, behoort dit eers deurgewerk te word voordat 'n nuwe leraar beroep word. Dit is onbillik om van 'n nuwe leraar te verwag om trauma van die verlede te genees. Brugleraars en fasiliteerders is in 'n veel beter posisie om die gemeente hiermee te help." – (punt B.1.a.)*

**7.2.3 Mobiliteit (Standplaasverwisseling)**

Daar is veral na aanleiding van terugvoer via Predikantesake en *Kerkspieël* terdeë bewus geword van die groter behoefte aan mobiliteit in die Kerk as wat daar tans plaasvind. Die AS is ook bewus dat daar bepaalde voordele vir beide leraars en gemeentes is in groter blootstelling van leraars aan meer gemeentes en dat daar met 'n nuwe beroep bepaalde nuwe energie in beide leraar en gemeente loskom.

Die sinode wil daarom graag meewerk dat daar groter mobiliteit in die breë kerk sal kom. Wanneer leraars en kerkrade meer openlik oor die stelsel van standplaasverwisseling is, sal die leraar sowel as die kerkraad daarby baat vind. Vir die gemeente kan dit 'n nuwe impetus bring en vir die leraar nuwe blootstelling en uitdagings bring sodat hy in sy persoon en bediening verder kan ontwikkel.

Die sinode wil poog om standplaasverwisseling meer deursigtig te maak en help om dit gekoördineerd met behulp van ringe en sinode deur die hele sinodale gebied heen te bestuur. Derhalwe moet die nodige hulpbronne beskikbaar gestel word sodat die proses in werking gestel kan word.

Die sinode bring dit weer onder die aandag van leraars, gemeentes en ringe dat die ASM in 2014 die riglyne vir die proses van standplaasverwisseling onderskryf het. Hierdie riglyne bepaal dat waar 'n leraar langer as tien jaar in dieselfde gemeente is, daar 'n gesprek tussen leraar, kerkraad en ring gevoer moet word. Tydens hierdie gesprek moet daar onder andere geëvalueer word of die leraar nog steeds effektief en met bedieningsvreugde in sy/haar werkkring kan voortgaan en of standplaasverwisseling oorweeg kan word.

***Sinodale proses vir standplaasverwisseling*** is aangeheg as ***Bylae 16***.

**7.2.4 Leierskapontwikkeling**

Daar bestaan 'n dringende behoefte om predikante bloot te stel aan leierskapskursusse. Die taakspan het die PEAK-leierskapkursus vir nuwe predikante in die sinodale gebied aangebied in 2016. Die rede waarom dit nog nie aan almal gebied word nie, is gewoon omdat die sinode se begroting nie daarvoor voorsiening maak nie. Die taakspan se voorneme is om op 'n later stadium wel alle predikante hieraan bloot te stel.

Die PEAK-leierskapkursus is ontwikkel vir sekulêre maatskappye om hulle leiers te ontwikkel om in 'n veranderende wêreld hulle plek vol te staan en die maatskappy tot groter hoogtes te neem. Hierdie kursus word teen hoë koste aan die maatskappye beskikbaar gestel, maar word goedgunstiglik gratis aan die kerk gegee vir gebruik. Die kursus kyk holisties na die leier en die wêreld waarin hy/sy werk. Tien vaardighede word aangespreek en met praktiese voorbeelde en inoefening toegelig. Na voltooiing van die kursus gaan elke kursusganger dus weg met toegepaste vaardighede wat dan verder in die praktyk ingeoefen moet word.

**7.2.5 Rol van die ring in predikanteversorging**

Die rol van die ring word nie net deur ons streeksinode nagevors nie, maar ook deur die sinode van Wes-Kaapland en Vrystaat. Die taakspan is in kontak met die betrokke predikante in sinodale diens om inligting te versamel en later 'n bespreking hieroor te hê.

**7.2.6 Retraites vir predikante**

Daar bestaan by baie predikante 'n behoefte om soms weg te breek en vir 'n tydperk in stilte te reflekteer oor hulleself, hulle bediening, roeping, ens. Die taakspan kon nie in hierdie termyn so 'n retraite reël nie omdat die begroting dit nie toelaat nie. Die taakspan het wel die sinode van Wes-Kaapland genader om die "100-dae program" vir in die afsienbare toekoms hier aan te bied. Hierdie program stel deelnemers bloot aan 'n verskeidenheid geloofsgewoontes en deelnemers kies enkeles wat hulle oor 'n tydperk van 100 dae konstant beoefen. Die program word aangebied oor drie geleenthede: Bekendstelling, opvolg, afsluiting.

**7.2.7 Rusdag vir predikante**

Die taakspan is besorg daaroor dat predikante en kerkrade nie die predikant se werksweek reg bestuur nie en dat dit kan lei tot konflik, stres en uitbranding.

***"Rus-dag" – knelpunt of noodsaaklikheid?*** is aangeheg as ***Bylae 17***.

**AANBEVELING**
**Die sinode**

1. **neem kennis van die dokument, *"Rus-dag" – knelpunt of noodsaaklikheid?* (*Bylae 17).***
2. **versoek kerkrade om toe te sien dat predikante 'n "rus-dag" elke week neem.**

**7.2.8 Nuwe temas waaraan aandag gegee word:**

**7.2.8.1 Eggenote-versorging**

Die taakspan is besorg oor die gades van predikante en hoe hulle hul rolle ervaar en uitleef. Dit is belangrik dat predikantsgesinne gelukkig moet wees ter wille van die gemeentes en die koninkryk. Die taakspan het so 'n geleentheid gereël in 2015, maar daar was te min inskrywings om dit deur te voer.

**7.2.8.2 Leierskapontwikkeling – kerkrade**
Kerkrade vorm leierskapspanne en daar bestaan 'n leemte in die kerk oor hoe spanleierskap hanteer moet word.

**7.2.8.3 Konflikhantering**
Die taakspan wil predikante en kerkrade bystaan om konflik reg te hanteer. Dit is belangrik dat predikante en kerkrade hulle nie teenoor mekaar sal opstel nie, maar in spanverband goed sal saamwerk as medewerkers in die koninkryk.

**7.2.8.4 Eensaamheid/Alleenheid**
Waar predikante alleen in gemeentes is, kan dit gebeur dat hulle ervaar dat daar niemand is wat hulle posisie en werk volkome verstaan nie. Die taakspan wil graag predikante bystaan om hierdie alleenheid te verwerk.

**7.2.8.5 Selfversorging**
Dit verwys daarna dat predikante moet leer om na hulleself te kyk en te verseker dat hulle nie stagneer en agter raak nie. Die taakspan wil graag vir predikante bystaan met idees en planne sodat hulle fisies, geestelik en professioneel sal floreer.

**7.2.9 VBO kursusse**

Sinode Noord-Kaapland 2014
*Die sinode besluit dat*
1. *die sinodale kommissies jaarliks by 'n koördineringsgesprek in November ooreenkom wat die predikantekursusse vir die komende jaar gaan wees.*

Die kursus in 2015 is deur die sinodale kommissie vir diens en getuienis gereël. Hulle het in 2016 'n opvolg daarvan gedoen: *Gemeente en Gemeenskapsontwikkeling – medewerkers in die koms van God se Koninkryk.*

**7.3 Predikantekonferensie 3-6 April 2017**

By die vergadering van die algemene sinode se moderamen (ASM) op 14-16 Maart 2016 is besluit om 'n Predikantekonferensie in 2017 aan te bied.
Die vorige geleentheid in Bloemfontein (2005) is deur sowat 1,200 predikante bygewoon. Alhoewel die moontlikheid van 'n herhaling, deurlopend op die sakelys van die ASM was, het 'n byeenkoms tot dusver nie gerealiseer nie. Tydens die laaste konferensie (2005) is daar aandag gegee aan die belangrike saak van roeping.
Die kerk, en by name die NG Kerk, bevind haarself in 'n uitdagende rol in 'n uitdagende tyd. Uitdagings kom in verskillende gedaantes en gestaltes na die Kerk en na elkeen in die bediening. Hoe sou dit aangespreek kon word tydens 'n konferensie? Hoe sou 'n Predikantekonferensie kon bydra om 'n verskil aan die NG Kerk se getuienistaak te maak? As 'n geleentheid beplan word wat sou die verwagtinge van predikante wees? Dít is alles uitkomste waarmee gewerk sal word om die inhoud van 'n konferensie te bepaal.
Die ASM wil nie sonder sinodes en predikante se insette aan die inhoud en inrigting van dié konferensie beplan nie. Dit is per slot van sake ons almal se geleentheid. Insette is dus, van 'n iedere en elkeen, vir die beplanning van groot belang.
Sinodes se samewerking word gevra om behulpsaam te wees met die volgende:
- Eienaarskap rondom dié saak van elke streek.
- 'n Verteenwoordiger uit die leierskap te benoem wat verantwoordelikheid sal neem vir kommunikasie en koördinering.
- Geleenthede te skep waartydens predikante verwagtings en drome kan identifiseer vir dié konferensie.
- Motivering, ondersteuning en voorbidding ten opsigte van die beplanning van dié konferensie.
- Wenke wat in gedagte gehou moet word tydens die beplanningsfase.

Die konferensie, nadat verskeie verblyf opsies en kosteberamings ondersoek is, sal in Moreletapark-gemeente plaasvind. Dieselfde formule, as die vorige rondte, rondom egalisasie, ens. sal weer gebruik word. Verskeie opsies ten opsigte van akkommodasie sal beskikbaar wees.

Die uitvoerende komitee van die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning het vir ds. DJ Muller as die verteenwoordiger van Noord-Kaapland by die beplande Predikantekonferensie van 2017 aangewys. Ds. S Nel is as sekundus aangewys.

# 8. TAAKSPAN VROUELESENAAR NK

**8.1 Wie is taakspan Vrouelessenaar NK?**

Die taakspan Vrouelessenaar NK word ringsgewys deur die sinode saamgestel. Ons is dus **gemeente vroue** wat uit die sinodale streek twee keer per jaar bymekaar kom en bietjie saam gesels en planne maak met betrekking tot vroue bemagtiging, bediening, en sommer die hart van vroue te hoor. Elke tweede jaar hou ons 'n vrouefees in ons sinodale streek, net om weer ons "tenkies" vol te maak. So baie vroue is so gewoond en in die proses van gee en gee en gee, dat hulle hul self verwaarloos. Een mamma het een dag opgemerk: "...nou dat my kinders groot en uit die huis is kan ek begin lewe..." Moet 'n mens soveel jare mis? Ons moet nie vergeet om elke dag te leef nie! Ons het ook uit navorsing en ondervinding weereens tot die slotsom gekom dat ja, ons as vroue is uniek en

anders, en het ook spesifieke behoeftes. En dus ook spesifieke bedienings behoeftes.

**8.2 Die doelwitte van taakspan Vrouelessenaar NK is die volgende:**

a. Opbou van vroue
b. Vroue inspireer en bemagtig
c. Netwerk en samewerking – kommunikasie (gedagtes deel en by mekaar leer)
d. Om inligting van die Vrouelessenaar met ringe en gemeentes te deel
e. Vroue oor 'n wye spektrum betrek
f. Om gemeentes en ringe te help wat om hulp vra – spesifieke behoeftes
g. Geestelike groei
h. Vroue te bemoedig
i. Identifisering van vrou/e in elke gemeente wat 'n passie vir vrouesake het
j. En om vroue te help vorm en ontwikkel as leiers

**8.3 Projekte**

Die 5 projekte waarmee die algemene sinode ons as vroue in ons gemeentes se hulp benodig waarop hulle die jaar wil fokus is die volgende:

- Armoede
- Kerkhereniging
- Missionale diakonie
- Seisoen van menswaardigheid
- Jeug

Met bogenoemde projekte in ag geneem, wil die taakspan die jaar dus fokus op klein kind ontwikkeling (ECD) sentrums. Een van die idees agter die ECD sentrums is, as ons nou investeer in ons jeug (navorsing het getoon dat kinders tot en met 5 jaar gevorm word) en hulle stimuleer, ons oor 20 jaar met positiewe, opgevoede, christen jongmense kan sit wat kan voor vat in ons land. Ons moet vandag begin met ons jeug en nie wag vir oor 20 jaar nie. Gemeentes wat graag hierby wil inkoop en idees het moet asseblief met die taakspan skakel sodat saam planne gemaak en idees uitgeruil word. Ook rondom die huidige armoede krisis. Iemand het eendag gesê: "Gee 'n mens 'n bordjie pap en jy voed een mens, maar leer hom pap maak dan voed jy 'n nasie". Mense wat die taakspan hiermee kan help moet dringend met die ringsverteenwoordiger van die Vrouelessenaar praat.
En dan laastens, om by 'n ECD betrokke te raak hoef nie geld te kos nie, dit kan dalk tyd wees. Of deel van kennis. Daar is reeds bestaande ECD sentrums in die sinodale streek. Die versoek is dat ons moet help met kennis, raad en leiding. Daar is soveel afgetrede onderwysers wat die ECD onderwysers kan help, raad gee en soveel meer, dit hoef nie geld te wees nie. Of om vir die kinders stories te lees. Daar is soveel moontlikhede. Deel asseblief verhale van betrokkenheid by vroeë kindontwikkeling sentrums met die taakspan.
Een van die projekte wat tans in proses is om ondersoek te word is mentorskap.
Die behoefte aan mentors is 'n wesenlike uitdaging.

- by die vroeë kindontwikkeling sentrums.
- Jeug. Wat van 'n mentorprojek vir ons jeug?

Ons wil graag hê dat elke vrou deel van bogenoemde kan wees. Deel asseblief verhale van betrokkenheid.

**8.4 Wêreldbiddag vir Vroue**

Wêreldbddag vir Vroue (WBvV) is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christenvroue, -mans en -kinders wat elke eerste Vrydag in Maart saam 'n gebedsketting in meer as 170 lande vorm. Die Wêreldbiddag strek oor grense en bind mense uit verskillende rasse, kulture en kerke tot groter onderlinge begrip en toewyding.
Dit bied aan vroue wêreldwyd die geleentheid om:

- opnuut hulle geloof in Jesus Christus te bevestig,
- versterk te word deur die geloofservaringe van Christene uit ander lande en kulture,
- ander se laste te help dra deur saam met hulle, en vir hulle, te bid.

Die webbladsy van die wêreldbiddag vir vroue is te vinde by: Wêreldbiddag vir Vroue
Indien jy meer inligting verlang of programme wil bestel skakel asseblief vir: Joa van Aarde, Tel: 011 975 4598, e-pos: wwdp@telkomsa.net.
Daar is soveel vroue wat van wêreldbiddag 'n fees maak. Kan ons as vroue van Noord-Kaapland nie ook volgende jaar wêreldbiddag vir vroue 'n fees maak nie? Kom ons deel met mekaar wat ons gaan doen. Betrek ons kinders, betrek ons kleuters, betrek ons bejaardes. Is dit nie 'n groot voorreg om een maal 'n jaar as vroue, manne en kinders oor die wêreld saam te kan bid nie? Programme is beskikbaar in 9 tale in Suid-Afrika – wat 'n groot voorreg. Dan is daar spesifieke programme beskikbaar vir kleuters, kinders, ens. Kom ons leer ons kinders van kleins af. As die skole nie na ons kan kom nie, gaan ons soontoe? Ons hoef dit nie net 'n gebed te maak vir halfuur en dan huis toe gaan nie. Ons kan 'n oggend/dag/aand daarvan maak. Dit hoef nie noodwendig die Vrydag te wees nie, dit kan Saterdag of Donderdagaand plaasvind. Net soos dit by elke gemeente se behoefte pas. En onthou om te bid vir elkeen wat daarmee besig is, die mense wat die programme opstel, die vertalers, die proeflesers, die verspreiders. Die programme word tans 2 of 3 jaar voor die tyd al uitgewerk en versprei.
Dit was hierdie jaar al die 86ste keer dat Suid Afrika deel was van die wêreldbiddag.

### 8.5 Vrouefees: Vrouelessenaar Algemene Sinode: Skittervroue

Die naweek van 25-26 September 2015 het die eerste Vrouefees van die Vroulessenaar Algemene Sinode in Bloemfontein plaasgevind. Die sprekers wat opgetree het, was prof. Stephan Joubert, ds. Liezel Krause Wiid en Lindie Strydom.

Die tema was "*Koningin Ester, dit is NOU die tyd*". Dit was so kosbaar en spesiaal om die geleentheid met 500 vroue te kon deel. Elke vrou wat die Saterdag daar gery het, het gery met 'n lied en vrede in hul hart. Dit was voorwaar 'n seen.

*Ons is opgewonde oor geleenthede soos hierdie Vrouefees – vroue het nodig om soms in haar eie "taal" toegerus te word, vir die wêreld, vol uitdagings, om haarself en haar gesin altyd gereed te maak, om diensbaar te wees in Sy Koninkryk!*

### 8.6 Vrouespore

- Is die nuusbrief van die Vrouelessenaar NK
- Dien as kommunikasie-kanaal met gemeentes, leraars en ringe
- Stel die werksaamhede van die Vrouelessenaar NK bekend

### 8.7 Vrouefees

Vrouefees: *Kaalvoet voor die Here* was die 17de tot 19de April 2015 by Pro Regno. So ongeveer 100 vroue het die naweek saam geniet, gerus, ons Abba Vader geprys en saam gesing. By mekaar geleer, en saam was ons kaalvoet voor ons Here. Mag ons nooit vergeet om kaalvoet voor Hom te wees nie. Dit was so net so ongelooflike naweek. Baie dankie vir die ring van Deben wat so hard gewerk het vir die onvergeetlike naweek. Elkeen wat daar teenwoordig was, sal heelhartig saamstem dat dit 'n besondere belewenis was. En onthou, jy't 'n keuse!

### 8.8 Briekloos vir Christus

Ons tema vir vrouelidmate is *Briekloos vir Christus*. Ons simbool is windpompe. Ons is almal 'n windpomp. Vir 'n windpomp om iets te kan beteken, om sy doel te kan dien, moet ons op 'n aar water staan. Ons moet dus geanker wees in God se lewensaar. Die Heilige Gees laat ons wiele draai, en moet ons "kop" in die wind gedraai wees om te kan draai. En dan laaste maar nie die minste, moet jou briek los wees. Vandaar die "*Briekloos vir Christus*". Kom ons maak ons brieke los, draai ons kop na die wind en wag geduldig op die Heilige Gees en laat ons oorloop van Sy vrede, liefde, vreugde, vriendelikheid, goedhartigheid, sagmoedigheid en al die vrugte van die Gees. 'n Windpomp is 'n teken van hoop. Waar daar 'n windpomp is is water, waar water is, is lewe.

### 8.9 WhatsApp groep vir ringe

Ons het vir elke ring 'n WhatsApp-groep begin. Dit is ongelooflik hoe die ringe mekaar ondersteun, met mekaar netwerk en sommer daar kan wees vir mekaar. Dit is ook 'n belangrike metode om inligting met mekaar te deel. Enige gemeentelid kan deel word van haar ring se WhatsApp-groep, dit is nie beperk net tot voorsitsters of verteenwoordigers nie. Ons wil graag soveel moontlik gemeentevroue betrokke hê. Dit maak ons netwerk net stewiger.

### 8.10 Facebook groep "Vrouespore"

Ons het 'n Facebook groep skep. Ons het die sekuriteit van die blad so gestel dat geen kommentaar of artikel geplaas kan word alvorens dit deur een van die administrateurs goedgekeur is nie. Dit is weereens deel van die netwerk, en bemoediging en daar wees vir mekaar.

## 9. VERTEENWOORDIGERS

### 9.1 Verslag van die verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die kuratorium van die Teologiese Fakulteit, Universiteit van die Vrystaat

Die ***Verslag van die verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die kuratorium van die teologiese fakulteit, Universiteit van die Vrystaat*** is aangeheg as ***Bylae 18***.

### 9.2 Verslag van die verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die Kuratorium van die Teologiese Fakulteit, Universiteit van Pretoria

Die ***Verslag van die verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die kuratorium van die Teologiese Fakulteit, Universiteit van Pretoria*** is aangeheg as ***Bylae 19.***

### 9.3 Verslag van die verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die Kuratorium Stellenbosch

Die ***Verslag van die verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die kuratorium van die Teologiese Fakulteit, Universiteit van Stellenbosch*** is aangeheg as ***Bylae 20***.

**10. SAMESTELLING SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDER-STEUNING.**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat 'n sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning saamgestel word soos voorgeskryf in die huishoudelike bepalinge van die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning.**

**11. SLOT**

Die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning vertrou dat hy sy opdrag uitgevoer het.

**12. LEDE VAN DIE KOMMISSIE:**

Ds. Ds. PL Louw (voorsitter)
Ds. DJ Muller (ondervoorsitter)
Ds. MF Scholly (skriba)
Ds. PJ Neethling
Ds. HK Viljoen
Ds. EL Rischmüller
Oudl. EJ vZ Greyling
Ds. JP Conradie
Ds. W Roets
Ds. WP Vermaak
Ds. SJ Strydom
Ds JPL Mostert (predikant in sinodale diens)

**BYLAE 1**

# JULLE SAL MY GETUIES WEES

## ’N GEÏNTEGREERDE MISSIONALE TRANSFORMASIE STRATEGIE VIR DIE NG KERK

*We believe in the Triune God who is the creator, redeemer, and sustainer of all life. …God invites us into the life-giving mission of the Triune God and empowers us to bear witness to the vision of abundant life for all in the new heaven and earth. …Mission begins in the heart of the Triune God and the love which binds together the Holy Trinity overflows to all humanity and creation. …The church is commissioned to celebrate life, and to resist and transform all life-destroying forces, in the power of the Holy Spirit*[1]

So beskryf die Wêreldraad van Kerke die lewegewende beweging van die Drie-enige God na die wêreld. Dit gee uitdrukking aan die groeiende besef, veral gedurende die tweede helfte van die vorige eeu, dat sending in die hart van die Drie-eenheid ontstaan en vandaar oorvloei na elke deel van die geskape werklikheid. Die kerk het die voorreg om deel te wees van hierdie beweging – om die waarheid te sê, dit is waarvoor die kerk deur die werking van die Gees tot stand gebring is (Hand. 2). Soos Emil Brunner dit gestel het: *“The Church exists by mission, just as a fire exists by burning. Where there is no mission there is no Church. . . .”*[2]

In die NG Kerk het hierdie missionale bewussyn veral oor die afgelope vyftien jaar gegroei, veral deur die werk van die SAVGG, en uiteindelik uitgemond in die aanvaarding van ’n rigtinggewende dokument tydens die sitting van die Algemene Sinode van 2013, naamlik die “Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk.” (Verwerk en gepubliseer onder die titel “Gestuur”). Tydens die daaropvolgende sitting van die Algemene Sinode (2015), is ’n Taakspan vir Missionale Transformasie aangewys en baie streeksinodes het aangedui dat missionale transformasie ’n prioriteit van die kerk behoort te wees.

Dit is teen die agtergrond hiervan dat die Moderamen van die NG Kerk tydens hulle vergadering van 16-18 November 2015 besluit het dat missionale transformasie die kerk se hoogste prioriteit moet wees. Missionale transformasie behels ’n algehele gerigtheid op die kerk se deelname aan God se lewegewende beweging na die wêreld. Missionale transformasie is die proses waardeur God deur Jesus en die krag van die Gees gelowiges en gemeenskappe van gelowiges transformeer om al hoe meer die lewe en karakter van God te reflekteer om so te wys dat sy koninkryk inderdaad naby gekom het.

Ons verstaan van die Triniteit staan in die sentrum van ’n geïntegreerde missionale transformasie strategie vir die NG Kerk. Hiermee saam werk ons met die volgende vyf teologiese konsepte:

- **Kenosis** (Filippense 2:6) – *Deelname aan die lewe en karakter van Christus deur die krag van die Heilige Gees bewerk ’n diep innerlike transformasie in die lewe van die gelowige wat onder andere lei tot selfontleding en die afstanddoening van mag.* Kenosis is die Griekse term wat in die Bybel gebruik word om Jesus se se selfprysgawe te beskryf (Fil. 2:5-11). Selfprysgawe is die teenoorgestelde van selfhandhawing en selfvervulling. Selfprysgawe is deel van die wese van God. Die Vader stuur die Seun, en gee daardeur sy Seun prys te wille van sy liefde vir die wêreld. Die Seun is gehoorsaam aan die Vader se sending en géé sy lewe prys om só versoening en heling te bring. Die Gees kommunikeer die opoffering van die Vader en die Seun. Sonder opoffering was daar geen sending of verlossing nie. As dissipels volg ons Christus op ‘n pad van selfprysgawe. Die kerk, as liggaam van Christus, word ook geroep om haarself op te offer ter wille van die koninkryk.
- **Missio Dei** – *Ons word geroep om deel te wees van God se lewegewende beweging na die wêreld. Missio Dei beskryf die aard van God – dat God ’n sturende God is.* Dat hy in sy selfopofferende liefde sy Seun na die wêreld stuur om sy heilsplan bekend maak en in werking te stel. Toe die Seun se werk voltooi was, het die Vader en die Seun, die Gees na die wêreld gestuur om sy werk te bevestig en voort te sit. Van ewigheid af is die drie-enige God ’n eilige gemeenskap wat na buite gerig is. As deel van hierdie “na buite gerig wees”, roep die Vader, Seun en die Gees die kerk om deel te word van God se beweging na sy wêreld en die vestiging van sy Koninkryk. Soos gestuurdheid ’n wesens-kenmerk van die Drie-Eenheid is, moet gestuurdheid ook ’n wesenskenmerk van die kerk wees. Ons leef en beweeg in die liefde van die Drie-enige God. Sending is ons reaksie op die liefde van God wat ons aanspoor om liefde in die

[1] *Together towards life* - New WCC Affirmation on Mission an Evangelism, Buzan, 2013
[2] Emil Brunner, *The Word and the World* (London: SCM, 1931), p. 108.

skepping te leef deur versoenend te leef. Die gemeenskap met God (koinonia) maak ons harte oop vir gemeenskap met mekaar sodat ons God se liefde kan deel.

- **Heerskappy van Christus** – *Christus is die Koning van die wêreld. Dit was die sentrale geloofsbelydenis van die kerk sedert die vroegste tye: Jesus is die Heer! (Fil 2) en sluit aan by Jesus se aankondiging van die Goeie Nuus: "Die koninkryk van God het naby gekom."(Markus 1:15)* Die *missio Dei* is gefokus op die vestiging van die koninkryk van God. Die koninkryk van God is groter as die kerk en is reeds sigbaar op aarde, maar sal volmaak wees by die wederkoms van Christus. Die koninkryk is sigbaar waar mense Christus se koningskap erken; die vernietigende invloed van sonde nie die laaste sê het nie, maar waar God deur sy Gees in beheer is; en waar reg en geregtigheid, vrede en vreugde geld. As kerk word ons bymekaargemaak, gevorm en gestuur om tekens op te rig van die koninkryk, 'n voorsmaak van die koninkryk te wees en ook 'n instrument in die vestiging van die koninkryk te wees. Die kerk se fokus mag nooit op haarself wees nie, maar altyd op die koninkryk.
- **Perigorese** – *Die diep intieme verhouding tussen die persone van die Drie-enige God help ons om iets van ons verhoudings met ander mense te verstaan – veral ons verhouding met mekaar as lede van God se familie.* Perigorese beskryf die ewige -liefdevolle- onderlinge gemeenskap in Drie-Eenheid. Die Vader Seun en Gees leef in 'n perfekte verhouding met mekaar. Die kerk ontstaan wanneer hierdie verhouding na buite gerig word in die missio Dei. Die kerk lewe uit en in die Triniteit, en vertoon daarom ook die imago Trinitatis. Dit beteken dat die kerk 'n gemeenskap is in navolging van die innige en selfopofferende gemeenskap tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Die kerk is gemeenskap, nie ter wille van gemeenskap nie, maar ter wille van deelname aan God se sending. Hierdie gemeenskaplikheid is deel van die kerk se DNA en liefdevolle verhoudings vorm die basis van die uitrek van die kerk.
- **Inkarnasie** – *Gevorm na die beeld van Christus vergestalt ons die evangelie in woord en daad in die gemeenskappe waarin God ons plaas en waarheen God ons stuur.* God se liefde en gestuurdheid bly nie abstrakte konsepte nie, maar word beliggaam in die inkarnasie van Christus (Joh. 1). Inkarnasie het te doen met Christus se menswording. Deur die inkarnasie wys God vir die wêreld hoe lyk dit as sy liefde hande en voete kry. Prakties help Christus se vleeswording die kerk om 'n inkarnasie-leefstyl na te streef. Inkarnasie is om met mense te wees, waar hulle ook al is en hoe hulle ook al is. Binne hierdie verstaan word die konteks en kultuur ernstig opgeneem, al mag die kerk nooit deur die kultuur oorgeneem of oorheers word nie.

Elkeen van hierdie teologiese konsepte vat grond in en word geaktualiseer deur verskillende kontekste. Die vier vernaamste kontekste waarbinne ons as kerk funksioneer is die breë **samelewing**, die **kerkverband**, elke **gemeente** en laastens, elke individuele **lidmaat** van elke gemeente as deel van 'n gemeenskap van gelowiges.

### Samelewing

Deur Missionale Transformasie wil ons die samelewing waarbinne ons leef transformeer – dit wil sê in lyn bring met hoe God dit wil hê. Dit doen ons nie op triomfantalistiese maniere of deur die uitoefening van druk en mag nie, maar deur as diensknegte met die gesindheid van Christus die liefde van God konkreet te maak. Die enigste mag wat ons het, is die mag van Christus se liefde wat deur ons werk.

As diensknegte van Christus kan ons egter met groot vrymoedigheid die evangelie verkondig terwyl ons dit vergestalt. Ons kan die leuen ontbloot, uitbuiting en onreg aan die kaak stel, die fluitjie blaas teen korrupsie en, sonder om te skroom, rassisme, klassisme en seksisme veroordeel. God se ryk van eenheid, geregtigheid en versoening moet gestalte kry deur gelowiges wat lig, sout en suurdeeg is.

### Kerkverband

Die kerkverband staan in diens van die plaaslike gemeente. As diensknegte van mekaar help gemeentes mekaar om God se wil te soek en dit uit te voer. Dit wat die gemeente alleen nie by magte is om te doen nie word saam met ander gemeentes in die kerkverband gedoen. In die kerkverband vertel ons ons stories en bemoedig en ondersteun ons mekaar.

### Gemeente


Die plaaslike gemeente vergestalt die evangelie. Die manier waarop die gemeente saamleef, saamwerk en saambid stel die evangelie ten toon en oefen so 'n vormende invloed op die samelewing uit. Daar waar gemeentelede mekaar aanvaar, mekaar verdra, mekaar vergewe en mekaar omhels, word die evangelie 'n konkrete werklikheid – 'n getuienis teenoor die wêreld van die transformerende krag van die evangelie. 'n Gemeente skiet wortel in 'n bepaalde omgewing of plek. In hierdie plek *is* hulle die evangelie en *leef* hulle die evangelie.


**Lidmaat**

Binne 'n gemeenskap van gelowiges word individuele lidmate gevorm as dissipels van Jesus Christus. Hulle begin al hoe meer die gestalte van Jesus aan te neem. Elke week word hulle bymekaargeroep deur God, gevorm en geslyp deur sy teenwoordigheid, toegerus en bemagtig deur die Gees en uitgestuur om die liefde van God sigbaar te maak aan almal wat die Hy oor hulle pad stuur.

Deur hulle lewe en werk is elke lidmaat 'n ambassadeur vir Christus wat die goeie nuus dat Jesus die Here is beliggaam deur die manier waarop hulle hulle lewe inrig en deur hulle toewyding aan Hom. Hulle leef die waardes van respek, omarming, liefde en luister teenoor elke persoon wat hulle pad kruis. So word elke lewensterrein gevul met liefde, vreugde en vrede.

Die Triniteit, die vyf teologiese konsepte soos hierbo beskryf en die vier verbande kan as volg voorgestel word:




Die gedagte is dat die tabelle, wat hieronder weergegee is, vanuit twee perspektiewe gelees moet word: 'n teologiese 'snit' wat telkens in verband gebring word met die elkeen van die vier kontekste, én die kontekste wat uitkringend telkens in verband gebring word met die teologiese konsepte. Met ander woorde: Ons moet dit kruis sowel as dwars lees.

# TRINITEIT

Ons begin deur die vier kontekste in verband te bring met elkeen van die persone van die Triniteit.

| LIDMAAT | |
|---|---|
| Skepper | Elke lidmaat vind hulle diepste identiteit in die feit dat hulle na God se beeld geskape is as sy verteenwoordiger op aarde. As sodanig het hulle die basiese opgawe om die aarde te bewaak en te bewaar (Gen 2:15) Hulle neem deel van God se voortgaande skeppingswerk. Na die sondeval word hierdie identiteit herstel. As gedooptes is hulle herstelde, nuwe mense met ‘n onvervreembare waardigheid in God se oë. |
| Verlosser | “Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!” (Ef 2:5) Elke lidmaat het die voorreg om op ’n baie persoonlike vlak hierdie redding te beleef en gepaardgaande vergifnis te ervaar. Deur die dood en opstanding van ons Verlosser, Jesus Christus, kan ons nou in ’n herstelde verhouding met God leef. |
| Lewegewer | Die Gees bring nuwe lewe in daaglikse leefwêreld van die individu in. Die Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is (Rom 8:16). Ons dra die vrug van die Gees: Liefde, vreugde, vrede... (Gal 5:22). Die Gees bring lewe. (Rom 6:6) Die Gees maak Jesus se belofte waar: “...Ek het gekom sodat julle die lewe kan hê – en dit in oorvloed.” (Joh 10:10)[3] |

| GEMEENTE | |
|---|---|
| Skepper | Die gemeente, wat gereeld saamkom om Nagmaal te vier, vertoon daarmee die beeld van die Skepper-God. Hulle vertoon die beeld van ’n God wat omgee, insluit, vergewe en saamsnoer en daarmee die beeld van ’n God wat mense waardig ag en hulle uitnooi om saam met Hom aan tafel te kom sit. Dit is ’n voorsmaak van die groot feesmaal wat wag. [4] |
| Verlosser | Die boodskap van versoening is aan die gemeente toevertrou (2 Kor 5:18-19). Hierdie boodskap moet deur middel van evangelisasie op elke moontlike manier in ooreenstemming met koninkrykswaardes uitgedra word. Evangelisasie vereis spanwerk. Lidmate met die gawe van evangelisasie (Ef 4:11) moet die res toerus en lei om ’n antwoord te gee aan elkeen wat ’n verduideliking eis van die hoop wat in hulle lewe (2 Pet 3:15) |
| Lewegewer | Aan die einde van sy aardse bediening gee Jesus aan sy dissipels die belofte: “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees...” Op Pinksterdag word die Gees oor die dissipels uitgestort – en so kom die eerste gemeente tot stand. Die Gees gee gawes vir lidmate om mekaar te dien en op te bou en toe te rus vir dienswerk (Rom 12, Ef 4). Die Gees bemagtig elke gemeente om kragtig te getuig van God se lewegewende beweging na die wêreld. |

| KERKVERBAND | |
|---|---|
| Skepper | Elke mens is na die beeld van God geskape en het dus ’n inherente waardigheid. Hierdie boodskap moet deur die kerk wêreldwyd verkondig word en gedemonstreer word. Dit is ’n waarheid wat tans misken word. Geweld teen vroue en kinders, hoë misdaadvlakke, rassisme, ens. is tekenend hiervan. Die kerk kan hier heling bring deur mense te help om |

[3] *Life in the Holy Spirit is the essence of mission, the core of why we do what we do and how we live our lives. Spirituality gives the deepest meaning to our lives and motivates our actions. It is a sacred gift from the Creator, the energy for affirming and caring for life. This mission spirituality has a dynamic of transformation which, through the spiritual commitment of people, is capable of transforming the world in God’s grace.* WCC Together towards life

[4] *Married, divorced or single here, it’s one family that mingles here. Conservative or liberal here, we’ve all gotta give a little here. Big or small here, there’s room for us all here. Doubt or believe here, we all can receive here. Gay or straight here, there’s no hate here. Woman or man here, everyone can serve here. Whatever your race here, for all of us grace here. In imitation of the ridiculous love Almighty God has for each of us and all of us, let us live and love without labels.* Verwelkomingswoord van ‘n stedelike gemeente in Denver, VSA.

| | |
|---|---|
| | mekaar te respekteer, na mekaar te luister, mekaar te omarm en mekaar lief te hê. |
| Verlosser | As kerkverband hou ons vas aan historiese tradisies van die vier *solas* wat die kern van ons verstaan van die verlossing vorm*: Sola scriptura* (net die Skrif, nie die tradisie wat langs of buite die Skrif ontwikkel het nie), *Solus Christus* (Christus is ons enigste Middelaar), *Sola gratia* (ons word slegs op grond van genade gered, nie geloof of enige ander vorm van goeie werk nie) *Sola fide* (die enigste basis van ons lidmaatskap van die kerk is ons geloof in Christus). |
| Lewegewer | Die Gees bring nuwe lewe in 'n kerk waar strukture die oorhand begin kry het en die klem op oorlewing en instandhouding begin val het. Wanneer die kerk haarself onder die beheer van die Gees plaas beweeg die Gees op verrassende wyses en bring vernuwing in ou, krakende, dooie strukture. |

| **SAMELEWING** | |
|---|---|
| Skepper | Die skepping, tans nog aan verydeling onderworpe, sien met reikhalsende verlange uit na die dag wanneer bevryding uit die verslawing van verganklikheid gaan aanbreek (Rom 8:20-21). Die belofte van 'n nuwe, verenigde, hemel en aarde staan vas (Op 21:1-5). God gaan sy skepping, wat goed en reg geskape is, weer heel maak.[5] Daarom begin ons nou reeds volhoubare lewensstyle kweek en eko-geregtigheid nastreef. |
| Verlosser | Die versoening van die individu met God moet ook tot uiting kom in herstelde verhoudings tussen individue. Soos wat ons vergeef is, moet ons ook vergewe. Ons is geroep om verhoudings in 'n gebroke wêreld te herstel (*Gestuur 12*) en om versoening tussen mense te bewerkstellig. Dit impliseer 'n doelgerigte fokus op sosiale geregtigheid en die bestryding van alles wat skeiding bring tussen mense (rassisme, "colourism", seksisme, klassisme ens.) |
| Lewegewer | Die mikpunt van God se lewegewende beweging na die wêreld is florerende mense in 'n florerende omgewing. Gedring deur die Gees wat die vrug van liefde, vreugde en vrede in ons na vore laat kom beweeg ons in gemeenskappe in waar die mag van selfsug, magsug en hebsug die oorhand het. Daar bring die Gees deur ons nuwe lewe. Mense wat 'n doodsbestaan gevoer het, begin floreer. |

[5] *We do not believe that the earth is to be discarded and only souls saved; both the earth and our bodies have to be transformed through the Spirit's grace.* – Together towards life WCC

## TEOLOGIESE KONSEPTE

Vervolgens word elkeen van die kontekste in verband gebring met die vyf teologiese konsepte van Kenosis, Missio Dei, Heerskappy van Christus, Perigorese en Inkarnasie.

| LIDMAAT | |
|---|---|
| Kenosis – Ontlediging | Die lewensstyl van elke lidmaat moet kruisvormig wees – dit wil sê dit moet die patroon aanneem van Jesus wat Homself ontledig het en die gestalte van 'n slaaf aangeneem het. Ontdaan van selfsug, magsug en hebsug, vertoon elke lidmaat dieselfde gesindheid as die van Jesus. Dit gebeur wanneer hulle geloofspraktyke beoefen wat geloofsgewoontes word wat uitmond in diepgewortelde waardes wat gedrag, gevoelens en denke beheers.[6] |
| Missio Dei – God se sending | Elke lidmaat is 'n sendeling. Elke lidmaat neem deel aan en is deel van God se lewegewende beweging na die wêreld wat ten doel het om alles nuut en heel te maak. Derhalwe het elke lidmaat 'n roeping om deur 'n lewe van liefde, vreugde en vrede God se ryk sigbaar te maak. [7] Die Heilige Gees bekragtig elke gelowige en inspireer hulle om hierdie werk te doen. |
| Heerskappy van Christus – Koninkryk | Elke lidmaat is dissipel van Jesus Christus met die belydenis "Jesus is die Heer" op hulle lippe. Hulle is nie net bekeerlinge en verbruikers van godsdienstige ware nie, maar getroue volgelinge van Jesus wat alles wat hulle is en alles wat hulle het as lewende en heilige offers aan God gee. (Rom 12:1). |
| Perigorese – Verhoudings tussen persone in Triniteit | Elke lidmaat leef in verhouding met elke ander lidmaat as deel van die gemeente op die patroon van die ewig-liefdevolle verhouding van die persone van die Drie-eenheid. Elkeen dink nie net aan sy eie belange nie maar ook aan die van ander (Fil 2:4). Hulle dien mekaar, versorg mekaar, vergewe mekaar. So sien ander dat hulle dissipels van Jesus is (Joh 13:34) |
| Inkarnasie – Beliggaming | Elke lidmaat beliggaam Jesus op elke terrein van die lewe. Hulle proklameer en demonstreer nie net die evangelie nie maar *is* evangelie en *leef* die evangelie deur konkrete en praktiese gestalte te gee aan Jesus se liefde vir mense. Om dit te kan doen is die missionale geloofsvorming van kardinale belang. |

| GEMEENTE | |
|---|---|
| Kenosis – Ontlediging | Soos wat Jesus Homself prysgegee het, so gee elke gemeente haarself prys ter wille van die gemeenskap waarbinne die Here elke gemeente geplant het. Elke gemeente sien haarself nie as 'n doel op sigself nie maar as teken en instrument van die evangelie. Oorlewing is nie belangrik nie – gehoorsaamheid en diensknegskap is. Weg is kompetisie en 'n verbruikersingesteldheid. In die plek daarvan kom 'n begeerte om te dien. |
| Missio Dei – God se sending | Soos wat die Vader sy Seun gestuur het, en soos wat die Seun die Gees gestuur het – so stuur die Gees die kerk. Die bestaan van die kerk as sodanig is opgeneem in die missio Dei[8]. Elke gemeente word gereeld (ten minste elke Sondag) deur God bymekaar geroep en in die erediens word hulle deur God gevorm, bemoedig, versterk en toegerus. Dan word hulle uitgestuur om gestalte aan sy koninkryk te gaan gee. So word die gemeente missionaal gevorm. |
| Heerskappy van Christus – Koninkryksfokus | Christus is die Koning van die Kerk. Elke gemeente soek na die wil van die Hoof van die kerk. Dit wat Jesus opgewonde maak, maak elke gemeente opgewonde, naamlik die koninkryk van God. Dit wat vir Jesus belangrik is, is belangrik vir elke gemeente, naamlik om gestalte te gee aan die nabyheid |

[6] *Power, success, happiness, as the world knows them, are his who will fight for them hard enough, but peace, love, joy are only from God*. - Frederick Buechner, The Magnificent Defeat

[7] "I believe God has placed within all of us 'impossible dreams' that we are called to bring into reality on earth– dreams that will bring glimpses of God's shalom world into people's lives." Christine Sine, Sacred Rhythms: Finding a Peaceful Pace in a Hectic World (Grand Rapids: Baker Books, 2003), p. 226.

[8] *"The Church exists by mission, just as a fire exists by burning. Where there is no mission there is no Church."* – Emil Brunner.

| | |
|---|---|
| | van die koninkryk – soos Jesus dit gedoen het. Die gemeente verkondig in woord en daad: “Jesus is die Heer!” |
| Perigorese – Verhoudings tussen persone in Triniteit | Elke gemeente leef in en uit die Triniteit en vertoon so die *imago Trinitatis.* So skep die gemeente ‘n veilige ruimte vir elkeen. Dit kan verskeie gestaltes aanneem, byvoorbeeld kleingroepe van allerlei aard. Dit is ’n ruimte waarbinne elke nuweling verwelkom word en onvoorwaardelike aanvaarding beleef.[9] |
| Inkarnasie – Beliggaming | “The Word became flesh and blood, and moved into the neighborhood” (John 1: 14 The Message). Die gemeente moet Christus inkarneer, beliggaam, in die plek waar die Here haar geplant het. Om dit kan doen moet die gemeente ’n geloofsgemeenskap wees wat *in* en *tussen* die breër gemeenskap leef.[10] Die gemeente moet die saambindende krag van die gemeenskap word.[11] |

| | |
|---|---|
| **KERKVERBAND** | |
| Kenosis – Ontlediging | Die dae van ’n dominerende kerkverband wat haar wil op gemeentes afdwing is hopelik vir goed verby. Die kerkverband staan in diens van gemeentes en neem – soos Jesus – ten opsigte van gemeentes die gestalte van ‘n slaaf aan. Binne die kerkverband help ons mekaar om te droom, dinge nuut te sien, saam te besin en om stories vir mekaar te vertel wat die verbeelding aangryp. |
| Missio Dei – God se sending | Die kerkverband help gemeentes om te sien dat hulle deel van die missio Dei is. Daar word gesamentlik gevra na waar God besig is en hoe om by Hom aan te sluit. Daar word gesamentlik teologies oor die misso Dei besin. Breër tendense word onderskei en gemeentes kan begin sien hoe hulle vanuit hulle geworteldheid in hulle omgewing (“rooting”) hande kan vat met mekaar om groter doelwitte te bereik (“linking”).[12] Studente word opgelei om missionaal te dink. |
| Heerskappy van Christus – Koninkryk | Die kerkorde moet herskryf word om die missionale aard van die kerk te reflekteer. Ruimte moet gemaak word om te eksperimenteer met nuwe vorme van kerkwees wat God se ryk van eenheid, geregtigheid en versoening vergestalt. |
| Perigorese – Verhoudings tussen persone in Triniteit | Ons respekteer mekaar, luister na mekaar, omarm mekaar en is vir mekaar lief (dien mekaar). Selfs in die manier waarop ons van mekaar verskil vertoon ons die *imago Trinitatis*. |
| Inkarnasie – Beliggaming | Om ten spyte van verskille nog steeds saam te werk beliggaam die gesindheid van Christus. Die vorming van netwerke waarbinne daar geen magsgrepe of pogings tot oorheersing is nie, is ‘n manier om wys aan wie ons behoort. |
| **SAMELEWING** | |
| Kenosis – Ontlediging | Deur selfopofferende liefde het die kerk in die eerste eeue van haar bestaan die hele Romeinse Ryk verras. Hulle het hulle vyande liefgehad en hulle vervolgers vergewe. Hulle het die armes versorg en die hongeres kos gegee. In die konteks van die brutaliteit van die Romeinse Ryk was dit treffend. Selfopofferende diens in en vir die gemeenskap, sonder om iets terug te verwag is om die gesindheid van Jesus te vertoon. |

[9] Saints cannot exist without a community, as they require, like all of us, nurturance by a people who, while often unfaithful, preserve the habits necessary to learn the story of God. – Stanley Hauerwas

[10] *The seeds of the gospel are really small. They’re really about meeting God at dinner tables and in living rooms and in little towns that may not be known by the rest of the world. But it seems like that’s exactly what happens when God moves into the neighborhood in Jesus... It’s that which I think we’re invited into is to grow into a neighborhood, to plant ourselves somewhere and to get to know people there, and to see the seeds of the kingdom grow there*. (Shane Claiborne http:// vimeo.com/ 27850420).

[11] *I have come to feel that the primary reality of which we have to take account in seeking for a Christian impact on public life is the Christian congregation. How is it possible that the gospel should be credible, that people should come to believe that the power which has the last word in human affairs is represented by a man hanging on a cross? I am suggesting that the only answer, the only hermeneutic [means of interpretation] of the gospel, is a congregation of men and women who believe it and live by it* - Leslie Newbigin *The Gospel in a Pluralist Society*

[12] Die konsepte “rooting” en “linking” word verduidelik in hoofstukke 7 en 8 van *The New Parish* – Sparks, Soerens en Friesen

| | |
|---|---|
| Missio Dei – God se sending | Die kerk moet wortel skiet in elke plaaslike omgewing ("parish") waarbinne die Here haar plant. Die nood, behoeftes en strewes van al die inwoners van die gebied moet na geluister word en die wil van die Here moet onderskei word en daadwerklike aksie moet geneem word om dit aan te spreek. "Staying is the new going". Die missio Dei omvat egter ook gerig op die hele geskape werklikheid en het daarom 'n kosmiese dimensie.[13] |
| Heerskappy van Christus – Koninkryk | Die goeie nuus wat Paulus verkondig het, is samevattend as volg: "Die wêreld het 'n nuwe Koning! Hy is die Joodse Messias wat uit die dood opgestaan het (1 Kor 15). Hy bring eenheid, geregtigheid en versoening (Kol 1). Elke knie sal voor Hom buig (Fil 2)."[14] Hierdie gebeurtenis veroorsaak dat die wêreld nou 'n ander soort plek is. Die regte reaksie is om dit te glo en ons lewens daarvolgens te skik. Dit is die boodskap wat die kerk moet uitdra. Die profetiese stem van die kerk moet nie stil wees nie. |
| Perigorese – Verhoudings tussen persone in Triniteit | Die kerk moet die aard van die verhoudings in die Triniteit in die samelewing demonstreer. Daarom vat die kerk hande met alle vorms van burgerlike instansies om gebroke en gefragmenteerde gemeenskappe saam te snoer en 'n nuwe samehorigheid te skep en so God se eenheid, geregtigheid en versoening te laat posvat. |
| Inkarnasie – Beliggaming | Verskillende gemeentes van verskillende denominasie, as plaaslike gestaltes van die liggaam van Christus, moet hande vat met mekaar en die liefde van Christus op praktiese maniere bedien. |

[13] *God did not send the Son for the salvation of humanity alone or give us a partial salvation. Rather the gospel is the good news for every part of creation and every aspect of our life and society. It is therefore vital to recognize God's mission in a cosmic sense and to affirm all life, the whole* oikoumene, *as being interconnected in God's web of life.*

[14] *Cities like Thessalonica, Philippi, or Corinth- all key centers of Paul's work- knew perfectly well what a royal announcement meant. "Good news- we have an emperor! He has saved the world! He has brought peace and justice to us all! He is our Lord! He is the son of God!" Now here is Paul saying, "Good news- the world has a new Lord! He is the true Son of God!"* (Wright, N. T. (2015-01-06). Simply Good News: Why the Gospel Is News and What Makes It Good (p. 28). HarperCollins. Kindle Edition.)

**BYLAE 2**

# RAAMWERKDOKUMENT OOR DIE MISSIONALE AARD EN ROEPING VAN DIE NG KERK

*Prof. CJP (Nelus Niemandt) en prof. PGJ (Piet) Meiring*
*Oktober 2013*

*Verslag aan die Algemene Sinode van die NG Kerk Oktober 2013*

Kernwoorde: Missionale kerk, missio Trinitatis, Inkarnasie, Kenosis, Konteks, Geloofsvorming

**INLEIDING**
Die Algemene Sinode van 2011 het die sinode se "belydenis" met die volgende ingelei: "Die NG Kerk dank God dat ons in so 'n uitdagende tyd, binne 'n Suider-Afrikaanse konteks saam met ander kerke, God se kerk mag wees. Sy liefde en genade is sonder twyfel groot. Die NG Kerk besef, en het uit die geskiedenis geleer, dat ons net werklik kerk van God kan wees as ons onsself prysgee en Hom volg. Die Drie-enige God stuur ons sy wêreld vol as getuies van sy liefde vir sy hele skepping."

Oor die implikasies wat hierdie belydenis vir die NG Kerk inhou, is die afgelope jare ernstig nagedink, navorsing gedoen en uiteindelik verslae opgestel. Daar het juis tydens die bogenoemde sinode vier verskillende verslae gedien, wat verband gehou het met die wese van die kerk en die uitdaging wat die konteks van ons tyd aan die kerk stel. Die sinode het besluit dat dié verslae in die reses in een dokument saamgevoeg moet word om 'n omvattende raamwerk te bied wat die kerk kan help om sy missionêre beleid te bepaal. Van daar die onderstaande verslag.

Die NG Kerk het die geleentheid om 'n nuwe taal en nuwe moontlikhede te ontdek, om die kerk te help om haarself én haar roeping in die lig van die tye waarin ons leef, opnuut te verstaan. Die omstandighede waarin die kerk haar bevind, verg verbeeldingsryke nadenke oor kerkwees.

## 1. OPDRAG, REDES EN DOEL VAN DIE VERSLAG

### 1.1 Opdrag van die sinode
Die afgelope jare het verskillende Algemene Sinodes besluite geneem waaraan aandag gegee moes word:

Algemene Sinode 2002 (Handelinge 2002 p. 542) en Algemene Sinode 2004 (Handelinge 2004 p. 444).
Algemene Sinode 2007. "EKKLESIOLOGIE (Besluiteregister p. 10). Die Algemene Sinode keur die aanbevelings soos gewysig deur ADGO goed:
1 Die Algemene Sinode keur die dokument "'n Afgebakende en praktiese gemeentelike ekklesiologie" as 'n gespreksdokument goed.
2 Die Algemene Sinode versoek die sinodes om die dokument op gepaste wyse te hanteer.
3 Die Algemene Sinode versoek ATR om in samewerking met ADGO te kyk na moontlike Kerkorde-implikasies en die Sinode met toepaslike aanbevelings te dien.
4 Die Algemene Sinode versoek ADGO om in samewerking met BM gepaste moontlikhede te ondersoek om die saak onder bespreking d.m.v. publikasies bekend te stel.
VERDERE OMSKRYWING MISSIONÊRE-DIAKONALE GEMEENTES (Besluiteregister p. 11)
Die Algemene Sinode wys 'n ad hoc-taakspan aan bestaande uit verteenwoordigers van al die diensgroepe om 'n geïntegreerde, praktiese gemeentelike ekklesiologie daar te stel."
* Die besluit wat in 2011 goedgekeur is, lui as volg: "AANBEVELING 15.2 (VERSLAG VAN ADD) Die tydelike kommissies beveel aan dat aanbeveling 15.2.2 van die ADD verslag (Agenda bl 58) soos volg gewysig word:
15.2 Die saamvoeging van die verskillende studiestukke rakende 'n missionale ekklesiologie, insluitend studiestukke oor die kerk en die konteks, evangelisasie en diversiteit in een dokument wat as 'n raamwerk die kerk in al haar verbande (Algemene Sinode, sinodes, ringe en gemeentes) sal dien. Hierdie dokument moet nie net 'n teologiese besinning wees nie, maar ook riglyne vir die praktyk bevat."
Die verslae oor missionale ekklesiologie, die kerk en die konteks, evangelisasie en diversiteit vorm die konteks en agtergrond van hierdie verslag.

### 1.2 Redes vir die verslag
Oor die missionale aard en roeping van die kerk is daar die afgelope jare 'n lewendige gesprek gevoer.

Op **gemeentevlak** is daar ernstige besinning aan die gang oor die wese en aard van gemeentes. In die NG Kerk is daar 'n groeiende getal gemeentes wat hulleself beskryf as missionale gemeentes. Begrippe soos "gestuurde gemeentes", "gemeenskapskerke" en "missionale ekklesiologie" word wyd gebruik en bespreek. Werkswinkels en seminare word gehou en vennootskappe word gesluit om gemeentes in staat te stel om hul roeping te definieer en om aktief in die samelewing betrokke te raak.

**Streeksinodes** gee op verskillende wyses aandag aan dié gesprek en neem inisiatiewe oor kerkplanting, nuwe uitdrukkings van kerkwees en ten opsigte van die uitdagings wat die konteks aan die kerk stel.

Die saak het die afgelope dekade ook op verskillende maniere en by wyse van verskillende verslae voor die **Algemene Sinode** ter sprake gekom. Daar is tans 'n intense gesprek oor die kerk se roeping in die wêreld, veral in Suid-Afrika én in Afrika, aan die gang. By die Algemene Sinode van 2007 is die kerkverband opgeroep om met nuwe moed en oortuiging aan te meld en om in die lig van God se werk in die wêreld (*missio Dei*) en die kerk se missionale taak (*missio ecclesiae*) haar verantwoordelikheid raak te sien en na te kom. Dit was ook die motief vir die "belydenis" van die sinode van 2011 (sien hierbo).

Binne die kring van die **NG Kerkfamilie** word hierdie proses en hierdie uitgangspunt met akklamasie aanvaar. Die basisdokument wat die werk van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis (VDDG) reguleer, gaan ewenseens uit van die beginsel van die *missio Dei* en die *missio ecclesiae.*

Dieselfde sake speel ook 'n belangrike rol in **ekumeniese gesprekke** wat wêreldwyd gevoer word. As enkele voorbeeld word na die volgende verwys uit 'n verslag wat in Nov. 2013 voor die Wêreldraad van Kerke (WRK) in Busan, Suid-Korea dien:

- Sending begin in die hart van die Drie-enige God en God se liefde stroom oor na die mensdom en die ganse skepping.
- God is 'n sturende God wat sy Seun na die wêreld gestuur het en steeds al God se mense roep en toerus om 'n gemeenskap van hoop te wees. Die kerk moet die lewe wat God gee vier en deur die krag van die Heilige Gees weerstand bied teen alles wat hierdie gawe bedreig.
- Die evangelie is goeie nuus vir die mensdom maar ook vir die ganse geskape werklikheid, vir elke deel van die lewe en die hele samelewing. Alle Christene, kerke en gemeentes is geroep om draers van die evangelie van Jesus Christus te wees. Evangelisasie is om die goeie nuus met vertroue en in alle nederigheid met ander mense te deel. Dit is die kommunikasie van die hele evangelie aan die hele mensdom in die hele wêreld. Om die evangelie so te deel is 'n gawe aan ander mense waardeur die liefde, genade en vrede in Christus gedeel word.
- Die kerk is God se gawe aan die wêreld om juis die wêreld te help verander om meer en meer soos God se Ryk te lyk. Die missie van die kerk is om nuwe lewe te bring en die liefdevolle teenwoordigheid van God in ons wêreld bekend te maak.

Getrou aan ons Gereformeerde identiteit (*ecclesia reformata, semper reformanda*), staan die reformatoriese kerke wêreldwyd voor die uitdaging om aan te pas by 'n veranderende konteks. Ons ekklesiologie en missiologie is gevorm in die smeltkroes van 'n Christelike samelewing, tydens 'n era waarin kerke die middelpunt van gemeenskappe was en baie invloed gehad het, in 'n tyd toe die meeste mense hulself as Christene beskryf het. Die kerk funksioneer tans egter in 'n post-Christelike samelewing waar sy relatief min invloed het en waar Christene tussen nie-Christene leef. Dit alles vra dat daar van nuuts af, op 'n nuwe manier oor die kerk se missiologie en ekklesiologie nagedink moet word.

### 1.3 Die Heilige Gees vernuwe die kerk

Dit is duidelik dat die Heilige Gees die kerk op alle vlakke beweeg en vernuwe. Die Algemene Sinode staan voor die uitdaging om nuut te dink en te onderskei, om die Heilige Gees toe te laat om ons op die pad wat God vir ons voorberei, te begelei.

### 1.4 Die doel van die verslag

Die doel van die verslag is om 'n taal te skep wat die onderskeidingsproses oor die wese, aard en gestuurdheid van die kerk sal dien. Die nuwe taal wat ons gebruik is 'n duidelike aanwyser dat diepliggende, organiese veranderinge besig is om plaas te vind. Dit is slegs wanneer 'n gemeenskap so 'n nuwe taal sáám ontdek en sáám gebruik dat nuwe gesprekke en veranderinge moontlik word. Nuwe woorde en gesprekke verander ons insig oor wat moontlik is en steek ons verbeelding aan die brand.

**1.5 Praktiese stappe**
Dit hoort op die terrein van gemeentes, ringe en streeksinodes om dié taal (wat by wyse van beleid van die Algemene Sinode geskep is) te omskep in praktiese werksaamhede. Hierdie verslag gee dus nie aandag aan omvattende praktiese stappe nie, aangesien dit op die terrein van veral gemeentes lê, maar maak wel enkele kerkordelike voorstelle wat op die terrein van die Algemene Sinode lê.

## 2. WERKSWYSE
Die vier verslae oor 'n *Missionale ekklesiologie*, die *Kerk en die konteks*, oor *Evangelisasie* en *Diversiteit*, wat voor die sinode van 2011 gedien het, is gekonsolideer en word in hierdie verslag as 'n eenheid aangebied.

## 3. DIE NG KERK SE IDENTITEIT
### 3.1 'n Reformatoriese kerk
Dit is belangrik om hierdie hele gesprek te verstaan teen die agtergrond van nadenke oor die NG Kerk se geskiedenis en identiteit. Die NG Kerk se identiteit word deur haar Gereformeerde karakter en geskiedenis bepaal. Tydens die Sinode van 2007 is hierdie aard en karakter van die kerk so beskryf: In die Gereformeerde teologie is daar telkens teruggegryp na die boustene van die Reformasie om die kernsake in die leer en lewe van die kerk opnuut te interpreteer. Een van die maniere om Gereformeerdheid uit te druk, het die sinode gesê, is *via* die vier “solas”. Hierdie uitsprake moet telkens verstaan word as 'n reaksie teenoor standpunte waarmee die reformatore nie vrede gehad het nie.

- Teenoor die tradisie soos vasgelê in leeruitsprake en kerklike beheer oor die uitleg van die evangelie, en teenoor natuurlike kennis van God, staan *sola scriptura* (net die Skrif).
- Teenoor bemiddeling deur die priesteramp, staan *solus Christus* (net Christus).
- Teenoor enige natuurlike grond waarop God ons sou red, staan *sola gratia* (genade alleen).
- Teenoor enige vorm van goeie werke om jou vir God aanvaarbaar te maak, staan *sola fide* (geloof alleen).

### 3.2 'n Openheid om nuut te dink en te beliggaam
'n Tweede bousteen van die Reformasie is 'n gewilligheid en 'n openheid is om telkens nuut te dink. 'n Gereformeerde kerk moet altyd weer reformeer (*ecclesia reformata semper reformanda*). Dit beteken dat die kerk 'n belydeniskerk is wat, aan die een kant, haar identiteit in die lig van en in verhouding met haar historiese Christelike geloof verstaan. Maar die kerk is ook voortdurend besig om nuut te dink en om wanneer dit nodig blyk, nuwe vorms aan te neem (*ecclesia semper formanda*).

Die kerk (soos verder in die verslag vollediger beskryf word) is 'n missionale kerk wat altyd haar konteks in ag moet neem, wat haar bediening voortdurend in die lig van ‘n veranderende en dinamiese konteks moet herbedink. Die Wêreldraad van Kerke stel dit treffend: “Die kerk, as God se mense, die liggaam van Christus en die tempel van die Heilige Gees, is dinamies en verander in die proses waar die kerk deelneem aan die sending van God.”

### 3.3 'n Lewe in die Drie- Eenheid
Ten diepste is die identiteit van die NG Kerk ingebed in ons verstaan van God self. Ons Gereformeerde identiteit plaas die NG Kerk in die “lewe van die Drie-enige God”. Nadenke oor die identiteit van die kerk begin dus by nadenke oor wat dit beteken om in verhouding met die God te lewe. Hieraan gee ons in die volgende paragrawe aandag.

## 4. NUWE NADENKE OOR GOD
Die verstaan van die kerk en die kerk se roeping in die wêreld berus op ons verstaan van God. Die volgende riglyne help ons in die proses:

### 4.1 Ons ken God net in sy verhouding tot ons en ons wêreld
Die Bybel praat deurgaans oor God in verhouding tot ons: God vir ons (*pro nobis*). Oor God Self word slegs bely dat dit wat “ondeurgrondelik” en “onnaspeurbaar” in God is (Rom 11:16), nie in stryd kan wees met wat wel aan ons geopenbaar is nie.

### 4.2 As die Drie-enige is God die Skepper, Verlosser en Voleinder van ons en ons wêreld
God se verhouding tot ons en ons wêreld word in die kerk se trinitariese belydenis verwoord: Die God wat in die Bybel Vader, Seun en Heilige Gees genoem word, is één God, maar dié God se verhouding met

ons het meer as een gestalte wat onderling saamhang en gesamentlik betroubaar laat blyk hoe God werklik is. As *Vader of Moeder* is God die Skepper van hemel en aarde, die Bron van alles wat is, en die Een wat in almag die wêreld instandhou, regeer en versorg. As *Seun of vleesgeworde Woord* is God die een wat in selfontlediging as die mens Jesus Christus ons verlossing bewerk en die getransformeerde, verheerlikte skepping inlui. As *Gees, Vertrooster of Advokaat,* roep, versamel, vorm, stuur, inspireer en bekragtig God deur Woord en sakrament sy kerk.

**4.3 Die Drie-enige God se skeppingswerk is nie afgehandel nie, maar stu voort na 'n eindbestemming**

Die Drie-enige God is nie staties nie maar het 'n missie. God skep en onderhou alles met die oog op 'n eindbestemming (*eskaton)*: die koninkryk van God, 'n innige verbondsverhouding, 'n nuwe, verheerlikte hemel en aarde waarin God alles in almal sal wees. Christus kondig die nabyheid van dié koninkryk aan maar vervul dié profesie ook in alles wat Hy doen deurdat hy self die *Eskatos* ís – die beliggaming van God se bedoeling met die skepping, die Een waarin die verbond reeds gerealiseer is en die koninkryk reeds gekom het. Christus regeer die kerk deur sy Gees. Op die weg wat deur Christus gebaan is, lei die Gees die kerk, as God se ligdraer en rigtingaanwyser na die wêreld se eindbestemming.

**4.4 God se missie word deur die sending van Christus en die Gees uitgevoer: die *missio Dei***

Die kerk en die kerk se sending word vanuit die wese van God self verstaan. Sending is nie een of ander menslike prestasie nie, maar is 'n geskenk van God self. Ons leer God in die Bybel ken as 'n sturende God. Daarom word daar van die *missio Dei* gepraat. Die lewe van God is 'n proses van gestuurdheid: die Vader het die wêreld so lief dat Hy sy enigste Seun stuur om nuwe lewe te bring. Die Seun stuur die Heilige Gees. Vader, Seun en Heilige Gees stuur die kerk in die wêreld in (*missio ecclesiae*). Dit is nie net 'n geval dat God sending doen nie, God is in wese 'n sturende God. Net soos wat ons sê "God is liefde", kan ons sê "God is 'n sturende God". Die NG Kerk se Sendingreglement stel dit só: "Sending is die heilshandeling van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld, waardeur Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente deur sy Woord en Gees vergader".

God, leer die Skrif ons, neem self die eerste inisiatief: Die Vader het in liefde na die mensdom uitgereik en sy Seun gestuur. Die Seun het as eerste Gestuurde na die aarde gekom om God se heilsplan bekend te maak en in werking te stel. Toe Jesus se werk voltooi is, het die Vader en die Seun die Heilige Gees na die wêreld gestuur om God se heilswerk te bevestig.

Die Drie-enige God is dus die teenoorgestelde van 'n gemeenskap wat ter wille van sigself bestaan – van ewigheid af is God 'n heilige gemeenskap wat na buite gerig is. Daarom is Christelike sending die verkondiging van die koninkryk van die Vader, om lewe in die liefde van die Seun met almal te deel en om getuies van die Gees te wees. So het die Algemene Sinode (2007) dit ook gesien. In navolging van God is die kerk na buite gerig: "Die roeping van die kerk kan as gestuurdes van God omskryf word. Die kerk behoort in wese altyd op die wêreld gerig te wees en op pad na die wêreld te wees."

## 5. NUWE NADENKE OOR DIE KERK

**5.1 Die kerk se missie (*missio ecclesiae*) is ingebed in God se missie**

Hoe pas die kerk by die *missio Dei* in? Waartoe bestaan die kerk en waartoe is sy gestuur? Die kerk is eerstens die *resultaat* van God se missie, en dan daarna *deelnemer* daaraan. Die kerk is dus nie die primêre agent in die uitvoering van haar missie nie. Dat God die kerk in die uitvoering van die *missio Dei* betrek, beteken nie dat daardie missie in die kerk se hande geplaas en van haar gehoorsaamheid, toewyding, vermoëns, insig en trou afhanklik word nie. *God* is besig met *sy* werk op aarde! Ook 'n ontroue kerk kan nie God se missie verydel nie.

Deur Christus is die kerk egter verbind aan die Drie-enige God en aan sy werk op aarde. Ons glo dat die kerk aan Hom alleen behoort en in verbondenheid met Hom bestaan. Die kerk is die volk van God, die liggaam van Christus en die tempel van die Gees. Alles wat ons is en doen – ons identiteit, ons missie en ons bediening – word deur hierdie verhouding bepaal. Dat alles wat die kerk is en doen gedefinieer behoort te word deur sy verhouding met die lewende God, is die eerste en mees basiese beginsel van kerkwees. In die *Roepingsverklaring van die NG Kerk* (2007) word dit treffend verwoord: "Ons besef opnuut God roep die NG Kerk deur sy Woord en Gees om aan Hom te behoort. Christus, die Hoof van die kerk, stuur ons om ons roeping te gehoorsaam en ons daaraan toe te wy om met 'n leerbare gees die wil van God deur sy Woord te leer ken en uit te leef in die uitdagende en komplekse wêreld waarin ons lewe".

**5.2 Implikasies vir die beliggaming van die kerk as gestuurde gemeenskap**
Hierdie plasing van die kerk binne die *missio Dei* het wesenlike gevolge: Die kerk *is* sending en *neem deel aan* God se sending. Dit kan eenvoudig nie anders nie! Dit is presies hoekom die kerk bestaan – die kerk is geskep vir dié doel. Die sending van God mond uit in die sending van die kerk. Die kerk is die vrug van God se sending en bestaan daarvoor om deel te neem en diensbaar te wees aan die voortgang van daardie sending. Dit is die hart en wese van die kerk. Dit is só essensieel dat die sending van die kerk nie ophou met die voleinding nie – om na ander uit te reik en om ander te dien sal deel van die ewige lewe wees.

Sending is die manier waarop die kerk lewe. Die kerk is word geroep om ‘n “teken” van God se koninkrk te wees, om aan die mensdom ’n voorsmaak van God se genesende heerskappy te bied. As kerk, as gestuuurde gemeentes, word ons bymekaargemaak, gevorm en gestuur om die boodskap van God se liefde verder te dra.

**5.3 Die kerk se missie kan met ’n rykdom aan beelde en begrippe aangedui word**
Die Bybel gebruik ’n rykdom van beelde en begrippe om die manier waarop gelowiges in hul konteks gestuur is, te skets. In die Nuwe Testament word die Jesus-beweging word onder meer genoem: *ekklesia* of vergadering van gelowiges, volk van God, liggaam van Christus, woonplek of tempel van die Heilige Gees, bruid of familie van Christus, priesters, profete, konings, nuwe skepping, eerste vrugte van God se oes, deelhebber aan die kragte van die toekomende tyd, gemeenskap onderweg, lig vir die wêreld en sout van die aarde, vreemdelinge en bywoners, dopelinge wat saam met Christus gesterf het en in sy opstandingslewe deel, gaste wat by Christus se maaltyd aansit. Hierdie Bybelse perspektiewe, is deur die eeue in nuwe kontekste beaam, maar ook vertaal en nuut geformuleer: die kerk as gemeenskap, boodskapper, sakrament, dienskneg, sigbaar en onsigbaar, instituut en organisme, gekonstitueer deur suiwer verkondiging, sakramentbediening en interne dissipline. Die rykdom van dié beelde suggereer ook iets van die diversiteit in die kerk én die sending van die kerk.

**5.4 Die kerk ís haar missie: aanbidding, verkondiging, onderlinge gemeenskap en diensbaarheid**
Alles wat die kerk is en doen, het *’n missionêre dimensie.* Meer nog: die kerk *is* sending, die kerk *is* haar missie. Die kerk kan nie anders nie! Vier begrippe uit die Nuwe Testament, waarvan die wortels in die Ou Testament lê, word dikwels gebruik om aspekte van die kerk se lewe as deelname aan God se missie na vore te bring: *leitourgia* (aanbidding), *koinonia* (opbou van die gemeenskap van die heiliges), *kerugma* (verkondiging) en *diakonia* (diensbaarheid):

- Die kerk verkondig die goeie nuus van God se Koninkryk en roep mense op tot geloof in Christus.
- Die kerk bring nuwe geloofsgemeenskappe tot stand (kerkplanting) en doop en bemagtig nuwe gelowiges.
- Die kerk reageer op lyding en nood deur liefdesdiens.
- Die kerk bring versoening en transformeer die gemeenskap in die lig van God se geregtigheid.
- Die kerk is rentmeester van die skepping en is daarom verantwoordelik om die lewe wat God gee te bewaar, beskerm en uit te bou.

Die kerk is ’n *waardegedrewe gemeenskap*. Die waardes van die geloofsgemeenskap bepaal uiteindelik die strukture, die orde wat geld asook die karakter van die kerk. Dit gee ook vorm en betekenis aan die aard van die kerk as gestuurde gemeenskap. Die volgende waardes kan as as ‘n verbeeldingryke raamwerk vir nadenke oor die missionale aard van die kerk dien:

- Die kerk **fokus op die Drie-enige God**. Die wese van ’n missionale kerk is doksologie – om God te aanbid. Die kerk ken God en het God lief as Vader, Seun en Heilige Gees.
- Die kerk se **primêre gerigtheid is op die wêreld** waarheen die Here haar stuur, nie in die eerste plek op haarself en haar eie voortbestaan nie.
- Die kerk **inkarneer die evangelie**. Die manier en aard van kerkwees word bepaal in verhouding met die konteks waarbinne die gemeente haarself bevind en waarheen die gemeente gestuur word.
- Die kerk transformeer die gemeenskap **en bring verandering**. Deur die krag van die Heilige Gees en die evangelie verander die kerk die gemeenskap (konteks) – en word die kerk op haar beurt deur die gemeenskap (konteks) verander.
- Die kerk **maak dissipels**. Sy roep mense op tot die transformerende krag van geloof in Jesus Christus.
- Die *missio Dei* vloei uit die gemeenskap tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Daarom koester die kerk **verhoudings en eenheid**. Die kerk word gekenmerk deur gasvryheid en liefde en nooi daarom buitestanders in om deel van die gemeenskap van gelowiges te word. Waar nog geen

geloofsgemeenskappe bestaan nie, word kerke geplant en word nuwe gelowiges in liefde ontvang en ondersteun.

- Die kerk lewe 'n ***kenotiese*** *bestaan* en gee daarom sigself prys. Die kerk beweeg na plekke en netwerke waar dit nog nie teenwoordig is nie met die boodskap van die evangelie. Dit kan 'n duur prys van die kerk vra, maar in navolging van Christus (sien paragraaf 7 hieronder) is dit ons dure plig én voorreg.
- Getrou aan die opdrag van God en as verkondiger van sy genade op alle terreine, het die kerk 'n dure **verantwoordelikheid teenoor die skepping.** Die sending van die kerk het 'n besliste ekologiese dimensie.

**5.4 Die eenheid van die kerk, as gawe en as opdrag, is vir haar getuienis in die wêreld van deurslaggewende belang.**
Die eenheid van die kerk is in die eerste plek in die eenheid wat binne die Drie-eenheid bestaan, gegrond. Die eenheid van die kerk is 'n *gawe* van Christus wat sy dissipels in alle geslagte, oor alle wêrelddele, in één liggaam saambind, 'n liggaam waarin sy verlossingwerk en sy versoeningswerk duidelik na vore kom.

Maar die eenheid is ook 'n voortdurende *opdrag* aan die kerk, 'n voorwaarde vir haar getuienis in die wêreld (Joh 17:21vv). Om self te begryp hoe ver en wyd, hoe hoog en diep Christus se liefde is, het ons mekaar nodig (Ef.3:18). En om die liefde na die wêreld uit te straal, het ons mekaar eweneens nodig. Verdeeldheid en onversoenbaarheid binne die kerk trek 'n streep deur haar getuienis.

**5.5 Binne die eenheid van die kerk is daar ook ruimte vir diversiteit.**
Die eenheid van die kerk is nie staties nie, maar dinamies. As beelddraers van die Drie-enige God word die gelowiges opgeroep om mekaar vas te hou en te respekteer – én om ruimte te laat vir diversiteit in hul midde, om die verskillende talente en gawes, asook die onderskeie spiritualiteite en kulture wat binne die gemeenskap van die heiliges aangetref word te erken en te vier.

Die kerk bevorder diversiteit deur lidmate toe te rus om missionêr, meer sensitief en respekvol in 'n diverse samelewing te leef, sodat mense wat anders is en anders dink óók ingesluit kan word in ons geloofsgemeenskap. Dit is dus deel van die missionale aard van die kerk om diversiteit te bevorder en grense oor te steek. Diversiteit word daarom gekoester as 'n integrale deel van die kerklike gemeenskap. Die "ander", "andersheid" en "veelkleurigheid" word binne die kerk waardeer en gevier as deel van God se unieke skepping en herskepping. Tydens die Algemene Sinode van 2011 is die kerk opgeroep: "Vier die andersheid in jouself, die huwelik, verhoudinge, die breë gemeenskap, in ons mooi reënboogland, globaal en in die totale geskapenheid!"

Die eenheid in die gemeente en in die kerk word nie hierdeur geskaad nie. Inteendeel, tesame met die diversiteit word die eenheid en die sterk band van onderlinge gemeenskap (koinonia) as die ander kant van dieselfde munt gevier en waardeer. Dit gebeur veral wanneer mense in liefde na mekaar begin luister en wanneer hulle in vertroue na mekaar toe begin groei.

Die kerk word dus geroep om 'n **luisterende gemeenskap** te wees. Een van die wyses waarop diversiteit binne die eenheid gekoester word, is deur stories en verhale te vertel en om daarna te luister. Dié narratiewe oor diversiteit/andersheid skep ruimte vir nuwe begrip en vir hoop in 'n samelewing wat moed verloor het. Verhale van hoop waarin diversiteit verreken is, word bakens van hoop.

Dit gaan egter om meer as verhale. Diversiteit word veral verstaan en beleef wanneer die verskillende gawes wat die Here aan die gemeente gegee het – ook die verskillende wyses van "andersheid" – tot hul volle potensiaal benut en bestuur word. So word die volle omvang van God se genade en liefde verstaan, waardeer en gevier.

Op die peligrimstog van eenheid en diversiteit het ons mekaar nodig. Ons kan nie sonder mekaar nie! Die WRK se Kommissie vir Geloof en Orde het in 1993 'n belangrike vergadering oor kerkeenheid gehou en gesê dat diversiteit in eenheid gedien word wanneer gelowiges sáám op 'n geloofsreis vertrek. Ons moet die pad met liefde, respek, passie en eerlikheid aanpak. In die woorde van die Roepingsverklaring van 2007: "Bewus van ons diversiteit, verbind ons ons aan groter eenheid tussen gemeentes, aan die hereniging van die kerkfamilie, asook aan die versterking van ons ekumeniese bande. Ons wil graag met alle ander Christene saamwerk om veilige ruimtes te skep waarbinne ons eerlik met mekaar kan praat en bly praat."

## 6. NUWE NADENKE OOR DIE KONINKRYK VAN GOD

'n Gemeentelike ekklesiologie word verruim deur dit te verstaan binne die raamwerk van die koninkryk van God. Gereformeerdes het altyd 'n oog gehad daarvoor dat die koninkryk groter is as die kerk. God is nie 'n afdelingshoof nie. Hy regeer oor die kosmos. Selfs al is die realiteit van die gebroke wêreld deurgaans teenwoordig, is daar ook orals tekens van die voorsienigheid en sorg van God sigbaar. Gelowiges het die roeping om op alle lewensterreine, oral waar hulle leef en werk, tekens van die koninkryk op te rig en vanuit die heerskappy van God te leef. Dit, het die Algemene Sinode van 2007 verklaar, is nie net die plig van "sogenaamde geestelikes" nie, maar van elke gelowige, man of vrou, jonk of oud.

Die kerk kan beskou word as 'n teken, eerste vrug van en instrument van God se ryk. Die kerk behoort iets te weerspieël van die aard van God se ryk en van God se liefde – dit is die uitstalvenster van God se ryk. Daar word soms na die kerk waar gelowiges in gemeenskap met God en met mekaar leef, as 'n sakrament verwys, as 'n "voorsmaak" van God se ryk op aarde. Terwyl die kerk die boodskap van God se nuwe bedeling verkondig, is dit ook midde-in die alledaagse lewe teenwoordig as 'n instrument in diens van die nuwe bedeling.

In die koninkryk waar God se heerskappy erken en uitgeleef word, waar God as Leier gevolg word, leef die kerk die einddoel van sy bestaan en roeping uit. Vir die gelowige maak dit ware lewe moontlik, 'n lewe waar die vernietigende invloed van sonde nie die laaste sê het nie, maar waar God deur sy Gees in beheer is en waar reg en geregtigheid, vrede en vreugde geld. Die Roepingsverklaring (2007) stel dit duidelik: "As gestuurde gelowiges is ons sout van die aarde en lig vir die wêreld. Ons staan in diens van die koms van God se koninkryk."

In hierdie verstaan van die verband tussen die kerk en God se ryk, word twee standpunte afgewys, naamlik dat dit 'n koninkryk is wat deur die kerk gevorm word ("church-shaped kingdom"), en dat die koninkryk volledig in die wêreld is sodat die kerk nie eintlik nodig is nie ("world-shaped kingdom"). Daarom kies ons liewer om van 'n kerk te praat wat deur die ideale van die koninkryk gevorm is ("kingdom-shaped church"). Die kerk se lewe word afgelees vanuit die perspektief van God se ryk, wat reeds ten dele in die wêreld en kerk teenwoordig is, maar met Christus se wederkoms volledig sal deurbreek.

## 7. NUWE NADENKE OOR INKARNASIE

Nadenke oor die aard van gemeentes en deelname aan God se sending maak erns met die konsep van **inkarnasie.**

### 7.1 Christus se menswording

Inkarnasie het te doene met Christus se menswording. Die menswording van Jesus Christus verduidelik op 'n besondere manier God se sending en die wyse waarop God met sy wêreld omgaan. Prakties help Christus se vleeswording die kerk om 'n inkarnasie-leefstyl na te streef. Inkarnasie is om *met* mense te wees, waar hulle ook al is en hoe hulle ook al is. Binne hierdie verstaan word die konteks en kultuur ernstig opgeneem, al mag die kerk nooit deur die kultuur oorgeneem of oorheers word nie. Die kerk is deel van die gemeenskap, maar dan as 'n kontrasgemeenskap ('n kruisgemeenskap!) wat volgens ander reëls funksioneer en ander prioriteite het. Inkarnasie beteken nie dat die spanning tussen kerk en wêreld opgehef word nie, eerder dat dit 'n produktiewe of kreatiewe spanning is.

### 7.2 Kenosis

Jesus het deur sy menswording die voorbeeld gestel: dit is wat God van ons verwag, hoe ons menslikheid en medemenslikheid moet lyk en hoe ons dit moet uitleef. Inkarnasie en navolging van Christus vertel ook iets van die kwesbaarheid van die kerk. Dit bring die gedagte van *kenosis* in die gesprek in. *Kenosis* is die teenoorgestelde as selfhandhawing en selfvervulling. *Kenosis,* soos Filippense 2:5-11 dit uitbeeld, beteken selfprysgawe en opoffering. Selfprysgawe is deel van die wese van God. Die Vader stuur die Seun en gee daarmee die Seun prys ter wille van sy liefde vir die wêreld. Die Seun is gehoorsaam aan die Vader se sending en géé sy lewe prys om sodoende versoening en heling te bring. Die kruis herinner ons daaraan dat hierdie wêreld verlos moet word. Die Heilige Gees wys, kommunikeer en konkretiseer die opoffering van die Vader en die Seun.

Dit is 'n gesindheid om ter wille van die ander óf in die plek van die ander te staan en leef – soos wat Christus mens geword, slaaf geword en in ons plek gesterf het. *Kenosis* - om jouself leeg te maak – is 'n ingesteldheid of 'n houding, selfs 'n soeke. Dit kan ook beskryf word as om jou doelbewus ter wille van ander kwesbaar te stel. As die kerk dus in Afrika gekonfronteer word met HIV/Vigs, is die vraag wat die *kenosis*-gesindheid sou vra: Hoe die kerk ook HIV-positief kan raak? Die vraag is nie in die eerste plek: Hoe kan ons die vraagstuk oplos nie? *Kenosis* is in die hart van die gestuurde teologie. Selfontlediging ter

wille van die skep van ’n gemeenskap met diegene na wie die Here ons stuur, is die pad waarop die gemeente loop in navolging van Christus.

**7.3 Dimensies van inkarnasie**

Die inkarnasie van God in Jesus Christus het onder meer die volgende vier dimensies:

- *Teenwoordigheid* – in Jesus Christus is die ewige God lewend teenwoordig in sy skepping.
- *Nabyheid* – in Jesus Christus het God so naby aan ons gekom dat God toeganklik geword het. Hy het die skeiding verwyder en sy kinders word selfs as tempels van die Heilige Gees beskryf.
- *Weerloosheid* – Jesus Christus se vleeswording (Fil. 2:6 e.v.) beteken hy het soos die nederigste van nederiges tussen ons kom woon. Hy keer alle vorme van mag om en wys dat weerlose diensbaarheid die krag het om die ganse wêreld te verander.
- *Verkondiging* – Jesus Christus se menswording is die Evangelie. Daardeur kondig Hy aan dat God se nuwe bedeling aangebreek het en daarom roep Hy mense op tot bekering en geloof.

In navolging van Christus bepaal hierdie vier dimensies ook die sending van die kerk:

- *Teenwoordigheid* – Dit beteken onder meer dat die kerk eerder na mense toe moet gaan as wat die kerk in die eerste instansie daarop gerig is om mense na die kerk(gebou) toe te bring. Christene se lewens is die boodskap! Dit onderstreep die belang van verhoudings met mense.
- *Nabyheid* – die kerk word nie net uitgedaag om teenwoordig te wees waar mense is nie, maar om dit op so ’n manier te doen dat mense dienend vir mekaar beskikbaar is. Nabyheid is om empatie te hê en om in die skoene van ander te staan en die situasie vanuit hulle perspektief te kan verstaan.
- *Weerloosheid* – die normale magspolitiek werk nie in sending nie. Die antwoord lê eerder by nederigheid en diensbaarheid. *Kenosis* dui op ‘n bewuste keuse om vrywillig prys te gee ter wille van die ander.
- *Verkondiging* – die Goeie Nuus is nog steeds relevant en betekenisvol vir mense. ’n Inkarnasie-lewenstyl beteken juis dat gelowiges altyd gewillig sal wees om die Goeie Nuus met ander mense te deel.

## 8. NUWE NADENKE OOR ONS KONTEKS: DIE WÊRELD

**8.1 Die wêreld waarin die kerk haar bevind en waarna die kerk gestuur is, is God se wêreld**

Omdat God die Drie-enige is wat as Skepper, Verlosser en Voleinder in verhouding met die wêreld handel, kan die wêreld slegs aan die hand van hierdie verhouding, in die lig van die sending van die Drie-enige God (*missio trinitatis Dei*) verstaan word. Die inkarnasie beklemtoon juis die feit dat die kerk altyd op die wêreld gerig is en op pad na die wêreld is, en dit onderstreep hoe belangrik dit is om die konteks te verstaan. Vir die kerk en sy boodskap was goeie eksegese van die Bybel nog altyd van lewensbelang. Daar is egter nog ’n eksegetiese vaardigheid wat net so belangrik is – die vaardigheid om die konteks (en kultuur) waarbinne die kerk is, geloofsonderskeidend te verstaan.

**8.2 Omdat God die Skepper is, is die wêreld ’n weldaad**

Dat God die Skepper en Voorsiener is, beteken dat alle kontekste waarvan die kerk deel uitmaak, goed is. Die wêreld moet in ’n gees van verwondering, dankbaarheid en aanbidding gevier, geniet, ontgin en bewaar word. Ook wanneer gelowiges dit met tye nie self so kan ervaar nie, kan vasgehou word aan die Skrif se herhalende refrein dat God die geskape dinge as goed (Gen 1:10, 12, 18, 21, 25), en selfs baie goed (Gen 1:31), sien. Dit sluit onder andere in dat die mens geskape is na die beeld van God (*imago Dei*).

**8.3 Omdat God met die wêreld op pad is, is geen konteks ’n Goddelike verordening nie**

God se voorsienigheid is nie net daarop gerig om die skepping in stand te hou en die kwaad aan bande te lê nie, maar veral om die wêreld tot sy bestemming te bring. Die skepping is voltooi nie, maar onderweg na God se toekoms. Die “gespanne verwagting”, “belofte van hoop” en “geboortepyne” (Rom 8:19-21) wat die wêreld kenmerk, is ’n aspek van die goedheid daarvan. Elke konteks is vol moontlikhede en verrassings. Geen deel van die wêreld ís God se koninkryk nie; geen bestaande instelling, praktyk, sisteem of struktuur is ’n ewige Goddelike verordening nie. Niks in die wêreld móét wees en bly soos dit is nie. Die skepping ís skepping, nie Skepper nie; wêreldlik, nie Goddelik nie; sekulêr, nie sakraal nie; betreklik, nie absoluut nie. Slegs as sodanig is dit “baie goed”.

**8.4 Omdat die wêreld deur sonde geskend is, staan elke konteks onder God se genadige oordeel**

Sonde is weerstand teen God en vervreemding van God. Daarom het die wêreld verlossing nodig. Daar waar mense aan hul geskapenheid wil ontkom, hulself wil verewig en soos God wil wees (Gen 3; 4:3-12;

6:1-6; 11:1-9), kom hulle in verset teen God. Daar waar die bestaande orde verabsoluteer en teen elke prys in stand gehou wil word, of waar ander eindbestemmings as God s'n in die vooruitsig gestel word, en gepoog word om die *missio Dei* te verydel, kom die mens téén God te staan, met rampspoedige gevolge. Die *missio Dei* kan egter nie verydel word nie omdat God daaraan getrou bly en selfs die hoogste prys betaal om versoening te bewerkstellig. Christus se offer aan die kruis openbaar hoe diep die wêreld met sonde deurdrenk is, maar terselfdertyd ook hoe diep God se troue liefde is.

**8.5 Omdat die sonde nie God se missie kan stuit nie, is daar hoop in elke konteks**
Christene kan dit waag om oor die pynlike waarheid van hul konteks te praat, omdat hulle weet dat dit nie die laaste woord is nie. Nie alleen het Christus die sonde oorwin nie, maar Hy het ook die toekoms van God se wêreld in die hede geplant. Christus trek, soos 'n magneet – deur sy lewegewende, vernuwende, Gees, en in, deur en naas die kerk – die hele wêreld na sy eindbestemming. Die wêreld hét steeds 'n toekoms. Om die wêreld (ons konteks) te sien soos dit werklik is, hou in om te vertrou dat die sonde nie die laaste sê het nie. Om die wêreld as geskape, verlos en op weg na die voleinding te sien, is om met hoop en verwagting daarin te leef. Naas die wete dat die goeie skepping steeds na sy eindbestemming onderweg is, weet gelowiges ook dat die *missio Dei* nie gestuit kan word nie – dat daar altyd hoop vir die wêreld is. Waar dit bely word, dáár is die kerk van Jesus Christus.

**8.6 Ons opdrag: onderskei waar God in elke konteks aan die werk is**
Die eerste stap op die pad van 'n missionale gemeente is om te onderskei. Die kerk kan sy roeping nie onderskei sonder om deurentyd bewus te wees van God wat in die wêreld en in elke konteks aan die werk is nie. Ons vreugde lê daarin om dit te ontdek. Dit beteken die wêreld is nie 'n probleem wat opgelos moet word nie, maar die misterie van God wat telkens ontdek moet word. **Onderskeiding is eintlik die heel eerste daad van die sending van die kerk**. Sending is om vas te stel waar die Drie-enige God aan die werk is en om daarby aan te sluit! Die klem is dus eerder op luister en onderskeiding en deelname aan God se liefdevolle teenwoordigheid, as op voorskriftelike bedieningsmodelle.

## 9. NUWE NADENKE OOR GEMEENTES
Die ontmoeting tussen teks en konteks speel veral af binne en rondom die plaaslike gemeente. God is teenwoordig en werk in sy wêreld. God werk ook deur sy Gees in sy gemeentes. Die nadenke oor God se sending, die koninkryk en konteks laat die fokus veral op gemeentes val. Gemeentes is God se instrumentele geskenke om die wêreld te help om by God se bestemming uit te kom. Gemeentes is die eerste hermeneuse van die evangelie.

**9.1 Die belang van gemeentes**
Gemeentes is die basis van die kerk. Gemeentes is nie net die ruimte waarin ons persoonlike geloof gevoed en versterk word nie, dit is ook die grondslag waarop alle aktiwiteite van die breër kerk en ekumene steun. Die klem is nie soseer op die institusionele kerk as op die plaaslike vergestalting van die liggaam van Christus nie, nie soseer op 'n sinode as op die plaaslike gemeente nie. Die kerk bestaan primêr op plaaslike vlak. Natuurlik is denominasionele en sinodale strukture(verbande) belangrik, maar die eintlike gestalte van die kerk is die plaaslike gemeente. Die kerk van die Here word in die plaaslike gemeente gevind. Die kerk bestaan altyd en op alle plekke uit mense wat in 'n geloofsgemeenskap of *koinonia* met mekaar leef. So min as "twee of drie wat in die Naam van Jesus vergader", reflekteer alreeds die wesensaard van kerkwees. In die woorde van Matteus 18:20 is Jesus telkens reddend in hulle midde aanwesig. Kerkwees bestaan deurentyd daarin dat ons in nuwe verhoudings met mekaar, in die teenwoordigheid van die opgestane Christus, leef. Hierdie verhoudings word gekenmerk deur *agape* - onvoorwaardelike lojaliteit aan mekaar as lede van die aardse familie van Christus (1 Kor 13). Op praktiese vlak word hierdie liefde sigbaar in konkrete aktiwiteite van omgee, gasvryheid, materiële hulp, gebed, vergifnis en die wedersydse versorging van mekaar en ander.

Die kerk is nie die formele strukture, ampte, geboue, ordes of aktiwiteite nie – die kerk is 'n beweging. Daarom moet die Nuwe Testamentiese siening van gelowiges as tempels van die Heilige Gees (1 Kor.3:16; 6:19) opnuut prakties ontgin word teenoor skeefgetrekte sienings rondom kerkgeboue as "die huis van God." Eweneens moet die foutiewe skeiding tussen heilige ruimtes en sekulêre ruimtes opgehef word. Vanuit die Nuwe Testamentiese perspektief is alle gelowiges voltydse verteenwoordigers van Christus op elke plek waar hulle hulself bevind. Kerkwees gebeur daarom binne elke lewenssfeer. Formele kerklike byeenkomste is inoefen-geleenthede om God gesamentlik te eer en om toegerus te word om Christus se voltydse getuies te wees.

**9.2 Missionale gemeentes**

Gemeentes is vanuit hul aard en wese missionaal. 'n Missionale gemeente is 'n gemeente wat op die wêreld gerig is en wat deur haar deelname aan God se sending gevorm word. 'n Missionale gemeente word geroep om verhoudings in 'n gebroke wêreld te herstel en volgens God se plan vir sy skepping te leef. 'n Missionale gemeente is deurdrenk met God se sending. Dit bepaal alles wat die gemeente doen – van eredienste tot opleiding, van uitreike tot gemeentelewe, van geestelike dissiplines tot praktiese dienslewering – want die kerk se roeping is om te onderskei wat God in die wêreld aan die doen is en daarby aan te sluit. Die kerk se gestuurdheid is sigbaar en groei in 'n verskeidenheid van gebeure en prosesse: waar verhoudings gebou word, waar eenheid gesoek word met die handhawing van die unieke van elkeen, waar mensgemaakte grense oorgesteek word om lewe te bring, waar die integriteit van God se skepping beskerm word, en waar die Bybel gelees en gebid word.

**9.3 Dissipelskap**

Die missionale verstaan van gemeentes fokus op die belang van dissipelskap Dissipels is mense wat Christus volg, wat van Hom leer hoe om nuwe mense te wees en wat, soos Christus, die wêreld nuut maak deur nuwe verhoudings te skep. Die herontdekking van die kerk se gestuurdheid is, soos reeds gesê, niks minder as 'n radikale transformasie nie. Dit verander die kerk se verstaan van haar identiteit en die ganse lewe van gemeentes. Dissipels van Jesus wat deelneem aan hierdie nuwe gesprek soek daarom antwoorde op vrae soos: "Wat is God besig om te doen?" en "Wat wil God hê dat ons sáám met Hom moet doen?".

**10. NUWE NADENKE OOR DIENSBAARHEID AAN DIE GEMEENSKAP**

Die dienswerk van die kerk is nie net gegrond in God se sending nie, maar is inderdaad gegrond in God self: God se liefde, Sy barmhartigheid, Sy geregtigheid, Sy versoening, Sy vrede. Die kenotiese bestaan van Christus en die prysgawe van die Seun deur die Vader, vorm die basis van die kerk se dienswerk. Daarom is die diakonaat van die kerk meerkantig en kan verskillende tipes diakonaat onderskei word, soos die bediening van God se barmhartigheid en omgee vir mense en die natuur, die bediening van God se versoening en vrede, die bediening van God se geregtigheid.

Hoewel die woord *diakonos* (diaken) in die Nuwe Testament moontlik na 'n lerende en verkondigende amp, eerder as na liefdesdiens in 'n breër sin verwys, is die amp van diaken, veral in die Gereformeerde tradisie, primêr met die diens van barmhartigheid verbind.

*Diakonia* is 'n uitvloeisel en vergestalting van die kerk se viering, beliggaming en verkondiging van die goeie nuus. Waar gelowiges in hierdie gees die nood in die wêreld probeer verlig, is doeltreffendheid nie die hoogste maatstaf nie, want selfs waar sulke pogings skynbaar misluk en na 'n druppel in die emmer lyk, bly dit 'n viering, beliggaming en getuienis van die hoop wat in die kerk leef. Aan die ander kant kan die kerk nie onverskillig staan teenoor die uitkoms van haar liefdesdiens nie. God gee die gawes van verstand, insig en kreatiwiteit om ook in diens van hierdie saak aangewend te word. 'n Missionale kerk word geroep deur die krag van die Heilige Gees en met die boodskap van die evangelie op haar lippe, verandering in die samelewing tot stand te bring. Die fokus van die kerk moet derhalwe op die *hele* wêreld wees, op God se plan vir die skepping en die herskepping

God se sending behels **woorde én dade.** Tradisioneel is die woord- en daadbediening in die NG Kerk van mekaar geskei as twee afsonderlike bedienings: sending én diens van barmhartigheid. In 'n missionale ekklesiologie is dit egter onhoudbaar, gewoon omdat God se sending woord én daad behels. Die diakonaat se fokus is die nood van die wêreld. Dit gaan oor die nood van die individu en die gesin, groepe en gemeenskappe. Dit gaan oor die nood van streke en kontinente. Dit gaan oor 'n gebrek aan basiese lewensmiddele en dienste soos kleding, behuising, sekuriteit, maar dit gaan ook om die lyding wat siekte en geweld onreg en marginalisering in die gemeenskap veroorsaak. Dit beteken dat die kerk ook wanneer dit nodig is 'n sterk en vreeslose profetiese getuienis teenoor alle vorme van onreg op alle lewensterreine moet laat hoor. Die sentrale doel van al die verskillende diakonaat-tipes is egter dieselfde: om deel te wees van God se transformasie van die wêreld.

Daarom het die Roepingsverklaring van 2007 dit beklemtoon: "Ons wil graag met alle ander Christene hande vat om ons samelewings op te bou en pynlike omstandighede te verlig. Ons wil mekaar as gemeentes en leiers met liefde aanspoor, begelei en toerus om by die genesing van ons lande betrokke te raak. Ons is beskikbaar en is verbind tot diens aan gemeenskappe."

## 11. NUWE NADENKE OOR GELOOFSVORMING IN DIE KERK

’n Missionale ekklesiologie het alles te make met geloofsvorming en spiritualiteit in die kerk. Missionale spiritualiteit is ’n bewussyn van God se lewende teenwoordigheid. Geloofsvorming gee betekenis aan ’n mens se lewe. Dit stimuleer, motiveer en gee aan gelowiges lewenskrag op die pad waarop die Here hulle stuur.

Die spiritualiteit van missionale gemeentes is die spiritualiteit van pelgrims op reis. Die vroeë Christene is “mense van die Weg” genoem. Kerk fokus nie op ’n gebou as die plek waar kerk gebeur nie, maar eerder op God wat grense na die wêreld en sy mense toe oorsteek en hulle – soos pelgrims – uitnooi op die reis na ander toe. Pelgrims is op reis, op soek na ’n verhaal. Daar het iets buitengewoons gebeur. Die pelgrim hoor daarvan en is op reis om die verhaal na te spoor. Pelgrims wil eerstehandse getuies wees wat nie net die ervaring van ander mense wil bevestig nie, maar wat self ook oop is om deur die reis verander te word. Die metafoor van suurdeeg verduidelik dit verder: missionale spiritualiteit is om soos suurdeeg in die wêreld te wees. Die suurdeeg is dieselfde as wat al vir eeue gebruik word, maar in elke nuwe situasie en kultuur neem dit nuwe vorm aan en verander dit daardie kultuur.

Missionale geloofsvorming is daarom nie om jou van die wêreld te onttrek om êrens eenkant jou batterye te laai sodat jy met nuwe krag kan teruggaan na die alledaagse lewe van jou alledaagse bestaan nie. Missionale spiritualiteit beteken om in Christus te wees, of mens nou bid of werk of sommer net met die gewone dinge van die lewe besig is. Daar is dus nie ’n missionale spiritualiteit wat verskil van ‘gewone’ spiritualiteit nie. Om in die geloof gevorm te word kan eintlik nie iets anders wees as om as ’n volgeling van Jesus Christus geskool te word nie.

Alle spiritualiteit is ten diepste ’n missionale spiritualiteit. Daar is geen plek vir ’n persoonlike verdieping wat nie uitloop op ’n lewe na buite en ter wille van die wêreld nie. Spiritualiteit is ’n reis na binne en buite. Aan die een kant is dit ’n reis na jou innerlike wêreld. Dit is terselfdertyd ook ’n reis na buite, want dit gaan oor die leefwyse wat by hierdie reis pas. Innerlike verdieping lei tot ’n lewe van gestuurdheid.
Dit is altyd ’n spiritualiteit van die kruis. Die kruis is teken van Jesus se radikale identifikasie met die wêreld – Jesus was nêrens méér in die wêreld as aan die kruis nie. Die kruis is egter ook ’n teken van Jesus se radikale skeiding van die wêreld – sy radikale andersheid was nêrens meer sigbaar as aan die kruis nie.

Die Luisterseisoen in die NG Kerk het ons help verstaan dat geloofsvorming in missionale gemeentes **by onderskeiding en luister begin**. Die volgende is deel van ’n missionale luisterproses:

- Dit begin by ’n rus in God
- Dit gaan luisterend met die Bybel om
- Die bron van inspirasie vir die missionale luisterproses is die teenwoordigheid van die Heilige Gees wat die lewende God se gesprek met sy kinders hoorbaar maak.
- Dit is ’n proses wat tyd neem en die luisteraar verander.
- Dit gaan oor onderskeiding.
- Dit leer ons om vorentoe te kyk deur terug te kyk.
- Hierdie luisterproses blom uit in ’n lewe van goeie werke.

Onderskeiding is die hart van missionale geloofsvorming. Missionale spiritualiteit het alles met ’n gemeente se vermoë om te luister te doen – om te luister na die Woord en om te luister na die wêreld (konteks). Die betrokkenheid by die wêreld lei tot ’n verdieping in die verhouding met God en hierdie hegter verhouding lei weer tot intenser betrokkenheid by die wêreld. Twee stelle vrae waarmee gelowiges gedurig besig moet wees is:

- Wat **is** God besig om te doen? Op watter manier is sy Gees op die oomblik aan die werk in die wêreld?
- Wat **wil** God doen? Hoe sal dit wees as God alles deur sy Gees met Hom versoen en die stukkende verhoudings herstel? Hoe sluit ’n gemeente aan by dit wat God wil hê moet gebeur?

## 12. NUWE NADENKE OOR DIE AMPTE

Wanneer ons erns maak met die missionale hart van kerkwees word reformasie en transformasie ’n realiteit. Dit lei onder andere daartoe dat ons weer moet dink en gesels oor ons verstaan van die ampte.
Nuwe nadenke oor die amp van die gelowiges is aan die orde van die dag. Lidmate staan gereed om hul bydrae te lewer, as hulle die kans gegun word.

Die herontdekking van die amp van die gelowige tydens die Kerkhervorming as die belangrikste amp in die kerk, behoort as rigsnoer te dien. Maar die Reformasie se verbreding van die amp sal nog ’n rondte verder gevoer moet word: *alle* gelowiges het gawes ontvang met die oog op dienswerk in, en buite, die gemeente. Die primêre bediening van die kerk is nie die bediening van *die ampte* aan die lidmate nie maar die bediening van *die gewone gelowiges* aan, en in, die wêreld. Hoewel die Reformatore dit gesien het en in beginsel erken het, sal ons veel meer as hulle die dienswerk van gelowiges in die sentrum van ons kerklike lewe moet plaas.

Dié oortuiging is ook te vinde in onlangse ekumeniese byeenkomste:

- Edinburgh 2010 bevestig dat die kerk gestuur word om sorgsame gemeenskappe te wees waar jong mense aktief deelneem aan God se sending en waar mans en vrouens almal verantwoordelikhede en gesag deel.
- Die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke verklaar: “Lay leadership has become increasingly important as demands for pastoral leadership rise. Lay persons have been required to perform at funerals, baptisms and other events and must therefore be appropriately equipped.”
- Lausanne III (Kaapstad) roep lidmate op om in hulle alledaagse lewe aan te sluit by dit waarmee God besig is.

Gewone lidmate is die operasionele basis vanwaar die Missio Dei begin. Hulle beklee sonder twyfel die belangrikste amp. Die ouderlinge en diakens (en leraars) kan nooit op hulle eie gemeentes help om volledig en in alle omstandighede sout vir die aarde en suurdeeg vir die wêreld te wees nie. Die lidmate is die sout en suurdeeg.

Die trinitariese begronding van die kerk en die erkenning van die belangrike rol wat die Heilige Gees speel as die Een wat deur die Vader en Seun gestuur is en wat die kerk van die Here vergader en opnuut uitstuur, bring die verantwoordelikheid van elke gelowige opnuut na vore. Jesus se woorde met sy hemelvaart is op elkeen van toepassing, ook in ons tyd en in die NG Kerk: “Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld” (Hand 1:8).

In die kerk is daar altyd ’n behoefte aan voltydse sendelinge, professionele gemeenskapswerkers, tentmaker-sendelinge en korttermyn-sendelinge. Maar hulle staan tweede in die ry. Die algemene amp van alle gelowiges staan eerste. Elke lidmaat word geroep om ‘n getuie te wees. Die fokus moet op die amp van die gelowige bly – die ander ampte staan die gelowiges eintlik net by en help hulle om hulle roeping uit te leef.

**13. NUWE NADENKE OOR NUWE GEMEENTESTIGTING**

’n Missionale verstaan van die kerk bring die saak van gemeenskapsvorming of kerkplanting na vore. Een van die waardes van ’n missionale kerk is om geboorte te gee aan nuwe geloofsgemeenskappe. Die konsep van *kenosis* help ons om te verstaan dat die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe deel van die kerk se selfprysgawe is.

Kerkplanting is die dissipline om nuwe geloofsgemeenskappe as deel van God se sending, as verdere uitbouing van sy koninkryk, tot stand te bring. In die NG Kerk word die behoefte aan die ontwikkeling van nuwe gemeentes sterk aangevoel, gemeentes wat in die woorde van die Algemene Sinode van 2002, “die diversiteit van die bevolking met sy verskillende waardesisteme en lewenswyses aanspreek, wat evangelisasie as oogmerk kan hê, en wat nie deur geografiese grense aan bande gelê word nie”. Die Algemene Sinode van 2007 het besluit: “Die Sinode sien nuwe bedieningsontwikkeling/nuwe gemeente-ontwikkeling as ’n wyse van uitreik na die buite-kerklike mens, asook as ’n wyse om aan die groeiende diversiteit binne ons samelewing en kerk ruimte te gee.”

Daar kan kers opgesteek word by die Anglikaanse Kerk wat met waardering hulle bestaande parogiale stelsel behou, maar terselfdertyd ook ruimte skep vir nuwe uitdrukkings van kerkwees (hulle praat van “fresh expresions of church”) binne die bestaande stelsel. Dit is ’n gemengde benadering (die aartsbiskop van Kantelberg praat van ’n “mixed economy”) van gemeentes wat binne die bekende raamwerk van gemeentegrense funksioneer, van nuwe moontlikhede wat binne ander tipes netwerke funksioneer. Dit is belangrik om te onthou dat Suid-Afrika al meer kenmerke van ’n netwerksamelewing begin toon. In ’n netwerksamelewing is “plek” minder belangrik as “vloei”. Die vloei van inligting, kapitaal, beelde en die mobiliteit van mense bepaal al hoe meer die aard van ons samelewing. Natuurlik vervang netwerke nie woonbuurte (in kerklike taal, wyke) nie, maar dit het die aard daarvan onherroeplik verander.

Kerkplanting onder mense wie se lewens eerder deur hierdie netwerkkultuur as deur hulle geografiese ligging bepaal word, het dringend noodsaaklik geword. Dit beteken dat die NG Kerk nuut oor hierdie saak sal moet dink – ook oor die grense van gemeentes, ringe en sinodes heen! Die bestaan van gemeentegrense is vir alle praktiese doeleindes opgehef – die Algemene Sinode behoort dit nou ook as beleidstandpunt te doen. Dit kan nuwe energie en werkkrag tot gevolg hê. Die belang van kerkplanting en teologiese besinning daaroor, behoort ook in die teologiese opleiding te reg te kom.

Aspekte van hierdie omvattende saak sluit die volgende in:

- Kerkplanting is nie kloning nie. Die doel is nie om meer van dieselfde soort gemeentes te plant nie. Die belang van die inkarnasie van die evangelie in elke konteks trek ’n streep deur hierdie gedagte. Die Seisoen van Luister het die NG Kerk juis help verstaan dat elke konteks uniek is en dat ‘n versigtige luister na die konteks baie belangrik is om die evangelie vars te laat wortelskiet.
- Kerkplanting kan ook nie verskraal word tot die veronderstelling dat net geordendes en leraars kerkplanters kan wees nie. Dit hoort ten diepste tot deel van die amp van die gelowige.
- Kerkplanting begin by ’n luisterproses – om te luister na die Gees, om te luister na die kerk en om te luister na die konteks. Die luisterproses word gedra deur gebed.
- Kerkplanting beteken dat die kerk bereid moet wees om om uit haar kulturele gemaksone te beweeg sodat die kerk dáár waar waar God haar wil gebruik, diensbaar kan wees (Die Anglikane noem dit ’n “Mission Shaped Church”).

Die volgende begripsomskrywing help ons:

*Nuwe Bedieningsontwikkeling (NBO)* – dit beskryf die proses waardeur gelowiges of ’n geloofsgemeenskap by God se sending na die wêreld betrokke raak deur die ontwikkeling van ‘n bediening wat op grond van verskeie redes steeds ‘n bediening van ‘n bestaande geloofsgemeenskap is en nie noodwendig as ‘n selfstandige geloofsgemeenskap sal ontwikkel nie.

*Nuwe Gemeente-ontwikkeling (NGO)* – dit beskryf die proses waardeur gelowiges of ’n geloofsgemeenskap by God se sending na die wêreld betrokke raak deur die vestiging van ’n nuwe geloofsgemeenskap wat ten doel het om selfstandig te funksioneer en te vermenigvuldig.

*Geloofsgemeenskap* – dis ’n groepering van gelowiges wat hulself vrywillig onder die gesag van die Woord en Gees aanmekaar verbind om as eenheid te funksioneer. Dit kan vir die doeleindes van hierdie verslag dui op ’n bedieningspunt (by voorbeeld ’n selgroep of ’n tehuis), of ’n gemeente, of ’n ring, of ’n sinode. By die vorming van hierdie geloofsgemeenskappe is ’n aantal strategiese rigtingwysers belangrik:

- ’n Duidelike roeping en visie van God vorm die basis van enige NBO/ NGO;
- Deeglike navorsing behoort in elke konteks gedoen te word voordat met ’n NBO/ NGO begin word.
- ’n Deeglike strategiese beplanningsproses wat die doel, bedieningsfilosofie en bediening-strategie van die beoogde NBO/ NGO insluit, behoort die vestiging vooraf te gaan.
- ’n Bekwame en passievolle leier om die proses te lei, moet gevind word.
- Mobiliseer ’n toegewyde span om die bediening volgens hulle gawes te begelei.
- Voorsien voldoende opleiding vir alle betrokkenes.
- Ontwerp ’n finansiële strategie wat die befondsing en hantering van finansies insluit.
- Vind die nodige fasiliteite soos ’n geskikte plek van aanbidding.
- Formuleer duidelike uitreik- en ontwikkelingsdoelwitte en -strategieë met die oog op die groei van ’n gesonde Bybelse geloofsgemeenskap.
- Verreken die effek wat verandering op mense het en bestuur die proses dienooreenkomstig. Gee onder andere aandag aan die hantering van mense se sekuriteitsbehoeftes, die bestuur van verlieshantering, asook hul voorbereiding op ’n nuwe seisoen.
- Ondersoek moontlike samewerkingsgeleenthede met die plaaslike kerkverband – vera met die naburige kerkrade, ringe en sinodes.
- Ekumeniese samewerking met ander Christelike kerke en gemeenskapsorganisasies kan ook oorweeg word.

## 14. NUWE NADENKE OOR DIE LITURGIE VAN ’N MISSIONALE KERK

### 14.1 Aanbidding en die Missio Dei

Aanbidding word toenemend verstaan binne die konteks van die *Missio Dei*, as ons antwoord op én ons aandeel aan God se uitwaartse beweging na die wêreld. Die Gees maak ons deel van God se sending en bring ons in gesprek met die Drie-eenheid. Die Gees help die kerk om te sing en te bid en om woorde te gebruik wat resoneer met die gesprek binne die Drie-eenheid.

### 14.2 Liturgie

Die nadenke oor missionale kerk het dus belangrike implikasies vir die liturgie en die erediens. ’n Kerk se ekklesiologie word ten toon gestel in haar liturgie. Die manier waarop die kerk aanbid vertel alles oor die aard en wese van die kerk. Die hartklop van die kerk is immers die erediens waar mense byeenkom God te aanbid en te verheerlik. Daarom moet *leitourgia* of aanbidding as ’n kernaspek van kerkwees in enige konteks benadruk word. Om God se goeie skepping te vier, God se heilsdade te onthou, vir die koms van God se koninkryk te bid, die sakramente as voorskot op die nuwe skepping te deel en om God vir alles te dank en te loof, is nie iets wat die kerk naas haar “publieke” betrokkenheid doen nie. Deur bloot daardie deel van die skepping te wéés wat van God se onstuitbare missie weet en dit met dankbaarheid en lof in die erediens vier, verander die kerk haar konteks radikaal – ook wanneer sy nie deur “publieke” aksieplanne en projekte ’n verskil gemaak kry nie.

### 14.3 Kenmerke van ’n missionale liturgie

Die volgende kern-kenmerke van ’n missionale liturgie is van belang:

- ’n **Gerigtheid op God**. ’n Missionale gemeente kry haar identiteit in God wat ’n missionale God is en gevolglik kan die identiteit van die liturgie van so ’n gemeente ook nie anders wees nie. Om só in ons aanbidding op God en sy werk in die wêreld te fokus, is, is onderskeiding noodsaaklik. Elke aspek van gemeente-wees moet God se beweging na die wêreld ondersteun – óók die liturgie.
- ’n Liturgie wat **onderskeidend** mense help om die lewende Drie-enige God **in aanbidding** te ontmoet. Dit beteken dat ’n missionale liturgie vir verskillende gemeentes in verskillende omstandighede, verskillende dinge sal beteken. Dit behels ’n pneumatologiese beweging waar die betekenis van die Woord vir hierdie besondere gemeente, in hierdie omstandighede, gesoek word. Daarom is ’n missionale liturgie ‘n liturgie wat daarna streef om ’n ruimte te skep waar God die deelnemers én die deelnemers God ontmoet. Die sturende God en die gestuurde gemeentelede moet met mekaar in gesprek gaan.
- Die Oosters Ortodokse tradisie het al eeue lank die belang van **’n liturgie van die lewe** wat op die liturgie van die erediens volg, bepleit. Vir hulle is die Nagmaal die vertrekpunt vanwaar die kerk se getuienis in die wêreld groei. Calvyn het ook self die viering van die Nagmaal direk aan ’n lewe van dankbaarheid gekoppel. Liturgie is die hart van die missionale gemeenskap se georganiseerde lewe. Die erediens is die plek waar die sturende God ontmoet word, waar die gemeente toegerus en uitgestuur in die liturgie van die lewe. In die erediens word die gemeente se identiteit gevorm. Gestuurde gelowiges se identiteit is dus gewortel in wat beide ín en ná die erediens, in interaksie met die gemeenskap, gebeur.
- ’n Erediens waarin aktiewe pogings aangewend word om die **gaping tussen liturgie en lewe te oorbrug**, is ’n erediens wat in die rigting van gestuurdheid beweeg.

## 15. NUWE NADENKE OOR DIE KERK AS MISSIONALE GEMEENSKAP

### 15.1 *Imago Trinitatis*

Die kerk lewe in die Triniteit, en is daarom *imago Trinitatis*. Dit beteken dat die kerk ’n gemeenskap is in navolging van die innige en selfopofferende gemeenskap tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Die kerk is gemeenskap, nie ter wille van gemeenskap nie, maar ter wille van deelname aan God se sending. Die *missio Dei* is in wese kommunikaal en gemeenskaplik – en so ook die *missio ecclesiae*.

### 15. 2 ’n Verbondsgemeenskap

Die kerk van die Here Jesus is ’n verbondsgemeenskap waarin daar vir almal plek is. Gemeenskap (*koinonia*) beteken dat mense ander se belange bo hulle eie stel, dat hulle die verbond wat God met hulle gesluit het, met ander deel. Alles wat God aan ons gee word as God se eiendom beskou en daarom vrywillig gedeel. In so ’n gemeenskap is eensgesindheid, vrede, onderlinge diens en onderskraging ’n voelbare werklikheid. Hierdie dinge gebeur in die kerk omdat die kerk in die viering en verkondiging van die nuwe hemel en aarde wat op pad is, nou reeds iets van sy boodskap konkretiseer. As die kerk ’n stukkie van die wêreld word waarin iets van die koninkryk reeds sigbaar is, beteken dit dat ’n stuk van die wêreld reeds verander is. Die kerk is nie net daar vír die samelewing nie maar ís ook self ’n samelewing met ’n eiesoortige interne politiek, ekonomie en kultuur.

**16. NUWE NADENKE OOR DIE JEUGBEDIENING EN KATEGESE IN 'N MISSIONALE KERK**

Die NG Kerk se jeugbediening en veral die kategese moet uitdrukking gee aan die identiteit en wese van die kerk as missionale gemeenskap. Die vreemde konteks waarin die jeug hulleself bevind is deel van die "wêreld" waarheen die Here sy kerk stuur. Die globale postmoderne kultuur waarin die jeug in ons tyd leef, het tot gevolg dat ampsdraers en lidmate wat jongmense begelei soos sendelinge in 'n vreemde land, 'n nuwe taal en kultuur moet aanleer om die goeie nuus in 'n nuwe taal in hierdie vreemde wêreld te verkondig.

Dis verkeer loop egter ook in die teenoorgestelde rigting. Juis omdat jonger mense uit die staanspoor hulle weg in hierdie omstandighede moet vind, kan hulle op hulle beurt die kerk help om ook haar pad in die vreemde nuwe konteks te vind, om te verstaan wat om haar aan die gebeur is!

'n Deel van die roeping van die kerk is om die regte waardes by jongmense te vestig én om die jeug te lei om hulle eie deelname aan God se sending te ontdek. Die sewe waardes van missionale kerkwees wat hierbo genoem is, kan help om 'n missionale bewussyn by jongmense te kweek en behoort op die agenda van kategetiese onderrig te wees. Die twee vrae wat aan elke lid van 'n missionale gemeente gevra word, moet ook aan die jeug gestel word: Wat is God besig om te doen? Hoe kan ons as gelowiges aansluit by sy werk, by wat Hy reeds op aarde besig is om te doen? In die kategese moet vanselfsprekend ook aandag aan die konteks waarin ons leef gegee word, asook van die roeping wat God op almal betrekking het, óók op die jeug.

**17. NUWE NADENKE OOR DIE PUBLIEKE GETUIENIS VAN 'N MISSIONALE KERK**

Die kerk se publieke getuienis vind in die eerste plek uiting in die lidmate se deelname, op alle vlakke van die samelewing, aan die publieke dialoog oor al die sake wat in die samelewing van belang is. Omdat die kerk die transformasie van die wêreld as prioriteit het, en nie los van haar verhouding met die wêreld verstaan kan word nie, en omdat ons as Gereformeerdes altyd die koninkryk as wyer as die kerk sien, kan ons nie oor die missionale kerk praat sonder om aan die publieke getuienis van die kerk aandag te gee nie.

Vanuit 'n koninkryksperspektief is alle teologie publieke teologie. Ons Gereformeerde teologie se fokus is op die heil van hierdie wêreld, en moet daarom in gesprek wees met die politieke, kulturele, opvoedkundige, ekonomiese en ekologiese aspekte van die samelewing in ons dag, en nie net die persoonlike en "kerklike" nie.

Die kerk word geroep om die beswil van die wêreld bo die belange van die kerk te plaas, en ons publieke getuienis vra dus na die agenda wat hierdie wêreld, hierdie konteks, op ons tafel sit. Hierdie getuienis vra met tye 'n kritiese stem, met tye 'n dialoog met verskillende rolspelers, en met tye 'n erkenning van God wat besig om sy wil in hierdie wêreld te laat geskied deur mense en instansies wat los staan van die kerk.

**18. NUWE NADENKE OOR TEOLOGIESE OPLEIDING**

Missionale leierskap gaan oor die verandering (transformasie) van mense en instellings wat deur God geroep word om by sy sending in die wêreld aan te sluit. Dit is die taak van die kerk om 'n omgewing te skep waarbinne die mense van God in 'n spesifieke omgewing kan floreer. Missionale leierskap het die opdrag om die hele geloofsgemeenskap toe te rus om in alle fasette van die lewe met die evangelie van Jesus Christus na mekaar én na die hele wêreld uit te reik.

Die vraag wat na vore kom, is hoe die kerk se teologiese opleiding meehelp om hierdie soort missionale leierskap te koester en te ontwikkel. (Die saak word meer volledig in 'n verslag van die Algemene Kuratorium bespreek).

Teologiese opleiding behoort ten minste aan die volgende aspekte van missionale leierskap aandag te gee:

- 'n Teologiese verstaan van geloofsonderskeiding en hulp aan studente om geestelik gevorm te word. Dit sluit opleiding rondom luisterprosesse in. Onderskeiding is die hart van Christelike leierskap. Dit het alles te make met 'n gemeenskaplike onderskeiding van die toekoms waarheen die Gees die geloofsgemeenskap nooi. Dit beteken ook onderrig om die Skrif te verstaan vanuit 'n konsekwente missionale hermeneutiek.

- Die ontwikkeling van kennis en vaardighede met betrekking tot klimaatskepping – die kultivering van ’n omgewing waar God se werk in die gemeente en in die konteks van die gemeente onderskei word. Kennis en vaardigheid oor die aard van kultuurverandering is noodsaaklik.
- Onderskeiding vind in die gemeenskap van gelowiges plaas. Daarom moet aspekte soos insig in die funksionering van netwerke en gemeenskaplike onderskeiding spesiale aandag kry. Dit raak ook sake soos spanwerk, insig in die dinamika en sinergie van spanne en synergogie (waar kennis verwerf word in ’n groep en deur samewerking in spanne.)
- Leierskapsontwikkeling beteken leiers word toegerus met vaardighede om transformasie te verstaan en te begelei.
- Missionale leierskap is om God se voorkeurtoekoms te leef, te verstaan en te beskryf. ’n Missionêre leier begelei die gemeente om met toewyding deel te word van God se sending in die wêreld op pad na die toekoms. Leierskapsontwikkeling sal dus noodwending heelwat aandag aan die eskatologie gee.
- Een van die heel belangrikste aspekte is die vorming van ’n missionale spititualiteit.
- Leierskapsopleiding vir missionale kerke beklemtoon innovasie. Dit is opleiding wat kreatiwiteit en verbeeldingskrag aanmoedig en ondersteun. Dit het ook te doene met die krag van metafore en narratiewe en die vermoë om oop, skeppende vrae te vra.

**19. NUWE NADENKE OOR DIE KERKORDE**

Hierdie nadenke oor die missionale aard van die kerk het vanselfsprekende implikasies vir die Kerkorde van die NG Kerk. Die missionale identiteit van die kerk noodsaak ’n nuwe besinning oor die wyse waarop die kerk georganiseer word en beleid bepaal word. Die volgende sake is van belang:

- Die Kerkorde staan in diens van die kerk en reflekteer die kerk se identiteit, gebruike en ordelike reëlings. Die uitgangspunt van die Kerkorde is om die wese en roeping van die kerk te omskryf. Transformasie van die kerk en die groei na ’n nuwe verstaan van die missionale aard van die kerk en haar gemeentes, moet dus neerslag vind in die Kerkorde.
- Die wese en roeping van die kerk kan saamgevat word in twee basisbegrippe – die **apostolaat of gestuurdheid** van die kerk en die **belydenis** van die kerk. Die kerk is net kerk as die kerk se missionale aard verstaan word – daar is reeds gesê dat sending nie iets is wat die kerk *doen* nie, maar wat die kerk *is*. Die kerk is ook net kerk as die naam van die Here reg bely word. In die geval van die NG Kerk spreek Artikel 1 van die Kerkorde die belydenis van die kerk duidelik aan. Die kerk se verbondenheid aan en identiteit as Gereformeerde kerk, soos uitgedruk in die Formuliere van Eenheid, word ondubbelsinnig gestel. Die missionale aard van die kerk kom egter eers in hoofstuk 4 onder die “Arbeid van die kerk” aan die orde.
- In die “Inleiding tot die Kerkorde” van 2004 staan dat die Kerkorde die grondslag behoort te lê vir nuwe strukture en werkswyses wat uitdrukking gee aan die NG Kerk se roeping in Afrika en Suid-Afrika. Dit beteken dat die missionale aard van die kerk saam met die oriëntasie ten opsigte van die belydenis ter sprake behoort te kom. Die belydenis van die kerk is wat die kerk as gestuurde gemeenskap bely – die evangelie van Jesus Christus. Dit was byvoorbeeld die geval met die Nederlands Hervormde Kerk. Dingemans beskryf die feit dat die apostolaat en belydenis bymekaar hoort en dat die apostolaat die belydenis bepaal, as volg: Die kerk is eerder ’n beweging in die stroom van God se ryk as die gestolde vormgewing van die heil. Dit is eerder ’n getuigende klomp pelgrims as belydenisbewakers wat angstig bymekaar sit.
- ’n Voorbeeld hiervan word gevind in die bestaande Kerkode van die Protestantse Kerk in Nederland (PKN), waar die heilige algemene Christelike kerk in Artikel 1 beskryf word as ’n kerk wat lewe uit God se genade en ’n kerk wat die opdrag van die Here vervul deur die Woord te hoor en te verkondig. Die kerk se verbondenheid aan die belydenisskrifte word bely, sowel as die feit dat die kerk in die wêreld gestuur is om die heil van Christus te verkondig.
- Die Presbiteriaanse Kerk in die VSA (PCUSA) stel dit as volg in Artikel 1 van hulle Kerkorde: “Christ calls the Church into being, giving it all that is necessary for its mission to the world, for its building up, and for its service to God. Christ is present with the Church in both Spirit and Word. It belongs to Christ alone to rule, to teach, to call, and to use the Church as he wills, exercising his authority by the ministry of women and men for the establishment and extension of his Kingdom.” Artikel 2 handel oor die doel van die kerk en bevestig die belang van die verkondiging van die boodskap van verlossing.

Die herskryf van die NG Kerk se Kerkorde is tergelykertyd een van die moeilikste en maklikste uitdagings. Dit is moeilik, aangesien die kragte wat die kerk ‘n blote instelling wil hou en fokus op die instandhouding van die kerk, baie sterk is. Dit wil die bestaande situasie voortsit en sien nie kans om die risiko’s te loop en

kragte te hanteer wat losgelaat word wanneer ’n missionale ekklesiologie die kerk noop om van ’n instelling na ’n beweging te transformeer nie.

Dit is ook ’n maklike uitdaging. Indien die NG Kerk ernstig is oor die missionale aard van die kerk en die stem van die Roepende Gees onderskei wat die kerk dringend uitnooi om aan te sluit by God se werk in hierdie wêreld, sal die transformasie die hoogste prioriteit geniet. Die krag van die Gees is genoeg om al die risiko’s hanteerbaar te maak. Die verbeeldingskrag oor al die moontlikhede wat in God se toekoms op die kerk is, is genoeg om die kerk te beweeg om deel te neem aan hierdie reis. Die herskryf van die Kerkorde is maklik, want as die NG Kerk oortuig is van haar roeping om deel te neem aan God se sending, is dit eintlik niks anders as die onderskeidende opskrifstelling van dit wat die Gees reeds aan die doen is nie.

Daar is reeds ge wys op die belang van kerkplanting. ’n Kerkorde wat ruimte bied vir kerkplanting onder “mense wie se lewens eerder deur hierdie netwerkkultuur as deur hulle geografiese ligging bepaal word”, noodsaak dat die huidige artikel 10 van die Kerkorde geskrap word.

**20. SLOT**

Die NG Kerk het ’n unieke geleentheid om op ’n skeppende en kreatiewe wyse te reageer op groeiende insigte ten opsigte van die wese van die kerk. Dit verg ’n proses van gehoorsame luister en onderskeiding van die wil van God vir ons tyd en vir die NG Kerk. Ook die Kerkorde moet op die dubbele vraag reageer: Waar werk God? Hoe kan ons aansluit by sy werk in die wêreld?

Ons gebed is dat die Algemene Sinode besluite sal neem wat uitdrukking gee aan die gestuurde aard van die kerk en wat die missionale dinamika, wat inherent deel van elke gemeente is, sy vrye gang sal laat gaan.

**21. AANBEVELINGS**

**21.1 Die Algemene Sinode ontvang hierdie beleidsdokument as ’n dokument wat uitdrukking gee aan die geloofsonderskeidende prosesse wat die afgelope dekade aandag aan die wese en aard van die kerk en haar getuienis in die wêreld gegee het. Die Algemene Sinode aanvaar dit as deel van ’n gesprek wat ons help om saam nuwe taal te skep, wat ons lei om nuwe gesprekke te voer en so nuwe, verbeeldingryke moontlikhede vir die toekoms van die NG Kerk te ontdek.**

**21.2 Die Algemene Sinode aanvaar die volgende wysigings aan Die Kerkorde:**

**21.2.1 Artikel 1**
**Lui: “Die aard, belydenis en orde van die kerk”**
**Voeg ’n nuwe artikel 1 in, wat lui: “Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is geroep om deel te neem aan God se sending in die wêreld. Die kerk verkondig die bediening van versoening en die heil van Christus aan alle mense.”**

**Artikel 2: (Artikel 2 word gewysig om die voorstelle m.b.t. die belydenisskrifte te beskryf)**

**Artikel 3: die huidige artikel 2.**

**21.2.2 Artikel 9**
**Voeg by artikel 9.4:**
**“Die predikant is, saam met die ander ampte,**
**verantwoordelik vir:**
**· onderskeiding**
**· kerkplanting ...”**

**21.2.3 Artikel 16**
**Wysig Artikel 16.1 om te lui:**
**“16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike onderskeiding en leiding, bestuur en toesig, en omvat:...”**

**21.2.4 Artikel 53**
**Wysig om te lui:**
**Artikel 53:**
**53.1 Sending is die heilshandeling van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld, en die kerk sluit deur sendingwerk aan by hierdie werk van God. (Alternatief: Deur sending**

**skenk die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees lewe en volheid aan die wêreld, en die kerk sluit deur sendingwerk aan by hierdie werk van God.)**

**53.2 Deur die Woord en Gees vergader God vir Hom ‘n gemeente. Deur dié gemeente:**
*** laat God sy Woord verkondig,**
*** bring Hy die gemeenskap van heiliges uit alle nasies tot stand,**
*** laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer,**
*** laat Hy sy opdrag om die skepping en lewe te bewaar sigbaar tot uitdrukking bring, en**
*** word sy geregtigheid en versoening verkondig.**
**So laat Hy sy koninkryk kom.**

**53.3 Deur sending bedien die kerk die evangelie in al sy dimensies aan mense wat die evangelie nie ken nie of daarvan vervreemd is.**

**53.4 Sending is die roeping van elke lidmaat asook die gemeente. Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem.**

**BYLAE 3**

# MISSIONALE TRANSFORMASIE – VAN OORLEWING TOT IMPAK

(Gesamentlike verslag van die projekspanne vir Gemeentebediening, Lidmaatbemagting, Erediens en Liturgie en Missionale Ekklesiologie)

## 1. AGTERGROND

Die afgelope meer as 'n dekade het die NG Kerk in 'n groot mate duidelikheid gekry oor haar missionale roeping en identiteit. 'n Lang proses van nadenke wat neerslag gevind het in verslae voor sittings van die Algemene Sinode sedert 2007 het uiteindelik gekulmineer in die "Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk" wat deur die Algemene Sinode van 2013 goedgekeur is. Hierdie dokument is ook in 'n bevatlike weergawe deur BybelMedia gepubliseer onder die titel "Gestuur". Die Raamwerkdokument het as agtergrond die verslae wat oor die jare gedien het oor missionale ekklesiologie, die kerk en die konteks, evangelisasie en diversiteit.

Dit wat op die vlak van die Algemene Sinode plaasgevind het, weerspieël ook dit wat in gemeentes gebeur het. Talle gemeentes het oor hierdie tyd hulle missionale roeping en identiteit ontdek en prakties daaraan gestalte gegee. Nuwe energie het losgekom en op talle maniere is gemeentes tans besig om daadwerklik koninkryksgerig te leef en so tekens van God se koninkryk in die samelewing op te rig.

Die werk wat op ekumeniese vlak in hierdie verband gedoen word, dien ook as verdere impetus vir die missionale transformasie van die NG Kerk. In 2013 het die Wêreldraad van Kerke by sy vergadering in Busan, Korea, vir die eerste keer in meer as dertig jaar 'n belangrike beleidsdokument oor sending en evangelisasie goedgekeur met die naam "Together towards life: Mission and evangelism in changing landscapes". (Die vorige beleidsdokument, "Mission and Evangelism: An Ecumenical Affirmation", is in 1982 goedgekeur.)

Dit is alles tekens van 'n missionale ontwaking in die NG Kerk. Met die verskyning van die Raamwerkdokument wil dit voorkom asof die eerste fase van die ontwaking nou 'n punt van voltooiing bereik het en dat daar nou oorgegaan moet word na 'n nuwe fase – 'n fase waarin die nuwe denke op 'n wye vlak grond moet begin vat in die gemeentes van die NG Kerk. Met die goedkeuring van die Raamwerkdokument is die NG Kerk se Missionale Ekklesiologie nou min of meer gevestig. Die fase van Missionale Transformasie begin nou vorm aanneem. (Dit beteken nie dat die werk van Missionale Ekklesiologie afgehandel is nie. Die teorie bly dinamies en groeiend. Die navorsing gaan voort.)

Hierdie fase behels die praktiese implementering van die beginsels van missionaliteit wat helder en duidelik in die Raamwerkdokument geformuleer is. Dit behels ook dat daar oor 'n wye front hande gevat sal word en groter samewerking sal plaasvind. Insette vanuit die praktyk ('best practices') sal met mekaar gedeel moet word en materiaal wat plaaslik ontwikkel word sal in die wyer kring beskikbaar gestel moet word. Dit moet gepaard gaan met 'n groter intensionaliteit en doelgerigtheid. Dit taalhuis is gebou. Ons moet hierdie huis nou meubileer en bewoon. Hiervoor is 'n *netwerk* nodig.

## 2. WERKSWYSE

Met die werksaamhede van die projekspanne vir Lidmaatbemagtiging, Missionale Ekklesiologie, Erediens en Liturgie en Gemeentebediening het dit algaande geblyk dat daar baie oorvleueling tussen die terreine van hierdie projekspanne bestaan en dat 'n mate van koördinering nodig is. Tydens 'n vergadering van die leiers van die projekspanne op 3 Desember 2014 is daar besluit om 'n Netwerk vir Missionale Transformasie te skep.

## 3. DOEL

Die doel van hierdie verslag is om 'n basis of fondament te skep waarop 'n kerkwye Netwerk vir Missionale Transformasie gebou kan word.

## 4. DIE BOUBLOKKE VAN MISSIONALE TRANSFORMASIE

### 4.1 DIE NOODSAAK VAN GELOOFSVORMING

Hoe vind transformasie op 'n denominasionele vlak plaas? Dit is uiteraard 'n ingewikkelde en komplekse proses waarin onder andere teologiese nadenke, geloofsonderskeiding en leierskap 'n belangrike rol

speel. Die belangrikste faktor is egter individuele lidmate op grondvlak binne die konteks van die plaaslike gemeente. Missionale transformasie kan slegs plaasvind indien *individuele lidmate* van kerk se geloof missionaal gevorm word. Daarom behoort dit 'n groot deel van ons fokus te wees. Ons flous onsself as ons dink dat die kerk se hart verander het indien hierdie verandering nie óók in die hart, niere, murg en gebeente van die lidmate van die kerk plaasgevind het nie.

Suksesvolle transformasie behels nie net die verandering van 'n lewens- en wêreldbeskouing nie, dit behels die omvorming van die diepste begeertes van die hart, die diepste strewes en die grootste drome van mense. In die woorde wat aan Antoine de Saint-Exupéry, die skrywer van The Little Prince toegeskryf word: *"If you want to build a ship, don't drum up people to collect wood and don't assign them tasks and work, but rather teach them to long for the endless immensity of the sea."* (soos aangehaal in Smith, James K. A. 2013. Imagining the Kingdom (Cultural Liturgies): How Worship Works (Kindle Locations 403-404). Baker Publishing Group. Kindle Edition.)

Calvyn beklemtoon hierdie diepgaande aard van transformasie op 'n paar plekke in sy *Institusie:*


- *Christus is dus vir ons van geen nut nie, totdat ons so met Hom verenig is deur die Heilige Gees dat ons vlees van sy vlees en been van sy bene is.* (3.I.3)
- *Wat die verstand in hom opgeneem het, moet daarna in die hart uitgestort word* (3.II.36)
- *Want die evangelie is 'n leer van die lewe en nie, soos die ander wetenskappe, maar net van die verstand en die geheue nie. Dit word dan eers aangeneem as dit die hele siel in besit neem en in die diepste van die hart rus.* (3.VI.4)
- *Ons gee die eerste plek aan die leer, omdat ons saligheid daarmee begin. Maar dit moet in ons hart ingeplant wees en ons wandel beheers, anders is dit vir ons onvrugbaar.* (3.VI.4)

Calvyn het gesnap dat werklike lewensverandering nie moontlik is nie as die boodskap van die evangelie nie ook in die hart en siel van die mens neerslag gevind het nie. Geloofsvorming is nie iets wat net in die verstand van die mens plaasvind nie.

Die werksaamhede van al vier taakspanne moet dus op hierdie uitkoms gefokus wees: *Die missionale geloofsvorming van lidmate.* Die vraag moet telkens gevra word: Hoe kan ons die harte en siele van mense missionaal rig? Hoe kan die harte en siele van mense in lyn gebring word met die *missio Dei*?

Indien missionale geloofsvorming die middelpunt en fokus van die taakspanne se werksaamhede vorm kan elke taakspan se eie bydrae hiertoe bepaal word.

Skematies kan dit soos volg voorgestel word:




Die doel van Missionale Transformasie is om uiteindelik die beginsels en waardes van die *missio Dei* in die harte en siele van gelowiges te vestig. Elkeen van die bestaan netwerke lewer 'n eie bydrae hiertoe:

- **Missionale Ekklesiologie** verskaf die teologiese begronding van die hele proses. (Die Raamwerkdokument is die resultaat van diep teologiese nadenke oor die die kerk, die *missio Dei* en *missio ecclesiae*).
- **Erediens en Liturgie** fokus op die rol van die erediens op die missionale geloofvorming van lidmate.
- **Lidmaatbemagtiging** laat die klem op die individuele lidmaat en sy/haar geloofsontwikkeling val en hoe en waar hulle inpas in die *missio Dei*. Missionale gemeentes begin al hoe meer praat van *dissipelvorming*. (Sien verslag van die
- **Gemeentebediening** kyk na die manier waarop gemeentes se bedieningspraktyke en kulture missionaal gerig kan word. Die kultuur van enige organisasie beïnvloed die denke, emosies en gedrag van elkeen wat deel is van die organisasie. Die kultuur van 'n gemeente het derhalwe 'n bepalende invloed op die missionale geloofsvorming van lidmate.

Dit behoort vanselfsprekend te wees dat die jeugbediening van die NG Kerk deel van hierdie netwerk sal vorm.

**4.2 DIE NOODSAAK VAN NETWERKE**
Die vorming van netwerke kan van onstkatbare waarde wees in die Missionale Transformasie van die NG Kerk.

Die doel van netwerkvorming is om hulpbronne te ontsluit en bymekaar te bring met die oog op 'n spesifieke doelwit. Benewens die formele netwerke (Missionale Ekklesiolgie, Lidmaatbemagtiging, Gemeentebiediening, Erediens en Liturgie, Jeug) beskik die NG Kerk familie in Suid-Afrika oor 'n oorvloed kundigheid, mensemateriaal, gevestigde maatskappye (BybelMedia, CLF), kommunikasiemedia (Kerkbode), opleidingsinstansies (drie teologiese fakulteite, Excelsus, Shepherd en Communitas asook Kerkeie Opleiding en die kurratoria) en talle ander formele en informele netwerke (VDDG, Gemeentedienstenetwerk, Jeugnetwerk).

Die rol wat 'n netwerk soos die Suid-Afrikaanse Venootskap vir Gestuurde Gemeentes in die missionale transformasie van gemeentes gespeel het, kan nouliks onderskat word.

Daarom is die vorming van 'n oorkoepelende Netwerk vir Missionale Transformasie 'n dringende noodsaaklikheid met die oog op belyning en die ontsluiting en benutting van die magdom intellektuele en kreatiewe kapasiteit wat reeds in die kerk teenwoordig is.

**4.3 DIE NOODSAAK VAN LEIERSKAP**
Missionale gemeentes is dit eens: geloofsonderskeidende diensknegleierskap is onontbeerlik vir die proses van transformasie. (Sien verslag van die Netwerk vir Gemeentebediening)

Ons moet geen illusies hê oor die omvang van die Missionale Transformasie van die NG Kerk nie. Die uitdaging waarvoor ons staan kan nie die hoof gebied word deur net 'n paar oppervlakkig struktuurskuiwe te implementeer nie (technical challenge). Veranderings in diepgesetelde houdings en gesindhede (adaptive challenge) is nodig. In die taal van Dean Anderson (*Real Leadership*) het ons te doen met 'n "Transition Challenge". Hierdie uitdaging behels "Moving from One System of Values to Another".

Hiervoor is bepaalde leierskapskapasiteite en vaardighede nodig. Uitstekende navorsing hieroor in die Suid-Afrikaanse konteks is onlangs deur Gert Cordier van die Westelike Sinode gedoen. Die resultaat van hierdie navorsing is vervat is sy proefskrif getiteld *Kernkapasiteite van predikant as missionale leier in die vorming van 'n missionale gemeentekultuur.*

Volgens Cordier is missionale leierskap geloofsvormend en geloofsonderkeidend van aard. Hierdie soort leierskap dien deur kennis mee te deel, vaardighede aan te leer, asook gewoontes te vestig en houdings te kweek wat lidmate individueel en gemeentes as geheel in staat stel om na God te luister en Hom te gehoorsaam binne die konteks waarbinne die Here hulle geplaas.

Oor watter vaardighede moet 'n predikant beskik om hierdie rol te vervul? Cordier identifiseer vier vaardighede (hier kortweg saamgevat):

- Die predikant moet 'n gestuurde lewensstyl voorleef en modelleer.
- Die predikant moet die roeping van die gemeente konstant aan die gemeente voorhou en as voorloper en vaandeldraer daarvan optree sodat die gemeente die taal van gestuurdheid kan begin praat.
- Die predikant moet die nodige prosesse binne die gemeente hanteer en fasiliteer en missionale praktyke en gewoontes kweek.
- Die predikant moet geloofsonderskeiding as praktyk vestig en lidmate begelei in geloofsvorming en dissipelskap.

Leiers van missionale gemeentes moet bereid wees om risiko's te loop. Hulle moet koers aandui en daarby hou ten spyte van moontlike uitdagings en terugslae.

In 'n Netwerk vir Missionale Transformasie moet die kwessie van opleiding ter sprake kom. Die meeste predikante van die NG Kerk beskik nie oor hierdie kapasiteite nie. Nie net behoort dit 'n kardinale komponent van die vorming van die teologiese student wees nie maar predikante in bediening moet

verder geskool en toegerus word deur middel van VBO kursusse. Tans kry dit wel tot ’n mate aandag deur gestruktureerde VBO kursusse soos die Sertifikaat in Bedieningsvernuwing.

Daar sal egter baie meer intensioneel te werk gegaan moet word. Die rol van leierskap in missionale transformasie is van kardinale belang. Ons moet hard werk om leierskapskapasiteit te bou.

**4.4 DIE NOODSAAK VAN KULTUURVERANDERING**

Een van die vernaamste take van die leierskap van ’n gemeente is kultuurverandering. Gemeenteleiers kan beskryf word “kultuurargitekte”. Elke organisasie of gemeenskap het ’n kultuur wat bestaan uit ’n komplekse netwerk van simbole, taal en gedrag. Eenvoudig gestel is dit ’n antwoord op die vraag: “Hoe doen ons dinge hier?”. Kultuur word geskep deur subtiele en minder subtiele boodskappe wat mense hoor oor wat van hulle verwag word in terme van denke, emosies en gedrag. In ’n sekere sin is mense tropdiere. Hulle wil inpas en hulle pas hulle gedrag dienooreenkomstig aan. Indien dit nie gebeur nie, verlaat hulle die trop of word uitgestoot. In hulle agterkop loop hulle konstant met vraag: “Wat maak iemand soos ek, met mense soos julle, in plek / organisasie / gemeente soos hierdie?” Die antwoord op hierdie vraag openbaar die heersende kultuur.

Gemeenteleiers bepaal intensioneel of onintensioneel, deur die doelbewuste of ondoelbewuste boodskappe (verbaal sowel as nie-verbaal) wat hulle uitstuur, grotendeels die waardes en beginsels waarvolgens die organisasie of gemeenskap funksioneer. Hierdie boodskappe wat uitgestuur word, is ’n belangrike komponent van ’n organisasie- of gemeenskapskultuur. Kultuur word ook oor tyd heen bepaal deur die mislukkings en suksesse, geografiese en demografiese faktore asook deur leiers in die verlede. Wie was die ‘helde’? Wat het hulle gedoen? Hoekom is hulle vereer? Wat is belangrik hier rond? Waaraan word waarde geheg? Wat moet mense doen om aanvaar te word? is vrae wat gevra kan word in die bepaling van ’n kultuur.

Talle (meeste?) gemeentes se kultuur is baie sterk na binne gerig. Groot waarde word geheg aan gebeurtenisse en bedienings wat gerig is op die welstand van die gemeente en gemeentelede self. Opmerkings soos: “Hoekom sal ons ’n brood vir gaste gee as ons self niks het om te eet nie” deur die leierskap van ’n gemeente stuur ’n kultuurbepalende boodskap uit, naamlik: Wat regtig saak maak is ons eie gemeente en ons eie belang.

Organisasie- of gemeenskapskulture speel ’n groot rol in die gedrag van diegene wat deel daarvan is. Dit beskik oor die vermoë om mense te inspireer om hulleself óf onselfsugtig te gee vir ’n saak óf om eie terreine en belange te verdedig. So het sommige gemeentes ’n sterk kultuur van samewerking en ander gemeentes weer ’n kultuur van konflik. Sommige gemeentes het ’n kultuur van gestuurdheid en ander gemeentes ’n kultuur van selfbehoud en na-binne gerigtheid.

In die kerk speel die kultuur van gemeentes natuurlik ’n groot rol in die geloofsvorming van lidmate.

Om hierdie kultuur te verander moet ’n gemeente aandag gee aan drie faktore:

- Die gedrag (insluitend die taal) van die leiers van die gemeente
- Sigbare simbole soos erkenningsgeleenthede (wie kry erkenning vir wat?), dit wat teen die mure van die gemeentefasiliteite aangebring word, besluite van die leierskap van die gemeente (wat dui op dit wat regtig vir hulle belangrik is), die indeling van die begroting ens.
- Sisteme – meganismes waarvolgens die gemeente funksioneer. (Byvoorbeeld: Hoe word die begroting van die gemeente opgestel en bestuur?)

Een van die sake wat baie sterk kultuurbepaald is, by wyse van voorbeeld, is die saak van lidmaatbeskouing. Missionale gemeentes begin al hoe meer te praat van “dissipels” eerder as lidmate. ’n Bepaalde boodskap word so uitgestuur: “Die kultuur in ons gemeente is dat ons wat deel is van hierdie gemeente besig is om nie soseer vir die *gemeente* te werk nie maar vir die *koninkryk*.” (Sien verslag van die Netwerk vir Gemeentebediening)

’n Netwerk vir Missionale Transformasie kan hulpbronne ontsluit en beskikbaar stel vir gemeentes om hulle kulture te verander waar nodig – om ’n na-binne gerigte kultuur te omskep na ’n missionale kultuur. Talle voorbeelde van hoe dit gedoen kan word kan gevind word in die verslag van die Netwerk vir Gemeentebediening.

**4.5 DIE NOODSAAK VAN LIDMAATBEMAGTIGING**

Die Here het elke mens op 'n besondere manier geskep (Psalm 139:14 – vgl. die ESV se "fearfully and wonderfully made"). Ons is die werk van sy hande. Hy het ons gemaak vir 'n doel. Efesiërs 2:10 druk dit mooi uit: [10]*Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.* Die Griekse woord wat hier gebruik word, is die woord *poiema*, wat herinner aan die Engelse woord vir gedig, naamlik *poem.* In talle Engelse vertalings word dit weergegee as "workmanship". Ons kan dus sê dat ons wat in Christus is, 'n unieke kunswerk van God is – gemaak met 'n doel, naamlik om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor ons bestem is.

Dit is binne 'n gemeente waar hierdie unieke eienskappe van elke gelowige ontdek en ontgin moet word. (Sien Efesiërs 4:16 - *Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.*)

In die NG Kerk beskik ons oor 'n magdom potensiaal in die vorm van gawes en talente wat die Here vir gelowiges gegee het. Die uitdaging is om hierdie potensiaal te realiseer. Dit is asof die NG Kerk, net soos Suid-Afrika, met 'n kragkrisis sit. Ons slaag nog nie daarin om die volle potensiële lidmaatkrag te ontsluit en beskikbaar te stel vir die koninkryk nie. In talle gemeentes draai die aktiwiteite nog steeds rondom die predikant of 'n sekere kerngroep lidmate. Baie lidmate beskou hulleself as "sondaars" wat "tot niks in staat is nie".

Die navorsing wat gedoen is onder gemeentes wat gevorder het op die pad van missionale transformasie toon duidelik aan dat bemagtigde lidmate 'n fundamentele voorwaarde is vir hierdie verandering om op 'n diep vlak, in die kultuur van die gemeente, plaas te vind (sien die Netwerk vir Gemeentebediening se verslag).

Leierskap in missionale gemeentes se taak is om die bediening terug te gee vir lidmate. Lidmate moet bemagtig word. Dit behels onder andere:

- 'n Denkskuif (en ook 'n kultuurskuif) by beide leierskap en lidmate.
- Lidmate moet bewus gemaak word van hulle potensiaal.
- Strukture moet soepel en buigsaam genoeg wees om die kreatiwiteit en inisiatief van lidmate te akkommodeer.
- Opleiding en toerusting van lidmate om binne bestaande bedieninge 'n verskil te maak en maar ook om hulle eie bediening te ontwikkel.

Hiervoor moet bestaande hulpbronne ontsluit word en nuwe hulpbronne ontwikkel word. In 'n Netwerk vir Missionale Transformasie kan dit gedoen word. Binne so 'n netwerk kan kennis en vaardighede wat plaaslik ontwikkel word beskikbaar gemaak word vir wye gebruik. Die Netwerk vir Lidmaatbemagiting het met BybleMedia se hulp 'n mediaplatvorm geskep wat verder uitgebou kan word. Hierdie platvorm is beskikbaar by die volgende webadres: www.dissipelvorming.**bybelmedia**.org.za.

**4.6 DIE NOODSAAK VAN VOLLEDIGE EREDIENSTE**

'n Volledige erediens is waar al die transformatiewe elemente teenwoordig is en die volle verhaal van die *missio Dei* vertel word: Die verhaal van God wat sy volk gereeld versamel, hulle informeer, vorm, transformeer en uiteindelik uitstuur om 'n transformerende invloed in die samelewing te wees.

Die versoeking as missionale gemeente om "aantreklike" eredienste te skep en dit so af te water dat dit nie veel meer as 'n "bemarkingsgeleentheid" vir die kerk of gemeente word nie, is groot. Dit is egter nie wat 'n "missionale erediens" is nie. 'n Volledige erediens is in wese missionaal (sien verslag "Die Rol van die Erediens in Missionale Geloofsvorming") in dié sin dat lidmate missionaal gevorm word en uitgestuur word.

Terselfdertyd moet missionale gemeentes ook gasvryheid beoefen en dit moet in die eredienste deur besoekers beleef word. Liturgieë moet geinkultureerd wees sodat dit nie totaal wêreldvreemd vir besoekers is nie. 'n Goeie missionale liturgie slaag daarin om tussen die Schylla en Charybdis van totaal besoeker-georienteerd aan die een kant en totaal ontoeganklik vir besoekers waar hulle soos vreemdelinge en indringers voel aan die ander kant, deur te beweeg. (Sien artikel van Prof Cas Wepener, *Towards a missonal liturgy*. NGTT Deel 49, 2008)

Dit beteken dat die klassieke struktuur en inhoud van die erediens behoue moet bly (vgl. bladyse 5-7 van die *Handleiding vir die Erediens*) maar dat daar groot vryheid ten opsigte van styl behoort te wees om ruimte te laat vir inkulturasie en die afbreek van grense tussen die "insiders" en die "outsiders".

Daar word tans wyd geëksperimenteer met styl in eredienste. Foute word gemaak en lesse word geleer. Beste praktyke word ontdek. Binne 'n netwerk – soos 'n Netwerk vir Missionale Transformasie kan ons by mekaar leer en ons foute, lesse en beste praktyke met mekaar deel.

**4.7 DIE NOODSAAK VAN JEUGBETROKKENHEID**
Vanweë die eiesoortigheid van die jeugbediening funksioneer dit te dikwels op die rand van die kerk. Baie aandag, tyd en geld word aangewend vir jeugbediening en spesialis jeugwerkers word aangestel. Dit is goed. Vir missionale gemeentes is dit egter noodsaaklik dat die jeug baie méér betrek word by die hoofstroombediening van die gemeente. Dit is waar hulle die beginsels, die waardes en kultuur van dissipelskap optel en as jong dissipels van Jesus Christus hulle unieke bydrae maak.

Jeugbedienings moet volledig deel wees van 'n Netwerk vir Missionale Transformasie. "Jongmense is ons gidse op pad na die toekoms" (*Gestuur. Kerkwees tussen gister en môre. 21*).

**4.7 DIE NOODSAAK VAN 'N LANGTERMYN VISIE**
Transformasie neem tyd. Dit word nie oornag afgehandel nie. Vir konsepte om gesnap te word, harte om met ywer en warmte vir 'n saak gevul te word, gedrag om stelselmatig stap vir stap te verander, is nie weke of maande nodig nie maar jare en selfs dekades.

**4.8 DIE NOODSAAK VAN KOMMUNIKASIE**
Die funksionering van 'n netwerk is afhanklik van goeie, helder en duidelike kommunikasie. Die aard van 'n wye netwerk soos die voorgestelde Netwerk vir Missionale Transformasie, waar lede van die netwerk nie baie gereeld persoonlike ontmoet nie, verg die sinvolle gebruik van elektroniese en sosiale media. Daarom sal daar indringend gekyk moet word na die benutting van die internet (webblad, e-pos) asook sosiale media soos Facebook, Twitter, You Tube, blogs en ander.

Gevestigde publikasies soos die Kerkbode (wat die goeie stories van gemeentes vertel) en Lig sal ongetwyfeld deel moet wees van die netwerk. BybelMedia se kundigheid en vaardigheid ten opsigte van publikasies sal van onskatbare waarde wees.

**5. AANBEVELINGS**
**5.1 Die Algemene Sinode ondersteun die vestiging van 'n ~~Netwerk~~ permanente Steunspan vir Missionale Transformasie ten einde die "Gestuurde Manifes" (soos uiteengesit in die boekie "Gestuur" en gebaseer op die Raamwerkdokument – sien "1. Agtergrond" van die verslag) in die praktyk verder te ontwikkel.**
**5.2 Die Algemene Sinode aanvaar dat die werksaamhede van die ~~Netwerk vir~~ Steunspan Missionale Transformasie 'n voortgaande werksaamheid is met die oog op langtermyn kultuurverandering in die NG Kerk.**
**5.3 Die Algemene Sinode dra dit aan die bestaande netwerke (Lidmaatbemagtiging, Jeug, Missionale Ekklesiologie, Gemeentebediening) op om die ~~Netwerk vir~~ Steunspan Missionale Transformasie te vorm, verder uit te bou en te bestuur.**
**5.4 Die Algemene Sinode versoek die ~~Netwerk vir~~ Steunspan Missionale Transformasie om die verdere opdragte aan die netwerke vir Lidmaatbemagtiging, Jeug, Missionale Ekklesiologie, Erediens en Liturgie en Gemeentebediening te formuleer en te koördineer.**
**5.5 Die Algemene Sinode versoek die ~~Netwerk vir~~ Steunspan Missionale Transformasie om so gou moontlik met die verteenwoordigers van die elke streeksinode wat deel is van die Netwerk vir Missionale Ekklesiologie te vergader om steunpunte in die verskillende sinodes rondom missionale transformasie te skep.**

**BYLAE 4**

# SKRIFGESAG EN SKRIFGEBRUIK
## (vgl. Agenda Algemene Sinode 1986, 55-58)

### 3.2 AKTUELE SAKE DEUR BREË MODERATUUR HANTEER

#### 3.2.1 Skrifgesag en Skrifgebruik

**3.2.1.1** Vanaf die AJK is ’n skrywe op 28 April 1985 ontvang waarin kommer uitgespreek word oor teenstrydige standpunte tussen teoloë oor bepaalde Skrifbeskouings en Skrifhanterings. Dit veroorsaak onrus in die breë kerklike lewe en het ’n verlammende effek veral op die geloofslewe van die jeug. In die noodsaaklike gesprek met die Onderwysdepartemente oor die inhoud van Bybelonderrig en Bybelkunde maak hierdie verskille en onduidelikhede dit uiters moeilik.

Die AJK het dus die BM versoek om ’n ad hoc kommissie te benoem om hieroor verslag te doen en duidelike leiding by die eersvolgende Sinode aan die kerk te gee.

**3.2.1.2** Hierdie saak was ook terselfdertyd op die Agenda van die TKK en ook daar is kommer uitgespreek oor sekere rigtings. Die hele problematiek van die Skrifverstaan, Skrifgesag en Skrifbeskouing was ook sterk in die kerklike pers bespreek. Die stuk van die Gereformeerde Kerk Nederland: GOD MET ONS het ook telkens ter sprake gekom. ’n Sinode van een van die Afrikaanse Kerke het dan ook ons Kerk se Skrifbeskouing verkeerdelik gekritiseer in hulle Agenda.

**3.2.1.3** Die BM het dus die afgevaardigdes van die Ned Gereformeerde Kerk in die Tussenkerklike Kommissie aangewys as ad hoc kommissie om ’n stuk oor hierdie saak voor te berei.

Hierdie ad hoc kommissie het op sy beurt die drie Teologiese Fakulteite van ons kerk versoek om elk ’n stuk op te stel met die standpunt soos hulle dit aanvaar.

Toe die drie stukke ontvang is (opgestel aan die hand van 'n eenvormige skema) was daar verbasende eenstemmigheid. Prof. PC Potgieter is toe versoek om dit tot een stuk te verwerk

Die BM het dit met enkele kleinere woordwysigings aanvaar en dit is ook aan die TKK voorgelê as ’n eergawe van die standpunt van die Ned. Geref. Kerk oor Skrifgesag en Skrifgebruik.

**3.2.1.4** Die stuk self word hier in sy geheel weergegee.

**SKRIFGESAG EN SKRIFGEBRUIK**

Die drie teologiese fakulteite van die Ned. Geref. Kerk bied op versoek van die Breë Moderatuur die volgende opmerkinge in verband met die gesag en gebruik van die Heilige Skrif aan as ’n aantal stellings of notisies wet geensins bedoel om ’n volledige behandeling van die onderwerpe te bied nie, maar slegs inspeel op bepaalde sake wat op die oomblik aktueel in die kerklike diskussie is. Daarby word dringend versoek dat verskillende uitsprake as deel van die geheel gelees en verstaan moet word, en nie op hulleself en geïsoleerd uit hulle verband nie. Dit is ook die oortuiging van die Fakulteite dat die Breë Moderatuur hierdie memorandum nie moet hanteer as ’n aanvulling by die bestaande belydenisskrifte van die Ned. Geref. Kerk nie, maar dit moet sien as verklarende aanmerkinge by enkele aspekte van die belydenis.

**1. DIE BEGRIP “TEOPNEUSTIE”**

1.1 Die begrip “teopneustie” druk die geloofsoortuiging uit dat die Heilige Skrif onder die inspirasie of beademing van die Heilige Gees tot stand gekom het (2 Tim 3:16 en 2 Pet 1:21) en deur die blywende en onvernietigbare verbintenis tussen die Heilige Gees en hierdie geskrifte die Woord van God is waardeur Hy lewend tot ons spreek (Heb 4:12). Die verskillende teorieë oor hoe die inspirasie plaasgevind het, probeer om uitdrukking te gee aan die wyse waarop aan die teopneustie van die Heilige Skrif gedink moet word.

**1.2 Die God: mens verhouding**

Die term “organiese inspirasieleer” het in ons kringe gebruiklik geword as verwoording van die belydenis dat die Heilige Gees by die totstandkoming van die Heilige Skrif op sodanige wyse van die diens van mense gebruik gemaak het, dat daar in geen enkele opsig aan hulle

selfwerksaamheid afbreuk gedoen, of die historiese en psigologiese bemiddeling van die openbaring uitgeskakel is nie.

Die Bybelskrywers het klaarblyklik dikwels gebruik gemaak van gegewens wat hulle beskikbaar gehad het. Sons was dit persoonlike herinneringe, soms mededelinge van ander mense, soms oorleweringe wat in dié tyd bekend was, soms selfs skriftelike bronne wat hulle kon raadpleeg. Uit al hierdie gegewens het hulle geput, dit selfs geïnterpreteer en uiteindelik op hulle eie manier weergegee. Maar dwarsdeur die hele proses was die Heilige Gees op ’n besondere wyse werksaam om die resultaat to waarborg. As Auctor primarius het Hy sorg gedra daarvoor dat hulle met hulle skryfwerk presies weergegee het wat sy Goddelike bedoeling daarmee was.

Langs hierdie weg het daar dus ’n boek ontstaan waarvan ons glo dat dit van begin tot einde die onfeilbare Woord van God is, en waarvan die leer “*heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is*” (NGB)

Om uitdrukking te gee aan hierdie **ontstaanswyse van die Skrif binne die verbondsverhouding tussen God en mens, word die term** “*dialogiese inspirasie*” soms gebruik.

**1.3 Die Bybel as Woord van God**

As ons bely dat die Bybel die Woord van God is, bedoel ons daarmee dat hierdie Boek met sy menslike en historiese karakter in sigself die Woord van God is. Nie alleen op grond van die selfgetuienis van die Skrif nie, maar ook op grond van die outopistie van die Skrif waarvan die kerk deur die inwendige getuienis van die Heilige Gees bewus word, bely ons dat daar ’n bepaalde identiteit tussen hierdie menslike woorde en die Woord van God is. Hierdie identiteit is blywend eie aan die Skrif en kom nie telkens tot stand waar mense die Woord van God hoor nie. Die Bybel is nie slegs ’n geloofsboek wat die getuienis van mense aangaande hulle geloof of geloofservarings bevat nie. Dit kom tot ons as die verkondiging van Gods dade en woorde in die geskiedenis van sy omgang met die mense soos dit kulmineer in Jesus Christus as die Vleesgeworde Woord. Ons aanvaar dat die Heilige Skrif in sy geheel en in al sy dele die Woord van God is, en dat dit onmoontlik is om in die Bybel te skei tussen wat van God en wat van die mens kom, of tussen die **inhoud** van Gods Woord en die menslike **vorm** waarin dit tot ons kom.

**2. DIE AARD VAN DIE SKRIFGESAG**

2.1 Die Skrif het gesag, omdat dit die Woord van God is. Die verskille rondom die gesag van die heilige Skrif raak nie soseer die vraag of die Skrif gesag het nie, maar die vraag na die aard van die Skrifgesag.

Die histories-kritiese metode van Bybelondersoek soos dit gedurende die afgelope die eeue ontwikkel het, hanteer die Skrif prinsipieel op dieselfde wyse as elke ander historiese dokument, en dit plaas die belydenis aangaande die onfeilbaarheid van die Skrif onder sware druk. Dit alles het die teologie gedwing om die vraag na die aard van die Skrifgesag baie indringender onder die oë te sien.

**2.2 Kennishorison**

Ook diegene wet in geen enkele opsig wil afdoen aan die absolute gesag van die Heilige Skrif as die Woord van God nie, het dit noodsaaklik gevind om na aanleiding van die algemene aanvaarding van die moderne wêreldbeeld en die verbreding van die kennishorison in bepaalde opsigte genuanseerder oor die gesag van die Skrif te praat. Die Bybel is geen handboek vir wetenskap of geskiedenis nie en is nie aan ons gegee as 'n bron van openbaring oor allerlei aangeleenthede wat oor die breë terrein van ons kennis lê nie. Dit het ’n bepaalde **religieuse skopus of doel**. Dit is aan ons gegee om ons wys te maak tot saligheid, sodat die mens van God volkome kan wees, volmaak toegerus vir elke goeie werk (2 Tim 3:16).

**2.3 Skopus van die Skrif**

Die aanvaarding dat die Skrif ’n bepaalde skopus het, beteken nie die ontkenning van die betroubaarheid en waarheid van alles wat in die Heilige Skrif verkondig word nie (vgl. art 5 NGB), maar vra van ons om alles wat in die Skrif verkondig word, in verband te bring met die doel waarvoor die Skrif aan ons gegee is. Dit moet ons daarvan weerhou om die Bybelse verkondiging te beoordeel op grond van abstrakte, rasionele en positivistiese kriteria vir waar en vals wat nie met die eie aard van die Skrif rekening hou nie. Die uitspraak dat die Bybel geen handboek vir wetenskap of geskiedenis is nie, beteken nie dat die Bybel vir die wetenskap geen betekenis het

nie, of dat die Bybel histories onbetroubaar is nie. Die hele boodskap van die Bybel staan en val juis by die betroubaarheid van die geskiedenis van Gods heilsdade wet daarin verkondig word. Maar die Bybel hanteer hierdie geskiedenis nie op ’n modern-Westerse manier nie, streef nie na wetenskaplik presisie en volledigheid nie en mag daarom nie onderwerp word aan eise wat nie rekening hou, met die historiese en kulturele bepaaldheid van die Bybelse verkondiging en die uitgesproke doel waarmee hierdie verkondiging aan ons gegee is nie.

**2.4 Betroubaarheid**

Wanneer dit eenmaal aanvaar is dat die Heilige Skrif ’n bepaalde skopus het, spreek dit vanself dat alles wat aangaande die Heilige Skrif bely word, in verband met die skopus van die Skrif gebring moet word. So is dit byvoorbeeld duidelik dat alles wat ons van die eienskappe (gesag en betroubaarheid, genoegsaamheid, duidelikheid, noodsaaklikheid) van die Heilige Skrif bely, verstaan moet word in verband met die skopus van die Skrif. Dit beteken nie dat die gesag van die Skrif beperk word deur sy skopus nie, maar dat die gesag van die Skrif nie losgemaak mag word van sy skopus nie. Die Skrif is onfeilbaar, omdat dit in elke opsig beantwoord aan die bedoeling van God daarmee.

**2.5 Waarheidsbegrip**

Wanneer daar nie rekening gehou word met die skopus van die Skrif nie, is die gevaar groot dat daar in die omgang met die Skrif uitgegaan sal word van 'n objektiwistiese of positivistiese waarheidsbegrip wat vreemd is aan die aard en doel van die Skrif. Dit is die geval in die Skrifkritiek wet sedert die agtiende eeu opgekom het en op allerlei wyses die Skrif geweld aangedoen het.

Ongelukkig gaan ook diegene wat ’n direk teenoorgestelde standpunt inneem om die Bybel teen sulke kritiek wil verdedig, dikwels van dieselfde positivistiese waarheidsbegrip uit. Die resultaat hiervan is meestal dat mense dit moeilik vind om die menslike karakter van die Bybel te aanvaar, en dit gee aanleiding tot in fundamentalistiese of ’n biblisistiese houding teenoor en hantering van die Bybel, wat nie reg kan laat geskied aan die eie-aard van die Bybel soos dit aan ons gegee is nie. Dit blyk veral uit die wyse waarop die Skrif uitgelê en gebruik word.

**2.6 Interpretasie**

Dit is noodsaaklik om by die interpretasie en gebruik van die Skrif rekening te hou met sy skopus of bedoeling. Ons glo dat die reformatoriese stelreëls blywende geldigheid het, naamlik dat die Skrif sy eie uitlegger is. Aan hierdie stelreël word geweld gedoen as daar, soos in die biblisistiese omgang met die Skrif, nie voldoende rekening gehou word met die historiese gesitueerdheid van die Skrifwoorde, met hulle heilshistoriese verband, met die ryke verskeidenheid van betekenisse waarin taaltekens gebruik kan word, of met die aard van die literatuurgenres waarmee ons te make het nie. Alles in die Skrif word dan eenvoudig genivelleer en Skrifwoorde word op ’n soms willekeurige en selektiewe wyse, direk en sonder vertolking, op die mens van die hede van toepassing gemaak. Maar aan hierdie stelreël word ook geweld gedoen deur diegene wat met ’n vooropgesette wysgerige hermeneutiek die Skrif aan die verstaansmoontlikhede van die moderns mens wil onderwerp. Dikwels is die vertrekpunt van die wysgerige hermeneutiek positivisties en ignoreer dit die gesag wat die Skrif ook oor ons voorveronderstellings het. Daarom is dit noodsaaklik om daarvan uit te gaan dat die aard van die Skrifgesag deur die Skrif self bepaal word en ten diepste deur die Drie-enige God self.

**2.7 Gevare**

Die hantering van die skopus-begrip in verband met Skrif en sy gesag hou bepaalde gevare in waarvan ons terdeë bewus moet wees. Dit is moontlik dat dit die invalspoort kan vorm vir n dualistiese inspirasieopvatting wat begin werk met 'n onderskeiding binne die Skrif tussen wat werklik van God afkomstig sou wees en wat maar net die historiese en menslike *“verpakking”* sou wees waarin dit tot ons kom. Dit kan ook lei tot pogings om ’n nuwe wysgerige waarheidsbegrip op die Skrif van toepassing te maak, soos byvoorbeeld die begrip *“relasionele waarheid”* waarin die menslike geloofsverhouding tot God mede-konstitutief word vir die waarheid van die Skrif. Hoewel dit waar is dat die waarheid van die Skrif altyd slegs binne ’n geloofsverhouding tot God mede-konstitutief word vir die waarheid van die Skrif. Hoewel dit waar is dat geloof en openbaring neerkom op 'n bipolariteit waarin die menslike geloofspool mede-bepalend word vir wat die waarheid van Gods openbaring (as die ander pool) sou wees nie. In so ’n voorstelling word die geloof nie meer as suiwer reseptief verstaan nie, maar verkry dit ’n kreatiewe en konstitutiewe en dikwels ook kritiese funksie ten opsigte van die openbaring. Elke vorm van versubjektivering van die waarheid van die Skrif moet van die hand gewys word, omdat dit die “*objektiewe”* karakter van die Skrifopenbaring as verbondsmatige werklikheid misken en geloof en openbaring komplementêr op

mekaar betrek, waarby die geloof in feite oor die openbaring gaan heers in plaas van om daarvoor te buig.

Die Bybel het dus in homself gesag, of dit erken word of nie, maar hierdie gesag kom eers in werking, raak eers effektief, wanneer die mens deur die werking van die Heilige Gees voor dié gesag gestel word. Die gesag van die Bybel funksioneer derhalwe binne die verhouding (relasie) waarin die mens tot God staan.

## 3. DIE SAMESTELLING VAN DIE SKRIF

Die Heilige Skrif soos ons dit ken, is saamgestel uit groot verskeidenheid van geskrifte wat oor die eeue heen in 'n gekompliseerde historiese proses tot stand gekom het en versamel is. Ons besit nie meer die oorspronklike manuskripte nie en die groot aantal verskille in tekslesing noop ons tot 'n kritiese en wetenskaplike omgang met die skrifteks ten einde tot die suiwerste moontlike tekslesing te kom. Die wetenskaplike tekskritiek is 'n erkende en aanvaarbare teologiese dissipline.

### 3.1 Tekskritiek, teksvasstelling en Skrifkritiek

Omdat ons bely dat die teks in die oorspronklike tale die weergawe van die Skrif in sy suiwerste vorm is, moet daar steeds getrag word om dit so goed as moontlik vas te stel. In soverre tekskritiek hierdie taak vervul, dra dit dus by tot hierdie ideaal. Hiervoor moet alle moontlike teksgetuies versamel en geëvalueer word.

Die benaming **"kritiek"** word in die teologiese vakterminologie op twee maniere gebruik: Eerstens in die sin van 'n streng wetenskaplike analise wat nie vanuit 'n negatiewe en Skrifvreemde vertrekpunt bepaal word nie; tweedens in die sin van 'n wetenskaplike analise wat wel vanuit 'n sodanige vertrekpunt bepaal word. Die benaming "*tekskritiek"* word by ons in die eerste sin gebruik, *"Skrifkritiek*" in die tweede.

Ons beskou tekskritiek in die sin van die vasstelling van die betroubaarste lesing van ons Bybelteks deur middel van die kritiese aanwending van al die middele wat die moderne wetenskap tot ons beskikking stel, in die besonder van die inwendige en die uitwendige kriteria wat vir hierdie doel ontwikkel is, as 'n **sine qua non** vir die verstaan en voortgaande bestudering van God se openbaring. Hierteenoor word Skrifkritiek as bedrywigheid wat vanuit 'n n rasionalistiese of 'n ander Skrifvreemde vertrekpunt die Skrifgesag aftakel, ten sterkste afgewys.

Hierdie Skrifkritiek moet dus heel duidelik van tekskritiek onderskei word. Dit moet ook onderskei word van wetenskaplike metodes soos literêre-, bronne-, vorm-, redaksie-, en tradisie-analise wat nie **per se** 'n negatiewe voorveronderstelling bevat nie en heel vrugbaar gebruik kan word vir 'n beter verstaan van die Heilige Skrif.

'n Aprioriese aanvaarding van die gesag van die Skrif beteken nie dat ons die oë sluit vir die probleme en eienaardighede van die Skrif soos dit voor ons lê nie. Daar bestaan geen rede om die problematiese fenomene van die Skrif te ontken of die komplekse prosesse wat aan die totstandkoming van die huidige Skrifteks voorafgegaan het, te ignoreer nie. Verantwoordelike Skrifstudie moet eenvoudig rekening hou net die elemente van stilering, komposisie en ander faktore wat by die totstandkoming van die Bybel met sy veelheid van literêre genres 'n rol gespeel het.

### 3.2 Verhouding Ou Testament: Nuwe Testament

Wat die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament betref, is ons van oortuiging dat hierdie twee dele van die kánon onder Gods beskikking saamgevoeg is en as die twee komplementerende dele van een geheel verstaan moet word. In die terme *"Ou"* en *"Nuwe Testament"* het die kerk van die begin af die belydenis uitgedruk van die verbondenheid en die verskille tussen hierdie twee dele van die Woord van God. Sowel met die verbondenheid as met die verskille tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament moet in die omgang met die Skrif rekening gehou word. Nie een van hierdie twee testamente kan sonder die ander gelees en volkome korrek verstaan word nie, maar terselfdertyd is dit waar dat elkeen in sy eie reg gehoor en verstaan moet word. Die Ou Testament is in die Nuwe vervul en die Nuwe Testament is in die Oue verborge. Die Nuwe Testament gaan ons daarin voor om Christus op 'n bepaalde wyse reeds in die Ou Testament te vind en die Ou Testament wys bokant homself uit na 'n ryker vervulling wat God in die toekoms sou bewerkstellig. Ons erken ten volle die wetenskaplike legitimiteit van 'n bestudering van die Ou Testament in sy historiese konteks en voorlopig nog afgesien van sy verhouding tot die Nuwe

Testament, mits daaraan vasgehou word dat dit vir die Christelike teoloog nie moontlik is om daarmee te volstaan nie. Christelik gesproke kom die bestudering van die Ou Testament eers tot sy reg as dit in die samehang met die Nuwe gelees word, net soos die unieke boodskap van die Nuwe Testament eers ten volle verstaan kan word in samehang met die Oue.

Ten opsigte van Nuwe-Testamentiese aanhalings uit die Ou Testament is dit duidelik dat die Nuwe-Testamentiese skrywers van die gangbare uitlegmetodes van hulle eie tyd gebruik gemaak het. Sommige van hierdie metodes, soos byvoorbeeld die allegorese, word vandag op grond van moderne hermeneutiese insigte anders beoordeel waarmee egter nie sonder meer die **saaklike** legitimiteit van 'n bepaalde sitaat afgewys word nie, omdat dit onder inspirasie van die Heilige Gees geskied het.

**3.3 Die kanon**

Die proses van kánonvorming het nie plaasgevind nadat die Skrif voltooi is nie, maar het die totstandkoming daarvan vergesel. Dit het alleen later sy finale beslag gekry. Daaronder verstaan ons dat ’n sekere getal Bybelboeke onder leiding van die Heilige Gees aanvaar is as die gesaghebbende en normatiewe Woord van God. Die boeke is nie deur 'n sinode of kerklike instansie as kánon verklaar nie, maar as kánon erken. Dat daar in hierdie proses verskillende faktore meegewerk het, word aanvaar, maar uiteindelik gaan dit gepaard met die belydenis dat die Heilige Gees deur alles heen gelei het sodat op 'n bepaalde tydstip die omvang van die kánon finaal aanvaar kon word. Daarmee bely ons ook dat by die kánon, soos vervat in ons belydenisskrifte, niks meer bygevoeg kan en hoef te word nie. Dit is immers die instrument wat die Heilige Gees daargestel het en wat Hy tans gebruik on die kerk in die volle waarheid te lei.

**3.4 Noodsaaklikheid van die Skrif**

Die uiteindelike skriftelike vaslegging is die wyse waarop die besondere openbaring ’n blywende vorm gekry het. Volgens God se beskikking was dit dié manier waarop sy Woord vir ons onvervals bewaar kon bly, en so ook die blywende besit van die mensdom kon word. Die Woord het in ’n gebroke en sondige werklikheid en tussen sondige en onvolmaakte mense 'n plek gevind. So het die openbaring van God die besit van die nageslag gebly.

Wat die gebruik van die Skrif betref, aanvaar ons dat die Skrif aan ons bepaalde norme bied wat van toepassing is op ons totale lewe en dat dit daarom moontlik is om al ons beslissings in die lig van die Skrif te neem.

**4. SKRIF EN BELYDENIS**

Ons glo dat die Heilige Skrif die enigste norm is vir die belydenis van die kerk. Die belydenisskrifte van die kerk is as norma normata ondergeskik aan die Skrif as norma normans. Die belydenisskrifte dra daarom 'n kerklike gesag in onderskeiding van die Heilige Skrif wat tot ons kom met Goddelike gesag. Die vryheid van eksegese is ’n kosbare kleinnood van die Reformasie en mag nie in die gedrang gebring word nie.

In beginsel bly alle belydenisskrifte van die kerk daarom oop vir hersiening in die lig van die Skrif. Dit beteken egter nie dat die belydenisskrifte daarom geen bindende gesag vir die lidmate van die kerk het nie. Die belydenisskrifte van die kerk verteenwoordig hermeneutiese beslissings vir die verstaan van die Skrif wat deur die kerk by die groot kruispunte in sy geskiedenis geneem is. Hulle ontleen hulle gesag aan die gesag van die Skrif waarvoor hulle erkenning wil verskaf. Miskenning van die belydenisskrifte beteken daarom nie net ’n miskenning van die gesag van die kerk nie, maar dikwels ook ’n miskenning van die gesag van die Skrif.

Dit is die reg en plig van die kerk om rekenskap te vra van enige lidmaat van die kerk wat in sy uitleg van die Skrif in stryd met die belydenis van die kerk kom, juis omdat dit vir die kerk erns is met die Skrif en met die skriftuurlikheid van sy belydenis. Indien dit wel sou gebeur dat iemand op grond van Skrifondersoek tot 'n nuwe visie op die boodskap van die Skrif kom, sal hy horn langs die ordelike weg van 'n gravamen tot die Sinode moet wend vir ’n beslissing. Volharding in 'n standpunt wat teenoor die belydenis staan, moet egter uitloop op leertug.

**3.2.1.5 Aanbeveling**

**Die Algemene Sinode aanvaar die stuk: Skrifgesag en Skrifgebruik as ’n studiestuk wat as riglyn vir lidmate en ampsdraers kan dien.**

**BYLAE 5**

# GESAG VAN DIE SKRIF
## (vgl. Agenda Algemene Sinode 2002, 201-210)

### 5. GESAG VAN DIE SKRIF

#### 5.1 OPDRAG
*Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om opnuut duidelike standpunt oor die gesag van die Bybel as die Woord van God te formuleer.*

#### 5.2 AGTERGROND
5.2.1 Tydens die sitting van die Algemene Sinode van 1986 is die verslag **Skrifgesag en Skrifgebruik** sonder teenstem aanvaar. Sedertdien het die debat oor die Bybel egter eerder toegeneem as afgeneem. Met name die **menslike** karakter van die Skrif as Woord van God, skep heelwat probleme. Sommige vrees dat hierdie aksent die gesag van die Bybel as Woord van **God** mag ondermyn.

5.2.2 Die huidige verslag is nie bedoel as 'n vervanging van **Skrifgesag en Skrifgebruik** nie, maar as aanvulling en verdere verduideliking daarvan. In die lig van die omvang van die problematiek en die totaal onoorsigtelike hoeveelheid ter sake literatuur, is die pretensie hoegenaamd nie om 'n omvattende behandeling van die problematiek te bied nie. Dit is wel 'n poging om groter klaarheid te bring en sodoende 'n sinvoller gesprek moontlik te maak.

#### 5.3 GESAG VOLGENS DIE BYBEL
5.3.1 Daar bestaan 'n wesentlike gevaar dat wanneer ons praat oor die gesag van die Bybel, ons mag werk met 'n gesagsbeskouing wat in stryd is met die siening van gesag **volgens** die Bybel. Die gesag van die Bybel kom ook daarin tot uitdrukking dat dit uiters krities staan teenoor wat dikwels vir gesag in die samelewing deurgaan.

5.3.2 Nie slegs uit enkele losstaande tekste nie (by Rom 13:1,2,4), maar uit die Skrif as geheel is dit duidelik dat in die finale instansie alleen **God** oor gesag beskik. Alle persone en instellings wat ook op gesag aanspraak mag maak, besit dit alleen in 'n afgeleide sin. Dit geld die keiser en die kerk, die pous en die predikant, die apostels en die profete, die sakramente en ook die Skrif. Goddelike verering van enigiets en enigiemand behalwe God self, word verbied deur die heel eerste gebod. Daarom het die Reformasie afwysend gestaan teenoor goddelike verering van die verselfstandigde menslike “natuur” van Jesus **(Jesulatrie)** soos dit by voorbeeld na vore kom in die aanbidding van sy “heilige hart”. Ook teenoor die verering van godsdienstige relikwieë word 'n kritiese standpunt ingeneem, terwyl geensins gunstiger geoordeel word oor goddelike verering van die Bybel as boek (**Bibliolatrie**) nie. **Soli Deo Gloria** (aan God alleen die eer) is die mees sensitiewe senuwee van die gereformeerde geloof.

5.3.3 Daarmee word nie ontken dat daar inderdaad ook afgeleide gesag bestaan nie. In die uitoefening van sy gesag maak die Drie-enige God gebruik van mense en middele. Die apostels en profete is sulke mense; Skrif en sakramente is sulke middele. Net so min as wat die brood en die wyn verander in Christus se liggaam en bloed, net so min hou die Skrif op om gewone mensewoorde te wees ten spyte van die feit dat **deur** hierdie mensewoorde, die Woord van God tot ons kom. Die beskuldiging van die Spiritualiste dat die Reformasie die Roomse Pous net maar verruil het vir 'n Protestantse Papierpous, dui op 'n wesentlike gevaar, maar berus op 'n volledige misverstand. Juis in die tyd van die Reformasie, kom die leer van die Heilige Gees sterk na vore.

5.3.4 Waar die Gees van die Here is, daar is vryheid (2 Kor. 3:17). Gesag **volgens** die Bybel, en derhalwe ook die gesag **van** die Bybel, is geensins die dwang van 'n tiran nie, maar die “sagte geweld” van die Gees. Gods Gees oorrompel nie, maar oorreed. Dit verg nie van ons 'n gewelddadige – en daarom oneerlike – opoffering van ons denke as skepping van God nie, maar wel die kruisiging van ons gevalle, afgodiese denke wat geen grense wil erken nie. Die Heilige Gees skakel nie die menslike verstand uit nie, maar in. Die Gees maak ons nugter en leer ons om ons verstand verstandig te gebruik. Die oorsaak van ons ellende is immers nie ons baie (of min) verstand nie, maar ons gebrek aan gesonde verstand. Die Gees van God gebruik die Woord om ons te oorreed om God lief te hê met ons hele hart, siel, en verstand. Hierdie liefde sluit ons totale wese, ook ons intuïsie, emosie en verbeelding, in. Die onweerstaanbaarheid van God se genade is nie die onpersoonlike onweerstaanbaarheid van byvoorbeeld die wet op Swaartekrag nie, maar die

persoonlike onweerstaanbaarheid van 'n geliefde. Hierdie liefde maak ons nie blind nie, maar heldersiende. Deur die boodskap van die Bybel le die Gees beslag op ons en maak ons sodoende vry.

**5.4 WOORD VAN GOD IN MENSEWOORDE**

5.4.1 In die Bybel as menslike boek, kom die boodskap van God tot ons in die gestalte van mensewoorde. Weliswaar deur die **Heilige Gees** gedrywe, was dit tog **mense** wat gespreek het (2 Pet 1:21). Vanuit 'n spesifieke perspektief kan AA Van Ruler die **gawe van die Gees** 'n selfs groter wonder noem as die **Vleeswording van die Woord**. Terwyl die Woord in Christus **sondelose** vlees word, kom woon die Gees in ons **sondige** vlees. Dit geld ook die Bybelskrywers. Geïnspireer deur die Gees het hulle nie opgehou om mense te wees nie; hulle het selfs nie opgehou om **sondige** mense te wees nie. Hierdie menslike karakter van die Skrif is 'n waarheid wat ons nie tandeknersend moet toegee nie, maar waaroor ons ons moet verheug. Die blote bestaan van die Bybel as boodskap van God, is op sigself reeds 'n heenwysing na die inhoud van die Blye Boodskap: dat God in sy grondelose genade neerdaal na swakke sondige mense, soveel so dat Hy in Christus volkome een **met** ons geword het deur een **van** ons te word. Selfs oor die menslike "foute" in die Bybel, moet ons voel soos oor die littekens in Jesus se hande en voete. Alreeds die **vorm** van die Bybel verwys na sy **inhoud** waarvan die Gekruisigde die kern is (Joh 8:36; 1 Kor. 2:2).

5.4.2 Dat die Bybel volgens moderne standaarde nie voldoen aan wetenskaplike eksaktheid nie, is so vanselfsprekend dat dit verbasend is dat daaroor nog debat gevoer word. Die mosterdsaad is beslis nie die kleinste van alle saad nie (Mark 4:31), maar is nog steeds so klein dat dit werklik onnodig is om daaroor te struikel. Aan die anderkant is die heelal weer heelwat groter (en anders) as die drie-verdieping skepping (Eks 20:4), wat die gangbare siening van destyds weerspieël. Daaruit blyk dat die Woord van God nie bo die werklikheid sweef nie, maar konkreet word in 'n spesifieke tyd en konteks. Juis in hierdie wetenskaplike "swakheid" is die teologiese krag van die Woord geleë. As dit nie in die Bybelse wêreld konkreet ("vlees") kon word nie, sou dit ook nie vandag met ons kon praat nie, want oor 50 jaar is die wetenskap nog weer verder gevorder.

5.4.3 Klaarblyklik maak die Bybel ook geen aanspraak op historiese eksaktheid nie. In Handelinge 9:7 hoor Paulus se metgeselle 'n stem, maar sien niks nie; volgens Handelinge 22:9 het hulle die lig gesien, maar niks gehoor nie. Die weergawes van Judas se dood in Matt 27:3-10 en Hand 1:16-19 verskil so drasties dat dit duidelik is dat daar verskillende tradisies oor hierdie gebeure bestaan het. Volgens 1 Sam 17 het Dawid vir Goliat gedood terwyl die daad in 2 Sam 21:19 aan Elganan toegeskryf word. Reeds in 1 Sam 16 word vertel hoedat Dawid vir Saul op die lier speel, maar nadat Dawid vir Goliat verslaan het (1 Sam 17), ken Saul hom van geen kant nie (1 Sam 17: 55- 57). In Matt. 27: 9v. word Sag. 11: 12v. aangehaal, maar die outeur skryf dit toe aan die profeet Jeremia (vergelyk Jer. 32:6-9). Die voorbeelde kan eindeloos vermeerder word (soos byvoorbeeld die verskillende weergawes van dieselfde gebeure deur die vier evangelies), maar dit is onnodig. Die bewering dat in die oorspronklike manuskripte geen teenstrydighede sou wees nie, help ons nie verder nie, want vir ons is die geloofwaardigheid van die beskikbare Bybel deurslaggewend. En bowendien kan hierdie historiese "teenstrydighede" dikwels verduidelik word vanuit die **boodskap** wat die betrokke outeur wil oordra.

5.4.4 Matteus wil byvoorbeeld aantoon dat Jesus as nakomeling van Abraham en "seun van Dawid" (sien die geslagsregister van Matt 1), die Joodse Messias en Representant van die volk van God in die Ou Testament is. Hy suggereer dit ook deur die wyse waarop hy sy stof in hoofstukke 2 tot 5 in ooreenstemming met die volgorde in Eksodus, kronologies rangskik. In Matt 2 gaan Jesus, soos Israel in die Ou Testament, skuiling soek in Egipte. Wanneer Hy (saam met sy ouers) terugkom, sien Matteus dit as 'n "vervulling" van die woorde van Hosea 11: 1 ten opsigte van die volk Israel: "Uit Egipte het Ek my Seun geroep" (Matt 2:15). Soos Israel deur die Rooi See, gaan Jesus in Matt 3 "deur die water" tydens sy doop. Soos vir Israel, lei die Gees van God (Matt 4) Jesus die woestyn binne. Soos Moses by die berg Sinai vir die volk die Wet van God gee, lees ons in Matt 5 van Jesus se Bergpredikasie.

5.4.5 As dit sou gaan om eksakte historiese feitelikheid, kwalifiseer die Bybel klaarblyklik nie as betroubaar nie. Maar uit die Skrif self is dit glashelder dat **dit** ook nie die bedoeling van die Bybel is nie.

**5.5 GEEN EENVORMIGE INSPIRASIE**

5.5.1 Die hele Skrif is deur God geïnspireer (2 Tim 3:16), maar dit impliseer hoegenaamd nie dat ons moet veronderstel dat hierdie inspirasie eenvormig is en altyd op presies dieselfde wyse plaasgevind het nie. Hoe die inspirasie verstaan moet word, kan ons nie vooraf besluit en dit dan aan die Bybel opdring nie, maar ons moet die gesag van die Skrif laat geld deur dit self toe te laat om die funksionering van die inspirasie aan ons te verduidelik.

5.5.2 Reeds baie inspirasieteorieë is aangebied, waarvan die **meganiese** en **organiese** in ons kringe die bekendste is. Sommige sien inspirasie as die **intuïsie** van 'n godsdienstige genie wat in beginsel nie veel verskil van enige ander vorm van begaafdheid nie. Ander verkies om te praat van **illuminasie** as 'n intensifisering van die ervaring wat elke gelowige met God het. Daar is diegene wat inspirasie verstaan as **diktering** deur die Gees waarby die menslike faktor tot 'n minimum beperk word. Volgens die **dinamiese** siening van inspirasie, speel die Gees 'n deurslaggewende rol sonder om die persoonlike individualiteit van die mens uit te skakel.

5.5.3 Die probleem met al hierdie opvattings is dat hulle daartoe neig om 'n eenvormige siening van inspirasie voor te staan. Die diepste geheimenis van inspirasie sal ons nooit deurgrond nie, maar vanuit die Bybel self kry ons die indruk dat dit op veelvormige wyse geskied. Die rol van die menslike bemiddeling is nie altyd dieselfde nie en kan wissel van heel passief tot heel aktief. Van die profete sê Petrus (2 Petr 1: 21): "Geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig." Wanneer die profete verklaar dat die Woord van die Here tot hulle gekom het (byvoorbeeld Jer. 1:2), het die inspirasie 'n ander vorm aangeneem as by die medikus Lukas wat historiese navorsing doen (Luk. 1:1-4) na aanleiding van die baie tradisies wat in omloop was.

5.5.4 Die boek Spreuke leer ons dat dit die Here is wat wysheid gee (Spreuke 2:6), maar maak geen aanspraak op 'n direkte openbaring van God nie. Paulus kan volhou dat by die evangelie wat hy verkondig (Gal 1: 11v), "nie van 'n mens ontvang of by 'n mens geleer het nie. Inteendeel, Jesus Christus het dit in 'n openbaring aan my gegee". By 'n ander geleentheid egter kan dieselfde Paulus ten opsigte van 'n etiese kwessie erken dat hy in die verband geen bevel van die Here het nie. Dit beteken nie dat sy woord geen gewig dra nie, want hy gee "my eie mening as iemand wat deur die genade van die Here betroubaar is." (1 Kor. 7:25). Hy gee immers sy opinie as iemand wat "ook die Gees van God het." (1 Kor. 7:40). Ook wat hierdie etiese aangeleentheid betref, praat hy as geïnspireerd deur die Gees, maar klaarblyklik lê hierdie inspirasie op 'n ander vlak as die evangelie wat hy verkondig (Gal. 1:9): Want "al sou een van ons of selfs 'n engel uit die hemel aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat ons aan julle verkondig het — die vloek van God sal hom tref!", 'n uitspraak wat hy nog herhaal in die volgende vers.

## 5.6 DIE BYBEL AS OPENBARING

5.6.1 As "Woord van God" is die Bybel die openbaring van God in mensewoorde. Maar in die Bybel tref ons ook mensewoorde aan wat gerig is **tot** God in gebede, lofprysing, klagte ja selfs aanklagte en verwyte. Soms hoor ons die jubel van lofliedere, dan weer die droefheid van Klaagliedere. Psalm 137 sluit af op 'n wyse wat 'n dominee nooit vir sy gemeente sal aanbeveel nie: Vir Babel word gesê: "Gelukkig is hy wat jou babetjies gryp en teen 'n klip verbrysel." Calvyn kan hom uiters onvriendelik uitlaat oor Jeremia se krasse woorde waarin by sy geboortedag, asook die man wat hom nie voor sy geboorte om die lewe gebring het nie, vervloek (Jer. 20:14-18). Calvyn bestempel dit as 'n blinde, kranksinnige impuls wat Jeremia hierdie ondankbare en onbedagsame woorde laat uiter. 'n Mens kan ook dink aan die nogal neerslagtige boek Prediker: "Alles kom tot niks, sê die Prediker, tot niks." (Pred. 1:2).

5.6.2 Nou kan die feit dat selfs verbondskinders sulke woorde kwytraak diegene wat verdruk en depressief voel onder sekere omstandighede tot vertroosting dien. Ook hierdie woorde openbaar God aan ons as iemand wat selfs sulke woorde verduur, verdra en dra op Golgota. Maar woorde van God in die direkte sin van die woord, is dit tog klaarblyklik nie. Dit geld ook die toesprake van Job se vriende wat God verdedig teenoor Job, sonder dat dit God se goedkeuring wegdra. Wanneer ons dus praat van die Bybel as "Woord van God" (enkelvoud) slaan dit klaarblyklik nie op **geïsoleerde** gedeeltes of opsigselfstaande boeke (meervoud) nie, maar op die Bybel as geheel. In die Bybel kom ons selfs woorde van Satan teë. Wat meer is, die Bose kan die Bybel aanhaal in 'n poging om die Vleesgeworde Woord in versoeking te bring. **Sola Scriptura** (die Skrif alleen) beteken derhalwe ook **tota Scriptura** (die hele Skrif) omdat elke onderdeel in die lig van die geheel, en die geheel in die lig van die onderdele verstaan moet word. Die Skrif as geheel, insluitende die woorde van Satan, dien as openbaring van God en is dus God se Woord aan ons. Deur die Bybel as geheel het die Gees beslag gelê op die kerk wat daarin die Woord van God gehoor het. En in die lig van die geheel, kan die Gees deur 'n enkele teks of Skrifgedeelte tot ons spreek.

5.6.3 In die "Woord van God" gaan dit ten diepste om God self. Die kortste samevatting van die Bybel is dan ook die Triniteit. Hoewel Vader, Seun en Gees nie geskei kan word nie, sou ons tog kon sê dat ons in die Ou Testament veral te make het met God as Skepper en Verbondsgod, in die Evangelies met die Seun as Versoener en Verlosser, en in Handelinge en die Briewe met die Heilige Gees as Tolk en Trooster. Maar ons kan enige van die dele slegs verstaan in die lig van die geheel en die geheel slegs in die lig van die dele. Die Woord van God in die Ou Testament word vlees in die Nuwe Testament en telkens aan ons vertolk deur die

Gees wat dwarsdeur die Bybel aan die werk is. As die vervulling van die Ou Testament, is ook die Nuwe Testament belofte van die Voleinding wanneer God Drie-enig alles sal wees vir alles (1 Kor. 15: 28).

**5.7 FEIT EN VERTOLKING**

5.7.1 In die Skrif word vir ons geen geïsoleerde kennis van God op sigself, los van mens en skepping gegee nie, maar ons leer God ken uit sy **geskiedenis** met sy skepping. Uiteindelik sal die aarde “so vol wees van die kennis van die Here, soos die see vol water is” (Jes. 11:9). Tot dan ken ons “et gedeeltelik, maar eendag sal ons ten voile ken soos God ons ten voile ken.” (1 Kor. 13:12). Tot op daardie dag is ons op die Bybel, as die Gees se menslike bemiddeling van die (vlees-geworde ) Woord van God, aangewese. Hierdie kennis is weliswaar nie ten voile nie, maar nie daarom verkeerd nie. Volgens Calvyn is die Skrif ’n akkommodasie van God aan ons bevatlikheid, maar dit beteken nie dat God se wese anders is as sy openbaring nie. Jy sou kon sê dat alreeds uit die feit van akkommodasie aan ons bevatlikheid (swakheid) en sondigheid (dit wil sê sy bereidheid tot vernedering), blyk die aard van sy wese as God van liefde, gemeenskap en genade. ’n Persoon kan jy beter of swakker ken sonder dat jou kennis onwaar is. Juis in die Bybelse geskiedenis leer ons God in sy koms (neerdaling) tot ons ken soos Hy werklik is. Want daar sien ons hoedat Hy saam met sy volk, wat Hy verkies het as verteenwoordiger van die wêreld (Gen 12:3), ’n sak sout opeet wat kulmineer in die Kruis.

5.7.2 Die Triniteit is die kortste samevatting van hierdie geskiedenis van God se neerdaling tot by ons (die Seun) en binne ons (die Gees). Omdat die Bybel hierdie geskiedenis verhaal, is historiese feite vir die Skrif van die allergrootste belang. Weliswaar gaan dit om meer as geskiedenis (byvoorbeeld gebede, spreuke, gelykenisse, etiese voorskrifte), maar alles in die Skrif draai om hierdie geskiedenis. Aan Omri wat menslik gesproke een van die belangrikste konings was sodat buite-Bybelse bronne na Israel verwys as “die land van Omri”, word net 6 versies (1 Kon 16:23-28) afgestaan. Dit gaan nie in eerste plek om wat mense gedoen het of wat ons moet doen (bid, preek, glo, hoop, liefhê ens.) nie, maar om wat God vir ons doen. Daarom sal ons die Skrif ook kan bestempel as getuienis “oor die groot dinge wat God gedoen het” (Hand 2:11), as grond vir wat Hy nog gaan doen. God se woorde is dade, en sy dade is beloftewoorde.

5.7.3 Die sentrale openbaringsdaad van God in die Ou Testament was die verkiesing en verlossing van sy volk uit die slawehuis van Egipte tot seen vir die wêreld. Die klimaks van sy verbondsgeskiedenis met sy volk in die Ou Testament, word in die Nuwe Testament beskrywe as sy reddingsdade in die lewe, sterwe en opstanding van sy Seun. Die belangrikheid van die Bybelse geskiedenis vir die boodskap van die Bybel, blyk byvoorbeeld uit die ooggetuienis van die apostels: “Ons het Hom self gehoor; ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak... Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle...”(1 Joh 1: 1,3). Die getuienis van die apostels dra die karakter van getuienis in ’n hof. Hulle vertel nie vir ons allerlei vrome ervarings nie, maar harde feite; hard soos die kruis, die spykers, die doringkroon, en die leë graf. Sonder hierdie historiese gebeure, het die Bybel geen boodskap nie.

5.7.4 Maar sonder **interpretasie** van die historiese gebeure, is die “feite” op sigself stom. Daar is twee saam met Jesus gekruisig, maar sy kruis was die vloek op die ander twee (en ons) sonde. Dit kan jy nie sonder meer sien deur na die drie kruise te kyk nie. Die betekenis daarvan moet aan ons verklaar word. Eintlik neem ons nooit “naakte feite” waar nie, en gee nooit “blote feite” weer nie. Selfs die kleure en klanke wat ons waarneem, is reeds vorme van interpretasie. Sonder objektiewe feite is geen ervaring moontlik nie; sonder subjektiewe interpretasie bly die feite buite ons bereik. Vir die regte interpretasie is ons afhanklik van God se Woord en Gees. Daarom vertel die Bybel nie maar net feite sonder meer nie, maar wel (on)heilsfeite, dit wil se feit plus interpretasie.

5.7.5 Soms staan verskillende interpretasies van dieselfde feit lynreg teenoor mekaar. In 1 Sam 8 word die instelling van die koningskap in Israel uiters negatief beoordeel naamlik as verwerping van God as Israel se eintlike Koning, terwyl in 2 Sam 7 God Homself volkome verbind aan die Dawidiese monargie. Wat in die een geval ’n onheilsfeit is, word vanuit ’n ander perspektief as heilsfeit ervaar. Maar is enige van die twee interpretasies noodwendig verkeerd? Is dit nie tipies van God as Koning dat Hy Hom (skynbaar) uit hierdie wêreld laat verdring totdat sy Seun, wat terselfdertyd die “Seun van Dawid” is, Godverlate hang aan die kruis nie? is dit nie juis kenmerkend van God dat Hy minusse deurkruis tot plusse nie? Is die groot onheilsfeit van die Kruis (-), nie juis vanuit 'n ander perspektief, die eintlike heilsfeit (+) in die geskiedenis nie?

5.7.6 In naakte feite is die Skrif nie geïnteresseerd nie, maar wel in die betekenis van die feite. En dan blyk telkens dat die boodskap van die historiese gebeure ’n blye boodskap (evangelie) is. Die betekenis van die geskiedenis van Israel met sy klimaks in die Gekruisigde, word deur die Heilige Gees met gebruikmaking van menslike instrumente, aan ons vertolk. In die proses word soms gebruik gemaak van verskillende bronne en tradisies wat tot beskikking was van die finale skrywer, wat in sy weergawe van die bronne, dit opnuut vertolk vir die situasie en konteks van sy tyd. Dus is die Bybel self reeds interpretasie wat in elke tyd opnuut vertolk

moet word. Hierdie hele proses staan onder die inspirasie en leiding van die Heilige Gees. Die inspirasie van die Skrif moet dus verstaan word as 'n historiese proses van mondelinge en skriftelike oordrag binne die verbondsgemeenskap deur die eeue, waarby die gemeenskap as geheel, en sommige indiwidue in die besonder, 'n rol gespeel het.

5.7.7 Die relasie tussen feit en vertolking, is buitengewoon boeiend. Die twee kan wel onderskei, maar nooit geskei word nie. Vir die Bybelse skrywers was die onderskeid tussen feit en interpretasie nie naasteby so belangrik as in die moderne tyd nie. Reeds in die wyse waarop hulle die historiese gebeure verhaal (sien vroeër die verwysing na Matteus), is veel meer bewuste interpretasie as wat deesdae aanvaarbaar is. Sells "fiksie" en "foute" staan in diens van die Waarheid. Ook vandag nog is daar soms verhale oor mense in omloop wat by nadere ondersoek blyk nie feitelik korrek te wees nie, maar opgeneem word in 'n biografie omdat die verhaal die waarheid oor die persoon so skitterend uitbeeld. "Fiksie" kan dus meer waar wees as "blote" feite.

5.7.8 Met 'n bietjie kennis van die Ou Testament kan maklik vasgestel word dat in Matt 1:8 die name van 3 konings van Israel (Ahasia, Joas en Amasia) uitgelaat word. Dit is duidelik dat die skrywer by 3 maal 14 geslagte (42 geslagte) wil uitkom omdat daaraan 'n spesifieke teologiese betekenis geheg word. (Vergelyk die rol van die 42 maande in Openbaring). In 1 Kor. 10:4 maak Paulus gebruik van 'n ou Rabbynse verhaal wat nie histories klop met die Ou Testament nie, waarvolgens die Rots met die volk saamgetrek het deur hulle woestynreis. Paulus is egter nie geïnteresseerd in historiese feitelikheid op sigself nie, maar is besig om die betekenis van Christus aan ons te vertolk.

5.7.9 Na mate die historiese afstand tussen die feit en die tyd van vertolking groter word, neem die feitelikheid dikwels af, terwyl die vertolking toeneem. Soms word dit bykans onmoontlik om tussen feit en interpretasie te onderskei. Aangesien die Nuwe-Testamentiese getuies van die Christusgebeure (lewe, dood en opstanding) veel nader is aan die historiese feite wat hulle vertellend aan ons vertolk, is die duidelikheid ten opsigte van die historiese gebeure waarna hulle verwys soveel groter as wat die geval is met sommige van die Ou-Testamentiese outeurs. Aangesien die Bybel nie in die gebeure op sigself los van die betekenis daarvan geïnteresseerd is nie, hoef afstand egter nie noodwendig 'n nadeel te wees nie. Afstand van 'n gebeure laat dikwels insig in die betekenis daarvan toeneem. In die lig van die gebeure in die Nuwe Testament en onder leiding van die Heilige Gees as die groot Vertolker, is dit moontlik om die boodskap van die gebeure in die Ou Testament beter te verstaan in die lig van die Nuwe. Maar sonder die Oue sou dit totaal onmoontlik wees om die Nuwe hoegenaamd te begryp. Van die Ou Testament geld (2 Tim. 3:15): "Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus."

5.7.10 Die betekenis van die heilsgebeure word in die Bybel op talle wyses vertolk. Dit gebeur alreeds deur die wyse waarop die gebeure vertel word, maar ook in die etiese voorskrifte wat daaruit voortvloei. Wat God vir ons gedoen het, is die fondament waarop die gelowiges se leefwyse gebou word. Anders gestel: Die geloof in God se dade is primer, maar wat die gelowiges doen, is ook 'n wyse waarop wat God gedoen het, geïnterpreteer word. Voorbeelde van ander gelowiges word aan ons voorgehou. Gelykenisse word vertel, briewe word geskryf , toesprake word opgeteken. 2 Tim. 3: 16: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek."

## 5.8 KERK EN KANON

5.8.1 Die werking van die Gees omvat die interpretasie van die Skrif in die Skrif self, maar ook die vertolking daarvan in die verkondiging tot op die hede. Sommige vorme van inspirasie in die Skrif verskil nie wesentlik van wat vandag nog steeds plaasvind wanneer die Skrif verklaar en verkondig word nie. Maar soos in die Bybelse tye is daar ook vandag 'n veelheid van vertolkings wat soms verrykend is, maar ander kere in stryd is met die openbaring van God. Van hierdie dwaalleer lees ons telkens in die Skrif. Dit het die totstandkoming van die kanon genoodsaak. Nie alle verhale en alle uitleg klop met die boodskap van die Gees wat die kerk in die kanon gehoor het en nog steeds hoor nie. Wesentlik verskil die totstandkoming van die kanon nie soveel van wat nog steeds gebeur wanneer iemand God se Woord hoor en hom/haar daardeur laat oorreed om God op sy Woord te neem nie.

5.8.2 Die formele gesag van die Bybel as die kanon van die kerk, is ten diepste gefundeer in sy materiële boodskap (inhoud) en nie in die feit dat die kerk dit as sodanig aanvaar het nie. Voortaan sou hierdie kanon as norm dien, vir die interpretasie van die Blye Boodskap in telkens nuwe situasies. Die erkenning van die kanon was 'n daad van deemoed, waaruit blyk dat die Skrif wel binne die verbondsgemeenskap ontstaan het, maar nie in die eerste instansie die produk daarvan was nie, maar die maatstaf waaraan die kerk gemeet word. As kanon staan die Skrif krities teenoor die kerk.

5.8.3 Die waarheid van die Woord is wel ewig, maar nie tydloos nie. Juis omdat dit ewig is, is dit vir elke tydsgewrig aktueel. Wat in een konteks die waarheid is, is in ’n ander ’n leuen. Die versoeker kwoteer vir die Seun van God (die vleesgeworde Woord) telkens die Woord van God (Mat.t 4), maar dit is keer op keer die verkeerde teks vir die geleentheid. As ewige Woord, kan dit vele vorme en selfs teenstrydige gestaltes in verskillende kontekste aanneem. Paulus wil nie vir Titus besny nie (Gal. 2:3-5), maar is gewillig om dit te doen in die geval van Timoteus (Hand. 16:3).

5.8.4 Nie die letter nie, maar die Gees is deurslaggewend. Weliswaar kom die Gees tot ons deur middel van die letter (woorde) van die Skrif, maar die Gees kan besonder vry omgaan met die letter deur dit nie net te vertaal nie, maar ook te vertolk vir 'n nuwe tyd. Tog bly dit dieselfde Gees. Om dieselfde rede (eerbied vir God) dat Moses by die brandende doringbos sy skoene uittrek, trek ons (voorlopig nog?) Sondae kerk toe ons skoene aan. Boonop is die feit dat ons Sondae kerk toe gaan (en nie Saterdae nie) ’n teken daarvan dat Christus die vervulling (nie vervanging nie) van die Ou Verbond is. Die blote feit dat die 4e gebod in die kanon voorkom, beteken nie dat die kerk dit nog op dieselfde wyse as destyds toepas nie. Die voortgang in die heilsgeskiedenis asook die veranderde konteks, spreek mee. Die gees (beter: Gees) van die adviese wat Paulus aan eienaars gee hoe om teenoor hulle slawe op te tree, bring mee dat in later eeue dit so verstaan word dat slawerny as sodanig liewer afgeskaf moet word.

5.8.5 Soms kan die interpretasie van spesifieke gebeure binne die kanon self krities verskil. Geen krasser teenstelling is moontlik nie, as wanneer 2 Sam. 24:1 ’n daad aan God toeskryf waarvoor in 1 Kron. 21: 1 die Satan geblameer word. Sou ons hier tot ’n keuse gedwing word tussen die twee interpretasies? Maar waarom sou albei uitsprake in die kanon opgeneem wees? Sou dit moontlik wees dat albei aksente in hulle spesifieke konteks die noodsaaklike was? Word die feit dat Josef in Egipte beland het, nie sowel aan die sonde van sy broers en aan die genade van God toegeskryf nie? Dit word wel versag deur te sê dat sy broers hom “verkoop” het, terwyl God hom “gestuur” het (Gen. 45: 4,5), maar binne die tyd val wat God en wat sy broers doen, saam. En wie het Christus laat kruisig? Was dit die Bose of sy Vader? (Luk. 22: 53; Matt 26:56; Mark 14:49. Sien ook Matt 26:31en Mark 14:27). Juis Bybeltekste wat ons die meeste moeite gee, mag die grootste verrassings oplewer.

### 5.9 VONNIS EN VRYSPRAAK

5.9.1 Een van die heel grootste misverstande ten opsigte van die gesag van die Skrif is dat die Bybel in die eerste instansie ’n boek is wat aan ons foutlose **informasie** verskaf, wat ons dan moet sluk of stik. Uiteraard gee die Skrif ook allerlei informasie, maar die funksie van woorde in die algemeen, en God se Woord in die besonder, is dat dit nie blote informasie deurgee nie, maar dinge doen. Wanneer ’n man aan ’n meisie sy liefde verklaar, deel hy haar nie interessante informasie mee nie. Wanneer ons sing van God wat ons sy Woord gegee het, dan moet dit so verstaan word dat God aan sy volk (kerk) trou gesweer het. Daarom dat die Reformasie so lief was om na God se Woord as **belofte** te verwys. Dit is ’n belofte soos wanneer ’n bruidegom sy hart aan sy bruid verpand.

5.9.2 God se Woord, is terselfdertyd ’n daad. Hy oordeel en beoordeel. Sy Woord is soos ’n operasiemes wat kneus om te genees. Hebr. 4:12: “Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart”. Die Griekse woord vir “oordeel” *(krinein)* beteken om te skei. So skei God se Woord die lig van die duisternis, die skape van die bokke, die lewe van die dood, die ou skepping van die nuwe skepping.

5.9.3 In die boek Jona vind ons ’n merkwaardige voorbeeld om te demonstreer dat die Woord nie primer informatief is nie, maar performatief. Indien dit andersom was, was die Woord van God aan die Nineviete ’n leuen, want Nineve is toe nie binne veertig dae verwoes nie. Klaarblyklik was Jona se verkondiging nie bedoel as blote informasie nie, maar as ’n oproep tot bekering. God se Woord het iets bewerk: dit het Nineve bekeer. God se Woord het sy krag bewys deurdat Nineve nie verwoes is nie. En Jona het dit gevrees. Hy het geweet dat wanneer God sê Hy gaan Nineve verwoes, hy wat Jona is, God nie “op sy woord kan neem” nie! (Jona 4:2). Dat God berou het oor die onheil (Ou Vertaling) was deel van Israel se geloofsbelydenis.

5.9.4 Daarteenoor kan ’n mens wanneer God ’n belofte gee, Hom altyd in geloof op sy Woord neem. In Christus die vleesgeworde Woord, vonnis Hy ons en spreek ons vry. Hierdie **performatiewe** (vgl. “perform”) karakter van Gods Woord, wat terselfdertyd daad is, staan in skepping en geskiedenis (verlossing), op die voorgrond. Christus die vleesgeworde **Woord**, is God se groot verlossingsdaad. In sy Woord gee God ons nie allerlei waardevolle informasie oor sy beloftes nie, maar Hy “gee ons sy Woord!” Geloof is dan ook om God “op sy Woord te neem.” Volgens Calvyn druppel onder die verkondiging van die evangelie saam met die stem van die prediker die heilige bloed van Christus op ons neer en staan die paradys voor ons oop. Die Woord is

nie maar net mededelings **oor** die heil nie, maar mededeling **van** die heil. Omdat God in Christus self ons vonnis gedra het en ons dus saam met Christus gekruisig is, word ons ook in Christus se opstanding vrygespreek (Rom 4:25). In die verkondiging van die Woord, word hierdie vryspraak deur die Heilige Gees aan ons gesagvol toegesê. Wie God op sy Woord neem, is erfgenaam van God en mede-erfgenaam van Christus. 2 Kor. 1: 20v: "Hy (Christus, die vleesgeworde Woord) is die "JA" op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop "AMEN" sê." 1 Joh 5: 10-12: "Wie God nie glo nie, maak Hom tot leuenaar, omdat by nie die getuienis glo wat God oor sy Seun gelewer het nie. En die getuienis behels dit: God het ons die ewige lewe gegee, en die lewe is deur sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie." Ongeloof is om God nie op sy Woord te neem nie en Hom sodoende tot leuenaar te maak.

5.9.5 Dit is derhalwe duidelik dat die **sola Scripture** (die Skrif alleen), **sole gratia** (God se genade alleen) en **sola fide** (deur die geloof alleen) onlosmaaklik verbonde is. Hierdie sogenaamde **solismes** verduidelik mekaar oor en weer. Wie die een laat vaar, is ook die ander twee kwyt. Wie egter "buig" onder die gesag van Gods Woord wat ons vonnis en vryspreek, sterf daagliks saam met Christus en staan daagliks saam met Hom op tot 'n nuwe lewe. In die woorde van Luther: "So beluister ook u in die prediking steeds weer die barmhartigheid van God en mag u nie sê "Ek is verlore" nie, net so min as wat u sê: "Ek is goed." Sê liewer: "Ek weet dat ek voor U 'n sondaar is; dit is my oordeel oor myself. Maar dit is dan ook die enigste oordeel; 'n ander oordeel is daar nie. *Want wie in My glo, sal nie veroordeel word nie".*" Daarom sing ons in die kerk: "Wat sou ons dan ooit laat bewe? In die Woord het ons die lewe!"(Lied 255).

## 5.10 TEKS EN INTERPRETASIE

In die verslag Skrifgesag en Skrifgebruik wat deur die Algemene Sinode van 1986 aanvaar is, word in punt 2.6 enkele opmerkinge gemaak oor die interpretasie van die Skrif. Hoewel in die huidige verslag die aksent val op die gesag van die Skrif, is dit ook onlosmaaklik verbonde met die vraag na die gebruik daarvan. In aansluiting by 1986, gee ons enkele riglyne.

5.10.1 Vir die verstaan van die Skrif is die bedoeling van die Skrif van deurslaggewende betekenis. Klaarblyklik is dit nie geleë in wetenskaplik korrekte informasie nie, maar in die heilskarakter daarvan. Volgens die Reformatore is die Woord die eintlike heilsmiddel waaraan die sakramente as "sigbare woorde" hulle heilsbetekenis ontleen.

5.10.2 As "boek van die kerk" kan die Bybel ook alleen verstaan word binne die konteks van die geloofsgemeenskap. Hoewel die gewone lidmaat geen outoriteit is nie, het God sy Gees nie net aan teoloë gegee nie, maar aan sy kerk. Laasgenoemde is in staat om te oordeel of dit die Gees van die Gekruisigde en Opgestane Here is wat hulle hoor in die uitleg van die deskundiges. Daarom is dit alleen moontlik om in gemeenskap met die broers en susters van vandag, en die vaders en moeders van gister en eergister, werklik die stem van die Goeie Herder te hoor. 'n Lewe van afhanklikheid, gebed en bereidheid om te luister, is derhalwe onontbeerlik vir die bestudering van die Bybel. Dit geld sowel die "leek" as die geleerde. Wanneer kerk en teologie van mekaar vervreem, is die gevolge vir beide rampspoedig.

5.10.3 "By die noukeurige bestudering/lees van die Bybel moet rekening gehou word met verskillende aspekte van die teks en sy agtergrond wat in hierdie verband 'n rol moet speel. Alle lesers van die Bybel se lees van die teks word beïnvloed deur bewuste of onbewuste aannames. Dit geld die gelowige Bybelleser, maar ook die sogenaamde objektiewe wetenskaplike/taalkundige/historikus /teoloog. Die Bybel as "boek van die kerk" kan alleen werklik verantwoordelik hanteer word wanneer die leser bereid is om ook erns te maak met die selfaanspraak van die Bybel dat ons hierin die boodskap van God se genade in Christus hoor. Juis wanneer ons só na die Bybel luister, moet ook erns gemaak word met die volgende dimensies van die Skrif.

5.10.4 Die feit dat die bedoeling nie geleë is in historiese eksaktheid nie, impliseer hoegenaamd nie dat die geskiedenis daarom onbelangrik is vir die verstaan van die Skrif nie. Die hart van die heilsboodskap bestaan juis daarin dat die Woord inderdaad "vlees", dit wil sê, deel van ons verskriklike geskiedenis geword het. Historiese navorsing is derhalwe van groot belang vir 'n goeie verstaan van die Skrif, "mits altyd in beskeidenheid erken word dat ons met ons keuse van gegewens, metodes en modelle 'n poging aanwend om die betekenis van die teks en sy agtergrond te benader".

5.10.5 Wanneer erns gemaak word met die teks van die Skrif impliseer dit dat ook erns gemaak word met die historiese konteks daarvan. Aangesien dit geskryf is vanuit 'n spesifieke konteks vir 'n bepaalde konteks, kan die teks alleen goed begryp word binne sy konkrete konteks. Om dit te ontken sal daarop neerkom dat jy ook moet beweer dat kennis van die grondtale onnodig is vir die kerk om die Skrif te verstaan. Natuurlik beteken dit

nie dat elke gelowige 'n outoriteit moet wees nie, maar dit sal rampspoedig wees wanneer hierdie kennis nie meer vir die kerk as geheel beskikbaar is nie.

5.10.6 Die voorafgaande beteken ook nie dat die teks uitgelewer en opgesluit is binne die konteks van destyds nie. Met gebruikmaking van idees en begrippe ontleen aan die kultuur van die tyd, gaan die teks ook skerp krities in teen sy tyd. Mense uit verskillende tye en kulture is boonop nie totale vreemdeling vir mekaar nie, want ons herken oor alle tydperke en kulture been mekaar as medemense. Daarom word ons nog steeds geboei deur Homerus en die Griekse mitologie. Die eendersheid van mense is veel meer opvallend as hulle andersheid. As mense deel ons in dieselfde sonde en skuld, nood en dood. Daarop bied die Blye Boodskap die diagnose en die oplossing en bly daarom aktueel vir elke tyd. Om die Skrif verstaanbaar te vertolk vir ons tyd, moet ons daarom ook kinders wees van ons eie tyd om sodoende die gestaltes van die nood van die wêreld waarin ons leef, in kontak te bring met die Bybelse hoop en bevryding. Dit impliseer nie 'n onkritiese aansluiting by die pre-of (post)moderne tydsgees nie, maar ook 'n konfrontasie en ingaan teen elke kultuurperiode. Eke tydsgewrig moet onder die kritiek van die Kruis deurgaan om te kan deel in die komende Koninkryk.

5.10.7 Van die uiterste belang is dat nie net rekening gehou word met die verskil in konteks tussen destyds en deesdae nie, maar dat in gedagte gehou word die verskillende gestaltes wat die openbaring aanneem binne die verskillende heilshistoriese kontekste in die Skrif self. Daar is by voorbeeld die verskil tussen Ou Testament en Nuwe Testament. Dit is dieselfde God wat Hom openbaar in beide Testamente, maar die gestaltes wat die openbaring aanneem, verskil. In beide lees ons van die worsteling tussen God en mens, maar juis daarom beskryf die Bybel nie vir ons 'n statiese stand van sake nie, maar vertel vir ons 'n dinamiese konkrete geskiedenis. In die Nuwe Testament bereik die konflik 'n klimaks in die konfrontasie aan die Kruis waaruit God tot heil van die mens, as oorwinnaar uit die konflik te voorskyn tree. Hoewel dit om die een geskiedenis gaan, bring dit mee dat die Ou Testament nie reglynig in die Nuwe Testament voortgesit word nie. Daar is sowel verbinding as breuk. Jesus sluit aan by die Wet in die Ou Testament, maar relativeer en radikaliseer dit met sy woorde in die Bergpredikasie: "Maar Ek sê vir julle..." (Matt 5:12, 28, 32, 34, 39, 44). Daar is ook voortgang in sy werk tussen sy verkondiging van Gods Koninkryk in Galilea, en sy dood aan die kruis in Judea. Trouens ook binne die Nuwe Testamentiese geskiedenis is daar breuk en samehang tussen Jesus se lewe, kruisiging en opstanding enersyds, en die uitstorting van die Heilige Gees andersyds. Terwyl Jesus sy dissipels vir eers nog verbied om die huise van heidene binne te gaan, sien ons in Handelinge hoedat sedert Pinkster die kerk as volk van God uit Jodendom en heidendom te voorskyn tree. By die uitleg van die Skrif vir ons tyd, sal ons hierdie verskillende historiese strukture moet verdiskonteer. Elke teks in die Skrif moet in relasie tot sy onmiddellike konteks verstaan word. Maar elke konteks staan weer in 'n wyer konteks sodat geen teks in die Skrif in isolasie van die Bybelse boodskap in sy geheel, vertolk kan word nie.

5.10.8 By die uitleg van die Skrif moet rekening gehou word met die verskillende literêre genres. 'n Apokaliptiese geskrif soos Openbaring of 'n protologiese gedeelte soos die eerste hoofstukke van Genesis, lees 'n mens anders as 'n koerantberig. 'n Historiese verhaal word anders vertolk as 'n gedig. Soms is dit nie moontlik om sonder twyfel vas te stel tot watter genre 'n spesifieke gedeelte behoort nie, maar in sulke gevalle het dit meestal nie groot implikasies vir die boodskap wat dit aan ons oordra nie. Ons praat gewoonlik van die "gelykenis van die barmhartige Samaritaan" hoewel dit nie in die Bybel staan dat dit 'n gelykenis is nie. Ook in die Ou Testament tref ons gelykenisse aan. Vir almal is dit duidelik dat die verhaal wat Natan aan Dawid vertel 'n gelykenis is, maar daar bestaan verskil van opinie wat die boek Jona betref. Aan die boek se boodskap, maak dit egter bloedweinig verskil. Bowendien moet deeglik gelet word op die verweefdheid en interne samehang van die betrokke gedeelte van die Bybel as teks.

**5.11 LIBERALISME EN FUNDAMENTALISME**

5.11.1 In hierdie verslag word 'n poging aangewend om na twee kante afwysend standpunt in te neem, naamlik enersyds teenoor die moderne liberalistiese, en andersyds die moderne fundamentalistiese omgang met die Skrif. In eersgenoemde geval word die Bybelse geskiedenis as teologies onbelangrik beskou. Die belangrikheid van Israel vir ons, het volgens hierdie standpunt niks te make met hulle geskiedenis nie, maar met hulle godsdiens. In radikaal-kritiese kringe word die *religion of Jesus* belangriker beskou as die *religion about Jesus*. Selfs al het Jesus nooit bestaan nie, dan het ons nog altyd die tydlose godsdienstige waarhede van byvoorbeeld die Bergpredikasie. Daarteenoor maak die fundamentalisme die teologiese betekenis van die Skrif geheel en al afhanklik van die natuur-wetenskaplike en historiese korrektheid van die Bybel.

5.11.2 In werklikheid staan hierdie twee skynbaar teenoorgestelde standpunte heel digby mekaar en bevestig weereens die waarheid dat familietwiste die ergste is. Beide onderwerp die Bybel aan 'n krasse vorm van Skrifkritiek wat daartoe neig om die Woord van God kragteloos te maak. Nie een van die twee wil die Bybel in sy konkreet menslike gestalte aanvaar as Woord van God nie, omdat hulle aanstoot neem aan die konkreet

historiese karakter van die Openbaring. Terwyl die liberalisme die Bybel as gevolg van sy diep menslike karakter nie ernstig wil neem as Woord van God nie, poog die fundamentalisme om die Bybel as Woord van God te “red” deur die swakke menslike karakter daarvan soveel moontlik te ontken. In beide gevalle word ons gekonfronteer met ’n rasionalistiese verheerliking van die menslike rede. In beide gevalle word per implikasie aanstoot geneem aan die menslike gestalte van die Woord, wat ten diepste verset is teen die dienskneggestalte van die Kneg van die Here “wat geen gestalte of heerlikheid gehad het, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms dat ons Hom sou begeer nie”(Jes. 53:2 ou vertaling). In beide gevalle heers ’n beheptheid met die letter van die Skrif, wat mense blind maak vir die Gees in die letter. Die Bybel as boek, maak beide blind vir die Bybelse boodskap.

5.11.3 Aangesien in hierdie verslag die standpunt ingeneem word dat die Bybel nie ’n bron van foutlose natuurwetenskaplike en historiese informasie is nie, sal dit seker vanuit fundamentalistiese kringe bestempel word as self ’n produk van die modernisme. Ongetwyfeld is dit waar dat juis die moderne tyd as gevolg van dramatiese groei in kennis, ons diep onder die indruk gebring het van die feit dat die Bybel geen handboek is vir die wetenskap nie. Tog wys onder andere die Ou-Testamentikus John Goldingay daarop dat ook in die premoderne tyd reeds heelwat uitsprake by bekende teologiese figure voorkom wat dui op 'n bewussyn van hierdie waarheid. Origenes beskou Gen. 1 as teologies waar, maar nie as histories korrek nie. Augustinus waarsku mense om nie die Bybel te gebruik as bron vir sterrekundige informasie terwyl nie-Christene weet dat dit nie waar is nie. In die tyd van Calvyn het sterrekundiges reeds besef dat Saturnus groter is as die maan, hoewel die skeppingsverhaal na die maan verwys as een van die twee “groot ligte”. Calvyn betig mense wat sterrekundige informasie gaan soek in Genesis terwyl dit die dinge beskryf soos wat dit vir ons voorkom. Luther kan by geleentheid uiters nonchalant omgaan met onversoenbare feitelike teenstrydighede in die Skrif. Volgens hom kan ’n mens dit ignoreer want dit bring nie die artikels van ons geloof in gedrang nie. Sekerlik is hierdie uitsprake nie kenmerkend van teoloë in die premoderne periode nie, maar tog is dit duidelik dat die inspirasie van die Skrif nie vir hulle sonder meer wetenskaplike foutloosheid impliseer het nie.

5.11.4 Terwyl die fundamentaliste nie erns maak met die vleeswording van die Woord van God nie, neig die liberaliste tot ’n ontkenning van die vleeswording van die Woord van God. Die Bybelse heilsbetekenis van inkarnasie, kruis en opstanding, vind hulle onaanvaarbaar. Reeds tydens die Reformasie was daar die sogenaamde rasionele spiritualiste wat die rede beskou het as die spil waarom alles draai. Uit hierdie kringe word die Hervormers dan ook beskuldig dat hulle aanhangers is van ’n “papierpous”. Nie die historiese Christus nie, maar die “ewige Christus” in ons, word sentraal gestel. Dit is teen hierdie spiritualistiese tendens wat reeds in die vroeë kerk kop uitsteek, dat 1Joh. 4:2v. waarsku: “Hieraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is. En elkeen wat dit nie van Jesus bely nie, het nie die Gees wat van God afkomstig is nie. Hy het die gees van die antichris, die gees van wie julle gehoor het dat by kom en wat nou reeds in die wêreld is.”

**5.12 AANBEVELINGS: GESAG VAN DIE SKRIF:**

**5.12.1 Die Algemene Sinode aanvaar die verslag as riglyn vir ons beskouing oor die gesag van die Skrif.**

**5.12.2 Die Algemene Sinode versoek teologiese dosente van die NG Kerk aan die teologiese fakulteite, Sinodale Kommissies vir Leer en Aktuele Sake, kerkrade en predikantekringe om die verslag indringend te bespreek en skriftelike kommentaar aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake te lewer voor 31 Desember 2003. In die kommentaar moet ook kwessies en terme wat verdere besinning verg, aangedui word.**

**5.12.3 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om in die lig van die kommentaar wat ontvang word, ’n verdere verslag uit te bring oor die gesag en die verstaan van die Skrif.**

**5.12.4 Die Algemene Sinode verklaar dat die gesag van die Bybel as God se Woord, nie ’n dwingelandy is wat ons geestelik verslaaf nie, maar dat God se waarheid ons vrymaak (Joh 8:32). Daarom verg die aanvaarding van die gesag van die Woord nie die opoffering van ons denke wat immers ’n gawe van God is nie, maar wel die kruisiging van ons afvallige, afgodiese denke wat geen grense wil erken nie.**

**5.12.5. Die Algemene Sinode verklaar dat die menslike aard van die Skrif geen bedreiging vorm vir die goddelike karakter daarvan nie, maar dat laasgenoemde juis tot uitdrukking kom in eersgenoemde. Juis in die menslikheid van die Skrif kom die neerbuigende en genadige neerdaling van God, wat kulmineer in die kruis van sy Seun, na vore (Hebr. 1:1). Daarom is die Skrif ook nie aan ons gegee as ’n onfeilbare bron van eksakte natuurwetenskaplike en historiese informasie nie, maar om ons die kennis by te bring “wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus” (2 Tim 3:15).**

**5.12.6 Die Algemene Sinode verklaar dat dit uit die Bybel self duidelik is dat die inspirasie van die Skrif nie op ’n eenvormige wyse plaasgevind het nie. Daarom funksioneer die gesag van die Skrif ook**

**nie oral op dieselfde wyse nie. Ons kan onderskei tussen die hart van die boodskap van die Skrif en sake wat meer op die rand lê, hoewel die rand en hart nie van mekaar losgemaak kan word nie, maar juis in hulle samehang as Woord van God funksioneer. Die geheimenis van die Goddelike inspirasie van swakke menslike instrumente, kan ons nie deurgrond nie, maar omgekeerd deurgrond hierdie inspirasie vir ons en die totale werklikheid waarvan ons deel is, en 16 sodoende gesagvol beslag op ons hele lewe.**

**5.12.7 Die Algemene Sinode verklaar dat die gesag van die Skrif nie gesetel is in geïsoleerde Skrifgedeeltes op sigself nie, maar dat die gesag van elke onderdeel van die Skrif funksioneer binne die geheel van die Skrif en die gesag van die geheel tot uitdrukking kom in die onderdele. Die eenheid van die Skrif is geleë in die eenheid van God (Deut. 6:4) wat as die Drie-enige tot ons neerdaal in die Bybel-se geskiedenis.**

**5.12.8 Die Algemene Sinode bely dat ons met God in aanraking kom deur middel van die geskiedenis wat Hy met die mense gemaak het sons deur die Skrif vertolk. Hierdie geskiedenis bereik ’n klimaks in die koms van Jesus Christus sy Seun, wat in die volheid van die tyd deur die Vader gestuur is as Verlosser van die wêreld. Ook die vertolking op velerlei wyses deur woord en daad, maak deel uit van hierdie geskiedenis. Deur die Gees as die eintlike Tolk en (daarom) Trooster, word ons ten spyte van ons onvolkomenheid en sondigheid, toegerus om nou reeds deur woord en daad binne hierdie gebroke werklikheid, iets te laat blyk van God se genadige neerdaling tot sy skepping.**

**5.12.9 Die Algemene Sinode verklaar dat hoewel God sy Gees aan die kerk gegee het om ons in die voile waarheid te lei (Joh 16:13), die gesag van die Skrif nie primer rus op die bloot formele feit dat die kerk dit as kanon aanvaar het nie. In die Skrif self word reeds duidelik dat die kerk as gevolg van ons sondigheid nog steeds blootgestel is aan dwaling. Daarom is die gesag van die Skrif in die eerste instansie geleë in die inhoud van die Gees se boodskap naamlik God se genade in Christus (Joh 16:14). Hierdie boodskap het die kerk in die kanon gehoor as die kritiese maatstaf vir die verkondiging waardeur ook tussen die geeste onderskei word.**

**5.12.10 Die Algemene Sinode verklaar dat die vonnis en vryspraak wat God in die vleesgeworde Woord oor ons uitgespreek het op Goeie Vrydag en Paassondag (Rom 4:25), met gesag deur die Gees by die lees en verkondiging van die Woord oor ons uitgespreek word. In sy Woord gee God ons “sy Woord” deur al sy beloftes, waarop ons met vrymoedigheid ons durf verlaat vir tyd en ewigheid, aan ons toe te sê.**

**BYLAE 6**

# BESLUITEREGISTER ALGEMENE SINODE 2004, BLADSY 9-10

**5. SKRIFGEBRUIK EN SKRIFGESAG**

Die Algemene Sinode keur die volgende verklaring goed en verwys dit na gemeentes en ringe vir bespreking:

**5.1** Die Nederduitse Gereformeerde Kerk bely, as kerk wat in die Gereformeerde tradisie staan, dat die Bybel die Woord van God is en dat dit daarom:

* *gesag* het oor ons hele lewe, omdat dit aan ons betuig dat ons nie aan onsself behoort nie, maar aan die Here, sodat ons geroep word om in vertroue op Hom en in gehoorsaamheid aan Hom te leef;
* *betroubaar* is, omdat ons vas glo dat God werklik is soos Hy Homself in die Skrif aan ons bekend maak: die Vader, Seun en Gees wat uit genade ons God is;
* *duidelik* is, omdat die kerk hierin die helderheid van die evangelie van God se liefde en genade hoor;
* *voldoende* is, omdat die Heilige Gees ons deur die Bybel alles leer wat ons hoef te weet om in God te glo en om sy wil te gehoorsaam (vlg. NGB Artikel 7).

Daarom bely ons steeds gelowig dat dié waarheid bo alles is.

**5.2** Soos nog altyd vir die Gereformeerde tradisie, beteken hierdie belydenis vir ons nié:

* dat die Bybel vereis dat ons ons denkvermoë, wat 'n gawe van God is, moet opoffer nie;
* dat die Bybel gesien kan word as 'n eksakte handboek vir historiese of wetenskaplike kennis nie;
* dat die hele Bybel so maklik is om te verstaan dat enige mens selfstandig en onmiddellik alles daarin kan begryp nie;
* dat die Bybel vir ons die volle kennis oor alle aspekte van die werklikheid gee, sodat geen verdere menslike nadenke of navorsing nodig is nie.

**5.3** Ons bely verder dat God deur die Heilige Gees die kerk deur die eeue in die waarheid van hierdie Woord lei. Dit beteken vir ons dat ons die Skrif as die lewende Woord van God hoor in gemeenskap met die Heilige Gees en met mekaar. Daarom was die kerke in die Gereformeerde tradisie nog altyd oortuig van die belangrikheid van 'n verantwoordelike interpretasie van die Skrif waardeur die kerk as geloofsgemeenskap onder leiding van die Heilige Gees soek na die waarheid, geregtigheid en barmhartigheid wat God deur sy Woord in ons tot stand bring. Hierdie oortuiging dat die kerk die Skrif moet interpreteer, blyk onder meer uit:

* die klem wat van die begin af gelê is op 'n grondige kennis van die oorspronklike tale (Hebreeus, Grieks en Aramees) waarin die Bybel geskryf is, asook die soeke na die beste metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg;
* die beklemtoning dat die hele Skrif gelees moet word in die lig van die konteks waarin dit ontstaan het, sodat die tyd- en kultuurbetrokkenheid daarvan verreken kan word in die uitleg;
* die soeke na reëls vir die uitleg van die Skrif (voorbeelde van sulke uitlegreëls uit ons tradisie is: dat die Skrif as totaliteit gelees moet word, dat Skrif met Skrif vergelyk moet word en dat die moeiliker dele in die lig van die makliker dele vertolk moet word en dat die Skrif uit sy hart, die evangelie van Jesus Christus, verstaan moet word);
* die onderskeid wat in die uitleg van die Skrif gemaak is tussen verskillende dele van die Skrif wat 'n verskillende soort gesag het (byvoorbeeld die onderskeid tussen die historiese en normatiewe dele van die Skrif, asook die onderskeid tussen die kultiese en morele wetgewing);
* die dankbare, maar kritiese luister na die manier waarop die Skrif in die geskiedenis van die kerk uitgelê is en in ons eie tyd deur medegelowiges in ons eie kerk en ander kerke uitgelê word;
* die vestiging van kerklike praktyke vir die interpretasie van die Skrif, soos veral die prediking, maar ook kategese, Bybelstudie, teologiese studie en andere;
* en veral ook in die daarstel van belydenisskrifte waarin die kerk streef om die hart van die Skrifboodskap duidelik te vertolk en gehoorsaam te aanvaar.

**5.4** Hoewel die kerk in elke tyd anders mag oordeel oor die beste reëls en metodes vir verantwoorelike Skrifuitleg, bly dit vir ons 'n basiese oortuiging dat die belydenis van die Skrif as Woord van God nooit teenoor verantwoordelike Skrifuitleg staan nie. Die belydenis roep ons juis op om onsself, in gemeenskap met mekaar en met al die gawes wat God vir sy kerk gegee het, toe te lê op die soeke na die waarheid.

**5.5** In die lig van hierdie belydenis glo ons dat God ook in die uitdagende tye waarin ons leef, sy kerk deur sy Woord en Gees in die waarheid sal lei. As Gereformeerdes verbind ons ons daartoe om, ook wat die komplekse leerstellige en etiese kwessies van ons tyd betref, in hierdie oortuiging saam te soek na waarheid, geregtigheid en barmhartigheid. Ons glo dat hierdie soeke 'n ekumeniese strewe is, in verbondenheid met die kerk van alle eeue en die kerk dwarsoor die wêreld. Waar ons van mekaar verskil, glo ons dat ons in gesprek met mekaar moet bly, in die gebed dat God ons liefde al meer sal laat toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom (Filippense 1:9-10).

**BYLAE 7**

# SKRIFBEROEP IN ETIESE SAKE
## (vgl. Agenda Algemene Sinode 1990, 124-128)

### 6.22 SKRIFBEROEP IN ETIESE SAKE

**6.22.1 OPDRAG**
Die Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om gedurende die reses ’n studie te onderneem in verband met die Skrifberoep in etiese sake. (Handelinge, Algemene Sinode 1986:541).

**6.22.2 INLEIDING**
In die sinodale rapport aangaande die Skrifgesag (Algemene Sinode, 1986) word die Ned. Geref. Kerk se gehegtheid aan die tradisioneel Gereformeerde leer aangaande die Heilige Skrif herbevestig. Juis daarom sal dit begryplik wees dat dear in hierdie kring besorgdheid bestaan daaroor dat ’n gemeenskaplike Skrifleer nie vanselfsprekend lei tot gemeenskaplikheid in Skrif uitleg nie. Dit val naamlik in ’n toenemende mate op dat lidmate van dieselfde kerk oor belangrike morele kwessies totaal verskillende standpunte inneem en dit skynbaar met ’n beroep op dieselfde Bybel. Die vraag wat hier in die geding is, is nie of daar by etiese kwessies ’n beroep op die Skrif gedoen moet word nie maar eerder hoe dit gedoen behoort te word. Die insig ontstaan dat ’n korrekte leer aangaande die Heilige Skrif nie outomaties uitloop op ’n suiwer Skrifuitleg nie. Daarom word die behoefte ervaar on wyse van Skrifberoep te ontwikkel en te handhaaf wat in ooreenstemming is met die belydenis wat die kerk aangaande die Skrif daarop nahou. Hierdie behoefte kom veral na vore in tye wat gekenmerk word deur drastiese verskuiwings in lewensbeskouing en lewenstyl.
In sowel kerklike as teologiese kringe is daar in die Ned. Geref. Kerk al heelwat aandag geskenk aan die vraagstuk van die Skrifberoep in die etiek. Reeds in 1979 het ’n betreklik uitvoerige rapport in hierdie verband voor die Sinode van Wes-Kaapland gedien. AKLAS is oortuig daarvan dat die basiese insigte wat daarin tot uitdrukking kom reeds in lyn was met die uitgangspunte aangaande Skrifgesag en Skrifgebruik wat die Algemene Sinode in 1986 aanvaar het. In wat hier volg word in ’n groot mate aangesluit by die vermelde rapport van 1979.

**6.22.3 BEREDENERING**
**6.22.3.1 Hermeneutiese uitgangspunte**
Vir die Gereformeerde lewe is die oortuiging kenmerkend dat Christus heers oor en dat die Heilige Skrif gesag het vir alle terreine van ons lewe. Hiermee gaan gepaard die oortuiging dat die Skrif op die regte wyse benader en hanteer moet word. Die hermeneutiese vraag was van die begin af vir die Reformasie van die grootste belang. Die beroep op die Skrif het alleen gesag as dit ’n verantwoorde beroep is, dit wil sê ’n beroep wat ten volle rekening hou met wat die Skrif wil sê. En dit kan alleen vasgestel word wanneer van die juiste uitlegkundige reëls gebruik gemaak word. Dit behoort tot die mees fundamentele reëls vir die uitleg van elke woord van die Skrif dat dit verstaan moet word binne die konteks, wat beteken dat die spesifieke betekenis bepaal moet word in die lig van die verband waarin dit staan in die perikoop, hoofstuk, Bybelboek, die Ou of Nuwe Testament, en die Skrif as geheel met sy sentrale boodskap van die verlossing in Christus en die koms van Gods koninkryk.

Vanuit hierdie oortuiging was die Reformasie van die begin af gekant teen ’n wettiese omgang met die Skrif wat nie na behore rekening hou met die vermelde uitlegkundige reëls nie en die Skrif benader asof dit ’n wetboek met artikels is wat buite verband te pas en te onpas aangehaal kan word. In die sewentiende eeu vloei uit hierdie benadering die onderskeid tussen die normatiewe en historiese gesag van die Skrif voort. Die onderskeiding hang saam met die insig in die aard van die Skrif as ’n historiese boek wat nie hanteer mag word asof alles wat daarin staan, op dieselfde vlak lê, sonder dat daar noukeurig rekening gehou moet word met die vraag waarom dit meegedeel word, in watter omstandighede dit uitgespreek is, aan watter adres dit gerig is en wat die betekenis daarvan binne die raamwerk van die sentrale boodskap van die Skrif is nie. Een implikasie van dié onderskeiding was dat die vaders geweier het om normatiewe betekenis toe te ken aan historiese gebeurtenisse of stande van sake wat in die Skrif dit self binne die konteks van sy boodskap as normatief vir alle tye bedoel. Die beste vermelding van gebeurtenisse of handelswyses maak dit nog nie normatief vir ons nie.

In hierdie verband sou Bavinck later die klem daarop lê dat die openbaring van God aan ons gegee is in die vorm van ’n geskiedenis. Dit het verskillende tye deurloop. Daarom dra die Skrif self ook 'n historiese

karakter, waarmee deurgaans by die uitleg van die Skrif rekening gehou moet word (vgl. Bavinck, Geref. Dogm. I, 429). Volgens die organiese Skrifinspirasieleer is die Bybel die onfeilbare Woord van God, maar die Woord is aan one gegee in die taal van mense, waarby die Heilige Gees nie die eie-aard, persoonlikheid, gawes, historiese gesitueerdheid, kulturele niveau en kennishorison van die Bybelskrywers uitgeskakel het nie, maar dit juis gebruik het on daarin en daardeur die ewige Woord van God aan ons te bring. Waar die Skrif ’n ervaringstaal spreek, beteken dit nog nie dat die wêreldbeeld wat destyds gegeld het, deur die Skrif as openbaringswaarheid gesanksioneer word nie. In die omgang met die Skrif moet dus rekening gehou word met die tydsbetrokkenheid van die Skrifwoorde. Dit beteken dat elke willekeurige beroep op ’n Skrifwoord uitgeslote is.

Hieruit is dit reeds duidelik dat dit volkome benede die maat is as daar op die klank af ’n beroep op bepaalde Skriftekste gedoen word sonder inagneming van die hermeneutiese reëls. Dit gebeur nie alleen wanneer gemeentelede hulle soms op die voorbeeld van Bybelse persone beroep sonder om duidelik te kan maak waarom hulle dit doen nie, maar ook wanneer allerlei Bybelse insettinge op in betreklik willekeurige wyse in die Ou Testament eenvoudig oor die hoof gesien word. In so ’n Skrifberoep gaan dit daar dikwels uiters vreemd aan toe, omdat die persoon wat hom op die Skrif beroep noodwendig ’n keuse maak uit die Skrif en dikwels uit ’n bepaalde hoofstuk vir wat hy as normatief wil beskou, terwyl hy die res eenvoudig links laat lê. En dit alles geskied met die pretensie dat hy na die Skrif alleen wil luister. Hy merk self nie dat hy van bepaalde vooropgesette opvattings uitgaan in sy keuse van waarop by hom op die Skrif beroep nie, en hy laat die hele kwessie van die historiese konteks van die Skrifwoorde buite rekening. Voorbeelde hiervan kan maklik gevind word in die resente diskussies oor aktuele sake soos menseregte, rasseverhoudinge, die posisie van die vrou in die kerk en samelewing, die sabbatskwessie, moderne danse, ens. Dit is noodsaaklik dat die lidmate van die Kerk daarvan bewus gemaak moet word dat so ’n omgang met die Skrif ’n ernstige aantasting van die ware luister van die Skrif is.

**6.22.3.2 Heilsgeskiedenis, beginsels en gebooie**

Ons reformatoriese vaders was baie goed bewus van die historiese karakter van die Skrif, al is dit waar dat die volle konsekwensies daarvan eers sedert die agtiende eeu in die kerk deurgedring het. Dit blyk uit die wyse waarop hulle rekening gehou het met die heilshistoriese voortgang in die Skrifopenbaring. Tussen die Ou en die Nuwe Verbond is dear ’n definitiewe insnyding met die koms van Christus, en daarom moet die Ou Testament nie alleen in die lig van die Nuwe gelees en geïnterpreteer word nie, maar moet daar veral by die Skrifberoep in etiese kwessies rekening gehou word met die heilshistoriese gesitueerdheid van die gebooie in die Bybel, dit wil sê met hulle historiese plek binne die heilsgeskiedenis.

Vanuit die oortuiging dat die Ou Testament in Christus vervul is, is dit dus duidelik dat die insettinge van die Ou Testament nie maar op dieselfde wyse op Christene van toepassing is na die koms van Christus nie. Dit word duidelik in Artikel 25 van die NGB uitgespel. Om duidelik to maak watter gebooie van die Ou Testament nie meer vir Christene geld nie, is gebruik gemaak van die onderskeiding tussen morele, seremoniële en burgerlike wette in die Ou Testament, waarby dit dan duidelik is dat die seremoniële en burgerlike wette in Christus hulle vervulling gevind het en daarom nie meer deur Christene onderhou hoef te word nie, terwyl die morele wette, hoewel ook in Christus vervul, nogtans vir die Christene bindend gebly het. Dit wil nie sê dat die burgerlike en seremoniële wette glad geen betekenis meer vir die Christene het nie. Deur die prediking van die wette word Christene nie alleen bewus van wat in Christus vervul is nie, maar leer hulle ook om te sien wat die waarheid en wese – in morele sin – van dié wette was, en daarom is hulle nog steeds gebonde. Hoewel dear van die onderskeiding tussen burgerlike, seremoniële en morele wette ernstige besware kleef (soos byvoorbeeld dat dit onmoontlik is om die elemente altyd duidelik te onderskei), het die onderskeiding tog gehelp om aan die heilshistoriese voortgang in die openbaring van God reg te laat geskied, en so duidelik te maak dat daar nie maar na willekeur ’n beroep gedoen kan word op sommige Ou Testamentiese insettinge, terwyl ander buite rekening gelaat word nie, maar dat hermeneuties onderskei moet word tussen wat wel en wat nie meer op ons van toepassing is nie. So alleen kan reg geskied aan die element van diskontinuïteit en die element van kontinuïteit tussen die insettinge van die Ou Testament en wat van ons in ons situasie gevra word. As voorbeeld van wat hier bedoel word, ken gesê word ons is nie meer verplig om diere te offer of om ons “tiendes en offergawes” na die “skathuis” te bring nie – Mal. 3:10 – maar ons is natuurlik wel verplig om onsself tot ’n lewende dankoffer aan God te wy met alles wet ons het en is, en dus onder meer ook na ons vermoë as rentmeesters van God by te dra vir die verkondiging van die evangelie en die instandhouding van die erediens.

Die heilshistoriese gesitueerdheid van die gebooie van die Ou Testament maak dit dus moontlik om te onderskei tussen die blywende wil van God en die histories-konkrete uitdrukking wat in ’n bepaalde situasie en in bepaalde omstandighede aan die wil van God gegee is. In die geskiedenis van die Gereformeerde Etiek het hierdie benadering daartoe gelei dat steeds gepoog is om die algemene sedelike

beginsels wat die Skrif vir die Christelike lewe voorhou, vas te stel. Hierdie beginsels geld algemeen en moet onderskei word van voorskrifte wat 'n meer tydgebonde karakter het en wat hier sonder meer vir Christene van alle tye geldend is nie. Uiteraard moet gewaak word daarteen dat hierdie wyse van Skrifberoep nie uitloop op die hantering van die Skrif as 'n opslagplek van algemene beginsels waaruit dan op 'n skolastiese manier afleidings gemaak kan word wat nie meer in direkte verband staan met die ware bedoeling van die Skrif nie. By die bepaling van wat die algemene sedelike beginsels van die Skrif is, moet die totale boodskap van die Skrif ter sprake gebring word.

Die wyse van omgang met die Skrif wat hier beoog word, word ondersteun deur 'n eksegeet soos H.N. Ridderbos, wat daarop wys dat deur Paulus 'n groot aantal konkrete gebooie en voorskrifte voorkom, wet telkens saamhang met die historiese en wisselende situasie waarin die gebod van God gehoorsaam moet word. Wanneer hierdie voorskrifte egter van nader bekyk word, blyk dit dat die konkrete voorskrifte, ondanks hulle toespitsing op konkrete situasies, tog deur Paulus self in verband gebring word met algemene sedelike gesigspunte en leef-reels soos dit in die geopenbaarde wet van God neergelê is. Paulus voed ook sy gemeente op om vanuit sulke algemene gesigspunte hul konkrete vrae te benader.

Die konklusie wat uit hierdie oorweging getrek ken word, is dat dit nie slegs vir die Ou Testament geld nie, maar die hele Bybel, dat daar nie op 'n willekeurige wyse en op die klank af 'n beroep op die konkrete gebooie en insettinge van die Skrif of 'n bepaalde stand van sake gedoen kan word, asof hulle sonder meer in dieselfde vorm vanselfsprekend vir die kerk van alle eeue normatief is nie. Daar moet uitlegkundig onderskei word wat presies die bedoeling van sulke gebooie is in die spesifieke historiese situasie waarin hulls gegee is, ten einde te kan vasstel hoe dit konkrete uitdrukking verleen aan die blywende wil van Gad soos dit in die wet van God neergelê is, voordat beslis kan word oor die vraag hoe daardie konkrete gebooie in die nuwe situasie van vandag gehoorsaam moet word.

**6.22.3.3 Funksionering van die Skrifgesag**

Die rede waarom Gereformeerde teoloë soveel klem gelê het op die onderskeiding tussen God se algemene gebod en die konkrete, tydsbetrokke toepassing daarvan, is dat so nie slegs aan 'n ongeoorloofde Bybeluitleg ontkom kan word nie, maar terselfdertyd ook die blywende betekenis van die gebooie van die Skrif vir die kerk van alle tye gehandhaaf kan word, ondanks die historiese karakter van die Skrif. Veral die laaste gesigspunt is uiters belangrik in die lig van die groot kulturele en historiese opstand tussen die Skrif en die moderne tyd.

In die Ou Testament het ons te make met die kultuur van rondtrekkende stamme en later met die van 'n landelike gemeenskap wat ongekompliseerd uit die landbou en veeteelt leaf. In die Nuwe Testament het ons ewe-eens te make met 'n landboukundige en voor-industriële dorpskultuur. Die toestand en verhoudinge tussen die mense was daarin uiteraard totaal verskillend van die toestande en verhoudinge in die moderne, uiters gesofistikeerde tegniese en gesekulariseerde stadskultuur waarin die kerk vandag bestaan. Solank die kulturele situasie van die Christene 'n nog groot mate van ooreenkoms vertoon het met die kulturele situasie wat in die Bybel veronderstel word, was dit waarskynlik makliker on die direkte weg met die insettinge van die Skrif na die samelewing met sy etiese problematiek te vind. Namate die kultuur egter 'n steeds meer gekompliseerde karakter aangeneem het vanweë die ontwikkeling in 'n industriale en tegniese rigting, het dit steeds moeiliker geword om enige direkte beroep op die Skrif te doen in verband met sedelike probleme en situasies wat nie in die Skrif in soveel woorde ter sprake kom nie. Daar is baie dinge in die moderne wêreld waaroor die Skrif geen uitspraak lewer nie, terwyl sommige dinge waaroor die Skrif wel 'n mening uitspreek (byvoorbeeld die kwessie van oorlog) in ons tyd vorme en afmetinge aangeneem het wat nie binne die visier van die Bybelskrywers geval het nie. Die hele ekonomiese problematiek en die wetenskap, die politiek en die staat, die huwelik en die gesin het in die moderne tyd gedaanteverandering ondergaan en ons voor probleme gestel wat nie direk in die Skrif ter sprake kom nie, omdat die Skrif histories gerig was aan mense in 'n ander kulturele situasie. Gehoorsaamheid aan die Skrif kan nie beteken dat ons vanuit die moderne kultuursituasie moet terugkeer na die kulturele fase van die mense in die tyd van die Bybel nie. Gehoorsaamheid aan die Skrif kan alleen daarin bestaan dat ons ons deur die Skrif laat leer wat die wil van God vir die lewe in alle kulturele fases is, soos dit in die totale boodskap van die Skrif neergelê en in die konkrete gebooie van die Skrif konkreet in die geskiedenis toegepas is. Vanuit die algemene gesigspunte soos dit in die konkrete toespitsings nader omlyn word, moet dan in ons eie tyd en kulturele situasie opnuut gevra word na wat die wil van God konkreet vir ons is.

By benadering van 'n etiese probleem kan ons nie maar daarmee volstaan om in die Skrif na 'n konkrete voorskrif oor die spesifieke saak te soek nie. Dan sal ons dikwels moet konstateer dat die Skrif hom nie daaroor uitspreek nie. Ons sal moet onderskei wat die wesenlike sedelike gesigspunte is wat in die

spesifieke vraagstuk na vore kom, en dan in die lig van die sedelike boodskap van die Skrif as geheel na 'n antwoord op ons etiese vraagstuk soek.

Die Bybel bied nie in voorskrif oor elke moontlike saak wat in ons moderne wêreld mag opduik nie, maar die Bybel bied wel leidende motiewe, algemene gesigspunte, teologiese koördinate, vaste bakens in die see waarin ons onsself moet orienteer. Daar kan nie altyd so maklik in enkele woorde gesê word wat hierdie algemene riglyne is nie.

Daar is natuurlik die dubbelgebod van die liefde. Daar is die Tien Gebooie en die verdieping daarvan in die Bergrede. Daar is die normatiewe gesigspunte wat gegee is met die skepping, soos die Skrif getuig. Daar is die lig wat val vanuit die herskepping in Christus, wat vanweë die sonde baie diep insny in die wêreld soos ons dit ken en die eis stel van selfverloëning, kruisdra, die stryd teen die begeertes van die vlees. Daar is die apostoliese vermaninge en die beskrywing van die vrug van die Gees. Daar is die gesigspunte van die kultuurtaak wat die mens opgelê is, die waarde van die mens as skepsel van God, en die hoop op die uiteindelike totale vernuwing van alle dinge. So kan ons voortgaan. Die totale boodskap van die Skrif het 'n sedelike kant wat nie net vir die personeel-eties nie, maar oak vir die sosiaal-etiese werklikheid normatiewe betekenis het.

Dit is daarom nie raadsaam om die sedelike boodskap van die Skrif net onder een noemer te wil saamvat, soos byvoorbeeld onder die noemer van die skepping met sy vaste ordeninge, of onder die noemer van die Christelike hoop op die vernuwing van alle dinge waaraan die Christen nou reeds moet meewerk, of selfs net onder die noemer van die liefde nie, tensy duidelik gemaak word hoe omvattend die liefde volgens die Skrif is. 'n Beroep op die totale Skrif met sy totale boodskap is hier deurslaggewend.

Om hierdie rede kan ons ook nie akkoord gaan met diegene wet skerp krities staan teenoor die idee dat daar in die Skrif sekere algemene beginsels gebied word, en daarom liewer daarvan afsien om hulle in konkreet-etiese kwessies op die Skrif te beroep nie.

Ons beswaar teen 'n dergelike standpunt is dat dit die Christen in etiese kwessies weglei van die Skrif af met die veronderstelling dat ons tans in staat sou wees om sonder die Skrif die wil van God vir ons lewe op te spoor, deurdat one ons laat lei deur ons natuurlike sedelike besef, of deur die skeppingsbeginsels wat ons in die geskape werklikheid kan ontdek. Ons is van oortuiging dat die erns van die sondeval daarmee gerelativeer word. Ons lewe in in sondige, gebrekkige werklikheid. Selfs die insig van die wedergebore mens is relatief, feilbaar. Ons het die lig van die Skrif as die besondere openbaring van God nodig om ons stap vir stap op die weg te lei. Bowendien swaai die skaal by hierdie beskouinge in die rigting van die voorrang van die algemene openbaring bo die besondere, waarmee na ons mening meermale aan die unieke betekenis van Gods openbaring in Christus onreg gedoen word. Die verlossing in Christus is nie slegs aan ons gegee om ons oog te herstel vir die waarheid wat al van die begin af in die skepping opgesluit lê nie, maar dit het sy stempel afgedruk op die wil van God vir ons lewe, en die kontoere van hierdie stempel wat die geskiedenis van God met die mense deurleef het, is nie in die skepping nie, maar in die Skrif aangeteken. 'n Etiek wat alleen op ons natuurlike sedelike besef of op ons insig in die skeppingsbeginsels opgebou sou word, en die versoening en verlossing in Christus, die kruis en die opstanding, die wederkoms en die vernuwing van alle dinge alleen as wegspringplek gebruik, sonder om die gebod wat daaruit tot ons kom, ten volle te hoor, kan geen volledige Christelike etiek wees nie. Hoe waar dit ook is dat dit 'n delikate taak is om op die regte wyse met die Skrif om te gaan by die bepaling van wat die boodskap daarvan vir ons in allerlei konkrete sedelike kwessies is, mag ons tog die beroep op die Skrif nie daarom prysgee nie. Die Skrif is natuurlik geen wetboek nie, en die poging om allerlei klaar geformuleerde, abstrakte “beginsels” uit die Skrif af te lei, kan – veral as die sentrale bedoeling van die Skrif nie voldoende in gedagte gehou word nie – tot 'n rasionalistiese, wettiese en selfs willekeurige hantering van die Skrif lei. Tog kan one nie daaraan verbykom dat die Skrif wel die bron van die suiwere waarheid is en derhalwe ook van die suiwere kennis van wat sedelik reg en verkeerd is nie. Die Skrif bevat grondwaarhede, motiewe en gesigspunte wat fundamenteel is vir ons kennis van die wil van God en nie buite die Skrif om geken kan word nie. Die Bybel gee nie aan ons voorskrifte en inligting oor elke spesifieke saak nie, maar lig ons tog op 'n gevarieerde wyse in oor die wil van God vir ons totale lewe. Hoe ingewikkeld ons moderne problematiek ook al is, ten diepste is dit tog 'n menslike problematiek wat by die bodem van alle vrae by dieselfde dinge uitkom waarmee die mans van alle tye – ook in vroeëre, minder gekompliseerde kulturele fases – gekonfronteer was. Wanneer ons ons probleme onder leiding van die Heilige Gees tot op die bodem kan deurskou in die lig van die Skrif, sal ons ook in die lg van die Skrif die rigting ken peil waarin ons die oplossing moet soek.

Juis op hierdie punt is dit nodig om daaraan toe te voeg dat die verband tussen die Skrif en die praktyk nie maar net iets is vir die studeerkamer van die teoloog nie. Vanweë die ingewikkeldheid van die moderne

problematiek sal die ontleding van ons probleme noodwendig moet geskied met die hulp van kundige en wetenskaplik-geskoolde lidmate van die kerk uit verskillende dissiplines, sodat dit presies duidelik kan wees waaroor die vraagstelling gaan. Etiek het ’n wetenskap geword waarin mense uit verskillende rigtings van die wetenskap met mekaar behoort saam te werk.

Maar meer nog: die Christelike oordeel oor sedelike kwessies is nie net iets vir die wetenskap nie, maar vir die gemeente self. Die gemeente van Christus leef met die Woord in die wêreld en ontvang onder leiding van die Gees die wysheid om die brug te slaan tussen die (historiese) Skrif on die moderne wêreld met sy problematiek. Die lig van die Skrif is nie maar net die resultaat van ’n goeie wetenskaplike hermeneutiek nie. Die waarheid is nog altyd magtiger as onsself. Die waarheid heers oor ons, en nie ons oor die waarheid nie. Daarom is dit ook ’n saak van gebed en gelowige verwagting dat God die gemeente fyngevoelig sal maak vir die dinge waarop dit werklik aankom in die doen van die wil van God in elke konkrete situasie (vgl. Filip. 1:9-11; Kol. 1:9-10).

**6.22.4 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS**

**6.22.4.1** Die Skrifberoep in die etiek kan alleen slaag as die juiste reels vir die uitleg van die Skrif in ag geneem word. Tot die juiste reëls vir die uitleg van die Skrif behoort dat elke woord van die Skrif verstaan moet word binne die verband waarin dit staan, dat die juiste historiese betekenis daarvan vasgestel moet word en dat dit geïnterpreteer moet word in verband met die sentrale bedoeling van die Skrif as verkondiging van die verlossing in Christus en die koms van Gods Koninkryk. Dit beteken net dat die heilshistoriese gesitueerdheid en betekenis van elke woord van die Skrif ten volle in berekening gebring moot word.

**6.22.4.2** In ons omgang met die Skrif is dit duidelik dat daar in die Bybel bepaalde algemene gebooie en sedelike beginsels voorkom wat vir die mense van alle tye normatiewe betekenis het, waar dat hierdie algemene gebooie en beginsels nie in ’n abstrakte vorm aan ons gegee word nie, maar deurgaans in die vorm van konkrete voorskrifte aan bepaalde mense in hulle spesifieke historiese situasies. Dit hoort tot die taak van ’n verantwoorde vertolking van die Skrif om te onderskei tussen die algemene gebooie van God en algemene sedelike gesigspunte wat vir die mens van alle tye geld, en die konkrete toepassing of toespitsing daarvan in bepaalde gevalle, wat nie noodwendig net so vir ons geld nie, ten einde die gemeente van ons dag in staat to stel am in die eie tyd en situasie die algemene gebod van God opnuut te ken gehoorsaam.

**6.22.4.3** Ook in gevalle waar ons in die moderne wêreld met probleme te make het wat nie direk in die Skrif ter sprake kom nie, het die Skrif nogtans vir ons deurslaggewende betekenis by ons sedelike beslissings, omdat die Skrif aan ons in verband met sy totale boodskap algemene motiewe en gesigspunte bied waarvolgens ons ons eie probleme moot beoordeel ten einde te kan ontdek wat ons behoort te doen. Terselfdertyd moet ons ons probleme tot op die been ontleed om te ontdek wat die ware sedelike vrae is wat daarin aan die orde is, sodat ons in die lig van die totale boodskap van die Skrif daarop kan antwoord.

**6.22.4.4** By die bepaling van wat as die algemene gebooie of sedelike beginsels vir ons lewe in die Skrif gegee is, moet daarteen gewaak word om nie die bedoeling en sentrale boodskap van die Skrif uit die oog te verloor en so gevaar te loop om dinge tot algemene Skrifbeginsels te verhef wat binne die konteks van die Skrif nie as sodanig geld nie. Historiese mededelings van die Skrif of mededelings van die stand van sake kan alleen algemene normatiewe betekenis besit as die Skrif self binne die konteks van sy boodskap sodanige betekenis daaraan heg.

**6.22.4.5** Hoewel dit moeilik is om op die regte wyse te bepaal wat die algemene sedelike beginsels is wat die Skrif aan ons voorhou op die gebied van die maatskaplike lewe, die ekonomie en die politiek, mag ons tog nie daarvan afsien om die lig van die Skrif oor hierdie sake te soek nie. Dit is vir die kerk onaanvaarbaar dat ons op die gebied van die etiek aangewese sou wees op ons natuurlike sedelike besef of op ons kennis van algemene skeppingsbeginsels, of ons nie die openbaring van God in Christus nodig het vir ons kennis van die sedelike norme waarvolgens ons behoort te lewe nie.

**6.22.4.6** Die leiding van die Heilige Gees is onontbeerlik vir die persoonlike omgang met die Skrif en die gemeenskaplike wandel van die hele gemeente in die lig daarvan. Die ontdekking van die wil van God vir ons lewe kom nie tot stand deur ’n blote rasionele hantering van beginsels nie, hoewel dit waar is dat ons God ook met ons verstand moet lief hê en dat ons ook redelike insig in die bedoeling en betekenis van die Skrif ’n rol speel in ons verstaan van die wil van God in elks konkrete situasie. Tog sal ons moet sê dat ons nie oor die waarheid van Gods Woord beskik nie, maar dat dit oor ons beskik. Daarom moet die

gemeente voortdurend bid om die opening van ons oë om te kan onderskei waarop dit aankom en wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is (Filip. 1:10; Rom. 12:2).

**6.22.5 AANBEVELINGS**

**6.22.5.1 In opvolging van sy verslag oor die Skrifgesag (1986) aanvaar die Sinode hierdie rapport as 'n riglyn by die Skrifberoep in etiese sake.**

**6.22.5.2 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op lidmate om die Skrifberoep in etiese sake te hanteer op 'n wyse wet in ooreenstemming is met die Kerk se belydenis aangaande die Skrif en sy gesag.**

**BYLAE 8**

## RING VAN UPINGTON – SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

Nederduitse Gereformeerde Kerk

# RING VAN UPINGTON

Posbus 1181 Upington 8800

Verwysingsnr. R/S 14/15
Ringskriba – Ds. T.E. Smit
Posbus 1181
UPINGTON
8800
Tel.Nr. 054-3324236
18 November 2015

Die Predikant in Sinodale diens
NG Kerk in Noord-Kaapland
KIMBERLEY

Ds. Mostert

Ek stuur aan u die besluite van die Ring van Upington met betrekking tot die besluit van die Algemene Sinode oor Selfdegeslagverhoudings. Die Ring het ’n spesiale Ringsitting gehou op 17 November 2015 en die volgende besluite is geneem:

Die gesprek rondom die saak het werklik in ’n broederlike gesindheid van deernis en liefde plaasgevind en verskeie sieninge en standpunte is aangehoor.

Die Ring het baie deeglik bewus geraak van die kompleksiteit van die situasie en dat daar by Ringsgemeentes, kerkrade en lidmate van die Ring verskillende standpunte ten opsigte van die saak is.

Na ’n deeglike bespreking van die saak het die Ring die volgende besluite geneem:

Besluit 1:

Die Ring besluit om nie die besluit van die Algemene Sinode met betrekking tot Selfdegeslagverhoudings te ondersteun nie en verwerp dit.

Besluit 2:

Die Ring besluit om Appèl aan te teken by die Algemene Steunspan Regte van die Algemene Sinode oor die besluit van die Algemene Sinode met betrekking tot Selfdegeslagverhoudings.

Besluit 3:

Die Ring besluit om ’n kommissie saam te stel om die Appèl van die Ring van Upington ten opsigte van die Algemene Sinode se besluit oor Selfdegeslagverhoudings te motiveer.

Die kommissie bestaan uit: di. B.J.P. Booysen, A.H. Scholtz, T.E. Smit, G.P. Barnard, J. Grobbelaar en M. v/d S. Loubser.

Besluit 4:

Die Ring besluit dat as daar nie ’n moratorium ingestel word hangende die Appèl ten opsigte van die besluit van die Algemene Sinode met betrekking tot Selfdegeslagverhoudings, die Ring van Upington gaan vra vir ’n spesiale Sinodesitting van die Sinode van Noord-Kaapland om die saak te bespreek.

Besluit 5:

Die Ring besluit dat indien die Ring ’n versoek tot ’n spesiale Sinodesitting van die Sinode van Noord-Kaapland moet rig, die Ring weer ’n spesiale Ringsitting sal hou om die spesiale Sinodesitting te beplan en te bespreek.

Besluit 6:

Die Ring besluit om die besluite van die Ring met betrekking tot die besluit van die Algemene Sinode oor Selfdegeslagverhoudings in die Ringsgemeentes bekend te maak vanaf Sondag, 22 November 2015.

Die Ring versoek die Ringsgemeentes om hul te vergewis van die besluit van die Algemene Sinode met betrekking tot Selfdegeslagverhoudings en die saak met baie groot deernis, liefde en begrip in gemeentes te hanteer.

GROETE
DS. THEUNIS E. SMIT (V.D.M.)
(Ringskriba)

**BYLAE 9**

# NG KERK VERGELEGEN – SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

**Ned Geref Kerk Vergelegen**

Admin Beampte
Posbus 2
Vergelegeë, 8622

Sel: 083 417 3622
e-pos: ngkerk.vergelegen@gmail.com

Leraar Ds. M Rademeyer

Sel: 071 355 7204
e-pos: melanirademeyer@gmail.com

**18 November 2015**

Die volgende skrywe soos goedgekeur deur ‘n meerderheidsbesluit (leraar Ds. M Rademeyer distansieer haar van besluit) van die Kerkraad van NG Vergelegen op sy vergadering gehou 10 November 2015.

**Ring van Mafikeng**
**NG Sinode in Noord-Kaapland**

BESLUIT GENEEM OP DIE ALGEMENE SINODESITTING 2015 TE PRETORIA

Dit is met absolute leedwese dat ons verneem dat die NG Kerk (wat deel is van die Kerk van Christus) deur die Algemene Sinode, besluite neem wat lynreg met die voorskrifte, soos ons dit in die Woord van God kry, is. Die Kerk is onderdanig aan God Drie-Enig en moet te alle tye gehoorsaam wees aan die Woord van God.

Op verskeie plekke in die Woord word homoseksualiteit as ’n sonde beskryf (in Lev. sê die Here dit is ’n afstootlike sonde). Ons bely en glo dat God onveranderlik is. So hoe kan die Here se Woord verander en dit om die hedendaagse mensdom, sy lewenswyse en humanistiese uitkyk op die lewe, te pas.

Hiermee wil ons nie te kenne gee dat homoseksuele mense nie welkom is in die Kerk van Christus nie en ook nie dat die Here se Genade nie hulle ook insluit nie. Nee, maar net soos almal van ons, al ons sondes voor die Here moet bely, moet homoseksualiteit ook as sonde erken word. Deur die Bloed van Christus is ons almal skoon gewas en ons sonde is vergewe. Jesus het vir die vrou wat in owerspel betrap is, nadat die skare wat haar aangekla het weggegaan het, gesê dat Hy haar ook nie veroordeel nie en dat sy moet heengaan en nie meer sondig nie.

Ons moet alle gelowiges in Christus omarm en in die binnekring hou, maar soms is dit nodig om mekaar aan te spreek want ons is verantwoordelik vir mekaar se welstand, ook geestelike- en geloofswelstand. Soms is harde woorde nodig as iemand volhard in die sonde en soms moet ons selfs die Kerklike tug in liefde toepas. Die liefde, soos deur Christus aan ons bewys.

Ons, as Kerkraad, wil ’n versoek rig dat die saak in nederigheid en met ‘n opregte wens om die Woord van God te hoor en om daaraan gehoor te gee, te bespreek en ‘n standpunt in te neem oor hierdie aangeleentheid.

In biddende afhanklikheid

Kerkraad NG Kerk Vergelegen

**BYLAE 10**

# SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

Die taakspan leer en aktuele sake het die afgelope tyd diep onder die indruk gekom van die omvangryke studies wat wêreldwyd oor hierdie aangeleentheid gedoen is. Talle verslae van studie kommissies het voor verskeie sinodes van ’n groot aantal denominasies gedien. Van dié studies het etlike jare geduur en verskeie top akademici het daaraan meegewerk.
Terselfdertyd het die taakspan leer en aktuele sake diep onder die indruk gekom van die geweldige polariteit wat óók wêreldwyd tussen die menings bestaan. ’n Aantal kerke het reeds as gevolg van meningsverskille oor dié kwessie geskeur.
In Suid-Afrika is dit nie anders nie.
Vir die taakspan leer en aktuele sake om ’n *nuwe* bydrae tot dié debat te lewer, is – in die kort tyd tot ons beskikking sedert die besluit van die Algemene Sinode in 2015 geneem is – net nie moontlik nie. Om dié rede het die taakspan geoordeel om – sonder om voor te gee dat dit ’n uitputtende bronnelys is – ’n aantal werke en verslae wat voor ander kerke se sinodes gedien het, vir diegene wat hulself daarin wil verdiep, hieronder aan te heg.
Aan die hand van die ingenome uitgangspunte oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, hermeneutiek en eksegese, kan ons ’n aantal gevolgtrekkings maak oor standpunte wat in die debat in die Ned. Geref. Kerk rondom homoseksualiteit en selfdegeslagverhoudings ingeneem is. Dááruit kan ons die sinode met ’n aantal aanbevelings bedien.

1. **Die vraag ’n verklaring vir selfdegeslag-aangetrokkenheid**
   Dit is inderdaad ’n eeueoue vraag. Tans is veral die biologiese verklaring ’n belangrike punt in die diskussie. Volgens hierdie verklaring speel die gene, hormone, die brein, e.d.m. ’n belangrike rol. Hierteenoor word ’n psigologies-sosiale verklaring waar aangeleerde gedrag, die omgewing, of een of ander stoornis e.d.m. ’n rol speel.
   ’n Enkele voorbeeld kan die probleem met beide modelle illustreer. Dit is deeglik gedokumenteer dat identiese tweelinge gebore word waarvan die een homo- en die ander een heteroseksueel is. Maar ’n Identiese tweeling se gene is egter identies. Daarbý groei hulle ook in dieselfde huis (omgewing) op.
   Daar is ’n steeds groeiende instemming dat geen enkele model ’n afdoende verklaring vir dié fenomeen bied nie. Dikwels is daar ’n kombinasie van bogenoemde faktore wat in ’n mindere of meerdere mate ’n rol speel. Dit is o.a. die standpunt van prof. Louise Warnich van die departement Mikrobiologie aan die Universiteit Stellenbosch (luister na haar bydrae “*Perspektief vanuit Genetika*” by die Eendag-konferensie oor Selfdegeslag Verhoudinge, Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch van 12 November 2015 by https://www.youtube.com/watch?v=UNaiAqY7FzA
   Die taakspan is egter van mening dat geen verklaring van die fenomeen ons werklik ’n oplossing kan bied nie. Tweedens moet daarteen gewaak word om, in die soeke na ’n verklaring van die fenomeen, die radikaliteit van die sondeval en die pyn en ellende wat as gevolg daarvan in die wêreld gekom het, te negeer. Die kerk moet steeds ’n teologies verantwoorde antwoord gee oor wat die Bybel vir ons sê. Terwyl ons almal – ongeag seksuele oriëntasie met die liefde van Christus bejeën – bly die grondvraag of homoseksuele geslagsgemeenskap sonde is of nie? Dít is ’n hermeneuties-eksegetiese vraag.

2. **Hermeneutiek**
   Die vraag na ’n Bybels-teologies verantwoorde hermeneutiek is in die verslag van die taakspan by punt 5.1.2 aangespreek en word nie weer herhaal nie. T.o.v. selfdegeslag verbintenisse maak ons slegs die volgende opmerkings:

   2.1. Die eerste hermeneutiese vraag waaraan ons aandag moet gee is of die veroordeling van selfdegeslag geslagsgemeenskap steeds van toepassing in die 21ste eeu is en, of dit nie soos die seremoniële wette van die Ou Testament, in Christus vervul en vernuwe is nie.
   Ons stem met die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake* saam wat sê: “... dat die seremoniële en burgerlike wette in Christus hulle vervulling gevind het en daarom nie meer deur Christene onderhou hoef te word nie, *terwyl die morele wette, hoewel ook in Christus vervul, nogtans vir die Christene bindend gebly het* (ons kursiveer).” Die verslag verwys ook na “... die blywende betekenis van die gebooie van die Skrif vir die kerk van alle tye gehandhaaf kan word, ondanks die historiese karakter van die Skrif.”
   In die Bergpredikasie sê Christus: “Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval” (Matt. 5:18). Die gebooie van die

Skrif – met name die sewende gebod – is deur Christus selfs geradikaliseer dat nie alleen die fisiese daad nie, maar selfs net ’n gedagte aan die oortreding van dié gebod, sonde is.

2.2. Tweedens word in die verslag oor selfdegeslagverhoudinge aan die Algemene Sinode 2015 dié stelling gemaak: “Kortom gesê: Daar staan ***klaarblyklik*** (dit is: beslis, kennelik, ongetwyfeld of onteenseglik en dui op feitlik volkome sekerheid - TLAS) nie wat ons met ’n eerste opslag en op die klank van die vertaalde woord “homoseksualiteit” af dink daar staan nie. Die kulturele omstandighede is net soveel anders as vandag dat ons vrae het oor wat die tekste se afwysings van seksuele geweld en -onreg vandag beteken” (Aanvullende Agenda Algemene Sinode 2015, bladsy 86). Voorstanders van hierdie standpunt redeneer o.a. dat homoseksualiteit as seksuele oriëntasie onbekend was Ou-Testamentiese tye en dat Paulus nie langtermyn selfdegeslag verbintenisse geken het nie – hy het net manlike prostitusie, pederastie, brutale verkragtings, ens. geken.
Daar is talle internasionaal erkende Ou en Nuwe-Testamentici wat spesifiek die kultuur, leefwêreld en geskiedenis van die Ou Nabye Ooste bestudeer en daarin spesialiseer, wat teenoorgestelde standpunte as bogenoemde huldig. Hulle lewer bewyse dat daar inderdaad in Bybelse tye langtermyn selfdegeslag verbintenisse was. (vgl. o.a. S. L. Budin. 2008. *The Myth of Sacred Prostitution in Antiquity*. W. Rose. 2015. *Een ander verhaal over homoseksuele relaties in de oudheid*. K. DeYoung. 2015. *What does the Bible really teach about Homosexuality?*)
Sonder om enigsins deeglike eksegese en ’n verantwoordelike omgaan met die Skrif enigsins – selfs in die geringste mate – te negeer, wil die taakspan leer en aktuele sake steeds aan die oud gereformeerde belydenis vashou (soos dit verwoord is in die verklaring *Skrifgebruik en Skrifgesag* van die Algemene Sinode. Vgl. *Kerkorde Noord-Kaapland 2014*, “Funksionele besluite” – bladsy 198-199) dat:

“... die Bybel die Woord van God is en dat dit daarom ... ***betroubaar*** (en) ***duidelik*** is...”

Indien die tekste oor homoseksualiteit nie klaarblyklik beteken wat daar staan nie, ontstaan die vraag of die Bybelvertalings – ook die mees resente moderne vertalings – in hierdie spesifieke geval te kort skiet?

2.3. Ons stem ook volmondig met die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake* saam oor die noodsaak om nie ons teologie vanuit ivoortorings te beoefen nie: “Vanweë die ingewikkeldheid van die moderne problematiek sal die ontleding van ons probleme noodwendig moet geskied met die hulp van kundige en wetenskaplik-geskoolde lidmate van die kerk uit verskillende dissiplines, sodat dit presies duidelik kan wees waaroor die vraagstelling gaan.”
Dáárby stem ons ook volmondig saam wanneer die verslag lui: “Tog kan ons nie daaraan verbykom dat die Skrif wel die bron van die suiwere waarheid is en derhalwe ook van die suiwere kennis van wat sedelik reg en verkeerd is nie. Die Skrif bevat grondwaarhede, motiewe en gesigspunte wat fundamenteel is vir ons kennis van die wil van God *en nie buite die Skrif om geken kan word nie*. (ons kursiveer)”
’n Baie belangrike gesigspunt wat deesdae dikwels uit die oog verloor word waarop dié verslag weereens ons aandag vestig, is dat “... die Christelike oordeel oor sedelike kwessies is nie net iets vir die wetenskap nie, *maar vir die gemeente self*. Die gemeente van Christus leef met die Woord in die wêreld en *ontvang onder leiding van die Gees die wysheid om die brug te slaan tussen die (historiese) Skrif en die moderne wêreld met sy problematiek*. Die lig van die Skrif is nie maar net die resultaat van ’n goeie wetenskaplike hermeneutiek nie. Die waarheid is nog altyd magtiger as onsself. Die waarheid heers oor ons, en nie ons oor die waarheid nie. Daarom is dit ook ’n saak van gebed en gelowige verwagting dat God die gemeente fyngevoelig sal maak vir die dinge waarop dit werklik aankom in die doen van die wil van God in elke konkrete situasie (vgl. Filip. 1:9-11; Kol. 1:9-10).”
Daarteenoor lui punt 8 van die Algemene Sinode se besluit oor selfdegeslag verbintenisse: “... In ooreenstemming met die NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, d.w.s. die beste huidige menswetenskaplike bevindings.” In die lig van bostaande vind die taakspan leer en aktuele sake dit ’n problematiese standpunt. Daarbý is dit ook ’n illegitieme beroep op die belydenisskrif. Artikel 2 van die NGB sê duidelik: “Hy (maak) Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend”. Dit is ons oordeel dat die Skrif die enigste bron van die suiwere waarheid is en derhalwe ook die enigste bron van die suiwere kennis van wat sedelik reg en verkeerd is. Die algemene openbaring kan alleen in die lig van die Skrif reg verstaan en vertolk word.
Wanneer die algemene openbaring verhef word tot ’n gelyke vlak met die Skrif, asof ons in staat sou wees om sonder die Skrif die wil van God te ken, word die erns van die sondeval daardeur genegeer. Dit is hierdie soort *natuurlike teologie* wat naas die Skrif, sogenaamde “skeppingsordeninge”, die deur-God-gewilde-verskeidenheid en dergelike kwasi-Bybelse

argumente gebruik het om die bestaan van afsonderlike kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe te regverdig. Dié geskiedenis toon duidelik dat, wanneer die algemene openbaring verhef word tot 'n gelyke vlak met die Skrif, uiteindelik voorrang gegee word aan die algemene openbaring *bó* die Skrif.

"Ons lewe in 'n sondige, gebrekkige werklikheid... die wil van God vir ons lewe ... is nie in die skepping nie, maar in die Skrif aangeteken..." lui die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake.* En verder: "'n Etiek wat alleen op ons natuurlike sedelike besef of op ons insig in die skeppingsbeginsels opgebou sou word, en die versoening en verlossing in Christus, die kruis en die opstanding, die wederkoms en die vernuwing van alle dinge alleen as wegspringplek gebruik, *sonder om die gebod wat daaruit tot ons kom, ten volle te hoor, kan geen volledige Christelike etiek wees nie*. (ons kursiveer)"

2.4. 'n Laaste saak wat ons hier wil aanroer, is die argument wat dikwels gebruik word dat die grootste gebod immers dié van die liefde is. Die gedagte is dan dat, as ons aan hierdie gebod uitvoering gee, ons anders sal oordeel oor selfdegeslagverhoudinge. Ook hierin laat ons ons lei deur die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake*: "Daar is natuurlik die dubbelgebod van die liefde. Daar is die Tien Gebooie en die verdieping daarvan in die Bergrede. Daar is die normatiewe gesigspunte wat gegee is met die skepping, soos die Skrif getuig... Die totale boodskap van die Skrif het 'n sedelike kant wat nie net vir die personeel-eties nie, maar ook vir die sosiaal-etiese werklikheid normatiewe betekenis het. *Dit is daarom nie raadsaam om die sedelike boodskap van die Skrif net onder een noemer te wil saamvat, soos byvoorbeeld onder die noemer van die skepping met sy vaste ordeninge ... of selfs net onder die noemer van die liefde nie, tensy duidelik gemaak word hoe omvattend die liefde volgens die Skrif is*. 'n Beroep op die totale Skrif met sy totale boodskap is hier deurslaggewend. Om hierdie rede kan ons ook nie akkoord gaan met diegene wat skerp krities staan teenoor die idee dat daar in die Skrif sekere algemene beginsels gebied word, en daarom liewer daarvan afsien om hulle in konkreet-etiese kwessies op die Skrif te beroep nie."

Die egte liefde vermaan en tugtig óók. Die egte liefde is allereers en bowenal liefde vir die Here en die tweede, wat hieraan gelykstaan, liefde tot die naaste. Die een kan nie sonder die ander nie. Ek kan nie my naaste eg liefhê indien ek nie ook die naaste se Skepper boweal eer en lief het en Hom en sy wil eer en respekteer nie.

3. Die taakspan gee nie 'n uitleg van die sogenaamde "gay-tekste" nie. In die lig van bogenoemde hermeneutiese uitgangspunte behoort die tekste duidelik te spreek. Vir verdere diepgang kan genoemde bronne geraadpleeg word.

**Aanbeveling**

**Die sinode besluit om onderstaande goed te keur en as 'n gravamen na die Algemene Sinode te stuur met die verslag Selfdegeslagverhoudings as motivering**

1. **aanvaar die Bybel as Woord van God en bely dat dit gesaghebbend is vir die leer en lewe van al sy lidmate**
2. **beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar dat inteendeel met respek en liefde teenoor alle mense opgetree moet word**
3. **roep alle lidmate en ampsdraers op om persone met 'n homoseksuele oriëntasie met pastorale sensitiwiteit en met die liefde van Christus te bedien**
4. **vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met 'n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie**
5. **herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou**
6. **herbevestig dat alle seksuele gedrag buite die huwelik – waaronder alle vorme van homoseksuele gedrag – teen die Woord van God ingaan**
7. **is oortuig dat die Woord van God 'n selibate lewenswyse verwag van alle mense buite die huwelik**
8. **enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, is 'n volwaardige lidmaat van Sy kerk en as sodanig het enige ongesensureerde lidmaat volle toegang tot al die ampte in die kerk.**

**Bronne wat geraadpleeg kan word**


1. Die debat in *Die Kerkbode* sedert die vergadering van die Algemene Sinode 2015 het 'n aantal bydraes wat beide kante van die debat verteenwoordig (die name van drr. Andre Bartlett en Chris van Wyk en ds. Piet Otto kan uitgesonder word). Dié bydraes is op die webwerf van *Die Kerkbode* beskikbaar by http://kerkbode.christians.co.za/category/gaydebat/
2. 'n Verskeidenheid artikels in pdf-formaat kan by http://www.homoindekerk.nl/artikelen/cv-koers/ afgelaai word.
3. Eendag-konferensie oor Selfdegeslag Verhoudinge, Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch, 12 November 2015 – verskeie voordragte by https://www.youtube.com/watch?v=UNaiAqY7FzA
4. Onderhoude met dr. Wolter Rose, homoseksuele dosent aan die Teologiese Universiteit, Kampen, Nederland
   - by http://www.kontekstueel.nl/35-algemene-artikelen/1095-nr5-2014-interview-met-wolter-rose
   - "Die gevoelens niet toelaten" in Trouw, by http://www.trouw.nl/tr/nl/5009/Archief/article/detail/3133663/2012/01/23/Die-gevoelens-niet-toelaten.dhtml
   - "Jan Mudde en Wolter Rose: homoseksualiteit en de rol van ervaring" by http://www.onderwegonline.nl/5270-jan-mudde-en-wolter-rose-homoseksualiteit-en-de-rol-van-ervaring
5. Anderson, R. T. 2015. Truth overruled: The future of marriage and religious freedom. Regnery Publishing: Washington.
6. Boswell, J. 1994. Same-Sex Unions in Premodern Europe. Vintage Books: New York.
7. Botha, P. 2014. The Bible and homosexual truths for a modern society. New Living Way Ministry: Smashwords.
8. Budin, S. L. 2008. The Myth of Sacred Prostitution in Antiquity (Cambridge University Press: Cambridge)
9. Butterfield, R.C. 2014. The Secret Thoughts of an Unlikely Convert: an English professor's journey into christian faith. Crown & Covenant: Pittsburg.
10. Butterfield, R.C. 2015. Openness Unhindered. Further thoughts of an Unlikely Convert on Sexual Identity and Union with Christ. Crown & Covenant: Pittsburgh.
11. Brownson, J.V. 2013. Bible Gender Sexuality. Reframing the Church's Debat on Same-sex relationships. Eerdmans: Grand Rapids.
12. Codrington, G. 2015. "The Biblical case for Christians affirming same sex marriage." Future Church Now by http://www.futurechurchnow.com/2015/07/23/the-biblical-case-for-christians-affirming-same-sexmarriage-part-1-the-arguments-against/#index.
13. Cook, J. 2006. "Homoseksualiteit: 'n Tekstuele Perspektief." Scriptura 93 (2006), bl. 411-418.
14. Countryman, L.W. 2007. Dirt, Greed & Sex. Sexual Ethics in the New Testament and their implications for today. Fortress Press: Minneapolis.
15. De Briune, Ad. Open en Kwetsbaar – Christelijke debat over homoseksualiteit (referaten gelevert bij een congres over homoseksualiteit)" te koop by http://www.vuurbaak.nl/nl/product/9789055604753/open-en-kwetsbaar.html
16. den Hertog, G.C. 2014. "Al lezend de Bijbel kwijt raken?" by http://www.kontekstueel.nl/35-algemene-artikelen/1159-nr2-2014-al-lezend-de-bijbel-kwijt-raken
17. DeYoung, K. 2015. What does the Bible really teach about Homosexuality? Crossway: Wheaton.
18. Dreyer, Y. 2004. "Homoseksualiteit: Die kerk, die tradisie en die Bybel – homofobie en sarkofobie en die evangelie." HTS 60(1&2), bl. 175-205.
19. Dunn, J.D.G. 1988. Romans. Word: Dallas.
20. Gray, G & J Coovadia. 2015. Diversity in Human Sexuality: Implications for Policy in Africa. Academy of Science of South Africa (ASSAf)
21. Hartley, J.E. 1992. Leviticus. Word: Dallas.
22. Hauerwas, S.M. 2000. "Resisting Capitalism: On Marriage and Homosexuality." QUARTERLY REVIEW – A Journal of Theological Resources for Ministry /FALL.
23. Hays, R. 1996. The Moral Vision of the New Testament: Community, Cross, New Creation. HarperOne: New York.
24. Jonker, L. 2011. "Lewend en kragtig"? Die hermeneutiese dinamika en implikasies van (her)interpretasie in die Ou Testament. ('n Verkorte weergawe van hierdie artikel is op 31 Maart 2011 deur die outeur as professorale intreerede gelewer.) NGTT Deel 52 Nommer 1 & 2 Maart en Junie 2011, bl. 128-47.
25. Jonker, L. 2006. "Ou-Testamentiese tekste in die gesprek oor homoseksualiteit." Scriptura 93, bl. 401-410.

26. Kaltenbach, C. 2015. Messy Grace: How a Pastor with Gay Parents Learned to Love Others Without Sacrificing Conviction. Waterbrook: New York.
27. Keller, T. 2015. "The Bible and same sex relationships: A review article." Redeemer Report. By http://www.redeemer.com/redeemerreport/article/the_bible_and_same_sex_relationships_a_review_article.
28. Kinnaman, D. & G. Lyons 2007. Unchristian. What a new generation really thinks about Christianity ... and why it matters. Groundbreaking research from the Barna Group. Bakerbooks: Grand Rapids.
29. Loader, W. R. G. 2010. Sexuality in the New Testament: understanding the key texts. Westminster John Knox: Louisville, Kentucky.
30. Loader, W.R.G. 2014. "Same-sex relationships: A 1st-century perspective." HTS Teologiese Studies/Theological Studies 70(1).
31. Malina, B. J. 2002. "The New Testament and Homosexuality? Part 1: The Social System behind Romans 1." VERBUM ET ECCLESIA JRG 23 (1).
32. Malina, B. J. 2002. "The New Testament and Homosexuality? Part 2: The Traditions Influencing Paul's Thinking in Romans 1." VERBUM ET ECCLESIA JRG 23 (2).
33. McKnight, S. 2014. Fellowship of Differents: showing the world God's design for life together. Zondervan: Michigan, Grand Rapids.
34. McNight, S. 2015. "Adam and the Scientists." Evolution and Christian Faith Conference by https://www.youtube.com/watch?v=FaSH27HsmQ4.
35. Mounce, W.D. 2000. Pastoral Epistles. Word: Dallas.
36. Pirenne-Delforge, V. 2009. "Stephanie Budin, The Myth of Sacred Prostitution in Antiquity." – a Review by http://bmcr.brynmawr.edu/2009/2009-04-28.html.
37. Punt, J. 2007. "Romans 1:18-32 amidst the gay-debate: Interpretative options." HTS 63(3), bl. 965-82.
38. Rapporte voor sinodes in Nederland:
    - Christelijke Gereformeerde Kerken: 2015. "Visiedocument 'Homoseksualiteit en homoseksuele relaties'" by http://www.cgk.nl/download.php?f=c1a93664757b4669cb3b2c2ef1aae7e5 en 'n Opsomming by http://www.cgk.nl/download.php?f=9e0caa8d536e5059e6b385db068b7925
    - Nederlands Gereformeerde Kerk: 2015. "Rapport over ambt en homoseksualiteit" by http://www.ngk.nl/nieuws/rapport-over-ambt-en-homoseksualiteit-gepubliceerd/
39. Refoanders. 2007 "Onderzoek naar homopastoraat in reformatorische kerken" by http://forum.refoweb.nl/viewtopic.php?t=17254&start=525#p1278505. Rose, W. 2007 "Homo's en hetero's - we hebben elkaar nodig in de gemeente." by http://forum.refoweb.nl/viewtopic.php?t=17254&start=525
40. Rose, W. 2008. "Verder met het Evangelie van Jezus Christus" by http://www.contrario.nl/wp-content/uploads/2008/06/Lezing-Wolter-Rose-juni-2008.pdf
41. Rose, W. 2015. "Maatschappelijke codes en concreet gedrag — gelijkgeslachtelijke liefdesrelaties in de oudheid" by http://www.onderwegonline.nl/wp-content/uploads/2015/10/Tweede-reactie-Wolter-Rose.pdf
42. Rose, W. 2015. "Een ander verhaal over homoseksuele relaties in de oudheid" by http://www.onderwegonline.nl/wp-content/uploads/2015/10/Eerste-reactie-Wolter-Rose.pdf
43. Scrogg, R. 1983. The New Testament and Homosexuality: Contextual Background for contemporay debate. Fortress Press: Philadelphia.
44. Seitz, C. R. 2011. The Character of Christian Scripture. The Significance of a Two-Testament Bible. Baker: Grand Rapids.
45. Smit, D.J. 2006. Neem, lees! Hoe ons die Bybel hoor en verstaan. Lux Verbi: Paarl.
46. Snyman, G. 2006. "Homoseksualiteit en tydgerigtheid: 'n etiek van Bybellees?" In die Skriflig 40(4) 715-744.
47. Steyn, G. 2007. "Riglyne vir 'n verantwoordelike Nuwe Testamentiese verstaan in die homoseksualiteitsdebat. Deel 1: 'n Komplekse Saak." VERBUM ET ECCLESIA JRG 28(1).
48. Steyn, G.J. 2007. "Riglyne vir 'n verantwoordelike Nuwe-Testamentiese verstaan in die homoseksualiteitsdebat. Deel 2: Nuwe Testamentiese tekste." VERBUM ET ECCLESIA JRG 28(2).
49. Strauss, M.L. 2011. How to Read the Bible in Changing Times: Understanding and Applying God's Word Today. BakerBooks: Grand Rapids, Michigan.
50. Strauss, P.J., 2011. "Homoseksualiteit: Die standpunte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in 2007." HTS Teologiese Studies/Theological Studies 67(3).
51. Thiselton, A. C. 2009. Hermeneutics: An Introduction. Eerdmans: Cambridge.

52. Van Coller, H. 2013. "Homoseksuele predikante: 'n Regs- en morele dilemma." LitNet Akademies, Jaargang 10, Nommer 3, Desember 2013.
53. Van Eck, E. & R. Barnard. 2013. "Homoseksualiteit en sewe klassieke Bybelse tekste: Antigay of misverstaan?" LitNet Akademies, Jaargang 10, Nommer 3, Desember 2013.
54. Van Rensburg, F. J. 2006. "Die tydgerigtheid van die Bybel en die etiek van Bybellees: respons op die artikel van Gerrie Snyman." In die Skriflig 40(4) 745-769.
55. Via, D.O. & R.A.J Gagnon. 2003. Homosexuality and the Bible: Two Views. Fortress Press: Minneapolis.
56. Walton. J. 2015. "Investigating What the Bible Claims Concerning Adam and Eve." Evolution and Christian Faith Conference by https://www.youtube.com/watch?v=NAoZ7wbGur0.
57. Wenham, G.J. 1979. *The Book of Leviticus*. Eerdmans: Grand Rapids.
58. Witherington, B. 2015. "*On Further Review– Why Gay Marriage Can't Be Christian Marriage.*" By Patheos by http://www.patheos.com/blogs/bibleandculture/2015/08/12/on-further-review-why-gay-marriage-cant-be-christian-marriage.
59. Wright, N.T. 2015. *Paul and his recent intepreters.* Fortress Press: Minneapolis.
60. Wright, N.T. 2014. "*Tom Wright on Homosexuality*" by http://thinktheology.co.uk/blog/article/tom_wright_on_homosexuality.
61. Wright, N.T. 2013. *Paul and the Faithfulness of God.* Fortress Press: Minneapolis.
62. Wright, N.T. 2002. "*Communion and Koinonia: Pauline Reflections on Tolerance and Boundaries.*" A paper given at the Future of Anglicanism Conference, Oxford by http://ntwrightpage.com/Wright_Communion_Koinonia.htm.
63. Yuan, C. & A Yuan 2011. *Out of a Far Country. A gay son's yourney to God. A broken mother's search for hope.* Waterbrook: Colarado Springs.

**BYLAE 11**

# VERSLAG HOMOSEKSUALITEIT EN SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

## 1. Inleiding

Hierdie deel van die verslag word aangebied as 'n positiewe toepassing van die Gereformeerde Skrif beginsels soos uiteengesit in die inleiding tot die taakspan leer en aktuele sake se verslag.

Histories het die kerk se nadenke oor homoseksualiteit en selfdegeslagverhoudinge 'n amptelike pad geloop wat in 1986 begin het. Die 2007 besluite van die algemene sinode het 'n periode van rus oor die sake in die kerk ingelei. In 2013 was daar egter versoeke gewees dat daar weer aandag aan sekere aspekte van die besluite tot datum gegee moes word. Dit het in 2015 uitgeloop op die volgende besluite:

**Selfdegeslagverhoudings** (Notule Dag 6 pt 13)

*2.1 Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.*

*2.2 Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in 'n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.*

*2.3 Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word.*

*2.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.*

*2.5 Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie en ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.*

*2.6 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.*

*2.7 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in 'n gees van Christelike liefde te doen.*

*2.8 Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na 'n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op 'n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In ooreenstemming met NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, dws die beste huidige menswetenskaplike bevindings.*

*2.9 Die Algemene Sinode besluit om 'n Christelik-Bybels-etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake, wat reeds 'n soortgelyke opdrag in A.8.2 bl 172 punt 7.4 ontvang het.*

*2.10 Die Algemene Sinode besluit om 'n bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.*

**Selfdegeslagverhoudings – mense wat seergekry het** (Notule Dag 6 pt 13)

*3.1 Vanuit ons verbintenis tot die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid sê ons as Algemene Sinode opreg jammer vir mense wat seergekry het en wie se waardigheid aangetas is weens enige homofobiese taal, gedrag of gesindheid van die kant van die kerk, ook tydens hierdie vergadering.*

*3.2 Die Algemene Sinode weerhou haarself voortaan van enige homofobiese taal, gedrag en gesindheid juis vanweë ons verbintenis aan die Seisoen van Menswaardigheid, en ook vanuit 'n diepe oortuiging van die diskriminerende aard van sodanige taal, gedrag en gesindheid as gevolg daarvan.*

Daar was onmiddellik hewige reaksie vanuit alle dele van die kerk. Vir die eerste keer in die kerk se geskiedenis is die algemene sinode bedien met verskeie appèlle, beswaarskrifte en gravamens in die verband. Hierdie verslag en aanbevelings verwoord die taakspan leer en aktuele sake Noord-Kaapland se bevindinge aangaande homoseksualiteit en selfdegeslagverhoudinge.

Die verslag steun grootliks op 'n verslag van die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland getiteld "*Samenvatting Studierapport Homoseksualiteit en Homoseksuele Relaties*" wat in 2013

beskikbaar gestel is, Dit is vry vertaal uit die Nederlands, kultureel aangepas waar nodig en bygewerk met materiaal wat uit die taakspan se navorsing voortvloei.

## 2. Homoseksualiteit en selfdegeslagverhoudinge.

### 2.1 Homoseksualiteit in kerk en samelewing

Binne die kerk word daar verskeie standpunte oor homoseksualiteit aangetref wat nie los van die ontwikkelinge in die samelewing verstaan kan word nie. Vanaf die middel van die vorige eeu is seksualiteit al meer verstaan as ’n vorm van geluk- en genotsbelewing. Dit is al meer uitgeleef in verhoudinge waar dit nie meer primêr gegaan het om ’n lewenslange verbintenis in liefde en trou nie. Seksualiteit het nie meer ’n etiese vertrekpunt gehad nie. Waar die kerk dit tog nog so hanteer het, is dit met toenemende verontwaardiging afgewys.

Hiermee saam het die samelewing ook geleidelik gegroei tot aanvaarding van verhoudings tussen persone van dieselfde geslag. Die owerheid het ook erkenning hieraan gegee deur die reg tot selfdegeslag verbintenisse in die grondwet vas te lê; wat weer op sy beurt verdere stukrag aan die aanvaarding daarvan verleen het. Dit het ’n groeiende samelewings tendens geword wat alle diskriminasie teen homoseksuele persone aktief teenstaan, die etiese verstaan van menslike seksualiteit afwys en tegelykertyd die tradisioneel kerklike verstaan van homoseksualiteit, gegrond op die Bybel, misken. Hierdie veranderinge het dan ook nie by die kerk verby gegaan nie. Daar vind ’n toenemende sekularisering van die mens plaas, samelewingspatrone en verstaanshorisonne verander, vaste Bybelse sekerhede word bevraagteken en gewoon verwerp. Homoseksuele persone self, hulle familie en vriende vorm immers deel van die kerk. Die kerk bevind hom nou in ’n toenemende spanningsposisie deurdat daar van binne en buite die kerk, druk op die kerk geplaas word om hierby aan te pas en verhoudinge te “normaliseer”. Die kerk is dus genoodsaak om weer hieroor te besin. En dan wel op so wyse dat daar vasgehou word aan die Bybel as Woord van God aangesien dit dien as enigste rigtingwyser en maatstaf vir geloof en lewe. Slegs op dié manier kan die **leefwyse** van die naaste steeds ’n voorwerp van beoordeling bly, sonder dat die naaste **self** ’n voorwerp van veroordeling word. Sodoende weerstaan die kerk steeds die degradering en vyandige optrede teen die homoseksuele persoon, handhaaf die gebod van die liefde en onderwerp hom aan die wet.

### 2.2 Terminologie en benaminge

Homoseksuele gevoelens verwys na die seksuele *gevoel* wat ’n persoon het vir iemand van dieselfde geslag. In Nederland word bereken dat ’n sekere mate van *gevoel* by ses present mans en vyftien persent vroue voorkom. Wanner hierdie gevoel blywend van aard is, praat ons daarvan as ‘n homoseksuele *oriëntasie, gerigtheid of voorkeur*. Sowat drie persent mans en een persent vroue pas hierby in. Wanneer iemand hom/haarself as ’n homoseksuele persoon beleef of voorstel praat ons daarvan as homoseksuele *identiteit.* In die praktyk gaan dit meestal met intieme seksuele omgang gepaard. Die begrip homoseksualiteit verwys na sowel mans as vroue wat hulleself as homoseksueel beleef.

### 2.3 Historiese agtergrond

Reeds vanaf die ou klassieke tyd word daar gesoek na ’n verklaring vir homoseksuele gevoelens. Ons vind verwysings na hierdie werklikheid in talle antieke bronne (voeg Chris in). Daar het ook permanente verhoudings van liefde en trou bestaan waar sulke persone getrou het en in sogenaamde “huwelike” saam geleef het. Keiser Nero – ’n tydgenoot van Paulus – was byvoorbeeld in so ’n verbintenis. Homoseksualiteit was dus ’n welbekende verskynsel in die antieke tyd. In die huidige debat speel die biologiese wetenskappe ‘n belangrike rol. Verklaringsmodelle plaas die aksent op homoseksuele gerigtheid (*nature*) as aangebore. Dit is die resultaat van ‘n versteuring wat plaasvind tydens die baba se ontwikkeling in die baarmoeder wat veral verband hou met hormone of gene of ’n kombinasie daarvan. Meer bekend is die verwysing na omgewings en/of psigologiese faktore. Dit verwys na ervaringe, aangeleerde gedrag en invloede uit die omgewing (*nurture*). Dit hou dikwels verband met versteurings wat plaasvind in die ontwikkeling van die persoon van kind tot volwassene. Daar moet ook verwys word na homoseksualiteit as uiting van verset teen die gevestigde maatskaplike orde soos, onder andere, gevind in die feministiese beweging. Wetenskaplikes praat dan ook van ‘n komplekse wisselwerking tussen *nature and nurture.*

Daar bestaan dus bepaalde probleme wanneer daar gepoog word om alle homoseksuele gedrag te omvorm tot ’n heteroseksuele gerigtheid. Iemand wat vanaf kindsbeen ’n homoseksuele gerigtheid

het kan nie, of byna nooit, verander nie. Die saak lyk egter anders by persone wat in hulle jeugjare hierdie oriëntasie ontwikkel het. Hoe dit ook mag wees: nog liggaamlike, nog psigiese, nog omgewings faktore; is die bepalende norm vir ons optrede. As mense het ons 'n wil en is ons ook verantwoordelik vir die wyse waarop ons met ons liggaamlike samestelling omgaan. Juis met die oog hierop en in die lig van die sondige natuur van die mens bely die kerk dat die norm vir ons optrede alleen in die Woord van God gevind word.

**2.4 Gelowige omgang met die Skrif.**

Die opdrag van die algemene sinode 2013 aan die taakspan was om:

**HOMOSEKSUALITEIT: PROSESVOORSTEL TOV DIE VOORTGESETTE GESPREK OOR** (vgl Agenda A.12 bl 128 pt 9.3; A.12 (Aanvullend) bl 24; Notule Dag 5 pt 4)

*Die Algemene Sinode vervang A.12 (Aanvullend) bl 24 pt 1.5 met die volgende:*

*Die Algemene Sinode*

*1.5.1 bevestig dat die besluit van 2007 oor homoseksualiteit geneem is na 'n deeglike eksegetiese en teologiese studie.*

*1.5.2 gee opdrag aan die ASM om in voortsetting van die 2007 verslag oor homoseksualiteit 'n studie te doen oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie*

*1.5.3 besluit dat homoseksuele en heteroseksuele studente wat hulle voorberei vir die bediening in die NG Kerk, aan dieselfde Christelik-etiese standaarde moet voldoen met die oog op legitimasie.*

*1.5.4 verbind hom ook in die hantering van die saak aan die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid.*

Aangesien die verslag oor selfdegeslagverhoudinge wat voor die algemene sinode van 2015 gedien het, nie hieraan uitvoering gegee het nie aanvaar hierdie taakspan dit as sy vertrekpunt vir die res van die verslag.

Skrifaanvaarding kom voor Skrifuitleg: Die Gees wat deur die profete en apostels gepraat het, is dieselfde Gees wat in ons harte getuig dat die Skrif deur God ingegee is. Die Skrif "bewys" homself, onafhanklik van ons argumentasie. Ons ontvang met ander woorde die Bybel in geloofsgehoorsaamheid. Ons doen dit vreugdevol en met liefde omdat die Skrifte die goeie nuus van vergewing en bevryding verkondig. Hierin volg ons die Bybelse lyn van Skepping, Sondeval (die mens in sy toestand van ellende) en Verlossing. In verhouding tot die kruisdood, opstanding en verheerliking van ons Here Jesus Christus, lê dit alles op die lyn van die Koninkryk van God. In Christus ontvang die gelowige bevryding van skuld en straf, asook bevryding van die mag van sonde. Hierdeur ontvang ons in Hom 'n nuwe identiteit. Ons is nie meer wie ons was nie, ons is nou wie ons in Christus gemaak is. So deel ons nou reeds in die nuwe skepping terwyl ons op weg is na die volmaaktheid. Die konkrete gestalte van die Christelike lewe is die navolging van Christus, gegrond in die werklikheid van 'n nuwe identiteit. Ons najaag van die heiligmaking behels die daaglikse opneem van die kruis; die stryd teen die vlees en die bose, die bring van allerlei offers wat nodig is met die wete dat ons geroep is om te volhard tot die einde toe. As mede-pelgrims op die reis na die ewigheid leef ons blymoedig en met 'n vreugdevolle afwagting op die finale koms van die Koninkryk.

**2.5 Seksualiteit en huwelik**

God het die mens geskape – manlike en vroulik het Hy hulle geskape. Man en vrou is gelyk in die verhouding tot hulle Skepper maar verskillend van mekaar – komplimentêr tot mekaar. Eie aan die menslike seksualiteit as skeppingsgawe is 'n gerigtheid op die ander geslag. Hulle vul mekaar aan en deel in vreugde hulle lewens met mekaar. Deur hulle vereniging as vrugbare mense vind die uitbreiding van die menslike geslag plaas in vervulling van God se verbondsopdrag om te vermeerder en die aarde te vul. Hierdie gawe is wel deur die sonde aangetas maar nie vernietig nie. Huwelik, seksualiteit en die voortbring van kinders staan steeds onder die teken van die seënende God. In sowel die Ou- en Nuwe Testament is seksualiteit nie 'n dwingende drif waarsonder lewensgeluk ontbreek, of 'n menslike reg waarop aanspraak gemaak word nie. Dit staan steeds, soos alle gawes, in die teken van diensbaarheid: tot eer van God, in 'n verhouding van eerbied, respek en liefde; asook in diens van die voortbestaan van die menslike geslag.

In ooreenstemming hiermee wys Paulus dan ook daarop dat die huwelik as trouverbond 'n afspieëling van die verbond tussen God en mens asook die verbondenheid tussen Christus en Sy gemeente is. As verbondsooreenkoms is dit lewenslank. Dit word gesluit met 'n belofte dat enige derde persoon, hetsy man of vrou, uit die verhouding geweer sal word. Hierdeur word die seksualiteit van sowel die man as die vrou beskerm.

Die man en die vrou se verlange na mekaar is nie op die self gerig nie maar verwys na die verlange na ons finale vervulling met die allerhoogste geluk wanneer ons eendag in die lewende teenwoordigheid van God ingaan. Die diepste voltooiing van ons man-wees of vrou-wees word daarom gevind in verbondenheid met God. Dit is die hoogste goed waarna ons kan strewe en word in Christus aan almal gebied, ongeag die gevolge van die sondeval in elke individu se lewe. So word seksualiteit en huwelik "gerelativeer" deur die toekoms belofte dat daar 'n tyd aanbreek wanneer "God alles in alles" sal wees. In die hemel is niemand getroud nie en word niemand getrou nie. In hierdie lig word die ongetroude staat deur sowel ons Here Jesus as Paulus gesien as 'n gelykwaardige alternatief en 'n moontlikheid om steeds volledig as mens in God se diens te staan terwyl ons wag vir die koms van die Koninkryk.

**2.6 Toepaslike Skrifgegewens in die gesprek**

Die woorde "homoseksualiteit" en "selfdegeslagverhoudinge" word tevergeefs in die Bybel gesoek. Waar daar wel sprake is van die verskynsel (wat ons vandag homoseksualiteit noem) geskied dit sonder uitsondering met verwysing na die betrokke persone se gedrag. Vervolgens kyk ons kortliks na die mees relevante tekste wat hieroor handel.

a. Genesis 1 en 2
Hiervolgens word die mens "goed" geskep as twee seksuele persone, man-LIK en vrou-LIK. Gevolglik moet homoseksuele gevoelens en 'n homoseksuele gerigtheid gesien word as teken van die gebrokenheid wat volg op die Genesis 3 sondeval. Elke mens deel in hierdie gebrokenheid op sy of haar eie manier. Gevolglik kan niemand verhewe bo die ander of minderwaardig teenoor die ander voel nie.

b. Romeine 1:26 en 27
In die eerste hoofstuk van sy brief maak Paulus dit duidelik dat alle mense, sonder onderskeid, alleen gered word via die regverdiging deur die geloof in Christus. Die apostel noem meer as twintig sondes op waardeur die mens skuldig staan voor God (1:29-31) Die seksuele omgang tussen mense van dieselfde geslag stel hy nie voorop om daardeur aan te toon dat dit meer strafwaardig is as die ander sondes nie. Hy plaas dit eerste om die sondige aard van sonde duidelik te maak: Die mens vereer die geskapenheid bo die Skepper. Sodoende het hy in sy denke verduister geraak en in sy dade verward geraak. "Teennatuurlike" handelinge is hier nie 'n handeling wat teen die werklike natuur van die individuele mens ingaan nie. Dit is 'n handeling wat teen die bedoeling van die Skepper ingaan. Die hedendaagse verklaring dat Paulus alleen tempelprostitusie sou afwys, of andersins die homoseksuele omgang tussen heer en slaaf afwys, kan nie die eksegetiese toets deurstaan nie en word deur sy eie argumentasie lyn as onhoudbaar weerlê. Die argument dat Paulus duidelik is dat hy alleen maar dekadente en losbandige gedrag wil afwys hou ook nie stand nie. Alle homoseksuele gedrag val onder die oordeel van "skandelik" en "onrein". Veral Joodse lesers uit die Griekse vertaling van die boek Levitikus sou dit dadelik herken. Hierdie oordeel stem feitelik ooreen met die van die heidense wêreld: Homoseksuele handelinge tussen gelykwaardige, vrye burgers is nooit goedgekeur nie, laat staan nog 'n homoseksuele verhouding. Paulus skryf dan ook nie uitdruklik net oor wat vandag bekend staan as 'n "homoseksuele oriëntasie" nie. Dit was wel in die antieke wêreld bekend volgens antieke geskrifte. Dit beteken egter nie dat hy niks vir ons daaroor te sê het nie. Hy skryf juis vanuit die perspektief van die verweefdheid wat bestaan tussen 'n person en sy dade. Menslike dade is juis die uitdrukking van die diepste wesenlike verval van die mens in sonde, ellende en gebrokenheid.

c. 1 Kor 6:9-10 en 1 Tim 1:9-10
Hier word homoseksuele dade tussen mans beskryf as die verhouding tussen passiewe en aktiewe vennote. Sulke mense sal nooit die koninkryk van God be-erwe nie. In Timoteus word hulle beskrywe as mense wat die sewende gebod oortree deur allerlei vorme van seksuele misdrywe te pleeg. Al sulke gedrag is in stryd met die gesonde leer. Sommige in die gemeente van Korinte het hulle egter na Christus gedraai, is geheilig en het vryspraak ontvang.

d. Levitikus 18:22 en 20:13
In hierdie hoofstukke gaan dit om bepalinge teen sonde wat die toekoms van die volk Israel in die beloofde land in die gevaar stel wanneer dit die huwelike en gesins/familieverhoudinge binnedring. Dit beskerm die fondasie van die samelewingstrukture as 'n skeppingsordening wat die heilige karakter van God moet weerspieël wat in die midde van Sy volk woon. Al die genoemde sondes word samevattend veroordeel as 'n gruwel, maar net die sonde van homoseksuele gedrag word spesifiek aangewys as 'n gruwel.
Dit is eksegeties nie moontlik om aan te toon dat hierdie verwysinge alleen verwys na tempelprostitusie in 'n kultiese konteks nie. Hierdie verbod mag wel 'n kultiese raakpunt hê, maar nêrens word dit spesifiek genoem nie. Die verband waarin dit voorkom is veel algemener van aard. Dit sluit eerder aan by 'n verbod op homoseksuele omgang in die algemeen, soos wat

dit ook in ander oud-Oosterse wetgewing gevind word. Die woord “gruwel” dui op die vereniging van dit wat nie by mekaar pas nie. Die verbod beskerm die grense wat God in die skepping gestel het.

**2.7 Bybeltekste en aktualiteit.**

Dit is ’n historiese feit dat die Christelike kerk regdeur die eeue elke homoseksuele verhouding en -gedrag afgekeur het. Nogtans moet die tekste weereens geweeg word ten einde hulle voortgesette gewig te bepaal: Geld ‘n Bybelse verbod uit ’n vervloë kultuur steeds onverminderd in ’n kultuur soos ons eie? Sommige wetsbepalinge in die Ou Testament is immers nie meer van toepassing in die Nuwe Testament nie. Hoe wil die Skrif op hierdie punt gelees word? Ken die Bybel enigsins iets soos ’n homoseksuele oriëntasie? Die Bybel reageer as volg daarop.

Homoseksualiteit is ’n “Genesis 3” verskynsel en ’n teken van die gebrokenheid. Dit mis die Skepper se bedoelde gerigtheid van die twee onderskeie geslagte op mekaar. Binne die homoseksuele verhouding ontbreek die skeppingsmatige verskeidenheid sodat die twee geslagte mekaar komplementerend kan aanvul. Hiermee ontbreek ook die skeppings gegewe moontlikheid om kinders voort te bring. Dit is eers wanneer ek besef dat my natuurlike/vleeslike leefwyse te staan kom teenoor die Bybel se voorskrifte dat ek kan begin om die diepgang van my eie gebrokenheid te besef.

Juis om hierdie rede het God in Sy ondeurgrondelike liefde, gegrond in sy verbond met Abraham en sy kinders, op ’n pad van herstel gegaan. Met Christus se geboorte breek die koms van die Koninkryk aan en met Sy sterwe en opstanding word die pad na regverdiging en verlossing oopgemaak. Dit behels die bevryding van verslawende magte asook die bevryding van hoogmoed en selfregverdiging. Dit sluit ook die voortgaande herstel van die mens in sy gebrokenheid in en vorm deel van ons stryd teen die sonde wat so welig groei in ons lewens. Die volmaaktheid het immers nog nie aangebreek nie. Daar is ’n “doring in die vlees” wat nie weggeneem is nie waarteen ons volhardend moet “stry” wetende dat ons tussen die “reeds” en die “nog nie” leef.

Maar ten spyte van ons onvolmaaktheid het ons tog reeds ‘n nuwe identiteit in Christus ontvang en word ons geroep om in ooreenstemming daarmee al hoe meer te verander om aan die beeld van Christus gelykvormig te word. En in dié stryd is daar die belofte dat Sy genade elke dag vir ons genoeg is en dat ons in Christus meer as oorwinnaars is terwyl ons met krag uit die hoogte toegerus word.

Ons sal ook nog die vraag moet beantwoord of Paulus wel bekend was met iets soos ’n homoseksuele oriëntasie, en indien wel; of hy nie dan tog sagter sou geoordeel het nie? Op die vraag of Paulus wel bekend was met die diep verweefdheid van die homoseksuele gerigtheid met die hele persoon-wees, is daar reeds vroeër op gewys dat Paulus wel deeglik vanuit sy konteks – gegrond op die aanwysinge wat ons by sowel die Griekse filosowe as Romeinse skrywers van Paulus se tyd vind – bewus kon gewees het van ’n seksuele voorkeur wat nie altyd op die maak van ’n keuse alleen berus het nie. Maar, by sy beoordeling van homoseksuele ***gedrag*** in sy briewe aan die Romeine en die Korintiërs – ingegee deur die Gees – speel dit geen rol nie.

Die siening in die hedendaagse mensbeskouing is om ruimte te skep vir die belewenis van gevoelens wat verstaan word as ’n egte uitdrukking wat hoort tot die diepste wese van ons menswees. In die gesprek rondom homoseksualiteit in die kerk word daar dan ook voortdurend gevra dat die belewenisse van die homoseksuele persoon nie net gehoor moet word nie, maar op gelyke vlak met Bybelse uitsprake hanteer moet word, of selfs voorkeur moet geniet. Hierdie tipe antropologie vind ons egter nie in die Bybel nie: Daarom bely ons dat die woorde van die Bybel skrywers gesagvolle betekenis het wat uitstyg bo die skrywers se eie tyd en konteks en dus steeds gesagvol met ons praat.

Talle voorstaanders van die aanvaarding van selfdegeslagverhoudinge, aanvaar egter nie hierdie verstaan van die totale Bybel as God se gesagvolle Woord aan die mens nie. Hulle relativeer dit deur alreeds in hulle hermeneuties vertrekpunt die Skrif te verskraal tot ’n enkele kerngedagte soos byvoorbeeld verbond, liefde, vryheid.

Wanneer die begrip verbond byvoorbeeld as kern/skopus van die Skrif voorgestel word, kan homoseksuele gedrag geregverdig word deur te verklaar dat waar dit wel die menslike verbondsaspekte van liefde en trou weerspieël, dit aanvaar behoort te word. Maar dan word verbond en skepping van mekaar losgemaak en dit kan nie. Ander kies weer vir die begrip “liefde”

met die motief om hierdeur “Bybelse ruimte” te skep vir selfdegeslagverhoudinge. Die liefde is immers daarop uit om deur aanvaarding en begrip, die medemens tot volle ontplooiing te laat kom. Dit is dan ook die hoogste gebod en ’n weerspieëling van Christus self. Hierdeur word die liefde egter losgemaak van die wet en open dit die deur om talle ander sake wat Bybels onaanvaarbaar is, aanvaarbaar voor te stel. Hierteenoor wil die liefde juis die sondaar tot bekering bring. Dit is ook ’n reddende liefde, nie net ’n aanvarende liefde nie. Die liefde mag nie ’n gestalte van verdraagsaamheid aanneem op so ’n wyse dat dit uiteindelik in spanning verkeer met die res van die Bybelse spreke nie. En om die voorbeeld aan te haal van Moses wat skeibriewe goedkeur ten spyte van ’n Bybelse afwysing van egskeiding is eksegeties nie houdbaar nie, omdat dit die stelling self verabsoluteer en nie rekening hou met die volle Skrif nie.

Ook “vryheid” word soms as die kern van die Skrif aangebied. Ons sien byvoorbeeld hoedat die beperkinge wat mense opgelê is – bv. vroue en ’n ontwikkeling tot groter vryheid wat selfdegeslagverhoudinge betref nie.

Die voortgaande geldigheid van Ou Testamentiese gebooie verdien ook aandag. Albei testamente vertel van die heilshandelinge van die enige God. Die gebooie/voorskrifte/leringe staan in die teken van die beskerming van die vryheid wat God aan Sy volk verskaf het sodat hulle teenoor die heidennasies getuienis kan lewer van die heilige God wat hulle aanbid, gegrond op ’n leefwyse wat hulle onderskei van die heidennasies. Met Christus se koms het Hy die wet in sy persoon vervul. Dit beteken dat talle van die gebooie nie meer deur ons gevolg word nie (vergelyk byvoorbeeld die bloedoffers en die seremoniële wette). Sommige van die gebooie bly egter van krag – soos blyk uit die res van die Nuwe Testament – en word selfs geradikaliseer (vergelyk byvoorbeeld die liefdesgebod). Op die wyse bly die hele Skrif steeds gesagvol en kan Paulus steeds teruggryp na die Levitikus boek in sy hantering van die homoseksualiteit probleem. Die morele verbintenis aan die betekenis van die onderskeie wette bly dus steeds geldig. Ons vind dus wel verskeidenheid en eenheid in die Skrif sonder dat dit teenoor mekaar te staan kom. So verstaan word dit duidelik dat homoseksuele gedrag nie net binne byvoorbeeld ‘n kultiese dimensie verstaan kan word nie. Dit het ook ’n dieper morele dimensie wat ten doel het die beskerming van die samelewings instellinge van God (by name die huwelik) wat ondermeer voortvloei uit Sy skeppingshandelinge. Dat homoseksualiteit slegs een maal eksplisiet aan die orde kom in die Ou Testament, maar steeds in die Nuwe Testament op uitgebreide wyse gehandhaaf word, bevestig hierdie beginsel. In beide testament word die volk van God dan ook opgeroep tot ‘n heiliging van die lewe as ’n geskenk van God volgens Sy voorskrifte. Hierdie motief weeg swaarder as byvoorbeeld die moderne verstaan van die mens as iemand met bepaalde regte, belewenisse en vryhede wat onafhanklik van God se voorskrifte geldend is. Die heersende kultuurwaardes het dus nie groter gesag wat bo die Bybelse gesag staan nie. Ons vind dan ook dat Paulus hom nie op die kultuur beroep om op grond hiervan dwingende gesagvolle uitsprake te maak nie, maar dat hy skryf vanuit die Skrif se eie verstaan naamlik, skepping, sondeval en verlossing.
Selfs wanner die tekste op die wyse geweeg word, bereik ons steeds die konklusie dat die Skrif geen ruimte laat vir die aanvaarding van homoseksuele gedrag en selfdegeslagverhoudinge nie. Die Ou Testamentiese straf van homoseksuele gedrag word weliswaar nie in die Nuwe Testament opgeneem nie, maar wel omdat Christus aan die kruis reeds ons straf gedra het. Hy wat glo word vrygespreek, maar die onbekeerlike staan steeds onder die oordeel.

**2.8 Kerk en lidmaat**

In lyn met die wyse waarop tot nou met die saak van homoseksualiteit en homoseksuele gedrag omgegaan is “weeg” die kerk dus die tekste om tot ‘n bevinding te kom. Die vraag is nou, watter gesag dra dit in die lewe van die lidmaat wanneer hy/sy self die tekste oorweeg?

In die kerk is nog die heersende kultuur nog eie opinie deurslaggewend vir ons lewenstyl. Net die Woord van God is. Alle belydende lidmate is dus aanspreekbaar en staan onder die kerklike opsig en tug. Die Gees lei ons tog tot die waarheid, ook wat ons moraliteit betref. Die Gees lei ons in verbondenheid met Christus, en Christus doen niks uit Homself nie, behalwe dit wat die Vader Hom gegee het om te doen. So is die Trinitariese God volledig betrokke by ons lewens en vind die mens in Hom die ware vervulling van sy/haar mens-wees. Die kerkraad is God se geroepene om hieraan uitvoering te gee.

Vir die sekulêre mens is dit byna onmoontlik om te verstaan hoedat ’n verbod op selfdegeslagverhoudinge menswees kan dien. Ook vir die kerkmens kan dit om verskillende redes moeilik wees. Maar selfs al sou ons nie dadelik alles volkome begryp nie, bly die roeping tot gehoorsaamheid vasstaan. Gelukkig is die kerk se konklusie aangaande homoseksualiteit en die

verbod daarop – soos hierbo uiteengesit – nie iets nuuts nie, aangesien dit deur al die eeue gehandhaaf is. Die kerk se onvermoë oor die eeue om hierdie saak op die beste manier te hanteer is geen regverdiging vir die afwys van die saak nie. Die kerk kan dit alleen met skaamte en skuld bely.

**BYLAE 12**

# PASTORALE UITDEELSTUK AAN GEMEENTES

## 1. Inleiding

In die lig daarvan dat alle lidmate en ampsdraers opgeroep word om persone met 'n homoseksuele oriëntasie met pastorale sensitiwiteit en met die liefde van Christus te bedien bied die taakspan die volgende riglyne aan vir die pastorale versorging van persone met 'n homoseksuele oriëntasie.

Onderstaande is meer as 'n rigtingwyser, maar minder as 'n handleiding. Die praktyk het uitgewys dat in talle gemeentes daar of familie en vriende is van, of persone self is met 'n homoseksuele oriëntasie. Ons leef ook as God se getuies in 'n wêreld waar ons voortdurend met homoseksuele persone kontak het. Die doel van hierdie uitdeelstuk is om gemeentes en veral leraars/pastors te help om homoseksuele lidmate en ander persone tot hulp te wees met die Woord van God as vertrekpunt.

## 2. Pastorale Beginsels

Die homoseksuele persoon (net soos alle ander persone) is 'n kosbare, maar ook kwesbare gemeentelid wat net soos ander lidmate besondere en spesifieke aandag nodig het. By die bewuswording van 'n homoseksuele gerigtheid kan daar van buiteaf onbegrip en afwysing beleef word – soms met ernstige gevolge – en van binne verwarring, eensaamheid en 'n soeke na begrip liefde en aanvaarding. Dit kan gepaard gaan met 'n onsekerheid oor die verhouding met God en 'n soeke om te verstaan: Wie is ek voor die Here? Dit alles kan aanleiding gee tot eensaamheid, selfverwerping, depressie en selfs erger. Daarom is die aanwesigheid van 'n ondersteunende vriendekring in die gemeente, asook die aanwesigheid van 'n pastor van kardinale belang.

Die pastoraat in die gemeente berus op God se liefde vir die mens soos deur Christus geopenbaar. Dit is tegelyk reddend en rigtinggewend. Romeine 12:8-10 moet dan ook saam met Romeine 1 gelees word. En tussen Levitikus 18 en 20 staan 19:18. Die kwesbare persoon moet juis ín die gemeente – in plaas van daar buite – veiligheid begrip en aanvaarding ondervind, wat deur heiligheid omsluit word. Dit maak die gehoorsaamheid aan God se gebooie verstaanbaar: Die weg van die Woord is die pad van seën.

## 3. Pastorale Grondhouding

'n Houding van nederigheid is gepas. Vir baie lank is homoseksuele mense in die samelewing gestigmatiseer. Hulle was dikwels slagoffers van fisiese, psigiese en verbale geweld. Hieraan het die lidmate hulleself ook dikwels skuldig gemaak. 'n Gebrek aan begrip en 'n houding van eksklusiewe veroordeling was dikwels aan die orde.

Sowel versigtigheid as duidelikheid is nodig. Die eer van God gaan voorop en daarom moet die sonde aan die orde gestel word. Maar dit is nie dieselfde as 'n gees van veroordeling nie. En dikwels is ons kieskeurig oor watter sondes ons bereid is om op te reageer. Dit kan sekerlik as huigelary verstaan word. Daar is immers ook 'n finale oordeel wat kom.

Daar moet steeds van die oortuiging uitgegaan word dat waar die Woord bedien word, die Gees werksaam teenwoordig is om broers en susters te help om hulle aardse sowel as ewige bestemming in God te vind. Die versorging van lidmate geskied in gehoorsaamheid aan die Woord, in die krag van die Gees en binne die gemeenskap van gelowiges, met die klem op verhoudinge. Dit is nie net die pastor wat versorgend, liefdevol en genadig betrokke is nie, maar die hele geloofsgemeenskap. Ons het almal 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar.

## 4. Pastorale Perspektief

Wanneer iemand bewus word van 'n homoseksuele gerigtheid het dit uiteindelik "selfaanvaarding" as finale doel in die oog. Daar kan beweer word dat selfaanvaarding selfs die doel is van Bybelse pastoraat. Die "self" word dan verstaan as die identiteit wat iemand in Christus vind deur die wonder van die wedergeboorte. Hierdie nuwe identiteit omvat en heilig dus ook die seksuele gerigtheid en persoonlike oortuiginge en keuses met betrekking tot seksuele gedrag. Elke gelowige kry met sy totale "uniekheid" deel aan Christus se sterwe en opstanding. So word die mens 'n nuwe skepping

en begin die proses van die najaag van die heiligmaking ten einde aan Christus se Beeld gelykvormig te word. Daarom verset ons, ons teen die sonde. Ons gebrokenheid as gevolg van die sondeval kan nie goedsmoeds aanvaar word nie. Soms is daar volkome herstel, soms net 'n mate van herstel en soms is daar geen herstel nie: Steeds moet ons in die krag van die Gees volhardend stry want in Christus is ons meer as oorwinnaars.

Identiteit is 'n omvattende begrip. Alle aspekte van ons menswees is daarby ingesluit: Denke en drome, verwagting en wil, gevoel en oortuigings; ja ons hele leer en lewe en al ons doen en late. Wat ek innerlik in Christus gemaak is, bepaal hoe ek uiterlik leef. Daarom moet die vraag ook beantwoord word of die pastoraat gerig kan wees op die verandering van homoseksuele oriëntasie – die moontlikheid mag nooit by voorbaat uitgesluit word nie – en of dit gerig is op die wyse waarop daar saamgeleef word met "die doring in die vlees". Sou dit die geval wees, soos dikwels gebeur, moet pastor en gemeente die persoon op allerlei maniere ondersteun, ter wyl daar met die realiteit saamgeleef word.

Dit is veral nodig omdat die saak van onthouding wel ter sprake moet kom: intieme verhoudinge kan nie voortgesit word nie. Dit kan op twee maniere positief hanteer word in die lig van die Skrif. Hierdie alleen-wees kan 'n gawe word in diens van God en die gemeente soos onder andere by Paulus die geval was (vgl. 1 Kor 7). Tweedens moet onthou word dat alle gelowiges opgeroep word tot onthouding van seksuele omgang buite die huwelik, nie net die homoseksuele persoon nie. Hierdie saak moet nie ligtelik hanteer word nie. Maar vele persone wat selibaatskap aanvaar het, hulle menslike vervulling in Christus soek en hierin die liefde en vriendskap van medegelowiges daagliks ervaar, getuig van 'n lewe van oorwinning ten spyte van die pynlike gemis. Nêrens in die Bybel vind ons 'n tegemoetkomendheid teenoor seksuele verhoudings buite die huwelik nie.

Daar kan daarom ook verwys word na selfbeheersing as 'n vrug van die Gees. Dit word aan alle gelowiges geskenk. Die gehoorsame "inoefening" van die uitleef van die vrug van die Gees is die pad vir alle gelowiges. Daardeur word die swakke wil versterk sodat ons ons nie deur die natuurlike drifte laat lei nie. Die daaglikse kruis opneem om te volg in die voetspore van ons Here Jesus is ons almal se enigste behoud.

Hiermee word die werklikheid van seksuele gevoelens nie ontken of ligtelik mee omgegaan nie. Dit verdwyn nie vanselfsprekend met die afsterf van die ou mens nie. Inteendeel dit sou neerkom op 'n ontkenning van menslike seksualiteit. Dit moet volledig erken en aanvaar word in geloof. Die erkenning van menslike seksualiteit lei egter nie sonder meer tot 'n onbeheerste drang en menslike reg om jou seksualiteit uit te leef nie. Lewensvervulling is nie gelyk aan seksuele vervulling nie. Dit geld vir almal.

## 5. Pastoraat as Gemeente Verskynsel

Dit bly van die allergrootste belang dat die verkondiging van die volle raad van God altyd in die prediking in gemeentes aan die orde kom. Die uitgangspunt in die verkondiging word geneem in die triade: Skepping, Sondeval en Herskepping/Verlossing. Dit vra dat 'n radikale sondebegrip nodig is om die diepgang van die verlossing in Christus te verstaan. Dit dring die hoorder tot 'n berouvolle sondebesef, die werp op die genade van God in Christus en die aanvaarding van 'n nuwe identiteit gegrond op die regverdiging deur die geloof in Christus se soenverdienste. Hierin deel alle gelowiges, ook diegene met 'n homoseksuele oriëntasie, en dra die kerklike gemeenskap die verantwoordelikheid om mekaar te aanvaar, lief te hê, te bemoedig , versorg en beskerm. Dit geld veral die homoseksuele persoon wat in onthouding wil leef en in gehoorsaamheid gekies het om nie (meer) in 'n intieme verhouding met iemand van dieselfde geslag te staan nie.

Gemeentelike pastoraat sluit gevolglik in dat daar ook aandag aan die familielede van homoseksuele broers en susters gegee word. Baie vrae leef in hulle gemoedere wat saam met hulle deurgewerk moet word sodat hulle ook berusting kan vind in die aanvaarding dat die Bybelse weg vir alle partye die regte weg is om te volg. Waar ouers en/of familielede drasties van mekaar mag verskil en daar allerlei spanning in families mag oplaai, is dit juis die verstaan van die Skrif in sy volle omgang met die saak van homoseksualiteit wat berusting, hoop en vrede kan bring. Dit geld ook waar 'n getroude persoon sy of haar homoseksuele oriëntasie bekend sou maak en dit die voortsetting van die huwelik sou bedreig en die kinders nadelig kan raak.

Waar persone steeds deel van 'n gemeente uitmaak maar volhard in 'n homoseksuele leefstyl, moet die kerklike opsig sy volle pad loop, wat vermaning en waarskuwing insluit, sonder dat die

ondersteuning en Bybelse berading opgesê word. Beide pastor en gemeente moet te alle tye die geloofwaardigheid van die kerk as liefdesgemeenskap wat in heiligheid lewe, gestand doen. Wanneer hierdie geduldige en liefdevolle versorging en vermaning nie die gewenste uitkoms tot gevolg het nie, moet die tug as een van die wesenskenmerke van die ware kerk onvermydelik gevolg word. Maar dit kan alleen met integriteit gedoen word indien alle sondes in die gemeente op gelyke voet hanteer word. Hieroor behoort die kerk ernstig te besin.

## 6. Pastoraat in kerkverband

Die kerk is nog altyd gekenmerk deur ’n sekere mate van verskeidenheid. Alle gemeentes is nie presies dieselfde nie en hanteer ook nie alle sake presies dieselfde nie. Die eenheid van die kerk word ook nie gevind in ons eendersheid nie. Ons vind ons eenheid in Skrif en belydenis. Daar moet dan ook eenheid binne die verskeidenheid wees oor die verstaan en hantering van ’n saak soos homoseksualiteit. Gegewe ons verbintenis aan kerklike beleidsstandpunte soos dat homoseksuele huwelike nie aangegaan kan word nie, aangenome kinders van homoseksuele persone nie gedoop kan word nie, geen persone in homoseksuele verhoudings in die ampte kan dien nie ensovoorts, sal die hantering van homoseksualiteit in die plaaslike gemeente altyd ‘n mate van verskeidenheid toon.

Die plaaslike kerkraad dra egter altyd die finale verantwoordelikheid vir die regering van die gemeente van die Here. Die aangaan van kompromieë, wêreldgelykvormigheid en om op grond van die heersende kultuur aanpassings te wil maak, bly ’n werklike gevaar. In die verband is die opsig en toesig van ringe onmisbaar in die handhawing van die kerkverband. Vir geen oomblik mag die bestaansreg van sondes in ons lewens aanvaar word nie, maar terselfdertyd mag die krag en verleiding daarvan nie ontken word nie. Ons word geroep om met geduld en liefde na mekaar om te sien terwyl ons die verwesenliking van God se voorskrifte doelgerig najaag.

Ten slotte

In die pastoraat wil ons ons Here Jesus duidelik laat ken as die goeie Herder wat ons op Goddelike manier deur donker dieptes lei na groen weivelde en na waters waar daar rus is. En dat ons Hom hierin gehoorsaam volg wetende dat sy stok en sy staf ons behoed en bewaar.

**BYLAE 13**

# KRITIESE BEOORDELING VAN DIE DOKUMENT: SEISOEN VAN MENSWAARDIGHEID

Die NG Kerk is tans in ’n “Seisoen van menswaardigheid”. Tydens die Algemene Sinode van 2013 is die begrip “Menswaardigheid” bespreek en is gepoog om dit teologies te begrond.
In die tersaaklike stuk word daarop gewys dat die woord ‘Menswaardigheid’ op sig self nie ’n Bybelse woord is nie maar tog wêreldwyd in gebruik is o.a. deur die Verenigde Nasies. Daar word ook verwys na die kerkvaders wat die woord met ’n nuwe inhoud gevul het waarin die menslikheid van Christus die toon aangee.
Wat hier volg is ’n teologiese beoordeling van hierdie begronding soos vervat in die Besluiteregister van die Algemene Sinode 2013. Dit word gedoen in opdrag van die sinode van Noord-Kaapland.

*Die sinode besluit dat*

1. *aan die taakspan vir leer en aktuele sake (TLAS) opdrag gegee word om ’n evaluering van die dokument, “Die Seisoen van Menswaardigheid”, te maak in die lig van die Skrif en die Gereformeerde leer en verslag te doen aan die volgende sinode.*

Uit die lees van die dokument is ses stellings geïdentifiseer en word daar kortliks oor elkeen kommentaar gelewer. Daarmee word gehoop om ’n bydrae te lewer tot die gesprek.

**Stelling 1**:
God ag mense so waardevol dat Hy sy Seun na hulle stuur. Jesus bevestig die hoë agting wat God het vir mense ongeag hulle stande, afkomste, generasies, oortuigings. Jesus tree in verhouding met alle mense, lê sy lewe af vir mense, raak verworpenes en gebrokenes aan, ens.
**Kommentaar**:
God stuur sy Seun Jesus Christus eerstens vanweë Sy genade, barmhartigheid en liefde vir die in-sonde-gevalle mens. Die mens is natuurlik waardevol vir God maar dít op sigself is nie die ‘eerste’ beweegrede vir God se sending van sy Seun nie, maar wel Sy onbegryplike genade en liefde vir die mens – ’n genade wat die mens nie verdien nie. Immers, sonder God se genade in Christus sou alle mense – ongeag hul ‘waardevolheid’ – in die oordeel kom en die ewige dood moes ingaan.

**Stelling 2**:
Die waarde van mens lê in God se verhouding met alle mense. God tree deur Jesus in ’n verhouding met alle mense – ook met talle randfigure. Dit is in hierdie verhouding waarin die beeld van God in die mens gesetel is. Indien God nie meer in ‘n verhouding met mense sou wees nie, sal die mens ophou om beeld van God te wees.
**Kommentaar**:
Dit is problematies om die beeld van God te verstaan in terme van die ‘verhouding’ waarin Hy met alle mense tree deur die menswording van sy Seun. Wat die aard van hierdie verhouding is, word ook nie omskryf nie. God tree immers nóg onder die Ou Verbond nóg onder die Nuwe Verbond met *álle* mense in ’n verhouding. Om maar een voorbeeld te noem: Jesus skok die Jode wat weier om in Hom te glo deur vir hulle te sê dat God nie hulle vader is nie maar wel die duiwel (vgl. Joh. 8:44). Hierdie mense staan weliswaar in ’n Skepper-skepsel verhouding met God maar beslis nie in ’n Vader-kind verhouding nie.

Die beeld van God lê veel eerder daarin dat God die mens na Sy beeld *geskep* het (Gen. 1:26). Die sondeval het hierdie beeld geskend in die mate dat die mens dit verloor het (sien Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 14). Die mens bly egter mens. Dit roep ons op om mekaar as medemens te respekteer in die sin dat die tweede gebod ons oproep tot naasteliefde.

Om die beeld van God egter te verstaan in terme van die ‘verhouding’ wat God met **alle** mense aanknoop, **–** dit nie te omskryf nie, **–** én dan by te voeg dat die beeld van God daarmee heen sal wees sonder hierdie verhouding, is te vaag en veralgemenend.

Die opstellers van die teologiese begronding van menswaardigheid sou ’n veel sinvoller weg kon inslaan deur te wys op die beeld van God wat in beginsel deur die verlossingswerk van Christus in gelowiges herstel word. Die Bybelse appèl op gelowiges is om hierdie beeld as verteenwoordigers van God prakties uit te leef o.a. deur hul menseverhoudinge.
Die Heidelbergse Kategismus verwoord iets van hierdie praktyk in Antwoord 107: “*Ons moet teen hom – ons naaste – geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees, alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom en selfs aan ons vyande goed doen*”.

**Stelling 3**:
Jesus ag die mens so hoog – sy/haar waarde – dat Hy sy lewe vir die mens aflê. Daardeur demonstreer Jesus die gesindheid van God teenoor mense.
**Kommentaar**:
Jesus lê sy lewe af – eerstens en bo alles – vanweë Sy gehoorsaamheid aan die wil van sy Vader. Die wil van God is in hierdie opsig 'n liefdes- en 'n genadewil vir sondaarmense wat dit hoegenaamd nie verdien nie. Hiervan is Rom. 5:8 maar een van die baie voorbeelde: "*Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het, toe ons nog sondaars was*."
Trouens, die mens is juis volkome 'onwaardig' dat God Hom in liefde so oor ons ontferm.
Die vrye, barmhartige en liefdevolle genade van God vir sondaarmense is in die evangelie die diepste begronding vir Jesus se versoeningsoffer aan die kruis.
Ongelukkig word hierdie Bybels-evangeliese klem in die beredenering oor 'Menswaardigheid' gemis.

**Stelling 4**:
God se wil is om deur sy Seun aan die mens volheid van lewe te gee. Die kerk word daarom geroep om hierdie lewensvolheid vir mense 'n werklikheid te laat word deur verskillende kerklike aksies: die versorging van mense met een of ander gestremdheid, diens aan mense wat bejaard is, die skep van gemeenskap tussen mense, die beweging oor grense van skeiding soos rassegrense, die beskerming en ontwikkeling van mense se lewensruimtes en protes teen alle vorme van minagting van menslike lewe.
**Kommentaar**:
In breë trekke sou mens hiermee kon saamstem. Jesus sê immers in Joh. 10:10: "*Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed*". Dit is ook reg dat die kerk met sy aksies hierdie vol lewe vir mense 'n werklikheid laat word.

Enkele kwalifiserende opmerkings is egter nodig:
Die Bybelse lewensvolheid het deurgaans 'n Christosentries gerigtheid. Dus: Dit is 'n *lewe in Christus*. Deur Sy sterwe en opstanding maak Hy die lewensvolheid enersyds 'n werklikheid maar ook andersyds 'n wonderlike moontlikheid vir elkeen wat in Hom glo.

Dit beteken eenvoudig dat die bedoeling en motivering van alle kerklike aksies ten diepste die verkondiging van Christus behoort te wees. Anders gestel: Dit wil heenwys na Christus se liefde en genade. Die Formulier vir die bevestiging van diakens sê daarom nie om dowe neute: "Waar hulp verleen word, moet ook die evangelie gebring word."

Hierteenoor kan dit gebeur dat kerklike aksies vanuit 'n humanistiese gerigtheid bedink word. Hulp van allerlei aard word dan verleen t.w.v. die mens en sy/haar groot waarde voor God. Vanweë hierdie besondere waarde moet die kerk mense help om só die lewensvolheid in Christus te ontdek en te laat realiseer.

Humanisties bedink is die uitgangspunt en motivering vir die kerklike aksies dus die waarde van die mens vir God. God het hierdie waardevolheid van die mens kom demonstreer deur Christus mens te laat word. Die kerk moet Christus hierin navolg deur hulpverlening aan die waardevolle mens om so die volheid van lewe in Christus te ontdek.

Hoe mooi dit ook al mag klink, is so 'n humanistiese motivering vir die uitoefening van kerklike aksies nie Bybels nie.

Die Bybelse appèl vir die doen van die goeie aan ander is deurgaans die onverdiende barmhartigheid en genade wat God in en deur sy Seun Jesus Christus aan die mens betoon. Christus gee Sy lewe aan die kruis vir geheel onwaardige en in sonde gevalle mense vanweë sy liefde. Dit is die liefde van Christus wat gelowiges dring om liefdesdiens aan ander – mede-onwaardige – mense te betoon. Hiérin volg die kerk vir Christus na in die praktyk van sy aksies en bedieninge.

Bygesê: In Christus ontdek die begenadigde sondaar sy/haar waarde voor God as kind van God.

**Stelling 5**
Patriargie is 'n bepaalde denksisteem wat oor eeue gevorm is. Dit word in die Ou Testamente gevind, by die apostel Petrus en in 'n mindere mate ook by Paulus. Dit kom neer op die hoofskap van die vaderfiguur en die ondergeskiktheid van die vrou. Die kondonering daarvan berus op 'n bepaalde skrifuitleg van veral Gen. 2. Hierdeur word die menswaardigheid van vroue aangetas.

**Kommentaar**:
Die Bybel in sy geheel bevestig die vrou se waarde as volwaardige mede-beelddraer van God – Gen. 1: 27 doen dit reeds en Gen. 2 bevestig dit.
Beide Paulus en Petrus gee aan vrouens die opdrag om aan hul mans in die huwelik onderdanig te wees (Ef. 5:22-23; 1 Pet. 3:1). Beide skrywers gee egter ook aan mans die opdrag om hul vrouens lief te hê, te eer en met respek te behandel (Ef. 5.25-32; 1 Pet. 3:7). Paulus vermaan selfs die hele gemeente om aan mekaar onderdanig te wees (Ef. 5:21).
Neerdrukkende en diskriminerende patriargale gebruike wat teen vrouens diskrimineer kragtens hul vrouwees moet, in die lig van die evangelie, skerp afgewys en bestry word (Gal. 4:26-29).
Weliswaar word die onderskeid tussen man en vrou kragtens hul skeppingsmatige uniekheid in die Bybel nooit opgehef nie.

**Stelling 6**:
In die huidige samelewing word die waarde van mense bepaal in terme van hulle funksionaliteit. Dus die mate waarin hul presteer, 'n bydrae lewer, hul kennis en vaardigheid. Wie dus nie presteer nie word nie na waarde geag nie. Hierteenoor word die kerk geroep om die gelykwaardigheid van alle mense te proklameer en te bevorder.
**Kommentaar**:
Word die kerk nie eerstens geroep om te proklameer dat God se onverdiende genade en liefde in en deur Jesus Christus vir alle mense is, ongeag hul prestasie, bydrae of posisie in die samelewing nie?

**BYLAE 14**

# GEMEENTE- EN RINGSTERUGVOER (VRAELYSTE)

1. **Tydens die 2012 sinodesitting was daar tafelgesprekke oor lidmaatbemagtiging-behoeftes. Die tafelgesprekke se terugvoer het veral die volgende sake na vore gebring:**

   *1.1 Leiding aan lidmate om waarlik met God te wandel en vanuit hulle verhouding met God te lewe.*
   *1.2 Verdiepte spiritualiteit, wat lidmate in staat stel om geloofsonderskeidend te kan lewe.*
   *1.3 Hulp aan lidmate om hulle gawes te ontdek ter wille van groter diensbaarheid in God se koninkryk.*
   *1.4 Toerusting van lidmate in geloofsdissipline.*
   *1.5 Die vestiging van waardes, bv. eerlikheid, vertroue, liefde, openheid, diensbaarheid, gasvryheid, luister, gebed, eienaarskap en rentmeesterskap.*
   *1.6 Uitbreiding van lidmate se kerk- en Godsbegrip.*

   **Gee asseblief jou mening oor onderstaande:**

   - Goed opgesom! Koninkrykgerigtheid moet by ons lidmate tuisgebring word – die kerk is nie ’n doel op sigself nie.
   - Hierdie terugvoer bevestig lidmate se behoefte aan geestelike toerusting. Dit blyk dat lidmate wil ervaar dat die Here ’n werklikheid in hulle lewe is, en dat hulle Hom wil ervaar deur die geestelike dissiplines van gebed, Bybellees, en nadenke (meditasie). Hulle het ’n behoefte daaraan dat hulle Christenskap ’n daaglikse dimensie sal hê van onderskeiding: die vermoë om Christenskap met die daaglikse realiteite te integreer. Hulle is begerig om meer effektief in hulle gemeentes te dien, soos deur hulle gawes bepaal.
   - Dis baie relevant. Bietjie bekommerd oor lidmate se gebek aan selfvertroue wanneer dit by getuienislewering kom.
   - Dis belangrike sake wat deurlopend aandag moet kry in die prediking en waar kleingroepe bymekaar is.
   - Ek stem saam met al bogenoemde behoeftes. Die belangrikste, na my mening, ontbreek, nl. Duidelike doelstellings vir die kerk en lidmaat, gebaseer op God se opdrag aan (die kerk) in hierdie tyd, en die dringendheid daarvan.
   - “Waarlik met God te wandel”. Definisie ontbreek van wat dit beteken. Omskryf die realiteit van die begrip in die gewone lewe en vermy woordryke vaaghede. Hierdie begrip is na my mening die spieëlbeeld van punt 1. Om dit te verwesentlik het jy goeie en doelgerigte leierskap nodig wat kreatief kan dink en doen en die vermoë het om projekte te identifiseer wat mense laat meewerk bv. iets waaroor almal besorg is wat mense se rus en vrede verstoor (uit gemaksone skud), en waaruit baie mense vreugde put, ens. Met ander woorde dinge wat groepsgevoel versterk want elke persoon het die behoefte om êrens te behoort (ons kan hier kers opsteek by politici). ’n Projek wat ’n breë spektrum van vaardighede vereis bv. talente van voordrag (sprekers), kuns, handvaardigheid, syfervaardigheid, musiek vaardigheid, projekbestuurvaardighede, ens., wat die lewenskwaliteit (nie rykdom nie) van alle deelnemers verhoog. As geloofsdissipline ’n klomp moets en moenies beteken dan is die oes maar skraal, maar as dit beteken die vaardigheid om met blydskap en vervulling Christen te wees in die samelewing van vandag is dit verkoopbaar. As geloofdissipline ’n vakrigting beteken is dit vir die akademici. Punt 1.5 is vir skrywer die essensie van die ware Christelike bestaan: dit word gevorm in die huis waar jy opgroei; die skool waar jy gevorm word; die kerk waarin jy opgroei en die inwerking van die Gees van God (m.a.w. die Christelik manier van leef en dink). Punt 1.6 Klink vir my onverkoopbaar aan die gewone lidmaat – veral ouer mense is swak studente. Kan wel gelei word deur die leef voorbeeld van 'n sterk leiersfiguur.
   - Lidmaatbemagtiging is uiters noodsaaklik, dit moet so spoedig moontlik plaasvind (Vanderkloof – Moolman)

2. **Wat, dink jy, is lidmate se geestelike behoeftes? Omskryf dit kortliks.**
   - Dis verwant aan konteks.
   - Om geestelik te groei: toeneem in kennis aangaande Christus en te groei in praktiese geloofslewe. Dis gestruktureerd, prakties, doelgerig en sinvol.
   - Te veel is behep met “geestelike groei” – daarvan getuig al die CD’s, DVD’s en bywoning van spesiale saamtrekke (Angus Buchan). Vermy nog ’n toerustingkursus oor geestelike groei – dit is net na binne gerig en kry nie lidmate daartoe om Jesus se hande, voete en stem te wees.

- Om die Here as 'n werklikheid te ervaar – bv. Sy liefde, versorging/omgee, vergifnis, genade). Lidmate wil geestelik groei, nie stagneer nie. Geestelike groei word verstaan as, eerstens, kennis/begrip van die geestelike lewe en dan, tweedens, die toepassing van sodanige kennis/begrip in die lidmaat se lewensrealiteite: die huis, werkplek, kerk, en gemeenskap. In hierdie kontekste is die fokus telkens verhoudinge. Lidmate wil bemagtig word in hulle verhoudingslewe sodat hulle verhoudinge gesond kan wees/word en kan gedy.
- Lidmate se Godsbegrip is gebrekkig.
- In die leefwêreld van alle mense vandag is onsekerheid en vertwyfeling jou daaglikse botter en brood. Dit skep 'n enorme soeke na sekerheid, koestering en iets om na te streef.

**<u>Lidmate se geestelike behoeftes:</u>**

- Seker te wees van God se almag en liefde.
  Seker te wees van hul redding op grond van Christus se versoening.
  Innerlike genesing van seerkry in verhoudings en terugslae in die lewe.
  Om aanvaar te word in die gemeenskap van gelowiges.
  Om van nut te wees in die kerk en koninkryk.
- Lidmate wil voel hulle groei geestelik. Hulle wil sterker word deur met ander lidmate wat saam met hulle groei daaroor te praat!
- Om vanuit die Woord leiding te kry om as dissipel van die Here te leef – in die wêreld van vandag.
- In die ses jare wat ek betrokke by hierdie gemeente is, vind ek dat daar is 'n hongerte vir die woord van God vir die wat as gelowiges in die NG Kerk kultuur groot geword het. Ons is bereid om saam met Christus te loop met opregte leiding, liefde en sorg. Kennis van die Woord. Vrymoedigheid om hulleself te verwoord.

**3. Hoekom vind oorsese boeke t.o.v. lidmaattoerusting (bv. Rick Warren s'n) soveel byval by sommige lidmate?**

- Dis "how to" georiënteerd.
- Dis gestruktureerd, prakties, doelgerig en sinvol.
- Geen navraag hier!
- Ons is van mening dat hierdie boeke in verskeie opsigte bied wat Afrikaanse/Suid-Afrikaanse boeke nie bied nie. Hierdie boeke is baie meer prakties van aard (geïntegreerd met die realiteite van die daaglikse lewe), teenoor Afrikaanse literatuur wat te hoogdrawend, vaag en teoreties is. Hierdie toedrag van sake bring mee dat lidmate sukkel om hierdie Afrikaanse literatuur in hulle lewens te integreer. Hierdie Amerikaans/Engelse literatuur help lidmate om hulle doel in die lewe beter te kan ontdek, en daarom het hierdie boeke 'n sterker motiveringsimpak en praktiese toepasbaarheid. Die boeke "maak dinge los" in jou lewe.
- Na my mening is die dae van "Ek lees en praat slegs Afrikaans of Engels" is lankal verby.
- Meeste van die lede in ons gemeente is tweetalig opgelei tot en met matriek (Graad 12) en hoër. Televisie en Radio en Internasionale Internet, Christelike Forums, het alles bygedra tot die gesonde neiging om na verskillende opinies te luister oor die Christendom. Nie net beperk tot slegs NG Kerk Dogmatiek nie. Skrywers soos Rick Warren in sy "Purpose-Driven Life" bied 'n baie "user – friendly" manier m.b.t. die praktiese uitwerking en betekenis van Christenskap en die gesindheid wat daarmee gepaard gaan. Sy mening oor konsepte soos bv. "diens", "servant's heart", "thinking like a Servant" is uiters belangrik vir die Liggaam van Christus. Daar is 'n sterk neiging tot "D.I.Y." wat leesstof betref, vernaam op die Internet. Alhoewel dit wil voorkom dat die lede wat dienste bywoon dit baie geniet as die diens ordelik aangebied word met die nodige positiewe geesdrif deur "alle" rolspelers in die Liggaam. Buitendien is die "net Afrikaans" persepsie al lankal uitgeklaar "Die Hollandssprekende is nie al Afrikaners nie. Daar is baie Afrikaners wie se moedertaal Engels is. Die Hollandssprekendes was noodwendig die eerste Afrikaners en die baanbrekers van die beskawing in Suid-Afrika, maar vandag is oorgrote meerderheid van Engelssprekendes net sulke goeie Suid-Afrikaners as ons." Dalk is die NG Kerk steeds te verhewe "for a select few only", al sink die skip "no matter what."
- Dit kry meer media-aandag en dan koop lidmate dit.
- Dit is 'n soeke na iets wat in hulle eie gemeente ontbreek.
- Moontlik toe te skryf aan beter bemarking deur meer blootstelling via TV programme en persepsies dat Amerikaners met hul groot kerke meer kundig moet wees.
- Na my mening het dit te doen met die sterk dogmatiese styl van ons kerk se manier van kerkwees wat nie die leefwêreld van die gewone mens aanraak nie. Kan dit dalk wees dat die skryfstyl van Warren en diesulkes die Bybel meer waar maak vir die modern mens en sy veranderde behoeftes.
- Omdat die toerusting op 'n nuwe manier aangebied word.

4. **Ons vind dat verskillende bedieningsuitreike by verskillende gemeentes bestaan, bv. die een gemeente is entoesiasties betrokke by sendingwerk in Botswana, wat 'n aksie van ons eie sinode is, terwyl die ander gemeente weer glad nie in Botswana belang stel nie maar eerder sendingwerk in Mosambiek of ander plekke steun.**
**Wat sê dit vir ons?**
   - Geld skaarste lei tot gesins- en plaaslike georiënteerdheid.
   - Gemeentes werk waar hulle harte lê.
   - Kan ons dit asseblief toeskryf aan die werking van die Heilige Gees? By elke gemeente/dorp is daar ook 'n plakkersbuurt.
   - Hierdie verskynsel dui op die verskeidenheid van gemeente-identiteite. Dit wys hoe lidmate verskil t.o.v. die uitlewing van hulle geestelike identiteit. Dit word beïnvloed deur baie faktore, soos bv. demografie, ligging, belangstellings, blootstelling, bedieningsstrukture. Dit dui op lidmaat-gedrewe geestelike behoeftes en –uitlewing. Dat die uitreike dalk deur die sinode gesinchroniseer word.
   - Die kern van die probleem lê in die motiveringswerk van verskillende individue wat hulle toewy aan 'n sekere arbeidsveld en hulle geroepe daartoe voel, wat dan nou hul invloed uitoefen in verskillende gemeentes en ringe (elkeen dink maar sy uil is 'n valk). Weereens lê die probleem by die afwesigheid van sterk en oortuigende leierskap wat dalk veroorsaak word deur sommige kerkorde vereistes wat verantwoordelike paste reserveer vir geordende predikante (byna kaderontplooiing) en sodoende kosbare talente verlore laat gaan. Gemeentes word gelei om betrokke te raak omdat sekere individuele lidmate geroep en gestuur word om by sekere bedienings betrokke te raak.
   - In ons gemeente was ons predikant reeds voor sy aankoms by ons betrokke by 'n uitreik aksie na Zimbabwe en Transkei. Dit is vanselfsprekend dat ons gemeente deeglik bewus gemaak word van die geleentheid en behoefte en dan betrokke sou raak. Daar is waarskynlik hoogstens enkele lidmate wat daarvan bewus is dat daar 'n sending aksie van ons ring in Botswana is nie. Aan die een kant se dit vir ons dat bewusmaking noodsaaklik is om steun te werf en aan die ander kant dat die Here ons vir verskillende bedienings roep en stuur. Die antwoord lê vir my daarin dat elke lidmaat en elke gemeente optree soos die Gees hom of haar of hulle lei. Dit is nie iets wat voorgeskryf kan word nie. Elke gemeente word op verskillende tye deur verskillende sake aangespreek. As daar 'n lidmaat (of selfs die leraar) is, wat 'n spesifieke band met 'n plek of saak of mense met 'n bediening, dink die gemeente makliker daaraan om die uitreik te ondersteun.
   - Die kollekte vir bedieningsuitreike word op 'n jaarlikse basis beplan en lede word vroegtydig op die Kerk Kalender in kennis gestel. Daar is tot hede geen besware of spesiale voorkeur deur enige lid ten opsigte van die skenking van bydraes tot enige instansie bo ander soos aangebring in die jaarlikse beplanningslys. Nie by hierdie gemeente, waarvan die kerkraad kennis dra. Lede word ook kortliks ingelig oor die werksaamhede van betrokke inrigtings tydens boodskappe in die erediens volgens sinodale opdragte m.b.t. verpligte en vrywillige kollektes. Dit is moeilik om 'n mening te lig oor 'n ander gemeente binne die NG Kerk Familie, se redes, hoekom hulle probleme ondervind met toewysing van fondse. Die Kerkordes maak voldoende voorsiening vir aanbevelings en lig van griewe en ondersoeke deur die formele kanale. Indien daar beswaar is staan dit enige lid vry om 'n gemotiveerde grondige rede aan te voer rondom hierdie punt onder bespreking. Gemeentes wil hulle nie laat voorskryf waar hulle betrokke moet wees nie. Baie van hierdie betrokkenheid is ook omdat ek 'n oom /tannie/ vriend ken wat by 'n spesifieke veld betrokke is. Of van die "onafhanklike sending-organisasies" wat gemeentes besoek en goeie oortuigingsvermoëns het.

5. **Die stemproses oor Artikel 1 van ons Kerkorde het in baie gemeentes die tonge losgemaak. Het hierdie debat lig gewerp op lidmate se kerkbegrip en geestelike behoeftes? Watter belangrike behoeftes het na die oppervlak gekom?**
   - Nie regtig nie. Lidmate raak al meer oorlewings georiënteerd.
   - Gemeentes het 'n baie swak ontwikkelde kerkbegrip, ken nie die belydenisskrifte en die toepassing daarvan op hulle lewens nie.
   - Sosio-polities.
   - Lidmate is wantrouig oor die "oneerlike" werkswyse van die algemene sinode.
   - Dit het lidmate net weer laat besef dat die NG Kerk reëls en regulasies hê, waarvan hulle nie aldag van bewus is nie. Dit dui op struktuur in die kerk, wat noodsaaklik is. Lidmate het ook die stemproses ervaar as verandering.
   - Elke lid het sonder invloed sy stemreg uitgevoer volgens sinodale voorskrifte en die finale besluit is sonder enige noemenswaardige kommentaar aanvaar en daar gelaat. Ek dink nie lidmate het

eintlik verstaan waaroor dit gaan nie. Hulle stem was "polities" gedryf. Ek dink nie die NG Kerk het al losgekom van sy apartheidsdenke nie. Wat nog te se dat rassisme sonde is… rassisme is "alive and well" ons bedryf dit net baie gesofistikeerd, Dit het nie regtig in ons gemeente die tonge losgemaak nie.

- Na my mening het hierdie debat mense net meer en meer deurmekaar gemaak. In ons eie gemeente is die behoefte wat uit hierdie vraelys na vore gekom het dat daar eerder meer eenheid onder ons self moet wees.
- Sover ek van bewus is, het die proses nie nuwe lig gewerp of behoeftes na die oppervlakte gebring nie.
- Hierdie hele aangeleentheid en die hantering daarvan het ons NG kerk 'n bespotting gemaak, Eerstens omdat die bedoelings met die wysiging en manier van hantering daarvan die intellek van die deursnee lidmaat nie verreken het nie en gerig was op die byna gedwonge aanvaarding van die Belhar begrip.
- Lidmate se kernbegrip is gebrekkig en het teen artikel 1 gestem omdat hulle rassiste is. Lidmate moet toerusting ontvang.

**6. Dink jy daar is 'n behoefte onder lidmate vir "boere-katkisasie"? Die gedagte is om die inhoud van ons geloof vars te verken en die alledaagse impak en waarde daarvan vir die lidmaat so oop te maak. Gee jou mening hieroor.**

- Nie regtig nie. Lidmate het groot behoefte aan gesprek.
- Dit sal verseker behulpsaam wees.
- Dit pla nie baie lidmate nie.
- Ja. Ons lidmate voel dat "kategismus preke" beslis 'n belangrike rol vervul om lidmate bewus te maak van ons kerk se basiese identiteit. Dit kan gemaklik een keer per kwartaal plaasvind oor bv. die 12 Artikels, sakramente, ander gelowe ensovoorts.
- Ja.
- Daar is verseker nie 'n behoefte in die vorm van studie nie maar wel getrek te word deur voorbeeld en motivering Sien punt 1.1 tot 1.6.
- Ek dink nie daar is 'n behoefte nie. Hierdie fasette word deeglik in die prediking in ons gemeente aangespreek.
- Ek dink verseker dat daar 'n behoefte is, maar dan op die vlak van volwassenes. Omdat dit volwassenes is, moet daar baie klem gelê word op die aanbieding.
- Lidmate gebruik geleenthede soos 'n wyksbyeenkoms om oor belangrike sake te praat en te dink.
- Na my mening kan daar 'n persepsie ontstaan analogies aan die scenario waar 'n persoon voel dat as hy klaar 'n doelwit bereik het soos bv. Matriek (Graad 12), of teologies sy kategese afgehandel het, ander na skool kursusse voltooi het, dat hy dinge daar kan laat en met sy of haar lewe kan voort gaan. Die teologiese realiteit is dat 'n mens groei in Christus en daarom is gedurige opknapping uiters nodig. Christus herinner ons "…'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke word wat uit die mond van God kom." Mt. 4: 4 vlg. Deut.8:3. Die mees prakties voorstel wat ek kan aan dink om hierdie probleem to oorbrug waar daar werksdruk en ander redes, groei kortwiek t.o.v. daaglikse groei in Christus, is hierdie voorstel van Kobus Kellerman wat kan werk vir die stede of platteland. "In 'n kerk waar daar nie lering geskied nie, kan daar nie groei plaasvind nie. Lering geskied deur middel van kategese sowel as die voortgesette toerusting van lidmate. Daar word soms gepraat van 'voortgesette kategese'… Histories was kategismusprediking die instrument om die gemeente in sy allerheiligste geloof op te voed. Maar kategismusprediking was nooit regtig populêr binne die Ned Geref. Kerk nie. Die rede lê heel waarskynlik daarin dat die predikant nie daarin kon slaag om dit lewend en aktueel aan te bied nie. Waar dit vroeër as verpligtend gereken was, is dit nou aan die prediker oorgelaat hoe hy dit wil gebruik – of selfs nie wil gebruik nie. Daarmee het die Ned Geref. Kerk iets van sy tradisionele identiteit prysgegee." Na my mening kan hierdie voorstel van Kellerman realiseer indien daar nie net van die Prediker verwag word om as enigste leraar op te tree nie, sodra daar goedkeuring vanaf die algemene sinode op die besluit van bemagtiging van ouderlinge in September 2015 kom kan die opleidings funksies gedeel word.. Die vraag ontstaan hoekom ouderlinge wat opgelei is soos voorgestel, nie Bybelstudies of opleiding vir kategese vir alle lede kan aanbied nie, soos prof. Potgieter dit voorstel. Daar kan dalk gekyk word na die moontlikheid die Sondagdiens twee ure duur in plaas van een, een Sondag per maand. Baie Kerke soos bv. Central Baptist Church Pretoria het "Adult Bible Study" om 09:00 tot O9:45 en dan die Erediens 10:00-11:00 elke Sondag. Dit is makliker in die stad as die platteland natuurlik, m.b.t. distansies. Maar as die wil daar is, is enige iets moontlik. Ek dink aan Rom 12:1 "lewende offers" as een voorbeeld.

- Miskien is ’n ander vraag of lidmate vandag tyd het vir sulke geleenthede… dalk moet bestaande geleenthede beter benut word.

7. **Hoe kan ons as taakspan vir jou in jou gemeente iets beteken? Gee ’n paar wenke oor hoe ons met mekaar kan saam werk.**
   - U kan vir ons goeie toepaslike inligting van tyd tot tyd verskaf.
   - Moenie iets skep waarvoor daar nie ’n daadwerklike behoefte bestaan nie. Gemeentes het ’n eie lewensritme en behoeftes wat deur die plaaslike predikant bevredig moet word.
   - Skrywes aan gemeente (kort en kragtig)
   - Die taakspan kan ons help met opleidingskursusse. Kursusse oor onderwerpe soos, byvoorbeeld, ouerwees, kwelvrae (bv. hoe om my kind te straf), huweliksverryking, Christen-wees in die werkplek, lewensrealiteite/uitdagings (bv. hantering van depressie, hoe om iemand te groet wat die dood tegemoet gaan), die toepassing van die Bybel se riglyne in die praktyk, kindervoorbereiding vir die volwasse lewe, naasteliefde, en verhoudinge.
   - Daar kan gekyk word na ’n basiese aanlyn (online) sertifikaat kursus in Afrikaans, wat vir alle lede wat aan die NG Kerk behoort, aan te bied. Dit is tans hoog mode in die VSA waar instansies soos bv. Bible University, Christian International School of Theology, kosteloos kursusse aanbied. Hulle maak wel toegewens vir die wat se moedertaal nie Engels is nie. Baie Afrikalande se studente maak gebruik van hierdie geleentheid. Dalk kan daar na hulle basiese program gekyk word en ’n soortgelyke (nie net jong mense nie) stelsel by ons in Afrikaans ingestel word, uniek aan alle NG Lede. Die koste aspekte kan na gekyk word, indien dit nie moontlik is om dit kosteloos aan te bied nie. Die taakspan kan dalk solank die moontlikhede navors. Hierdie kursusse in die VSA is meestal “Non-Denominational” en op die waarheid van God oor die algemene Christendom. Dink aan “Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer.” (Die Bybel 1983 ,2 Tim 2:2) Let op na Paulus se “bekwaam” nie sommer enige Jan Rap om bloot ’n pos te vervul. Bekwaamheid kom slegs deur aanhoudende opleiding soos dit in punt 5 uiteengesit is. Stel materiaal beskikbaar wat in kleingroepe bespreek kan word. Materiaal wat lidmate uitdaag om buite die boks te dink en te doen.
   - Die taakspan kan wenke deurgee wat gemeentes moontlik kan gebruik.
   - Ek dink ons het ’n behoefte aan praktiese, prikkelende, positiewe stimulasie deur die aanspreek van elke dag se “issues”.
   - Stel die taakspan met sy lede en beskikbare vaardighede en beskikbare tyd aan ons gemeente bekend. Stel die huidig beskikbare opleiding en kursusse aan die gemeente bekend. Laat die gemeente toe om aan te dui op watter terreine en in watter formaat hulle opleiding of kursusse nodig het.
   - Deur gemeentes te besoek nie as inspekteurs en predikers nie maar as motiveerders en vriende van die publiek sodat ons ook die nie kerkgaande publiek kan nooi na byeenkomste wat ons lewenservaring kan verryk. M.a.w. om te vertel hoe voordelig dit is om die Here te dien, te loof en te aanbid en nie as doemprediker nie.
   - Taakspan moet eers behoeftes van elke gemeente vasstel.

8. **Gee jou mening oor die volgende stelling: “‘Lidmaattoerusting’ as ’n kerk-aksie om mense deur kursusse “op te lei” is gedoem tot mislukking.**
   - Korrek.
   - Ja, as dit nie deur die gemeente versoek is nie.
   - Ongelukkig so! Platteland (boeregemeenskap) skakel nie maklik in nie. Mense sien die erediens as voldoende, verwag goed voorbereide preke, huisbesoek en sien hulle meestal self as die voorwerp van bediening.
   - Ons meen die teenoorgestelde is waar. Kursusse is ’n onmisbare metode om te voorsien in die behoefte na kennis/inligting. Maar dan moet kursusse prakties wees: dit moet teorie en lewensrealiteite integreer. Lidmate het ’n behoefte om bemagtig te wees, en opinies voldoen nie in hierdie behoefte nie. Ons reken dat naweekkursusse goed werk.
   - Nee, dit kan werk, maar nie alle predikante is self toegerus om die toerusting aan te bied nie.
   - Stem saam. Verwys na die beginsels in vraag 7.
   - Indien die bedoeling van die stelling is dat kursusse aan lidmate in die algemeen gegee word, stem ek met die stelling saam. Die meeste lidmate is na 60 jaar van weeklikse preke, Bybelstudies en kursusse steeds nie gereed is of voel steeds nie gereed om koninkrykswerk te doen nie. Sodra ’n spesifieke lidmaat egter ’n roeping kry om enige by enige bediening betrokke

te raak, sal so ’n lidmaat spontaan betrokke raak en soek vir die toerusting wat hy/sy nodig het. Dan moet daar egter ’n plek of plekke wees waar hy kan aanklop vir hulp en vinnig geholpe kan raak.

- Nee, ek dink nie dit is noodwendig die geval nie. Waaroor ek wel sterk voel is dat die aanbieding vernuwend en stimulerend moet wees.
- Lidmate woon nie regtig meer ’n “kursus” by nie. Toerusting d.m.v. prediking is belangrik, en deur gesprekke in kleingroepe.
- Ek glo as vrae 5 en 6 met “commitment” en nie deur slegs lippe diens aangepak word, kan daar met die hulp van die Heilige Gees geen sprake van “mislukking” wees nie. Dit sal so wees want mense (die wat dit die nodigste het) woon nie regtig kursusse by nie.

**9. Daar is ’n horde aktiwiteite, TV-uitsendings en selfs TV-eredienste waarmee ons gemeentes elke Sondag mee kompeteer. Hoe gemaak om as gemeente te groei ten spyte van allerlei kompetisie?**

- Die kwaliteit van eredienste, wat deelname insluit moet gelig word.
- Daadwerklike verbintenis maak aan Christus en die gemeente as Sy liggaam.
- Leer lidmate dat die erediens nie die somtotaal van hulle kerkwees is nie. Kry bedieninge aan die werk, kry entoesiastiese leiers en lei hulle op. Ons kan nie ’n “entertainment” instansie wees nie, en moet dus nie probeer om te kompeteer deur ’n vermaaklikheidsidentiteit aan te neem nie. Maar ons kan wel voorsien in daardie siels/geestelike behoeftes wat lidmate juis na die vermaaklikheidswêreld toe dryf. Mense wil “ontsnap’ van die alledaagse eise, ontspan, wegkom. Die ironie is dat Jesus juis die antwoord is wanneer jy wil ontvlug, maar ons lidmate kom nie sover om dit te ontdek en ervaar nie. Ons as kerk en gemeentes moet in gebed die Here bly vra om weer vir ons “lekker” te word: Sy lekker liefde, vrede, vreugde, teenwoordigheid. Ons moet “connect’ met lidmate se innerlike behoeftes.
- Christus sê duidelik “Do not suppose that I have come to bring peace to the earth. I did not come to bring peace but a sword.” (Holy Bible, New International Version Mt.10,34). Met die gevolg dat as almal behoorlik hulle “huiswerk” doen afgesien van die betrokke funksie in die Liggaam, hoort daar geen vrees vir gesonde kompetisie soos bv. “Tele- Evangelists” (wat meestal goeie werk doen vir Die Here) en ander skynbare bedreigings. Koue kos half-gebak, bly maar onsmaaklik. As die skoen pas moet ons dit seker maar dra. Ons moet net waak teen“ sacramental mechanicalism”. Die gemaksone van “Well at least we’ve got our theology straight” gaan nie altyd water dra nie. Ons moet nie bang wees om self- krities te wees en om opbouende kritiek te aanvaar nie. Dalk is dit omdat ‘n gestagneerde liturgie mense nie meer aanspreek nie. Orrelbegeleiding is dalk nie die enigste kerkmusiek nie. Dalk moet mens hierdie alternatiewe vorme saam kyk en bespreek. Mense word groot (en oud) voor die TV, gebruik dit!
- Om te ervaar dat “ek behoort”, dra baie by dat ‘n gemeente sal groei.
- Gebruik die kompetisie. As dit werk, boots na. Kyk wat en hoe “hulle” dit doen en pas die plaaslike bediening aan daarby.
- Ek dink nie dit is in ons gemeente ’n wesentlike probleem nie. Dit[ kan in sommige gevalle ’n verskoning wees van lidmate wat in elke geval nie die eredienste wil bywoon nie. In enkele ander gevalle waar lidmate besondere TV-eredienste bo die gemeente se erediens verkies, behoort ons dit as bydraend tot ons groei te beskou en besin hoe ons dit voluit vir alle lidmate kan benut.
- Ons moenie die mediums tot ons beskikking as bedreigings afmaak nie maar wel as middele in ons hand om Gods word te verkondig en dit beskou as middele om kontak te bewerkstellig
- Begin by God.

**10. Hoe reageer jy op die volgende stelling: “Ons het in die ou dae eintlik die kerk laat groei en aktief gehou deur ons gewete. Ons het gehoor: ‘Gaan hel toe of gaan kerk toe.’”**

- Dis reg maar dit werk nie meer nie, want dit is wetties en negatief.
- Iets hiervan is waar. Die kerkbegrip as liggaam wat deur Christus gekonstitueer word, was selde die motivering vir kerklike betrokkenheid.
- Kerk is nie meer vir baie mense belangrik nie. Dit het verskuif van die sentrum na die rand van die samelewing.
- Ons stem saam met hierdie stelling. Kerk-toe gaan was om ’n skuldige gewete te sus dit was ’n kulture verskynsel. Daar was ’n tyd toe ’n getuigskrif van die predikant nodig was om vir ’n werk aansoek te doen.
- Hoe misplaas – en die kerk self het nie gehelp om lidmate te laat verstaan waarom ons kerk toe gegaan het nie.

- Dit is wel gedeeltelik waar. Die hoofoorsaak van groei was die lewens omstandighede wat 'n laer trek ingesteldheid aangemoedig het om bedreigings die hoof te bied deur getalle. Die behoefte wat meeste mense het om te "behoort" het ook 'n invloed. In die dae van apartheid was dit die enigste plek van wat sosialisering moontlikhede gebied het vir mense van verskillende oortuigings en so 'n eenheid te vorm teen bedreigings hetsy godsdienstig, demografies verspreiding of kultuur oorspoeling en vervlakking. Dit was hoofsaaklik onbewustelik. Dit is nou waarneembaar as die verlede objektief beskou word.
- As dit waar is, was dit verkeerd. Kerkgroei moet nie die hoofdoel wees nie maar moet die gevolg wees van die bevordering van God se koninkryk, wat volg op ons liefhê en ons getuienisse van wat God Is en in die verlede vir ons gedoen het en tans vir ons is en doen.
- In die "ou dae" het ons grootgeword in totaal rustiger omstandighede sonder die malle gejaag van vandag en ook die invloede van die media.!
- Ek het nie hierdie uitspraak beleef nie. Ons gewete is nou nog belangrik, lidmate met geen gewete gee nie regtig om nie – al sou jy hulle wou bang maak.
- Onder die Nuwe Verbond word die klem op die gebou self nie gefokus nie, om rede ons almal nou letterlik lopende "tempels" is, volgens my siening van I Kor 6:19 waar Paulus so mooi, op 'n tong in kies manier, retories vra "Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie. Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie." Letterlik beteken dit vir my dat hierdie lopende tempel sal baie naby aan die hel kom as hy of sy haar nie gedra soos heilige tempels waar ookal hulle mag hulself bevind. Nie net in die Kerk gebou as sodanig, waar al hierdie lopende tempels elke Sondag bymekaar kom om die Here te loof. Ek glo dat hierdie verse net beperk is tot hoe 'n mens na hulle gesondheid moet omsien. Alhoewel dit nie van minder belang is nie. Weereens die lede moet leiding in hierdie rigting ontvang, soos dit in punt 5 uiteen gesit is.
- Ek dink nie dit het met kerkwees te doen gehad nie, dit was 'n Afrikaner-ding en ons het onder die illusie gelewe dat die kerk groei. Mense het eredienste bygewoon – nee: kerk toe gegaan – omdat dit is wat goeie mense doen. Ek dink die kerk behoort te leer om die post-moderne mens te bedien. Sonder om hom te laat skuldig voel omdat hy nie meer betrokke is soos wat dit 50 jr. terug gewerk het nie. Vandag se mense leef hulle Christenskap anders uit… nie noodwendig verkeerd nie.

**11. Dink jy gemeentes sukkel ten opsigte van lidmaatbetrokkenheid en deelname as gevolg van 'n gebrek aan opregte toegewydheid (commitment) van gemeenteleierskap? Met ander woorde, ons doen maar dieselfde goed jaar in en jaar uit sonder om nuut te dink oor ons geloofsgroei en kerkbegrip.**

- Nee. Die vraag is of die kerk nog relevant is vir die situasie waarin ons tans verkeer.
- Nie net die leierskap nie – hoe belangrik dit ook al mag wees – maar die gemeente as geheel.
- Goed gestel! Som die aspek goed op. Leiers met visie en ywer ontbreek.
- Dit is 'n faktor, maar gemeenteleierskap op sigself kan nie verantwoordelike gehou word vir lidmate se geestelike groei nie. Daarvoor is elke lidmaat self verantwoordelik. Gemeenteleierskap én lidmate is mede-verantwoordelik.
- Gelukkig of ongelukkig, afhangend waar belange lê, is Christus ons almal se "Baas" of Hoëpriester. Volgens Die Skrif bestaan daar 'n horisontale magsgelykheid tussen alle lede van die liggaam, gedelegeer vanaf Christus. Die enigste vertikale mags- uitoefening val direk onder Christus. Aan hierdie geestelike liggaam het Christus 'n organisasie en 'n instituut gegee (Efes. 4: 11-2; I Kor. 12 :28). Die kerk is 'n geestelike broederskap, 'n geestelike, mistieke liggaam, gevorm deur die inwoning van Christus. Deur Sy inwoning word alle lede saam verbind, vertikaal verenig met Christus, horisontaal met mekaar. Aan die liggaam gee Christus 'n organisasie, vorm en amp. Dit bring ons tot die logiese gevolgtrekking dat die sukses of mislukking van 'n diens berus nie op een persoon se skouers nie. In hierdie is dit toevallig die predikant, wat moet Pa staan of die sondebok moet wees, as die diens "boring is" of as die Liggaam sonder opregte toewyding (commitment) van gemeenteleierskap skipbreuk lei. Die predikant is beslis nie 'n "advokaat wat betaal word" om mense in die hemel te bring nie. Nie volgens Christus of enige van die Briewe van die Apostels nie, elke "Temple" moet sorg dat hy of sy op hoogte bly van God se Woord op 'n daaglikse basis weereens, Mt 4:4 "nie brood alleen" nie. As daar nie "tyd" is nie dan, beter ons tyd maak. Wat gebeur die dag as God nie meer tyd vir ons het nie? Dis nie net die predikant wat kan lees of skryf soos in die primitiewe Kerk nie. Ek dink nie dis 'n gebrek aan toewyding nie, maar 'n gebrek aan verstaan van die roeping van die kerk. Ons is nie hier net om te oorleef nie maar om 'n verskil te maak in God se wêreld. Ek dink nie toegewydheid het afgeneem nie, maar daar word aan die klein groepie toegewydes op al meer terreine 'n groter lading gevra. Omdat ons vandag

meeding met ’n kompeterende wêreld, kan ek nie heeltemal saamstem met hierdie stelling nie. Vandag sal jongmense bv. nie skroom om hulle seining te gee of om te getuig nie. Ek dink lidmate is vandag meer los in hulle denke.

- Ja, ek stem grootliks met hierdie stelling saam. Ons te veel gerig op ons gemeente se belange en te min op die breëre belange van God se koninkryk. Gelukkig is daar vordering op hierdie terrein van kerkbetrokkenheid. Jy het baie makliker ’n assosiasie met ’n “ander” kerk.
- Die geheim lê daarin dat dit nie by alie gemeentes so is nie. Kyk asb. in gemeentes waar die probleem nie so akuut is nie of die leiersfigure ook die vriende is van die gemeentelede en deur hul lewe, kreatiwiteit en motiveringsvermoë mense in die gemeente inbind. Neem die Afrikaanse Baptiste kerk in Bloemfontein as voorbeeld. Ek weet dit kan dalk as kettery beskou word om ’n ander denominasie as voorbeeld te noem – dit is egter dalk net moontlik dat hulle lidmate ook hemel toe gaan.
- Ja, verseker, maar lidmaatbetrokkenheid gaan saam met my verhouding met Christus – nie net leierskap se skuld.

**12. Watter rol speel die plaaslike gemeente se eiesoortige kultuur en identiteit in die gemeente se belewing van kerkwees?**

- Baie. Die gevaar is dat ons ’n burgerlike godsdiens beoefen.
- Dis bepalend/deurslaggewend. Landwye probleem op die platteland. Ons sien ons voortbestaan en oorlewing in “laer getrek”. Kan mense nie kwalik neem nie, maar net die Heilige Gees kan ons lei om waarlik ook na buite kerk te wees.
- Die plaaslike konteks, kultuur en identiteit speel ’n groot rol in ’n gemeente se belewenis van kerkwees. ’n Myngemeenskap soos Lime Acres belewe kerkwees heeltemal anders as, byvoorbeeld, ’n boeregemeenskap. Daar is ander realiteite uitdagings, roetines, verhoudings. ’n Myngemeenskap is ’n meer tydelike gemeenskap. Daar is ’n groter klassebewustheid, ’n groter geïsoleerdheid tussen myners, ’n gebrek aan permanensie en groter langtermyn verhoudinge. Myners ervaar nie ’n afhanklikheid van God soos dit die geval is met boere nie.
- Dit speel ’n groot rol.
- Baie belangrike rol onder die huidige opset.
- Ek dink ons gemeente se kultuur en identiteit kan beskryf word as ’n “pensioenaris gemeente”. Dit het tot gevolg dat die meerderheid lidmate gereeld kerk toe kom en veral die meeste mans lidmaat t.o.v. kerklike werk op pensioen is.
- Elke gemeente is uniek. Daar is nie ’n bloudruk wat pas op elke gemeente nie. Hierdie aspek sal in gedagte gehou moet word as jy ’n suksesvolle gemeente wil wees.
- Dit sal altyd ’n rol speel. Dis egter belangrik om die Bybel se opdrag hieroor duidelik te hoor.
- Hierop is ek geneig om met Piet Strauss, en ek glo baie ander lede van ons kerk ook, akkoord te gaan: “Maar aan die ander kant is daar ook plek vir gelowige Afrikaners in die kerk ‘van God’ wat hulle in hulle kulturele lewe na God se wil skik.
- Dit speel ’n groot rol. Ongelukkig is ons soms eers Afrikaners en dan Christene. Ons sukkel om die volgorde reg te kry.

**13. Sosiale media, soos Facebook, WhatsApp, Twitter ens., het besondere potensiaal om lidmate te bereik en te betrek, veral in ons plattelandse gemeentes waar lidmate ver van mekaar af bly en sommige net op Sondae by mekaar uitkom. Hoe kan ons hierdie media gebruik tot voordeel van ons lidmate se geestelike behoeftes en kerkwees?**

- Die kommissie kan ons help met praktiese voorstelle oor hoe sosiale media beter in gemeente verband benut kan word. Veral met betrekking tot die jeug.
- Hier by ons is daar weinig lidmate wat die gebruik van sosiale media magtig is.
- Het dit in werking gestel. Baie lidmate gebruik dit egter om lang en soetsappige boodskappe te plaas en dit frustreer ander.
- Die sosiale media bied opwindende geleenthede t.o.v. kerkwees. Dit skep ’n maklik-toeganklike kommunikasieplatform waarop lidmate dag-na-dag met mekaar in verbinding tree en verhoudinge uitbou. Hierdie media bied geleenthede vir lidmate om hulle Christenskap meer persoonlik uit te leef. Hulle bemoedig en ondersteun mekaar meer effektief omrede die media so geredelik ingespan word, en dit skep ’n meer effektiewe gemeenskap-van-die-gelowiges as wat Sondae se kort blootstellings aan mekaar kan verwesenlik.
- Die sosiale media, byvoorbeeld Facebook, kan ingespan word om kursusse aan te bied, dagstukkies aan te bied, preke beskikbaar te stel. Kwelvrae kan deur media bespreek en belig

word, en aktuele Christentemas kan sodoende lekker bespreek word. Dit is ’n goeie medium om alledaagse Christenskap te belig in die lig van die Bybel.

- Dit is juis in die platteland waar moderne media soos Facebook. WhatsApp, Twitter en ander van groot nut kan wees. Lede in die kerk moet net getaak word om die nodige “forums” te hanteer. Na my mening sal dit analoog wees aan die “Sel-gemeente konsep” te kan goed werk maar daar moet voldoende toesig en beheer wees onder die toesig van die Kerkraad. Mense is baie besig vandag… om te oorleef. Daarvoor moet die kerk ook respek hê. Massa media kan ‘n groot verskil maak. Vergaderings op WhatsApp ens.
- Ons kan dit sekerlik beter benut.
- Ek dink as jy daarin kan slag om vir ten minste die grootste gedeelte van jou gemeente toegang te gee tot hierdie media kan dit werk.
- Kommunikeer gebedsbehoeftes. Kommunikeer lief en leed om ondersteuning te bevorder. Kommunikeer behoeftes in die gemeenskap en bedienings-geleenthede/behoeftes. Kommunikeer getuienisse. Kommunikeer vergaderings inligting.
- Het dit regtig soveel potensiaal?

**14. Ons gemeenterealiteite het die afgelope 20 jaar baie verander. Kry baie van ons dominees nie swaar oor die eise wat vandag se bediening stel nie?**

- Projekte neem toe. Daar is min projekbestuurders. Gemeente bestuur raak toenemend die taak van die dominee. Betrokkenheid van dominees by kerkverband eis heeltemal te veel tyd van sekere dominees. Minder kerkverband en meer gemeente is dringend noodsaaklik en is gereformeerd.
- Ja. Te veel ander kerklike werk wat dan lei tot die afskeep van die plaaslike gemeente.
- Op die platteland word van die predikant verwag om preke goed voor te berei, huisbesoek te doen en sterk leiding in gemeente sake te gee. Soos dit tradisioneel was!
- Ja. Werk is meer as wat dit was in verlede. Bv. Facebook, boodskappie, kontak sosiale media. Tegnologie vereis ander skills en betrokkenheid, PowerPoint. Mense se verhoudinge met tegnologie.
- Verseker. Maar sommige predikante is ongelukkig nie opgewasse vir die eise wat aan hulle gestel word nie.
- Wil dit met ’n teenvraag probeer beantwoord: Lê die fout nie by die opleiding van ons leraars nie? Dit is moontlik om al die teologiese kennis te hê maar nie die sielkundige kennis om met mense te werk nie en ook nie prakties onderlê te wees in bestuursvaardighede nie.
- Ek weet nie, maar ek dink nie so nie.
- Ek dink die antwoord lê in die professionele bestuur van hierdie aangeleentheid.
- Die eise van die dag maak dit in ’n sekere sin moeiliker, veral omdat minder lidmate kans sien om as kerkraadslid te dien en vir vergaderings.
- Dominees kry swaar, maar dit is die sy/haar keuse. Ongelukkig sukkel die spesie om nee te sê. En mense (veral boere wat baas is op sy plaas) het geen begrip vir die werksdruk nie. En omdat die ds. ook maar mens is, wil hy/sy graag mense “please”, niemand wil heeldag loop en baklei nie. ’n Bose kringloop. Ek dink die gesonde balans is om te kies om nie almal se vriend te wees nie, maar vriendelik te wees met almal. Modelleer Jesus se leefstyl, veral in jou huis, en die druk is af. Hou op probeer om al die antwoorde te he. Luister voor jy praat.

**15. Hoe voel jy oor die volgende stelling: “Daar is baie talentvolle lidmate wat skaam, en skugter en “onhandig” is as dit kom by geloofsake”. Is dit in die algemeen ’n korrekte evaluering van ons lidmate? Gee ’n kort verduideliking.**

- Korrek. Lidmate moet al meer “gedwing” word om te groei in vrymoedigheid deur optrede in gemeente.
- Dit is. Voel hulleself onbekwaam om kundig om te gaan met “teologiese sake”, daarom speel die ds. so ’n belangrike rol in plattelandse gemeentes.
- Hier kan SKBO leiding gee.
- Ons stem saam met hierdie stelling. Lidmate voel, byvoorbeeld, in die algemeen nie vrymoedig om in die openbaar te bid nie. Hulle is terughoudend en word geïntimideer deur versoeke om in groepverband as lidmaat te funksioneer. Desnieteenstaande hierdie terughoudendheid is baie lidmate bereid om aan bedieningsaksies deel te neem indien hulle pertinent gevra word, en betrokke is waar hulle verkies om te wees.
- Uit my ervaring in die Suid Afrikaanse Polisie oor 25 jaar het ek agtergekom dat die algemene Afrikaner nie ’n luidrugtige, of uitspattige neigings toon nie. Die Engelse skrywer, a seker Morton,

het uit Engeland in 1948 die Afrikaner min of meer so beskryf in sy werk "In Search of South Africa" Ongelukkig het ek nie meer die boek op hand nie maar dit het min of meer so gegaan: "On the average the Afrikaners are not a loud Nation. Different from the screaming and shouting at a soccer or rugby game as supported in England." Vandag is dit heelwat anders dalk noudat die onderwys en ander instansies soos die Leer en Polisie hulle opleiding verander of verlig het t.o.v. dissipline. Met die gevolg dat 'n Afrikaanse persoon wat nie uitgesproke is van natuur verkeerde of "skaam" mag voorkom as dit by Teologiese gesprekke neerkom. 'n Mens kom dit agter by Kerkraad vergaderings, waar mense "bang" is om uit respek enige menings te lug oor die teologie as daar 'n dominee teenwoordig is. Dit is gewoonlik nie die leraar se skuld nie, maar as daar genoeg geleenthede gebied word dat lede hulle menings mag lug deur middel van Wandel in die Woord sal hulle uit hul doppe uitkruip. "Practice and exposure makes perfect!" Dit sal alles afhang van die houding van predikant tot predikant, en die klimaat wat geskep word. Luister meer as praat miskien minder. Ai tog! Die fyn kuns van luister sal ek wat ookal gee om te bemeester. Enige mens is maar skaam om iets te doen as hy nie blootstelling gekry het nie bv. Toespraak lewering en ander soortgelyke dissiplines wat met opleiding, bevoegdheid daar gestel kan word. Nie almal is "naturals" nie, maar kan geleer word as die wil en hart daar is. Een ding is vir seker: almal wat 'n Christen is het 'n gawe, dit moet net reg gebruik word tot eer van die Here.

- Ek dink lidmate is bang hulle is verkeerd. Gebrek aan selfvertroue.
- In die tye waarin ons leef is dit die norm om te sê wat kan ek hieruit kry. Daarom sou ek sê lê die kuns daarin om deeglik na te vors wat hulle betrokke gaan kry en dan te vra hoe gaan ons hulle betrokke hou. Daarvoor is baie geduld en liefde nodig, en natuurlik Salomo se wysheid.
- Ja, ek stem saam. Ek dink dit is die gevolg van lidmate wat nie die nood en behoefte aan dienswerk besef nie en passief is in hul geloofswerk. Namate hulle die dringendheid van ons koninkrykswerk besef en begin om diens te verrig, sal hierdie skaamheid verdwyn.
- Die vraag is irrelevant omdat die kerkgemeenskap vanuit hul genetiese samestelling uit ekstroverte en introverte bestaan.
- Ja, lidmate is bang as hulle deelneem sal hulle gebrek aan Bybelkennis en ontoereikendheid ontbloot word.

**16. Waaroor raak die deursnee lidmate opgewonde? Wat maak die tonge los? (politiek, rasseverhoudinge, woede, frustrasies, die toekoms...)**

- Dit alles en voeg daarby rugby.
- Die probleme wat ons in die land en plaaslik ervaar. Dinge wat hulle lewens raak.
- Politiek, toekoms, grondkwessie maak mense bekommerd. Taakspan kan leiding gee om Christene te leer om in groep opgewonde "God se Nuwe Wêreld" deur ons voorbeeld en woord aan die wêreld oor te dra.
- Ons lidmate se daaglikse lewensrealiteite en dit wat die toekoms raak, byvoorbeeld, politiek-verwante sake, probleme in die werkplek, familieverhoudinge.
- Alles wat die wêreld opgewonde maak – Jesus speel tweede viool.
- Die voorbeelde genoem is waar maar eweso ook sterk motiverende boodskappe van hoe om vooruitsigte op 'n meer vreugdevolle en volhoubare toekoms te bewerkstellig.
- Ongelukkig is die lysie wat as voorbeelde gegee is, redelik akkuraat;
  1. Politiek – negatiewe gesprekke sonder pogings om probleme op te los
  2. Rassisme – steeds hier
  3. Frustrasies t.o.v. swak bestuur en korrupsie in plaaslike en nasionale regering
  4. Negatiewe verwagtings van die toekoms.
- In die platteland dink ek het ons in 'n groot mate minder van hierdie dinge. Die lewe is nog op 'n manier makliker, maar vir baie mense is die toekoms is 'n groot bekommernis, maak nie saak waar jy bly nie.
- Om die braaivleis vuur word daar heelwat oor jag, skape, Die weer, duiwewedrenne, musiek ens. gepraat. Daar word ook soms menings gelig oor 'n spesifieke preek wat oor televisie gesien is. Ook politieke sake wat direkte impak op ons lewens het. Die toekoms lê alles in die Here se hande. Die Bybel sê tog "…wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng?"(Mt.6:27).

**17. Wanneer word sinodale- of ringspogings tot "lidmaattoerusting" vir predikante en gemeentes onwelkome "lidmaatinmenging"?**

- As die nodigheid daaraan bevraagteken word. Die deursnee lidmaat ly aan kommunikasie oorlading. Weerstand het teen kursusse ontwikkel, veral omdat die relevansie daarvan bevraagteken word.

- Wanneer algemene behoeftes aan die plaaslike gemeente af geforseer word sonder dat dit hulle behoefte is.
- Streeksinode en ring word positief ervaar. Algemene gevoel/teensin in die algemene sinode se oneerlikheid t.o.v. Artikel 1, Belhar, homoseksualiteit waarmee hulle ons (ook deur die Kerkbode) wil beïnvloed.
- Wanneer probeer word om aktiwiteite of benaderings op 'n gemeente af te dwing.
- Dit sal alles afhang van wie mag oor die Liggaam uitoefen en manipuleer. Dit was nooit die bedoeling dat die institusionele funksies die werksaamhede van die gewone lede mag oorheers nie in die liggaam van Christus. Dit was die kern punt wat die Protestante beweging tot stand gebring het, weg van die Rooms Katolieke model tydens die Reformasie. Die sinodes en ringe tree onskriftuurlik op as die gevoel ontstaan op plaaslike vlak dat die meerdere vergaderings na die regering se pype dans. Nogtans was hierdie opmerking tydens die artikel 1 besluitneming oor die Belhar aangeleentheid in 13-16 Oktober 2014 Sinodesitting tydens die tafel gesprekke "Die proses wat gevolg word, is druk van bo, nie besluit onder leiding van Heilige Gees." (Eerste verslag tydens kommissie wysiging artikel 1) Dit maar net 'n voorbeeld hoe inmenging tans geïnterpreteer kan word, al steek daar waarheid in, al dan nie.
- Ja, indien die "toerusting-program" voorskriftelik wil wees.
- Wanneer daar voorgeskryf word. Gemeentes moet die vryheid hê om net dit wat op daardie gemeente van toepassing is te maak werk. Mense wil nie goed toets wat hulle weet nie van toepassing is op hulle eie situasie nie.!
- Wanneer die plaaslike predikant en gemeente nie 'n behoefte ervaar vir die "lidmaattoerusting" wat die sinode of ring aanbied nie.
- Dit is van die uiterste belang dat gemeentelede eers bewus gemaak moet word dat daar werklik 'n behoefte Is op sekere vlakke van kindwees hetsy deur prediking, wyksbyeenkomste, Bybelstudie, ens. Wanneer dit aangebied word van uit die hoogte en nie as 'n mede broer af suster in dieselfde situasie nie of wanneer dit irrelevant word omdat die situasie op die grand nie in alle opsigte verreken word by verwagtinge wat geskep word.
- Nooit nie.

**18. Kursusse en programme soos "Ontdek jou gawes" blyk nie 'n langtermyn bydrae te wees tot ons gemeentes se welsyn nie. Hoe voel jy hieroor?**

- Korrek. Kerkrade behoort baie meer self rondom plaaslike behoeftes te besluit.
- Daar is plek vir sulke programme mits dit gefokus is op die behoeftes van die gemeente en die plaaslike omstandighede verdiskonteer.
- Te min belangstelling hier.
- Ons verskil hiervan. Ons glo dat aktuele kursusse 'n belangrike bydrae tot lidmaattoerusting behoort te wees. Daar moet egter 'n behoefte te bestaan vir kursusse en programme – ons kan nie wat in die verlede gewerk het sondermeer voortsit nie.
- Los die geykte programme – dink nuut. Dit verander nie mense se lewens nie. Begin by God.
- Lidmate word eers bewus van sy talente en gawes wanneer 'n vaardige leier hom 'n taak oplê wat sekere vaardighede vereis. M.a.w. indiensopleiding en bewusmaking.
- Kursusse en programme is noodsaaklik, maar dit moet voorafgegaan word deur leiding t.o.v. Koninkryksvisie en doelstelling. Eers wanneer die lidmaat die behoefte ervaar om sy gawes te wil weet, sodat hy sy doel in die koninkryk kan vervul, sal hy die "Ontdek jou gawes" kursus voluit kan benut en die waarde daarvan op die langtermyn benut. Dit geld ook vir ander kursusse.
- Ek stem saam. Daar moet voortdurend bygehou word met nuwe aansporing. Nie vashaak by 'n kursus wat 20 jaar gelede goed gewerk het nie. Leer ken jou gemeente. Maak seker waar die sterk punte is en waar lê die swakpunte. Fokus daarop. Daar word nie genoeg geleentheid gegee dat mense hulle gawes ontdek nie.
- Dit sal afhang oor die "commitment" van lede toevertrou met die taak om "Die Gawes" soos deur die Heilige Gees uitgedeel is te identifiseer. Omdat daar geen belangstelling in die projek is nie beteken nie dat die gawes nie bestaan nie. Dit is volgens my mening 'n sonde om mense wat deur Die Heilige Gees geïnspireer word, af te skiet. Nie alle planne is prakties haalbaar nie, maar nogtans moet daarna gekyk word. In die verband "Moenie die werking van die Heilige Gees teenstaan nie."(I Tess. 5, 19).
- Soms blokkeer kerklike strukture gawes om te werk. Mense aan die brand na kursus, maar sodra wil begin werk, dan loop hulle hulle teen blokkerende strukture vas. Natuurlik is toerusting nodig, maar soms wonder ek of ons nie 'n 21ste eeuse kerk wil bedryf met 'n 19de eeuse struktuur nie?

**19. Reken jy dat ons lidmate – in die algemeen – ’n behoefte het aan geestelike toerusting? Indien wel, watter tipe toerusting?**

- Beter beplande en voorbereide eredienste. Vir praktiese aksies is die minimum opleiding nodig. Just do it
- ’n Meningsopname in die plaaslike gemeente het getoon dat dit nie hulle grootste behoefte is nie. Soek na betrokkenheid, liefde en omgee; eerder as opleiding.
- Ja, diensbaarheid vir God se Koninkryk en nie kerk gerig nie!
- Ek kan nie namens ander gemeentes praat nie. Maar dit wil voorkom dat Bybelstudie in hierdie omgewing hoofsaaklik deur “dames” ondersteun word. Seker omdat die mans op die plase te besig is. Dalk is dit in die stede ook so waar die dames nie bedags werk is nie. Natuurlik is daar geen beswaar as “dames” hierdie gulde geleentheid aangryp t.o.v. Christelike groei nie. Dus ek dink weereens dat daar gekyk moet word na ‘n opsie buiten die gewone wyksbyeenkomste en eredienste, waar die hele familie geestelik toegerus kan word. Alhoewel die dames nie meer hoede dra nie en mag praat, moet ons nie te ver vanaf Paulus se raad aan die Efesiërs weg beweeg nie “Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is… Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees.”(Ef. 5, 23-24).Die vraag ontstaan hoe kan die man “soos Christus” wees as hy nie opgelei word op ’n gereelde basis nie? Daar word weereens verwys na “boere–katkisasie” punt 5 bo. Die behoefte ontstaan dat die praktiese werksaamhede en “lewende offers” (Rom. 12,1) moet ondersoek en geïmplementeer word. Ek voel, al sou ons slegs een gebroke huwelik voorkom hierdeur is dit die moeite werd., Wat van self-moorde? Die platteland is geensins immuun daarteen nie.
- Ja, maar dan moet dit prakties kan help in hulle alledaagse lewe. Selfs op die platteland is ons mense meer volwasse as wat mens dink. Ek dink ons moet ons lidmate meer vertroue om net te wees… (“to being”) en hulle toerus om dit te kan wees.
- Ek dink so. Die probleem is egter om ’n gemeente wat wyd uitgestrek lê te kry om iewers tyd in te ruim. Mense boer, huller ry kinders na ver skole ens. Hoe pas jy nog ’n kursus ook in? Daar ontbreek ’n begeerte vir geestelike toerusting.
- Ek dink nie ons lidmate ervaar tans ’n behoefte aan geestelike toerusting nie, omdat hulle nie beplan om enige spesifieke geestelike werk in die nabye toekoms te verrig nie.
- Die gewone mens word eers bewus van ’n behoefte as hy in ’n situasie geplaas word waarin hy besef dat hy sekere toerusting of kennis benodig. Dit is ’n gebrek in ons kerkwees dat daar nie behoorlike voorbereiding en instelling van lidmate gebeur voordat hulle met ’n projek gekonfronteer word nie. Vanselfsprekend vra dit liefde, omgee en intensiewe kermis van die lidmate se situasies aleer so 'n projek geloods word.
- Slegs geredde mense het so ’n behoefte. Bring mense by God uit en begin toerusting, hoe ’n Christen behoort te lewe – Godsbegrip.

**20. Daar is heelwat gemeentes wat sukkel met lidmate wat wegbly, glad nie meer kerk-toe kom nie, of na charismatiese kerke toe gaan. Wat is jou opinie hieroor?**

- Mense het behoefte aan deelname en veral ervaring/belewenis. Die gereformeerde godsdiens is te klinies vir baie. Toepaslike video materiaal kan help. Alle spiritualiteitstipes moet bedien word. Almal behoort tot die een kerk met al sy behoeftes en dimensies. Dit is moeilik op die platteland. In elk geval behoort spiritualiteite onderskei maar nie geskei word nie.
- Daar is ’n algemene verflouing onder lidmate te bespeur soos die kerk al meer irrelevant word tot hulle lewensomstandighede.
- Dit is ongelukkig waar. Groot charismatiese gemeente in Kimberley trek die mense in groot getalle – probleem is daar word niks verder van hulle verwag.
- Lidmate vind nie meer aanklank by preke nie. Hulle voel dat die kerk nie meer relevant is vir hulle lewensuitdagings en lewensbehoeftes is nie. Die Skrif moet die bron bly van toerusting, geïntegreer met lidmate se lewensrealiteite (gesinne).
- Gemeentes is geestelik dood omdat die predikant geestelik dood is.
- Gaan bepaal eers hoekom mense nie kerk toe kom nie of na meer charismatiese kerke gaan en maak dan aanpassings. Persoonlike maak van kontak speel ’n noodsaaklike rol.
- Ek stem saam. Mense wat saamstem met ’n organisasie se doel en daarin inkoop, sal betrokke bly en getrou byeenkomste bywoon en hul kant bring. Ek glo dat die oplossing daarin lê dat gemeentes God se doel vir die gemeente en vir elke lidmaat duidelik moet uitwys en elke lidmaat moet lei om dit sy eie doel te maak.
- Die kerk het in ’n groef verval en besef mense wil gestimuleer word. Hierdie is ’n baie netelige saak. My vraag is hoekom kom hulle nie kerk toe nie? Is dit die gebrek aan voorbereiding van die

dominee? Is dit 'n gebrek aan entoesiasme? Is dit die media se invloed? "Ons kyk sommer in ons pajamas kerk voor die TV". Die antwoord op hierdie vraag is nie voor die hand liggend nie.

- Daar sal altyd mense wees wat ontevredenheid ondervind in enige kerk en in baie gevalle kan die rede voor die deur van kerklike dissipline gelê word , waar sondes oor die hoof gesien word en tug as outyds bestempel word al se Christus duidelik in Mt 18, 15- 19 die prosedures wat gevolg moet word t.o.v. lede wat teen mekaar sondig of die Liggaam as geheel skade berokken. Sou lede die pad vat weens tugaksies huldig prof. Willie Jonker die volgende mening "Wat 'n leuen is dit tog! Hoe kan die kerk 'n krag in hierdie wêreld wees as elke lidmaat van die kerk nie 'n gestuurde soldaat vir Christus is nie? Laat die kerk dan liewer 'n klein Gideonsbende van lewenskragtige soldate wees as 'n magtige hospitaal met derduisende lidmate wat alleen na die kerk opsien as 'n bron van waar jy iets kan ontvang: die doop, getuigskrifte van die dominee, die heildronk-toesprakie met egte predikantegrappies en die lykrede met sy goedkoop saligsprekinge. Dit alles soek hulle by die kerk en eis hulle van die kerk, ter wille van die liewe vrede van die egte medisyne wat hierdie kerkpasiënte nodig het, durf die kerk niks uitdeel nie. Nee, so 'n kerk is nie meer die naam van kerk werd nie. Die wêreld klim selfs op die kansels van die tuglose kerk; hy neem sitting op sy sinodes. Hy staan agter die kateders van die kerk se opleidingsinrigtings." Daar kan wel ook ander redes wees soos , musiek, preke te "boring" maar die feit bly staan, weereens, as almal hulle huiswerk reg doen hoef daar nie oor "Church-hoppers" te veel te bekommer nie. Hulle sal altyd met ons wees. Dieselfde lopende of "hopping" Tempel bly maar dieselfde persoon, maak nie saak waar hy of sy hul bevind nie. Oor bestaande lede sê Rick Warren "God blesses churches that are unified…The truth is everyone needs and wants to be loved, and when people find a church where members genuinely love and care for each other, you would have to lock the doors to keep them away." Party keer help dit ook as elke lid die moeite doen om iemand vriendelik aan te moedig om weer kerk toe te kom, as die iemand lank laas in die kerk gesien is. Dit is die "care for each other" soos ek Rick Warren verstaan.
- Eredienste behoort mense entoesiasties te maak en daarop ingestel te wees dat lidmate 'n ontmoetinge met die lewende Here beleef. Indien die liturgie dit nie regkry nie, dan flikker rooi ligte. Spreek die liturgie nog mense aan? Soek die post-moderne mens nie eerder 'n twee-rigting gesprek as net 'n prekende ds. nie?

**21. Die woord "vernuwing" word gereeld gehoor wanneer daar gesels word oor die kerk se toekoms. Is vernuwing noodsaaklik, en indien wel hoe moet vernuwe word?**

- Vernuwing moet nooit terwille van vernuwing geskied nie. Ons behoort dit wat ons doen met groter passie te doen. Gemeentes kan ook by mekaar leer. Verskillende gemeentes het verskillende strukture en behoeftes. Ook gawes.
- Vernuwing in die tradisionele sin van verandering is nie die plattelandse gemeente se behoefte nie. Hulle hou van die bekende orde. Dit moet gebruik word om lewensvernuwing te fasiliteer.
- Nie kosmetiese vernuwings soos 'n orkes, Engelse liedere of informele kleredrag nie, alhoewel dis seker lekker is. Ware vernuwing is iets waarvoor ons elke dag moet bid, die Heilige Gees voor moet vertrou en vir God begin werk!
- Vernuwing is noodsaaklik, maar dit kan nie ten koste van 'n gemeente se identiteit, die Skrif, en Skriftelike waardes wees nie. Vernuwing moet behoudend vernuwe.
- Die gedagte van vernuwing kom heelwat voor in die Bybel waar daar "drastiese mind shifts" vereis word. In die OT al, het God hierdie "mind shifts" van ons as mens verwag) Sommige van die materiaal is goed, ander sal geweeg moet word. Dit is soms asof na elke moontlike strooitjie gegryp word om te kyk of daar nie 'n kitsantwoord sal opduik nie. So iets werk gewoonlik nie. Toerusting en lering is harde werk (my beklemtoning) wat planmatig en gekoördineerd gedoen moet word- dit sal eie aan gereformeerd beteken.
- Ja, vernuwing is nodig, om die evangelie te laat grondvat in die tyd waarin ons lewe. Vernuwe omdat ons "nuwe mense" is (1 Kor. 5:17) mense moet gehelp word om te wees wie hulle in Christus reeds is.
- Vernuwing kan ook 'n skelwoord wees. Sommige gemeentes is glad nie toeganklik vir vernuwing nie. My beskeie mening is dat indien 'n mens subtiel en met geduld vernuwing geleidelik invoer sal daar tog sukses wees. Onthou maar net hoe moeilik dit vir ouer mense is. Vernuwing is noodsaaklik deur meer relevant te wees.
- Vernuwing is noodsaaklik. Ons moet nuwe leiding van die Gees en nuwe behoeftes van die mense in ag neem, asook nuwe tegnologie, nuwe musiek en dit alles gebruik om God te eer.
- As vernuwing nie aanpassing by nuwe stel realiteite beteken nie het dit geen betekenis nie. M.a.w. bepaal eers wat is die nuwe realiteite voordat planne gemaak kan word om dit die hoof te bied.

- Vernuwing kan net werk as ons Bybels getrou bly.

**22. "Ons moet by mekaar betrokke raak en vir mekaar omgee". Wat is jou opinie hieroor? Indien ons meer moet omgee, hoe kan ons dit laat realiseer?**

- Gemeentes wat groei in Europa is gemeentes wat werk aan verhoudinge en dienslewering.
- Na binne en na buite.
- Stem saam. Wyke moet hiertoe geïnspireer word. hulle kom meer gereeld met mekaar in aanraking.
- Dit is ons taak na binne: Wykstelsel wat werk, omgeegroepe tot stand bring. Ook gemeentefunksies soos die jaarlikse basaar en geleenthede gereël deur die kerkraad en Vrouediens, asook deur die Jeugbediening.
- Dit is ons Christelike plig – om werklik om te gee, nie skynheilig voor te gee nie. Ons moet deur dik en dun by mekaar staan.
- Slegs Jesus-mens kan dit binne die kerk laat realiseer.
- Omgee vir en die ontvang daarvan. Baie min mense, indien enige, is bestand teen opregte en liefdevolle omgee. Klein groep vorming is die enigste werklik vrugbare manier. Dit hoef ook nie net gebied gebonde groepies te wees nie maar kan ook belangstellingsveld groepies wees.
- Dit is die fondament van ons Godsdiens en ons kan dit doen deur:
  1. Meer tyd met mekaar te spandeer en mekaar so beter te leer ken. Dit sal spontaan lei tot beter begrip en ondersteuning, bemoediging, ens.
  2. Meer uit ons pad te gaan om van ander Christene buite ons normale vriendekring en gemeentegrense te leer. Dit sal meer aanvaarding meebring en lei groter eenheid in die koninkryk.
- Na my mening is hierdie 'n proses. Dit gebeur nie oornag nie. Mense moet geleer word om by mekaar betrokke te wees; om te gee vir mekaar. Ek dink prediking kan help. Bybelstudie met praktiese toepassings en uitdagings kan help. Gelowiges kan saamstaan en die "nie omgee" verander na omgee – 'n nuwe leefwyse om op sosiale en geestelike vlak te skakel.
- Behalwe "care for each other" soos Rick Warren dit onder punt 19 bo stel. As ons mooi na Christus luister en verstaan in Mt 20, 25-26 moet ons 'n "servants heart" gedagte of "mind set" ondergaan. Dit beteken om soos Christus te wees moet ons uit ons wêreld se gewoonte om "me first" weg te beweeg, wat "submission" of onderdanigheid beteken. In die Liggaam as een seer kry kry almal seer, daar is geen plek vir "One Man Christian Shows" nie, soos dit op Pop Idols of ander soortgelyke populêre TV (niks fout daarmee nie) programme gesien word nie. Ons sien hoe diakens nie net geld moes insamel nie, maar pastorale Sorg moes toepas in Handelinge 6,1-4 , die woord "diaken" nie daar genoem word nie, maar in die algemeen so vertolk word, sien ons hoe die Kerk as liggaam moet as span saamwerk om mekaar te help in gevalle waar mense nie hulleself kan help nie. In Hand.6 is dit "weduwees" bv. Ons kerk verstaan dit ook so m.b.t. armoede en soortgelyke behoeftes. Dit is niks vreemds om soms fondse in te samel vir 'n ete na 'n begrafnis vir ' n persoon wat nie eers lid van ons kerk is nie, en wat steeds met respek uit die Kerk begrawe word. Seker maar 'n "Small Town Thing". Ten spyte van die gewone skinderstories en ander geskille gee ons tog om vir mekaar. Ons moet net die "omgee" bedoel soos Christus dit "bedoel". Geen bybedoelings nie!
- Omgee begin wanneer mense na mekaar begin luister... ons is nie goed daarmee nie. Omgee vat grond deur daar te wees vir iemand in nood... nie noodwendig in die doen van 'n klomp goed nie.

**23. Dit wil voorkom of daar oor die algemeen kommer is oor die betrokkenheid van jongmense by ons gemeentes (hulle "raak weg" na belydenis van geloofaflegging). Wat is jou opinie hieroor?**

- Korrek. Jongmense sal meer moet deelneem aan eredienste en gemeente aksies. In Europa skuif die klem baie sterk na gesinsaksies.
- Plattelandse gemeentes se kinders woon nie meer in die gemeente nie maar in koshuise. Het dus weens omstandighede n baie lae verbintenis aan die gemeente.
- Baie gaan na matriek universiteit of kolleges toe. Dit is waar dat baie wat nie wegbreek, wegraak! Ons is dankbaar vir hulle wat inskakel en wys dat hulle die Here lief het!
- Dit is waar. Ons jeug vind nie meer aanklank by die kerk en die kerklike identiteit nie. Hierdie verskynsel staan in die teken van lidmate wat nie meer die Here nodig het nie Om gereeld kerk toe te gaan is nie meer 'n algemeen aanvaarde waarde nie.
- Dit is gerieflik om die huidige politiek die skuld te gee vir die oorsaak dat daar "nie jong mense" in die klein dorpies is nie maar nogtans moet daar steeds katkisasie plaasvind om dinge aan die

gang te hou al is daar net 'n handjie vol. Programme moet natuurlik aanloklik vir die jeug wees volgens hulle modes of "trends".

- Jongmense het nog altyd na belydenisaflegging weggeraak... Dalk moet ons meer fokus op die kleiner kind... na hulle luister... inspraak gee. Kinders het meer "wysheid" as wat ons meestal wil toegee... maar ons gee hulle nie kans om gehoor te word nie.
- Wat word vir hulle aangebied om hulle in die kerk te hou? Die wêreld bied geweldig baie. As jy niks bied nie het hulle niks om na uit te sien nie. Hulle moet geleentheid kry om hulle gawes uit te leef in die gemeente.
- Ek stem saam. My antwoord hier stem grootliks ooreen met die van vraag 20. As jongmense saamstem die gemeente se doel en daarin inkoop, sal hulle betrokke bly en getrou byeenkomste bywoon en hul kant bring. Ek glo dat die oplossing daarin le dat gemeentes God se doel vir die gemeente en vir elke lidmaat, ook die jongmens se rol daarin, duidelik moet uitwys. Jong lidmate moet gelei word om dit sy eie doel te maak.
- Dit het heeltemal 'n herwaardering van die huisgesin se funksie soos dit Bybels bedoel is, nodig en die hervestig daarvan. Ons kan nie oumense stuur om jong mense te bereik nie. Daar word baie uitreike georganiseer deur studente na verre lande. Daar is sekerlik ook 'n element van avontuur aan verbonde. Kan sulke uitreike nie ook onderneem word na plaaslike gemeentes met opdrag inbinding van plaaslike jongmense van alle kultuurgroepe nie?
- Hulle het nie 'n ware verhouding met Jesus nie.

**24. Soveel het verander in ons land die afgelope 25 jaar. Hoe kan ons gemeentes relevant bly vir hulle lidmate?**

- Ouer lidmate domineer maklik die gemeente kultuur. Dan bly jonger lidmate weg. Ons sal moet klem lê op eenheid in diversiteit.
- Die gemeente is die lidmate. Liefdesbetoning is altyd relevant.
- Deur intens betrokke te wees by die lewens (wel en weë) van elke lidmaat. So voel hulle: "My Kerk gee om!"
- Deur in ons lidmate se behoefte te voorsien – dan bly die kerk relevant vir haar lidmate. Kerkwees moet direk aansluit by lidmate se lewensrealiteite: dit toelig, daarvoor toerus, inspireer en mobiliseer.
- Deur Bybel getrou te bly.
- Die gemeentes sal net relevant bly as die voortbestaan nie gebou is rondom geslotenheid en laer trek nie, maar eerder as om die koninkryk se vreugdes uit te leef teenoor almal.
- Gemeentes kan relevant bly deur die verkondiging en getroue uitlewing van:
  1. Die Onveranderlike Ewige God van liefde en genade
  2. Gereelde getuienis van wat God gedoen het en steeds doen
  3. Betroubaarheid van God om sy beloftes te hou.
  4. Onvoorwaardelik te vergewe soos ons vergewe is.
  5. Die uitgaan om liefde te gee en die genade te verkondig.
  6. Toekomsverwagting t.o.v. die huidige en Ewige lewe.

  Daar moet oor kleurgrense beweeg word. Doen navorsing. Bid. Wees op die voorpunt met verandering… nie ten koste van mense nie, maar as jy jou mense ken sal jy ook weet wat kan en wat kan nie. Vertrou op God.
- Kortliks dink ek aan God se advies aan Habakuk wat dieselfde vrae gehad het. Hoekom sou dit by ons anders wees? God antwoord net "Wie nie reg gesind is nie, sal sy verdiende loon kry, maar wie reg doen , sal lewe omdat hy getrou bly."(Hab. 2,4) Ook Jakobus soos ons dominee onlangs na verwys het. "…bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom want , soos julle weet , as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard." (Jak.1, 2-3).Ons is nie iets spesiaal as dit by beproewing kom nie. Dit is vir seker. Ons moet maar doodeenvoudig "adapt or die".
- Liefde en nogmaals liefde… as mense dit ervaar is die gemeente relevant. Daarmee saam as ons kan wegbeweeg van 'n dominees-kerk (alive and well op die platteland) en lidmate help om verantwoordelikheid vir die gemeente se voortbestaan te vat.
- Ons moet die beginsels van die Woord uitleef.

**25. Jesus het sy dissipels uitgestuur die wêreld in maar dit was na sowat 3½ jaar se dissipelskap. Is ons gemeentes se lidmate toegerus om "gestuur" te word of is hulle geestelik nog nie gereed daarvoor nie (geestelik te "vlak")? Motiveer asb. jou antwoord.**

- Lidmate is oor die algemeen nog baie selfgerig. Daar is lidmate wat gestuur wees baie sterk opneem. Dit is hulle wat die gemeente verlaat omdat hulle voel die gemeente beantwoord nie aan sy roeping nie. Hierdie lidmate moet gehelp word om hulle rol in en buite die gemeente te vervul. Die kerk verloor dikwels hierdie lidmate tot sy eie skade.
- Hulle voel steeds teologies onmagtig daarvoor. Ons moet kyk na die wyse en betekenis van "gestuur wees" in 'n plattelandse gemeente.
- Jesus, het reg gedoen om Sy dissipels aan die werk te kry vir God se Koninkryk. Dit bring geestelike groei en vernuwing.
- Dis moeilik vir lidmate om "gestuur" te lewe – om sout in lig in hulle lewenswêreld te kan wees. Lidmate voel nie opgewasse daarvoor nie: hulle is skugter, ontbreek aan die selfvertroue wat kennis en voorbereiding vir hierdie rol moontlik maak. Daar is dus nie die nodige vaardighede nie. Hulle is bang om "uit te staan", omrede die vrees vir andere se oordeel of teenkanting. Hulle voel verwerp as hulle Christenskap in die proses gekritiseer word.
- In my ervaring in die NG Kerk moet ek eerlik wees en Nee sê. Ons is nie opgelei of "gegear" vir dissipelskap in ons milieu of kultuur nie. Die persepsie van "ek is maar net 'n gelowige". Ander Charismatiese ouens doen deur tot deur Dissipelskap. Ek dink dit loop saam met punt 14 waar die self-beeld of skynbare "skaam"-aspek onder bespreking was. In hierdie is die "oes baie maar die arbeiders min" (Mt 9.37) as dit kom by "sharing ones faith in order to let the body grow" Dit sal nie oornag gebeur dat ons van 'n "Kerk Elke Sondag" na 'an emerging' "door to door Evangelist Movement" sal word nie. Maar ons gedrag as enkel "Mobile-Temples" kan ook as "arbeiders" vertolk word, dink ek. Ons gedrag en Christelike beeld wat ons uitstraal kan ook iets beteken vir die "oes". Ek dink ons moet ons lidmate meer vertrou. Hulle doen in elk geval baie meer as waarvan dominees weet. Die Here is aan die werk ten spyte van ongehoorsame of lui lidmate. Die Here maak gewillige mense bekwaam om gestuur te word. Hulle hoef maar net te getuig van wat God in hulle lewens gedoen het. God doen die res.
- Ons lidmate word elke dag in die wêreld ingestuur, die omstandighede is wel anders. Ons het in die verlede verkeerdelik die klem gelê op party wat gestuur word, en vergeet om te sê elkeen is 'n gestuurde!!
- Geestelike vrymoedigheid is om te dien en hiervoor is geestelike vernuwing nodig. Dit is met skok dat ek besef bitter min mense verstaan "kerk-wees". Ek dink ons moet maar 'n stukkie teruggaan en navors waar moet ek begin met toerusting. Dit gaan beslis van gemeente na gemeente verskil.
- Ek dink ons is goed genoeg toegerus, maar is nie goed genoeg gemotiveer om te gaan nie. Ons voel ook nie gemotiveerd nie, omdat ons nie die ondervinding het nie. As ons gemotiveerd is om te gaan, sal ons gaan en sal die kennis en ervaring en selfvertroue oornag bykom.
- Ons vergeet te maklik dat die Here self die toerus wie hy stuur. Alhoewel teologiese opleiding 'n moet is, vat nie weg dat almal nie toegerus hoef te word met die kennis om die Bybel deur en deur te ken nie. 7 Jaar opleiding beteken net ons het vasgeval in 'n manier van doen om professors op te lei en te vergeet dat in die huidige milieu kennis net sover as 'n rekenaar se knoppie is. Is die vaardigheid en kennis om met mense te werk en te beïnvloed nie van eerste belang nie en verder is spesialisasie op verskillende terreine dalk 'n oplossing. Bestuursvaardighede en kennis daarvan kan net moontlik nuwe en toegewyde gemeentes tot gevolg hê.
- Lidmate is nie toegerus nie. Deursnee lidmate is Sondag Christene – is nie verder by die kerk betrokke nie.

**26. Hoe moet ons lidmate toerus sodat hulle meer "bemagtig" kan wees in hulle persoonlike lewe, gesinslewe, beroepslewe en gemeentelewe?**

- Die lidmate moet deelneem.
- Al geleenthede wat daar in plattelandse gemeentes is, is eredienste, wyksbyeenkomste en persoonlike Bybelstudie. Ek meen dat praktiese, skrif gefundeerde, eenvoudige Bybelstudie materiaal vir persoonlike Bybelstudie en wysbyeenkomste – waarin die groot teologiese lyne en etiek aangedui word – die beste wyse is waarop plattelandse lidmate toegerus kan word.
- Ten opsigte van bogenoemde terreine kan ons in ons sinode 'n leesbare en leerbare werkstuk saamstel vir persoonlike gebruik en by groepsbyeenkomste.
- Toerusting moet lidmate "bemagtig": hulle moet deur toerustingsmetodes in staat gestel word om die nodige vaardighede aan te leer in terme van hulle eie persoonslewe, huwelikslewe, gesinslewe, werkslewe en gemeentelewe. Vaardighede om doeltreffend hulle daaglikse lewens te kan rig volgens die Woord.
- Begin by Jesus – jou Godsbegrip bepaal jou lewe.

- Eredienste kan die vorm van kursusse aanneem. So kan 'n reeks van eredienste wat op mekaar volg gewy word aan bv. gesinslewe. Die reeks moet duidelike doelstellings, program en tydskaal, handleiding en uiteindelike eksamen. Dan volg belangrikste deel in die praktiese toepassing en terugvoering.
- Moontlike kursusse:
  1. Persoonlike lewe en verhouding met God
  2. Koninkryksvisie en Gemeentelewe
  3. Gesinslewe
  4. Beroepslewe en rentmeesterskap
  S. Godgegewe gawes en doelstellings
  6. Transformerende gemeenskapsontwikkeling
- Dit is goed om gassprekers te kry wat op die gebied spesialiseer. Dit is ook goed om meer sosiale en geestelike geleenthede te skep sodat gemeentelede mekaar kan aanvul. In hierdie gemeente sal dit nie werk deur skoling nie. Mense bly eenvoudig te wyd. My beskeie mening is dat toerusting in 'n groot mate moet geskied deur prediking. Daarna moet daar gefokus word op die sterkeres om die swakkes te help.
- Leiding uit die Woord.
- Leraars sowel as gemeentelede moet doodeenvoudig die realiteite van opleiding in die oë kyk. Teologie is nie net daar vir 'n paar "spesialiste" nie. Dit is presies wat die Gnostiese beweging destyds gedoen het. Hulle het 'n "elitist knowledge of God above the rest" daargestel. Dit is nie wat ons baas Christus wil hê nie! Die NG Kerk is nie 'n "cult" nie. 3 Johannes vers 9 is al goed hier deurgetrap, maar hoe anders?
- Dalk sal ons lidmate help as ons hulle meer herinner aan wat hulle reg doen inplaas van hulle heeltyd te wil reghelp en vertel wat hulle verkeerde doen. Sodra hulle besef Christenskap is nie iets net vir Sondag nie  maar 'n lewenstyl, sal hulle bemagtig voel.

**27. "Dit gaan te goed met ons mense – hulle het nie meer die Here nodig nie" wat is jou opinie ten opsigte van hierdie stelling?**

- Welvaart en gierigheid is 'n baie groot probleem by baie. Dit stomp mense geestelik af. Swaarkry was nog altyd goed vir die kerk. By ons het ons te doen met 'n armerwordende gemeente in 'n armerwordernde gemeenskap. Die gemeente self word toenemend 'n objek vir hulpverlening. Materialisme is egter te bespeur by arm en ryk.
- Stem nie saam nie. Dit gaan nie meer goed met ons mense op die platteland nie. Dis moeilik. Maar hulle weet nie waar god daarin pas nie. Hoe moet god hulle help? ek dink dis eerder 'n saak van "hoe leef ons vir god in moeilike omstandighede" as dat hy nog iets vir ons moet kom doen!
- Dis maar die probleem oral. Voorspoed dryf sommige weg van God en die Kerk terwyl ander juis verdiep in hulle verhouding met Jesus en verlang om by hulle besige program ook iets vir Sy Koninkryk te doen.
- Dit is merendeels so. Ons lidmate word gemotiveer deur omstandighede: wanneer hulle swaar kry soek hulle die kerk op. Die Here en die kerk is soos 'n soort spaarwiel". Hulle lewens word dus primêr gereguleer deur hulle finansies: as dit finansieel goed gaan is hulle nie invoeling met die gemeente nie.
- Dit het net so goed gegaan met God se "chosen people" onder David en Salomo in 2 Samuel gelees met 1 Konings. Ons sal dalk weer moet gaan kyk hoe God se geduld op die uiterste beproef word en die nagevolge vir die wat nie sy wil uitvoer nie. As dit met sy "chosen kinders" kan gebeur as dit te goed gaan kan ons net so uitmekaar geskeur word as dit God se wil is. Ons moet pasop vir die persepsie of gevoel dat "Ons is Okay, Ons is te smart, God nie meer nodig het nie."
- Ek dink nie 'n boerdery gemeenskap sal ooit dink hulle het God nie meer nodig nie…
- Sommige mense leef so, die grootste deel van ons lidmate leef afhanklik van die Here en wil gehoorsaam wees aan dit wat die Here vra.
- Mense plaas hulle vertroue op tydelike verganklike ding in plaas van die dinge wat ewigheidswaarde het. God se doel met ons gemeente is om weer te leer wat kerk en gemeente werklik beteken. Bou die gemeente tot 'n omgewing waar almal tuis voel.
- Dit is ongelukkig vanuit 'n materialistiese oogpunt waar vir baie van ons mense. Op die terrein van verhoudings en huwelike is daar egter soveel chaos dat die stelling glad nie waar is nie. Ek dink die realiteit is dat Christene oor die algemeen so min van God se liefde weerspieël en so min van sy genade getuig, dat baie mense sukkel om te glo dat God die oplossing is vir hul verhoudings- en emosionele probleme.

- Dit kan net waar wees as daar nie aangepas word by die voorspoed fase en die bakens versit na doelwitte wat opnuut die Here nodig het deur prediking en klein groep hantering.
- Hulle het nog nooit die Here "gehad" nie. Waarvoor wil hulle die Here hê?

**28. Wat is God se doel met jou gemeente, en watter toerusting verg dit?**

- Om God te verheerlik deur woord- en daad getuienis. Dit verg betrokkenheid.
- Om god te eer, dankbaar te lewe, liefde en diens aan ons naaste te betoon en hulle te leer dat hulle nie hoef te preek nie, maar net vertel (getuig).
- Om voorbeelde te wees van God se reddende genade en Sy hande, voete en stem in hierdie wêreld te wees verg 'n skoon, voorbeeldige lewe van elkeen om deur hulle lewensvoorbeeld in Sy diens te staan. Toerusting? Moeilik om te sê!
- Om geestelike te groei. Dit verg toerusting, kennis, die praktiese toepassing van die Woord en God se riglyne in lidmate se lewensomstandighede en lewensroetines.
- Om mense na Jesus te lei en sy Woord te verkondig. Die predikant se toewyding tot hierdie toerusting is kardinaal.
- a. Veilige hawe vir ouer groep mense en verskaffing van behoeftebevrediging eie aan die ouer mense se strewes, onsekerhede en vrese. b. Vestiging van sendingstasie in Transkei. c. Verhoudings bou op alle vlakke en tussen groepe, ook denominasies.
- God se doel met ons gemeente is onder andere:
    1. Om 'n hawe te bied waarin lidmate mekaar aanvaar en die gemeenskap van gelowiges kan beoefen
    2. Om die lidmate toe te rus om hul rol in die koninkryk te vervul
    3. Om aanbidding te bevorder en so die krag van God beleef
    4. Om die gemeenskap in liefde te bedien met die gawes wat God ons gegee het
    5. Om die koninkryk uit te brei deur die evangelie te verkondig.
- Ek glo die doel van God met ons gemeente is om hierdie klompie mense te leer om met Jesus-oë na mekaar te kyk, om te leer wat beteken voete-was, om die een te wees wat sê ek maak die verskil. Dit begin by my.
- Die gemeente moet die Here se genade en liefde sigbaar maak in die wêreld.
- Simplisties gestel, moet ons soos Christus wees in alles wat ons doen. Christus is die enigste maatstaf. "We must die in Christ" of "… kom nie tot lewe tensy dit eers sterwe nie." 1 Kor.15,36. Dit is nie maklik om dit reg te kry nie, maar dit is God se vereiste en lede moet toegerus word deur opleiding, om dit te begryp. Ek glo (saam met oom Malan Nel) die gemeente is God se voertuig na die wêreld en vertoonvenster van God se genade en liefde. Preek hulle pap totdat hulle hoor wie hulle is – in Christus.

**29. Bykomende opmerkings (neem gerus vrymoedigheid)**

- Julle kan baie vrae vra!!! Hierdie vrae hoort tuis op kerkraadsvergaderings en binne die gemeente! gemeentes en kerkrade moet baie meer gehelp word om eienaarskap te aanvaar vir hulle verantwoordelikheid waar hulle geplaas is met wat hulle het. Die vraag is hoe kan die kerk beweeg word om te skuif van instituut na lewe en beweging. Dit is net die Here wat ons kan help deur sy Gees. Verhale uit gemeentes kan ook baie help. Die golf van versekularisering oor die wêreld en plaaslik sal moeilik gekeer kan word. Die kerk sal deur sy lidmate baie meer sigbaar in die samelewing moet word.
- Elke gemeente is uniek. Die dae is verby dat een skoen almal pas. Ek dink ons moet – as ons dan wil, (en kan!) materiaal ontwikkel in die daarstel van goedkoop/bekostigbare Bybelstudie materiaal in die vorm van boekies wat gebruik en gehou word om 'n biblioteek op te bou. Al die relevante teologiese en etiese temas moet aan die orde kom. Dit moet egter nie in die verouderde "Bybel Media" formaat van vraag en antwoord gedoen word nie. 'n Gepaste nuwe formaat moet ontwikkel word. Dit moet prakties en Skrif-gefundeerd wees. Dit moet sowel aktueel as informatief wees. Die reekse kan voortdurend aangevul word soos die behoeftes duidelik word en kan as hulpmiddels deur die leraars gebruik word wat nie altyd meer tyd het om self materiaal te skryf vir persoonlike Bybelstudie en wyksbyeenkomste nie. Gemeentes besluit self watter materiaal hulle wil gebruik. Slegs as die materiaal as bruikbaar en noodsaaklik beleef word sal dit ingang vind. Gemeentes kan dan voorberei word op 'n proses van persoonlike vernuwing wat aangepak gaan word o.l.v. die kerkraad en die materiaal kan dan holisties in die gemeente se program/leefwyse geïntegreer word.
- Dankie vir hierdie verkennende vrae. Ons het 'n ver en swaar pad om te stap met 'n Kerk wat grootliks bestaan uit tradisionele en nuwe Christus. Miskien kan gemeentes mekaar hier help.

- Ek dink die NG kerk dra baie bagasie saam. Maar ek glo in 'n God wat mense (en kerke) kan verander en nuut maak. Dalk help dit as ons by die basiese dinge bly en fokus op die Koninkryk van God (vs piëtisme) wat naby gekom het. Kom ons maak God se Koninkryk sigbaar deur die liefde uit te leef.
- Gemeentes sal moet hul verantwoordelikheid ten opsigte van rentmeesterskap ernstig opneem.
- Ons gemeentes en ons kerk is te veel gefokus op ons eie groei en voortbestaan. As ons meer fokus op die bevordering van God se koninkryk in die breë, sal ons meer relevant word en sal meer Christene wil saamwerk om die grater doel te bereik.
- Ten slotte. Eerlike vraag aan myself. Hoeveel Kerkordes van ons kerk het Angus Buchan oortree met sy styl van die Here dien en sukses met sy saamtrekke, nie net wat betref getalle nie maar ook met die invloed wat die Mighty Men oor die land heen ten goede en tot eer van God uitoefen. Ek het in elk geval nog nêrens in die pers gelees dat ons kerk hom ondersteun en sy samewerking soek nie. Meer aandag hieraan sou dalk net soeter produkte gelewer het as die energie wat aan die Belhar debakel gespandeer is. Kan ons nie iets leer van die sielkunde en bestuurspraktyke van massa beïnvloeding by die Moreletapark mega-gemeente nie? Of wil ons maar weer die wiel nogeens herontwerp (selfs Malema weet meer daarvan as ons). Skrywer is bai bewus van die bedreiging wat die huidig tendense in Kerk-wees vir die predikantspos waaraan ons gewoond is, inhou en in die proses dan ook die lewens onderhoud van die predikante en hulle gesinne. Die dinosourusse het uitgesterf omdat hulle nie kon aanpas by 'n nuwe stel omstandighede nie. Hierdie waarheid geld vir enige entiteit hetsy kerklik of in die sakewêreld. Moet ons nie dink aan 'n verandering in bestuurstyl en grate van gemeentes oor huidige grense heen en aan die diversifisering van poste nie. Suksesvolle individue uit die sakewêreld wat ook die Here dien (reeds daarom suksesvol is en daar is bale van hulle) kan behulpsaam wees met 'n dramatiese omkeer van Kerk-wees en Christenskap in onderlinge verband en nog die brood en botter voorsien vir ons leraars maar in 'n heel ander opset. Is ons heeltemal eerlik met onsself as ons gemeentes wil laat groei of is ons eintlik maar bekommerd oor die brood op ons tafel. Die oplossings vir ons probleme m.b.t. gemeentegroei en volhoubaarheid lê dalk nie op die dinktafels van professore en akademici nie maar by lidmate wat blootgestel is aan die harde werklikheid van die lewe en die hantering daarvan in die praktyk. In ons kerk is deur die jare erge teenkanting teen die begrip van leierskap indiwidue in die kerklike opset. Die sogenaamde pouslike gedagte. Ek weet nie of dit vanuit werklike geestelike oortuiging of vanuit onderlinge afguns oor poste is nie, maar wat ek wel weet is dat Angus Buchan, Dirkie van der Spuy, Jacob Maree, Moses, koning Dawid, Paulus, ens., die werklike voordeel van goeie beginsel gegronde leierskap bewys het. Hierdie siening het dalk tonnelvisie as onbedoelde instrument, Dalk kan dit net 'n prikkel wees om nuut te dink oor bestuurstyl en die aanwend van individuele natuurlike bekwaamhede van ons lidmate en leraars. Die Bybelsgegronde begrip van baie raadgewers bewerkstellig sukses, impliseer dat hulle moet raad gee aan iemand. Dink nie dit het verdere verduideliking nodig nie. Dit bring ons by die saak van gebed vir leiersfigure hetsy kerklik of polities of sake leiers. Geen kerk, land, besigheid of regering kan suksesvol sy goddelike opdrag uitvoer sonder die gedurige gebed van die gelowiges vir wysheid en goddelike insig vir die voorlopers. In die proses van gebed erken ons die oppergesag van God. Probleemoplossing en die stimulus daaraan verbonde laat jou meer besef hoe alwys en magtig die Here is en hoe diep afhanklik ons van Hom is. Hierdie gedagtes is nie bedoel om afbreuk te doen aan die werk en amp van enigiemand nie maar bloot 'n opregte poging om instrumenteel te wees tot probleemoplossing.

Frikkie Heymans
Voorsitter: Taakspan lidmaattoerusting (SKBO)

**BYLAE 15**

# RIGLYNE VIR DIE BEROEPINGSPROSES VAN ’N LERAAR

Saamgestel deur

dr. PM Goosen en dr. JF Marais
(Communitas 2007)

**A Beroeping as ’n geloofsonderskeidende en pro-aktiewe proses**
**B Die ontwikkeling van 'n profiel vir die vakature**
**C Die Profiel**
**D Die proses vir die pre-advies en gemeente**

## A. ’N GELOOFSONDERSKEIDENDE EN PRO-AKTIEWE PROSES

1. ’n Beroepsproses is 'n baie belangrike gebeure in 'n gemeente. Dit gee aan die Kerkraad die geleentheid om bestek op te neem en visionêr te dink oor waarheen God met die gemeente oppad is. Daarom noem ons dit 'n pro-aktiewe proses.
   Ons gaan staan vir 'n oomblik stil, dink na oor watter leraar ons kan begelei om die visie van die gemeente uit te leef.

2. Dit is daarom ook ’n **geloofsonderskeidende** proses. Ons kan nie oor die toekoms dink sonder om vir God te vra wat Sy toekoms vir die gemeente is nie.
   Die proses is daarom nie 'n meganiese proses waar ons die prosedures korrek volg en siedaar ons het, die regte beroep uitgebring nie. Dit is ’n proses van
   - stilword voor God in verootmoediging en onderwerping aan Sy wil
   - waartydens ons die inligting wat versamel is in die teenwoordigheid van God bespreek en
   - onder die leiding van die Woord en Gees in die geloof onderskei,
   - en tot 'n oortuiging kom wie die persoon of persone is wat die Here nou in ons gemeente wil gebruik.


3. Beroeping het alles te make met die **roeping** van die gemeente en die leraar.
   Wie roep die Here om leraar in die gemeente om te wees en na wie stuur die Here ons as gemeente. Die gemeente ontvang tog haar roeping van die Here om 'n verskil te maak in die wêreld. Hierdie roeping behoort nie vaag te wees - 'n alles-vir-almal nie, maar spesifiek. Die Here stuur die leraar na spesifieke mense in 'n spesifieke gemeenskap. Ons beroep 'n leraar om die gemeente te lei in die uitlewing van haar roeping. Ons beroep 'n leraar om sy/haar roeping te kom uitleef in ons gemeente en daar behoort in die proses van beroeping kennis geneem te word van die roepingsverhaal van die leraars. Soos wat die gemeente 'n roeping het, het die leraar ook 'n roeping en die vraag is of hierdie roepings in gesprek is met mekaar. Die beroeping van 'n leraar is ook 'n **kontekstuele** proses.

4. Art 9 van die KO gee aan ons 'n aanduiding van dit wat die leraar behoort te doen in die gemeente. Dit is algemene riglyne wat daar gestel is deur die verband waarvan die gemeente kennis moet neem in die beroepsproses. Dit sou onvolledig wees indien die gemeente nie ook 'n verdere proses deurloop wat die spesifieke roeping van die gemeente en die gepaardgaande uitsette van die gemeente se bediening in ag neem nie:

## B. DIE ONTWIKKELING VAN 'N PROFIEL VIR DIE VAKATURE

Die belangrikste taak ter voorbereiding van die beroep, is die ontwikkeling van ’n profiel van die leraar. Dit is meer kompleks as wat dit op die oog af lyk, aangesien verskillende stelle inligting in verband met mekaar gebring moet word sodat die profiel belyn is met die gemeente en prosesse in die gemeente. Hiervoor is daar inligting nodig oor:

1. Die Gemeente
2. Die konteks
3. Die leiersspan
4. Die persoon van die leraar




1. **GEMEENTE (verstaan van gemeente verlede, hede en toekoms)**
Die gemeente het sigbare of meetbare komponente wat ons elke dag waarneem en op reageer. Hierdie bedieninge word grootliks bepaal deur onsigbare komponente wat ons nie kan meet nie maar wat 'n groot inpak maak op die lewe van die gemeente. Indien ons net op die sigbare komponente konsentreer in die beroepsproses is die proses nie volledig nie. 'n Goeie kyk na die onsigbare of die kultuur van die gemeente sal daartoe bydra dat die "passing" van die nuwe leraar op dieper vlakke plaasvind.

**a) Die onsigbare kultuur van die gemeente**


- **Gemeente se wandel met God (Belydenis, teologie en identiteit):** Dit gaan hier om die gemeente se verhaal en die pad wat die Here met die gemeente geloop het. 'n Diepe kyk hierna help die gemeente om beter insig te ontwikkel tov die verlede, om sodoende die hede en die toekoms beter te verstaan. 'n Storielyn van die gemeente se geskiedenis is 'n praktiese manier om hierdie inligting te bekom aangesien 'n gemeente se identiteit die beste verstaan word in die vorm van 'n narratief.

  **Nota**: Indien daar trauma in die gemeente se verhaal is, behoort dit eers deurgewerk te word voordat 'n nuwe leraar beroep word. Dit is onbillik om van 'n nuwe leraar te verwag om trauma van die verlede te genees. Brugleraars en fasiliteerders is in 'n veel beter posisie om die gemeente hiermee te help.

- **Roeping (visie)** van die gemeente. Die gemeente het met die beroeping van 'n leraar die geleentheid om iemand te beroep wat die gemeente se teologiese vertrekpunte en visie vir die toekoms verstaan en dit met passie kan help realiseer. Hierdie is veel belangriker as die persoonlikheid van die leraar of sy of haar bedieningservaring aangesien die teologiese uitgangspunte en visie die tota**le bediening beïnvloed.**

  Helderheid oor die roeping of taak van die gemeente gee fokus aan die bediening van die gemeente.

  Sonder 'n duidelike roepingsfokus sal dit baie moeilik wees om prioriteite vir die bediening en ook die werk van die leraar te ontwikkel.




**b) Die Sigbare bedieninge**

- Bedienings- of roepingsprioriteite: In die realisering van die gemeente se roeping ontstaan daar prioriteite wat in ag geneem behoort te word. Die vraag is of hierdie prioriteite ontstaan aan die hand van gemeentelede se voor en afkeure en of dit ontstaan vanuit die roeping van die gemeente. Die vraag hier is eenvoudig waarmee die gemeente besig is, en die dinge wat prioriteit geniet die belangrikste dinge is waarmee die gemeente besig behoort te wees?

Indien daar nie bedienings prioriteite is nie moet die gemeente dalk eers wag dat dit duidelik raak voordat hulle oorgaan om te beroep.

- **Ampsbediening (rolle van die leraar as leier):**
  Vanuit die roeping en die prioriteite kan daar afgelei word wat die belangrikste rolle is wat die leraar moet kom speel in die gemeente. Ons het by Communitas vyf verskillende leiersrolle geïdentifiseer. Niemand kan al hierdie rolle ewe suksesvol uitleef nie, ook nie leraars nie en dit is onverantwoordelik om van 'n leraar te verwag om al hierdie rolle te vertolk. Een of twee van onderstaande rolle is waarskynlik op hierdie stadium belangriker as die ander.
  - **Leraar as Visioneerder** – Die visioneerder beskik oor die gawe om die groterprentjie raak te sien en 'n prentjie te "teken" van die toekoms van die gemeente.
  - **Leraar as Mobiliseerder** – Die mobiliseerder bemagtig lidmate om hulle gawes in die bedieninge van die gemeente uit te Leef.
  - **Leraar as Fasiliteerder (begeleier)** – Die fasiliteerder begelei die gemeente as geheel en groepe in die gemeente op die pad van die realisering van die gemeente se roeping.
  - **Leraar as Dissipel** – Die dissipel is daarop ingestel om die spiritualiteit van die gemeente te ontwikkel en lidmate geestelik te begelei om as dissipels van Jesus Christus te leef.
  - **Leraar as Vriend** – Die vriend is iemand vir wie verhoudings voorop staan. Iemand wat koinoniale verbande kan bou en pastoraal betrokke raak by mense.

- **Algemene voorkeure in die gemeente- styl en tradisie**
  Die voorkeure van die gemeente en gemeentelede is nie normatief nie, maar is belangrik om in ag te meen. So byvoorbeeld is die erediensstyl iets wat oor jare in die gemeente gegroei het dit behoort 'n rol te speel in die ontwikkeling van 'n leraars profiel. Sommige gemeentes vra ook aan gemeentelede watter bedienings voorkeure vir hulle belangrik is.

  **Nota**: Wees versigtig om van 'n nuwe leraar te verwag om leemtes in die bediening van die gemeente te kom vul, of om foute te kom regmaak. So maak ons van beroeping 'n reaktiewe proses. Die leemtes of "foute" behoort eers aangespreek te word deur die gemeente self. Hierdie is veral waar t.o.v. verhoudingsprobleme in die gemeente.

- **Gemeentegrootte**
  Die laaste faktor om na te kyk is die grootte van die gemeente. Omdat die gemeente eintlik bestaan uit 'n aantal verhoudinge, of mense wat in verhouding met mekaar staan, beïnvloed die grote van die gemeente en aard van die verhoudinge direk.
  ❖ *As organismes wesenlik verander in grootte, moet hulle ook verander in vorm en funksie.*

| | |
|---|---|
| **Pastorale-grootte**<br>*50-200 mense in erediens*<br>Leraar is die spil van die gemeente, ken en besoek almal Verhoudings tussen die leraar gemeentelede, is die sleutel | **Korporatiewe-grootte**<br>*600 plus mense in erediens*<br>Leraar is visiedraer wat die gemeente mobiliseer om die visie en Eredienste, is die sleutel |
| **Familie-grootte**<br>0-50 mense in erediens<br>Leraar is 'n kapelaan van die familie wat aan hom opdragte gee.<br>Die bou van vertroue tussen die leraar en die familie, is die sleutel | **Program-grootte**<br>200-600 mense in erediens<br>Leraar werk in spanne en groepe om mense te bemagtig (toerusting) om hulle gawes uit te leef in die gemeente Kleingroepe, is die sleutel |

In watter van hierdie kategorie pas die gemeente?

Het daar onlangs groei of krimping plaasgevind?

**Nota:** Die **sleutel komponente** van die bediening in ander grootte kategorie waarin die gemeente nie val nie is natuurlik vir alle gemeentes belangrik maar kan net tot sy reg kom indien die sleutel komponent goed funksioneer. 'n Leraar

in pastorale gemeente wie se verhoudings met individuele lidmate gesond is, sal ook ander komponente van gemeentewees tot sy reg kan laat kom. Indien die sleutelkomponent nie goed funksioneer nie, plaas dit 'n plafon op die res van die gemeente se bediening.

## 2. KONTEKS

Die gemeente bestaan nie ter wille van haarself nie, maar ter wille van die koms van die Koninkryk in die gemeenskap waarin hulle werk. Daarom dat daar gesê word dat die gemeente die enigste organisasie is wat bestaan ter wille van haar nie-lede! Met ’n gemeente roeping formuleer ’n gemeente watter inpak hulle in die gemeenskap wil maak. In Suid-Afrika is ons gemeenskappe in prosesse van transformasie. Die demografie verander voortdurend, maar so ook die kultuur van die gemeenskap.

Tydens 'n beroepingsproses is dit belangrik om baie goed kennis te neem van die wat gebeur in die konteks. '

Een manier is om te kyk na die demografiese ontwikkeling in die gemeenskap.
Gewoonlik bestaan 'n demografiese profiel uit die volgende

1. **Demografiese profiel**
   - Ouderdomprofiel
   - Taalgemeenskappe
   - Geloofsoortuigings
   - Mobiliteit
   - Grootte
   - Ekonomie van huishoudings
   - Uitdagings (visie)
   - Gemeenskapsgeskiedenis
   - Waardes in die gemeenskap

   **Nota:** Hierdie inligting kan bekom word by die EGON, wat gemeenskap profiele aan gemeentes voorsien.

## 3. LEIERSPAN

’n Leraar werk altyd in ’n leierspan in ’n gemeente. Dit is belangrik om in gedagte te hou wie in hierdie span is en wat elkeen van hulle funksies en gawes is en hoe ’n toekomstige leraar sal inpas in die span.

- Medeleraar: Indien ander leraars in die gemeente is saam met wie die toekomstige leraar sal saamwerk is dit belangrik om te kyk na die leraar se
  - Passie of roepingsfokus
  - Persoonsprofiel (Bv. MBTI)
  - Gawes
- Wie vorm die leierspan? Bv. dagbestuur en bedieningsleiers
- Hoe funksioneer die leierspan (strukture in die gemeente) en watter inpak dit sal hê op die funksionering van die leraar.
- Wat doen die lede in die span (rolle).

## 4. INLIGTING VAN DIE KANDIDATE

Die kommissie sou dit kon oorweeg om die onderstaande inligting as ’n Vraelys aan genomineerdes of persone wat aansoek gedoen het, te stuur.

1. **As gestuurde van God**
   Roepingsverhaal en -fokus

2. **Spiritualiteits voorkeure**

3. **As persoon MBTI**
   Gawes

**4. As leraar Opleiding**
Spesialisering

**5. As geïntegreerde persoon**
Spanwerker
Emosionele intelligensie
Balans in leefwêreld
Interpersoonlike verhoudinge:
Eggenoot/e
Ouer
Vriend

## C. PROFIEL

'n Profiel sou uit die volgende ontwerp kon word:

1. Voorkeur ouderdomsgleuf

2. Teologiese vertrekpunte

3. Belyning met die roeping van die gemeente

4. Spiritualiteitsvoorkeur

5. Persoonsvereistes:
   i) Spanwerk
   ii) Persoons profiel of eienskappe
   iii) Sleutelrolle

6. Areas van verantwoordbaarheid (bedieningsprioriteite)

## D. PROSES VIR GEMEENTE / PRE-ADVIESKOMMISSIE

Hier volg 'n algemene paar opmerkings t.o.v. die proses wat 'n pre-advies kommissie volg om aan die Kerkraad 'n voorstel te maak oor 'n kortlys waaruit daar beroep kan word:

**1. Is ons gemeente gereed vir 'n beroepingsproses?**

- Emosioneel (afskeid, struwelinge, ens)
- Geestelik (is dit wat die HERE nou van ons vra)
- Finansieel (wanneer klop die boeke)
- Roeping – is dit deel van ons visie

**2. Indien die gemeente nie gereed is nie, oorweeg 'n brugpredikant**

'n Brugpredikant kan die gemeente begelei tot 'n verwerking van trauma. Dit is belangrik dat die brugpredikant nie iemand moet wees wat beskikbaar is om beroep te word nie.

**3. Samestelling en taak van 'n pre-advies kommissie**

- Die kommissie moet so inklusief as moontlik wees en die verskillende groeperinge van die gemeente verteenwoordig in terme van ouderdom, geslag, spiritualiteit en betrokkenheid by die gemeente. Buitestaanders kan baie waardevolle insette lewer.
- Die Kerkorde bepaal baie duidelik dat slegs 'n Kerkraad 'n beroep kan uitbring in die gemeente. Die pre-advies kommissie doen belangrike voorbereidingswerk maar moet altyd in gedagte hou dat dit die taak van die Kerkraad is om die beroep uit te bring.
- Dit is verkieslik dat die kommissie die kerkraad so gereeld moontlik op hoogte hou van die proses, bv. met die finalisering van die profiel ens.

- Die gemeente en kerkraadslede kan betrek word by die nominering van name wat by ’n kerkraadsvergadering voorgelê word waartydens die nominasielys sluit.
- Die kommissie doen navorsing t.o.v. die genomineerdes aan die hand van die profiel en;
- bedien die kerkraad met ’n kortlys van name en die Kerkraad bring ’n beroep uit.

**4. Doen ’n deeglike beplanning van die tyd benodig om die proses verantwoordelik te voltooi**

’n Deeglike beplanning van die proses het ’n reeks voordele:

- Die gemeente kan goed ingelig word oor hulle deelname soos voorbidding en insette.
- Dit voorkom dat die proses onder druk kom en daar vinnige besluite geneem moet word.

**5. Onderhoude met kandidate**

- Goeie voorbereiding t.o.v. vrae aan die kandidate is belangrik – daar kan selfs oorweeg word om ’n kundige hier te betrek om as gespreksleier op te tree.
- Die profiel behoort deurslag te gee t.o.v. die aard van die vrae.
- Doen moeite om hierdie ’n tweerigting gesprek te maak waar beide partye van mekaar kan leer. Hierdie is nie ’n verhoor of ’n ondervraging nie, maar ’n roepingsgesprek waarin daar saam in die geloof moet onderskei oor die toekoms van ’n persoon en die gemeente.

**6. “Proef”preke**

Ons beveel nie preekgeleenthede aan waar die kandidate in die gemeente preek nie omdat dit kunsmatig is. Dit sal beter wees indien lede van die pre-advies eredienste bywoon en met ‘n verslag terugkom na die kommissie.

**7. Konfidensialiteit en kommunikasie met genomineerdes**

Dit is belangrik om duidelik met die genomineerdes te kommunikeer t.o.v. hulle posisie in die proses. Duidelike afsprake oor wanneer hulle oor die verskillende stappe ingelig sal word is belangrik. Daar moet die hele tyd ingedagte gehou word dat die proses mense se lewens op baie diep vlakke raak en dat daar respekvol daarmee omgegaan moet word. Die konfidensialiteit van inligting wat aan die pre-advies kommissie beskikbaar gestel word is noodsaaklik. Die inligting behoort na die proses vernietig te word of aan die kandidate terug gestuur te word.

**8. Betrokkenheid van die gemeente in die proses**

Die betrokkenheid van soveel as moontlik gemeentelede is belangrik. Dit is immers ’n leraar wat vir die hele gemeente beroep word. Hulle kan betrokke wees op die volgende maniere:

- Nomineer kandidate
- Evalueer die bediening en help met die priorisering
- Gebed vir die proses
- Deelname aan die pre-advies kommissie

**9. Watter rol speel referente en ’n kollateraal**

Daar word gewoonlik verwag dat genomineerdes referente aanwys. Gesprekke met referente kan ’n baie goeie rol speel wanneer ’n kortlys saamgestel word. In sommige gevalle kan dit goed wees om ‘n kollateraal te laat doen.

**10. Voorlegging aan die Kerkraad**

Wanneer die kommissie die kortlys saamgestel het word dit aan die kerkraad voorgelê en die kerkraad bring ’n beroep uit. Die kerkorde bepaal tereg dat daar nie by die vergadering op ’n onbillike manier voorbrand vir ’n genomineerde gedoen mag word nie. Dit is daarom belangrik dat die profiel as riglyn sal dien by die voorlegging van die persone se gegewens.

**BYLAE 16**

# SINODALE PROSES VIR STANDPLAASVERWISSELING

## VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE SINODALE VERTEENWOORDIGER

### 1. AGTERGROND

Reeds in 1994 is die beginsel van standplaasverwisseling deur die sinode as aanvullende meganisme tot beroeping goedgekeur.

Die besluit word in 2002 herbevestig en in 2004 word die volgende uitgangspunte gestel:

***Roeping:*** In die proses van standplaasverwisseling moet die roeping van die leraar en die werk van die Heilige Gees in ag geneem word. Hierdie proses word gesien as één van die maniere.

***Bona fides*:** Dit gaan om bona fide-redes vir verwisseling van standplase. Bedieningsvernuwing en persoonlike omstandighede dien (onder andere) as bona fide-redes vir verwisseling. Die betrokke partye oorweeg die meriete van die saak. Die proses mag bv. nie gebruik word om dreigende tughandelinge te ontduik nie.

***Ooreenkoms:*** Die leraar en kerkraad staan in 'n werksverhouding wat amptelik by wyse van Kerkordebepalings en die arbeidswette gereguleer word. Die proses van verwisseling van standplase moet hierdie feite verreken, bv. die regte en voorregte van albei partye, die kerkraad en die leraar moet in ag geneem word. Standplaasverwisseling is 'n saak wat by wyse van wedersydse ooreenkoms gereël word (na analogie van Artikel 7 van die Kerkorde 1998). Dit is 'n proses waar kerkrade en leraars 'n ooreenkoms tot verwisseling aangaan en waarvoor albei partye eienaarskap aanvaar.

***Verwisseling*** word nie afgedwing deur die kerkverband (ringe of sinodes) nie, maar skep 'n geleentheid vir die partye tot verwisseling. Dit vervang nie die huidige beroepstelsel nie. Ons wil 'n kultuur in die kerk skep waar standplaasverwisseling 'n positiewe saak is en gevestig is as 'n sistemiese aktiwiteit (dit vorm deel van die manier waarop die kerk funksioneer).

***Die Kerkverband:*** Die kerkverband speel in standplaasverwisseling 'n bemiddelende en fasiliterende rol. Hier het ringe, sinodes en die Algemene Sinode elk 'n eie rol te vervul (sien die res van die dokument).

***Beroeping:*** Die skriftelike ooreenkoms tot standplaasverwisseling waartoe die deelnemende partye kom, is 'n geldige beroep en vereis nie 'n aparte beroepshandeling nie. Die ooreenkoms moet by twee agtereenvolgende Sondae vir approbasie aan die gemeente voorgelê word (vgl die analogie in Reglement 6 pt 3: Eenwording van gemeentes).

***Multilaterale verwisseling:*** Die behoefte aan standplaasverwisseling kan deur bilaterale en multilaterale standplaasverwisseling hanteer word.

***Bestaande vakatures:*** Kerkrade met vakatures kan hulle inligting deurstuur aan, of inligting verkry by die Kantoor vir Standplaasverwisseling (nou die ASP) (vgl. *Handleiding vir die Bestuur van Predikantesake in die NG Kerk*, 2013).

### 2. INLEIDING

Dit wil voorkom dat ten spyte van die beginselbesluite en verslae van die Algemene Sinode ten opsigte van standplaasverwisseling, dit nog nie standaardpraktyk in die kerk geword het nie. Van die redes hiervoor is:

**2.1** Dat die proses soos dit beskryf was nie 'n veilig-genoeg proses vir die predikante is nie. Dit kan moontlik aan die volgende toegeskryf word:
**2.1.1** Onsekerheid oor die "sukses" van standplaasverwisseling.
**2.1.2** Wil nie 'n boodskap van ontevredenheid aan die gemeente deurgee nie.
**2.1.2** Teologiese onrustigheid dat God se wil forseer word.

**2.2** Dat waar daar nie 'n voltydse sinodale verteenwoordiger/fasiliteerder is nie, die proses moeilik aan die gang sal kom. Die voordeel van 'n voltydse persoon is:
**2.2.1** 'n Adres word geskep en dit bevorder bekendheid en veiligheid.
**2.2.2** Dit (die persoon) gee momentum aan die proses.

**2.3** Dat waar standplaasverwisseling tot sover suksesvol plaasgevind het, dit meer van 'n pastorale proses en minder van 'n gereglementeerde proses was:
**2.3.1** Die proses is persoongerig;
**2.3.2** Dit neem die behoeftes van die predikant, gesin en gemeente in ag.

**2.4.** Dat as die proses losgemaak word van die roepingsbewustheid van die predikant en nie geloofonderskeidend plaasvind nie, dit moeilik tot 'n volwaardige en aanvaarde beroepingspraktyk en mobiliteit van predikante in die kerk sal groei.
Dit impliseer die volgende:
**2.4.1** Dit is 'n geloofonderskeidende proses waaraan alle partye (predikant, gesin en gemeente) deel het waar daar gesoek word na die wil van God vir die predikant en die gemeente.
**2.4.2** Dit is 'n geestelik-verrykende proses waarin gelowiges individueel en kollektief hul afhanklikheid van God besef.
**2.4.3** Die sinodale verteenwoordiger of ander persoon wat die fasiliterende rol gaan speel, is bewus daarvan dat dit 'n geloofonderskeidende proses is wat in biddende afhanklikheid gedoen word.
In die lig van bogenoemde en tot tyd en wyl standplaasverwisseling algemene praktyk in die kerk word, word voorgestel dat die sinodale begeleiers as verteenwoordigers van die verskillende sinodale streke oorhoofs verantwoordelikheid vir die proses sal neem. Dit is 'n verhoudingsgedrewe proses. Die gesprekke moet van 'n persoonlike en pastorale aanslag getuig. Dit geskied in vertroulikheid en met toestemming van alle partye. Die predikant se huweliksmaat behoort van dag een af deel van die gesprek te wees. Indien daar 'n medeleraar(s) ter sprake is, behoort hulle by die eerste beste geleentheid betrek te word. Die kerkraad vorm deel van die gesprek sodra die aanvanklike gesprek tussen die predikante plaasgevind het.
Dit sal na alle waarskynlikheid 'n tydsame proses wees, maar dit is belangrik dat niemand onder druk moet voel nie en onder druk 'n besluit moet neem nie. Dit is beter dat ons mekaar daaraan herinner dat die gelowige se lewe in die rus van God begin sodat ons Sy stem kan hoor.

## 3. VOORGESTELDE WERKSWYSE VAN DIE SINODALE VERTEENWOORDIGER

### 3.1 Kapasiteit
Elke streeksinode wys 'n sinodale verteenwoordiger aan wat saak van standplaasverwisseling bestuur en hanteer.

### 3.2 Bewusmaking
***Sinodes***
Die sinodale verteenwoordiger maak seker dat die besluite van die Algemene Sinode ten opsigte van standplaasverwisseling by die streeksinode bekend gemaak en hanteer word. Die streeksinode besluit wat die beste wyse is om die proses van standplaasverwisseling aan ringe en gemeentes bekend te maak (byvoorbeeld deur 'n Seisoen van Standplaasverwisseling af te kondig).

***Ringe***
Ringe neem die verantwoordelikheid om die besluit van die sinode te hanteer en in ringsverband deur te voer. Die ringskommissie maak seker dat die gemeentes die besluite hanteer, byvoorbeeld deur kerkrade/gemeentes daaraan te herinner dat 'n "amptelike" gesprek gevoer word met predikante wat 10 jaar of langer in 'n gemeente is (kyk pt 6).
Die uitslag van die gesprek word met die ringskommissie gekommunikeer. Indien nodig kan die ringskommissie 'n verdere gesprek met die gemeente aanvra. Die ringskommissie betrek die sinodale verteenwoordiger vir standplaasverwisseling vir verdere toeligting en die hantering daarvan indien nodig.

***Kerkraad/Gemeenteleierskap***
Die kerkraad neem kennis en hanteer die moontlikheid van standplaasverwisseling tydens die kerkraadsvergadering, byvoorbeeld deur die voer van die 10 jaar-gesprek. Die kerkraad dra aan die gemeente die beginsel en moontlikheid van standplaasverwisseling as 'n waardige en geldige wyse van beroeping oor – soos ook reeds deur die Algemene Sinode voorgeskryf.

***Kerklike media***
Die kerklike media en webblaaie kan gebruik word om die proses van standplaasverwisseling bekend te maak. Die sinodale verteenwoordigers neem inisiatief om verhale en gevallestudies te publiseer. 'n Vraebus kan hanteer word.

### 3.3 Aanmelding
***3.3.1 Predikant kontak sinodale verteenwoordiger***
*Predikante* wat standplaasverwisseling oorweeg, kan die sinodale verteenwoordiger kontak om die moontlikheid daarvan te bespreek. Dit is 'n vertroulike gesprek en die kerkraad/gemeente hoef nie noodwendig daarvan kennis te dra nie. Die sinodale verteenwoordiger maak seker dat die motivering van die predikant nie strydig is met die beginsels van roeping en beroeping nie.

***3.3.2 Sinodale verteenwoordiger kontak die predikant***
Die *sinodale verteenwoordiger* kan op eie inisiatief ’n predikant kontak om standplaasverwisseling aan die orde te stel. Daar kan verskillende redes daarvoor wees, byvoorbeeld die aantal jare in die gemeente, die vasgelooptheid of behoefte aan geestelike groei van die predikant en gemeente, die moontlike passing met ’n nder gemeente. Die proses word so bestuur dat geen druk op die predikant (of gemeente) geplaas word nie.
***3.3.3 Sinodale verteenwoordigers kontak mekaar op gereelde grondslag***
Die sinodale verteenwoordigers van die verskillende streeksinodes kom op ’n gereelde basis bymekaar om, met toestemming van predikante wat hul vir standplaasverwisseling aangebied het, mekaar in die verband in te lig en te handel. Die ASP bied die ruimte vir hierdie fasilitering.

**4. PASSING**
Sinodale verteenwoordigers neem verantwoordelikheid vir die fasilitering van standplaasverwisseling tussen predikante. Die proses kan as volg verloop en is dieselfde vir multilaterale verwisseling:
**4.1** Die sinodale verteenwoordiger of gedelegeerde tree op as fasiliteerder vir die proses en is teenwoordig by alle vergaderings, byeenkomste en gesprekke soos nodig. Die sinodale verteenwoordiger dra die belange van al die partye op die hart.
**4.2** Besluite wat in die proses geneem word, word deur die sinodale verteenwoordiger oorgedra.
**4.3** Die gesprek tussen die sinodale verteenwoordiger en die predikant vind in vertroue en ’n veilige ruimte plaas.
**4.4** Die sinodale verteenwoordiger luister goed na die predikant (ds A) en indien die behoefte tot standplaasverwisseling geregverdig is, word die aansoeker se naam aangeteken.
**4.5** Die sinodale verteenwoordiger raadpleeg die lys van moontlike kandidate wat met ds A kan ruil. Indien sodanige persoon (ds B) gevind word, vind die gesprek tussen die sinodale verteenwoordiger en ds B plaas om die moontlikheid van standplaasverwisseling met ds A te bespreek.
**4.6** Die sinodale verteenwoordiger fasiliteer ’n gesprek tussen die predikante. Die sinodale verteenwoordiger maak seker dat die huweliksmaats (waar van toepassing) goed ingelig en deel van die gesprek is.
**4.7** Indien daar ’n medeleraar(s) betrokke is, word die persoon(e) so vroeg en paslik moontlik by die proses betrek.
**4.8** Indien daar tussen die betrokkenes eenstemmigheid is dat die proses van standplaasverwisseling moet voortgaan, vra die sinodale verteenwoordiger ’n gesprek aan met die geestelike leierskap (dagbestuur, taakspan, ens) van die verskillende gemeentes met die doel om die volgende dinge te doen:
**4.8.1** Hulle weer in te lig oor die beginsel van standplaasverwisseling;
**4.8.2** Hulle in te lig oor die verskillende stappe van die proses;
**4.8.3** Hulle daarop te wys dat hulle die verantwoordelikheid het om geloofsonderskeidend aan die proses deel te neem;
**4.8.4** Hulle daarop te wys dat hulle onder geen verpligting is nie, anders as om saam die wil die Here te soek.
**4.9** Tegelykertyd word die geestelike leierskap van al die gemeentes wat betrokke is, ingelig dat die sinodale verteenwoordiger die predikante genader het en die moontlikheid van standplaasverwisseling met hulle bespreek het. Die geestelike leierskap word ook ingelig oor hoe die gesprek tot dusver verloop het. Sover moontlik word die gesprek by beide (al) die gemeentes gelyktydig gevoer, wat beteken dat die sinodale verteenwoordiger op dié punt ’n gevolmagtigde kollega(s) het wat hierdie gesprek by een (of meer) van die gemeentes fasiliteer.
**4.10** Die gemeenteleierskap en die predikant(e) verstaan dat hulle nie onder druk van die sinode of die verteenwoordiger van die sinode is om ’n besluit te neem nie. Hulle het wel die verantwoordelikheid om saam biddend oor die proses na te dink.
**4.11** Dit staan enige persoon/party vry om enige tyd aan die proses te onttrek wat beteken dat die proses in geheel tot ’n einde kom. Die veronderstelling is wel dat die kerkraad/kommissie baie sterk oorweging sal skenk om ten minste eers die kandidaat (vir standplaasverwisseling) vir ’n bekendstellingsgesprek te ontmoet.
**4.12** Die leierskap van beide gemeentes, met die hulp van die sinodale verteenwoordiger en die fasiliteerder(s), kom ooreen op ’n volgende vergadering waar die besluit oor die moontlike standplaasverwisseling geneem kan word en wat ook as ’n beroepingsvergadering sal dien. By dié geleentheid kontak die leierskap van die twee gemeentes mekaar om hul besluite bekend te maak.
**4.13** Die sinodale verteenwoordiger, met kennisname van die gemeenteleierskap, stel die ringskommissie in kennis dat daar ’n proses van standplaasverwisseling aan die gang is.
**4.14** Indien die besluit ten gunste van standplaasverwisseling is, word die gemeentes/gemeentelede ingelig en word dit afgekondig soos met enige ander beroeping. Die ringskommissie word ook dienooreenkomstig ingelig.

**5. AFHANDELING**

Na die finalisering van die beroep, volg die verloop volgens gemeentelike en kerkordelike verwagtinge en voorskrifte.

**6. BEDIENINGSVERNUWINGGESPREK NA 10 JAAR**

Om mobiliteit op ’n natuurlike wyse en op ’n breër front aan te moedig, word met alle leraars wat 10 jaar in ’n gemeente is, ’n gesprek gevoer met die oog op die roeping en die bedieningsbehoeftes van die predikant en die gemeente. Na hierdie geleentheid en indien die leraar nie van standplaas verwissel nie, word die gesprek daarna elke drie jaar met die leraar herhaal. Hierdie gesprek vind plaas tussen die leraar en die kerkraad. Die ringskommissie hanteer/fasiliteer hierdie gesprek binne ringsverband.

Dit is ’n waarderende gesprek wat verskillende moontlikhede bied vir die mobiliteit en bedieningsvernuwing vir die predikant(e) en die gemeente(s). Standplaasverwisseling kan ’n spontane uitvloeisel wees van hierdie gesprek.

**BYLAE 17**

# "RUS-DAG" - KNELPUNT OF NOODSAAKLIKHEID?

(Sien ook "Compassion Fatigue" en Retraites)

Die taakspan predikantesake fokus op beide die predikant en die gemeente se geluk. Daarom kyk ons na sake wat beide die predikant en die gemeente raak. Ons wil sien dat die gemeente gelukkig is met die arbeid van die predikant, maar ons wil ook sien dat die predikant gelukkig is in sy/haar beroep.
Een saak wat dikwels onder bespreking is, is die neem van 'n rus-dag deur die predikant.
Daar is verskillende redes waarom daar 'n vraag is oor 'n "rus-dag" vir predikante. Dit het o.a. te make met:

1. Die gesondheid van die predikant
    a. Kry hy/sy genoeg rus as hy/sy sewe dae per week werk en "op roep" is?
    b. Hoe raak hy/sy ontslae van stres?
2. Die noodsaak om die roetine/ritme van die werksweek te breek.
3. Die verantwoordelikheid van die werkgewer om die werknemer te "versorg".

**Agtergrond**

Predikante werk tradisioneel nie met vaste werkure nie. D.w.s. hulle werk nie van 08:00 – 17:00 van Maandag tot Vrydag (40 ure per week) soos ander werknemers nie. Hulle werksure word meestal beskryf as "fleksie-tyd" omdat hulle ook saans en oor naweke werk. Die probleem is egter dat hulle dikwels nié fleksie-tyd werk nie, maar gewone ure plus oortyd. D.w.s. hulle werk bedags van 08:00 – 17:00 én saans én naweke. Hiervoor kry hulle egter nie krediet nie, maar dikwels eerder kritiek wanneer hulle nie alle verpligtinge kan nakom nie, of aan alle verwagtinge van die lidmate kan voldoen nie. Die verwagtinge wat lidmate van predikante het, is dikwels onbillik omdat hulle nie verstaan presies wat die werk van die predikant behels nie. Dit lei daartoe dat die predikant homself/haarself kan uitbrand omdat die weekroetine nie genoegsaam tyd maak vir behoorlike ontspanning en verbreking van werkritme nie.
Dit wil voorkom dat kerkrade (as werkgewer) nie hierdie probleem insien nie. Die indruk bestaan dat kerkrade (en lidmate) van mening is dat die werk van 'n predikant nie harde werk is nie en daarom is die tyd wat hulle saam met lidmate spandeer nie stresvol nie. Die feite is egter anders.

- Die tyd saam met lidmate is nie altyd ontspanne kuier-tyd nie. Meestal word daar "gewerk":
    - Tydens besoeke word daar dikwels probleme bespreek waarvoor oplossings gevind moet word. Dikwels word probleme nie direk genoem nie en die predikant is dus heeltyd ingestel daarop om fyn wenke tussen die lyne op te tel. Dikwels moet antwoorde op 'n taktvolle wyse gegee word. Dit neem baie energie om hierdie werk aanhoudend te doen. Dit vra konsentrasie en fokus, dit tap energie.
    - Wanneer hierdie gespandeerde energie nie behoorlik "teruggeplaas" word nie, m.a.w. daar is nie genoegsame rus-tyd of herstel-tyd nie, dan lei dit tot die opbou van spanning en tamheid oor die lang termyn.
    - Die feit dat lidmate ook vriende word maak dit moeilik om te help dra aan almal se laste oor die lang termyn. Elke huis se inligting word vertroulik hanteer en die predikant kan dus nie sy/haar bekommernisse met ander bespreek nie. Dit word alleen gedra. Ook dit het 'n verlammende uitwerking oor die lang termyn.
- Ander lidmate kan oor naweke afskakel van hulle werk, predikante kan nie. Lidmate kan Saterdag hul frustrasies uitwoed op die sportveld, predikante moet (dikwels) voorberei vir Sondag se preek. Lidmate daag ontspanne by die kerk op om na 'n preek te luister, predikante ervaar spanning omdat hulle op hulle beste moet wees om die diens te lei.
    - Wanneer die predikant op die Maandag na 'n Sondag sport sou doen, is daar dikwels lidmate wat vra waarom hy/sy dan nie werk nie? Dit lei daartoe dat daar dan liefs nie 'n rus-tyd geneem word nie.
- Ander lidmate het vryheid om naweke weg te gaan en weg te breek, predikante kan dikwels nie. In sommige gemeentes word 'n rus-naweek per kwartaal toegestaan, maar as daar niemand is om die Sondag se erediens waar te neem nie, voel die predikant skuldig om die gemeente "alleen" te laat en besluit dan om eerder te bly en tog die diens te doen. 'n Bose kringloop ontstaan so.
- Predikante se werk behels dat hulle tyd buite hulle eie huise spandeer. Dit lei tot spanning in hulle eie huishoudings. Baie druk word op die gades geplaas om die huis in stand te hou en om die kinders te versorg. Dit het die potensiaal om oor die lang termyn te lei tot swak verhoudings tussen egpare en ook tussen ouers en kinders. Dit wil niemand hê nie, want die voorbeeld wat die

predikant in die gemeente moet stel is belangrik. Tog lei dit oor die lang termyn ook tot groter druk op hom/haar, veral as daar wel huwelikspanning kom en hy/sy dit nie met lidmate kan bespreek nie.

  - Oor presies wat die effek hiervan op vroulike predikante is, kan net gespekuleer word, maar dit mag selfs meer wees as op hul manlike eweknieë. As moeders en vrou mag hulle dalk meer skuldig voel oor die wegwees van die huis. Hierdie aanname sal in die toekoms fyn dopgehou moet word om betyds op te tree en keer dat vroulike predikante hulleself ooreis.

- Die tyd wat predikante spandeer moet bestuur word. Niemand kan die hele week werk of op roep wees nie. Dit is maklik om te sê dat dit die predikant se eie verantwoordelikheid is om homself/haarself te bestuur, maar soos reeds genoem is daar altyd druk op predikante vanaf lidmate wat sekere verwagtinge van hulle koester. Dit is dus eerder die kerkraad as werkgewer wat die verantwoordelikheid moet neem om die tyd van predikante reg te spandeer.

Baie mense kan hierdie ritme vir ’n tyd volhou, maar nie oor die lang termyn nie. Dit is daarom baie belangrik dat hierdie saak behoorlik deur kerkrade onder bespreking geneem moet word. Dit is spesifiek kerkrade wat hierna moet kyk, omdat hulle die werkgewer is wat ’n verantwoordelikheid teenoor hulle werknemer het.

In die lig van bogenoemde is dit belangrik om uit te vind wat die stand van sake in ons gemeentes is.

Ten einde die saak te bestuur moet ons weet wat aan die gebeur is. Sommige vrae is bedoel om inligting te versamel vir verdere navorsing oor die saak, terwyl ander ten doel het om begrip tussen kerkrade en predikante te verbeter.

Die volgende vrae moet deur **KERKRAADSLEDE** beantwoord word:

| | | | JA | NEE |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Is dit in die kontrak met die werknemer ingeskryf dat hy/sy ‘n rus-dag per week het? | | | |
| 2 | Is daar iemand wat toesien dat hy/sy die rus-dag neem? | JA/NEE | Wie? | |
| 3 | Watter voordele vind julle daarin om ’n rus-dag per week af te dwing? | | | |
| 3.1 | | | | |
| 3.2 | | | | |
| 3.3 | | | | |
| 3.4 | | | | |
| 3.5 | | | | |
| 4 | Watter nadele vind julle daarin om ’n rus-dag per week af te dwing? | | | |
| 4.1 | | | | |
| 4.2 | | | | |
| 4.3 | | | | |
| 4.4 | | | | |
| 4.5 | | | | |

Die volgende vrae moet deur **PREDIKANTE** beantwoord word:

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Neem jy ‘n rus-dag per week? | JA/NEE |
| 2. | Indien wel, watter dag van die week? | |
| 3. | Beskryf die uitwerking wat dit op jou het om ’n rus-dag te neem. | |
| | | |
| 4. | Indien nie, waarom nie? | |
| | | |
| 5. | Hoe spandeer jy jou rus-dag? | |
| | | |
| 6. | Beskryf die uitwerking wat dit op jou het om nie ’n rus-dag te neem nie. | |
| | | |
| 7. | Beoefen jy ’n stokperdjie om jou aandag van die werk af te neem? Wat is dit? | |
| | | |
| 8. | Hoe gesond sou jy jouself beskryf? Verduidelik (bv is dit fisies, geestelik, stresverwant, ens) | |
| | | |

**BYLAE 18**

# VERSLAG VAN DIE VERTEENWOORDIGER VAN DIE NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND BY DIE KURATORIUM VAN DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT, UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

As verteenwoordiger van die sinode in Noord-Kaapland op die kuratorium van die Vrystaat wil ek graag breedweg aan u terugvoer gee met betrekking tot die vergadering.

## 1. EKSAMENKOMMISSIE

In 2015 het 14 studente aangemeld vir legitimasie. Christo de Witt (*Colloquium Doctum*), was deel van hierdie groep. Die kuratorium het al 14 aansoeke tot legitimasie aanvaar. Die legitimasie geleentheid het op 20 November 2015 om 18:00 by NG Kerk Universitas in Bloemfontein plaas gevind.

## 2. ANDER NOEMENSWAARDIGE SAKE

### 2.1 Ingeskrewe studente van die NG Kerk

Daar is tans 61 studente vanuit die NG Kerk besig met opleiding by UVS. Dit word as volg uiteengesit:

BDiv I - 9; BDiv II - 9; BDiv III - 12; BDiv IV - 13; MDiv (in 2015 'n NGD) - 5; NGD (in 2015 'n MDiv/Gemeentejaar) - 13. In die afgelope 35 jaar (sedert die stigting van die fakulteit) het daar 'n gemiddeld van 13 studente per jaar hul studies in Bloemfontein voltooi en vir legitimasie by die NG Kerk aangemeld. Daar is deur die kuratorium aan die fakulteit gekommunikeer dat die fakulteit baie meer ekumenies sal moet dink.

### 2.2 Aanvulling van akademiese opleiding

Die daarstelling van 'n Seminarium binne die fakulteit word steeds ondersoek. Die teologiese fakulteit van Stellenbosch het 'n afvaardiging (ds. Monty Sahd) na hierdie jaar se kuratoriumvergadering gestuur om die vergadering verder te kom toelig rakende die funksionering van 'n Seminarium, aangesien dit reeds in Stellenbosch so funksioneer.

Sien 2014 se verslag aan die SKBO:

> *"Die Vrystaat kuratorium is al 'n geruime tyd besig om te besin oor die wyse waarop daar meer doeltreffend aandag gegee kan word aan opleiding en vorming bo en behalwe dié wat van die Universiteit ontvang word. Die kuratorium het nou tot die slotsom gekom dat die tyd ryp is vir die formele strukturering van dít wat aangebied word as kerk-eie opleiding, nl. die daarstelling van 'n kerklike seminarium. Tydens die vergadering van 10-11 November 2014 is die aanbeveling dat die daarstelling van 'n Seminarium in beginsel goed gekeur sal word, wel goedgekeur. Die proses begin so spoedig as moontlik."*

Die verteenwoordiger lig uit dat die inhoud wat by 'n Seminarium aangebied word nie so 'n sterk akademiese onderbou het nie, maar eerder 'n unieke bedieningskarakter het.

### 2.3 Samewerking tussen kuratorium en fakulteit

Dit blyk asof daar nog talle uitdagings rondom die kuratorium en fakulteit se verwagtinge en rolverdelings bestaan. Die kuratorium het, tydens die behandeling van 'n gespreksdokument, aan die fakulteit 'n versoek gerig dat die kuratorium meer betrek moet word by prosesse soos sillabus-bepaling en die aanstelling van personeel binne die verskeie departemente van die fakulteit.

### 2.4 Shepherd

Een van die groot uitdagings wat die fakulteit in die gesig staar is die feit dat daar talle studente (veral van die VGK en NGK in Afrika) is wat aansoek doen by die universiteit vir teologiese opleiding, maar nie toelating kan kry nie weens die hoë vereistes vir toelating. Daar is tydens die vergadering uitgelig watter groot rol Shepherd in hierdie verband speel. Shepherd skep die moontlikheid vir potensiële studente om teologiese opleiding met behulp van kort kursusse te verkry wat dan weer die deur oopmaak vir toelating tot sekere lae-krediet kursusse by die fakulteit. Alhoewel dit 'n baie langer pad is, word dit steeds vir studente moontlik om op die einde 'n graad in teologie te verwerf.

Saam in Sy diens,
Ds. DJ Muller

**BYLAE 19**

# VERSLAG VAN DIE VERTEENWOORDIGER VAN DIE NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND BY DIE KURATORIUM VAN DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Dit is 'n voorreg vir die Kuratorium in Pretoria om verslag van sy werksaamhede oor die afgelope paar jaar aan die Sinode van Noord-Kaapland te doen.

**1. Kuratorium**

Die Kuratorium gaan tussen 2015-16 ’n **verandering** van lede beleef en die hele dagbestuur gaan uit nuwe lede bestaan. Soos Almal weet tree Dr. Flip Du Toit nou en Dr. Danie Dreyer af. Dr Gus Claassen is nou weg na die Alg Sinodale kantoor. Vernuwing bring nuwe energie.
Hier is die nuwe dagbestuur: Die nuwe voorsitter is Dr Paul du Toit, o.voors. Ds Hannes Windell en skriba is Nico van Rensburg.

**2. Vennoot by Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria**

Die bestaande ooreenkoms tussen die NG Kerk en UP getuig steeds van ’n hartlike verhouding. Die vennootskap beteken vir die Kerk baie. Dit is nie slegs 'n verhouding wat op papier vasgelê is nie. Die hartlike manier waarop die hoofbestuur van UP, en veral die Dekaan van die Fakulteit Teologie, prof Johan Buitendag, gevolg gee aan hierdie vennootskap, stem tot groot dankbaarheid.

Die Kerk besef dat die wetenskaplike gehalte van teologiese opleiding belangrik bly. Daarom word daar ten nouste saamgewerk met die Universiteit. Die Kerk was bevoorreg om saam met die ander vennoot-kerke, deel te kon neem aan die beplanning van die nuwe graadstruktuur.

**3. Studente**

Die een belangrike werksaamheid van ’n kuratorium is om toe te sien dat genoeg en bekwame proponente aan die Kerk gelewer word om te verseker dat die Kerk dinamies, eietyds en vooruitstrewend bly. Dit is daarom dat daar met groot dankbaarheid gemeld kan word dat aan die einde van verlede jaar 22 studente gelegitimeer en een persoon na ’n Colloquium Doctum. Dit is baie oulike studente. Hul skripsies was baie gebind aan die tendense nou in die kerk. Daar is oor Jeugwerk en barmhartigheid verskeie skripsies gewees. Ons is baie opgewonde oor die toekoms van die kerk. Dit is baie hardwerkende studente wat almal op hul eie manier gewerk het in die kerk.

Van die voordele wat dit inhou om teologiese opleiding by 'n universiteit te kan aanbied, is die feit dat studente groei binne ’n wetenskaplike omgewing en kontak het met studente uit ander studierigtings. Hierbenewens is daar ander voordele: toegang tot goed toegeruste biblioteek, infrastruktuur van die Universiteit, onderhoud van geboue asook meriete beurse waartoe studente toegang het.

**4. Dosente**

Daar is ’n groot getal dosente uit al die vennootkerke betrokke met teologiese opleiding. Die NG Kerk het die volgende dosente wat gedeeltelik deur die kerk vergoed word (kragtens die voorgenoemde ooreenkoms). Hulle is: prof. Dirk Human en dr Sias Meyer (Ou Testamentiese Wetenskap), proff.. Gert Steyn (Nuwe Testamentiese Wetenskap), prof. Danie Veldsman en dr. Willem Fourie (Dogmatiek en Christelike Etiek), proff.. Cas Wepener en Johann Meylahn (Praktiese Teologie) en dr. Johan van der Merwe (Kerkreg en Kerkgeskiedenis). Hierbenewens is ook prof. Alfonso Groenewald ’n lidmaat van die NG Kerk hoewel hy nie een van die ooreengekome NG poste beklee nie. Prof. Dirk Human is die Vise-Dekaan.
Die NG Kerk se dosente vergader gereeld afsonderlik om aan gemeenskap-like sake aandag te gee. Die Voorsitter is prof Danie Veldsman en die Ondervoorsitter is prof. Cas Wepener.

**5. Kerkeie Opleiding**

’n Nuwe fase van Kerkeie Opleiding kon aan die begin van hierdie jaar aanbreek. Dr. Gustav Claassen was van 1 Februarie 2014 hoof van Kerkeie Opleiding. Met sy aanvaarding van die beroep

in die pos van dr. Kobus Gerber, is die kuratorium besig met die verkiesing van 'n nuwe persoon in die vakante pos. Hierdie persoon neem verantwoordelikheid vir die begeleiding van die NG Kerk se teologie studente vanaf die eerste tot die sesde jaar. Buiten vir die begeleiding is hy ook verantwoordelik daarvoor dat die aspekte rakende spiritualiteit en persoonlikheidsgroei genoegsame aandag kry. Ten einde dit te bereik, word die studente ook toegewys aan predikante wat hiermee help. Daar is 'n program uitgewerk waarmee uitdrukking gegee word om al die eienskappe wat gemeld word in die *Profiel van die Afgestudeerde Student* (en 'n paar jaar gelede deur die Algemene Sinode goedgekeur is). Hierbenewens word die band tussen die tuisgemeente (of sturende gemeente) en die Kuratorium onderhou soos deur die A tot Z Beleid bepaal.

**6. Voortgesette Bedieningsontwikkeling**

Dr. André Bartlett het sy voete gevind in die nuwe pos en is verantwoordelik vir Excelsus, die naam vir ons Sentrum vir Bedieningsontwikkeling. Hy het dus nou die ideale geleentheid om Excelsus uit te bou met die oog op kursusse vir afgestudeerdes. Leraars kan pertinent kennis neem van die nuwe Gevorderde Diploma in Gemeentebediening. Die kursus gaan voort en word baie hoog aangeskryf.

Buiten vir die jaarlikse Lentekonferensie, kan navorsing en betrokkenheid by die Kerk se wetenskaplike blad, Verbum et Ecclesia, aandag geniet. Die Kuratorium sien hierdie ontwikkeling as die verwesenliking van 'n lang gekoesterde ideaal.

**7. Top Trust**

**Hierdie Trust** is 'n nuwe trust wat gevestig is om studente finansieel te help met hul **teologiese opleiding**. Dr Flip Du Toit bly aan by Top Trust om te help met die versterking van die Trust. As mense finansieel wil help met teologiese opleiding, dis 'n Trust om in by te dra.

**8. Dank**

Daar kan met groot dankbaarheid gerapporteer word dat die samewerking met die sinode in Noord-Kaapland deurgaans hartlik was.

PF COETZEE
Sinodale verteenwoordiger

**BYLAE 20**

# VERSLAG VAN DIE VERTEENWOORDIGER VAN DIE NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND BY DIE KURATORIUM VAN DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT, UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Die kuratorium ontvang jaar verslae van dosente in die volgende vakgebiede: Ou Testament, Nuwe Testament, Praktiese Teologie en Missiologie, Sistematiese Teologie en Ekklesiologie. Die akademiese opleiding, begeleiding van nagraadse studente, sowel as die uitset van gepubliseerde akademiese artikels in erkende vaktydskrifte, bydraes in ander publikasies, deelname aan referate en kongresse, openbare optredes en lesings is indrukwekkend om die minste te sê. Die NG Kerk kan gerus wees dat hier uiters bekwame en toegewyde mense ons studente oplei. Die dosentekorps is ook leiers op ander gebiede van ons samelewing, waarvan prof. Nico Koopman as waarnemende vise-rektor maar een is.

**Homoseksuele lidmate – ’n gesamentlike optrede van die NG Dosenteraad (Stellenbosch)**
Die dosenteraad is besorg oor die menswaardigheid waarmee die kerk optree teenoor homoseksuele lidmate, asook die verbintenisse tussen hulle. Dit het ook betrekking op studente wat by die Fakulteit Teologie afstudeer. Ter sake is met name die tans bykomende eis van die kerk aan voornemende predikante dat hulle selibaat moet wees (indien hulle homoseksueel is). Die volgende voorstel gerig aan die AS is geneem:

1. Dat die addisionele voorwaarde van die selibaat (addisioneel tot die voorwaardes wat aan heteroseksuele afgestudeerdes gestel word) as kwalifikasie vir ordening en bediening in ’n gemeentelike konteks, geskrap word en dat Besluit 7 van 2007 daarom gewysig word om soos volg te lees: “Die verlening van predikantsbevoegdheid is ’n funksie van die Algemene Sinode”
2. Dat Besluit 4 van 2007 vervang word met die volgende bewoording: “Die NGK gee amptelike erkenning aan die burgerlike verbintenis tussen homoseksuele pare wat ’n durende verhouding van liefde en trou aan mekaar wil bevestig, en dat hierdie verbintenisse met die seën van die NGK kan geskied.”

Die voorstelle het reeds by die AS van November 2015 gedien en die besluite wat geneem is, met die appèlle daarop is bekend. In hierdie voorstel hoor ons egter die hart van die Dosenteraad klop, en dit is belangrik om daarvan kennis te neem. Die motiverings van die voorstel en kan aan die vergadering beskikbaar gestel word indien dit verlang word.

**Studente in 2015**
Getalle in verskeie kursusse van die Fakulteit Teologie:

| | |
|---|---|
| Bdiv I: | 25, NGK 9 |
| BTh I: | 32, NGK 3 |
| BTh Jeug I: | 17, NGK 3 |
| Eerstejaar: | 74, NGK 15 |
| Tweedejaar: | 74, NGK 12 |
| Derdejaar: | 35, NGK 7 |
| Vierdejaar: | 15, NGK 7 |

Totaal voorgraadse studente is dus: 198 (38% van die Fakulteit Teologie) en die samestelling is soos volg: Vroulik = 85, manlik 113 / Swart = 47, Bruin = 91, Wit = 60 / Afr = 99, Eng = 69, isiXhosa = 10 / Anglikaans = 12, NGK = 41, Lutheraans = 1, Presb = 6, VGKKSA = 38, ander = 100).

Nagraadse studente: Die meerderheid van die studente in die Fakulteit Teologie is nagraads (sowat 60%). Die krimpende aantal nagraadse NGK- en VGK-studente is rede tot kommer.
Die dosentekorps is só saamgestel: Vroulik = 9, manlik = 16 / Swart = 3, Bruin = 7, Wit = 15 / NGK = 12, VGKSA = 8, ander = 5.

**Leer en Onderrig – taalmedium**
Buiten parallelle medium onderrig (Afrikaans en Engels) vir eerstejaar- en tweedejaar-studente, is dubbelmedium onderrig (Afrikaans en Engelse in dieselfde lesing) meer dikwels gebruik op derde-vyfdejaar-vlak. Studenteterugvoer was positief oor tweede semester modules waarin geëksperimenteer is met dubbelmedium-onderrig met intydse tolking (wanneer Afrikaans gepraat is, is direk in dieselfde lesing na Engels vertaal, en omgekeer).

**Visie**
Sedert 2009 het die Fakulteit Teologie die volgende toekomsvisie:

- **Akademiese uitnemendheid** deur professionele teologiese opleiding in ooreenstemming met die aard en doel van die Christelike geloof. (Die FT het die hoogste navorsingsuitsette per kapita in die US).
- Om die identiteit en etos van kerk in verskeie **(meestal Afrika) kontekste** te verstaan en te verryk. (Ons werk nou saam met teologiese opleidingsinstansies in die meeste dele van Afrika).
- Om **gemeenskappe te dien** deur netwerke te vestig, leierskap deur diens te bevorder, publieke diskoers te ontwikkel, ens.
- Om ’n **diversiteit van studente** van verskillende kerke, teologiese tradisies, kulture, tale en menings te verwelkom en omarm. Die FT is die mees diverse fakulteit op kampus.

**Proponentskommissie**
Met 13 proponentskandidate is gesprekke gevoer, beide in groepsessies – waarvan daar 3 periodes van ’n uur en ’n half elk was – en in een to een privaatgesprekke oor hulle roeping en finalejaarskripsie. Daar is dus deeglik met die studente gesprek gevoer. Die akademiese toetsing is egter reeds deur die fakulteit gedoen, terwyl ons gesprekke gegaan het oor die bedieningsgereedheid van die kandidate. Die proponentskommissie ontvang ook die akademiese uitslae en die uitslae van die Bybelskenniseksamens, asook hulle proefpreke, M.Div-verhadelings, en verslae van die spraak- en kommunikasiedosent. Daarby ontvang ons ook verslae van hulle gemeente waarin hulle hulle praktiese gemeentejaar gedoen het. Daarbenewens word elke kandidaat ook uiteindelik deur die volle vergadering van die proponentekommissie beoordeel. Waar nodig word inspraak van dosente ook verkry. Die studente het ook tydens hulle studietyd mentors wat hulle bystaan.

Die NG Kerk se Seminarium (binne die breër opset van die Fakulteit Teologie) gee ook verdere aandag aan aspekte wat nie in die akademiese program ingepas kan word nie, te wete geestelike volwassenheid en roepingsbewustheid, spiritualiteit, teologiese en hermeneutiese vermoëns en karakter- en persoonsontwikkeling, bedieningsverstaan en –vaardighede, asook kontekstuele sensitiwiteit.

Daar word gevolglik baie deeglike werk met die proponente gedoen, voor en tydens die vergaderings, terwyl bepaalde studente ook na die vergadering verdere begeleiding ontvang indien nodig. Ek weet nie van ’n ander fakulteit aan die universiteit wat so ’n omvattend holistiese benadering in hulle opleiding volg nie. Die kandidate beïndruk jaar tot jaar, en vanjaar was geen uitsondering nie. Die kerk kan trots wees op hulle.
10 studente is in November 2016 gelegitimeer, terwyl 3 a.g.v. onafgehandelde werk eers in 2016 gelegitimeer sou word.

Dr. DL van Niekerk

# 3. VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS EN GETUIENIS

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,

Die kommissie doen soos volg verslag van sy werksaamhede:

## 1. PERSONEEL EN VERGADERINGS

Op die konstitueringsvergadering van 14 Oktober 2014 is die volgende uitvoerende komitee verkies: ds. MJ Coetzer (voorsitter), dr. JJ Knoetze (ondervoorsitter), ds. W van Velden (skriba) en bykomende lede di. PJ Theron, FP Avenant, BJP Booysen en JS Kloppers. Die bykomende lede is op op 30 Oktober 2012 as volg gewysig:
Nadat ds. W van Velden uit die sinodale gebied verhuis het, is ds. FA Fouché as skriba verkies.
Daar is aandag gegee aan die opdrag wat die kommissie het soos verwoord in die huishoudelike bepalinge van die sinodale kommissie vir diens en getuienis.

## 2. SAMESTELLING: SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS EN GETUIENIS

Die sinodale kommissie vir diens en getuienis het 3 keer vergader en die dagbestuur het 6 keer vergader. Die dagbestuur se vergaderings was meestal telefonies.

### 2.1 Taakspanne

Die sinodale kommissie vir diens en getuienis het die volgende taakspanne (voorsitter word aangedui)saamgestel om opdragte aan hom, deur die sinode, uit te voer:

| | |
|---|---|
| 1. Botswana | Ds. FA Fouché |
| 2. Diakonaat | Ds. FP Avenant |
| 3. Ekologie | Ds. IM Kluge |
| 4. Ekumene | Ds. BJP Booysen |
| 5. Wêreldsending | Ds. JS Kloppers |

### 2.2 Verteenwoordigers

Die verteenwoordigers het die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland verteenwoordig met verslag aan die sinodale kommissie vir diens en getuienis.

| | |
|---|---|
| 1. Bybelgenootskap | Ds. GP Barnard |
| 2. Caritas Gemeenskapsfokus | Ds. TE Smit |
| 3. CAD *(Christelike afhanklikheidsdiens)* | Mnr. H Snyman |
| 4. GKEF *(Gesamentlike Kommissie vir Evangelie-bediening in Frankryk)* | Ds. JS Kloppers |
| 5. Grondhervorming | Ds. IM Kluge |
| 6. Kuratorium NGKA | Ds. FA Fouché |
| 7. Seisoen menswaardigheid | Ds. J Grobbelaar |
| 8. VDDGP/NK *(Verenigde diensgroep vir diens en getuienis Phororo/Noord Kaapland)* | Ds. FP Avenant |

## 3. TAAKSPAN BOTSWANA

### 3.1 Sentrum vir Kontekstuele Bediening UP – Kgologano Kollege

Sinode Noord-Kaapland 2014
*Die sinode besluit dat*
1. *kennis geneem word van die Verslag van ad hoc-kommissie SKDG – Sentrum vir Kontekstuele Bediening UP – Kgologano Kollege*
2. *die Sentrum vir Kontekstuele Bediening versoek word om die ongebruikte fondse van die projek (Akademiese Dekaan by Kgologano Kollege) aan die NG Kerk in Noord-Kaapland terug te betaal*
3. *die volgende fondse in die sendinghulpfonds gestort word*
   a. *R95,941-00 (R130,941-00 minus R35,000-00) in die boekhouding van die Sentrum vir Kontekstuele Bediening*
   b. *R210,000 in die boekhouding van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland wat nog nie aan die Sentrum vir Kontekstuele Bediening oorbetaal is nie.*

**Terugvoering**
R210,000 in die boekhouding van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland, wat nog nie aan die Sentrum vir Kontekstuele Bediening oorbetaal is nie, is gestort in die *Diens en Getuienis Hulpfonds*.
R95,941-00 (R130,941-00 minus R35,000-00) in die boekhouding van die Sentrum vir Kontekstuele Bediening is aan die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland terugbetaal en gestort in die *Diens en Getuienis Hulpfonds*.

### 3.2 Taakspan Botswana – betrokkenheid in Botswana

#### 3.2.1 Lede van taakspan Botswana

Di. FA Fouche, TC du Toit, AD Botha, JPL Mostert (ampshalwe), me. T Grobler, oudl. JA Swiegers en dr. JJ Knoetze.

#### 3.2.2 Inleidend

Die Dutch Reformed Church in Botswana (DRCB) is die oudste buitelandse sending van die NG Kerk (Mei 1877). Die sinode bestaan tans uit 19 gemeentes en 40 preekpunte ('n preekpunt kan tot 200 lidmate wees) wat deur 13

geordende predikante, 1 proponent en 3 teologiese studente bedien word. Slegs 3 van die predikante is voltyds. Die ander is tentmakers wat voltyds in ’n ander beroepe staan.

Gedurende die afgelope dekade (2003-2013) het daar groot skuiwe plaasgevind in die Ned. Geref. Kerk se verstaan van sending en ook in die taakspan Botswana se visie betreffende die verhouding met die DRCB. Die taakspan Botswana het gedurende die tydperk besluit om sy visie te verbreed van betrokkenheid by die DRCB alleenlik tot betrokkenheid by die Kerk in Botswana byvoorbeeld deur teologiese opleiding. Die verslag poog om ’n oorsig te gee oor die belangrikste skuiwe en die gevolge daarvan.

### 3.2.3 Redes vir ons betrokkenheid

- Skriftuurlik
- Histories – oudste buitelandse sendingwerk van die Ned. Geref. Kerk.
- Roepingsverklaring van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland:

  *Saam luister ons na die Woord van die Here en loop só saam op die pad dat ons ons roeping ontdek en mekaar moed en hoop gee om dit uit te leef.*
- Verhoudinge wat lank reeds bestaan.
- Botswana het ’n behoefte aan teologiese opleiding.

### 3.2.4 Behuisingsprojek en verhoudinge

Dit is ongelukkig waar dat verhoudinge met kerke wat uit die sending van die Ned. Geref. Kerk ontstaan het, dikwels bepaal word deur ’n finansiële ooreenkoms. So het die Ned. Geref. Kerk in Noord Kaapland (NGK-NK) ook ’n ooreenkoms gehad met die DRCB om jaarliks ’n globale hulptoelae van R110,000 per jaar oor te betaal. In ongeveer 2002 het die DRCB die NGK-NK versoek om te help met ’n behuisingsprojek (die sogenaamde *Town House Project*) wat bedoel was om die DRCB finansieel selfstandig te maak. Die NGK-NK sou volgens hierdie versoek, deur die voorsiening van ’n eenmalige kapitale bedrag van P652,000, kwytgeskeld word van toekomstige globale hulptoelaes. Na oorlegpleging met die sinodale kommissie vir hulpdienste (SKHD) en op aanbeveling van die sinodale kommissie vir diens en getuienis (SKDG) en SKHD het die sinode in Noord-Kaapland van 2005 die versoek goedgekeur, waarna die bedrag beskikbaar gestel en die behuisingprojek begin en in 2010 voltooi is vir ’n bedrag van ongeveer R800,000. Tans het die sinode in Noord-Kaapland dus geen finansiële ooreenkomste met die DRCB nie.

Hierdie opdrag van die sinode (behuisingsprojek – die sogenaamde *Town House Project*) is suksesvol afgehandel.

Gedurende dieselfde tydperk het ds. Abe Cloete, die laaste “sendeling” wat deur die NGK-NK finansieel versorg is, ook geëmeriteer. Die besluit rakende die behuisingsprojek en die beëindiging van die “sendingera” het die weg gebaan dat daar op ’n nuwe manier gedink word oor die verhouding met die kerk in Botswana, aangesien amptelike finansiële ooreenkomste nie langer ter sprake was nie.

SKDG het die volgende aan die sinode van 2005 gerapporteer:

> *Die kommissie poog om die verhouding met die DRCB te “normaliseer” in die sin dat die nie slegs ’n sinodale verhouding is wat handel oor fondse nie. In die lig hiervan beveel die kommissie aan dat een gemeente van die DRCB verbind word aan een / twee ringe van die NG Kerk Noord-Kaapland. Die gedagte is dat hierdie ring/e dan die gemeente van die DRCB sal ondersteun deur middel van uitreike, teologiese opleiding, selfs finansieel om ’n voltydse bediening moontlik te maak. Dit beteken die stap van ’n pastorale pad met die gemeente.*

Enkele ringe wat wel betrokke geraak het was die ring van Griekwastad wat, behalwe evangeliese uitreike, ook ’n kerkgeboutjie by die buitepos Sethlareng opgerig het. Die ring van Warrenton se betrokkenheid het daartoe gelei dat ds. TC du Toit tans voltyds in die DRCB Kgalagadi-gemeente werk, nadat daar ook ’n kerkgebou opgerig is. Enkele gemeentes in die Noord-Kaapland is ook by hierdie bediening betrokke.

Vanuit die kort oorsig het die verhouding beweeg van ’n “Deed of Agreement” (finansiële ooreenkoms) na ’n “Partnership”-ooreenkoms (gebou op verhouding). In 2009 het die moderator van die DRCB, ds. Radikgomo, ’n konferensie gereël, deur die AKDG bygewoon, oor “Partnerships” wat die verhouding baie vergemaklik het. Hierdie is nie ’n rigiede “Partnership”-ooreenkoms nie, maar meer gerig is op vertroue. Dié ooreenkoms wil ook uitdrukking gee aan wat hul saam beter kan doen as wat elkeen afsonderlik op sy eie kan doen.

Die belewenis van die taakspan die afgelope twee jaar is dat die verhouding met die DRCB regtig ontwikkel het tot ’n volwasse verhouding. Dit word bespeur in ’n selfstandigheid en trots wat ontwikkel het by die kerk. Voorbeelde hiervan is:

- Hulle dring daarop aan om ’n gelyke deel van die onkostes te betaal van ’n werkswinkel wat taakspan Botswana van Noord-Kaapland aanbied

- Rondom Afrikaanse bediening stig die DRCB 'n ring waarin die Afrikaans sprekende gemeentes saam gegroepeer word al maak dit geografies nie sin nie.
- Dat die DRCB se afgevaardigdes na die Liaison Committee (die gesamentlike skakelkommissie tussen die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland en die Dutch Reformed Church in Botswana) as 'n taakspan funksioneer. Dit bring mee dat daar groter kontinuïteit is as wat die geval was toe net met die moderatuur geskakel is (wie se samestelling al om die ander jaar verander het.
- Dat op vergaderings al meer oor bediening gepraat word en nie regtig meer oor finansiële kwessies nie, alhoewel dit steeds 'n wesenlike probleem is.

**Aanbeveling**
**Die sinode neem met dank kennis van die groei in die verhoudinge binne die Dutch Reformed Church in Botswana sowel as tussen die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland en die Dutch Reformed Church in Botswana.**

**3.2.5 Teologiese opleiding**

Die sinode in Noord-Kaapland van 2003 het aan die die sinodale kommissie vir diens en getuienis opdrag gegee om dringend aandag te gee aan die teologiese opleiding in die DRCB. Na vele onderhandelings is daar verskeie opleidingsgeleenthede geskep. Op versoek van die taakspan Botswana en die DRCB-moderamen (die gesamentlike skakelkommissie, genaamd die *Liaison Committee* [LC]) is daar met Kgolagano Kollege in gesprek getree oor die kwaliteit van hulle opleiding en om die moontlikheid om 'n graad in teologie daar aan te bied. Tot op daardie stadium was daar geen teologiese graad in Botswana aangebied nie, net "Religious Studies" by die Universiteit van Botswana en on-geakkrediteerde sertifikate en diplomas in teologie. Dr. Knoetze is deur die Liaison Committee getaak om die saak met Suid Afrikaanse universiteite op te neem om 'n graad in teologie in Botswana te vestig.
Met ingang Januarie 2011 is die BTh-graad van die NWU (Noordwes-Universiteit) in Kgolagano Kollege aangebied en het die eerste groep studente einde 2014 hul graad verwerf. Intussen het die Tertiary Education Council van Botswana op grond van die samewerking met die Suid Afrikaanse universiteite ook vir Kgolagano Kollege geakkrediteer om hulle eie graad in teologie aan te bied vanaf 2014. Drie M-studente het by Kgolagano Kollege ingeskryf, een het opgeskop, een is oorlede en Rupert Hambira het sy M-graad met lof verwerf. 'n Groep studente uit Botswana doen tans hulle honneurs-graad in Teologie. Dus kan die taakspan Botswana rapporteer dat hierdie opdrag van die sinode suksesvol voltooi is.
Met nuwe tegnologie is dit moontlik vir studente om via Oop Afstandsleer (OAL) enige plek in die wêreld direk in te skryf by NWU vir 'n BTh of honneurs-graad in Teologie mits hulle goeie internet verbinding het. Met die huidige bestuurs en administratiewe krisis by Kgolagano word studente aangemoedig om direk by die NWU in te skryf.

***Report on bachelor of theology course offered by North West University through Kgolagano College*** is aangeheg as ***Bylae 1***.

**AANBEVELING**
**Die sinode neem kennis van die voltooiing van die sinodale opdrag ten opsigte van teologiese opleiding in die Dutch Reformed Church in Botswana.**

**3.2.6 Tsabong bediening**

Een van die groot redes vir die groei in die die verhoudinge binne die DRCB asook met die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland is die bediening van ds. TC du Toit in die Kgalagadi streek wat deur die Ned. Geref. Kerk Hartswater en die ring van Warrenton geïnisieer en in stand gehou is. Die taakspan Botswana het aanvanklik om die bediening te help vestig, jaarliks die Ned. Geref. Kerk Hartswater se aansoek by die Diens en Getuienis Hulpfonds (DGHF) met groot vrymoedigheid gesteun, aangesien daar vrug op die arbeid is. Oor die afgelope 5 jaar het ds. Du Toit al vele kere die taakspan van hulp gewees in verskeie situasies rakende versoeke van die DRCB bv. rondom administrasie, bediening ens. Dit het tot gevolg gehad dat hy ook binne die DRCB begin vertrou is en ook meer in hulle sinodale strukture betrokke geraak het. In die mooi groei in die Afrikaanse bediening en die herstel van verhoudinge met die Afrikaanse lidmate mag ds. Du Toit se rol nie onderskat word nie. Volgens die Ned. Geref. Kerk Hartswater is daar 'n verbintenis aan die bediening in Tsabong en is hulle betrokkenheid nie net aan 'n persoon gekoppel nie.

**3.2.7 Werkswinkel saam met DRCB**

Op 6-8 Augustus 2015 is 'n werkswinkel met die leierskap/leraars van die DRCB. te Pro Regno gehou. Temas wat behandel is, is Dienskneg leierskap, Geestelike dissiplines, verhoudings en persoonlike geestelike lewe.
Baie vrae is geopper wat spreek uit 'n behoefte aan gereformeerde teologiese blootstelling en leiding. Daaruit het gevloei dat ds. PL Louw, wat ook die fasiliteerder was, weeklike preeksketse en preekriglyne aan leraars van die DRCB e-pos. Die terugvoer is dat dit hul bediening verryk. Tydens die werkswinkel is ook besluit om die fokusareas van die Liaison Committee in

taakspanne te verdeel. Dit is die volgende (ter wille van uitskakeling van misverstand word dit in Engels weergegee):

*Taskteams: Liaison Committee*

- *The Liaison Committee compiles the following taskteams:*
- *Partnership agreement and Church order*
- *Office of the synod and Projects and properties*
- *Theological education*
- *Congregations and circuits*
- *Afrikaans and Tswana ministry*

Die taakspanne is aan die werk met hul take wat aan hul opgedra is

**Aanbeveling**
**Die sinode keur die verslag van taakspan Botswana goed en gee opdrag dat die taakspan voortgaan met die werk in Botswana.**

## 4. TAAKSPAN DIAKONAAT

### 4.1 Noodsaaklike lewensmiddele te Pomfret

Sinode Noord-Kaapland 2014
*Die sinode besluit*
2. *Laatbeskrywingspunt: Noodsaaklike lewensmiddele te Pomfret (Bylae 2) is ontvanklik en word verwys na die sinodale kommissie vir diens en getuienis in samewerking met Caritas Gemeenskapsfokus.*

**Terugvoering**
Die hoc-kommissie taakspan diakonaat en verteenwoordigers van die ring van Mafikeng het op 5 November 2014 ooreengekom dat

1. die ring van Mafikeng die Ned. Geref. Kerk in Angolona versterk in hulle roeping tot diens en getuienis
2. die ring van Mafikeng verantwoordelikheid neem vir mentorskap van ds. M Hongolo om sodoende tot hulp vir die Ned. Geref. Kerk in Angolona te wees
3. Caritas Gemeenskapsfokus 'n gemeenskaps-profiel van Pomfret opstel
4. die ring van Mafikeng 'n gesprek met die regering van Noord-Wes voer oor Pomfret (Infrastruktuur, bv. Krag en water)
5. die ring van Mafikeng die regsposisie van die mense van Pomfret uitklaar – mense-regtekommissie
6. die ring van Mafikeng vasstel tot watter mate die gemeenskap verteenwoordigende strukture het of kan skep wat namens die mense van die gemeenskap kan praat.

In gesprek met ds. WP Vermaak, voorsitter van die ringskommissie van die ring van Mafikeng , het die volgende na vore gekom:

1. Die NG Kerk Angolana kan moeilik geïsoleer word van die gemeenskap waarin die gemeente leef.
2. Hy wys op 'n aantal lidmate wat spanning met die leraar, ds. M Hongolo, ontwikkel het. Dr. JJ Knoetze is as bemiddelaar ingeroep en versoeningsgesprekke is gevoer. 'n Redelike aantal lidmate het, klaarblyklik as gevolg hiervan na Mafikeng geskuif en versoek nou om by Zeerust by die Portugese gemeente daar in te skakel. Dit beteken moontlike inskakeling by 'n ander sinodale streek. Gesprekke word nog gevoer.
3. Die status van die Pomfret gemeenskap: Hulle is SA Burgers maar bly op 'n manier geïsoleerd en vreemdelinge in hul nuwe land. Hulle verbintenis met 32 Bataljon, met selfs vroeëre aanwending as soldate in die RSA, asook onlangse politieke keuses, maak dinge vir hulle nie makliker nie. Volgens ds. Vermaak móés hierdie mense Angola na die oorlog verlaat. In wese is hulle dus eintlik "vlugtelinge".
4. Die ring steek op hierdie stadium voelers uit na die moontlikheid dat die Menseregte Kommissie die situasie van die Pomfret gemeenskap ondersoek. Elektrisiteit is sedert die einde van 2014 nog nie herstel nie. Waterlewering is uiters beperk. Die watertenks wat die ring aangekoop het dien as opgaarfasiliteite en dit help ietwat met die opvang en beter verspreiding van water. Water en elektrisiteit word in die RSA as basiese menseregte beskou.
5. Wat mentorskap betref beskik die ring van Mafikeng oor 'n ringsbedieningsfonds. Gemeentes dra op 'n persentasie basis daartoe by. Dr. JJ Knoetze en mnr. Pieter van der Linde, lidmaat van die NG Kerk Kameelboom (Tosca) het opdrag tot die vestiging van 'n mentorskap program aan die leraar van die NG Kerk Angolana asook die vestiging van 'n "VBO" vir leraar lidmate en kerkraadslede. Die gedagte is dat die bedieningsfonds koste moet help dra. Gemeentes word selfs deur die ring aangemoedig om die R5,000 terugbetaling vanaf die NG Kerk Noord-Kaapland vrywillig vir die mentorskap en "VBO" programme van die NG Kerk Angolana beskikbaar te stel.
6. Ds. Vermaak meen dat die opstel van 'n gemeenskapsprofiel op hierdie stadium nog eers teruggehou word.
7. Ds. Vermaak meen verder dat tussen 5,000 en 7,000 mense nog in Pomfret woon. Ontwikkelingsprokjekte word bedink. Die situasie is oorweldigend. "Jy ploeg nie in die middel van die oseaan nie," het hy gesê.

Die taakspan diakonaat neem met belangstelling kennis van die gesprek tussen verteenwoordigers van 'n aantal oud Angolese gemeenskappe te Mahikeng. Die gesprek het op inisiatief van die ring van Mafikeng onder leiding van dr. JJ Knoetze tussen 11-13 Maart 2016 plaasgevind.

### 4.2 Samewerkingsooreenkoms: Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland en Caritas Gemeenskapsfokus NPC

Sinode Noord-Kaapland 2014

*Die sinode besluit*

1. *dat die Hoof Uitvoerende Direkteur Caritas Gemeenskapsfokus NPC 10 minute ontvang om toeligting te gee oor die verhouding gemeentediakonaat en Caritas Gemeenskapsfokus NPC.*
2. *om die "Samewerkingsooreenkoms aangegaan deur en tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Noord-Kaapland en Caritas Gemeenskapsfokus NPC" goed te keur en te onderteken.*
3. *dat die samewerkingsooreenkoms tussen die sinode van die Ned. Geref. Kerk Noord-Kaapland en Caritas Gemeenskapsfokus NPC as beleidsdokument sal funksioneer in die praktiese gesprek en beplanning tussen gemeentelike diakonaat en die kerk se maatskaplike dienste*
4. *dat die samewerkingsooreenkoms aangegaan deur en tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Noord-Kaapland en Caritas Gemeenskapsfokus NPC (Bylae 3) as werksdokument na kerkrade en ringe verwys word.*

**Terugvoering**

Die algemene sinode het in 2015 besluite geneem waarvan die sinode in Noord-Kaapland kennis moet neem:

**Kerklike maatskaplike dienslewering** (A.14.2 bl 311 pt 6.8, Notule Dag 5 pt 21)
*Die Algemene Sinode versoek sinodes en ander kerklike strukture om die kerklike maatskaplike dienslewering as deel van die kerk se diakonale bediening te integreer.*

Hoewel Caritas Gemeenskapsfokus, as die professioneel maatskaplike organisasie van die Ned.Geref. Kerk in Noord-Kaapland outonoom bestaan en werk onder eie registrasie, direksie en bestuur, is dit in praktyk ten volle geïntegreer in die kerk se diakonale struktuur en werksaamhede. In die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland is daar een diakonale bediening. die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland onderskei twee modi, nl. die van gemeentelike diakonaat en die van die professioneel maatskaplike dienste, nou bekend as Caritas Gemeenskapsfokus NPC. Formeel word die interaktiewe band geformuleer en regtens gevestig deur 'n "Samewerkingsooreenkoms", gevestig op gedeelde waardes. Diakonaat of omgee-bediening hoort in wese by elke plaaslike gemeente. Die rol van die kerk se professioneel maatskaplike dienste is nie bedoel om ooit hierdie rol oor te neem nie. Dit moet wel bystand verleen en hierdie rol versterk. Die kerk mag ook nooit die fout maak om sy diakonale rol "uit te kontrakteer" aan eie professioneel maatskaplike- of enige ander professioneel maatskaplike organisasie nie. Diakonaat, of omgee-bediening, bly ten diepste die verantwoordelikheid van die plaaslike gemeente onder leiding en toesig van die kerkraad. Die werk word interafhanklik verrig.

Ten einde hierdie band te bevestig en te versterk, asook inligting te deel en vrae te beantwoord, het ds. FD Hugo, me. JF De Villiers, me. Estie Botha en ds. JPL Mostert, op uitnodiging die ringe van Kenhardt, Upington, Griekwastad, Mafikeng en Hopetown besoek. Die terugvoer is positief en kan verder uitgebou word.

### 4.3 Gemeenskapsontwikkeling

Sinode Noord-Kaapland 2014

*Die sinode besluit dat*

1. *die sinodale kommissie vir diens en getuienis in samewerking met Caritas Gemeenskapsfokus NPC die saak van gemeentes en gemeenskapsontwikkeling dringend verder moet ondersoek en behulpsaam moet wees met die implementering van programme op grondvlak.*

**Terugvoering**

Tydens die sinode van 2014 is opdrag aan SKDG en Caritas Gemeenskapsfokus gegee om die rol van gemeentes in gemeenskapsontwikkeling te ondersoek en behulpsaam te wees met die implementering van programme op grondvlak. Die besluit is geneem na die tafelgesprekke oor armoede tydens die sinode van 2014 wat die begin was van 'n beweging waar gemeentes, veral op die platteland, by gemeenskapsontwikkelingprojekte betrokke geraak het.

Die gesprek is voortgesit tydens die gemeentebesoeke en ringsittings van 2015. Caritas Gemeenskapsfokus het op uitnodiging die volgende ringsittings bygewoon: ring van Kenhardt, Griekwastad, Mafikeng, Hopetown, Kimberley en Upington. Om die noue samewerking met die kerk en sy diakonaat te bevestig het die predikant in sinodale diens, ds. JPL Mostert die afvaardiging vergesel. In hierdie gesprekke het die maatskaplike werkers verteenwoordigers van die gemeentes ingelig oor die praktiese betrokke-raak by gemeenskapsontwikkeling en veral oor vroeë kindontwikkeling.

Caritas Gemeenskapsfokus is oortuig dat vroeë kindontwikkeling vrugte begin afwerp. Hier word

verwys na die goeie resultate by Blommeland (Strydenburg) en Tjokkershoop (Hopetown) se vroeë kindontwikkeling sentrums.

Neuro-wetenskaplike kennis is nodig by ’n kind wie se brein nie genoegsaam ontwikkel het nie as gevolg van onder-stimulering en onder/en wanvoeding. ’n Leerprogram is nodig om ’n kind emosioneel, kognitief en sosiaal voor te berei om skoolgereed te wees. Die AmazingBrainz program wat deur ’n neuro-wetenskaplike, dr. Etienne van der Walt ontwikkel is, voorsien in hierdie behoefte. Hierdie program is geloods en word met groot sukses aangewend in die Blommeland (Strydenburg) asook Tjokkershoop (Hopetown) VKO-sentrums.

Met sy visie, nl. die heling van die mens in sy gemeenskap, streef Caritas Gemeenskapsfokus om verandering te bring in die lewens van kinders deur dienste van ’n hoë gehalte in VKO-sentrums te bied. Caritas glo dat die ontwikkeling van die kind nie net gegrond is op motoriese-, kognitiewe-, perseptuele- en sosiale stimulering om leerkapasiteit te ontwikkel nie, maar dat die emosionele behoeftes van die kind ook aangespreek moet word. Terapeutiese dienste word ook aangebied om te help met die kinders se heling. Aangesien die ouers van hierdie kinders net so ’n groot rol in holistiese ontwikkeling speel, moet ook hulle ontwikkel, opgelei en vrygemaak word van probleme soos alkoholisme, armoede en ouerskapsonvermoë. Ouerleidingsprogramme word deurlopend aangebied om ouers te bemagtig in hul ouerskapvaardighede.

Caritas Gemeenskapsfokus beskik oor die dienste van ’n vaardige en toegewyde programbestuuder vir gemeenskaps-ontwikkeling. ’n Toesighouer vir vroeë kindontwikkeling sentrums (VKO’s) is in 2015 aangestel. Sy moniteer die leerprogramme en spyskaarte van die sentrums. Sy is opgelei in die AmazingBrainz program en doen opleiding en praktykleiding.

Die taakspan diakonaat is opgewonde oor die groot aantal VKO’s waarby Caritas betrokke kon raak. Onder hulle tel:

- Kids Safety Haven (Postmasburg) en Kagisho (Jan Kempdorp). Laasgenoemde was ’n projek van Huis Andalusia.
- Die twee sentrums by onderskeidelik die !Xun en Khwe op Platfontein.

Na die ringsittings het Caritas Gemeenskaps-fokus verskeie uitnodigings ontvang om gemeentes te besoek en die moontlikheid van vroeë kindontwikkeling sentrums te ondersoek. Die gemeentes was: Niekerkshoop, Neilersdrif, Augrabies, Tosca, Kathu/Olifantshoek, Stella, Reivilo, Vergeleë en Piet Plessis (bestaande kleuterskole).

Die volgende VKO’s is gevestig en funksioneer:

- Blommeland – Personeel: 6; kinders 82
- Tjokkershoop – Personeel 6; kinders 60
- !Xun Platfontein – Personeel 4; kinders 30
- Khwe Platfontein – Personeel 3; kinders 30
- Kagisho Jan Kempdorp – Personeel 2; kinders 26
- Kids Safety Haven (Postmasburg) – Personeel 2; kinders 30
- Sonstraaltjie ECD Marchand – Personeel 3; kinders 36
- Nthatisi (Warrenton) – Personeel 4; kinders 45
- Ithuteng Day Care Centre (Piet Plessis) – Personeel 4; kinders 45
- Haasdas (Augrabies) – Personeel 3; kinders 30
- Huis Emmanuel (Kakamas) – Personeel 3; kinders 45
- Simolola (Vergeleë) – Personeel 3; kinders 14

Caritas Gemeenskapsfokus funksioneer reeds twee jaar as ’n nie-winsgewende maatskappy. Die naam en handelsmerk is goed gevestig. Caritas Gemeenskapsfokus word toenemend uitgenooi om deel te wees van die fondsinsamelingsprojekte.

In November 2015 was Caritas deel van die Kelrn MTB Classic fietsren, wat vir Caritas Gemeenskapsfokus groot finansiële voordele ingehou het. ’n Boervrou van Victoria-Wes het Caritas verlede jaar gekontak met die versoek om met haar deelname aan die 'Freedom Swim' (7,3km van Robbeneiland na Bloubergstrand) bewusmaking te skep vir die belangrike rol van vroeë kindontwikkeling en om ook fondse in te samel vir Caritas Gemeenskapsfokus. Hierdie projek het Caritas Gemeenskapsfokus landwyd in die media gebring. Caritas Gemeenskapsfokus was verder betrokke by Ned. Geref. Kerk Delportshoop se jagpakketveiling en op 23 April 2016 is op Mattanu Private Game Reserve se veiling ’n pakket vir die Caritas Kinder en Jeugsorgsentrum verkoop.

Die taakspan diakonaat is opgewonde omdat die Terapie Sentrum vanaf 1 Maart 2016 funksioneer. ’n Professionele multi-dissiplinêre terapeutiese span is gewerf. Taakspan diakonaat hoop dat die sentrum tot groot seën vir gemeentes en gemeenskappe sal wees.

**AANBEVELING**

**Die sinode besluit dat**

1. **aan dr. Etienne van der Walt van *AmazingBrainz* ’n spreekbeurt toegestaan word om ’n voorlegging oor Vroeë Kindontwikkeling te doen.**
2. **tafelgesprekke plaasvind oor die plaaslike gemeente se rol in vroeë kindontwikkeling- en gemeenskapsont-wikkelingprojekte.**

**3. terugvoer van die tafelgesprekke deur die tydelike kommissie gemeente en gemeenskap verwerk word met verslag aan die sinode in sitting.**

### 4.4 Verhale oor: "*Prakties maak van gemeentes se diens en getuienis taak*"

Sinode Noord-Kaapland 2014

*Die sinode besluit dat*

1. *die beskrywingspunt van die ring van Griekwastad ontvanklik is*
2. *die beskrywingspunt gewysig word om soos volg te lees:*
   *Die sinode versoek die sinodale kommissie vir diens en getuienis om verhale uit ringe en gemeentes te versamel en beskikbaar te stel aan gemeentes en lidmate. Verhale oor: "Prakties maak van gemeentes se diens en getuienis taak".*

**Terugvoering**

Gemeentes en ringe is versoek om verhale van hoop aan die sinodale kommissie vir diens en getuienis deur te stuur. Om een of ander rede is daar 'n traagheid om hierop te reageer.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**

1. **die NG Kerk in Noord-Kaapland sy besluit van 2014 herhaal, wat lui:**
   **"*Die sinode versoek die sinodale kommissie vir diens en getuienis om verhale uit ringe en gemeentes te versamel en beskikbaar te stel aan gemeentes en lidmate. Verhale oor: "Prakties maak van gemeentes se diens en getuienis taak*".**

### 4.5 Armes in ons sinodale streek

Sinode Noord-Kaapland 2014

*Die sinode besluit*

1. *om die eerste verslag van die tydelike kommissie vir armes in ons sinodale streek na die sinodale kommissie vir diens en getuienis in samewerking Caritas Gemeenskapsfokus te verwys.*
2. *om die volgende vrae aan gemeentes en ringe deur te stuur vir gebruik tydens die gemeentebesoek van 2015.*
   - *a Hoe lyk armes/armoede in jul gemeenskap?*
   - *b. Hoe is God tans besig om deur gemeentes armoede te verlig?*
   - *c. Hoe kan gelowiges betrokke raak by dit waarmee God besig is?*
   - *d. Gebruik God nie armoede om gemeentes in 'n ander rigting te lei nie? Moet ons nie dalk anders kerk wees in 2015?*

**Terugvoering**

Na aanleiding van die 2015 gesprekke in gemeentes en ringe, het die ring van Hopetown met 'n voorstel of koersaanduiding vir moontlike vrae vir 2016 na vore gekom. Dit is uiteindelik na die taakgroep diakonaat verwys wat dit baie positief ontvang en na ds. FP Avenant verwys het vir verdere konsultasie en afronding. Die resultaat hiervan word as riglynvrae vir die 2016 ringsbesoek deurgegee:

- a. Wat het die afgelope jaar in u gemeente/gemeenskap gebeur waaroor u baie opgewonde is en dalk 'n fliek van sou wou maak ?
- b. Hoe lyk die groter gemeenskap waarbinne die Here u gemeente roep om diensbaar te wees? Wat maak u opgewonde ? Wat maak u bekommerd ?
- c. Wat is die groot skuiwe wat die Here besig is om te maak in u gemeente? Deur u gemeente?
- d. Op watter wyse is u gemeente besig om ekumenies uit reik na die gemeenskap? Hoe is u gemeente betrokke by gemeenskapsorganisasies ?
- e. Hoe kan die kerkverband u gemeente help om haar roeping nog meer na te kom waar God haar geplaas het?

Geleentheid is aan gemeentes gegee om hulle gemeente- en/of gemeenskapsverhaal visueel toe te lig.

### 4.6 CAD en Versobering

Sinode Noord-Kaapland 2014

*Die sinode besluit dat*

1. *gemeentes aangemoedig word om van CAD takke gebruik te maak met betrekking tot die versobering van gemeenskappe.*
2. *kerkrade daarop gewys word dat die saak van versobering van groot belang is in gemeentes en gemeenskappe en dat bediening in die verband in die eerste plek die verantwoordelikheid van plaaslike kerkrade, veral diakonie, asook van die gemeentes as geheel is.*

**Terugvoering**

Die *Foundation for alcohol related research* kan meer inligting verskaf. Hulle webadres is http://www.farrsa.org.za/.

Die CAD Noord-Kaapland het die afgelope twee jaar baie moeite gedoen om homself te herdefinieer en 'n verskil te maak onder sy eie lede asook in gemeenskappe. Daar heers groot kommer oor alkohol misbruik en die invloed daarvan op gesinne se bestaanveiligheid. Die algemene ervaring in gemeenskappe is ook dat die vryer beskikbaarheid van dwelms op straat toeneem. Van die kant van die staat word die kommer gedeel. Voorkomende programme in skole deur maatskaplike hulpwerkers is in werking gestel. Goeie omkeer resultate rondom FAS is in die middel – Karoo gerapporteer. Die saak van alkohol- en dwelmafhanklikheid met

meegaande inligtings – en ander voorkomende programme behoort top prioriteit in alle, maar ook veral in die diep plattelandse dorpies in ons sinodale gebied te geniet. Die CAD het die afgelope tyd nuwe takke in Douglas en Christiana gestig en die Upington tak het sterk uit die as verrys en speel weer 'n groot rol in Noord-Kaapland CAD. Die NG Kerk in Noord-Kaapland ondersteun die Noord-Kaapland CAD gebiedskomitee, asook die twee jaarlikse gesinskampe finansieel en ontvang verslag van werksaamhede.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**
1. **dat gemeentes op die 2014 besluit van die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland gewys word, naamlik**
   ***dat versobering in die gemeenskappe ook die verantwoordelikheid van plaaslike gemeentes is en dat, waar CAD takke bestaan, van hulle gebruik gemaak kan word.***
2. **om sy kommer uit te spreek oor die voorkoms van alkohol- en dwelmmisbruik, veral ook onder jongmense in Noord-Kaapland se platteland.**

### 4.7 Seisoen van menswaardigheid

Sinode Noord-Kaapland 2014
*Die sinode besluit dat*
1. *'n verteenwoordiger vir seisoen van menswaardigheid aangewys word.*

**Terugvoering**
Sien ***Verslag van die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning, punt 5.5: Seisoen van menswaardigheid***, bladsy 30.

Besoek gerus die webbladsy van Seisoen van Menswaardigheid.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit om gemeentes op te roep om deel te bly van die *Seisoen van Menswaardigheid* en gemeentelede aan te moedig om dit uit te leef.**

### 4.8 Voorbidding: nood en lyding

Sinode Noord-Kaapland 2014
*Die sinode besluit om ter wille van die kerk se priesterlike verantwoordelikheid voorbidding te doen vir:*
1 *Nood en lyding in ons omgewing en binne die bedieningsgebied van die NG Kerk in Noord-Kaapland.*
2. *Gebeure en situasies wat wêreldwyd bydra tot gebroke en verskeurde gemeenskappe.*
3. *Die tafelleiers word versoek om tussendeur 'n gesprek hieroor te fasiliteer.*
4. *Hierdie inligting word ter wille van die Herderlike brief beskikbaar gemaak aan die ring van Griekwastad.*

**Terugvoering**
Die algemene sinode het in 2015 besluite geneem waarvan die sinode in Noord-Kaapland kennis moet neem:
**Noodleniging** (A.14.2 bl 311 pt 7.1, Notule Dag 5 pt 21)
*Die Algemene Sinode versoek die KMDR om die moontlikheid van vinnige noodleniging ten tyde van rampe en ander krisisgebeure te ondersoek.*

Plaaslike geloofsgemeenskappe, kerke en gemeenskapsorganisasies blyk die beste geplaas te wees vir omvattende hulpverlening.

## 5. TAAKSPAN EKOLOGIE

### 5.1 Die kerk se openbare getuienis oor die ekologiese krisis

Sinode Noord-Kaapland 2014
*Die sinode besluit*
1. *dat in die lig van groeiende ekologiese kennis, fokus, sensitiwiteit, kommer en die kerk se roeping en opdrag (rentmeesterskap) in die verband, die beskrywingspunt (Bylae 2), soos aanvaar deur die algemene sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Januarie 2012), weer na sy kommissie vir diens en getuienis asook na kerkrade en ringe verwys word vir verdere studie, kommunikasie, skakeling en netwerk.*
2. *dat volstaan word met en bevestig die standpunte en besluite wat reeds oor grondhervorming deur hierdie en die algemene sinode geneem is.*
3. *om voort te gaan met die algemene sinode se taakspan grondhervorming, asook om met ander binne die netwerk van die taakspan diakonaat oor hierdie saak in kontak te bly en saam te werk.*

**Terugvoering**
Die taakspan ekologie van die sinode in Noord-Kaapland het besin oor en probeer om uitvoering te gee aan die besluite van die sinode.

Die taakspan wil probeer om aan gemeentes, kerkrade en predikante leiding te gee oor Skrifuitleg en prediking, en ook gelowiges se verantwoordelikheid oor ekologiese vraagstukke. In die lig van die huidige droogte en waterskaarste, die groot druk op natuurlike hulpbronne, die moontlike ontginning van skaliegas, grondhervorming en selfs kommer oor voedselsekerheid is van die uitdagings wat ter sake is. Daarmee saam moet opnuut besin word oor die kerk en elke gelowige se

verantwoordelikhede om as rentmeesters God se skepping te waardeer en op te pas. Die dringendheid en selfs nood hieroor is hopelik vir ons almal duidelik.

Elke leraar, en selfs baie kerkrade en ander gelowiges het sekerlik al hieroor besin, of is dalk saam met ander organisasies of kundiges in gesprekke betrokke. Die taakspan vra dat hierdie inligting en insigte asseblief met hom gedeel sal word. Ook die aanduiding van Skrifgedeeltes waar daar op besondere manier hieroor geskryf word, of oortuigings oor toepaslike Bybelse beginsels, sal verwelkom word. Indien van ons lidmate bereidwillig sal wees om saam met die taakspan by verdere studie en besinning betrokke te raak, sal dit verwelkom word.

Die taakspan ekologie van ons sinode beplan om met die hulp van kundiges alle insette te verwerk, en dit weer aan al ons predikante en gemeentes beskikbaar te stel vir gebruik. Elke bydrae sal dus waardeer en gebruik word. Dit kan in enige vorm aan die sinodale kantoor in Kimberley gestuur word.

Die taakspan is ook besig om insae te probeer kry in die register waarin alle restitusie eise in die Noord-Kaap opgeneem is, sodat dit vir gemeentes beskikbaar gestel kan word. Daar is skynbaar baie min nuwe eise in ons sinodale streek ingestel na die heropening van die proses. In ander provinsies is dit egter heel anders, met byna geen distrik wat nie aan eise onderworpe is nie. Daar is selfs gebiede waar talle eise op dieselfde grond ingestel is.

Daar is groot kommer oor die staat se vermoë om die eise behoorlik en op ’n wetlike en ordelike wyse af te handel

Die taakspan neem ook kennis van die aanstelling van me. Kgalalelo Marintlhwane as Direkteur van die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming in die Noord-Kaap. Sy is ’n boorling van Taung, en het reeds die indruk gevestig dat sy met erns en integriteit wil optree. Daar is ook reeds talle streekskomitees ingestel wat grondhervorming op plaaslike vlak sal help bestuur en moniteer. Talle van ons eie lidmate is met vrug hierby betrokke, en die taakspan sal soveel as moontlik van hulle probeer betrek in sy werksaamhede en advies aan gemeentes.

Die taakspan neem met dankbaarheid kennis van die groot opheffings- en bemagtigingswerk wat stilweg gedoen word deur produsente organisasies en landboubesighede. Daar sal probeer word om van hierdie verhale en suksesse onder die sinode en lidmate se aandag te bring, en in besonder die riglyne en praktiese raad wat beskikbaar is.

Die moontlikheid om ’n kort inligtingstuk in samewerking met kundiges en georganiseerde landbou op te stel, word ook ondersoek. Dit kan die besonderhede van kontakpersone in streke, aanvaarde prosedures, opsomming van wette, regte en verpligtinge van grondeienaars (lidmate en gemeentes), en wyses waarop gemeentes en lidmate betrokke kan raak, bevat.

***Skrywe aan me. Kgalalelo Marintlhwane, direkteur van Landelike Ontwikkeling en Grondsake in die Noord-Kaap*** is aangeheg as ***Bylae 2.***

**AANBEVELING**
**Die sinode**
1. **neem kennis van die besinning en werk van taakspan ekologie en gee verdere opdragte aan die sinodale kommissie vir diens en getuienis.**
2. **neem kennis dat sake van belang uiters vloeibaar is, en dat nuwe omstandighede, navorsing en betrokkenheid van ander partye dikwels en op kort kennisgewing verander.**
3. **ondersteun die poging om soveel moontlik bydraes en betrokkenheid uit Noord-Kaapland, sowel as die kerkverband te bekom, sodat verantwoordelike en Bybels-gefundeerde getuienis en praktiese leiding gegee kan word.**
4. **keur die skrywe aan me. Kgalalelo Marintlhwane (*Bylae 2*), direkteur van Landelike Ontwikkeling en Grondsake in die Noord-Kaap, goed.**

**AANBEVELING**
**Die sinode versoek die ring van Carnarvon om inligting te verskaf aan taakspan ekologie oor die omgewings- en maatskaplike impak van die SKA binne sy grense.**

### 5.2 Ekologiese verantwoordelikheid: Seisoen van die Skepping

<u>Sinode Noord-Kaapland 2014</u>
*Die sinode besluit dat die taakspan ekologie ’n gemeenteprogram uitwerk wat saam met die “Woord en fees” preekstudies tydens die “Seisoen van die Skepping” gebruik kan word om gemeentes by te staan om hulle ekologiese verantwoordelikheid na te kom.*

**Terugvoering**
**Sien punt 5.1: Die kerk se openbare getuienis oor die ekologiese krisis**

**AANBEVELING**
**Die sinode**

1. **besluit dat alle leraars en kerkrade in die sinodale gebied via die elektroniese nuusbrief versoek word om studiestukke, preke, bronne en Bybelse insigte oor die kerk se ekologiese verantwoordelikheid aan taakgroep ekologie beskikbaar te stel.**
2. **neem kennis van die poging deur taakspan ekologie om 'n voorlopige bundel oor die kerk se ekologiese verantwoordelikheid beskikbaar te stel, maar versoek dat die navorsing, besinning en samestelling as 'n voortgaande projek hanteer sal word.**

### 5.3 Hidrobreking in die Karoo/ groen energie

<u>Sinode Noord-Kaapland 2014</u>
*Die sinode spreek hom soos volg uit:*

*1. Hidrobreking in die Karoo/ groen energie*
*1.1 Skaliegas beskou word as 'n skoon natuurlike hulpbron wat dringend benodig word vir die RSA se energie behoeftes, maar dat by die moontlike ontginning daarvan die potensiële besoedeling van grondwater, menslike- en dierlike gesondheid, die beskerming van die biosfeer (metaangas emissies), die beskerming en bewaring van plante en dierelewe, asook die estetiese sy van die Karoolandskap verreken moet word.*
*1.2 Genoegsame wetenskaplike navorsing gedoen moet word ten einde die unieke geografiese aard van die Karookom vas te stel en die moontlikheid van grondwater- en selfs oppervlakte-besoedeling te voorkom voordat gasontginning enigsins oorweeg word.*
*1.3 Beperkte eksplorasie nodig blyk te wees ten einde die teenwoordigheid en verspreiding van skaliegasbronne te bevestig en selfs te karteer. Daarsonder is sinvolle gesprek en beplanning onmoontlik.*
*1.4. Moniteringsmeganismes so gou moontlik daargestel moet word wat in samewerking met bestaande netwerke en kundiges onafhanklik en objektief toesig hou en rapporteer oor die veiligheid van aktiwiteite. Deursigtigheid is 'n deurslaggewende vereiste vir effektiewe monitering.*
*1.5 Die sinode roep kerkrade en lidmate op om plaaslik betrokke te raak by die gesprek oor hidrobreking en aanverwante sake. Die vestiging van, of betrokke raak by omgewing- en grondwaterkomitees, word sterk aanbeveel.*
*2. Die sinode neem met groot dank kennis van die vestiging van alternatiewe, omgewingsvriendelike energie aanlegte oral in die Noord-Kaap.*

**Terugvoering**
1. In die lig van die skerp daling van die prys van ru-olie, het die druk om dringend aardgas te produseer aansienlik afgeneem. Talle groot maatskappye het hul betrokkenheid hierby afgeskaal, en die openbare debat het ook afgekoel.
2. Die taakspan neem met kommer kennis dat Shell, na vroeëre aanduidings van onttrekking, nou besluit het om weer sy beplanning vir skaliegasontginning in die Karoo te hervat. Meer inligting word afgewag.
3. Totdat die prys van ru-olie na hoër vlakke beweeg, sal die druk om hidrobreking vinnig toe te pas in SA, verminder. Die lang termyn vooruitsigte, sowel as die risiko en gevolge van aardgas ontginning bly egter onveranderd, en sal op die kerk se agenda moet bly.

**AANBEVELING**
**Die sinode**

1. **neem kennis dat die ontginning van skaliegas tans minder aantreklik is, hoofsaaklik weens die skerp daling in die pryse van alternatiewe energiebronne.**
2. **neem kennis dat die ontginning van skaliegas weens 'n verandering in die nasionale diskoers en ander prioriteite van die regering skynbaar nie meer 'n hoë prioriteit is nie. Dit, tesame met resente inligting en ervaring vanuit lande waar skaliegas reeds op groot skaal ontgin word, bied dus aan kundiges en belangegroepe meer tyd en 'n beter omgewing om diepgaande en geloofwaardige navorsing en bevindinge voor te lê. Dit word met belangstelling gevolg.**
3. **neem kennis dat nie alle "groen" energiebronne so gunstig is as wat algemeen aanvaar word nie. In die sinodale gebied van Noord-Kaapland is reeds 'n aantal projekte en meer word in die vooruitsig gestel.**
4. **versoek dat lidmate en kundiges ervaring, toepaslike inligting en praktiese wenke oor Hidrobreking in die Karoo / groen energie meer gereeld en met vrymoedigheid op elke moontlike manier in gemeentes versprei.**

### 5.4 Voorbidding: land, landbousektor (rampdroogtes) asook ekonomiese en politieke uitdagings

<u>Sinode Noord-Kaapland 2015</u>
*Die sinode besluit*

*1. om 10 minute van sy tyd af te staan as tyd vir voorbidding vir ons land, en veral vir die landbousektor wat tans rampdroogtes, asook ekonomiese en politieke uitdagings moet hanteer.*

2. *dat die predikant in sinodale diens gevra word om namens die sinode 'n brief aan Agri-Noord-Kaap te stuur om hulle te verseker van ons volgehoue voorbidding.*

**Terugvoering**
Die taakspan en kommissie het waardering vir die samewerking wat ontvang word vanaf die kantoor van Agri Noord-Kaap. Op 16 Maart 2015 is 'n skrywe aan mnr. H Myburgh ( Bestuurder Agri Noord-Kaap) gestuur, en hy het die uitnodiging aanvaar om lid te word van hierdie taakspan.

Die sinodale kantoor/ sinodale kommissie vir diens en getuienis het versoeke ontvang vir die hou van 'n **biddag** in ons streek. Die taakgroep ekologie oordeel dat dit met omsigtigheid benader moet word, veral weens die uiteenlopende omstandighede en behoeftes in ons gebied.

Ook wat **grondhervormin**g betref, heers daar tans met enkele uitsonderings 'n ongekende "stilte." Die rede is waarskynlik dat daar verskeie prosesse aan die gang is wat die opstel van nuwe en aangepaste wetgewing voorafgaan. Dringende werk word deur belanghebbendes op verskeie terreine gedoen.

- Dit is ook algemeen bekend dat ekonomiese realiteite toenemend 'n demper plaas op politieke en ideologiese agendas. Daarmee saam word die vlakke van frustrasie en verwagting, asook die belewing van ontstellende armoede, by sekere dele van die bevolking hoër. Dit kan en gaan waarskynlik tot meer konflik en radikalisering lei. Hierteenoor het die kerk 'n roeping om kalmte, redelikheid en 'n Christelike gesindheid te bevorder.
- Daar kan verwag word dat die "wetlikheid" (van sekere aspekte) van die beoogde wetgewing getoets sal moet word.
- Verder moet verwag word dat opportunistiese en radikale uitsprake voor die plaaslike verkiesings van 2016 meer algemeen sal voorkom.

Die sinodale kommissie vir diens en getuienis het kennis geneem dat daar tans 'n groot bewustheid by die regerende party ontwikkel oor die bewaring van natuurlike hulpbronne. Dit gaan waarskynlik (saam met opvoeding en onderwys) die nasionale diskoers begin oorheers. Indien die beskikbaarheid (en bekostigbaarheid!) van bv. skoon drinkwater, sanitasie, voedsel en bruikbare energiebronne teen dieselfde tempo bly afneem, kan grootskaalse onrus verwag word.

**AANBEVELING**
**Die sinode**
1. **neem kennis dat die kommissie vir diens en getuienis in die lig van die huidige droogte en ekonomiese druk ringe versoek het om kerkrade en gemeentes na eie oordeel en omstandighede op te roep tot voorbidding.**
2. **neem kennis dat ds. IM Kluge 'n toepaslike berig hieroor in e-Nuus Noord-Kaapland geplaas het.**
3. **maan dat kerkrade en leraars steeds bedag moet wees op die onsekerheid en negatiewe emosies wat grond-hervorming meebring. Daarom bly dit die kerk se roeping in al sy strukture om lidmate en gemeentes, wat hierdeur negatief geraak word, met deernis en begrip te begelei.**
4. **versoek ringe en gemeentes, wanneer geleenthede voordoen waar positiewe bydraes gemaak kan word tot grond- en agri-hervorming, lidmate aangemoedig en ondersteun moet word, en om die hulp van georganiseerde landbou met vrymoedigheid te vra.**
5. **versoek ringe, gemeentes en lidmate om steeds bewus te bly van die groot nood en werklike armoede wat in ons land heers. In 'n gees van opregte Christelike deernis moet met kundigheid en oorgawe na diensbaarheid en opheffing gestreef word.**

# 6. TAAKSPAN EKUMENE

### 6.1. Skikkingsproses rakende eiendomme VGKSA Phororo en die NGKA Phororo

Sinode Noord-Kaapland 2014
*Die sinode besluit dat*
1. *om die taakspan ekumene te versoek om die VGK en die NGKA behulpsaam te wees om die gebouekwessie ten volle op te los.*

**Terugvoering**
Taakspan ekumene is bereid om om die VGK en die NGKA behulpsaam te wees om die gebouekwessie ten volle op te los indien daartoe versoek word.

### 6.2 Wysiging artikel 1

Sinode Noord-Kaapland 2015
*Die sinode besluit dat*
1. *aan ds. BJP Booysen (voorsitter taakspan ekumene) geleentheid gegee word om die sinode toe te lig oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1.*
2. *die sinode die volgende goedkeur:*

a. *<u>proses</u> ten opsigte van die voorgestelde wysiging van Artikel 1, soos voorgestel deur die moderamen van die Algemene Sinode*

*"1. BESLUIT ALGEMENE SINODE 2013*

*4 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die kerkverband te lei in die besluitnemingsproses oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 deur in oorleg met die onderskeie Sinodes 'n roetekaart en tydraamwerk vir die aanvang, verloop en afhandeling van die proses te bepaal."*

b. *<u>konsepstembriewe</u>, naamlik*
   - *Bylaag 2a - Konsepstembrief Belydende Lidmate aangeheg as Aanhangsel 2a*
   - *Bylaag 2b - Konsepstembrief Kerkraadslede aangeheg as Aanhangsel 2b*
   - *Bylaag 2c - Konsepstembrief Afgevaardigdes na Sinodes aangeheg as Bylae 2c*

3. *die dokumentasie oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1, wat vanaf die moderamen van die algemene sinode ontvang is, aan kerkrade en gemeentes deurgegee word om na goeddunke mee te handel.*
4. *kerkrade en ringe voor 1 Junie 2015 terugvoer aan die sinodale kerkordekommissie gee. Die sinodale kerkordekommissie in samewerking met die taakspan ekumene stuur die uitslag voor 1 Augustus 2015 na die kantoor van die algemene sinode.*

<u>Sinode Noord-Kaapland 2015</u>

*Die sinode keur – sonder om hom uit te spreek oor die aard of die inhoud van die Belharbelydenis die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde onder andere om die volgende redes nie goed nie:*

1. *Die voorgestelde kompromisvoorstel poog om mense tevrede te stel eerder as om aan die Skrif getrou te wil wees.*
2. *Die voorgestelde wysiging voer leervryheid in die Kerk se orde in, in stryd met die Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid, omdat dit die keuse laat om 'n belydenisskrif te aanvaar of nie te aanvaar nie. Die implikasie is dat dit dan ook noodwendigerwys van die ander belydenisskrifte móét geld en/of dat nog belydenisskrifte – volgens die begeerte van lidmate – tot die belydenisgrondslag van die kerk toegevoeg kan/mag/moet word.*
3. *Daarby stel dit die kerk op die sogenaamde quatenus-standpunt, in plaas van die gereformeerde quia-standpunt. Eersgenoemde is meermale in die geskiedenis baie sterk deur die kerk afgewys. Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland aanvaar die belydenisskrifte omdat dit in ooreenstemming is met die Skrif, nie insoverre of indien dit (volgens die oordeel/willekeur van lidmate) in ooreenstemming met die Skrif is nie.*
4. *Die voorgestelde wysiging is in stryd met die Ned. Geref. Kerk se belydenisgrondslag en die Skrif.*

<u>Sinode Noord-Kaapland 2015</u>

*Die sinode besluit dat*

1. *die versoek van die kerkraad van die Ned. Geref. Kerk Kimberley aan die afgevaardigdes na die buitengewone sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 (Bylae 1) beskikbaar gestel word.*

**Terugvoering**

Die sinodale kerkordekommissie in samewerking met die taakspan ekumene het die uitslag op 5 Augustus 2015 na die kantoor van die Algemene Sinode gestuur.

<u>Sinode in Noord-Kaapland</u>
- Stemme uitgebring 168
- Getal lidmate vir Artikel 1 (JA) 57 (33.9%)
- Getal lidmate teen Artikel 1 (NEE) 111 (66.1%)

<u>Gemeentes in Noord-Kaapland</u>
- Getal ringe 11
- Getal gemeentes 82
- Getal belydende lidmate 29,754

<u>Gemeentes</u>
- Getal lidmate vir Artikel 1 (JA) 591
- Gemeentes met ⅔ meerderheid (JA) 1
- Getal lidmate teen Artikel 1 (NEE) 5,040
- Gemeentes met ⅔ meerderheid (NEE) 43 (39 +4 approbasie)
- Slegs 5,631 (591+5,040) van die 29,753 totale lidmate het aan die stemming deelgeneem.
- Dit wil sê slegs 18.9% lidmate het aan die stemming deelgeneem.

<u>Kerkrade se finale besluit</u>
- Getal kerkrade vir Artikel 1 (JA) 3 (3.66%)
- Getal kerkrade teen Artikel 1 (NEE) 50 (60.98%) (4 het approbasie gevra)
- Getal kerkrade buite stemming gebly 27 (32.92%)
- Getal kerkrade geen terugvoer ontvang 2 (2.44%)

### 6.3 Artikel 1: Implikasies besluit Noord-Kaapland 2015

<u>Sinode Noord-Kaapland 2015</u>

1. *Die sinode spreek dit as sy oorwoë mening uit dat die Ned. Geref. Sendingkerk met die aanvaarding van die Belharbelydenis in September 1986 en die stigting/vorming van die VGKSA op 14 April 1994 homself ontwortel en losgemaak het van die familie van Ned Geref. Kerke omdat dit 'n nuwe, ander kerk geword het met 'n ander belydenisgrondslag as die tradisionele familie van Ned. Geref. Kerke, wat dieselfde belydenisgrondslag het.*
2. *Daarom oordeel die sinode dat nie gepraat en onderhandel behoort te word oor moontlike kerkhereniging nie, maar oor kerkvereniging*

*en dat die twee selfstandige kerke in die Noord-Kaap en in die RSA op dié basis met mekaar in gesprek behoort te tree en saam met mekaar behoort te werk as nabye familie, met liefdevolle wedersydse erkenning en respek vir en van mekaar se belydenisgrondslae, selfstandigheid en onafhanklikheid.*

<u>*Daarbenewens*</u>

1. *Die sinode herbevestig dat die band met die lede van die NG Kerk familie onvervreembaar vasstaan.*
2. *Die sinode speek sy dank uit teenoor die familiekerk se verteenwoordigers wat die onderlinge band tussen ons kerk opnuut bekragtig het.*
3. *Die sinode besluit om die familiekerke te versoek om saam 'n pad te loop waardeur gesamentlik 'n nuwe rigting ontsluit word om uitdrukking aan ons verbondenheid te gee.*
4. *Die sinode benadruk dat so 'n gesamentlike pad geskied met die behoud van die identiteite van die saamwerkende kerke.*
5. *Die sinode onderstreep dat die familiekerke deur 6 belydenisskrifte reeds 'n gemeenskaplike platform het om só 'n toekomstige pad te begelei.*
6. *Die sinode wys daarop dat hierdie nie noodwendig 'n eindpunt vorm nie, maar ons help om ons droom vir groter eenheid te verwesenlik.*

<u>Sinode Noord-Kaapland 2015</u>

*Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland verbind haar tot kerkhereniging en kerkvereniging. Gemeentes word aangemoedig om op allerlei maniere eenheid te soek en by gemeentes te gaan kersopsteek waar die proses reeds aan die gang is en die sinodale kerkordekommissie en die sinodale kommissie vir diens en getuienis te bedien met die nodige inligting.*

*Die aanbeveling word na die sinodale kerkordekommissie en sinodale kommissie vir diens en getuienis verwys met verslag aan die volgende sinode.*

**Terugvoering**

Vanuit verskeie oorde was daar **navrae oor wat die <u>implikasies</u> is van die besluit wat tydens die buitengewone sinodesitting in Maart 2015 geneem is:**

*"dat die Ned. Geref. Sendingkerk met die aanvaarding van die Belharbelydenis in September 1986 en die stigting/vorming van die VGKSA op 14 April 1994 homself ontwortel en losgemaak het van die familie van Ned Geref. Kerke omdat dit 'n nuwe, ander kerk geword".*

Die taakspan ekumene, in oorleg met lede van die sinodale kerkordekommissie, het besluit om die volgende terugvoer aan die sinode te gee:

1. **<u>Interpretasie</u>** van die besluit van die sinode in Noord-Kaapland

<u>Punt 1</u>

*Die sinode spreek dit as sy oorwoë mening uit dat die Ned. Geref. Sendingkerk met die aanvaarding van die Belharbelydenis in September 1986 en die stigting/vorming van die VGKSA op 14 April 1994 homself ontwortel en losgemaak het van die familie van Ned Geref. Kerke omdat dit 'n nuwe, ander kerk geword het met 'n ander belydenisgrondslag as die tradisionele familie van Ned. Geref. Kerke, wat dieselfde belydenisgrondslag het.*

a. Die besluit van die sinode in Noord-Kaapland spreek slegs 'n "mening" uit. Om hierdie rede verander dit geensins aan *Reglement 22: Reglement vir die verhouding tot ander kerke en groepe* nie, aangesien dit ook nie as beskrywingspunt aan die algemene sinode deurgestuur is nie.
b. Die volgende is nie in <u>dispuut</u> nie:
   i. Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk en sommige gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika het 'n nuwe kerk gevorm: die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika.
   ii. Dié nuwe kerk (VGKSA) het 'n nuwe belydenisgrondslag: die drie Formuliere van Eenheid en bykomend die Belydenis van Belhar.
c. Die sinode in Noord-Kaapland het bogenoemde geïnterpreteer as dat die "nuwe kerk" homself ontwortel en losgemaak het van die familie van die Ned. Geref. Kerke.
d. Die sinodale kerkordekommissie interpreteer die besluit dat dit óók ten opsigte van homself geld naamlik dat, sou hy 'n vierde belydenisskrif aanvaar, hy 'n ander kerk word. [Sien NGKA (OVS) en NGKA (Phororo) versus VGKSA – saaknommer 536/96].

<u>Punt 2</u>

*Daarom oordeel die sinode dat nie gepraat en onderhandel behoort te word oor moontlike kerkhereniging nie, maar oor kerkvereniging en dat die twee selfstandige kerke in die Noord-Kaap en in die RSA op dié basis met mekaar in gesprek behoort te tree en saam met mekaar behoort te werk as nabye familie, met liefdevolle wedersydse erkenning en respek vir en van mekaar se belydenisgrondslae, selfstandigheid en onafhanklikheid.*

a. Die besluit gaan, in die lig van bogenoemde, van die beginsel uit dat daar tans twee (in werklikheid vier – SKOK) "selfstandige" en "onafhanklike" kerke in die gesprek oor kerkhereniging betrokke is.
b. Omdat die kerke "selfstandig" en "onafhanklik" is, kan daar nie meer sprake wees van kerkhereniging nie, maar moet eerder gepraat word van kerkvereniging.

c. Die basis van gesprek en samewerking is dié van gelykes.
d. Die gesprek moet plaasvind in 'n gesindheid van liefdevolle wedersydse erkenning en respek vir en van mekaar.
e. Daar word in die besluit gewag gemaak dat dié kerke steeds "nabye familie" is.

2. Wat is die **<u>implikasies</u>** van die besluit van die sinode in Noord-Kaapland ten opsigte van:
   a. Erkenning van lidmaatskap van die VGKSA
      i. Die besluit van Noord-Kaapland verander nie enigsins, en kan geensins *Reglement 22: Reglement vir die verhouding tot ander kerke en groepe* verander nie.
   b. Status van leraars van die VGKSA
      i. Die besluit van Noord-Kaapland verander nie enigsins, en kan geensins *Reglement 22: Reglement vir die verhouding tot ander kerke en groepe* verander nie.
   c. Uitnodiging vir die oordra van 'n groeteboodskap
      i. Die besluit van Noord-Kaapland verander nie enigsins, en kan geensins *Reglement 22: Reglement vir die verhouding tot ander kerke en groepe* verander nie.
   d. Kon die sinode in Noord-Kaapland die betrokke besluit geneem het?
      i. Die sinode in Noord-Kaapland hét die besluit geneem.
      ii. Die besluit is slegs 'n "mening". Reglement 22 kan nie gewysig word sonder 'n beskrywingspunt na die algemene sinode nie.
   e. Wat is die implikasie van die besluit ten opsigte van reglement 22?
      i. Aangesien die sinode nie besluit het om 'n beskrywingspunt na die algemene sinode te stuur met die versoek om Reglement 22 te wysig nie, het dit geen implikasie nie.
   f. Wie en wat bepaal die nabye familie van die kerk?
      i. Reglement 22 is 'n reglement van die algemene sinode en kan dus slegs deur die algemene sinode gewysig word.
   g. Aan watter model vir die herenigde kerk het die sinode in Noord-Kaapland hom in 2015 verbind?
      i. In die besluite van die sinode in Noord-Kaapland is daar nie sprake van enige spesifieke model nie.

### 6.4 Memorandum of agreement

<u>Sinode Noord-Kaapland 2015</u>

*Die sinode besluit om die "Memorandum of Agreement" wat deel van die huidige sinode se inligtingstukke uitmaak, na die taakspan ekumene en sinodale kerkordekommissie te verwys, om die volgende sinode van Noord-Kaapland met 'n aanbeveling te bedien vir die aanvaarding daarvan of nie.*

**Terugvoering**

Die "*Memorandum of Agreement*" is in Engels opgestel aangesien dit die gevolg was van onderhandelinge tussen die VGKSA en die NG Kerk wat in Engels gevoer is.

In die lig van die uitkoms van die stemming oor Artikel 1 se wysiging, waar laat dit ons met die kerkregtelike posisie van die Belydenis van Belhar?
Die aanvanklike ooreenkoms luidens die Memorandum of Agreement:

> *4.1 We agree that the Confession of Belhar will be taken up in the confessional basis of the reunited church.*
> *4.2 We understand that the Dutch Reformed Church decided to make the Confession of Belhar part of the confessional basis of the Dutch Reformed Church in a church orderly way and we also understand that it proposed to do it in the following way:*

Tans word hierdie saak in die breë verband herbesoek.

Die taakspan ekumene het 'n aantal vrae oor "*The Road Map to Church Reunification: DRC-URCA*" geformuleer en aan die ASM gekommunikeer. Geen terugvoer is ontvang nie.
Die vrae is:

(a) Die Road Map verwys na die struktuur van die nuwe kerk as 'n "*organic sinodical-presbyterial structure*."
Wat verstaan die ander kerke onder dié terme en hoe is seker gemaak dat dit dieselfde struktuur/model is wat sinodes, ringe en kerkrade van die NG Kerk bedoel as daar gepraat word van kerkhereniging?

(b) Het die algemene sinode die reg en die mag om te besluit oor die "*activity, property, funds, etc.*" van gemeentes, ringe en sinodes of alleen ten opsigte van die algemene sinode (Stage 8)?
Hoe word die universitas beginsel t.o.v. die Algemene Sinode in die verband verreken?

> *Stage 8: The General Synod of the Church takes a final decision to reunite and approve the Concept Church Order with a two-thirds majority.*
> *The General Synod of the Church takes the necessary transitional decisions regarding the transfer of activity, property, funds, etc.*
> *The General Synod of the Church takes a decision to dissolve the General Synod as meeting (not as juristic person, that may continue to exist) and appoints delegates to a Conventus and the General Synod of the Reunited Church.*

(c) Wat word bedoel as gesê word dat die algemene sinode steeds as ’n “juristic person” kan bly voortbestaan?

*Stage 8: ...The General Synod of the Church takes a decision to dissolve the General Synod as meeting (not as juristic person, that may continue to exist) and appoints delegates to a Conventus and the General Synod of the Reunited Church.*

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**

1. **Die sinode in Noord-Kaapland versoek die algemene sinode dat alle relevante dokumente ten opsigte van kerkhereniging insluitend die “*Memorandum of Agreement*” en “*Road Map*” meertalig beskikbaar te stel.**

   **Motivering**

   **In die Noord-Kaaplandse sinodale gebied is feitlik al die lidmate Afrikaanssprekend. Daar bestaan onsekerheid oor die presiese interpretasie van al die terme en woorde wat gebruik word in Engels.**

### 6.5 VGKSA Phororo plaas moratorium op bilaterale eenheidsgesprekke met Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland

Onderstaande skrywe is van ds. JA Strauss op 12 Mei 2015 ontvang:

*INSAKE: NGK NOORDKAAPLAND SINODE BESLUIT MBT KERKEENHEID*

*Groete in die Naam van die Koning van die Kerk. Die SSKPh (Streeksinode Sinodale Kommissie van Phororo) het op 08 Mei 2015 vergader en as volg besluit:*

*Die Streeksinode Phororo het tydens haar Sinodale Kommissie vergadering 07-08 Mei 2015, kennis geneem van die NGK Noordkaapland se besluit oor die wysiging van Artikel 1 van hul kerkorde en besluit derhalwe soos volg:*

*1. Die SSKPh is diep teleurgesteld dat die NGK NoordKaapland Sinode nie alleen besluit het tot die wysiging van Artikel 1 van die kerkorde nie, maar*

*2. Om die VGKSA te verwerp as lid van die NGK familie deur die VGK te beskou as ‘n ander kerk as gevolg van die Belydenis van Belhar wat juis ‘n staf moet wees om die familie tot eenheid, versoening en geregtigheid te lei.*

*3. Die SSKPh oordeel dat die gesprekke en verhouding oor Kerkeenheid op gemeente, Ringe en Sinode deur hierdie besluit belemmer word.*

*4. Die SSKPh versoek die Moderatuur om op grond van die Memorandum en Ooreenkoms en die Padkaart tot Kerkeenheid ‘n Meratorium te plaas op bilateral eenheidsgesprekke sodat die NGK Noordkaapland opnuut kan besin oor die implikasies van hul nuutste besluit.*

*Groete in Christus*
*Die uwe*
*Ds JA Strauss*
*Skriba-Streeksinode Phororo*

**AANBEVELING**
**Die sinode neem kennis van die moratorium wat die VGKSA Phororo op bilaterale eenheidsgesprekke met die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland geplaas het.**

### 6.6 Eenheidsgesprek met NGKA en RCA Pearl

Aangesien die VGKSA Phororo ’n moratorium geplaas het op alle gesprekke met die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland het die taakspan ekumene voortgegaan om slegs met die NGKA Phororo en die RCA Pearl Gemeente in gesprek te tree as poging om die opdrag van die sinode uit te voer.

Die taakspan ekumene het gepoog om in die eerste plek groter duidelikheid te verkry oor die presiese opdrag wat hulle ontvang het. In die gesprek met die NGKA Phororo is die volgende as vertrekpunt gebruik. “Om die moontlikheid te ondersoek van ’n beter uitdrukking as tans van ons onderlinge verbondenheid.”

Met die oog hierop moet die volgende verreken word:

1. Die sinode van Noord-Kaapland het haar by meer as een geleentheid verbind tot kerkhereniging.
2. Die onderskeie gestaltes vir groter eenheid sal deeglik deurdink moet word, ten einde te probeer bepaal wat die mees werkbare en haalbare sal wees.
3. Pogings tot kerkvereniging in die verlede sal bestudeer moet word en die lesse wat daaruit geleer kan word moet verreken word. Die hooggeregshof se uitspraak in die saak tussen die NGSK en die NGKA sal as riglyn gebruik moet word om hofsake en skeuring te voorkom. Volgens daardie hofuitspraak kan ’n kerk en of gemeente nie ontbind word en ’n nuwe kerk (regspersoon) gevorm word sonder die instemming van elke lidmaat nie. Kerkhereniging of kerkvereniging op die basis (model) soos wat die NGSK dit in 1994 gedoen het is nie ’n opsie nie. Die implikasie van die hofuitspraak is dat twee kerke (vrye bewegings) eers moet ontbind voordat ’n nuwe kerk gevorm kan word. ’n Kerk ontbind net as daar geen lidmaat meer is nie of as alle lidmate toestemming daartoe verleen. Daar sal nuut gedink moet word en nuwe weë sal gevind moet word om werklike uitdrukking aan eenheid met die familie van NG Kerke te gee.
4. Die uitdaging vir gesprekke rakende kerkeenheid is die vind van geloofwaardige gestaltes vir ons eenheid. Hierdie eenheid

sal straks ’n ander vorm moet aanneem as een kerk met dieselfde naam.

### 6.7 Belydenis van Belhar

Sinode Noord-Kaapland 2015

1. *Die sinode aanvaar en respekteer die Belydenis van Belhar as ’n volwaardige belydenisskrif van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.*

Sinode Noord-Kaapland 2015

*Die sinode*

1. *versoek elke kerkraad van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland om – met die betrokkenheid van die gemeente en aan die hand van die Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid – die Belharbelydenis te evalueer;*
2. *gee opdrag aan sy taakspan vir leer en aktuele sake om die Belydenis van Belhar leerstellig en eksegeties te toets en veral aandag te gee aan dié Belydenis se Skrifgebruik, die moontlikheid van verskillende interpretasies daarvan, die moontlike invloed van die sogenaamde Bevrydingsteologie(ë), voldoening aan die vereistes vir ‘n belydenisskrif, met volledige verslag aan die volgende gewone vergadering van die Sinode;*

**Terugvoering**

Sien ***Verslag van die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning, punt 5.7: Belydenis van Belhar***, bladsy 31.

## 7. TAAKSPAN WÊRELDSENDING

### 7.1 Suid-Oos-Asië

Suid-Oos-Asië – Mnr. David de la Querra en sy vrou Heimah van Kimberley gaan vir ’n jaar (van Junie 2016 tot Junie 2017) die plaaslike gemeentes in Nepal ondersteun, netwerke skep en vir die kerkleierskap en pastore opleiding bied. Prop. LJ Enslin sal by hom aansluit in Januarie 2017 om Die Plan vir die plaaslike kerk aan te bied sodat hulle op hulle beurt weer pastore kan oplei. Prop. Enslin sal waar moontlik alle relevante inligting oor die opleiding en werksaamhede in Nepal deurgee deur middel van e-Nuus.

### 7.2 GKEF (Gesamentlike Kommissie vir Evangeliebediening in Frankryk)

Ds. JS Kloppers en mnr. S Kruger het op 25 Februarie 2016 die jaarlikse GKEF vergadering in Pretoria bygewoon.
As verteenwoordigers is die afgevaardigdes ingelig oor die werksaamhede van sendelinge in Frankryk, België, Reunion, die Seychelles, Mauritius en Madagaskar. Europa veral is ’n baie harde sendingveld om met die evangelie te bereik. Die sendelinge doen egter goeie werk en het ons volgehoue ondersteuning en voorbidding nodig.

### 7.3 Aksie België vir Christus

Aksie België is die plaaslike Sending en Evangelisasie organisasie wat skakel met die BEZ (Belgische Evangeliese Zending). Verskeie kampanjes (uitreikaksies) word deur die jaar onderneem in België deur Suid-Afrikaners.
Ds. Ferdie Gouws en sy vrou Ronél het die jaarlikse BEZ konferensie vanaf 9-12 Februarie 2016 bygewoon wat in ’n klooster net buite Leuven gehou is. Die spreker by hierdie konferensie was Henk Stoorvogel met die tema “my lewe saam met Jesus”. Daar het hul verneem dat die visie van die BEZ nog steeds is om soveel moontlik mense met die Evangelie te bereik. Daarmee staan die BEZ ook voor nuwe uitdagings met die talle vlugtelinge vanuit die Midde Ooste en Afrika wat Europa binnekom.

Die taakspan wêreldsending het besluit dat ds. Ferdie Gouws van Aksie België vir Christus genader sal word om so ver moontlik die gemeentes in Kimberley in te lig oor die werksaamhede van Aksie Belgie vir Christus en die Belgische Evangeliese Zending (BEZ).

## 8. VERTEENWOORDIGERS

### 8.1 Verslag verteenwoordiger Bybel-genootskap

Sinode Noord-Kaapland 2014

1. *Die sinode neem kennis van die verslag in geheel.*
2. *Die sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor gemeentes wat 2012/13 gebruik het om d.m.v. elke R35 ’n bekostigbare Bybel moontlik te maak.*
3. *Die sinode versoek gemeentes om Hardloop vir Bybels, Stap vir Bybels, Trap vir Bybels, en ander projekte so ver moontlik te gebruik vir betrokkenheid en groter deelname ten bate van Bybelverspreiding.*
4. *Die sinode moedig gemeentes aan om d.m.v. ’n barometer-plakkaat as meetbare instrument R40-00 per belydende lidmaat as ideaal te stel wat 1 bekostigbare Bybel in verskillende tale moontlik maak in 2013/14.*
5. *Die sinode bevestig die besluit om steeds die doelstelling na te streef om in die volgende boekjaar R40 per belydende lidmaat in te samel in elke gemeente.*
6. *Die sinode versoek gemeentes om saam met die Bybelgenootskap die Here te loof en te dank vir 194 jaar van Bybelverspreidingswerk in SA (23 Augustus 1820.)*

**Terugvoering**
***Verslag van die verteenwoordiger vir die Bybelgenootskap NG Kerk Noord-Kaap*** is aangeheg as ***Bylae 3***.

**AANBEVELINGS**
1. **Die sinode neem kennis van die verslag in geheel.**
2. **Die sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor gemeentes wat 2015 gebruik het om d.m.v. elke R42 'n bekostigbare Bybel moontlik te maak.**
3. **Die sinode versoek gemeentes om Hardloop vir Bybels, Stap vir Bybels, Trap vir Bybels, Gholf dae en ander projekte so ver moontlik te gebruik vir betrokkenheid en groter deelname ten bate van Bybelverspreiding. (gratis medaljes beskikbaar).**
4. **Die sinode moedig gemeentes aan om d.m.v. 'n barometer-plakkaat as meetbare instrument R45-00 per belydende lidmaat as ideaal te stel wat 1 bekostigbare Bybel in verskillende tale moontlik maak.**
5. **Die sinode dank die Here saam met die Bybelgenootskap vir 150 jaar se lojale ondersteuning, uit die Noord-Kaap Kerk asook 196 jaar se Bybelgenootskap werk in SA (sedert 1820).**

**8.2 Verslag verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die Kuratorium NGKA**

**Terugvoering**
***Verslag verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die Kuratorium NGKA*** is aangeheg as ***Bylae 4***.

**AANBEVELING**
1. **Die sinode doen voorbidding vir die lede van die Kuratorium NGKA in die uitwerk en soeke na effektiewe teologiese opleiding vir studente.**
2. **Die sinode doen voorbidding vir die studente van die NGKA en dosente betrokke by die opleiding van hul leraars.**

## 9. BEPALING 53

Die sinodale kommissie vir diens en getuienis het by die sinodale kerkordekommissie aanbeveel dat bepaling 53 verval.

Sien ***Verslag sinodale kerkordekommissie, punt 17.3: Bepaling 53***, bladsy 207.

## 10. SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS EN GETUIENIS

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat 'n sinodale kommissie vir diens en getuienis saamgestel word soos voorgeskryf in die huishoudelike bepalinge van die sinodale kommissie vir diens en getuienis.**

## 11. SLOT

Die kommissie vertrou dat hy sy opdrag uitgevoer het.

## 12. LEDE VAN DIE KOMMISSIE

Ds. MJ Coetzer (voorsitter)
Ds. JJ Knoetze (ondervoorsitter)
Ds. FA Fouché (skriba)
Dr. JH Smit
Ds. K O'Callaghan
Ds. FP Avenant
Ds. GPM de Wet
Ds. IM Kluge
Ds. SJ Schoeman
Ds. JS Kloppers
Ds. PJ Theron
Ds FD Hugo (Hoof Uitvoerende Direkteur Caritas Gemeenskapsfokus NPC)
Ds JPL Mostert (predikant in sinodale diens)

**BYLAE 1**

# REPORT ON BACHELOR OF THEOLOGY COURSE OFFERED BY NORTH WEST UNIVERSITY THROUGH KGOLAGANO COLLEGE

## 1. INTRODUCTION

The North West Bachelor of Theology programme that was delivered through Kgolagano College, was offered on part time and Telematic mode of learning. It was a four year degree course. I had the pleasure of training as a student on the following courses indicated below. My impression on the courses that I was taught are as follows:

Course Content:

a) Precise, detailed, self- contained modules for distant learning students.

b) The study Guide enables students to grasp key concepts and skills in the course .

c) Reader contains well researched, relevant information presented in a student friendly style to cater for learners with different learning needs and abilities.

d) If well taught by trained lecturers, the course isn’t difficult.

## 2. HOW I BENEFITED AS A MINISTER OF THE WORD FROM THE PROGRAMME

a) Compared to University of Botswana, the University of North West Bachelor of Theology caters for ecclesiastical needs. (Church educational system)

b) The Bachelor of Theology covers core areas of ministry, Biblical studies; Dogma; Pastoral Counselling, Greek, Philosophy, Hebrew, Missiology, Old Testament and New Testament and Systematic theology

c) Doing Bachelor of Theology, provides a minister with academic experience, research, spiritually enriching programme.

d) The Bachelor of Theology programme is designed for ministers and for lay academics and anyone who is interested in theological education.

## 3. RECOMMENDATIONS

1. I strongly recommend, the Bachelor of Theology of North West University to any prospective candidate and also continue to collaborate with Kgolagano College as this course is even helpful to the entire country.

2. And to bring in the honours and masters degree programmes to help those who cannot attend classes North West University.

Prepared by Rev. John M Seleke

**BYLAE 2**

# SKRYWE AAN ME. KGALALELO MARINTLHWANE, DIREKTEUR VAN LANDELIKE ONTWIKKELING EN GRONDSAKE IN DIE NOORD-KAAP

**TO:** The Chief Director
Department of Rural Development and Land Reform
Northern Cape Province

Sir/Mdm

**LAND AND AGRICULTURAL REFORM IN OUR PROVINCE**

During the week of 17-20 October 2016, delegates from congregations in almost every town in our province meet in Kimberley for our regular bi-annual synod or church-meeting. Many important issues will be discussed in an effort to listen to the Word of God, and to give guidance to our congregations and members.

Land reform, the possible exploration of shale-gas in the Karoo, the growing poverty in some rural areas and other important environmental and social issues will be on our agenda. Our meeting was informed about the important role your Department is playing in many of these issues, and know that you must feel the burden of the huge responsibility in this regard.

Our denomination covers the whole of our province, and amongst our members are a large number of land-owners and farmers, as well as dedicated people with many important skills. More important – most of our members are devoted Christians with a deep sense of responsibility and conviction to assist in building the future of our country and province. We are of the opinion that the large number (majority?) of responsible and sensible people must take control, leave the popular stereotyping and criticism behind, and cooperate in the solving of the challenges on hand. We would like to present ourselves as a partner who can indeed assist in such processes, as a faith-based organisation with no other agenda but to humbly serve God, his creation and other people.

- We want to assure you that you, your Department and all your personnel, will be in our thoughts and prayers, with a real understanding of the complexity and importance of your task in South Africa.
- We will appreciate any opportunity to convey and discuss our convictions and the principles on which a sound, just and sustainable future can be built in our land and province.
- We will also continue to encourage our members to be involved in their communities as law-abiding and faithful citizens, and to apply the principles of our Christian faith and their skills to the benefit of our communities and collective future.

For your information we attach some of the topics about land- and agricultural reform already discussed in provincial and national meetings of our church.

We thank you for the opportunity and time to communicate with you, and hope that we can build on this initiative with mutual respect and dedication. We pray that God may give you the much needed wisdom and grace for your task.

Yours faithfully in Jesus Christ,

The Synod of the Dutch Reformed Church in the Northern Cape.

***TOPICS FOR DISCUSSION ABOUT LAND AND AGRICULTURAL REFORM***

*The church and followers of Jesus Christ, in principle, takes side with God, especially in search of truth, justice, fairness and dignity for all. The church has the calling and duty to speak for those without voice and power. The church believes and confesses: God is in control.*

1. *We are deeply concerned that most South-Africans are experiencing disappointment, anxiety and even frustration about the lack of success and improvement in various spheres of our society.*
2. *It is widely accepted that land- and agricultural reform did not bring the results we hoped for. We desperately need positive stories, and must all contribute in whatever way we can.*
3. *In many instances, one wrong (the unfair alienation of land in our past) is now replaced by another wrong (creating impossible expectations, abuse of land and the agricultural potential of our land by a small elite, neglecting the desperate needs of the poor and hungry in favor of unpractical and outdated ideologies).*
4. *One of the most serious consequences, of which the church is a daily witness, is the collapse of the socio-economic potential and expectations of rural communities. The regular and destructive expression of the frustration and anger in South Africa is there for everybody to see. The alarming growth in unemployment is also a clear indication that the potential of agriculture and the rural economy are not utilized fully.*
5. *We believe that both commercial, profitable agriculture and sustainable subsistence farming can contribute to the stability of rural areas, as well as to sustainable food-security for SA and prosperity of rural areas.*
6. *The ideal and commitment for a non-racist, just and equal community in South Africa cannot be abandoned, whatever the setbacks and problems may be.*
7. *We are of opinion that in the development of a successful state in South Africa, the influence of both Western and traditional African philosophies and economic models will have to be accepted and integrated. We live in Africa, but also in the reality of a (sometimes overwhelming) global environment.*
8. *The church cannot operate in isolation. This is also true for every other sector in our society. We will have to engage and commit ourselves in serious study and deliberation to solve the complicated issues in our country. Time is running out!*
9. *We urgently call on our congregations and members to involve themselves in the building of a better South Africa, and to pray for our leaders and government.*

**BYLAE 3**

# VERSLAG VAN DIE VERTEENWOORDIGER VIR DIE BYBELGENOOTSKAP NG KERK NOORD-KAAP

(1 November 2014 - 31 Oktober 2015)

*"Hoe sal 'n jongmens sy lewenspad suiwer hou? Deur te hou by u woorde"*
*Psalm 119:9 (NDV)*

Die taak van die Bybelgenootskap is om bekostigbare Bybels vir elkeen in hul eie taal beskikbaar te stel sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar. Marknavorsing wat van tyd tot tyd onderneem word toon, dat daar nog 'n groot behoefte aan Bybels in Suid-Afrika is en dat die grootste behoefte onder die armste van die armes.

Hierdie en verskeie ander faktore, gekoppel aan die missie om bekostigbare Bybels vir almal beskikbaar te stel, het die Bybelgenootskap laat besef, dat dit nodig is om vir mense wat glad nie 'n Bybel kan bekostig, 'n uitgawe nog goedkoper as die huidige standaardbybel (R79) beskikbaar te stel.

Hiervoor word 'n slapband uitgawe van die Bybel, wat op goedkoper papier gedruk is, en teen R45 verkoop word. Hierdie Bybels is reeds beskikbaar in Noord-Sotho, Zulu, Engels (GNB), Twsana, Xhosa en Afrikaans (1983) uitgawe. In 2015 is reeds meer as 214 194 uitreikbybels versprei. Die Suid-Sotho uitgawe sal in Mei 2016 beskikbaar gestel word. Hiermee saam word ook beplan om die Suid-Sotho vertaling van "My eerste Bybel Doen en Leer Boek" en sy opvolger, "My tweede Bybel Doen en Leer Boek in Phuthaditjhaba (Qwa-Qwa) gedurende Mei bekend te stel.

In die uitvoer van sy taak en om Bybels bekostigbaar te hou, is die Bybelgenootskap volkome afhanklik van die gebede en finansiële ondersteuning van christene, kerke en organisasies. Wees verseker, hier by die Bybelgenootskap is ons diep bewus, van die wonderlike bydraes wat almal van u lewer, en ons dank die Here vir elkeen van u.

***Elke bydrae maak 'n verskil want elke Bybel maak 'n verskil!***

**SOLI DEO GLORIA!**

**NOORD-KAAP**
Alhoewel daar vir **NG Kerke kategorie** begroot is vir **R1 640 000.00** is die bedrag van **R2 287 072.59 bereik (+148.53%):- Vrystaat begroot R1 150 000.00** waarvan **R1 514 662.12 (+131.71%)** geïn is. **Noord-Kaap begroot R490 000.00** waarvan **R572 410.47 (+116.84%)** geïn is.

**BYDRAE VAN DONASIES ONTVANG UIT NG KERK (TEENOOR VORIGE JAAR)**
**1 Nov 2014 - 31 Okt 2015**

| | 2014 | % | 2015 | % | N-Kaap | Vrystaat |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Individue (gekoppel) | 1 066 299.42 | -52.15 | 1 701 760.14 | +159.59 | 794 360.66 | 907 399.48 |
| Kerke | 1 852 127.51 | -8.10 | 2 087 072.59 | +112.85 | 572 410.47 | 1 514 662.12 |
| Kerklike Org. | 23 520.00 | +96.00 | 6000.00 | -292.00 | 1 760.00 | 4 240.00 |
| Kategese | - | - | 75.85 | - | - | 75.85 |
| Kerkjeug | 1 131.30 | -56.12 | 420.00 | -169.28 | - | 420.00 |
| Bybel 'n maand klub | 99 252.00 | -3.56 | 35 406.00 | -180.32 | 8 624.00 | 26 782.00 |
| Senior Burgers | - | - | - | - | - | - |
| Sakeondernemings | 83 040.00 | +9.86 | 99 940.00 | +120.35 | 61 240.00 | 38 700.00 |
| **TOTAAL** | **3 125 370.23** | **-22.12** | **3 930 674.58** | **+125.76** | **1 438 395.13** | **2 492 279.45** |

**BEDRAE AAN DONASIES ONTVANG : NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND**
**1 Nov 2014 – 31 Okt 2015**

| Ring | Bydraes per kerkraad | Vroue | Diens groepe | Indiwidue | Totaal | Getal lidmate | Gem per lidmaat | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | 2014-2015 | 2013-2014 | 2012-2013 |
| Carnarvon | 36300.20 | - | 1112.00 | 1502.00 | 38914.20 | 995 | 39.11 | 39.99 | 38.00 |
| Deben | 58730.13 | - | 1248.00 | 9165.00 | 69143.13 | 4809 | 14.38 | 13.35 | 13.49 |
| Griekwastad | 54119.20 | - | 1860.00 | 9952.00 | 65931.20 | 2485 | 26.53 | 29.12 | 51.55 |
| Hanover | 28644.75 | - | 344.00 | 5667.00 | 34655.75 | 1714 | 20.22 | 11.84 | 17.23 |
| Hopetown | 34027.16 | - | 152.00 | 3850.00 | 38029.16 | 1656 | 22.96 | 25.56 | 30.20 |
| Kenhardt | 45654.20 | - | 61240.00 | 12575.00 | 119469.20 | 2310 | 51.72 | 44.07 | 36.58 |
| Kimberley | 66954.33 | - | - | 35161.66 | 102115.99 | 5368 | 19.02 | 11.28 | 11.23 |
| Mafikeng | 6919.90 | - | 264.00 | 12352.00 | 19535.90 | 1432 | 13.64 | 19.20 | 15.85 |
| Reivilo | 47092.60 | - | 1828.00 | 679130.00 | 728050.60 | 1899 | 383.39 | 130.23 | 127.94 |
| Upington | 90986.31 | - | 1200.00 | 20932.00 | 113118.31 | 4605 | 24.56 | 27.76 | 19.49 |
| Warrenton | 78179.29 | - | 328.00 | 764.00 | 79271.29 | 2314 | 34.26 | 27.37 | 32.50 |
| Totale en gemiddelde | 547608.07 | - | 69576.00 | 791050.66 | 1408234.73 | 29587 | 47.60 | 28.72 | 29.42 |

**BYDRAES VAN DONASIES ONTVANG UIT AP KERK (TEENOOR VORIGE JAAR)**
**1 Nov 2014 – 31 Okt 2015**

| | 2014 | % | 2015 | % | N-Kaap | Vrystaat |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Individue | 17 395.90 | -10.58 | 21 382.25 | +122.91 | 1 882.00 | 19 500.25 |
| Kerk | 150 457.56 | +13.40 | 193 347.17 | +128.51 | 100 503.45 | 92 843.72 |
| Suster Ver. | 200.00 | +100.00 | - | - | - | - |
| Kategese | - | - | - | - | - | - |
| Bybel-per-Maand | 2 220.00 | +15.93 | 780.00 | -1 184.61 | - | 780.00 |
| **TOTAAL** | **170 273.46** | **+10.69** | **215 509.42** | **+126.57** | **102 385.45** | **113 123.97** |

Alhoewel daar vir die AP Kerk kategorie begroot is vir R110 000.00 is die bedrag van R193.347.17 bereik (+175.77%).

**BYDRAES VAN DONASIES UIT VG KERK (TEENOOR VORIGE JAAR)**
**1 Nov 2014 – 31 Okt 2015**

| | 2014 | % | 2015 | % | N-Kaap | Vrystaat |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Individue | 3 660.00 | +1 946.15 | 2 650.00 | -38.11 | 2 650.00 | - |
| Kerk | 5 066.00 | -115.10 | 3 950.00 | -28.25 | 1 950.00 | 2 000.00 |
| Bybel-per-Maand | 2 868.00 | +1 100.00 | 956.00 | -1 200.00 | 280.00 | 676.00 |
| **TOTAAL** | **11594.00** | **+2.91** | **7 556.00** | **-153.44** | **4 880.00** | **2 676.00** |

**BYDRAES VAN DONASIES UIT NGK IN AFRIKA (TEENOOR VORIGE JAAR)**
**1 Nov 2014 – 31 Okt 2015**

| | 2014 | % | 2015 | % | N-Kaap | Vrystaat |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Individue** | **2 800.00** | **+700.00** | 3 150.00 | +12.50 | **-** | 3 150.00 |
| **Kerke** | **1 200.00** | **+100.00** | - | **-** | **-** | - |
| **Kerklike Org** | **-** | **-** | - | **-** | **-** | **-** |
| | **4 000.00** | **+1 042.85** | **3 150.00** | **-26.98** | **-** | **3 150.00** |

LW – 4 Laasgenoemde 4 tabelle se persentasies is die verhouding teenoor die vorige jaar se syfers en nie die begroting as sulks nie!

***Noord-Kaap AP en NG Gemeentes Noordkaap***

| | | | |
|---|---|---|---|
| AP Gordonia | **R185.58** | Hartswater | R44.39 |
| AP Hopetown | **R154.36** | Hopetown | R42.00 |
| AP Kimberley | **R128.27** | Jan Kempdorp | R57.59 |
| AP Strydenburg | **R110.48** | Marchand | R47.17 |
| Askam-Noenieput | R83.35 | Kalahari | R58.32 |
| Barkly-Wes | **R119.94** | Kakamas | **R106.60** |
| Brandvlei | R72.03 | Keimoes | R56.10 |
| Britstown | R66.14 | Kimberley-Vooruitsig | R60.71 |
| Carnavon | R57.57 | Plooysburg | **R218.52** |
| Delpoorthoop | R57.63 | Reivilo | R49.05 |
| Goedvertrou | **R125.36** | Vryburg-Noord | R62.73 |
| Groblershoop | R64.15 | Vryburg-Wes | **R1009.11** |
| Hanover | R80.00 | | |

**21 NG Gemeentes en 4 AP Gemeentes – 25 Gemeentes in Noord-Kaap** het meer as R45.00 per lidmaat gegee nl. **(2014 – 28 gemeentes)** Elke gemeente het 'n sertifikaat ontvang van Bybelgenootskap.

**9 Gemeentes** het meer as R100.00 per lidmaat nl: AP Gemeente Gordonia, Hopetown, Kimberley,Strydenburg. NG Gemeentes, Barkly-Wes, Goedvertrou, Kakamas, Plooysburg, Vryburg-Wes. **(2014 – 3)**

**1 AP Ring in die Noord-Kaap** het meer as R42.00 per lidmaat gegee nl. Gordonia, **(2014 – 1)**

Gemiddeld vir **AP Kerk Noordkaap** – **R50.31 (2014 – R48.25)**

Gemiddeld vir **AP Kerk Vrystaat – R26.18 (2014 – R16.27)**

Gemiddeld vir **AP Kerk Vrystaat en Noord-Kaap R38.25 (2014 – R32.26)**

**2 NG Ringe in die Noord-Kaap** het meer as R42.00 per lidmaat gegee nl. Reivilo, Kenhardt **(2014 – 2)**

Gemiddeld vir **NG Kerk Noord-Kaap – R47.60 (2014 – R28.72)**

Gemiddeld vir **NG Kerk Vrystaat – R30.51 (2014 – R26.57)**

Gemiddeld vir **NG Kerk Vrystaat en Noord-Kaap – R39.05 (2014 – R27.51)**

**Elke R45 maak vanjaar 2016 'n bekostige Bybel moontlik!**

**<u>DEO GLORIA!</u>**

**Groot Donateurs** – Donasie R800 000.00, (en 'n boedel R2.5 miljoen - 31 Nov), R300 000.00 – Hoopstad, Vryburg – R657 000.00, Williston R70 000.00

**PROJEKTE**

Ons 14de fietstoer vir Bybels het vanjaar weer plaasgevind, 450Km en 95 fietsryers vanaf Parys na Bybelhuis het **R224 000** ingesamel **(2014 – R120 000.00)** - **(2010 – 125 fietsryers – R492 000.00).**

Oom Fanie van der Linde van Barly-Wes se 8de Biltong en Knipmes aand het **R30 000.00 (R5000.00 se Bybelaankope). (2014 - R30 400.00) – (2013 – R41 730.00) ingesamel (2012 – R30 000.00).**

**Parys Oos gemeente** het 14de **jaar jafels** gebak en daarmee die bedrag van **R50 000.00** ingesamel.

**Die Bible Run** van 26 Julie 2015 was ook vir 'n tweede jaar, 'n reuse sukses met **400 mense** wat opgedaag het opgedaag, **106 motorfietse**, en 250 Bybels met die inskrywings van R50 (R35 Bybel + R15 lapelwapen). Ons kon ook heelwat borge werf wat die plakkate betaal het vir reklame. (Die R800 000.00 donasie het ook d.m.v. 'n motorfietsryer gekom.)

**STAP VIR BYBELS**

**Die Kalahari Kuierfees** Saterdag 27 September 2015 te Upington het **450 stappers, R66 000.00** geïn **(2014 – R65 000.00), (2013 - R40 500.00), (2012 – R40 000.00),** Dit word geborg deur **Upington Toyota.**

**Welkom** se 1ste stap, 7 Februarie 2015 het **R8 000.00 opgelewer!**

**COMRADES**
Vir die 23ste agtereenvolgende jaar het "Hardloop vir Bybels" 'n insameling gehad wat **R152 556.00. (2014- R137 430.00) (2013 - R158 099.00 – (2012 - R88 141.71)** ingesamel het. Elke atleet het 'n Bybelgenootskap sertifikaat ontvang.

Die **Expo-stalletjie** by Durban se Comrades blyk 'n goeie voedingsbron te wees veral gesien in die lig dat elke jaar opnuut **kliphard gewerk** moet word aan nuwe atlete a.g.v. 'n hoë wisseling van atlete wat Comrades betref. Ekself het vir 14 jaar die voorreg gehad om diens te doen by die Comrades Expo stalletjie.

**HARRISMITH**
Harrismith se 14de jaarlikse sportdag wat in Maart gehou word "Stap vir Bybels", "Hardloop vir Bybels", "Trap vir Bybels" het 129 stappers vanjaar, die **R40 000.00** geïn het**.** (**2014 - R32 000.00), (2013 – R10 170.80), (2012 - R12 457.75)**, **(2011 – R13 124.10)**

**PREDIKING (Indiwidueel 1 tot 1)**
Elke week se hoogtepunt sal altyd bly, die voorreg om Sondae die Woord te bedien en reklamewerk vir Bybelverspreiding te doen. (32 eredienste vir 2015 Word Rider eredienste ingesluit).

**PERSONEEL (DANKBETUIGING)**
**Dr. Dirk Taljaard,** Hoof van Streke wat altyd daar is vir hulp en ondersteuning rakende reëlings Streekhoof en streeks aangeleenthede.

**Gegewe die finansiële stand van baie gemeentes** in ons streek en ons totale begroting van **R5 546 441.00 is R7 824 283.18 (+141.07%)** vir Bybelverspreiding geïn.

| **Noord-Kaap** | **Vrystaat** |
|---|---|
| Begroot – R1 401 856.00 | Begroot – R4 144 585.00 |
| Geïn - R1 798 735.70 | Geïn - R6 025 547.48 |
| (+128.31%) | (+145.38%) |

**SLOT**
Dankie vir u lojale ondersteuning, bydraes en gebede om die Bybelgenootskap se visie, 'n "Bybel vir elkeen" te kon vervul. Die Here was die afgelope jaar weer eens baie goed vir die Bybelgenootskap en, soos God dit van ons verwag, wil ons aan Hom alleen die eer bring en Hom daarvoor dank. Geleenthede en verantwoordelikhede soos vervat in hierdie verslag noop mens opnuut tot **nederigheid en dankbaarheid** teenoor Hom wat roep en toerus.

**SOLI DEO GLORIA!**

**AANBEVELINGS**
1. **Die sinode neem kennis van die verslag in geheel.**
2. **Die sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor gemeentes wat 2015 gebruik het om d.m.v. elke R42 'n bekostigbare Bybel moontlik te maak.**
3. **Die sinode versoek gemeentes om Hardloop vir Bybels, Stap vir Bybels, Trap vir Bybels, Gholf dae en ander projekte so ver moontlik te gebruik vir betrokkenheid en groter deelname ten bate van Bybelverspreiding. (gratis medaljes beskikbaar).**
4. **Die sinode moedig gemeentes aan om d.m.v. 'n barometer-plakkaat as meetbare instrument R45-00 per belydende lidmaat as ideaal te stel wat 1 bekostigbare Bybel in verskillende tale moontlik maak.**
5. **Die sinode dank die Here saam met die Bybelgenootskap vir 150 jaar se lojale ondersteuning, uit die Noord-Kaap Kerk asook 196 jaar se Bybelgenootskap werk in SA (sedert 1820).**

Saam met u in diens van Sy Woord.



..........................................................................................
GETEKEN DEUR U VERTEENWOORDIGER VIR DIE BYBELGENOOTSKAP

Gerrie van Dyk
STREEKHOOF – VRYSTAAT EN NOORD-KAAP
*Ringverslag Ds Gerrie van Dyk 2015 – Noord-Kaap*

**BYLAE 4**

# VERSLAG VERTEENWOORDIGER VAN DIE NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND BY DIE KURATORIUM NGKA

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,

Hiermee doen ek met dankbaarheid verslag van die werksaamhede van die werksaamhede van die Teologiese skool van die NGKA aan die Universiteit van die Vrystaat.

**1. OPLEIDING VAN STUDENTE**

Die Kuratorium werk met ywer om teologiese opleiding op ’n hoë akademiese en geestelike standard te stel. Gegewe die omstandighede van student en leraars wat reeds in die bediening is, word daar onderhandel met die Hugenote Kollege vir ’n B.Th. kursus en met Mukhanyo College (Gereformeerde kollege) vir deeltydse Diploma kursusse.

**2. SINODALE BESLUITE RAKENDE TEOLOGIESE OPLEIDING**

2.1 Dat naas die graadkursus ’n eie kerklike opleiding aangebied word so ver moontlik in samewerking met ander erkende instansies met as eerste keuse UV sonder dat die standaard verlaag word. Die doel moet wees om sowel met hierdie opleiding as met die graadopleiding ’n kwaliteit leraar te lewer wat beantwoord aan die vereistes vir ’n leraar soos deur die vorige sinode goedgekeur.

2.2 Die afgestudeerdes van albei bane sal dieselfde status hê.

2.3 Die lesings sal so ver moontlik in Engels, en waar nodig in Suid Sotho, aangebied word.

2.4 Daar sal van leraars van die NGKA gebruik gemaak word as dosente. Daar sal probeer word om fondse te vind om een of twee voltydse personeellede/dosente aan te stel. Verder sal van deeltydse dosente gebruik gemaak word.

2.5 Dit word voorafgegaan met ’n voorbereidende kursus waar gekonsentreer word op kennis van die Bybel en die Belydenisskrifte/Katkisasieboek in sy geheel.

2.6 Hierdie voorbereidende kursus moet met ’n deeglike eksamen getoets word en met 60% geslaag word voordat ’n persoon as student van die NGKA aanvaar word. Dit geld ook vir studente wat die Graadkursus wil doen.

2.7 Toelatingsvereistes tot die kerklike opleiding sal minimum matriek wees maar sonder verdere vereistes van hoe deurgekom is nie.

2.8 Aan die einde van sowel die kerklike opleiding as die graadkursus sal studente van albei bane weer ’n gesamentlike afrondingskursus doen wat hulle moet slaag om gelegitimeer te word. In hierdie kursus sal sake behandel word wat eie aan die NGKA is en nie in die graadkursus tot hulle reg kom nie (bv. NGKA Kerkorde).

2.9 ’n Elementêre kortkursus in Grieks en Hebreeus, gerig op die behoeftes van die bediening, sal in samewerking met die Universiteit daargestel word.

2.10 Die NGKA sal poog dat hierdie kerklike opleiding mettertyd erkenning kry van die staat as selfstandige opleidinginstansie in eie reg.

2.11 Persone wat die B.Th. Graadkursus voltooi sal ’n praktiese kerklike jaar aan die einde doen waarvoor hulle nie by die UV hoef te registreer nie tensy hulle kwalifiseer om die M.Div. te doen. (Grieks en Hebreeus sal steeds soos tans deel wees van hierdie graadkursus). Persone wat die Diploma deeltyds doen kan dit prakties deurlopend in gemeentes doen. As hulle dit later voltyds kan doen sal ook hulle ’n gemeentejaar aan die einde doen. Die afrondsingskursus sal deel wees van so ’n kerklike jaar (ook vir die Graadstudente).

2.12 Nadat die Algemene Sinode besluit het oor die eie kerklike opleiding sal met die NGKerk vergader word oor hoe hulle die ideaal kan ondersteun.

**3. STUDENTE**

3.1 Aan die begin van 2013 het 12 studente die deeltydse Diplomakursus te Mukhanyo begin.

3.2 In 2015 het 9 studente die deeltydse Diplomakursus te Mukhanyo begin.

3.3 ’n Tweede groep studente kry onderrig op Saterdae en Sondae oor ’n tydperk van twee jaar.

3.4 In 2017 sal die Hugenote Kollege gereed wees om die B.Th. graad vir studente aan te bied.

**Aanbeveling**

1. **Die Sinode doen voorbidding vir die lede van die Kuratorium NGKA in die uitwerk en soeke na effektiewe teologiese opleiding vir studente.**
2. **Die Sinode doen voorbidding vir die studente van die NGKA en dosente betrokke by die opleiding van hul leraars.**

# 4. VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR HULPDIENSTE

Geagte voorsitter en afgevaardigdes

U kommissie doen soos volg verslag van sy werksaamhede:

## 1. PERSONEEL EN VERGADERINGS

Op die konstitueringsvergadering van 14 Oktober 2014 is die volgende uitvoerende komitee verkies: dr. AC Swanepoel (voorsitter), ds. J Oosthuizen (ondervoorsitter), ds. TE Smit (skriba), JP Smit (addisionele lid) en Ds. LB de Villiers (addisionele lid). Die predikant in sinodale diens, ds JPL Mostert, ds. FD Hugo en die rekenmeester me. E Badenhorst, het ampshalwe gedien.
Daar is aandag gegee aan die opdrag wat die kommissie het soos verwoord in die Huishoudelike bepalinge van die sinodale kommissie vir hulpdienste en die Finansiële beleid van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland (FB).

## 2. SAMESTELLING: SINODALE KOMMISSIE VIR HULPDIENSTE

Die sinodale kommissie vir hulpdienste het 6 keer vergader en die dagbestuur het 11 keer vergadering. Die dagbestuur se vergaderings was meestal telefonies.

### 2.1 Taakspanne en portefeuljes

Die sinodale kommissie vir hulpdienste het die volgende portefeuljes saamgestel om opdragte aan hom, deur die sinode, uit te voer:

1. Algemene Steunspan Fondse en Bates (ASFB)
2. Amptenare pensioenfonds
3. Argief
4. Begrotingsbeheer
5. Beleggingskomitee
6. Beroeping (bepaling 8.2.3)
7. Diensverhoudingskommissie
8. Gemeentebedieningsfonds aansoeke
9. NGNK Tuistes NPC
10. Opleiding kerkpersoneel/skriba's
11. Pensioenfonds NG Kerk in SA
12. Sinodale bydraes
13. Studiebeurse: teologiese en maatskap-like studente
14. Tekenregte
15. Toerusting

### 2.2 Verteenwoordigers

Die verteenwoordigers het die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland verteenwoordig met verslag aan die sinodale kommissie vir hulpdienste.

1. Algemene Steunspan Fondse en Bates — Ds. JPL Mostert
2. Pensioenfonds NG Kerk in SA
   - Verkose lid — Ds. FD Hugo
   - Aangewese lid — Ds. JPL Mostert
3. Amptenare pensioenfonds — Ds. J Oosthuizen
4. NGNK Tuistes (Ex officio aangewese lede)
   - Dr. AC Swanepoel
   - Ds. J Oosthuizen
   - Ds. TE Smit
   - Oudl. JP Smit
   - Ds. LB de Villiers
   - Ds JPL Mostert

## 3. MEDIESE SKEMAS – PREDIKANTE

Sinode Noord-Kaapland 2014

*Die sinode besluit dat*

1. *lede wat emeriteer, die sinodale gebied verlaat of nie aan 'n gemeente gekoppel is nie, voortaan nie meer aan die groep mediese skema van die sinode in Noord-Kaapland kan behoort nie, maar individueel by 'n mediese skema inskakel.*
2. *kerkrade verantwoordelik is om predikante, wat aan die mediese skema soos goedgekeur deur die sinode van Noord-Kaapland behoort, se mediese fonds bydrae aan die sinodale kantoor oor te betaal.*
3. *dit geld ook vir predikante wat 'n totale koste vir indiensneming pakket ontvang.*

**Terugvoering**

Die besluit van 2014 is aan gemeentes deurgegee.

Die sinodale kommissie vir hulpdienste het sedert 2014 'n proses deurloop waartydens die dienste van mediese konsultante aan die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland in oënskou geneem is.
Die uitkoms van bogenoemde proses is dat **Aon Hewitt Gesondheidsorg vanaf 1 September 2015 as mediese konsultant van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland aangestel is.**
Dit is belangrik om te onthou dat die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland steeds op *Discovery Health Mediese skema* bly en dat daar slegs 'n verandering is in konsultante.
Lidmaatskap van 'n mediese skema ingestel volgens die Wet op Mediese Skemas en soos goedgekeur deur die sinode van Noord-Kaapland, is verpligtend. Indien die werknemer 'n afhanklike lid van die gade se mediese skema is, is lidmaatskap aan 'n mediese skema soos goedgekeur deur die sinode van Noord-Kaapland nie verpligtend nie.

Deur middel van *Aon Hewitt Gesondheidsorg* beoog die sinodale kommissie vir hulpdienste om die volgende aan lede te bied:

- Advies aan lede ten opsigte van al hul gesondheidsorg behoeftes.
- Individuele konsultasies met die mediese konsultant kan gereël word. 'n Lid se gesondheidsorg behoeftes sal bespreek en geëvalueer word. Die voordele van die verskillende opsies sal bespreek word en die mees gepaste opsie sal aanbeveel word, sodat 'n ingeligte besluit ten opsigte van die mediese skema opsie geneem kan word.
  Die sinodale kantoor sal u vroegtydig in kennis stel as die mediese konsultant in u dorp of omgewing is.
- Die "*Aon Resolution Centre*" (ARC) is 'n kontaksentrum wat lede sal bystaan indien hulle probleme ondervind en hulle dit nie self met Discovery kan uitsorteer nie:
  - Onopgeloste navrae
  - Probleme met betaling van eise
  - Uitklaar van voordele en administratiewe prosedures
  - Uitklaar van die jaarlikse veranderinge in voordele en opsies
  - Dispute met mediese skemas, administrateurs of diensverskaffers

Leonie Fourie is die nasionale konsultant vir die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland en is verantwoordelik vir die alledaagse dag-tot-dag bestuur van die dienslewering.
Anilia Boshoff (Bloemfontein Takbestuurder) is verantwoordelik vir gesondheidsorg advies, opleiding en om u op hoogte te hou van die mediese skema industrie en -skemas.
Vir verdere inligting en kontakbesonderhede kan u hier meer lees: Mediese Konsultant Noord-Kaapland – Aon Hewitt Gesondheidsorg.

## 4. BEURSE VIR TEOLOGIESE EN MAATSKAPLIKE WERK-STUDENTE

In die 2015 boekjaar is 5 teologiese studiebeurse toegeken ten bedrae van R59,904 en 3 maatskaplike studiebeurse ten bedrae van R45,000.
In die 2016 boekjaar is 3 maatskaplike studiebeurse toegeken ten bedrae van R49,607.

## 5. NGNK TUISTES NPC

Sinode Noord-Kaapland 2010
*Die sinode besluit om die volgende besluite en optrede van die sinodale kommissie vir hulpdienste te bekragtig*

*1. Kantore*

*v. Die hersonering van die 4 eiendomme in Kimberley van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland sodat die gebruik daarvan "wettig" is.*

**Terugvoering**
Die NGNK Tuistes Maatskappy is opgerig en geregistreer. Die oordra van die eiendomme na die maatskappy is nog nie afgehandel nie.

## 6. OPLEIDING KERKPERSONEEL/ SKRIBA'S

### 6.1 Opleiding kerkpersoneel/skribas: 2015

In Noord-Kaapland is daar al vanaf 2009, kantoorpersoneelopleiding deur die sinodale kommissie vir hulpdienste (SKHD) geïnisieer.
'n Opleidingsgeleentheid van skribas het op 26-28 Mei 2015 plaasgevind. Die opleiding het bestaan uit algemene opleiding, aangebied deur ds. VR Terblanche, sowel as Winkerk 7, (gemeentedata program) en Finkerk (finansiële program) wat deur ds. Danie Batt aangebied is. Die opleiding het net op Kimberley plaasgevind en is deur 27 persone bygewoon. Winkerk is deur 32 persone bygewoon en Finkerk deur 4 persone.
Die algemene opleiding is aangebied onder die tema: "*Die kerkkantoor is steeds die hartklop van die gemeente*" en het bestaan uit die volgende:

- Algemene beginsels van goeie korporatiewe bestuur volgens Prof. Mervin King, van die King komitee en vader van die King kode;
- Kenmerke van goeie korporatiewe bestuur;
- Kerkraadsvergaderings - skryf van notules/ besluiteregister
- Registers waarvoor die skriba verantwoordelik is;
- Die kerkkantoor en werksomgewing
- Die Wet op Inligting
- Beplanning
- Wetlike vereistes soos noodhulptas en brandblussers.

Daar is 'n aantal uitdeelstukke verskaf:

- Gemeentelike liasseerstelsel
- Bewaringstydperke van dokumentasie
- 'n Koerant artikel oor professionele gedrag
- Die rol van die sekretaresse
- Wet op persoonlike inligting

### 6.2 Opleiding kerkpersoneel/skribas: 2016

Op 'n vergadering gehou op 09 Februarie 2016, het die SKHD besluit, dat daar vir kantoorpersoneel wat kort in diens is, 'n afsonderlike opleidingsgeleentheid geskep moet word. Dié opleiding het op 15 en 17 Maart 2016 te Kimberley en Upington plaasgevind. Die taakspan het besluit dat hierdie opleiding aan personeel wat 4 jaar en korter in die kerkkantoor is, sal plaasvind. Hierdie 2 geleenthede, wat deur me. E Badenhorst, di. JPL Mostert en VR Terblanche gefasiliteer is, is bygewoon deur 24 persone, waarvan 3 gemeenteleraars was. Die kortste tydperk van 'n skriba in die kerkkantoor, was 14 dae en die langste was 4 jaar, met 'n gemiddelde van 1,8 jaar in 'n kerkkantoor.

Die opleiding is aangebied onder die tema: "*Die kerkkantoor is steeds die hartklop van die gemeente*" en het bestaan uit o.a. die volgende:

- Kenmerke van goeie korporatiewe bestuur;
- Kerkraadsvergaderings - opstel van sakelyste/ skryf van notules/ opstel van 'n besluiteregister
- Die registers waarvoor die skriba verantwoordelik is;
- Die kerkkantoor en werksomgewing;
- Die Wet op Inligting;
- Beplanning;
- Wetlike vereistes soos 'n oodhulptas en brandblussers;
- Finansiële vereistes wat nagekom moet word;
- Die funksie van die Kerkorde.

Daar is 'n aantal uitdeelstukke verskaf:

- Gemeentelike liasseerstelsel
- Bewaringstydperke van dokumentasie
- 'n Koerant artikel oor professionele gedrag
- Die rol van die sekretaresse
- Wet op persoonlike inligting

## 7. SINODALE PERSONEEL

Personeel-voorsiening lyk tans soos volg:

| | |
|---|---|
| Predikant in sinodale diens | Ds. JPL Mostert |
| Rekeningkundige beampte | Me. E Badenhorst |
| Sekretariële beampte | Me. NF Fourie |

## 8. PENSIOENFONDS VAN PREDIKANTE

Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland word verteenwoordig deur ds. JPL Mostert (aangewese lid) en ds. FD Hugo (verkose lid).

Die termyn van die lede is as volg:

- Ds. JPL Mostert (aangewese lid) is vanaf Oktober 2014 tot 2018
- Ds. FD Hugo (verkose lid) is vanaf Oktober 2014 tot 2018

Die nuutste ***verslag oor die fondsbeleggings pensioenfonds van predikante*** vind u as ***Bylae 1*** by hierdie verslag.

## 9. AMPTENARE PENSIOENFONDS

Die Amptenare Pensioenfonds van die NG Kerk in Noord-Kaapland is tans deel van Sanlam se Sambreelfonds. Dit hou die voordeel in dat die fonds deur kundiges bestuur word op 'n wyse wat streng deur nasionale wetgewing voorgeskryf word. Die bestuurskoste van die fonds word sodoende tussen verskillende kleiner fondse verdeel. Die NG Kerk in Noord-Kaapland as werkgewer en sy amptenare (predikante uitgesluit) behou inspraak in die pensioenfonds via 'n *"Joint Forum"* wat twee keer per jaar vergader. Die unieke behoeftes van die kerk se amptenare word hier aan Sanlam voorgelê en die Sambreelfonds lewer met elke vergadering verslag van die stand van sake van die Fonds.
Die NG Kerk in Noord-Kaapland word tans deur ds. J Oosthuizen en me. E Badenhorst (rekenmeester) op die *"Joint Forum"* verteenwoordig. Die amptenare van die kerk word deur drie persone uit eie geledere verteenwoordig.

Sanlam het bevestig dat gemeentes steeds geleentheid het om by die Amptenare Pensioenfonds van die NG Kerk in Noord-Kaapland in te skakel.
<u>Motivering</u>:
1. Deelname van werkgewers aan die Amptenare Pensioenfonds van die NG Kerk in Noord-Kaapland is gesonde arbeidspraktyk en vorm deel van die goeie versorging van werknemers.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**
**1. gemeentes aangemoedig word om as werkgewers by die Amptenare Pensioenfonds van die NG Kerk in Noord-Kaapland aan te sluit.**

## 10. GEKONSOLIDEERDE INKOMSTE-STAAT 2015/2016 EN BALANSSTAAT OP 29 FEBRUARIE 2016

Ingesluit as ***Bylae 2*** is die gekonsolideerde inkomstestaat en balansstaat vir die finansiële jaar 2015/2016 van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland. Die volledige geouditeerde state is by die predikant in sinodale diens beskikbaar.

## 11. SINODALE FONDSE SOOS OP 29 FEBRUARIE 2016

Sinodale Fondse soos op 29 Februarie 2016 word ingesluit as ***Bylae 3.***

## 12. HANTERING VAN SINODALE FONDSE

Gedurende die finansiële jare 2014/2015 en 2015/2016 het die sinode die volgende hulp verleen:

**12.1 Gemeentebedieningsfonds**
**R370 000**

**12.2 Angolana**
**R68 211**

**12.3 PJJS Lategan Trustfonds**
**R224 600**

**12.4 Mediese voorsieningsfonds – emeriti voor 1996**
**R385 050**

**12.5 Predikantekursusse**
**R77 003**

**12.6 Jeugwerk**
**R126 687**

**12.7 Teologiese en maatskaplike werk studiefonds**
**R154 511**

## 13. BEGROTING NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND

### 13.1 Begroting 2016/2017

Finansiële beleid van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland (FB) – Huishoudelike Bepalinge Sinodale Kommissie vir Hulpdienste (SKHD)

*Die sinodale kommissie vir hulpdienste*
*Adviseer die sinode oor 'n begrotingsbeleid en is verantwoordelik vir begrotingsbeheer van die sinode.*
*Begrotingsbeheer word jaarliks uitgeoefen deur die nagaan van die werklike uitgawes van die kommissies in vergelyking met die begrote bedrae.*

Die sinodale kommissie vir hulpdienste in samewerking met ander sinodale kommissies het begroot vir alle werk/poste.
Die sinodale kommissie vir hulpdienste en die taakspan beplanning- en begroting het 'n begroting ten bedrae van R6,154,867 vir die boekjaar vir 2016-2017 goedgekeur.

Die sinodale begroting vir 2016/2017 word ingesluit as ***Bylae 4***.

## 14. ARGIEF

Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland het 'n doelmatige argiefbewaarplek by die sinodale kantoor te Kimberley (Lawsonstraat 72). Slegs argivalia van die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland word hier bewaar. Argivalia van gemeentes en ringe van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland word geberg by die NG Kerk in SA se argiefbewaarplek in Stellenbosch (Noordwal-Wes 1, Stellenbosch).

## 15. HUISHOUDELIKE BEPALINGE SINODALE KOMMISSIE VIR HULPDIENSTE

<u>Sinode Noord-Kaapland 2014</u>
*Die sinode besluit dat*
1. *die beginsels in die Huishoudelike bepalinge sinodale kommissie vir hulpdienste (Bylae 5) goedgekeur word en versoek die sinodale kerkordekommissie om dit te versorg en in die Kerkorde op te neem.*

**Terugvoering**
Die *Huishoudelike bepalinge sinodale kommissie vir hulpdienste* is in die Kerkorde opgeneem.

## 16. BEPALING 57

<u>Sinode Noord-Kaapland 2014</u>
*Die sinode besluit dat*
1. *bepaling 57 soos volg gewysig word*
2. *die beginsels in bepaling 57 goedgekeur word en versoek die sinodale kerkordekommissie om dit te versorg en in die Kerkorde op te neem:*
   *<u>Nuwe bepaling</u>*
   *Bepaling 57*
   *57.1 Die sinodale kommissie vir hulpdienste se werksaamhede word bepaal deur sy huishoudelike bepalinge en Finansiële beleid Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland soos vereis in bepaling 35.5.3.3.*
   *57.2 <u>Konstitusies</u>: Die toepaslike deel van Reglement 20 – reglement vir die reëling van eiendomme, goedere en fondse dien as konstitusie.*

**Terugvoering**
'n *Konstitusie vir die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland* is opgestel en goedgekeur.

## 17. FINANSIËLE BELEID NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND

<u>Sinode Noord-Kaapland 2014</u>
*Die sinode besluit dat*
1. *die beginsels in die Finansiële beleid Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland (FB) (Bylae 6) goedgekeur word en versoek die sinodale kerkordekommissie om dit te versorg en in die Kerkorde op te neem.*

**Terugvoering**
Die *Finansiële beleid Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland (FB)* is in die Kerkorde opgeneem.

## 18. BELEGGINGSBELEID VAN DIE SINODE VAN NOORD-KAAPLAND

Fitch kredietgraderingsagentskap het in Desember 2015 vier van Suid-Afrika se groot banke afgradeer en een bank is opgradeer. Fitch het die Langtermyn buitelandse en plaaslike geldeenheid se *Issuer Default Ratings (IDR)* van *FirstRand Bank Limited (FirstRand)*, *Nedbank Limited (Nedbank)* en *The Standard Bank of South Africa Limited (SBSA)* en die onderskeie houermaatskappye van die laaste twee banke afgradeer.
Banke is afgegradeer van trippel B status (BBB) na trippel B-minus (BBB-) status.
Banke in Suid-Afrika het al 'n geruime tyd nie meer 'n gradering van "*Very high credit quality*" (A+) nie. Sedert Desember 2015 is die gradering

van Banke in Suid-Afrika net-net bokant "*Non-investment Grade*" (BBB-).

***Global Credit Ratings Co.* (GCR) se gradering simbole en opsommende definisies**

| **Investment Grade** | |
|---|---|
| **AAA** | Highest credit quality. The risk factors are extremely low. |
| **AA+**<br>**AA**<br>**AA-** | Very high credit quality. Protection factors are very strong. Adverse changes in business, economic or financial conditions would increase investment risk although not significantly. |
| **A+**<br>**A**<br>**A-** | High credit quality. Protection factors are good. However, risk factors are more variable and greater in periods of economic stress. |
| **BBB+**<br>**BBB**<br>**BBB-** | Adequate protection factors and considered sufficient for prudent investment. However, there is considerable variability in risk during economic cycles. |
| **Non-investment Grade** | |
| **BB+**<br>**BB**<br>**BB-** | Below investment grade but capacity for timely repayment exists. Present or prospective financial protection factors fluctuate according to industry conditions or company fortunes. Overall quality may move up or down frequently within this category. |
| **B+**<br>**B**<br>**B-** | Below investment grade and possessing risk that obligations will not be met when due. Financial protection factors will fluctuate widely according to economic cycles, industry conditions and/or company fortunes. |
| **CCC** | Well below investment grade securities. Considerable uncertainty exists as to timely payment of principal or interest. Protection factors are narrow and risk can be substantial with unfavourable economic/industry conditions, and/or with unfavourable company developments. |
| **LD/DD** | Defaulted on one or more of its obligations, failing to meet scheduled principal and/or Interest payments (LD). Defaulted on all obligations, or is likely to default on all or substantially all of its obligations as they fall due, thus failing to meet all or substantially all scheduled principal and/or Interest payments (DD). |

Die sinodale kommissie vir hulpdienste het in die lig van bogenoemde besluit dat punt 3.2.2 van die *Beleggingsbeleid van die sinode van Noord-Kaapland* oorbodig is en dat dit geskrap moet word.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**
**1. punt 3.2.2 van die Beleggingsbeleid van die sinode van Noord-Kaapland geskrap word:**
~~***3.2.2 Banke moet voldoen aan 'n A1+ of 'n A+ gradering volgens die Fitch IBCA verslag wat van tyd tot tyd aan die mark voorgelê word.***~~

## 19. FORMULE VIR SINODALE BYDRAES

### 19.1 Basaar/fondsinsameling

Die sinodale kommissie vir hulpdienste het besluit om die *Formule vir Sinodale Bydraes*, punt 2.2 *Toegewings*, uit te brei met 'n nuwe toegewing, naamlik *punt 2.2.13 Basaar/fondsinsameling.*

Motivering:
a. Dit is algemene gebruik om uitgawes van basaar/fondsinsameling af te trek.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**
**1. om die *Formule vir Sinodale Bydraes*, punt 2.2 *Toegewings*, uit te brei met 'n nuwe toegewing, naamlik**
**2.2.13 Basaar/fondsinsameling**
**Uitgawes wat aangegaan word vir basaar/fondsinsameling kan verhaal/afgetrek word van die inkomste wat gegenereer word deur die basaar/fondsinsameling. Slegs op die netto inkomste van die basaar/fondsinsameling word 'n sinodale bydrae gehef.**

### 19.2 Wysigings aan *Formule vir Sinodale Bydraes*: punt 3.1.2 en punt 3.1.3

Die sinodale kommissie vir hulpdienste se opdrag volgens die *Huishoudelike bepalinge sinodale kommissie vir hulpdienste (SKHD)* is as volg:

*3.1 Adviseer die sinode in verband met die beleid wat gevolg moet word ten opsigte van finansiële bestuur, bates, beleggings, eiendomme, oudit en personeel aangeleenthede*
*3.2 Stel jaarliks na oorleg met die taakspan beplanning en begroting die begroting van die sinode op aan die hand van*
*3.2.1 bepaling 35 van die Kerkorde Noord-Kaapland;*
*3.2.2 die roepingsverklaring van die sinode;*
*3.2.3 die fokusareas deur die sinode gestel;*
*3.2.4 die begrotings- en beleggingsbeleid van die sinode; en*
*3.2.5 die beskikbaarheid van fondse daarvoor.*

Die sinodale kommissie vir hulpdienste het besluit om by die sinode aan te beveel dat die

volgende punte in die *Formule vir Sinodale Bydraes* gewysig word:

- punt 3.1.2 *“Vrywillige sinodale kollektes”*
- punt 3.1.3 *“Die volgende kollektes kan ook deur kerkrade oorweeg word”*

Motivering

a. Versoeke vir “*vrywillige kollektes*”, om huidige bedieningsbehoeftes aan te spreek, kan jaarliks deur sinodale kommissies by die taakspan beplanning en begroting ingedien word.

b. Nadat taakspan beplanning en begroting tydens die beplanning en begrotings vergadering in November die “*vrywillige kollektes*” goedgekeur het word ’n lys deur die sinodale kommissie vir hulpdienste in ’n skrywe, naamlik *Inligting vir kerkrade se gebruik op die aankondigings Sondae oor sinodale kollektes*, deurgegee.

**Die sinode besluit dat**

**1. punt 3.1.2 “*Vrywillige sinodale kollektes*” en punt 3.1.3 “*Die volgende kollektes kan ook deur kerkrade oorweeg word*” in die Formule vir Sinodale Bydraes geskrap word, naamlik**

~~**3.1.2 Vrywillige sinodale kollektes**~~
~~**Die volgende kollektes moet ook nog oorweeg word:**~~
~~**(a) Arbeidsbediening**~~
~~**(b) Beradingsentrum**~~
~~**(c) Aksie België vir Christus**~~
~~**(d) Bybelverspreiding**~~
~~**(e) CAD**~~
~~**(f) Christelike Lektuurfonds**~~
~~**(g) Hawesending**~~
~~**(h) Susanna Coetzee-tehuis, Bloemfontein**~~
~~**(i) Teologiese Kweekskool Stellenbosch**~~
~~**3.1.3 Die volgende kollektes kan ook oorweeg word deur kerkrade**~~
~~**(a) Hugenote Kollege**~~
~~**(b) Instituut vir Blindes**~~
~~**(c) Instituut vir Dowes**~~
~~**(d) Jan Krielskool**~~

**2. punt 3.1.2 en punt 3.1.3 vervang word met ’n nuwe punt 3.1.2 “*Vrywillige sinodale kollektes*” wat lui:**

**(a) Versoeke vir “*vrywillige kollektes*”, om huidige bedienings-behoeftes aan te spreek, moet jaarliks voor einde Oktober deur sinodale kommissies by taakspan beplanning en begroting ingedien word.**

**(b) Nadat taakspan *beplanning en begroting* in November die *“vrywillige kollektes*” goedgekeur het, word ’n lys deur die sinodale kommissie vir hulpdienste in ’n skrywe, naamlik *Inligting vir kerkrade se gebruik op die aankondigings Sondae oor sinodale kollektes*, aan gemeentes deurgegee.**

**4. punt 3.1.2 in die *Formule vir Sinodale Bydraes* (wat deel uitmaak van die *Finansiële beleid Noord-Kaapland* van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland) dienooreenkomstig aange-pas word**

**3. punt 3.1.2 in die huishoudelike bepalings van alle sinodale kommissies (SKHD, SKOK, SKDG en SKBO) opgeneem word.**

## 20. FINANSIERING VAN TUG- EN APPÈLSAKE

Sinode Noord-Kaapland 2014

*Die sinode besluit dat*

1. *die sinodale kerkordekommissie en die sinodale kommissie vir hulpdienste die moontlikheid van die skep van ’n “hulpfonds vir tug- en appèlsake” te ondersoek of om geld beskikbaar te stel uit die reserwefonds*
2. *die sinodale kerkordekommissie en die sinodale kommissie vir hulpdienste ’n reglement vir die aanwending van sodanige fondse moet opstel. Die reglement kan onder andere bepaal:*
   - *a. die kostes van ’n ondersoek (slegs vir ’n oorbruggingstydperk: kostes ter sprake is alleenlik direkte kostes aangegaan vir die ondersoek, soos reis- en verblyfkoste, kostes aangegaan vir telefoon vergaderings en daggeld) betaal kan word – met dien verstande dat die ring die verskuldigde bedrag aan die sinode sal terugbetaal.*
     *Sien Kerkorde Noord-Kaapland 2012 bepaling 29.8.*
     *Die koste van die ring word verhaal van die gemeente(s) in wie se belang daar opgetree is en/of van die gemeentes gesamentlik.*
   - *b. hulp aan ringe waar finansiële nood as gevolg van tug beleef word.*
3. *die sinodale kerkordekommissie besluit oor die aanwending van die beskikbare fondse.*

**Terugvoering**

Sien ***Verslag van die sinodale kommissie vir hulpdienste, punt 21: Reglemente van fondse van die sinode in Noord-Kaapland***, bladsy 183-184.

## 21. REGLEMENTE VAN FONDSE VAN DIE SINODE IN NOORD-KAAPLAND

Sinode Noord-Kaapland 2014

1. *Die sinode besluit dat sinodale kommissie vir hulpdienste ’n studie doen van alle bestaande*

*fondse met die oog op konsolidasie van die fondse. Die sinodale kommissie vir hulpdienste kry volmag, in oorleg met ander sinodale kommissies, om dit af te handel met verslag aan die volgende sinode.*

*a. die reglement Noord-Kaapland Sinode Fonds (NKSF) (Bylae 7) goedgekeur word.*
*b. die reglement Algemene Sinodesittingskoste Fonds (ASF) (Bylae 8) goedgekeur word*
*c. die reglement Sinodale Reserwefonds (RF) (Bylae 9) goedgekeur word.*
*d. die reglement Sinodale Meubel- en Kantoortoerusting Vervangingsfonds (MKF) (Bylae 10) goedgekeur word.*
*e. die reglement Mediese Voorsieningsfonds – emeriti voor 1996 (MF) (Bylae 11) goedgekeur word.*
*f. die reglement Teologiese en Maatskaplike werk Studiefonds (TMS) (Bylae 12) goedgekeur word.*
*g. die reglement Gemeentebedieningsfonds (GBF) (Bylae 13) goedgekeur word.*
*h. die Reglement Nywerheidsbedieningsfonds (NBF) (Bylae 14) goedgekeur word.*
*i. die reglement PJJS Lategan trustfonds (PJJS) (Bylae 15) goedgekeur word.*
*j. die reglement Jeugwerkfonds (JF) (Bylae 16) goedgekeur word.*
*k. die reglement VBO Reserwefonds (VBOF) (Bylae 17) goedgekeur word.*
*l. die reglement Leer- en Aktuele Sake Reserwefonds (LAF) (Bylae 18) goedgekeur word.*
*m. die reglement Diens en Getuienis Hulpfonds (DGHF) (Bylae 19) goedgekeur word.*
*n. die reglement Diens en Getuienis Hulpfonds (DGHF) ook aangewend kan word om fokusareas van diens en getuienis soos telkens deur die sinode bepaal, te befonds*

*2. Die sinode besluit dat Finansiële Beleid van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland met bylaes en reglemente van fondse afsonderlik gepubliseer word nadat die proses in punt 1 hierbo voltooi is.*

*3. Die sinode besluit dat die beginsels in bogenoemde reglemente goedgekeur word en versoek die sinodale kerkordekommissie om dit te versorg en in die Kerkorde op te neem.*

**Terugvoering**

1. <u>Konsolidasie</u> van fondse

Die sinodale kommissie vir hulpdienste het in oorleg met ander sinodale kommissies, 'n studie gedoen van alle fondse met die oog op konsolidasie van die fondse.

<u>2. Sinodale Instandhoudingsfonds</u>

Die sinodale kommissie vir hulpdienste het besluit dat 'n *Sinodale Instandhoudingsfonds (IF)* geskep word waaruit instandhouding ten opsigtige van Villierstraat 15 gedoen word, aangesien die eiendom nog in die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland se naam is. R100,000-00 is in die Sinodale Instandhoudingsfonds geplaas.

3. <u>Noord-Kaapland Sinodesittingskoste</u>

Die sinodale kommissie vir hulpdienste het besluit dat die *Noord-Kaapland Sinode Fonds (NKSF)* en die *Algemene Sinodesittingskoste Fonds (ASF*) saamgevoeg word in een fonds, naamlik die *Sinodesittingskoste Fonds (SF).*

4. <u>Sinodale Reserwefonds (RF)</u>

Die sinodale kommissie vir hulpdienste het besluit dat die *Sinodale Reserwefonds (RF)* en die *Sinodale Meubel- en Kantoortoerusting Vervangingsfonds (MKF)* saamgevoeg word in een fonds, naamlik die *Sinodale Reserwefonds (RF).* Die doel van die *Sinodale Reserwefonds (RF)* is uitgebrei om ook voorsiening te maak vir onvoorsiene uitgawes ten opsigte van tug en appèlsake.

- ***Reglement Sinodale Instandhoudingsfonds (IF)*** is aangeheg as ***Bylae 5***.
- ***Reglement Noord-Kaapland Sinodesittingskoste Fonds (SF)*** is aangeheg as ***Bylae 6***.
- ***Reglement Sinodale Reserwefonds (RF)*** is aangeheg as ***Bylae 7***.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**
1. **dat die *Noord-Kaapland Sinode Fonds (NKSF)* en die *Algemene Sinodesittingskoste Fonds (ASF)* saamgevoeg word in een fonds, naamlik die *Sinodesittingskoste Fonds (SF)***
2. **dat die *Sinodale Reserwefonds (RF)* en die *Sinodale Meubel- en Kantoortoerusting Vervangingsfonds (MKF)* saamgevoeg word in een fonds, naamlik die *Sinodale Reserwefonds (RF)***
3. **om die volgende reglemente goed te keur**
   **a. die reglement Sinodale *Instandhoudingsfonds (IF)* (Bylae 5).**
   **b. die reglement *Sinodesittingskoste Fonds (SF)* (Bylae 6).**
   **c. die *reglement Sinodale Reserwefonds (RF)* (Bylae 7).**
4. **dat klousule 10 (Fondse) van die *Finansiële beleid Noord-Kaapland (FB)* dienooreenkomstig aangepas word.**

**22. SAKE MET GROOT FINANSIËLE IMPLIKASIES**

<u>Sinode Noord-Kaapland 2014</u>

*Die sinode besluit dat*

*1. punt 2.8 en 2.9 in die begrotingsbeleid van die sinode van Noord-Kaapland (wat deel uitmaak van die Finansiële beleid van die Ned. Geref.*

*Kerk in Noord-Kaapland) in die huishoudelike bepalings van alle sinodale kommissies (SKHD, SKOK, SKDG en SKBO) opgeneem word*

2.8. *Voorstelle van kommissies aan die sinode met finansiële implikasies moet voor die sinodesitting met die taakspan beplanning en begroting uitgeklaar word*

2.9 *Enige projekte of aanwending van fondse wat afwyk van die jaarlikse beplanning en begroting kan slegs plaasvind in vooraf oorlegpleging met die taakspan beplanning en begroting.*

**Terugvoering**

Punt 2.8 en 2.9 in die begrotingsbeleid van die sinode van Noord-Kaapland (wat deel uitmaak van die Finansiële beleid van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland) is in die huishoudelike bepalings van alle sinodale kommissies (SKHD, SKOK, SKDG en SKBO) opgeneem.

## 23. VS / NK #IMAGINE NASIONALE KAMP: 10-12 APRIL 2015

Sinode Noord-Kaapland 2014

1. *Die sinode neem met dank en opgewondenheid kennis van VS / NK #Imagine Nasionale Kamp wat vanaf 10-12 April 2015 aangebied word.*
2. *Die sinode dra dit aan die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning en die sinodale kommissie vir hulpdienste op om Jonk NK finansieel te ondersteun ten einde die VS / NK #Imagine Nasionale Kamp te kan aanbied. Jonk NK onderneem om self ook borge te gaan vind ten einde hierdie kostes te help dek.*

*Die sinode BESLUIT dat punt 2 van bogenoemde voorstel na die taakspan beplanning en begroting verwys word.*

**Terugvoering**

Sien ***Verslag van die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning, punt 4.2: VS / NK #Imagine Nasionale Kamp: 10-12 April 2015***, bladsy 22-23.

## 24. SINODALE KOMMISSIE VIR HULP-DIENSTE

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat ’n sinodale kommissie vir hulpdienste saamgestel word soos voorgeskryf in die huishoudelike bepalinge van die sinodale kommissie vir hulpdienste.**

## 25. SLOT

Die kommissie vertrou dat hy sy opdrag uitgevoer het.

## 26. LEDE VAN DIE KOMMISSIE

Dr. AC Swanepoel (voorsitter)
Ds. J Oosthuizen (ondervoorsitter)
Ds. TE Smit (skriba)
Oudl. LJ van der Merwe
Ds. C Jonck
Oudl. EL Daffue
Ds. PJ Conradie
Ds. VR Terblanche
Ds. PJL Blaauw
Ds. LB de Villiers
Ds. PF Coetzee
Oudl. JP Smit
Ds. FD Hugo (Hoof Uitvoerende Direkteur Caritas Gemeenskapsfokus NPC)
Me E Badenhorst (rekenmeester)
Ds JPL Mostert (predikant in sinodale diens)

**BYLAE 1**

# FONDSBELEGGINGS PENSIOENFONDS VAN PREDIKANTE SOOS OP 31 DESEMBER 2015

**Die fonds se beleggingsportefeuljes en -prestasie**
Die tabel hieronder toon die waarde van die fonds se beleggingsportefeuljes (ook beleggingskanale genoem) soos op 31 Desember 2015 en die netto (na beleggingsgelde) beleggingsopbrengste wat op die onderskeie portefeuljes verdien is oor die periodes tot 31 Desember 2015:

| Portefeuljes | Waarde | 1 jaar * | 3 jaar (p.j.) * |
|---|---|---|---|
| Langtermyn Portefeulje | R1 127,1m | 11,6% (10,0%) | 16,2% (15,0%) |
| Konserwatiewe Portefeulje | R286,5m | 12,1% (11,1%) | 14,2% (12,8%) |
| Inkomstebeskerming Portefeulje | R50,2m | 7,2% (6,5%) | 6,7% (5,8%) |
| Pensioentrekker Portefeulje | R384,0m | 11,1% (11,4%) | 14,0% (13,0%) |
| Reserwe Portefeulje # | R12,1m | 7,2% (6,5%) | 6,6% (5,8%) |
| **Totale fondswaarde/-opbrengs** | **R1 860,0m** | **11,5% (10,4%)** | **15,3% (14,1%)** |
| Inflasie | | 5,2% | 5,3% |

* *Die syfers in hakies toon die maatstaf opbrengste wat die fonds sou verdien het indien die fonds nie van aktiewe batebestuur gebruik gemaak het nie, maar die fonds se beleggings in beleggingsindekse belê het, gegewe 'n begripsmatige (veronderstelde) bate-allokasie. Geen aanpassing is gemaak om bestuurderfooie in ag te neem nie.*

\# *Die Reserwe Portefeulje bevat die beleggings ten opsigte van die fonds se gebeurlikheidsreserwes en ander voorsienings.*

'n Markaanwyser is 'n ndeks wat 'n aanduiding gee van die algemene rigting en sterkte van 'n mark. Die volgende tabel wys hoe die sleutelmarkaanwysers (Suid-Afrikaanse en buitelandse aandele, effekte en kontant) oor verskillende tydperke gevaar het.

| Bateklas | 1 Jaar tot 31 Desember 2015 | 3 Jaar tot 31 Desember 2015 |
|---|---|---|
| Plaaslike aandele | 5,2% | 12,4% |
| Plaaslike eiendom | 8,0% | 14,0% |
| Plaaslike effekte | -3,9% | 2,1% |
| Plaaslike kontant | 6,5% | 5,8% |
| Buitelandse aandele | 33,5% | 34,7% |
| Buitelandse effekte | 29,7% | 20,1% |

Die tabel hierbo toon aan dat bykans alle bateklasse positiewe opbrengste gedurende 2015 gelewer het. Buitelandse aandele het die hoogste opbrengs oor die jaar tot einde Desember 2015 gelewer, gevolg deur buitelandse effekte. Dié hoë opbrengste is meestal as gevolg van die verdere verswakking van die rand teenoor die dollar oor die afgelope jaar. Plaaslike gelyste eiendomme het, van die plaaslike bateklasse, die hoogste opbrengs gelewer. Plaaslik effekte het 'n negatiewe opbrengs oor die afgelope jaar getoon.

Die Langtermyn Portefeulje, wat 'n aansienlike blootstelling aan plaaslike aandele het, het 'n nominale opbrengs van 16,2% oor die drie jaar periode gelewer, en 'n uitstekende 10,9% per jaar in reële terme (na inflasie) oor dieselfde periode. 'n Mens moet versigtig wees om nie toekomstige groeiverwagtinge op historiese syfers te baseer nie. Die gemiddelde verwagting is dat die Langtermyn Portefeulje 5% tot 6% per jaar reële opbrengste sal lewer, soos oor die afgelope jaar behaal.

**Die fonds se beleggingskeuses**
Lede word daaraan herinner dat die fonds van 'n lewensfasemodel (ook die fonds se verstek beleggingsportefeulje) gebruik maak waar die beleggingstrategie al hoe meer konserwatief word nader

aan aftrede. Volgens die lewensfasemodel sal ’n lid dus teen aftree-ouderdom ten volle in ’n kontantportefeulje belê wees.

’n Lid kan egter enige tyd kies om van die lewensfasemodel af te wyk, in welke geval daar dan twee moontlike opsies is. In die eerste plek kan ’n lid kies om in die beleggingsmodel vir lewende annuïteite te belê. Soos die naam aandui, is dit van toepassing op lede wat beplan om ’n lewende annuïteit by aftrede aan te koop. Dit is belangrik om die fonds vroegtydig (ten minste **sewe jaar** voor aftrede) hiervan in te lig sodat die nodige reëlings getref kan word.

Tweedens kan die fondswaarde en toekomstige bydraes volgens die lid se eie keuse tussen die beskikbare beleggingsportefeuljes versprei word. Dit moet egter nie spekulatief gedoen word nie en moet met die nodige advies gepaard gaan. Lede met ’n lang beleggingshorison behoort daarteen waak om nie hul fondswaarde te konserwatief te belê nie – ’n langtermynbelegging in die Inkomstebeskerming Portefeulje sal byvoorbeeld waarskynlik nie inflasie met 2% of meer klop nie.

**Die fonds se batebestuurders**
Die fonds se huidige batebestuurders het oor die algemeen waarde toegevoeg deur die bates aktief te bestuur. Lede kan egter verseker wees dat die trustees deurlopend indringende vrae stel oor die vermoëns van die fonds se batebestuurders en, saam met die beleggingskonsultante, baie tyd spandeer om die regte besluite in hierdie verband te neem.

So het die fonds dan ook gedurende die jaar besluit om ’n oorsese aandele bestuurder, Orbis, se aanstelling te termineer en by Hosking Partners te belê.

Die gedeelte van die fonds se hoof-bateklasse wat deur elk van die batebestuurders bestuur word, was soos volg op 31 Desember 2015:

| Batebestuurders | SA-aandele R’m | SA-eiendom R’m | SA-effekte R’m | SA-krediet R’m | SA-geldmark R’m | SA-deposito’s gestruktureer d R’m |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Allan Gray | 228,7 | | | | | |
| Abax | 224,1 | | | | | |
| Coronation | 219,3 | | | | | |
| Metope | | 47,3 | | | | |
| Sesfikile | | 48,4 | | | | |
| ABSA | | | | | | 81,1 |
| Investec | | | 242,5 | 148,1 | 112,1 | |
| Standard Bank | | | | | | 17,6 |
| **Totale waarde** | **672,1** | **95,7** | **242,5** | **148,1** | **112,1** | **98,7** |
| Batebestuurders | Buitelandse aandele | | Buitelandse effekte | | | |
| State Street | 232,0 | | | | | |
| Hosking Partners | 126,6 | | | | | |
| Morgan Stanley | 80,1 | | | | | |
| PIMCO | | | 52,0 | | | |
| **Totale waarde** | **438,7** | | **52,0** | | | |

(*Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika Trusteeverslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2015*)

**BYLAE 2**

# NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND

## GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2016

| | Begroot | 2016 | 2015 |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | **R** | **R** | **R** |
| Nuusbriewe - Intekengelde | - | 8 960.00 | 10 610.00 |
| Diverse inkomste | - | 1 200.00 | 1 200.00 |
| Gemeente bydrae | 4 994 541.00 | 5 064 725.63 | 5 019 912.40 |
| Huur Inkomste | - | 441 348.77 | 405 562.11 |
| Rente Ontvang | 250 000.00 | 347 016.02 | 321 217.27 |
| Sinodale kollektes | 670 000.00 | 776 167.52 | 712 563.71 |
| Versekerings eis | - | - | 49 211.52 |
| Dividende Ontvang | - | 79 932.73 | 71 832.16 |
| | 5 914 541.00 | 6 719 350.67 | 6 592 109.17 |
| Kapitaalwins | - | - | 11 255.16 |
| | 5 914 541.00 | 6 719 350.67 | 6 603 364.33 |
| | | | |
| **Min: Uitgawes** | 5 469 541.00 | 5 801 663.60 | 5 758 317.02 |
| Bydraes uitbetaal | 332 336.00 | 332 336.00 | 311 818.00 |
| Hulptoelaes | 2 378 000.00 | 2 378 000.00 | 2 264 000.00 |
| Waardasiekoste | - | - | 61 438.00 |
| Donasie | - | 300 000.00 | 460 000.00 |
| Mediese subsidie - Pensioenarisse | 190 200.00 | 190 200.00 | 199 200.00 |
| Kantooruitgawes | 169 000.00 | 148 173.86 | 151 781.60 |
| VBO | 20 000.00 | 20 000.00 | 60 000.00 |
| Nuusbriewe | - | 10 037.10 | 8 287.65 |
| Rekenmeesterfooie en Ouditkoste | 28 000.00 | 26 000.00 | 24 000.00 |
| Reis- en verblyfkoste | 1 105 253.00 | 1 014 315.89 | 859 031.14 |
| Salarisse en personeelkoste | 1 191 752.00 | 1 190 807.08 | 1 155 721.57 |
| Jeugkampe | 50 000.00 | 50 000.00 | 94 100.00 |
| Skriba kursusse | 5 000.00 | 3 065.00 | - |
| Onderhoudskoste - Villierstr 15 | - | 138 728.67 | 108 939.06 |
| | 445 000.00 | 917 687.07 | 845 047.31 |
| **Min:Oordragte na/(vanaf) fondse en voorsienings** | 445 000.00 | 545 000.00 | 415 000.00 |
| Reis en verblyfkoste: Algemene Sinode | 100 000.00 | 100 000.00 | 100 000.00 |
| : Noord-Kaaplandse Sinode | 225 000.00 | 225 000.00 | 175 000.00 |
| Sinodale Sinodale In stand houdingsfonds | - | 100 000.00 | - |
| Teologiese Studie- en Maatskaplike werkfonds | - | - | 20 000.00 |
| Gemeentebedieningsfonds | 100 000.00 | 100 000.00 | 100 000.00 |
| Kantoormeubels - Vervanging | 20 000.00 | 20 000.00 | 20 000.00 |
| **Surplus/(Tekort) vir die tydperk (oorgedra)** | - | 372 687.07 | 430 047.31 |

| Inkomste | Begroot R | 2016 R | 2015 R |
|---|---|---|---|
| **Surplus/(Tekort) vir die tydperk na begrotingsreserwe** | | 372 687.07 | 430 047.31 |
| **Min: Surplus toedeling aan gemeentes** | | 370 000.00 | - |
| **Saldo aan die begin van die tydperk** | | 8 705 140.30 | 8 275 092.99 |
| **Saldo aan die einde van die tydperk** | | 8 707 827.37 | 8 705 140.30 |

## GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2016

| | 2016 | 2015 |
|---|---|---|
| **BATES** | **R** | **R** |
| **Nie-bedryfsbates** | 12 295 795.52 | 11 927 764.64 |
| Vaste bates | 2 790 913.57 | 2 790 913.57 |
| Langtermynbeleggings | 9 504 881.95 | 9 136 851.07 |
| | | |
| **Bedryfsbates** | 2 098 852.97 | 2 318 475.95 |
| Kontant in bank, voorhande en op deposito | 1 535 329.08 | 1 791 781.36 |
| Debiteure | 563 523.89 | 526 694.59 |
| | | |
| **Totale bates** | 14 394 648.49 | 14 246 240.59 |
| | | |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| **Kapitaal en reserwes** | 11 172 575.07 | 11 169 888.00 |
| Kapitaalfonds | 2 464 747.70 | 2 464 747.70 |
| Begrotingsreserwe | 8 707 827.37 | 8 705 140.30 |
| | | |
| **Nie-bedryfslaste** | 3 136 378.61 | 2 963 722.62 |
| Trustgelde | 104 512.32 | 148 544.87 |
| Ander fondse | 2 655 174.54 | 2 660 113.96 |
| Reis- en verblyfkoste | | |
| -Algemene Sinode | 149 521.66 | 151 264.58 |
| -Noord-Kaaplandse Sinode | 227 170.09 | 3 799.21 |
| | | |
| **Bedryfslaste** | 85 694.81 | 112 629.97 |
| Krediteure | 85 694.81 | 112 629.97 |
| | | |
| **Totale ekwiteit en laste** | 14 394 648.49 | 14 246 240.59 |

**BYLAE 3**

# SINODALE FONDSE SOOS OP 29 FEBRUARIE 2016

## 1. SINODALE KOMMISSIE VIR HULP-DIENSTE

### 1.1 Gemeentebedieningsfonds (GBF)

Die gemeentebedieningsfonds word aangewend om gemeentes te help om die bediening voort te sit by wyse van hulp ten opsigte van die bedienaar van die Woord se traktement.

Bronne van fonds:

- Verpligte sinodale kollekte: gemeentebedieningfonds.
- Vrywillige bydraes, erflatings ensovoorts.
- Surplus fondse soos deur die SKHD toegewys

**Saldo: R386 759**

### 1.2 Mediese voorsieningsfonds – emeriti voor 1996 (MF)

Die sinodale kommissie vir administrasie het besluit om 'n fonds op te bou nadat die pensioenfonds mediese voorsiening gestop het.

Die fonds is geskep om voorsiening te maak vir hulp aan emeriti (wat voor 1996 in Noord-Kaapland geëmeriteer het) en vir sinodale personeel om hulle mediese premies by te bring na aftrede.

Geen nuwe aansoeke kan plaasvind aangesien die fonds geskep is vir emeriti wat voor 1996 in Noord-Kaapland geëmeriteer het.

Bronne van fonds:

- Jaarlikse begroting

**Saldo: R215 090**

### 1.3 PJJS Lategan Trustfonds (PJJS)

Mnr. PJJS Lategan van Strydenburg het plase aan die NG Kerk van Kaapland bemaak. Die eiendomme is verkoop en die opbrengs is belê. Die rente-opbrengs word gelykop tussen die 3 sinodes van die ou Kaapprovinsie verdeel.

Doel:

- Om beskikbare fondse volgens die voorskrifte van die hofbevel toe te ken
- Hofuitspraak ten opsigte van aanwending van opbrengs (Uittreksel)

  *(3) Die trustfonds word op so 'n wyse administreer dat die kapitaal van die trust met inagneming van die verandering in die waarde van geld, in reële terme in stand gehou word;*

  *(4) Aanwending van inkomste:*

  *Die reële opbrengs van die trustbates, dit wil sê nadat daar voorsiening gemaak is vir die behoud van die kapitaal van die trust, soos uiteengesit in paragraaf (3) hierbo, word as volg aangewend:*

  *(a) minstens 25 % van die jaarlikse opbrengs daarvan moet beskikbaar gestel word vir hulpbehoewende nasate van PJJS Lategan en/of hulpbehoewende nasate van die broers en susters van PJJS LATEGAN, wat ook lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is. Indien die bedrag in 'n spesifieke jaar nie opgeneem word nie, moet dit toeval tot die algemene inkomstefonds van die trust vir gelykopverdeling tussen die Sinodes van Ooskaap, Noordkaap en Weskaap;*

  *(b) die restant van die jaarlikse opbrengs daarvan, tesame met enige bedrag wat aan enige van die hierin na vermelde Sinodes toegedeel word uit hoofde van die bepalings van paragraaf (4) (a) hierbo, word gelykop tussen die Sinodes van Ooskaap, Noordkaap en Weskaap verdeel vir:*

  *(i) finansiële bystand aan hulpbehoewende lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, soos na verwys in paragraaf 2(b) hiertoe, wat ressorteer.*

  *(ii) opvoeding van hulpbehoewende seuns en dogters van lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, met voorkeur aan hulpbehoewende nasate van PJJS LATEGAN en/of hulpbehoewende nasate van die broers en susters van PJJS LATEGAN, wat ook lidmate is van die kerk, totdat sodanige seun of dogter en/of nasaat 'n primêre naskoolse kwalifikasie verwerf het.*

Bronne van fonds:

- Inkomste soos jaarliks ontvang vanaf die NG Kerk in Suid-Afrika

**Saldo: R104 512**

### 1.4 Sinodale Meubel- en Kantoortoerusting Vervangingsfonds (MKF)

Voorsiening te maak vir die vervanging van kantoortoerusting vir sinodale kantoor.

Bronne van fonds:

- Jaarlikse begroting

**Saldo: R74 728**

### 1.5 Sinodale Reserwefonds (RF)

Die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland het in 1980 besluit dat 'n sinodale reserwefonds opgebou word deur middel van 'n jaarlikse sinodale kollekte ten einde voorsiening te maak vir onvoorsiene gebeurlikhede. (Hand. 1980, p17, 243). Die sinodale kollekte is later gestaak.

Bronne van fonds:

- Fondse soos deur die SKHD toegewys

**Saldo: R166 279**

### 1.6 Teologiese en maatskaplike werk studiefonds (TMS)

Die sinodale kommissie vir hulpdienste bestuur 'n teologiese maatskaplike werk studiefonds waaruit beurse en/of lenings vir voorgraadse studie toegeken word om te kwalifiseer as bedienaars van die Woord en maatskaplike werkers.

Bronne van fonds:

- Verpligte sinodale kollekte: Teologiese en maatskaplike werk studiefonds
- Vrywillige bydraes, erflatings ens.
- Fondse soos deur die SKHD toegewys.

**Saldo: R405 519**

### 1.7 Sinodale instandhoudingsfonds (IF)

Die sinodale kommissie vir hulpdienste bestuur 'n sinodale instandhoudingsfonds wat voorsiening maak vir instandhouding van die eiendom te Villiersstraat 15. Die fonds termineer sodra Villiersstraat 15 na NGNK Tuistes NPC oorgedra is. Die fondswaarde sal oorgedra word na die instansie wat verantwoordelik is vir die instandhouding.

Bronne van fonds:

- Fondse soos deur die SKHD toegewys

**Saldo: R100 000**

## 2. SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS-GETUIENIS

### 3.1 Diens en Getuienis Hulpfonds (DGHF)

Die sinodale kommissie vir diens en getuienis ( bestuur 'n Diens en Getuienis Hulpfonds:

- Om uitvoering te gee aan die diens- en getuienis roeping van die kerk van die Here Jesus Christus soos telkens deur die sinode bepaal.
- Om diens- en/of getuienis projekte, wat waar moontlik gesamentlik deur die familie van NG Kerke geloods word en gerig is op die uitbreiding van die koninkryk, maar nie deur die begroting befonds kan word nie, te ondersteun.
- Om in verdienstelike gevalle, bediening binne die familie van NG Kerke, vir 'n beperkte termyn te befonds.

Bronne van fonds:

- Jan & Nellie Keyterfonds (sien punt 2.1).
- Verpligte sinodale kollekte: Diens en Getuienis Hulpfonds
- Vrywillige bydraes, erflatings ensovoorts.
- Fondse soos deur die SKHD toegewys

**Saldo: R808 379**

### 3.2 Nywerheidsbediening Fonds (NBF)

Die Nywerheidsbediening adviseer en onderneem geestelike werk in die plaaslike handel, nywerheid en verwante ondernemings.

Bronne van fonds:

- Medewerkende kerke
- Ander kerklike instansies
- Privaat persone
- Nywerheidsinstellings en verwante instellings

**Saldo: R55 501**

## 4. SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING

### 4.1 Jeugwerkfonds (JF)

Om gemeentes te bemagtig in alle fasette van jeugwerk in die sinode van Noord-Kaapland.

Bronne van fonds:

- Vrywillige bydraes, erflatings ensovoorts.
- Surplus fondse soos deur die SKHD toegewys.
- Jaarlikse begroting

**Saldo: R285 791**

### 4.2 Leer- en Aktuele Sake – Reserwefonds (LAF)

Die taakspan leer en aktuele sake adviseer die sinode in verband met alle sake rakende leerstellige en etiese kwessies van aktuele belang in die lewe en getuienis van die sinode van Noord-Kaapland. Die taakspan doen die nodige beplanning vir en navorsing oor leerstellige en aktuele sake vir die sinode en doen verslag aan die sinode.

Die taakspan kan ook deur ringe, gemeentes en lidmate om advies en toerusting genader word.

Bronne van fonds:

- Geen

**Saldo: R60 874**

### 4.3 VBO Reserwefonds (VBOF)

Om VBO-geleenthede vir bedienaars van die Woord, wat die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland in die sinodale aanbied, te help befonds.

Om gemeentes, wat dit nie finansieel kan bekostig nie, in staat te stel dat hulle bedienaar van die Woord die nodige bedieningsvaardighede behou deur aan die verskillende fasette van voortgesette bedieningsontwikkeling (VBO) deel te neem.

Bronne van fonds:

- Vrywillige bydraes, erflatings ensovoorts.
- Jaarlikse begroting

**Saldo: R96 250**

# STAND VAN FONDSE SOOS OP 29 FEBRUARIE 2016: SAMEVATTING

## 1. SINODALE KOMMISSIE VIR HULP-DIENSTE

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Gemeentebedieningsfonds | R386 759 |
| 1.2 | Mediese Voorsieningsfonds – emeriti voor 1996 | R215 090 |
| 1.3 | PJJS Lategan Trustfonds | R104 512 |
| 1.4 | Meubel- en kantoortoerustings-vervangingsfonds | R74 728 |
| 1.5 | Sinodale Reserwefonds | R166 279 |
| 1.6 | Teologiese en maatskaplike werk studiefonds | 405 519 |
| 1.7 | Sinodale instandhoudingsfonds | R100 000 |

## 3. SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS-GETUIENIS

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Diens en Getuienis Hulpfonds | R808 379 |
| 3.2 | Nywerheidsbediening Fonds | R55 501 |

## 4. SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIEN-INGSONDERSTEUNING

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Jeugwerkfonds | R285 791 |
| 4.2 | Leer- en Aktuele Sake – Reserwefonds | R60 874 |
| 4.3 | VBO-Reserwefonds | R96 250 |
| **TOTAAL** | | R2 759 682 |

**BYLAE 4**

# BEGROTING 2016/2017

## SINODALE KOMMISSIE VIR HULPDIENSTE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | **2015/2016** | | **2016/2017** |
| **1** | **SALARISSE EN TOELAES** | | | | |
| | Sinodale personeel (*Predikant in sinodale diens, rekenmeester, sekretariële beampte, assistent*) | | **1,191,752** | | **1,248,513** |
| **2** | **ADMINISTRATIEWE UITGAWES** | | | | |
| | Assuransies | | 16,000 | | 16,000 |
| | Drukwerk en Skryfbehoeftes | | 18,000 | | 20,000 |
| | Kantooruitgawes | | 40,000 | | 40,000 |
| | Ouditgelde | | 28,000 | | 29,000 |
| | Telefoon en Posgeld | | 60,000 | | 60,000 |
| | Sinodale Gebou : Water, ens. | | 35,000 | | 35,000 |
| | **Totaal Administratiewe uitgawes** | **R** | **197,000** | **R** | **200,000** |
| **3** | **KANTOORTOERUSTING** | | | | |
| | Vervangingskoste | **R** | **20,000** | **R** | **20,000** |
| **4** | **SUBS MED BYD: EMERITI EN PENS** | **R** | **190,200** | **R** | **189,600** |
| **5** | **OPLEIDING SKRIBAS** | **R** | **5,000** | **R** | **5,000** |
| **6** | **REIS- EN VERBLYFKOSTES** | | | | |
| **6.1** | **Kommissie vir Hulpdienste** | | 65,000 | | 65,000 |
| | **PSD Reiskoste** | | 15,000 | | 15,000 |
| **6.2** | **Verteenwoordigers sinode:** | | | | |
| | Algemene taakspan fondse | | 5,000 | | 5,000 |
| | Predikante pensioenfonds | | 5,000 | | 5,000 |
| **6.3** | **Sinodale Kommissies nie-aparte begroting** | | | | |
| | Kerkorde | | 56,700 | | 60,000 |
| | Telefoononkoste voorsitter SKOK | | 4,000 | | 4,500 |
| **6.4** | **Sinode Noord Kaapland** | | 225,000 | | 250,000 |
| | **Algemene Sinode** | | 100,000 | | 100,000 |
| | **Totaal: Reis- en Verblyfkostes** | **R** | **475,700** | **R** | **504,500** |
| **7** | **Teologies en Maatskaplike werk studiefonds** | **R** | **-** | **R** | **-** |
| **8** | **Gemeentebedieningsfonds** | **R** | **100,000** | **R** | **200,000** |
| **9** | **BEGROTINGS BYDRAES** | | | | |
| | Algemene sinode | | 228,127 | | 244,844 |
| | Argief | | 79,209 | | 79,645 |
| | | **R** | **307,336** | **R** | **324,489** |
| **10** | **TOTALE UITGAWES** | **R** | **2,486,988** | **R** | **2,692,102** |

| | | 2015/2016 | 2016/2017 |
|---|---|---|---|
| **11** | **VERWAGTE INKOMSTE** | | |
| | Rente | 250,000 | 250,000 |
| | Sinodale bydrae: Algemene sinode | 228,127 | 244,844 |
| | Sinodale bydrae: Argief | 79,209 | 79,645 |
| | Sinodale bydrae: SKHD | R 1,929,652 | R 2,117,613 |
| | **TOTALE INKOMSTE** | **R 2,486,988** | **R 2,692,102** |

**SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS EN GETUIENIS**

| | | 2015/2016 | 2016/2017 |
|---|---|---|---|
| **1** | **ADMINISTRATIEWE UITGAWES** | | |
| **1.1** | **Kommissie : Reis en verblyfkoste** | 38,500 | 40,000 |
| **1.2** | **Taakspan: Botswana** | 67,000 | 60,500 |
| **1.3** | **Taakspan: Diakonaat** | 40,000 | 35,700 |
| **1.4** | **Taakspan: Ekologie** | 22,500 | 14,500 |
| **1.5** | **Taakspan: Ekumene** | 27,038 | 30,000 |
| **1.6** | **Taakspan: Wêreldsending** | 4,927 | 760 |
| **1.7** | **Verteenwoordiger: Belydenis van Belhar** | 5,000 | - |
| **1.8** | **Verteenwoordiger: Bybelgenootskap** | 17,650 | 15,300 |
| **1.9** | **Christelike afhanklikheidsdiens (CAD)** | 15,000 | 15,000 |
| **1.10** | **Verteenwoordiger: GKEF** | 5,000 | 5,000 |
| **1.11** | **Verteenwoordiger: Grondhervorming en landelike ontwikkeling** | 8,000 | 8,000 |
| **1.12** | **Verteenwoordiger: Kuratorium NGKA** | 5,000 | 5,000 |
| **1.13** | **Verteenwoordiger: Missionale ekklesiologie** | 5,000 | - |
| **1.14** | **Verteenwoordiger: Seisoen van menswaardigheid** | 5,000 | - |
| **1.15** | **Verteenwoordiger: VDDG** | 5,000 | 20,000 |
| | **Totaal: Administratief** | **R 270,615** | **R 249,760** |
| **2** | **HULPTOELAE** | | |
| **2.1** | **NGKA-Phororo** | | |
| | 2.1.1 Globale Hulptoelaag | 270,000 | 300,000 |
| | 2.1.2 Benede Oranje Gemeente | 54,000 | 60,000 |
| | **TOTAAL** | **R 324,000** | **R 360,000** |
| **2.2** | **VGKSA-Phororo** | | |
| | 2.2.1 Globale Hulptoelaag | **R 27,000** | **R 30,000** |
| **2.3** | **RCA-Pearl** | **R 27,000** | **R 30,000** |
| **3** | **Globale hulp aan Caritas Gemeenskapsfokus NPC** | **R 2,000,000** | **R 2,100,000** |
| **4** | **TOTAAL VAN UITGAWES** | **R 2,648,615** | **R 2,769,760** |
| **5** | **INKOMSTE** | | |
| | **Sinodale Kollektes** | | |
| | Dutch Reformed Church in Botswana | 75,000 | 75,000 |
| | VGK Phororo | 70,000 | 75,000 |
| | NGKA Phororo | 80,000 | 75,000 |
| | RCA Pearl | 80,000 | 75,000 |
| | Hospitaalbearbeiding | 80,000 | 80,000 |
| | Caritas Kinder en Jeugsorgsentrum | 130,000 | 120,000 |
| | **Sinodale Bydrae: SKDG** | 2,133,615 | 2,269,760 |
| | **TOTALE INKOMSTE** | **R 2,648,615** | **R 2,769,760** |

## SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING

| | | 2015/2016 | 2016/2017 |
|---|---|---|---|
| **1** | **ADMINISTRATIEWE UITGAWES** | | |
| **1.1** | **Kommissie: Reis- en verblyfkoste** | **30,000** | **30,000** |
| **1.2** | **Taakspan: JONK NK** | | |
| | Reis- en Verblyfkoste | 33,888 | 30,000 |
| | Jeugwerkfonds aansuiwer | 50,000 | 50,000 |
| | #imagine | 240,000 | 215,000 |
| | Immergroen Ouerskap | 10,000 | 7,000 |
| | Kix materiaal ontwikkeling | 10,000 | - |
| | | **343,888** | **302,000** |
| **1.3** | **Taakspan: Eietydse gemeente bediening** | 21,000 | 20,000 |
| | Klein Gemeente Konferensie Gariep | 20,000 | 20,000 |
| | | **41,000** | **40,000** |
| **1.4** | **Taakspan: Leer en Aktuele Sake** | **-** | **-** |
| **1.5** | **Taakspan: Lidmaattoerusting** | **30,000** | **18,195** |
| **1.6** | **Taakspan: Predikantesake** | 40,000 | 19,260 |
| | Portefeulje: Predikanteversoring (dr. G Roux) | 45,000 | - |
| | Portefeulje: Mentorskap beginnende leraars | 80,000 | 127,050 |
| | VBO Reserwefonds aansuiwer | 20,000 | 20,000 |
| | 100-dae program (retraite) | - | - |
| | | **185,000** | **166,310** |
| **1.7** | **Taakspan: Vrouelessenaar NK** | 30,000 | 36,000 |
| | Vrouefees Noord-Kaapland | 11,050 | - |
| | Vrouefees Algemene Sinode | 3,000 | - |
| | Vrouelessenaar Algemene Sinode | 6,000 | 13,000 |
| | Vrouelessenaar Egalisasiefonds | 2,000 | - |
| | | **52,050** | **49,000** |
| **1.8** | **Verteenwoordigers** | | |
| | Verteenwoordiger: Gemeentebediening | 5,000 | 5,000 |
| | Verteenwoordiger: Gemeentedienste netwerk | 5,000 | 5,000 |
| | Verteenwoordiger: Jeugverteenwoordiger | 5,000 | 5,000 |
| | Verteenwoordiger: Leer en aktuele sake | 5,000 | 5,000 |
| | Verteenwoordiger: Lidmaatbemagtiging | 5,000 | 5,000 |
| | Verteenwoordiger: Erediens en liturgie | | 5,000 |
| | Verteenwoordiger: Klein gemeentes | 5,000 | - |
| | Verteenwoordiger: Predikantesake | 10,000 | 5,000 |
| | Verteenwoordiger: Reformasie 500 | 5,000 | 500 |
| | Verteenwoordiger: Kuratorium Pretoria | 9,000 | 9,000 |
| | Verteenwoordiger: Kuratorium Stellenbosch | 13,500 | 13,500 |
| | Verteenwoordiger: Kuratorium Vrystaat | 4,000 | 4,000 |
| | | **71,500** | **62,000** |

## SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING

| | | 2015/2016 | 2016/2017 |
|---|---|---|---|
| **1.9** | **Buro vir Gemeente Ondersteuning** | **500** | **500** |
| **1.10** | **Begrotingsbydrae Teol Kweekskool Stellenbosch** | **25 000** | **25,000** |
| **2** | **TOTALE UITGAWES** | **R 778,938** | **R 693,005** |
| **3** | **INKOMSTE** | | |
| | **3.1Sinodale kollektes** | | |
| | VBO (Voortgesette bedieningsondersteuning) | 70,000 | 80,000 |
| | Jeugwerk | 85,000 | 90,000 |
| | **3.2 Sinodale bydrae: Teol Kweeksk Stellenbosch** | 25,000 | 25,000 |
| | **3.3 Sinodale bydrae: SKBO** | 598,938 | 498,005 |
| | **TOTALE INKOMSTE** | **R 778,938** | **R 693,005** |

**BYLAE 5**

# REGLEMENT SINODALE INSTANDHOUDINGSFONDS (IF)

**1. NAAM**

Sinodale instandhoudingsfonds. Hierna genoem “IF”.

**2. AGTERGROND VAN DIE RF**

2.1 Die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland het ’n Sinodale instandhoudingsfonds.

**3. DOEL**

3.1 Om voorsiening te maak vir instandhouding van eiendom te Villiersstraat 15.

3.2 Die fonds termineer sodra Villiersstraat 15 na NGNK Tuistes NPC oorgedra is. Die fondswaarde sal oorgedra word na die instansie wat verantwoordelik vir die instandhouding.

**4. BELEID**

4.1 Die sinodale kommissie vir hulpdienste (hierna SKHD) besluit oor die bedrag wat aangewend kan word nadat nodige kwotasies verkry is.

4.2 Die IF word slegs vir instandhouding van eiendom aangewend.

**5. BRONNE VAN DIE FONDS**

5.1 Fondse soos deur die SKHD toegewys.

**6. PROSEDURE VIR TOEKENNING VAN FONDSE UIT DIE RF**

6.1 Die IF word deur die SKHD geadministreer.

**7. REGLEMENTWYSIGING**

Die reglement kan slegs deur die sinode van Noord-Kaapland gewysig word.

**BYLAE 6**

# REGLEMENT SINODESITTINGSKOSTE FONDS (SF)

**1. NAAM**

Sinodesittingskoste fonds. Hierna genoem "SF".

**2. AGTERGROND VAN DIE NKSF**

2.1 Die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland het 'n Noord-Kaapland Sinode Fonds (NKSF) tot en met Oktober 2016 gehad.

2.2 Die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland het 'n Algemene Sinodesittings-koste Fonds (ASF) tot en met Oktober 2016 gehad.

2.3 In Oktober 2016 is goedgekeur dat die Noord-Kaapland Sinode Fonds (NKSF) en die Algemene Sinodesittingskoste Fonds (ASF) saamgevoeg word in een fonds, naamlik die Sinodesittingskoste fonds (SF).

**3. DOEL**

3.1 Die Sinodesittingskoste fonds dek die onkostes van gewone en buitengewone vergaderings van die sinode en vergaderings van kommissies wat oor geen fondse beskik nie. Alle sinodale kommissies wat fondse beheer, dra die koste van hul vergaderings en projekte.

3.2 In die jaar waarin die sinode vergader stort elke kerkraad 'n bedrag, soos deur die sinodale kommissie vir hulpdienste bepaal, voor 30 Junie in die Sinodesittingskoste fonds.

3.3 Voorsiening te maak vir die onkoste (reis- en verblyfkoste) van gewone en buitengewone vergaderings van die Algemene Sinode wat tussen die 10 deelnemende streeksinodes ge-egaliseer word.

3.4 Definisie van egalisasie: "*to make something the same in size, amount, or importance for everyone in a place or for all the members of a group*".

**4. BELEID**

4.1 Die sinodale kommissie vir hulpdienste (hierna SKHD) besluit jaarliks oor die bedrag wat aangewend kan word.

**5. BRONNE VAN DIE FONDS**

5.1 Jaarlikse begroting

5.2 Bydraes vanaf gemeentes vir afgevaardigdes

**6. PROSEDURE VIR TOEKENNING VAN FONDSE UIT DIE NKSF**

6.1 Die SF word deur die SKHD geadministreer.

**7. REGLEMENTWYSIGING**

Die reglement kan slegs deur die sinode van Noord-Kaapland gewysig word.

**BYLAE 7**

# REGLEMENT SINODALE RESERWEFONDS (RF)

**1. NAAM**

Sinodale reserwefonds. Hierna genoem “RF”.

**2. AGTERGROND VAN DIE RF**

2.1 Die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland het in 1980 besluit dat ’n sinodale reserwefonds opgebou word deur middel van ’n jaarlikse sinodale kollekte ten einde voorsiening te maak vir onvoorsiene gebeurlikhede. (Hand. 1980, p17, 243). Die sinodale kollekte is later gestaak.

2.3 Die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland het ’n Sinodale Meubel- en Kantoortoerusting Vervangingsfonds (MFK) tot en met Oktober 2016 gehad. Die MFK het voorsiening gemaak vir die vervanging van kantoortoerusting.

2.4 In Oktober 2016 is goedgekeur dat die Sinodale Reserwefonds (RF) en die Sinodale Meubel- en Kantoortoerusting Vervangingsfonds (MKF) saamgevoeg word in een fonds, naamlik die Sinodale Reserwefonds (RF).

**3. DOEL**

3.1 Voorsiening te maak vir onvoorsiene uitgawes.

3.2 Voorsiening te maak vir die vervanging van kantoortoerusting vir sinodale kantoor.

3.3 Voorsiening te maak vir onvoorsiene uitgawes ten opsigte van tug en appèlsake.

**4. BELEID**

4.1 Die sinodale kommissie vir hulpdienste (hierna SKHD) besluit oor die bedrag wat aangewend kan word.

**5. BRONNE VAN DIE FONDS**

5.1 Fondse soos deur die SKHD toegewys.

5.2 Jaarlikse begroting.

**6. PROSEDURE VIR TOEKENNING VAN FONDSE UIT DIE RF**

6.1 Die RF word deur die SKHD geadministreer.

6.2 SKOK doen aansoek ten opsigte van onvoorsiene uitgawes by die SKHD.

6.3 SKHD besluit oor die aansoek van SKOK vir onvoorsiene uitgawes nadat die advies van al die voorsitters van sinodale kommissies ingewin is.

**7. REGLEMENTWYSIGING**

Die reglement kan slegs deur die sinode van Noord-Kaapland gewysig word.

# 2. VERSLAG VAN DIE SINODALE KERKORDEKOMMISSIE

Geagte voorsitter en afgevaardigdes

U kommissie lê die volgende verslag aan die sinode voor:

## 1. PERSONEEL EN VERGADERINGS

Op die konstitueringsvergadering van 14 Oktober 2014 is die volgende uitvoerende komitee verkies: Ds. GJ Duursema (voorsitter), ds. SW Albertyn (ondervoorsitter), ds. NB Roux (skriba). Nadat ds. NB Roux as skriba bedank het, is ds. CR Scheepers as skriba verkies.

Daar is aandag gegee aan die opdrag wat die kommissie het soos verwoord in die huishoudelike bepalinge van die sinodale kerkordekommissie.

## 2. SAMESTELLING SINODALE KERKORDEKOMMISSIE

Die sinodale kerkordekommissie het 11 keer vergader en baie van die vergaderings was telefonies.

### 2.1 Verteenwoordigers

Die sinodale kerkordekommissie het die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die volgende taakspanne van die algemene sinode verteenwoordig, met verslag aan die sinodale kerkordekommissie, nl.:

Algemene taakspan regte — Ds. GJ Duursema

## 3. REDAKSIONELE WYSIGINGS AAN KERKORDE 2014

1. Redaksionele wysigings is aan die Kerkorde van 2014 aangebring soos deur die sinode besluit:
   - Bepaling 22
   - Bepaling 34.2.3
   - Bepaling 35.1.1
   - Bepaling 35.3
   - Bepaling 35.5.2.1
   - Bepaling 35.5.2.4
   - Bepaling 35.6.1
   - Bepaling 35.6.3
2. Wysigings is aan die Kerkorde van 2014 aangebring soos deur die sinode besluit:
   - Bepaling 7
   - Bepaling 8
   - Bepaling 13
   - Bepaling 14
   - Bepaling 35.5.2.4
   - Bepaling 57
   - Huishoudelike bepaling van die sinodale kommissie vir hulpdienste
   - Finansiële beleid Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland (FB)
   - Die reglement Algemene Sinodesittings-koste Fonds (ASF)
   - Die reglement Diens en Getuienis Hulpfonds (DGHF)
   - Die reglement Gemeentebedieningsfonds (GBF)
   - Die reglement Jeugwerkfonds (JF)
   - Die reglement Leer- en Aktuele Sake Reserwefonds (LAF
   - Die reglement Mediese Voorsieningsfonds – emeriti voor 1996 (MF)
   - Die reglement Noord-Kaapland Sinode Fonds (NKSF)
   - Die Reglement Nywerheidsbedienings-fonds (NBF)
   - Die reglement PJJS Lategan trustfonds (PJJS)
   - Die reglement Sinodale Meubel- en Kantoortoerusting Vervangingsfonds (MKF)
   - Die reglement Sinodale Reserwefonds (RF)
   - Die reglement Teologiese en Maatskaplike werk Studiefonds (TMS)
   - Die reglement VBO Reserwefonds (VBOF)

## 4. ARTIKEL 1: IMPLIKASIES BESLUIT NOORD-KAAPLAND 2015

Sinode Noord-Kaapland 2015

*Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland verbind haar tot kerkhereniging en kerkvereniging. Gemeentes word aangemoedig om op allerlei maniere eenheid te soek en by gemeentes te gaan kersopsteek waar die proses reeds aan die gang is en die sinodale kerkordekommissie en die sinodale kommissie vir diens en getuienis te bedien met die nodige inligting.*

*Die aanbeveling word na die sinodale kerkordekommissie en sinodale kommissie vir diens en getuienis verwys met verslag aan die volgende sinode.*

**Terugvoering**

Sien ***Verslag van die sinodale kommissie vir diens en getuienis, punt 6.3: Artikel 1: Implikasies besluit Noord-Kaapland 2015***, bladsy 163-165.

## 5. TUSSEN-ORDE

Die algemene sinode het in 2015 besluite geneem waarvan die sinode in Noord-Kaapland kennis moet neem:

**Kerkhereniging: NG Kerk, VGKSA, NGKA en RCA/Tussen-Orde** (A.10 bl. 208 pt 5.5, Notule Dag 5 pt 19)

*5.5.1 Die Algemene Sinode spreek haar dank teenoor die ander drie kerke van die NG Kerkfamilie uit oor hulle bereidwilligheid en verbintenis dat die vier kerke saam die pad na hereniging loop.*

*5.5.2 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om toe te sien dat daar kapasiteit is sodat die onderhandelingspad van die vier kerke volhoubaar is.*

*5.5.3 Die Algemene Sinode is dankbaar vir die uitkoms van die Volmoedkonsultasie, en spreek sy dank teenoor die kerke van die NG Kerkfamilie, Wes- en Suid-Kaapland asook prof Leo Koffeman en ds Evert Overeem uit vir harde en postiewe werk.*

*5.5.4 Die Algemene Sinode ontvang die werk van die Zikomowerkwinkel en die voorgestelde Tussen-orde met dank.*

*5.5.5 Die Algemene Sinode keur die Tussen-orde goed mdo op die kerkherenigingsreis van die kerke van die NG Kerkfamilie.*

**Kerkhereniging: Tussen-Orde** (A.10 bl 208 pt 5.5, bl 240, T.18.3 bl 1 pt 1.2, Notule Dag 5 pt 19)

*1.2.1 Die Algemene Sinode keur dit goed dat na pt 5.5.5 op bl. 208 'n nuwe 5.5.6 ingevoeg word:*

*5.5.6 Die Algemene Sinode keur 'n nuwe pt 6.5 met opskrif Tussen-orde in Hoofstuk 6 van die Kerkorde met 'n gepaardgaande nuwe Artikel 71 goed:*

*6.5 Tussen-orde*

*Artikel 71*

*71.1 Met die oog op enige proses van kerkhereniging van die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie onderling, of kerkvereniging met ander gereformeerde kerke, stel die Algemene Sinode vir sodanige samewerking en/of samevoeging van werksaamhede reëlings vas.*

*71.2 Sodanige reëlings word in 'n Tussen-orde omskryf, wat na die goedkeuring van die Algemene Sinode in die Kerkordeboek opgeneem word.*

*71.3 Waar 'n Tussen-orde in stryd is met die Kerkorde of waar 'n Tussen-orde nie vir 'n bepaalde saak voorsiening maak nie, geld die Kerkorde.*

*71.4 Waar 'n Tussen-orde in stryd is met die bepalings en reglemente van die samestellende sinodes of waar 'n Tussen-orde nie vir 'n bepaalde saak voorsiening maak nie, kan 'n Tussen-orde eers in 'n sinode gebruik word nadat die goedkeuring van die betrokke sinode verkry is.*

*71.5 'n Tussen-orde is nie bepalend of bindend vir die vorm en inhoud van 'n nuwe Kerkorde wat later in 'n verenigde kerk saamgestel mag word nie.*

*71.6 'n Tussen-orde word gesamentlik opgestel en moet die goedkeuring dra van die gevolmagtigde verteenwoordigers van al die betrokke kerke wat in die proses van vereniging of hereniging met die Nederduitse Gereformeerde Kerk is.*

*71.7 'n Tussen-orde sal alleen van toepassing wees waar twee of meer regspersone van verskillende kerkverbande daartoe ooreenkom.*

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**
1. **dat kerkrade en ringe kennis neem van die tussen-orde en implementeer waar toepaslik.**
2. **dat kerkrade en ringe aangemoedig word om die tussen-orde op plaaslike vlak te gebruik en daarmee die proses van kerkhereniging te bevorder.**

## 6. ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD (ABR)

Sinode Noord-Kaapland 2014

*Die sinode besluit om die optrede van die sinodale kerkordekommissie goed te keur, naamlik*

1. *om die versoek van die Algemene Sinode, naamlik "(Die AS) versoek die sinodes om behulpsaam te wees met die invordering van die bedienaars van die Woord se huidige en agterstallige registrasiefooie") aan die sinode van Noord-Kaapland in Oktober 2014 voor te lê*
2. *tot tyd en wyl die sinode van Noord-Kaapland hom oor bogenoemde uitgespreek het bly die sinode van Noord-Kaapland 2012 steeds geldig:*
   *3. Die sinode besluit dat voordat daar nie bevredigende antwoorde gegee is, rakende die finansiële navrae aan die ABR vanaf die sinodale kommissie vir hulpdienste, die gemeentes en leraars van die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland geen finansiële bydrae tot die ABR sal maak nie.*
   *4. Indien bevredigende antwoorde na die oordeel van die sinodale kommissie vir hulpdienste verskaf is, word aan die Sinodale kommissie vir hulpdienste volmag gegee om gemeentes en leraars in te lig rakende hul finansiële verpligtinge teenoor die ABR.*
3. *dat in die lig van bogenoemde kan die sinodale kantoor van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland nie aan die versoek voldoen nie.*
4. *dat bogenoemde aan die sinodale kommissie vir hulpdienste voorgelê word vir hulle insette.*

Sinode Noord-Kaapland 2014

*Die sinode besluit*

1. *om kennis te neem van die Werksdokument oor algemene bevoegdheidsraad (ABR) / algemene steunspan predikantesake (ASP) (Bylae 1)*
2. *om aan die sinodale kerkordekommisie opdrag te gee om tendense wat die verslag*

*uitwys verder te identifiseer en te ondersoek met verslag aan die sinode.*

*3. dat ringe versoek word om aan die gesprek deel te neem.*

**Terugvoering**

Die algemene sinode het in 2015 besluite geneem waarvan die sinode in Noord-Kaapland kennis moet neem:

**B.1 Prosesvoorstel TOV B.**1 (Notule Dag 6 pt 7)

1. Die Algemene Sinode aanvaar die beginsels vervat in A.15 Moderamen Bylae 3 (bl 325 – 331).

*Die beskrywingspunt van Noord-Kaapland (B.1. Algemene Bevoegdheidsraad (ABR)) is daarin volledig hanteer en afgehandel.*

*2. Moderamen Bylae 3 word na die ASR verwys om aan die hand van die beginsels daarin vervat Reglement 11 te wysig vir voorlegging aan die volgende Algemene Sinode. Dit geskied in oorleg met die ASP.*

Agtergrond ten opsigte van: Moderamen Bylae 3 (bl. 325-331)

a. Die uitgebreide moderamen het in Oktober 2014 besluit om die moderatuur te versoek om verder in gesprek te tree met 'n verteenwoordigende afvaardiging uit die sinode van Noord-Kaapland oor die hantering van die sinode se beskrywingspunt aan die Algemene Sinode van 2013 rakende die Algemene Bevoegdheidsraad (nou die Algemene Steunspan Predikantesake) en die befondsing van die ABR se werksaamhede.
b. Die gesprek het op 29 Januarie 2015 in Kimberley plaasgevind.
c. By die nagaan van die proefnotule wat die Algemene Sekretaris as skriba tydens die sitting van die Algemene Sinode 2013 gehou het, het dit geblyk dat slegs punt 2 van Beskrywingspunt B.1 deur die Algemene Sinode hanteer (en onderskryf) is.
d. Die Moderatuur is versoek om by die Moderamen aan te beveel dat die Notule van die Algemene Sinode 2013 reggestel word, sodat aangetoon word dat nóg die res van Noord-Kaapland se Beskrywingspunt (B.1) nóg die Tydelike Taakspan Regte se aanbevelings daaroor (T.14.4: 2.1.6, 3.1.2, 4.1.2 en 5.1.3) deur die Algemene Sinode in 2013 hanteer is en dus oorstaan vir hantering tydens die volgende Algemene Sinode, sou die Sinode van Noord-Kaapland steeds daarop aandring.
e. Tydens die gesprek op 29 Januarie 2015 in Kimberley het prinsipiële sake aan die orde gekom en die Aktuarius van die Algemene Sinode en die Aktuarius van Noord-Kaapland is versoek om saam 'n advies daaroor aan die Moderamen en die Kerkordekommissie van Noord-Kaapland te voorsien. Dit is te vinde in die Agenda van die Algemene Sinode: Moderamen Bylae 3, bladsy 325-331.

***Advies in sake beskrywingspunt: algemene bevoegdheidsraad (ABR)*** is aangeheg as ***Bylae 1***.

## 7. ONDERSOEKLIGGAAM / KERKLIKE TRIBUNAAL / TUGLIGGAAM

Die sinodale kerkordekommissie wil die sinode daarop wys dat die samestelling en naam van ondersoekliggame verander.

In die agenda van die Algemene Sinode 2015 is "ondersoekliggaam" deurgaans vervang met "tribunaal", maar na beswaar is besluit om die term ondersoekliggaam" te vervang met "tugliggaam".

Die samestelling van die tugliggaam is ook volgens die agenda van die Algemene Sinode 2015 gewysig sodat die ring nie meer alleen die tugliggaam saamstel nie, maar die sinode ook deel daaraan het. Na beswaar is besluit dat die ring steeds die tugliggaam saamstel en in oorleg met die sinode kundiges op die tugliggaam moet aanwys.

## 8. HANDLEIDING VIR DIE BESTUUR VAN PREDIKANTSAKE IN DIE NG KERK (ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD 2013 – EERSTE UITGAWE)

Sinode Noord-Kaapland 2014

*1. Die sinode verwys die Handleiding vir die Bestuur van Predikantesake na die sinodale kerkordekommissie vir studie en verslag.*

**Terugvoering**

Die algemene sinode het in 2015 besluite geneem waarvan die sinode in Noord-Kaapland kennis moet neem:

**ASP-Handleiding** (A.16.3 bl 357 pt 4.4.2, Notule Dag 4 pt 10)

*Die Algemene Sinode:*

*4.4.2.1 neem kennis van die ASP-Handleiding wat ontwikkel is;*

*4.4.2.2 moedig kerklike vergaderinge aan om van die Handleiding gebruik te maak;*

*4.4.2.3 versoek kerklike vergaderinge om enige verdere kommentaar aan die ASP deur te stuur teen 31 Maart 2016 met die oog op die opgradering van die Handleiding.*

Die sinodale kerkordekommissie het in die lig van die gesprek met die lede van die moderamen (dr. JJ Gerber en dr. JH Ernst) op 29 Januarie 2015, besluit om nie verder aan die dokument aandag te geen nie (sien Verslag sinodale kerkordekommissie punt 6.b).

## 9. GEDRAGSKODE

Sien ***Verslag van die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning, punt 7.2.1.1: Gedragskode vir predikante***, bladsy 33.

Die algemene sinode het in 2015 besluite geneem waarvan die sinode in Noord-Kaapland kennis moet neem:

**Gedragskode** (A.16.3 bl 360 pt 5.3.2, A.16.3 (Aanvullende Agenda) bl 77 pt 5.3.2, T.16.3.1 bl 2 pt 2.1, Notule Dag 4 pt 10)
Die Algemene Sinode besluit:
1.1.1 om die laaste sin van die gedragskode Die nie-nakoming van die gedragskode kan lei tot die opskorting/verlies van bevoegdheid, te skrap.

**Gedragskode** (Notule Dag 4 pt 10)
Die Algemene Sinode besluit om 'n gedragskode vir predikante van die NG Kerk te aanvaar.

**Gedragskode** (Notule Dag pt 10)
Die Algemene Sinode besluit om die ASP opdrag te gee om die 10 samestellende sinodes te raadpleeg met betrekking tot die daarstelling van 'n gedragskode en verslag te doen aan die volgende Algemene Sinode.

**Gedragskode** (A.16.3 bl 360 pt 5.3, A.16.3 (Aanvullende Agenda) bl 77 pt 5.3, T.16.3.2 bl 1 pt 3.1, Notule Dag 6 pt 17)
Die Algemene Sinode
3.1.1 moedig kerkrade aan om die voorgestelde gedragskode waarvan die Sinode kennis geneem het, as werksdokument te gebruik in die hantering van die versorging en begeleiding van predikante;
3.1.2 versoek ringe om hiermee behulpsaam te wees; en
3.1.3 versoek kommentaar en terugvoering aan die ASP oor die inhoud en bruikbaarheid van die voorgestelde gedragskode.

***Kommentaar op Gedragskode is*** aangeheg as ***Bylae 2***.

**AANBEVELING**
**Die sinode**
1. **besluit om die volgende beskrywingspunt aan die Algemene Sinode te stuur:**
   **Die daarstelling van 'n gedragskode vir bedienaars van die Woord, soos deur die algemene sinode versoek is onnodig.**
2. **keur die dokument, *Kommentaar op Gedragskode* (Bylae 2) goed en heg dit aan die beskrywingspunt as motivering.**

## 10. DIE IMPLEMENTERING VAN ARTIKEL 48.3.5

Sinode Noord-Kaapland 2014
*Die sinode besluit dat*
1. *die ATR wel die opdrag oor Artikel 48.3.5 hanteer om riglyne daar te stel, maar dat die goedkeuring hiervan nie aan die ASM oorgelaat word nie, maar dat dit aan die Algemene Sinode voorgelê word vir goedkeuring.*
   *Die Algemene Sinode verwys die volgende rakende die prosedure by die hantering van Artikel 48.3.5 na die ATR vir hantering en die voorlegging van riglyne aan die ASM vir goedkeuring:*
   - *Aan watter vereistes moet so persoon voldoen?*
   - *Watter keuringsproses moet gevolg word?*
   - *Oor watter vermoëns moet so persoon beskik?*
   - *Is die vergunning beperk tot 'n bepaalde gemeente asook vaste termyn?*
   - *Kan so persoon aansoek doen, of word hy/sy deur die kerkraad genomineer/uitgenooi?*
   - *Watter minimum akademiese vereistes/kursusse word gestel voordat iemand die vergunning kan kry?*
   - *Watter rol speel die kerkraad/ring in die toesighouding van die suiwer verkondiging van die Woord?*
   - *Wat behels "preekvergunning"? Is dit beperk tot leesdienste? Kan so 'n persoon eie preke maak? Is dit beperk tot prediking of mag sakramente bedien word?*
2. *voordat 'n beleid aan die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland voorgelê kan word, "ten opsigte van die bedieningsbehoeftes in die kleiner gemeentes en om opleiding te gee aan kerkraadslede om die prediking en pastoraat in die gemeentes te behartig" moet die skriftuurlike beginsels wat aan die gereformeerde ampsbegrip ten grondslag lê, uitgeklaar word:*
   a. *Waar kom die huidige drieledige ampsbegrip vandaan?*
   b. *Wat is die tekortkominge in hierdie drieledige ampsbegrip?*
   c. *Hoe kan/moet die ampsbegrip verander word?*
   d. *Beginsel van "singuliere gawes"*
3. *dat 'n tafelgesprek tydens eerskomende sinodesitting plaasvind oor:*
   a. *Wat is die tekortkominge in hierdie drieledige ampsbegrip?*
   b. *Hoe moet die ampte in die toekoms daar uitsien?*
   c. *Erediensleiding deur ouderlinge?*

**Terugvoering**
Sien ***Verslag van die sinodale bedieningsondersteuning, punt 3.2: Kerkraadslede opleiding: prediking en pastoraat***, bladsy 19-20.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**
1. **nie uitvoering gegee kan word aan die opdrag van 2014 nie.**
2. **kennis geneem word van die wysiging Kerkorde artikel 48.3.5**

**3. die opleiding na die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning verwys word.**

## 11. KERK AS INSTELLING NA EIE AARD – *SUI GENERIS*

Die algemene sinode het in 2015 besluite geneem waarvan die sinode in Noord-Kaapland kennis moet neem:

**Eie aard: Kerk as kerk na eie aard** (A.18 bl. 414 pt 12.1, Notule Dag 5 pt 17)
Die Algemene Sinode gee opdrag dat 'n indringende studie gedoen word oor die definiëring van die NG Kerk as kerk na eie aard (sui generis).

**Terugvoering**
In 2015 besluit die Algemene Sinode as volg: "Die Algemene Sinode gee opdrag dat 'n indringende studie gedoen word oor die definiëring van die NG Kerk as kerk na eie aard (sui generis)." (A.18 bl. 414 pt 12.1, Notule Dag 5 pt 17).

Die term *sui generis* is 'n (Latynse) regsterm wat, letterlik vertaal, beteken "of its own kind". Dit word in regshandboeke as: "Something which is distinct and forms a unique class; the only one of its kind, one of a kind, without parallel", beskryf.

Die gedagte is dat die Ned. Geref. Kerk in die Kerkorde só beskryf en hanteer word, dat dit tot in die hoogste howe beskou en hanteer sal word as 'n geheel en al unieke instelling wat nie 'n parallel in die burgerlike samelewing het nie. (Hoewel dit 'n regsterm is, impliseer dit uiteraard dat die kerk in die ganse samelewing so beskou sal word.)

Dit is van kritieke belang dat die Kerk sal besef en homself so sal moet omskryf dat hy nie op een terrein uniek en anders is nie, maar op ander terreine net soos enige ander samelewings-verband.

Dit het implikasies op haas elke denkbare terrein van die verhouding tussen Kerk en staat.

- Dit begin by die basiese grondwetlike reg op godsdiensvryheid. Godsdiensvryheid hou in dat die Kerk sy geloof mag uitleef volgens die kerk se eie oortuiging – die Kerk het die reg tot eie dogma- en beleidsvorming. Die uniekheid is dan dáárin geleë dat die Kerk nie sy "beleid" (dogma of belydenis) verander soos in bv. 'n burgerlike vereniging nie. By laasgenoemde word op 'n *demokratiese wyse* besluit op 'n beleidswysiging deur die meerderheid van sy lidmate.
  Die uniekheid van die Kerk is dat ons sê ons het 'n *Hemelse* Koning wat "beleid" voorskryf. Ons hoor Hom nie altyd so duidelik nie en ons moet telkens weer en weer luister om beter te hoor en dit neerslag te gee in ons belydenisse *én* kerkorde.
- Dit het ook implikasies t.o.v. van ons beskouing van die Kerk se goedere, eiendomme en fondse. Anders as in die res van die samelewing, sê die Kerk dat ons eintlik alleen die goedere, eiendomme en fondse van die Hemelse Koning *administreer*. Ons is rentmeesters wat rekenskap aan Hom moet gee. As 'n gemeente nie kan voortbestaan nie, bly die goedere, eiendomme en fondse steeds deel van die koninkryk van die Hemelse Koning en word dit aan die kerkverband (ring) gegee om verder te administreer.
- Dit het arbeidsregtelike implikasies. Die Hemelse Koning stuur arbeiders om in Sy wingerd te gaan arbei. Hý is hulle werkgewer – nie die wingerd nie! Dié arbeiders (ouderlinge, diakens en bedienaars van die Woord) word deur Hom geroep en toegerus vir die taak waartoe Hy hulle roep. Maar hulle doen ook nie selfstandig hulle werk nie, want hulle is slegs die gereedskap in die Hand van die Landbouer.

Sulke voorbeelde kan vermenigvuldig word, maar genoeg. Vir die Ned. Geref. Kerk om *sui generis* te wees, moet egte reformasie plaasvind. Elke lidmaat moet die Ned. Geref. Kerk as unieke gemeenskap, one-of-a-kind-gemeenskap beskou en dit lééf. Die Kerk is immers die (vir die wêreld vreemde) Liggaam van Christus.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**

1. **om kennis te neem van die verslag oor: *Kerk as instelling na eie aard – Sui Generis***
2. **dat 'n gesprek om tafels plaasvind waar onderstaande tema en vrae aan die orde gestel word.**
   **Tema: Kerk as instelling na eie aard – Sui Generis**
   a. **Hoe is 'n gemeente anders as 'n besigheid, kultuurvereniging of 'n sportklub? Hoe word dit sigbaar?**
   b. **Wie besluit oor hoe die kerk moet wees? (Bv. kerkraad, algemene sinode, meerderheid, Kerkorde, ens.) Wat beteken dit in die praktyk?**
   c. **Wat is die rol en funksie van die kerkraad, ampte en amp van die gelowige in die gemeente ten opsigte van die eie aard van die kerk?**
   d. **Bespreek: Die gemeente is nie daar ter wille van homself nie. Wat beteken dit vir julle verhouding met ander gemeentes / kerke in julle ring of dorp?**

**3. dat bogenoemde vrae tydens gemeentebesoeke (kerkvisitasie) in 2017 hanteer kan word.**

## 12. KERKVERBAND

Die algemene sinode het in 2015 besluite geneem waarvan die sinode in Noord-Kaapland kennis moet neem:

**Kerkverband** (A.11 bl 249, A.11 (Laatstukke) bl 7, T.18.2 bl 1 pt 1.1, T.11.1 bl 1 pt 1, Notule Dag 5 pt 8)

1.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag A.11 en alle voorstelle/amendamente in die verband.

1.2 Die Algemene Sinode verwys al die stukke in 1.1 na die 10 samestellende sinodes vir bespreking en kommentaar aan die ASM met die oog op 'n finale verslag aan die volgende Algemene Sinode in sitting.

1.3 Die huidige frekwensie van vergadering (tweejaarliks) en die huidige samestelling van die Algemene Sinode (200) word intussen gehandhaaf.

1.4 Die ASM word vir die reses bedryf as uitgebreide Moderamen (vier afgevaardigdes uit elk van die 10 saamstellende sinodes) met die oog op beter kommunikasie en groter kapasiteit.

1.5 Die Algemene Sinode versoek die TTR om die nodige reglementswysiginge aan te bring en tydens hierdie Sinode aan die Sinode voor te lê vir goedkeuring.

**Terugvoering**

***Verslag van die algemene sinodale projekspan kerkverband*** is aangeheg as ***Bylae 3.***

1. Die sinodale kerkordekommissie het die Verslag van die algemene sinodale projekspan kerkverband ter tafel geneem.
2. Onderstaande is 'n samevatting van 'n moontlike samestelling en funksionering van die algemene sinode:

a. Die Algemene Sinode vergader jaarliks as 'n **sinodus contracta** bestaande uit 6 afgevaardigdes uit elkeen van die 10 sinodale gebiede. Sinodes kan self besluit hoe hulle afvaardiging saamgestel word Dié sinode kies 'n sinodale kommissie met verteenwoordiging uit elke sinode wat as dagbestuur/moderamen ageer.

b. Die Algemene Sinode vergader een maal elke 5 jaar as **sinodus plena**. Elke gemeente van die NG Kerk sal een leraar en een kerkraadslid kan afvaardig. Hierdie vergadering neem net die minimum en noodsaaklikste rigtinggewende beleidsbesluite waar die breedste moontlike instemming nodig is. Die sinodus contracta wys die leierskap vir die sinodus plena aan.

c. Die Algemene Sekretaris sal die koördinering en fasilitering van die werk van die Algemene Sinode doen. Sy kantoor dien as die adres van die Algemene Sinode en hy funksioneer as die sameroeper van al die vergaderinge van die Algemene Sinode.

d. Die sinodus contracta mag dinkskrums (wat as vrywillige netwerke funksioneer) saamstel uit die 10 sinodes wat oor aktuele en dringende sake navorsing en aanbevelings doen.

e. Ringe word versoek om kreatiewe moontlikhede van kerkverband te ondersoek.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**

**1. om kennis te neem dat die algemene sinode besluit het**

***Die Algemene Sinode verwys al die stukke in 1.1 na die 10 samestellende sinodes vir bespreking en kommentaar aan die ASM met die oog op 'n finale verslag aan die volgende Algemene Sinode in sitting***

**2. om kennis te neem van die *Verslag van die algemene sinodale projekspan kerkverband (Bylae 3).***

**3. dat 'n gesprek om tafels plaasvind waar onderstaande tema en vrae aan die orde gestel word**

**Tema: Struktuur en samestelling van die algemene sinode**

**Die kerk is die liggaam van Christus. Almal wat deel is van hierdie liggaam is aan Hom en aan mekaar verbind. Aangesien die huidige samestelling en struktuur van die algemene sinode nie bevredig nie, is dit nodig om 'n nuwe samestelling en struktuur te bedink. Bespreek die volgende vrae van die:**

**a. sinodale kerkordekommissie:**

**i. Hoe kan die kerk "verander" in sy struktuur en bediening ten einde relevant te bly in 'n veranderende wêreld, m.a.w. wat moet verander en wat mag nie verander nie?**

**ii. Hoe oordeel julle oor die gedagte van 'n synodus contracta (verkleinde sinode) wat jaarliks vergader?**

**iii. Hoe oordeel julle oor die gedagte van 'n synodus plena (uitgebreide sinode) wat een maal elke 5 jaar bymekaarkom?**

**b. algemene taakspan kerkverband**

**i Wat is u streeksinode se belangrikste fokusse / doelstellings / prioriteite / oogmerke / verantwoordelikhede? Waarmee is julle besig en hoe kan die Algemene Sinode julle daarmee help?**

**ii. Watter kriteria kan en gaan u sinode gebruik om vas te stel of die Algemene Sinode se bydrae positief, ondersteunend en suksesvol was of nie? (Help die Algemene Sinode? En hoe gaan julle dit bepaal?)**
**iii Indien die Algemene Sinode twee dinge wat op sy terrein lê binne die volgende ses maande kan verander, watter twee dinge sal binne jou sinode die meeste waarde hê en voordele inhou? (Gee kreatiewe insette van hoe die Algemene Sinode kan verander)**
**iv Watter, indien enige, historiese spanninge en/of konflikterende verwagtinge het dit vir die Algemene Sinode moeilik gemaak om aan u sinode se verwagtinge en vereistes te voldoen? (Na watter bagasie van die Algemene Sinode moet gekyk word?)**

**4. insette vanaf tafels word deur die tydelike kerkordekommissie in ontvangs geneem.**

## 13. HANTERING VAN BESLUITE WAT TOT VERDEELDHEID BY LIDMATE KAN LEI

Die taakspan sinodebeplanning het die sinodale kerkordekommissie versoek om die aangeleentheid, "*Hantering van besluite wat tot verdeeldheid by lidmate kan lei*" te hanteer met 'n moontlike aanbeveling aan die sinode.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit om onderstaande as beskrywingspunt aan die algemene sinode 2017 te stuur:**

**1. Die algemene sinode word aan sy besluit van 1994 herinner waarin op 'n werkswyse besluit is wat gevolg moet word wanneer sake hanteer word wat tot moontlike verdeeldheid kan lei (Sien NG Kerk, Handelinge van die Algemene Sinode 1994:439).**
**Die Algemene Sinode het in 1994 soos volg besluit:**
**Die Algemene Sinode besluit in 1994 na aanleiding van Kerk en Samelewing 1986 en die kerkskeuring daarna:**
**1) Die sake soos genoem in Artikel 43 van die Kerkorde (beleid in sake van gemeenskaplike belang, die vasstelling van die Bybelvertaling ensovoorts) behoort tot die besluitnemingsbevoegdheid van die Algemene Sinode.**
**2) Indien die Algemene Sinode egter vermoed dat sekere besluite of standpunte moontlik tot groot verdeeldheid onder kerklidmate kan lei, staan dit hom vry om voor finale besluitneming, die advies van mindere kerkvergaderinge in te win ten einde groter konsensus oor die betrokke sake in die NG Kerkverband as geheel te kry. In finale instansie is dit egter die Sinode se eie oortuiging in die lig van God se wil wat die deurslag moet gee. Dit gaan steeds om die Christokrasie – ook by die mees omstrede kwessies.**

**2. Die algemene sinode besluit om genoemde werkswyse in die reglement van orde op te neem.**

**3. <u>Motivering</u>**
**a. Die algemene sinode se werkswyse behoort in ooreenstemming te wees met die "geestelike bestuurswyse" wat die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 30 op grond van die Woord bepleit en soos uitgedruk in Kerkorde artikel 22.**
**b. Die gereformeerde kerkreg gaan deurgaans uit van die plaaslike gemeente. Die plaaslike gemeente is volledig kerk en staan in verband met gemeentes van soortgelyke belydenis.**

## 14. RINGSGRENSE

Die ringe van Hanover en Hopetown het die sinodale kerkordekommissie versoek om te besin oor die hergroepering van gemeentes.
Die sinodale kerkordekommissie het 'n omsendskrywe aan ringe gestuur om die aangeleentheid op hulle agendas te plaas en te bespreek.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**

**1. ter wille van beter bediening, onderlinge sorg en opsig die moontlikheid van die hergroepering van gemeentes in ringe oorweeg word.**
**<u>Motivering</u>:**
**Die hergroepering van gemeentes in groter ringe kan dalk net die energie en inspirasie gee wat gemeentes nodig het om in die hand van die Gees mekaar te help om God se Koninkryk in Noord-Kaapland beter sigbaar te maak.**

**2. die sinode 'n ad hoc-kommissie saamstel met verteenwoordigers uit elke ring om die hergroepering van gemeentes tot ringe te ondersoek en aanbevelings te maak.**

## 15. AANSOEK OM HERTOELATING TOT DIE BEDIENING BROER FC DE WITT

<u>Sinode Noord-Kaapland 2014</u>

*Die sinode besluit dat*

1. *die aansoek vir die hertoelating tot die bediening van broer FC de Witt, goedgekeur word.*
2. *broer FC de Witt na die proponent/eksamenkommissie van die Fakulteit Teologie Bloemfontein vir colloquium doctum verwys word.*
3. *die skriba van die sinodale kerkordekommissie 'n skrywe aan die proponent/eksamenkommissie rig en hulle dienooreenkomstig inlig.*

**Terugvoering**

Op 16 November 2015 het FC de Witt die *colloquium doctum* eksamen suksesvol afgelê.

Op Vrydag 20 November 2015 is hy in Bloemfontein gelegitimeer.

## 16. REDAKSIONELE VERANDERINGS AAN KERKORDE 2016

### 16.1 Diensooreenkoms met 'n Bedienaar van die Woord punt 4.8 Mediese Skema

**AANBEVELING**

**Die sinode besluit dat *Diensooreenkoms met 'n Bedienaar van die Woord punt 4.8 Mediese Skema* soos volg gewysig word:**

**Ou bepaling**

**4.8 MEDIESE SKEMA**

**Lidmaatskap van 'n mediese skema ingestel volgens die Wet op Mediese Skemas en soos goedgekeur deur die sinode van Noord-Kaapland, is verpligtend. ~~In geval waar die werknemer se gade oor 'n mediese skema beskik, is lidmaatskap egter nie verpligtend nie~~. Die bydraes wat die werkgewer betaal aan die mediese skema vorm deel van die werknemer se TKVI-pakket.**

**Nuwe bepaling**

**4.8 MEDIESE SKEMA**

**Lidmaatskap van 'n mediese skema ingestel volgens die Wet op Mediese Skemas en soos goedgekeur deur die sinode van Noord-Kaapland, is verpligtend. Indien die werknemer 'n afhanklike lid van die gade se mediese skema is, is lidmaatskap van die mediese skema soos goedgekeur deur die sinode van Noord-Kaapland nie verpligtend nie. Die bydraes wat die werkgewer betaal aan die mediese skema vorm deel van die werknemer se TKVI-pakket.**

## 17. VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN BEPALINGS VAN DIE KERKORDE 2016

### 17.1 Bepaling 8.2

Aan Bepaling 8.2, advies prosedure, word by wyse van hoë uitsondering uitvoering gegee. Die sinodale kerkordekommissie moes homself afvra of dit enigsins sin het dat dié bepaling in die kerkorde opgeneem moet wees.

**AANBEVELING**

**Die sinode besluit dat bepaling 8.2: advies prosedure, geskrap word**

**~~8.2 Advies prosedure~~**

**~~Wanneer 'n leraarspos vakant raak moet onderstaande advies prosedure gevolg word vóórdat 'n pos bekend gestel (adverteer) word:~~**

**~~8.2.1 die kerkraad nader die ring of sy gevolmagtigde om advies~~**

**~~8.2.2 die ring of sy gevolmagtigde nader die sinodale kerkordekommissie om advies ten opsigte van:~~**

**~~8.2.2.1 Tipe aanstelling (onbepaalde termyn, tentmaker, vaste termyn)~~**

**~~8.2.2.2 Beroepsbrief~~**

**~~8.2.2.3 Dienskontrak~~**

**~~8.2.3 die ring of sy gevolmagtigde nader die sinodale kommissie vir hulpdienste om finansiële advies. Die sinodale kommissie vir hulpdienste benodig die volgende om advies te gee:~~**

**~~8.2.3.1 Jongste finansiële state~~**

**~~8.2.3.2 Begroting 1 Maart – 28 Februarie~~**

### 17.2 Vorm 8 – Akte van demissie by verstryking van termyn

***Vorm 8, Akte van demissie: Emeritaat of met die oog op verdere studie of op grond van Kerkorde art 12.7.3, by verstryking van termyn*** is aangeheg as ***Bylae 4***.

**AANBEVELING**

**Die sinode**

1. **besluit om die opskrif van Vorm 8 as volg te wysig:**

   **Ou bewoording**

   **Akte van demissie: Emeritaat of met die oog op verdere studie of op grond van Kerkorde art 12.7.3**

   **Nuwe bewoording**

   **Akte van demissie: Emeritaat of met die oog op verdere studie of op grond van Kerkorde art 12.7.3, by verstryking van termyn.**
2. **keur Vorm 8, Akte van demissie: Emeritaat of met die oog op verdere studie of op grond van Kerkorde art 12.7.3, by verstryking van termyn (*Bylae 4*) goed**

### 17.3 Bepaling 53

Die sinodale kommissie vir diens en getuienis het by die sinodale kerkordekommissie aanbeveel dat bepaling 53 verval.

Sien ***Verslag diens en getuienis, punt 9: Bepaling 53***, bladsy 168.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**
**1. bepaling 53 verval**

~~**53.1 Elke gemeente behartig sending in ooreenstemming met die Skrif, die Formuliere van Enigheid en die toepaslike artikel van die *Kerkorde*, as 'n omvattende Woordbediening binne sy grense. Dit geskied langs die kanale van aanbidding, verkondiging, gemeenskap en diens.**~~

~~**53.2 Die uitstuur van sendelinge en ander sendingwerkkragte geskied deur die plaaslike gemeente, met of sonder die medewerking van ander gemeentes. Hierdie uitsending moet in oorleg met en advies van die ring en die sinodale kommissie vir diens en getuienis wees en is onderhewig aan die vereistes van die Kerkorde en ter saaklike besluite van die sinode en die algemene sinode. Sendelinge en sending-werkkragte is in hulle arbeid gebonde aan die Skrif en die Formuliere van Enigheid.**~~

~~**53.3 Elke gemeente behartig saam met al die ander gemeentes ook in breër verband die Binnelandse, die Buitelandse, en die Wêreldsending, met of sonder die samewerking van ander kerke en of sending-organisasies, soos dit gereël word in onderlinge ooreenkomste. Hierdie sendingwerk geskied in oorleg met en advies van die sinodale kommissie vir diens en getuienis.**~~

~~**53.4 Waar gemeentes ten behoewe van en in samewerking met gemeentes uit die NG Kerkfamilie binne die Noord-Kaap werk, behoort daar ter wille van koördinering en effektiewe bediening gesamentlike sendingstrukture gevorm te word. Hierdie sendingstrukture word deur die onderskeie ringe goedgekeur, in oorleg met die sinodale kommissie vir diens en getuienis.**~~

~~**53.5 Die sinodale kommissie vir diens en getuienis dien amptelik as die kerklike skakelliggaam tussen die plaaslike gemeente(s) en die samewerkende kerke of die sending-organisasies. Alle ooreenkomste met kerke en of organisasies word in oorleg met die sinodale kommissie vir diens en getuienis opgestel en deur die ring of sinode goedgekeur.**~~

~~**53.6 Elke kerkraad, ring en sinode sien toe dat die sendingopdrag op 'n gestruktureerde wyse die nodige aandag kry, bv. deur 'n kommissie te benoem of 'n diensgroep te vorm.**~~

## 18. FINANSIERING VAN TUG- EN APPÈLSAKE

Sinode Noord-Kaapland 2014
*Die sinode besluit dat*

1. *die sinodale kerkordekommissie en die sinodale kommissie vir hulpdienste die moontlikheid van die skep van 'n "hulpfonds vir tug- en appèlsake" te ondersoek of om geld beskikbaar te stel uit die reserwefonds*
2. *die sinodale kerkordekommissie en die sinodale kommissie vir hulpdienste 'n reglement vir die aanwending van sodanige fondse moet opstel. Die reglement kan onder andere bepaal:*
   a. *die kostes van 'n ondersoek (slegs vir 'n oorbruggingstydperk: kostes ter sprake is alleenlik direkte kostes aangegaan vir die ondersoek, soos reis- en verblyfkoste, kostes aangegaan vir telefoon vergaderings en daggeld) betaal kan word – met dien verstande dat die ring die verskuldigde bedrag aan die sinode sal terugbetaal.*
   *Sien Kerkorde Noord-Kaapland 2012 bepaling 29.8.*
   *Die koste van die ring word verhaal van die gemeente(s) in wie se belang daar opgetree is en/of van die gemeentes gesamentlik.*
   b. *hulp aan ringe waar finansiële nood as gevolg van tug beleef word.*
3. *die sinodale kerkordekommissie besluit oor die aanwending van die beskikbare fondse.*

**Terugvoering**
Sien ***Verslag van die sinodale kommissie vir hulpdienste, punt 20: Finansiering van tug- en appèlsake*** asook ***punt 21: Reglemente van fondse van die sinode in Noord-Kaapland***, bladsy 183-184.

## 19. AFVAARDIGING NA DIE ALGEMENE SINODE

Sinode Noord-Kaapland 2012
*Die sinode besluit:*

1. *om die volgende beginsels vir afvaardiging na die algemene sinode te aanvaar*
   *a. Die sinode self wys sy afvaardiging na die algemene sinode aan*

*b. Die tydelike kommissie vir kommissies stel 'n groslys saam, nadat ringe en sinodale kommissies gekonstitueer het, met in agneming van die volgende beginsels*

*i. afvaardiging uit elke sinodale kommissie – primarius en sekundus*

*ii. afvaardiging uit elke ring*

*iii. die voor- en ondervoorsitter van die sinode.*

2. *dat die groslys waarskynlik uit 26 name sal bestaan wat as volg saamgestel is:*

   *a. 'n lid uit elke sinodale kommissie (waarskynlik 4)*

   *b. 2 afgevaardigdes uit elke ring – 'n kerkraadslid en 'n bedienaar van die Woord (22)*

3. *dat die kommissie vir kommissies die groslys prioritiseer*

   *a. waarskynlik sal slegs 11 lede vanuit die ringe aangewys kan word*

   *b. ringe moet dus aanbeveel watter lede die primarius- en watter die sekunduslid is*

4. *dat indien die getal nie die waarskynlike 15 is nie, sal die sinodale kerkorde kommissie op grond van bepaling 35.5.2.4(e) en op aanbeveling van die voorsitters en die ondervoorsitters van die sinodale kommissies die afgevaardigdes na die algemene sinode finaliseer.*

   *Aangesien die sinodale struktuur van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland nie voorsiening maak vir 'n sinodale kommissie/moderatuur/moderamen nie, wys die sinode die sinodale kerkordekommissie aan om op te tree in die plek van 'n sinodale kommissie/mode-ratuur/moderamen waar die Kerkorde of reglemente van die algemene sinode optrede vra van die sinodale kommissie/ moderatuur/moderamen. (Sien ook artikel 66.4.4.)*

**AANBEVELING**
**Die sinode besin oor afvaardiging na die algemene sinode.**

## 20. NUWE UITGAWE VAN DIE KERKORDE, REGLEMENTE, BESLUITE EN AAN-TEKENINGE VIR GEBRUIK IN DIE NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND

Sinode Noord-Kaapland 2014

*Die sinode het besluit*

*na die verskyning van elke nuwe kerkorde van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland sal een kopie op rekening van die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland aan elke kerkkantoor versend word.*

**Terugvoering**

1. 'n Nuwe uitgawe van die "*Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland tesame met bepalings, reglemente, besluite en aantekeninge vir gebruik in die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland goedgekeur deur die sinode, Oktober 2014*" is uitgegee.
2. Bogenoemde is ook elektronies beskikbaar by: http://www.noordkaapland.co.za/wp-content/uploads/2013/07/IA-Kerkorde-NGK-Noord-Kaapland-2014.pdf

## 21. SAMESTELLING SINODALE KERK-ORDEKOMMISSIE

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit om**
1. **'n sinodale kerkordekommissie saamgestel word soos voorgeskryf in die huishoudelike bepalings van die sinodale kerkordekommissie.**

## 22. SLOT

Die kommissie vertrou dat hy sy opdrag uitgevoer het.

## 23. LEDE VAN DIE KOMMISSIE

Ds. GJ Duursema (voorsitter) – Ring van Kimberley
Ds. SW Albertyn (ondervoorsitter) – Ring van Hopetown
Ds. CR Scheepers (skriba) – Ring van Reivilo
Ds. NB Roux – Ring van Hanover
Ds. A Werner – Ring van Carnarvon
Ds. JJ van Zyl – Ring van Deben
Ds. PG Otto – Ring van Griekwastad
Ds. JIR van Niekerk – Ring van Kenhardt
Oudl. S du Toit – Ring van Mafikeng
Ds. J Grobbelaar - Ring van Upington
Oudl. HB Fick - Ring van Warrenton
Ds. JPL Mostert (predikant in sinodale diens)

**BYLAE 1**

# ADVIES IN SAKE BESKRYWINGSPUNT ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD (ABR)

Algemene Sinode 2015 het die volgende besluit geneem:

1. Die Algemene Sinode aanvaar die beginsels vervat in *Moderamen Bylae 3* (bl. 325-331).
2. Die beskrywingspunt van Noord-Kaapland (B.1 Algemene Bevoegdheidsraad (ABR)) is daarin volledig hanteer en afgehandel.
3. Moderamen Bylae 3 word na die ASR verwys om aan die hand van die beginsels daarin vervat, Reglement 11 te wysig vir voorlegging aan die volgende Algemene Sinode. Dit geskied in oorleg met die ASP.

Die *beginsels* ("prinsipiële sake") vervat in *Moderamen Bylae 3*[15], is:

1. Die Algemene Sinode *kan nie*
   - 1.1. van bedienaars van die Woord in diens van gemeentes en die kerkverband vereis om
     - 1.1.1. jaarliks aan te meld met die oog op die behoud van bevoegdheid
     - 1.1.2. of om daarvoor 'n jaarlikse registrasiefooi te betaal nie.[16]
   - 1.2. van bedienaars van die Woord in diens van gemeentes en die kerkverband vereis om
     - 1.2.1. jaarliks aan te meld met die oog op die behoud van legitimasie
     - 1.2.2. of om daarvoor 'n jaarlikse registrasiefooi te betaal,
     - 1.2.3. sonder om sinodes én diegene wat daardeur geraak word, vooraf daarin te ken nie.[17]
   - 1.3. 'n liggaam/steunspan befonds
     - 1.3.1. deur bydraes van predikante in diens van gemeentes of die kerkverband
     - 1.3.2. of deur bydraes van gemeentes
     - 1.3.3. sonder om sinodes of diegene wat daardeur geraak word, vooraf daarin te ken nie.[18]
2. Die aanvanklike bedoeling met die Algemene Bevoegdheidsraad was die skeiding van bevoegdheid en diensverhoudinge. Die sake word met mekaar vermeng in die funksies waaroor die Steunspan Predikantesake nou beskik. [19]

   Dié beginsel word soos volg geïnterpreteer:

   > "... *behoud* van ampsbevoegdheid word *geadministreer* deur die kerkvergadering (kerkraad) deur wie se handeling ampsbevoegdheid verkry is, terwyl die behoud van die bevoegdheid om beroep te word (legitimasie) *geadministreer* word deur die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde deur wie die bevoegdheid om beroep te word (legitimasie), verleen word."[20]
3. Die Algemene Sinode *kan wel* van gelegitimeerdes wat nie in diens van gemeentes en die kerkverband staan nie vereis om jaarliks by die Algemene Sinode se gevolmagtigde aan te meld en 'n fooi te betaal "ten einde **aan te dui of hulle steeds beskikbaar is vir beroeping**."[21] D.w.s. beroepbare proponente (gelegitimeerdes wat nie georden is nie), beroepbare predikante (gelegitimeerdes wat reeds in die amp gestaan het, maar tans geen ampsbetrekking met ampsbevoegdheid beklee nie) en beroepbare emeriti (gelegitimeerdes wat reeds weens ouderdom uit die amp in gemeentediens getree het, maar nog (tans tot op ouderdom 70) vir beroeping beskikbaar is). [22]

---

[15] Agenda *Verslag van die moderamen*, bylaag 3, 325, 326.
[16] Agenda, bylaag 3, punt 5.1, 325.
[17] Agenda, bylaag 3, punt 5.2, 326.
[18] Agenda, bylaag 3, punt 5.3, 326.
[19] Agenda, bylaag 3, punt 5.4, 326.
[20] Agenda, bylaag 3, punt 5.4, 326.
[21] Agenda, bylaag 3, 327. Vgl. *Reglement vir Bevoegdheid*, bepaling 3.5.
[22] Agenda, bylaag 3, 328.

**BYLAE 2**

# KOMMENTAAR OP GEDRAGSKODE

## 1. DIE BEDIENAAR VAN DIE WOORD

1.1 ’n Bedienaar van die Woord word deur die Drie-enige God geroep om in sy diens te staan.

1.2 Die kerk bevestig hierdie roeping deurdat ’n gemeente ’n bedienaar van die Woord beroep deur middel van ’n kerkordelike proses om in ’n spesifieke werkkring God se Woord te bedien aan mense.

1.3 Daar word van die bedienaar van die Woord verwag om die beeld van Christus teenwoordig te stel in sy omgang en verhouding met en bediening van mense. In hierdie verband staan die dienskneg gestalte van Christus voorop (Fil. 2:5-11; sien ook die riglyne in Timoteus en Titus).

## 2. DIE WAARDES VAN DIE BEDIENAAR VAN DIE WOORD

2.1 Die bedienaar van die Woord se dienswerk bestaan geheel-en-al daaruit om God te verheerlik met sy ganse lewe (Ef. 2:10).

2.2 Daarom dien hy/sy mense soos Christus mense gedien het. Ander se belange is belangriker as sy/haar eie belange/behoeftes (Ef. 4:1; Fil. 2:3-4).

2.3 Die bedienaar van die Woord se lewe is ’n voorbeeld vir die gelowiges en die wêreld van onberispelike gedrag, betroubaarheid, wellewendheid, liefde, geduld en dankbaarheid (Ef. 4:24; Fil. 2:15-16).

2.4 ’n Bedienaar van die Woord hanteer alle inligting wat aan hom/haar bekend gemaak word as vertroulik.

## 3. GEVOLGTREKKING

3.1 Die voorskrifte vir ’n godvresende lewe wat in die Bybel gegee word, dien as riglyn vir die optrede van ’n bedienaar van die Woord in alle omstandighede. Dit is genoegsaam en voldoende.

3.2 Daarom oordeel die sinode in Noord-Kaapland dat ’n gedragskode nie nodig is nie.

**BYLAE 3**

# VERSLAG VAN DIE ALGEMENE SINODALE PROJEKSPAN KERKVERBAND

## A.11 KERKVERBAND

*Die Moderamen het by sy vergadering op 9–10 September 2015 die tweede verslag van die Projekspan Kerkverband hanteer en besluit "dat die aangeleentheid aan die volgende Moderamen oorgedra word om verder te hanteer. Die tyd het ongelukkig uitgeloop om met 'n verslag hieroor na die Algemene Sinode te gaan". Na aanleiding van navrae en beswaar van lede van die Projekspan het die Algemene Sekretaris die advies van die Dagbestuur van die ASR ingewin. Die ASR-DB het adviseer dat die verslag as deel van die laatstukke aan die vergadering beskikbaar gestel moet word.*

*Vergelyk A.11 bl 249.*

## VERSLAG VAN DIE PROJEKSPAN KERKVERBAND

### 1. OPDRAG

Die opdrag kom uit drie oorde:
1.1 Die vorige Moderamen het 'n saak op tafel gehad wat oorgestaan het na die huidige, nl die funksionering van die kerkverband met 'n fokus op die samestelling van ons verband (vier vlakke terwyl ander gereformeerde verbande net met drie werk).
1.2 Die jongste Algemene Sinode het 'n besluit oor die ring geneem wat aan die Moderamen opgedra is (vgl. Agenda A.3 bl. 52 pt 3.3.5.3; Notule Dag 5 pt 15):

1. *Die Algemene Sinode bevestig weer die rol en taak van die ring soos omskryf in die Kerkorde Artikels 29-31.*
2. *Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Moderamen om prosesse in plek te plaas waar sinodes ondersteun kan word met die bemagtiging van ringe.*
3. *In die lig van die gedurige kwessies rondom die interpretasie van Art 43, die vrae oor die rol van die Moderamen van die Algemene Sinode, vrae oor "leiers" en hulle funksies en bevoegdhede, die grense tussen sinodes en die Algemene Sinode, ensovoorts het die Moderamen besluit om die hele saak wyd en deeglik aan te pak met 'n verteenwoordiger van elke sinode op 'n projekspan om die Moderamen en deur hulle die Algemene Sinode te adviseer.*

### 2. PROJEKSPAN

Die Projekspan het uit die volgende lede bestaan:
di Peet Bester (Wes- en Suid-Kaapland), Chris du Raan (Oos-Kaapland), Gert Duursema (primarius, Noord-Kaapland) Schalk Albertyn (sekundus, Noord-Kaapland), dr Barry Tolmay (KZN), di Willem Botha (Vrystaat), Nico van Rensburg (Wes-Transvaal), Paul Grobler (Noordelike Sinode), Theo Danzfuss (Hoëveld), prof Johan van der Merwe (Oostelike Sinode), drr Jan Woest (Namibië), Johann Ernst (Aktuarius Algemene Sinode) en Kobus Gerber (Algemene Sekretaris).

### 3. WERKWYSE

3.1 Die Projekspan het voor hulle tweedaagse vergadering/werkwinkel voorbereidende werk dmv memoranda gedoen oor die volgende sake en dit onder mekaar sirkuleer:

- Die NG Kerk 'n organiese of organisatoriese verband?
- Kerkverband en kerkregering
- Die aard van die kerkverband sedert 1962
- Die ontwikkeling van Art 43 sedert 1962
- Leierskap in gereformeerde kerkverband
- Presbiteriale kerkregeringstelsel
- Aktivering/revitalisering van ringe
- Uittreksels uit notules van die Raad van Kerke en Algemene Sinode 1962
- Historiese oorsig sedert 1962

3.2 Baie tyd is tydens die vergadering spandeer om 'n deeglike analise van die status quo asook die historiese, kerkregtelike en teologiese begrondings vir ons kerkverband te doen. Op grond hiervan is bepaalde aanbevelings geformuleer mdo op oorweging deur die eerskomende Algemene Sinode.
3.3 Die resultaat van die werkwinkel is elektronies sirkuleer vir verdere insette en verbeterings. Die verslag is elektronies en dmv 'n telefoonvergadering goedgekeur vir voorlegging aan die Moderamen in Junie 2015.
3.4 Die Moderamen het bepaalde vrae gehad wat na die Projekspan terugverwys is vir beatwoording en akkommodering in die verslag. Die Projekspan het weer op 18 Augustus 2015 vergader ten einde aan die Moderamen se vrae aandag te gee.

## 4. BEVINDINGE

Uit die terugvoering uit sinodale gebiede asook die voorgelegde memoranda het die volgende na vore gekom:

### 4.1 TEN OPSIGTE VAN DIE KERKVERBAND AS GEHEEL

- Die Hoofskap van Christus in en oor die kerk is ononderhandelbaar en moet konstruktief en kreatief weer duidelik deel van die alledaagse praat en bestaan van die NG Kerk wees – ook binne ons konteks en alle lewensverbande daarin.
- Die huidige 4 vlakke van kerkverband gaan baie moeilik verander kan word – ons moet kreatief hiermee saamleef, positief verband met mekaar soek en as verband ons bates en gawes tot voordeel van die geheel aanwend.
- Die huidige strukturering van die verband is baie duur met baie duplisering. Die vraag bly of die verband dapper genoeg is om die bul hieroor by die horings te pak en gevestigde/ eie belange eenkant te sit.
- Die NG Kerk het 'n dure roeping om ons nie te vervreem van die nood van ons lidmate in ons huidige konteks nie. Daar is duidelike samelewings- en demografiese tendense wat identifiseer en verreken moet word indien ons "verband" tussen ons lidmate wil skep.
- Daar is baie mense wat kwaad is vir die "kerk".
- Ons moet nie toelaat dat die hele verband die slaansak word vir mense wat kwaad is nie. Ons het 'n besondere geskiedenis in hierdie land en is op die oomblik een van die grootste samebindende faktore, maatskaplike diensleweringspunte en verskilmakende instansies.
- Ons as gereformeerdes kan en moet weer die positiewe en konstruktiewe rol begin speel wat ons deur die eeue in hierdie land gespeel het.
- "Blame-shifting" het 'n algemene spel geword.
- Gemeentes is die plek waar die NG Kerk in die eerste plek kerk is, en wat daar gebeur laat mense iets van die koinonia wat die Gees skep, ervaar.
- Die roeping van die kerk in 'n bepaalde gemeenskap bepaal hoe die gestalte van die kerk lyk.
- Gemeentes moet verstaan dat hulle selfstandig en volledig kerk is, maar ook "onvolledig" en daarom met mekaar op verskillende vlakke met mekaar as een liggaam in "gekontrakteerde" verband staan.
- Om gereformeerd te wees beteken om te reformeer om kontekstueel die Here se kerk te wees: ons sukkel om "reformeer" te verstaan en te wees.
- Daar is te veel stemme wat in die verband praat: dit skep verwarring en onsekerheid. Die hele Artikel 1-proses is 'n goeie voorbeeld hiervan.
- Die kerkverband moet as 'n gereformeerde kerk saam die 4 goed wat die samelewing domineer, hanteer: *constant change, complexity, confusion, conflict*.
- Ons het toegelaat dat die media 'n bepaalde narratief oor die NG Kerk geskep het, nl dat die Bybel nie vir die kerk belangrik is nie.
- Deur die eeue was daar altyd 'n eenheid in die verband van die NG Kerk. Dit is steeds daar.
- Die kerkverband het 'n krisis tov die verstaan van haar belydenis en identiteit. Die Algemene Sinode moet aandag gee aan 'n duidelike pastorale skrywe/ memorandum aan lidmate en kerkvergaderinge hieroor.

### 4.2 TEN OPSIGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE

Die probleem is dat daar skynbaar 'n vertrouensbreuk tussen Algemene Sinode en die res van die kerkverband ontstaan het. Antwoord moet gevind word tov (1) die identiteit van die Algemene Sinode (wie is ons?) en (2) wat is die rol en funksie van die Algemene Sinode?

Hoekom het daar 'n diep vertrouensbreuk tussen AS as liggaam en die kerk op voetsoolvlak ontstaan?

Daar is ’n spektrum van eksterne en interne oorsake en ook eksplisiete en implisiete verwagtinge wat daarop inspeel dat groter liggame en verteenwoordigende instellings op alle vlakke oor die wêreld heen tans al hoe meer legitimiteitsvrae en vertrouenskrisisse ondervind en uitgedaag word om antwoorde daarop te vind.

Die NG Kerk as instituut en ook wat betref haar lokale geografiese gemeentes, bevind haarself midde-in pluralistiese globale en lokale kontekste met ’n hoë vlak van risiko daarin en rekonstruksie-prosesse wat daarbinne aan die gang is. Daar het op spesifieke maniere gedurende die afgelope 25 jaar ’n hele klomp uitdagings vir en in die NG kerk na vore gekom. Dit noop en dring die kerk om haar histories-gewortelde en diepgesetelde kultuur van kerkwees wat vroeër as vanselfsprekend veronderstel is opnuut in oënskou te neem en haar eerlik te verantwoord oor die roete vorentoe. Sonder om hoegenaamd te hoop om volledig te wees, kan net op die volgende klompie voorbeelde gewys word:

- In die Westerse wêreld is daar ’n breë leierskapkrisis
- Paradigmaverskuiwings itv modernistiese en organisatoriese denke na laat-moderne, sistemiese denke
- Sosiale en politieke transformasies lokaal, nasionaal en ook globaal
- Etiese en morele verskuiwings
- Uiteenlopende sosiologiese benaderings en samelewingsformasie-patrone
- Ekonomiese omwentelings en herposisionering
- Natuurwetenskaplike ontdekkings en ontwikkelings
- Tegnologiese ontwikkelings
- Informasie en kommunikasie ontploffings
- Lewensbeskoulike herdefiniëring
- Interne kerklike onsekerhede, persoonlike onverdraagsaamheid en konflikte op plaaslike, sinodale en algemeen sinodale vlakke
- Spirituele differensiasie en segmentering in die kerk en samelewing
- Voortgaande internasionale teologiese besinning en navorsing wat via die akademie en opleiding plaaslik weerklank vind.

Hierdie uitdagings en prosesse waaraan die kerk blootgestel is en word, stimuleer bepaalde uiteenlopende verwagtinge by lidmate en voorgangers in die kerk.

Kerkverband word verstaan as kerke met dieselfde belydenisgrondslag wat saamgesnoer en met mekaar verbind is. Aangesien elke plaaslike gemeente ’n openbaring van die liggaam van Christus is, hoort hulle in plaaslike verband met mekaar. Kerkverband hoort nie tot die wese (*esse*) van die kerk nie, maar dien tog die welwese (*bene esse*) van die kerk omdat dit bydra tot die funksionering van die kerklike gemeenskap. Samewerking tussen gemeentes vind ons reeds in die Nuwe Testament wanneer Paulus herhaaldelik wys op die roeping om mekaar te vermaan, te bemoedig en te ondersteun (Hand 20:28, Rom 1:8-12, 12:9-18 en Gal 6:1-10 ens). As gevolg van die Loedolff-saak in 1862 ontstaan verskillende provinsiale sinodes in die NG Kerk. Met die herstel van die organisatoriese kerkverband in 1962 kom die Algemene Sinode as vierde kerkvergadering tot stand.

Waarom kerkverband – watter waardes lê hieraan ten grondslag? Waardes gee uiting aan sekere funksies:

1. Ons het mekaar nodig, want op ons eie sal ons nie elke keer regkom nie.
2. Die geheel is altyd meer as die afsonderlike dele (liggaam is meer as die liggaamsdele I Kor. 12).
3. Sáám is ons altyd beter.
4. As ons saamstaan, kan ons ’n daadwerklike verskil maak.
5. Dit is goed as ons op ons eie kan staan, maar dit is beter as ons saamstaan en hande vat.
6. Daar is dinge wat ons sáám moet doen, omdat dit aan ons saamgegee is om saam te doen.
7. As ons saamstaan, sal geen probleem te groot wees om te hanteer en selfs op te los nie.
8. Ons is deur God se beskikking saam op pad na dieselfde bestemming geplaas.
9. Daar is groter vreugde is sáám op pad wees – dit maak die reis aangenamer en makliker.
10. As ons sáám reis, bly niemand agter of alleen nie.
11. As een van ons nie verder kan nie, kan die ander help sodat almal kan verder gaan.
12. Ons is veiliger saam en kan ons beter verdedig.

Wat is dan die historiese ontwikkeling – ontstaan van kerkverband?

Ons sal sukkel om huidige korporatiewe patrone en strukture Skriftuurlik of selfs teologies te begrond. Die geskiedenis dui meer op ’n historiese proses van groeiende ontwikkeling – dit is belangrik om die oorspronklike reformatoriese prosesse in ag te neem. Gemeentes het aanvanklik “oorgegaan” vanuit katolisisme na protestantse oortuiging – stig af en hou verband met mekaar.

Vorming van ringe en sinodes is toesighouding, samewerking en ondersteuningsraamwerke.

In Suid-Afrika het dit egter nie só ontwikkel het nie. ’n Gemeente is in 1665 aan die Kaap gestig en al die ander NG Gemeentes het daarvan afgestig. Hulle het nie later eers besluit om tot ’n verband toe te tree nie. Dit belangrik om nie die independentistiese gedagte dat gemeentes uit vrye wil besluit om tot ’n verband toe te tree, te koester nie. Gemeentes wat afstig, staan in ’n verband met die moedergemeente en kan alleen maar besluit om uit die verband te tree.

Ons moet van die beginsel uitgaan dat die struktuur van die Algemene Sinode eers bepaal kan word as ons duidelikheid het oor wat sy funksie(s) is.

Waarvoor en vir wie is die Algemene Sinode? Die Algemene Sinode is ’n sinode van sinodes, dws word saamgestel deur afgevaardigdes van die (tien) sinodes. Gemeentes word nie op die Algemene Sinode verteenwoordig nie.

Die taak van die Algemene Sinode is dus nét dit wat die sinodes op sy agenda plaas – dws wat hulle nie self (alleen) kan afhandel nie en/of wat tot hulle gemeenskaplik met mekaar deel. Hiervan vorm die identiteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerke ’n belangrike deel.

Vanweë die historiese sameloop van omstandighede kan die Algemene Sinode egter nie finaal besluit oor belydenisvorming nie, maar het sinodes ’n “vetoreg” (Artikel 44). Dit is ’n belangrike uitsluiting tov die taak van die Algemene Sinode.

Die volgende het ook duidelik geword:

- Die Algemene Sinode (geld ook van sinodes en ringe) is nie meer so belangrik vir die die deursnee lidmaat/ gemeente/ dominee soos ons graag wil dink nie. Hulle het vrede met wat die “sinode” daarbo doen.
- Vir baie lidmate is die Algemene Sinode “die kerk”.
- Daar is dele van die verband wat “afskeid” van die Algemene Sinode geneem het.
- Die verwydering wat 4 vlakke van die kerkverband noodwendig meebring, dwing dat weer na die samestelling van die vergadering van die Algemene Sinode gekyk word sodat die voetsoolvlak van die verband ook daarby betrokke kan wees. Die verwydering gaan groter word indien die saak nie met erns hanteer word nie.
- Die Algemene Sinodale verband is ŉ organiese verband, maar funksioneer de facto as ŉ federale verband. Die hele kwessie van die afdwingbaarheid van besluite bevestig dit. Die uitdaging is om die twee uiterstes te bestuur. Die vraag is of daar nie aan die Algemene Sinode gedink moet word as ŉ konfederale verband en dit so moet bestuur nie.
- Die Algemene Sinode moet al die stemme in die kerkverband in haar prosesse hoor: ons moet ŉ dapper tree hieroor gee.
- Daar is ‘n persepsie dat mag in ŉ klein groepie sentreer. Daar is wantroue in die “kerkleiding” – die reaksies op baie sake in die media bevestig dit.
- Die sinodes moet aandui wat hulle behoeftes tov ŉ algemene sinode en die se werksaamhede is: húlle is die samestellende kerke.
- Die hele kwessie van afvaardiging na meerdere vergaderinge en wie die afgevaardigde daar verteenwoordig, bly ŉ konstante onuitgesorteerde narratief. Die tradisionele siening dat elke vergadering ŉ vergadering in eie reg is en afgevaardigdes deel van ŉ nuwe vergadering is en geen ander vergadering daar verteenwoordig nie, oortuig mense nie.
- Die Algemene Sinode moet nie werk doen wat sinodes se werk is nie: ŉ goeie voorbeeld hiervan is predikanteversorging.
- Ons diepste identiteit lê in die Hoofskap van Christus soos verwoord in ons gereformeerde tradisie: nie in kerkvergaderinge se besluite of kerkleiers nie. Die Algemene Sinode sal doelbewus die fokus van sigself moet verskuif na die op die Hoof van die Kerk.
- ŉ Proses moet daargestel word waar sinodes baie meer direk betrokke is by die formulering van beleid asook prosesse om dit waaroor hulle saamstem die sake te maak waaroor die Algemene Sinode besluite neem (vgl verder hieronder oor die samestelling en vergaderinge van die Algemene Sinode).

- Die taak van sinodes moet duideliker en breër omskryf word. Daar moet ook voorsiening wees vir ruimte vir sinodes om na gelang van behoefte en konteks bepaalde beleidsbesluite te neem en belydenisse te omarm wat nie in stryd met die Skrif of die kern-belydenisgrondslag van die NG Kerk is nie. Sinodes moet hulle eie stemme kan hê oor bepaalde aktuele sake (bv Belhar of selfdegeslagverhoudings) – die Algemene Sinode hoef nie oor alles ŉ beleidstandpunt te hê nie.
- Daar is toenemend stemme dat die samestelling van die Algemene Sinode uit 200 afgevaardigdes te klein is.
- Artikel 43 van die Kerkorde moet verkort word en doelgerig toegepas word.

Opsies tov die vergaderinge en samestelling van die Algemene Sinode is die volgende:
- Die Algemene Sinode vergader elke 5 jaar as *sinodus plena* met een leraar en een kerkraadslid van *elke gemeente*. Gemeentes word versoek om hiervoor te begroot oor ŉ tydperk van vier jaar. In ŉ vergadering soos die word net die allernoodsaaklikste besluite itv Artikel 43 geneem waar die breedste moontlike instemming voor nodig is. Die vergadering dien verder as versterking en viering van ons onderlinge verbondenheid, afgevaardigdes vanaf die voetsoolvlak kan deelneem en terugvoering gee, en vertroue in en meelewing met die werk van die Algemene Sinode word geskep. Terwyl koste ŉ faktor is, is die dividend oor die langtermyn oneindig groter. Uiteraard is daar talle tegniese en praktiese sake waaroor duidelikheid verkry sal moet word tov so ŉ vergadering, maar dit is almal uitsorteerbaar.
- In die interimjare vergader die Algemene Sinode jaarliks as *sinodus contracta* met 6 verteenwoordigers uit elkeen van die 10 sinodale gebiede volgens keuse van die betrokke sinodes. Hierdie vergadering doen die werk van die Algemene soos omskryf in Artikel 43 van die Kerkorde. Hierdie vergadering van die Algemene Sinode kan dan dinkskrums/ netwerke daarstel om te help met die besinning oor sake waaroor daar beleid/ standpunte geformuleer moet word.
- Hierdie werkwyse dien ŉ nuwe fokus op onderlinge verbondenheid, betrokkenheid en effektiwiteit in die kerkverband.
- Die volgende praktiese sake is van belang:
  - Bekostigbaarheid: Die *sinodus plena* gaan uiteraard baie duurder as ŉ gewone Algemene Sinode wees, maar die koste word anders versprei. Die koste vir die *sinodus contracta* behoort dieselfde te wees as wat die koste tans vir die vergaderings van die Moderamen is.
  - Die *sinodus contracta* wys sy eie moderatuur by sy eerste vergadering aan. Moderatuurslede kom nie uit dieselfde sinodale gebiede nie. Hulle dien vir een termyn tot die volgende *sinodus plena.*
  - Die *sinodus contracta* wys die leierskap vir die *sinodus plena* aan.

**4.3 TEN OPSIGTE VAN DIE RINGE**

In ons nadenke oor kerkverband moet ons van onder af dink – moenie ŉ saak "van bo af" dryf nie. Die stelling word gemaak "*I cannot commit if I am not connected*." Dit is duidelik dat die eerste 3 vlakke van meerdere vergaderings die beste/meeste bindweefsel bied. Ringe is die belangrikste van die vlakke van meerdere vergaderings omdat al die gemeentes daar betrokke is en dit die naaste aan die gemeentes is.

Daar moet weer intensief na ringe gekyk word. Ringe moet geaktiveer, "re-vitaliseer" word. Dit lê egter buite die opdrag en taak van die Algemene Sinode.

Die volgende word opgemerk:
- Die ring is en moet ŉ belangrike plek wees waar kerkverband geleef en gevier word.
- Die vraag is of ringe se krisis nie onder andere daaraan te wyte is dat sinodes baie van ringe se werk oorgeneem het nie.
- Daar is nie energie of kapasiteit by dominees om nog ŉ ring óók te laat funksioneer sáám met ŉ gemeente en werk van sinodes en ŉ Algemene Sinode nie.
- Daar is verskeie opsies om hierdie belangrike deel van die verband nuut te posisioneer en te laat funksioneer:

Tov strukturering kan die volgende oorweeg word:
- Die praktyk wys wel dat kleiner (intiemer) ringe beter werk.
- Enige strukturering moet die NG Kerkfamilie betrek. Ringe moet hulle eie tussenordes daarstel om prosesse te bestuur.
- Die kerkverband moet in hierdie dinkproses betrek word en bemagtig word om self met planne na vore te kom.

Tov funksionering is die volgende belangrik:

- Ringe moet gemeentes kan bemagtig en motiveer om in hulle gemeenskappe kerke vir die totale gemeenskap te wees.
- Missionale gemeentewees, kerkplanting, maatskaplik-diakonale hulpverlening, versorging van predikante, koördinering van bedieninge, onderlinge hulpverlening, deel van bronne, onderlinge opleiding, onderlinge opsig, gereëlde viering van die verband, ens moet deel van die roeping van groeperinge van gemeentes wees.
- Wagwoorde is sake soos plooibaar, sistemies, funksioneel, saam-dink-en-werk, ens.
- Kapasiteit (deeltyds of voltyds) sal geskep moet word vir iemand om sake bymekaar te hou indien ringe groter word – dit is ook hoe kerke elders in die wêreld funksioneer waar ringe groter is. Sinodes en ringe sal in gesprek moet gaan oor hoe om dit op die beste wyse te hanteer.

**4.4 TEN OPSIGTE VAN DIE NG KERKFAMILIE**

- Eenheidsgesprekke en strukture moet nie van bo af kom nie, maar van onder af. Die kerkverband moet in staat gestel word om dit so te hanteer.
- Die NG Kerkfamilie is aan mekaar gegee en moet spontaan kan uitdrukking gee aan gegewe eenheid.
- Die Kerkorde moet ruimte skep dat enige vorm van tussentydse eenheid/ permanente eenheid moontlik is. Daar moet ruimte wees vir evolusionêre en kontekstuele prosesse.
- Dit is noodsaaklik dat verskillende kerkverbande regsgeldige verbande moet kan vorm. 'n Tussenorde moet dringend hiervoor daargestel word.
- Die model wat in 2011 ter tafel geneem is in die gesprek tussen die NG Kerk, NGKA en RCA moet weer besoek word.
- 'n Konfederale model as eerste tree kan sake vinniger laat vorder.

## 5. AANBEVELINGS: KERKVERBAND

**5.1 Die funksionering van die kerkverband moet die Hoofskap van Christus weerspieël. Indien dit nie duidelik genoeg in die Kerkorde weergegee word nie, moet dit aandag kry.**

**5.2 Die teologiese uitgangspunte oor kerkverband bestaan uit die volgende en moet as 'n artikel in die Kerkorde weergegee word (die sake is reeds in 2011 goedgekeur as deel van die Herstruktureringsverslag):**

**5.2.1 Ons is mense aan wie God Drie-enig Hom uit liefde verbind; daarom leef ons in verbondenheid met God, met mekaar en met sy wêreld.**

**5.2.2 Ons is huis- en reisgenote saam met God; daarom verstaan ons kerk-wees as sisteem én beweging.**

**5.2.3 Ons is 'n gereformeerde kerk wat bly reformeer; daarom soek ons voortdurend saam rondom Woord en belydenis na God se wil vir ons lewe.**

**5.2.4 Ons word deur God geroep en gestuur; daarom volg ons Hom in alles na en verbeeld en verklank so God se liefde en sy teenwoordigheid in die wêreld.**

**5.2.5 Ons vorm deel van die een liggaam van Christus; daarom bly groei ons saam al is ons verskillend. Ons het mekaar nodig en vier ons saamwees voor God.**

**5.2.6 Ons is 'n kerk wat deur God se genade 'n lang pad met mekaar saamloop; daarom wil ons mekaar nie los nie.**

**5.3 Artikel 43 word soos volg verander en verkort:**

**5.3.1 Die Algemene Sinode hanteer slegs dié**

**5.3.1.1 sake wat nie in 'n mindere vergadering afgehandel kan word nie; of**

**5.3.1.2 sake wat gemeenskaplik tot die samestellende sinodes behoort;**

**5.3.2 Die Algemene Sinode se funksie is om as Sinodes sáám gemeenskaplike besluite te neem oor:**

**5.3.2.1 die NG Kerk se besondere identiteit;**

**5.3.2.2 ekumeniese verhoudinge; en**

**5.3.2.3 publieke getuienis op nasionale en internasionale gebied.**

**5.3.3 Sodoende wil die Algemene Sinode diensbaar vir ál die gemeentes ringe en sinodes wees.**

**5.4 Die Algemene Sinode vergader ter wille van die onderlinge verbondenheid, betrokkenheid en effektiwiteit van die kerkverband soos volg:**

**5.4.1 Die Algemene Sinode vergader een maal elke 5 jaar as *sinodus plena*. Elke gemeente van die NG Kerk sal een leraar en een kerkraadslid kan afvaardig. Hierdie vergadering neem net die minimum en noodsaaklikste rigtinggewende beleidsbesluite waar die breedste moontlike instemming nodig is. Die *sinodus contracta* wys die leierskap vir die *sinodus plena* aan.**

**5.4.2 In die interim vergader die Algemene Sinode <u>jaarliks</u> as 'n *sinodus contracta* bestaande uit 6 afgevaardigdes uit elkeen van die 10 sinodale gebiede. Sinodes kan self besluit hoe hulle**

**afvaardiging saamgestel word. <u>Dié sinode kies ’n sinodale kommissie met verteenwoordiging uit elke sinode wat as dagbestuur/moderamen ageer.</u>**

**5.4.3 Die Algemene Sekretaris sal die koördinering en fasilitering van die werk van die Algemene Sinode doen. Sy kantoor dien as die adres van die Algemene Sinode en hy funksioneer as die sameroeper van al die vergaderinge van die Algemene Sinode.**

**5.4.4 Die *sinodus contracta* mag dinkskrums (wat as vrywillige netwerke funksioneer) saamstel uit die 10 sinodes wat oor aktuele en dringende sake navorsing en aanbevelings doen.**

**5.5 Die Algemene Sinode dra dit aan ’n projekspan op om die praktiese oorgangsmaatreëls op te stel vir die nuwe voorgestelde struktuur van die Algemene Sinode.**

**5.6 Ringe word versoek om kreatiewe moontlikhede van kerkverband te ondersoek om uitdrukking aan die volgende aspekte te gee:**

**5.6.1 Die kontekstuele plooibaarheid van strukture.**

**5.6.2 Funksionele en sistemiese werkwyse: Missionale gemeentewees, kerkplanting, maatskaplik-diakonale hulpverlening, versorging van predikante, koördinering van bedieninge, onderlinge hulpverlening, deel van bronne, onderlinge opleiding, onderlinge opsig, gereëlde viering van die verband, ens moet deel van die roeping van groeperinge van gemeentes wees.**

**5.6.3 Die ernstige oorweging vir die skep van kapasiteit.**

**5.6.4 ’n Plek waar kerkverband verstaan en gevier word.**

**5.6.5 Opleiding vir alle fasette van die werk van die kerkverband.**

**5.6.6 ’n Klem op organiese verband en nie organisatoriese verband nie.**

**5.7 Ringe en sinodes word aangemoedig om “tussenordes” te skep om organiese verband te stimuleer – ook tussen die lede van die NG Kerkfamilie. Die bestaande kerkorde word dus meer oop interpreteer om gestaltes van organiese eenheid tot stand te bring.**

**BYLAE 4**

# VORM 8

## AKTE VAN DEMISSIE:

**EMERITAAT**
**of**
**MET DIE OOG OP VERDERE STUDIE**
**of**
**OP GROND VAN KERKORDE ART 12.7.3**
**of**
**BY VERSTRYKING VAN TERMYN**

**Nederduitse Gereformeerde Kerk**

[Vervang onderstaande **donker gedrukte paragraaf** met die toepaslike "*kursief gedrukte paragraaf*" – sien punt 2.1 tot punt 2.4 hieronder]
**Nadat die Kerkraad van …………………………………….……. die verskeie stukke gesien en in orde bevind het met betrekking tot die emeritaat van ……….......……………………………… bedienaar van die Woord van die gemeente ………………………………………………. ontslaan hy hom/haar hiermee eervol van sy/haar diens as herder en bedienaar van die Woord in die gemeente, en wens hom/haar van harte toe dat hy/sy steeds die seën van die Here en ewige heil mag ondervind.**

Verder sal aan die genoemde broeder/suster 'n attestaat uitgereik word deur die kerkraad vir die oorplasing van sy/haar lidmaatskap na die gemeente waarheen hy/sy verhuis.

Gegee op ………………………………………deur die kerkraad van

die Nederduitse Gereformeerde Gemeente ……………………..……

en geldig vanaf………………………………………

**Onderteken:**

…………………………………………. (voorsitter)

………………………………………….. (skriba)

Geteken te ............................. op hierdie ............ dag van ........................

................................................
**(Ring/ringskommissie)**

**AANTEKENING:**

1. **Die "verskeie stukke" verwys na die nodige goedgekeurde pensioenreëlings en sake wat nog nodig geag word.**
2. **Hierdie vorm word aangepas vir die verlening van demissie**

2.1 <u>**Emeritaat**</u>
*Nadat die Kerkraad van …………………………………….……. die verskeie stukke gesien en in orde bevind het met betrekking tot die emeritaat van ……….......………………………………*
bedienaar van die Woord *van die gemeente ………………………………………………. ontslaan hy hom/haar hiermee eervol van sy/haar diens as herder en* bedienaar van die Woord *in die gemeente, en wens hom/haar van harte toe dat hy/sy steeds die seën van die Here en ewige heil mag ondervind.*

2.2 <u>**Demissie met die oog op verdere studie**</u> **(Sien Reglement vir die Verlof van bedienaars van die Woord, punt 5: Studieverlof):**
*Op grond van die verklaring van die algemene bevoegdheidsraad insake die behoud van bevoegdheid met betrekking tot die voorneme van ………...………………..…………………*
bedienaar van die Woord *van die gemeente ………………………………………....... om verder te gaan studeer het die kerkraad besluit om hom/haar eervol te ontslaan en wens hom/haar van harte toe dat hy/sy steeds die seën van die Here en ewige heil mag ondervind.*

2.3 <u>**Op grond van Kerkorde art 12.7.3**</u>
*Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk .......................................... en ds. .................................... het met goedkeuring van die ring van ................................ ooreengekom om die kontraktuele ooreenkoms tussen die gemeente en .................................................. op grond van Kerkorde 2013 artikel 12.7.3 te beëindig. Die gemeente ontslaan hom hiermee eervol en wens hom/haar van harte toe dat hy/sy steeds die seën van die Here en ewige heil mag ondervind.*

**2.4 By verstryking van termyn**

*Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ........................................... en ds. ..................................... het met goedkeuring van die ring van ................................. ooreengekom dat die kontraktuele ooreenkoms tussen die gemeente en ................................................... beëindig word aangesien die termyn van die vaste aanstelling verstryk het. Die gemeente ontslaan haar hiermee eervol en wens haar van harte toe dat sy steeds die seën van die Here en ewige heil mag ondervind.*

# 6. NOTULE VAN DIE VERGADERING VAN DIE NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND IN SITTING TE KIMBERLEY OP 17-20 OKTOBER 2016

## EERSTE SITTINGSDAG

**17 OKTOBER 2016**

EERSTE SESSIE

Die predikant in sinodale diens kry geleentheid om praktiese reëlings bekend te maak.

Ds. PL Louw, die leraar met die langste jare diens, neem die voorsitterstoel in en tree op as voorsitter totdat 'n voorsitter verkies is. (Bepaling 1.1 Reglement van Orde).
Die voorsitter bedank die ring van Upington, sinodale kantoor en die liturgiespan vir al die voorbereidings.

Die volgende nuwe leraars in die sinodale gebied word ter vergadering verwelkom, naamlik

| | |
|---|---|
| GPM de Wet | Philipstown |
| FC de Witt | Plooysburg |
| D Gerber | Douglas |
| RG Janse van Vuuren | Brandvlei |
| DJ Kritzinger | Modderrivier-Ritchie |
| DW Marais | Postmasburg |
| GFM Oosthuizen | Williston |
| JJ Smit | Vanwyksvlei |
| CJ Swart | Kimberley-Vooruitsig |
| A Nel | Hartskroon |

Ds. PL Louw lees uit Matteus 6:9-13 en Handelinge 9:4; 10:34-35; 15:28 (Tema: *"Here, doen dit weer...!"*).
Die derde bede van die Ons Vader word gebid teen die tragiese agtergrond van ons gebroke en flenter wêreld. Want hierdie wêreld steur hom nie veel aan die wil van God nie. Hierdie derde bede word ook gebid teen die agtergrond van ons eie sondige eiewilligheid. Want teenoor God se wil het ons wil te staan gekom. Sal ons ooit verstaan hoe 'n groot ramp dit is. Die tragiese gebeure en vreeslikste verhale in die wêreld is nie God se wil nie, maar óns wil. Dat mense onmenswaardig hanteer word, dat mense verneder word, dat mense vermoor word, is nie God se skuld nie, dis óns skuld.
Ons moet hierdie bede: "Laat u wil op die aarde geskied, net soos in die hemel," regtig leer bid. Dit ook gereeld bid. Dit is baie meer nodig as wat ons ooit sou kon dink. As ons besef hoe gevaarlik en vernietigend ons eie wil op almal en alles om ons is, sal ons aanhoudend pleit: "Laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel!"
Maar ek dink die rede waarom ons hierdie bede nie bid nie (nie regtig bid nie), is omdat dit 'n bitter gevaarlike gebed is om te bid. Diegene wat hierdie bede bid, vra niks minder nie as dat die Here sy eie sondige eiewilligheid nekomdraai. Jy vra dat die Here jou eie "wil" doodmaak. Jy gee die Here die reg om jou diepste motiewe en "*verskuilde*" agendas uit die verste en donkerste uithoeke van jou menswees te ontbloot vir wat dit werklik is en dan te dood. Wie wil dit waag? Wie sien daarvoor kans? Wie dink dis nou nodig dat die Here dit aan my moet doen? Daar's dan absoluut niks om ontmasker te word en beslis niks om nek-om-gedraai te word nie.
Ons is almal arrogant en dwaas genoeg om te dink dat ons eie wil goed is. Só goed is dat ons self liefde, vrede en geregtigheid kan skep. Dat al ons bedoelings "goeie bedoelings" is. Dat ons motiewe "suiwer motiewe" is. Ons is dan ordentlike, beskaafde en opgevoede mense. Maar met die bid van hierdie bede ontdek ons dat ons "goed", nie regtig goed is nie, en ons "suiwer", nie werklik suiwer is nie. En dat ons beskaafdheid en opvoeding maar 'n dun lagie is. Martin Luther het gesê hierdie bede is 'n "gevreesde gebed" – want dit kos jou jou eie lewe.
Om hierdie bede te bid, is beslis nie: "Doen slegs u wil Heer, u wil met my, u Pottebakker met my die klei", en dan vorm en maak ek myself net soos ek wil nie. Dis nie "*Business as usual*" nie. Die bede kos jou jou lewe. Leer die kategismus ons dan nie om hierdie bede te bid beteken dat ons die Here vra: "Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpratery gehoorsaam te wees...!
Prysgee is die woord waarteen ons almal ons vasloop. Want daar is geen kompromie nie. Dis óf ons eie sondige wil óf God se wil, wat alleen goed is. Sal ons dit waag om hierdie bede by die sinode te bid? So bid dat hierdie pleitgebed die ondertoon van ons hele vergadering word. Dat die bede bepaal hoe ons *oor* mekaar *dink*. Hoe ons *oor* mekaar praat. Hoe ons *met* mekaar praat. Hoe ons *teenoor* mekaar optree.
Sal ons dit bid: Gee dat ons ons eie wil prysgee om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpratery gehoorsaam te wees...! Sal ons dit waag? Dis almal van ons!
Oor Skrifgesag, Skrifgebruik, dieselfdegeslag verhoudings, missionale transformasie, missionale diakonaat, seisoen van menswaardigheid en al die ander sake stem ons

nie almal saam nie. Ons sien God se wil oor hierdie sake anders. Maar een ding moet ons nie uit die oog verloor nie. Ons staan as broers en susters voor die Here. En ons bely almal dat ons Hom liefhet en Hom wil dien. Almal van ons soek God se eer. Almal van ons bely dat ons die Here se wil soek en wil gehoorsaam. Maar ons verskil van mekaar. Dit moet ons nederig maak.
Wat kan ons doen? Ons kan mekaar verketter. Ons kan mekaar se integriteit in twyfel trek. Ons kan mekaar se standpunte en argumente belaglik probeer voorstel. Ons kan groepe vorm en verdeeldheid en wantroue saai. Ja, ons kan. Maar ons mag nie. Dit moet tog anders in die kerk lyk as in die wêreld waar God se wil nie gesoek word nie. Ons is almal kinders van die Here. Ons is mekaar se broers en susters. Almal bedoel dit ernstig met die wil van die Here. Maar ons verskil oor wat die wil van die Here in bepaalde situasies is. Dit moet ons nederig maak.
Laat ons eerlik wees dit is vir ons moeilik om God se wil te onderskei. Korintiërs sê: “Nou kyk ons nog in ’n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ons net gedeeltelik...!” Nie een van ons het die volle waarheid in pag nie. Nie een van ons het al die wysheid nie. Saam het ons nie eers die volle waarheid beet nie. Saam het ons nie al die wysheid beet nie. Dit moet ons nederig maak.
Wanneer ons die Handelinge-verhaal lees sien ons ook die vroeë kerk se worsteling om die wil van die Here te onderskei.

- Saulus in sy vervolging van die kerk is oortuig hy is besig om God se wil te doen. Totdat Jesus voor hom staan en sê: “Saul, Saul waarom vervolg jy My?” (Handelinge 9:4)
- Die Here het moeite om Petrus te kry om na Cornelius te gaan. En met sy terugkoms is Petrus op die rooi tapyt by die gemeente. En sy verweer: Wie was ek dan om God te probeer verhinder?" Toe die gelowiges dit hoor, was hulle tevrede. Hulle het God geprys en gesê: “God het selfs mense wat nie Jode is nie, tot inkeer gebring om aan hulle die lewe te gee.” (Handelinge 11:17-18)
- Wanneer die gemeente oor die moeilike saak van die besnydenis moet besluit, hoor die uitkoms: Die Heilige Gees en ons het besluit om geen verdere las op julle te lê nie.” (Handelinge 15:28)

Ons het mekaar nodig om die wil van God te onderskei. Ons moet mekaar vashou. Ons moet mekaar help om aan die Here vas te hou. Ons moet mekaar help om aan sy Woord vas te hou. Omdat ons verskil mag ons mekaar nie los nie. Ons moet saam by die Here se wil uitkom. Niemand moet wen nie, behalwe die Here. Dis nie die een wat die hardste skree of die een selfs met die mees logiese argumente of die mense met die meeste stemme wat wen nie. As die evangelie nie die hele pad alles bepaal nie, verloor almal. En ly die koninkryk van God skade. Dit moet ons nederig maak.
En nog meer ontstellend moet ons eerlik bely dat dit vir ons onmoontlik is om God se wil te gehoorsaam. Dis vir ons nie moontlik om gehoorsaam te wees op aarde, soos die engele in die hemel nie. Sal ons nie almal saam erken: “Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.” Dit moet ons nederig maak.
Dit is net Hy wat gesê het: “My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi,” wat dit aan ons kan skenk. Dit is net Hy wat gesê het: “Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!" wat dit aan ons kan gee. Net Christus kan ons die vermoë gee om God se wil te onderskei. Net Hy kan die gehoorsaamheid skenk om Gods se wil te kan gehoorsaam. Dit moet ons baie nederig maak.
**Gebed:** Here, gee dat ons by hierdie sinodesitting ons eie wil sal prysgee om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpratery gehoorsaam te wees. Gee dat ons net so gewillig en getrou u wil soos die engele in die hemel sal uitvoer. Amen.

1. Wat vra ons as sinode wanneer ons bid: *“...laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel...”*?
2. Bid vir ons sinodesitting en vra dat daar ’n opregte soeke na God se wil sal wees.

Die vergadering sing Lied 266 (Ons Vader).
Ds. PL Louw sluit af met gebed.

Die voorsitter stel aan die orde:

# VERSLAG TAAKSPAN SINODEBEPLANNING
**(bladsye 1 - 18)**

Die verslag word aan die vergadering voorgehou deur die ondervoorsitter van die taakspan sinodebeplanning, ds. DJ Muller.

**1. PERSONEEL EN VERGADERINGS**
**KENNIS GENEEM**

**2. TAAKSPAN SINODEBEPLANNING**
**KENNIS GENEEM**

**2.1 Uitvoering**
**KENNIS GENEEM**

**3. REËLINGS VIR DIE TWINTIGSTE VERGADERING VAN DIE SINODE VAN DIE NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND**
**KENNIS GENEEM**

**3.1 Aanmelding van afgevaardigdes**
**KENNIS GENEEM**

**3.2 Opening**
**KENNIS GENEEM**

**3.3 Notulering**
**KENNIS GENEEM**

**3.4 Konstituering**

**3.4.1 Kennisgewing**
**KENNIS GENEEM**

**3.4.2 Geloofsbriewe**
Die geloofsbriewe ***Bylae 1*** word ter tafel gelê, tesame met die wysiginge wat tot voor die konstituering ontvang is.
(Bepalings 1.2 en 1.3 van die Reglement van Orde).
**KENNIS GENEEM**

**3.4.3 Konstituering**
Die konstituering vind plaas in ooreenstemming met Kerkorde artikel 33 en bepaling 1.3 van die Reglement van Orde.
Die volgende afgevaardigdes het verskoning aangeteken:

- Ds. JJ van Zyl (Upington-Blydeville) maak verskoning vir Woensdagmiddag en Donderdag.

Die volgende afgevaardigdes verskyn ter vergadering:

**Angolana**
M Hongolo *(Leraar)*
F da Costa *(Primarius)*

**Askham-Noenieput**
FA Fouché *(Leraar)*
IJ De Witt *(Primarius)*

**Augrabies**
SJ Schoeman *(Leraar)*
GF Visser *(Primarius)*

**Barkly-Wes**
F Vorster *(Sekundus leraar)*
G Moorcroft *(Primarius)*

**Brandvlei**
RG Janse van Vuuren *(Leraar)*
HLHC Louw *(Primarius)*

**Britstown**
JZ Joubert *(Leraar)*
MC van Zyl *(Primarius)*

**Carnarvon**
SC van der Merwe *(Leraar)*
FG Haasbroek *(Primarius)*

**Daniëlskuil**
EL Daffue *(Sekundus leraar)*
SF Weideman *(Primarius)*

**De Aar**
PJ Conradie *(Leraar)*

**De-Aar-Noord**
NB Roux *(Leraar)*
EJvZ Greyling *(Primarius)*

**Deben**
AJ Pieterse *(Sekundus leraar)*
DEA Slabbert *(Primarius)*

**Delportshoop**
FP Avenant *(Leraar)*
GV Faber *(Primarius)*

**Diamantveld**
P-R du Toit *(Leraar)*
FD Hugo *(Leraar)*
JM van Zyl *(Primarius)*

**Douglas**
D Gerber *(Leraar)*

**Dutoitspan**
E Kotze *(Sekundus leraar)*
PJ Le Roux *(Primarius)*

**Goedvertrou**
HS Havenga *(Leraar)*
WJ Becker *(Primarius)*

**Griekwastad**
PG Otto *(Leraar)*
JJ Scholtz *(Primarius)*

**Groblershoop**
CJ Nortjé *(Primarius)*

**Grootdrink**
M VDS Loubser *(Leraar)*
AL Maass *(Primarius)*

**Grootrivier**
PJJ Goussard *(Primarius)*

**Hanover**
Geen

**Hartskroon**
A Nel *(Leraar)*
HB Fick *(Primarius)*

**Hartswater**
MJ Coetzer *(Leraar)*
JA Swiegers *(Primarius)*
TC du Toit *(Leraar)*
AD Grové *(Primarius)*

**Hopetown**
JS Henning *(Leraar)*
CJ Thomas *(Primarius)*

**Jan Kempdorp**
SJ Strydom *(Leraar)*
HJ Lourens *(Primarius)*

**Kakamas**
PJL Blaauw *(Leraar)*
GM Botma *(Primarius)*
R Britz *(Leraar)*
F van Wyk *(Primarius)*

**Kalahari**
EZ Anthonissen *(Leraar)*
JA de Klerk *(Primarius)*

**Kameelboom**
GJHW Nieuwoudt *(Sekundus leraar)*
T Grobler *(Primarius)*

**Kanoneiland**
SL de Jager *(Leraar)*
CDE Valentin *(Primarius)*

**Kathu**
HK Viljoen *(Leraar)*
BF Burger *(Primarius)*
AC de Villiers *(Leraar)*
M van der Linde *(Primarius)*
JA van Schalkwyk *(Leraar)*
N Loots *(Primarius)*

**Keimoes**
JP Conradie *(Leraar)*
DJ Malan *(Primarius)*

**Kenhardt**
JIR van Niekerk *(Leraar)*
WJ Blomerus *(Primarius)*

**Kimberley**
LM Basson *(Leraar)*
JA van Niekerk *(Sekundus)*

**Kimberley-Bakenskop**
A Zandberg *(Leraar)*
S Jacobs *(Primarius)*
WG Stumpfe *(Leraar)*
E Weyers *(Sekundus)*

**Kimberley-Bet-El**
GJ Duursema *(Leraar)*
P Britz *(Sekundus)*

**Kimberley-ǂGacan**
PW Manu *(Leraar)*
S Mionga *(Primarius)*

**Kimberley-!Xun-Alfa**
FM Mahongo *(Leraar)*
K Benedito *(Primarius)*

**Kimberley-Harmonie**
AC Swanepoel *(Leraar)*
LJ Enslin *(Primarius)*
DJ Scheepers *(Leraar)*
PJ Harmse *(Primarius)*
S Nel *(Leraar)*
AS Enslin *(Primarius)*

**Kimberley-Vooruitsig**
W Roets *(Leraar)*
G Vernooy *(Primarius)*
JPL Mostert *(Leraar)*
HP Kritzinger *(Primarius)*
CJ Swart *(Leraar)*
CM Broderick *(Primarius)*

**Kimberley-Wes**
PL Gouws *(Leraar)*
CM du Preez *(Primarius)*

**Kuruman**
N van Staden *(Leraar)*
N Thomatos *(Primarius)*

**Kuruman Die Oog**
C Jonck *(Leraar)*
SM Joubert *(Primarius)*

**Lime Acres**
FJ Heymans *(Leraar)*
J Gronum *(Primarius)*

**Louisvale**
J Grobbelaar *(Leraar)*
WJ Barnard *(Primarius)*

**Louwna**
Geen

**Loxton**
A Werner *(Leraar)*
E Davis *(Primarius)*

**Mafikeng**
JJ Knoetze *(Leraar)*
JA Pretorius *(Primarius)*

**Marchand**
G Marx *(Leraar)*
GJJ van Niekerk *(Primarius)*

**Mareetsane**
PC Bossert *(Sekundus leraar)*
JC Gouws *(Primarius)*

**Modderrivier-Ritchie**
DJ Kritzinger *(Sekundus leraar)*
F van As *(Primarius)*

**Neilersdrif**
RJ Lourens *(Leraar)*
C Baard *(Primarius)*

**Noorderharts**
JM Brümmer *(Primarius)*

**Olifantshoek**
JJ van Zyl *(Leraar)*
B Nel *(Primarius)*

**Onder-Molopo**
Geen

**Orania**
SW Albertyn *(Leraar)*
FD Joubert *(Primarius)*

**Oranjevallei**
GP Barnard *(Leraar)*
CE Lintvelt *(Primarius)*

**Petrusville**
P VdW Coetzer *(Leraar)*
JG Potgieter *(Primarius)*

**Petrusville-Uitsig**
Geen

**Philipstown**
GPM de Wet *(Leraar)*
L de Jager *(Primarius)*

**Piet Plessis**
LB de Villiers *(Leraar)*
FA Seevinck *(Sekundus)*

**Plooysburg**
DG Cilliers *(Primarius)*

**Postmasburg**
K O'Callaghan *(Leraar)*
PS Dippenaar *(Primarius)*

**Prieska**
DJ Muller *(Leraar)*
CM Coetzee *(Primarius)*
VR Terblanche *(Leraar)*
JC Hanekom *(Primarius)*
HG Human *(Sekundus leraar)*
AA Visser *(Primarius)*

**Reivilo**
CR Scheepers *(Leraar)*
AP Scholtz *(Primarius)*

**Stella**
WP Vermaak *(Leraar)*
HJ van Wyk *(Primarius)*

**Strydenburg**
IM Kluge *(Leraar)*
GJ Liebenberg *(Primarius)*

**Tadcaster**
J Oosthuizen *(Leraar)*
WJ van der Merwe *(Primarius)*

**Upington**
PL Louw *(Leraar)*
RBF Saal *(Primarius)*

**Upington-Blydeville**
JJ van Zyl *(Leraar)*
J Pretorius *(Primarius)*

**Upington-Noord**
BJP Booysen *(Leraar)*
SP du Toit *(Sekundus)*

**Upington-Oos**
JP Smit *(Primarius)*
AH Scholtz *(Leraar)*
JL Snyman *(Primarius)*

**Upington-Wes**
TE Smit *(Leraar)*
AJ van Rooyen *(Sekundus)*

**Vanderkloof**
JP Pienaar *(Sekundus leraar)*
GA Moolman *(Primarius)*

**Vanwyksvlei**
JJ Smit *(Leraar)*
JPP Vos *(Primarius)*

**Vanzylsrus**
JPJ van Tonder *(Leraar)*
WJJ Roux *(Primarius)*

**Vergelegen**
Geen

**Vosburg**
C Janse van Rensburg *(Leraar)*
JJ Borman *(Primarius)*

**Vryburg-Harmonie**
LM Coreejes *(Leraar)*
JDK Haasbroek *(Primarius)*

**Vryburg-Noord**
PJ Theron *(Leraar)*
LSG Claassens *(Primarius)*

**Vryburg-Wes**
PF Coetzee *(Leraar)*

W vV Weideman (*Primarius*)

**Warrenton**
JB Vos (*Leraar*)
J Koorts (*Primarius*)

**Williston**
GFM Oosthuizen (*Leraar*)
ND Esterhuyse (*Primarius*)

**AANBEVELING**
**Die voorsitter verklaar die vergadering wettig gekonstitueerd.**
**GOEDGEKEUR**

Die volgende **waarnemers** verskyn ter vergadering:
PG Slabber (*Groblershoop*)
JF du Toit (*Plooysburg)*
DV Chicate (*Portugees sprekende)*

**3.4.4 Verkiesing van moderatuur**
Die verkiesing van die moderatuur vind plaas volgens bepaling 34 van die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland.
Die ring van Upington is versoek om 'n groslys te voorsien waaruit 'n voorsitter en ondervoorsitter gekies kan word.

> ***Die Ring van Upington het op 17 November 2015 besluit dat die twee name waaruit 'n voorsitter en onder-voorsitter gekies kan word vir die Sinodale vergadering vir 2016 as volg is:***
> ***Ds. TE Smit (Primarius)***
> ***Ds. BJP Booysen (Primarius)***
> ***Ds. FA Fouché (Sekundus)***

'n Voorsitter en ondervoorsitter word agtereenvolgens verkies, nadat in elke geval 'n nuwe groslys gevorm is – telkens (nominasies en stemming) per geslote stembriefies (Bepaling 1.4 en 2 van die Reglement van Orde)
Die stembriewe word opgeneem en getel deur die stemtellers.
Daar word voortgegaan met die behandeling van die verslag van die taakspan sinodebeplanning, terwyl die verkiesing van die voorsitter en ondervoorsitter aan die gang is.
**KENNIS GENEEM**

**VERKIESING VAN VOORSITTER**
Die voorsitter vra nominasies vir voorsitter.

**3.5 Werkswyse en tydsindeling**
Die voorgestelde werkswyse (***Bylae 2***) en tydsindeling (***Bylae 3***) van die vergadering is aangeheg by hierdie verslag.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**
1. **om die voorgestelde werkswyse (*Bylae 2*) en tydsindeling (*Bylae 3*) goed te keur.**

**GOEDGEKEUR**

**3.6 Afsluiting van vergadering**
Die vergadering **NEEM KENNIS** dat die sinode nie later as 12:00 Donderdag 20 Oktober 2016 sal verdaag nie. Die verrigtinge word afgesluit met Skriflesing en gebed deur die voorsitter of iemand deur hom daartoe versoek. (Bepaling 9 van die Reglement van Orde).

**3.7 Groeteboodskappe**
Die volgende kerke is genooi om elk 'n groeteboodskap tydens die sinodesitting te bring:

- Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika Phororo
- Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo
- Reformed Church in Africa Pearl
- Dutch Reformed Church in Botswana
- Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika
- Gereformeerde Kerk
- Afrikaanse Protestantse Kerk
- 'n Verteenwoordiger van die algemene sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Groeteboodskappe sal 10 min voor ete of teetyd plaasvind.
**KENNIS GENEEM**

Die vergadering verwelkom ds. H Britz, Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika.

**3.8 Standaardisering van verslae**
**KENNIS GENEEM**

**3.9 Ander reëlings**
**3.9.1** Die vergadering **NEEM KENNIS** dat vorms vir voorstelle voorberei is en dat voorstelle wat nie op sodanige vorm geskryf is nie, nie aanvaar sal word nie.
**3.9.2** Tydelike kommissies kry geleentheid om in die aande na afloop van die normale sittingstyd te vergader.
**3.9.3** Afgevaardigdes **NEEM KENNIS** van 'n staande besluit, naamlik dat afgevaardigdes met gemaklike – dog netjiese kleredrag sinodesittings kan bywoon.

**3.10 Verteenwoordigers van teologiese fakulteite**
**KENNIS GENEEM**

**3.11 Kommunikasie - media**
**KENNIS GENEEM**

**3.12 Tydelike kommissies (bepaling 35.6.1)**

**3.12.1 Kommissie vir aankondigings en korrespondensie**
**Dr. JB Vos (s)**
**Sekundus: Ds. DJ Muller**

**3.12.2 Kommissie vir die besluiteregister**
**Ds. GP Barnard (s)**
**Ds. VR Terblanche**
**Sekundus: Ds. PF Coetzee**

**3.12.3 Mediakommissie**
**Dr. JB Vos (s)**
**Ds. DJ Muller**
**’n Verteenwoordiger uit die notulekommissie**

**3.12.4 Kommissie vir hulpdienste**
**Dr. AC Swanepoel (s)**
**Ds J Oosthuizen**
**Ds TE Smit**
**Oudl. JP Smit**
**Oudl. EL Daffue**
**Mev. E Badenhorst**

**3.12.5 Kommissie vir algemene sake**
**Ds. SW Albertyn (s)**
**Ds. GJ Duursema**
**Dr. AC Swanepoel**
**Ds. J Oosthuizen**
**Ds. PL Louw**
**Ds. DJ Muller**
**Ds. MJ Coetzer**
**Dr. JJ Knoetze**

**3.12.6 Kerkordekommissie**
**Ds GJ Duursema (s)**
**Ds. SW Albertyn**
**Ds. A Werner**
**Ds. JJ van Zyl**
**Ds. PG Otto**
**Ds. NB Roux**
**Ds. JIR van Niekerk**
**Ds. CR Scheepers**
**Ds. J Grobbelaar**
**Oudl. HB Fick**

**3.12.7 Skrifbeskouing en Skrifgesag**
**Ds. SJ Strydom (s)**
**Ds. GJ Duursema**
**Ds. PG Otto**

**3.12.8 Selfdegeslagverhoudings**
**Ds. IM Kluge (s)**
**Ds. SJ Strydom**
**Ds. GJ Duursema**
**Ds. PG Otto**

**3.12.9 Missionale transformasie**
**Ds. PL Louw (s)**
**Ds. PJ Conradie**
**Ds. FJ Heymans**
**Ds. FP Avenant**

**3.12.10 Gemeente en Gemeenskap**
**Dr. JS Henning (s)**
**Ds. FP Avenant**
**Ds. FD Hugo**
**Ds. SC van der Merwe**
**Ds. R Britz**

**3.12.11 Kommissie vir reiskoste**
**Ds. LB de Villiers**
**Me. E Badenhorst**

**3.12.12 Kommissie vir kommissies**
- **Ds JPL Mostert (predikant in sinodale diens)**
- **Voorsitters (indien hy nie kan nie, die skriba) van die sinodale kommissies soos tot voor aanvang van sinode**
- **Skribas van ringe**

**3.12.13 Stemtellers**
**Die volgende persone is aangewys:**

| | | |
|---|---|---|
| **Tafels** | **1-4** | **Ds. GFM Oosthuizen** |
| | **5-8** | **Ds. CJ Swart** |
| | **9-12** | **Ds. PJ Theron** |
| | **13-16** | **Ds. RJ Lourens** |
| | **17-20** | **Ds. C Janse van Rensburg** |
| | **21-24** | **Ds. R Britz** |
| | **25-28** | **Ds. G Marx** |
| | **29-35** | **Ds. GP Barnard** |

**Sameroeper: Ds. GP Barnard**

**3.12.14 Notulekommissie**
**Ds. JPL Mostert (s)**
**Ds. K O’Callaghan**
**Ds. J Oosthuizen**
**Dr. LM Basson**

**3.12.15 Herderlike brief**
**Die ring van Upington neem verantwoordelikheid.**

**PUNT 3.12.1 tot 3.12.15** hierbo word **GOEDGEKEUR**

**3.13 Sinodale betrokkenheid van leraars**
**KENNIS GENEEM**

**3.14 Notule**
Die dag se notule sal die volgende dag behandel word en vir goedkeuring voorgelê word. Moontlike foute word na regstelling opgeneem in die volgende dag se notule. Die finale notule word dan so spoedig moontlik na die sinodesitting beskikbaar gestel.
**KENNIS GENEEM**

**3.15 Bind van enkele stelle van agenda en notule**
Die sinodale kantoor sal enkele stelle laat inbind (agenda, notule, tydelike kommissieverslae, laat stukke en ’n indeks) vir beskikbaarstelling aan alle sinodale kommissies asook aan kerkargiewe, teologiese fakulteite en ander sinodale kantore wat dit versoek.
**KENNIS GENEEM**

**3.16 Daggeld, reis- en verblyfkoste vir sinode 2016**
Reëlings is getref dat afgevaardigdes wat buite Kimberley woon in gastehuise en by lidmate tuisgaan.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**

1. **die koste teen R3-00 per kilometer vir een voertuig per gemeente en twee vir 'n gemeente met meer as twee leraars direk ter vergadering aan afgevaardigdes uitbetaal word, wat dit self onderling verdeel.**
2. **R100 per dag aan afgevaardigdes vir aandete betaal word.**
3. **geen gelde aan afgevaardigdes betaal word vir alternatiewe verblyf nie.**

**GOEDGEKEUR**

**3.17 Plek waar die volgende sinodesitting gehou sal word**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat die volgende sinodesitting te Kimberley plaasvind.**
**STAAN OOR** *(Kyk na punt 2, bladsy 251)*

**3.18 Beskrywingspunte**

Die taakspan sinodebeplanning het die volgende beskrywingspunte ontvang, nl.

1. ***Standpunt oor die algemene sinode se besluit oor selfdegeslagverhoudings – Ned. Geref. Kerk Orania*** is aangeheg as ***Bylae 4***.
2. ***Selfdegeslagverhoudinge – ring van Griekwastad*** is aangeheg as ***Bylae 5***.
3. ***Verandering van algemene sinodestruktuur en –funksionering – ring van Griekwastad*** is aangeheg as ***Bylae 6***.
4. ***Belhar Belydenis – ring van Griekwastad*** is aangeheg as ***Bylae 7***.
5. ***Vierde bedieningsopsie in kleinerwordende gemeentes – oudl. Gerhard Cilliers – Ned. Geref. Kerk Plooysburg*** is aangeheg as ***Bylae 8***.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**

1. **Beskrywingspunt 1: *Standpunt oor die algemene sinode se besluit oor selfdegeslagverhoudings – Ned. Geref. Kerk Orania* (*Bylae 4*) word verwys na die tydelike kommissie vir selfdegeslagverhoudings.**
2. **Beskrywingspunt 2: *Selfdegeslagverhoudinge – ring van Griekwastad* (*Bylae 5*) word verwys na die tydelike kommissie vir selfdegeslagverhoudings**
3. **Beskrywingspunt 3: *Verandering van algemene sinodestruktuur en –funksionering – ring van Griekwastad* (*Bylae 6*) word verwys na die tydelike kommissie vir algemene sake.**
4. **Beskrywingspunt 4: *Belhar Belydenis – ring van Griekwastad* (*Bylae 7*) word verwys na die tydelike kerkordekommissie.**
5. **Beskrywingspunt 5: Vierde bedieningsopsie in kleinerwordende gemeentes – oudl. Gerhard Cilliers – Ned. Geref. Kerk Plooysburg (*Bylae 8*) word verwys na die sinodale kerkordekommissie.**

**GOEDGEKEUR**

| **VERKIESING VAN VOORSITTER** |
|---|
| Die volgende persone is genomineer as voorsitter:<br>BJP Booysen<br>FA Fouche<br>TE Smit<br>PL Louw (onttrek)<br>Die voorsitter vra die vergadering om te stem. |

**4. TAAKSPAN SINODEBEPLANNING**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**

1. **'n taakspan sinodebeplanning aangewys word wat as volg saamgestel word**
   a. **die voorsitters van kommissies**
   b. **verteenwoordiger Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by moderamen van die algemene sinode**
   c. **die lede waarmee die ring die sinode preadviseer met betrekking tot die verkiesing van 'n voorsitter en ondervoorsitter (Bepaling 34.2.1)**
   d. **die predikant in sinodale diens**
   e. **die Hoof Uitvoerende Direkteur Caritas Gemeenskapsfokus NPC.**

**GOEDGEKEUR**

**5. SLOT**
Die kommissie vertrou dat hy sy opdrag uitgevoer het.
**KENNIS GENEEM**

Die voorsitter stel aan die orde:

# VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING
**(bladsye 19 - 151)**

Die verslag word aan die vergadering voorgehou deur die ondervoorsitter van die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning, ds. DJ Muller.

Die voorsitter stel aan die orde:

## TAFELGESPREK
## Skrifbeskouing en Skrifgesag

Ds. GJ Duursema gee 'n kort inleiding oor Skrifbeskouing en Skrifgesag.

Op die tafel van die taakspan leer en aktuele sake (hierna TLAS) het 'n aantal sake beland waaronder die Bediening van bevryding (besluit van die algemene sinode aangaande die duiwel), Homoseksualisme en Selfdegeslagverhoudings, Geloof en Wetenskap, Die Apostolicum, Seisoen van Menswaardigheid en 'n versoek om 'n teologiese beoordeling van die Belydenis van Belhar.

TLAS is besorg dat ons gemeenskaplike Belydenis nie tot gemeenskaplike Skrifuitleg lei nie. Dit val naamlik in 'n toenemende mate op dat lidmate oor belangrike morele kwessies totaal teenoorgestelde standpunte inneem en dit met 'n beroep op dieselfde Bybel. TLAS het geoordeel dat teruggevra moet word na die mees fundamentele vraag, nl. na Skrifbeskouing en, voorspruitend dááruit, wat die gesag van die Skrif is en laastens hoe dit verstaan (hermeneutiek) en uitgelê (eksegese) moet word. 'n Kort omskrywing van terme:

- Skrifbeskouing — Waarmee het ons te doen? Wat is hierdie boek?
- Skrifgesag — Wat is die gesag van dié Boek?
- Hermeneutiek — Hoe verstaan ek wat ek lees?
- Eksegese — Wat staan daar geskrywe?

Verhaal van die Ned. Geref. Kerk en Skrifbeskouing en Skrifgesag

'n Geskiedkundige baken op die pad van die NG Kerk ten opsigte van Skrifbeskouing het met prof. Johannes du Plessis (Pienk Piet) aangebreek. Prof. Du Plessis is in 1930 as gevolg van sy Skrifbeskouing geskors en uit sy pos by die Kweekskool ontslaan.

Daarna volg die kerk twee trajekte, naamlik:

1. Natuurlike teologie (Skrif én natuur)
    - *Ras, volk en nasie en volkere-verhoudinge in die lig van die skrif (sinode 1974).*
2. Gereformeerde teologie (*Alléén*)
    - *• Kerk en samelewing: 'n getuienis van die Ned. Geref. Kerk (sinode 1986).*

Die sinode word óók bedien met:

a. Skrifgesag en Skrifgebruik – algemene sinode 1986 (Sien agenda sinode Noord-Kaapland 2016, bylae 4, bladsy 72-76)
b. Skrifberoep in Etiese sake – algemene sinode 1990 (Sien agenda sinode Noord-Kaapland 2016, bylae 7, bladsy 88-93)
c. Gesag van die Skrif – algemene sinode 2002 (Bylae 5) (Sien agenda sinode Noord-Kaapland 2016, bylae 5, bladsy 78-86)

Waar staan die NG Kerk in 2015?

Pienk Piet is die "studentenaam" vir die standbeeld van prof. du Plessis, geklee in 'n toga met 'n oop Bybel in die hand. Die standbeeld is op versoek van Du Plessis se vriende gemaak – hulle het ook versoek het dat die beeld in die tuin van die Kweekskool moet staan. Maar dié versoek is geweier. Sedert die oprigting daarvan in 1944 is die beeld verskeie male van standplaas verskuif en dit is ook dikwels gevandaliseer. Op 19 Junie 2006, na meer as sestig jaar, is Pienk Piet van die agtertuin van die Sasol Kunsmuseum na die voortuin van die Kweekskool verskuif en is prof. J du Plessis "terug by Kweekskool".

Die *Matieland* het hieroor soos volg berig:

- "Dr. Frits Gaum, oudredakteur van die Kerkbode, het gesê dat die Kerk deur middel van die verskuiwing van die beeld erkenning gee aan die bydrae wat prof. Du Plessis tot die teologie gemaak het..."
- "Met hierdie gebaar wil die Fakulteit en NG Kerk Kuratorium erkenning gee aan die breedte en diepte van prof. Du Plessis se teologiese bydraes" – dr. Louis Jonker, dosent in die Departement Ou en Nuwe Testament. (*Matieland*, Jg. 49, 02:2006, 21)

Die vraag kan gevra word: Is die Ned. Geref. Kerk terug by 1929?

Die vergadering **NEEM DEEL AAN TAFELGESPREKKE** oor die onderwerp, ***Skrifbeskouing en Skrifgesag***.

**VERKIESING VAN VOORSITTER**

Die voorsitter vra die vergadering om tussen die volgende persone te stem vir voorsitter:
BJP Booysen
TE Smit

**VERKIESING VAN VOORSITTER**

Die voorsitter maak bekend dat ds. BJP Booysen as voorsitter verkies is.

Ds. BJP Booysen neem die voorsitterstoel in en bedank die vergadering vir hul vertroue in hom.

**VERKIESING VAN ONDERVOORSITTER**

Die voorsitter vra nominasies vir ondervoorsitter.

**VERKIESING VAN ONDERVOORSITTER**

Die voorsitter maak bekend dat ds. TE Smit as ondervoorsitter verkies is, aangesien slegs hy genomineer is.

Ds. TE Smit neem die ondervoorsitterstoel in en bedank die vergadering vir hul vertroue in hom.

Die voorsitter stel aan die orde:

## TAFELGESPREK
## Selfdegeslagverhoudings

Ds. GJ Duursema gee 'n kort inleiding oor Selfdegeslagverhoudings.

Talle verslae het voor verskeie sinodes van 'n groot aantal denominasies wêreldwyd oor selfdegeslagverhoudings gedien. Wêreldwyd is daar geweldige polarisasie hieroor.

Die uitgangspunt van taakspan leer en aktuele sake (hierna TLAS) is:

1. TLAS gaan nie "die wiel weer uitvind nie"
2. TLAS hou by die amptelike standpunt van die algemene sinode oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, hermeneutiek, naamlik:

- Skrifbeskouing: Bybel is Woord van God
- Skrifgesag: dit is gesaghebbend vir die leer en lewe van alle lidmate
- Hermeneutiek: TLAS stem met die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake* saam wat sê: *"...dat die seremoniële en burgerlike wette in Christus hulle vervulling gevind het en daarom nie meer deur Christene onderhou hoef te word nie, terwyl die morele wette, hoewel ook in Christus vervul, nogtans vir die Christene bindend gebly het."*

TLAS stem nie met die volgende stelling saam nie: "*Kortom gesê: Daar staan klaarblyklik nie wat ons met 'n eerste opslag en op die klank van die vertaalde woord homoseksualiteit af dink daar staan nie*." (Sien Aanvullende agenda algemene sinode 2015, bladsy 86).

- Klaarblyklik beteken: *beslis, kennelik, ongetwyfeld, onteenseglik, volkome sekerheid*.

TLAS aanvaar daarteenoor die beleid van die algemene sinode wat verklaar dat die Skrif: "...betroubaar (en) duidelik is..." (Vgl. Kerkorde Noord-Kaapland 2014, "Funksionele besluite" – bladsy 198-199).

Daar bestaan géén afdoende, algemeen aanvaarde verklaring vir selfdegeslag-aangetrokkenheid nie.

Een van die sterk argumente in die gesprek is dat ons ons in die debat deur die grootste gebod moet laat lei: Die grootste gebod is liefde.

Moet ons in etiese ons nie eerder net deur liefde laat lei nie? Ja! Maar dan deur die liefde in sy omvattende sin.

"Daar is natuurlik die dubbelgebod van die liefde.

- Daar is die 10 Gebooie (saamgevat in die dubbelgebod) en die verdieping daarvan in die Bergrede.
- Daar is die normatiewe gesigspunte wat gegee is met die skepping...
- Die waarde van die mens as skepsel van God....
- Die totale boodskap van die Skrif het 'n sedelike kant wat nie net vir die personeel-eties nie, maar ook vir die sosiaal-etiese werklikheid normatiewe betekenis het...
- Dit is daarom nie raadsaam om die sedelike boodskap van die Skrif net onder een noemer te wil saamvat, soos byvoorbeeld... net onder die noemer van die liefde nie..."

(Sien agenda sinode Noord-Kaapland 2016, Bylae 7; Skrifberoep in Etiese sake, bladsy 96).

Die vergadering **NEEM DEEL AAN TAFELGESPREKKE** oor die onderwerp, ***Selfdegeslagverhoudings***.

Ds. FP Avenant van die Ned. Geref. Kerk Delportshoop verskyn ter vergadering.

Ds. H Britz van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika word geleentheid gegee om 'n groeteboodskap aan die vergadering oor te dra.

Die voorsitter stel aan die orde:

## EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AANKONDIGINGS

Dr. JB Vos word geleentheid gebied om aankondigings te doen.

- Almal wat reiskostes elektronies wil ontvang moet asb. hul bankbesonderhede ook op die aansoekvorm verskaf.
- Almal wat Sondag al arriveer het en daggelde wil eis moet met me. E Badenhorst skakel.
- Almal wat in die oornaghuis en hotel oorslaap moet inteken voor aandete.
- Afgevaardigdes wat Bybel Media wil besoek, moet voor Woensdagmiddag hul boeke afhaal.

Die vergadering **VERDAAG** vir tee.

## EERSTE SITTINGSDAG
**17 OKTOBER 2016**
TWEEDE SESSIE

Die voorsitter stel weer aan die orde:

## VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING
**(vervolg)**

**1. PERSONEEL EN VERGADERINGS**
**KENNIS GENEEM**

**2. SAMESTELLING: SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING**

**2.1 Taakspanne**
**KENNIS GENEEM**

**2.2 Verteenwoordigers**
**KENNIS GENEEM**

## 3. TAAKSPAN EIETYDSE GEMEENTEBEDIENING

**3.1 Visie en missie van taakspan eietydse gemeentebediening**
**KENNIS GENEEM**

**3.2. Kerkraadslede opleiding: prediking en pastoraat**

**AANBEVELING**
**Die sinode wys kerkrade en ringe op die riglyne wat die algemene sinode daargestel het vir die lei van eredienste deur ouderlinge (sien Artikel 48.3.5 en Artikel 4, 10 en 16.1.8).**
**GOEDGEKEUR**

**3.3 Missionale Transformasie**

**AANBEVELING**
**Die sinode**
1. **neem kennis van die volgende dokumente**
   a. ***Julle sal my getuies wees* is aangeheg as *Bylae 1.***
   b. ***Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk* is aangeheg as *Bylae 2.***
   c. ***Missionale transformasie – van oorlewing tot impak* is aangeheg as *Bylae 3.***
2. **besluit dat 'n gesprek om tafels plaasvind waar onderstaande tema en vrae aan die orde gestel word:**
   a. **Tema: Missionale transformasie**
   b. **Gesprek (begeleidende video sal vertoon word) wat fokus op gestuurdheid, dissipelskap en waarheen ons gestuur is na aanleiding van Johannes 20:20-22.**

**GOEDGEKEUR**

***VOORSTEL***
***Die sinode keur die Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk (Bylae 2) goed as 'n beleidsdokument vir die gemeentes en sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland.***
VOORSTELLER: JJ Knoetze
SEKONDANT: IM Kluge

Die Sinode **BESLUIT** dat bogenoemde voorstel na die **Tydelike Kommissie vir Missionale Transformasie** verwys word. *(Kyk na punt 2, bladsy 274-275)*

Die voorsitter stel aan die orde:

## TAFELGESPREK
## Missionale transformasie

Ds. PL Louw gee 'n kort inleiding oor Missionale transformasie.

**Johannes 20:21-22 en Matteus 28:16-20**
**Artikel 2**

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is deur God Drie-enig geroep om deel te neem aan die missie van God in die wêreld.
Die Kerk word deur die Heilige Gees opgebou om God se eer te dien en verkondig die bediening van versoening en die heil van Christus.

**Artikel 53 – Gestuurdheid (Missio Dei)**

53.1 Die missie van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees is om lewe en volheid aan die wêreld te gee, en die kerk is in diens van God se missie.
53.3 Die gestuurde kerk bedien die evangelie in al sy dimensies aan mense wat die evangelie nie ken nie of daarvan vervreemd is.
53.4 Elke gemeente is 'n gestuurde gemeente en so elke lidmaat van die gemeente.

**Artikel 55 – Die Dienswerk van die gelowiges**

55.1 Die roeping van die Kerk in sy gestuurdheid na die wêreld (*missio Dei*) impliseer die toegewyde dienswerk van elke gelowige.
55.2 Elke gelowige ontvang van die Here die gawes, die geleenthede en die krag van sy Gees om in hulle daaglikse lewe gestalte te gee aan God se liefde vir hierdie wêreld.

**Kerkorde van Noord-Kaapland (Verklaring oor Sending en ons Roeping tot getuienis in en vanuit Afrika vandag)**

Ons bevestig opnuut ons geloofsoortuiging dat:
1. Sending (*missio Dei*) voortvloei uit die wese van die Drie-enige God en die werk van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige is.
2. In hierdie sending het God die omvattende heil (*shalom*) van die wêreld in die oog, deur die verwerkliking van sy koninkryk. Sending is die uitdrukking van die liefde en deernis waarmee God verlossing vir die ganse wêreld, in alle dimensies, wil bring.
3. Daarom het die Vader die Seun na die wêreld gestuur om uit al die nasies sy kerk te versamel en ons in die krag van die Heilige Gees weer uit te stuur na die wêreld.

**Dit is ons oortuiging en belydenis:**
- die motief vir missionale kerk-wees is God Drie-enig.
- dit is alleen die Heilige Gees wat ons kan verander/ transformeer om te besef wie ons is en dit is alleen die Heilige Gees wat ons kan verander/transformeer om te doen wat die kerk van Christus moet doen!

Die vergadering **NEEM DEEL AAN TAFELGESPREKKE** oor die onderwerp, ***Missionale transformasie***, met die volgende vrae as riglyne:
1. Wie is ons (die kerk) in die lig van hierdie teksgedeeltes? Anders gestel: wat sê Christus oor sy kerk se *identiteit* en *roeping*?
2. Hoe help artikel 2 van die Kerkorde ons om ons identiteit en roeping beter te verstaan?

## 4. TAAKSPAN JONK NK

**4.1 JONK NK: Fokusareas**
**KENNIS GENEEM**

**4.1.1 Kategese**
**KENNIS GENEEM**

**4.1.2 Gefokusde bediening gerig op jong volwassenes (18-35 jaar).**
**KENNIS GENEEM**

**4.1.3 Gefokusde bediening gerig op klein kindertjies (2-6 jaar).**
**KENNIS GENEEM**

**4.1.4 Gefokusde bediening gerig op tieners**
**KENNIS GENEEM**

**4.1.5 Ouerleiding**
**KENNIS GENEEM**

**4.1.6 Hulp en leiding aan gemeentes om die leefwêreld van kinders, tieners en jongvolwassenes te verstaan.**
**KENNIS GENEEM**

**4.2 VS / NK #Imagine nasionale kamp: 10-12 April 2015**
**KENNIS GENEEM**

**4.3 #Re-Imagine**
**KENNIS GENEEM**

**4.4 #Imagine Nasionaal**

**AANBEVELING**
**Die sinode keur goed dat JONK NK 'n video oor #Imagine vertoon.**
**GOEDGEKEUR**

**4.5 Immergroen ouerskap**
**KENNIS GENEEM**

**4.6 Ignite**
**KENNIS GENEEM**

**4.7 Ontwikkeling van KIX-materiaal**
**KENNIS GENEEM**

## 5. TAAKSPAN LEER EN AKTUELE SAKE

**5.1 Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg**

**5.1.1 Skrifbeskouing en Skrifgesag**

**AANBEVELING**
**Die sinode**
1. **herbevestig sy verbintenis aan die besluit van die algemene sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg.**
   **"1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring Skrifgebruik en Skrifgesag, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.**
   **2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986, 1990 en 2002 hiermee saam gelees behoort te word."**
   **(Vgl.: Notule algemene sinode 2011, bladsy 91)**
2. **aanvaar nie die nuwe standpunt oor hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag soos verwoord in die bylaes van die taakspan leer en aktuele sake wat voor die algemene sinode 2015 gedien het nie.**

**STAAN OOR** *(Kyk na bladsy 261)*

**5.1.2 Hermeneutiek en Skrifuitleg**

**AANBEVELING**
**Die sinode**
1. **vereenselwig hom met die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake* van die algemene sinode van 1990 (*Bylae 7*).**
2. **beredeneer die sake wat die sinode van Noord-Kaapland op sy tafel geplaas het (punt 5.2 tot punt 5.6) aan die hand van:**
   2.1 **Skrifbeskouing en Skrifgesag soos uiteengesit in punt 5.1.1 hierbo**
   2.2 **en die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake.***

**STAAN OOR** *(Kyk na bladsy 261)*

**5.2 Bediening van bevryding**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit om**
1. **sy formulering van 2011 te handhaaf, naamlik**
   **"Die sinode is bewus van die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassings van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Om die werklike en wesenlik persoonlike aard van die duiwel te aanvaar, sonder om daardeur die boosheid in die mens self, in owerhede, strukture, magte ensovoorts te ontken, is die Bybelse posisie en word ook so in die belydenisskrifte voorgehou en deur die NG Kerk aanvaar."**
2. **om opnuut onderstaande as <u>beskrywingspunt</u> aan die algemene sinode te stuur:**
   **Die sinode besluit dat die bestaande formulering (Sien Handelinge Algemene Sinode, punt 18 Bediening van bevryding, A.10 Leer en Aktuele Sake, Bylaag 2, bladsy 187, punt 14) wat as volg lui:**
   **"Die algemene sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en**

**toepassings van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer."**

**gewysig word om te lees:**

**"Die algemene sinode is bewus van die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassings van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Om die werklike en wesenlik persoonlike aard van die duiwel te aanvaar, sonder om daardeur die boosheid in die mens self, in owerhede, strukture, magte ensovoorts te ontken, is die Bybelse posisie en word ook so in die belydenisskrifte voorgehou en deur die NG Kerk aanvaar."**

**STAAN OOR** *(Kyk na bladsy 269)*

### 5.3 Geloof en wetenskap

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**

1. **dat die opdrag oor *Geloof en Wetenskap* aan taakspan leer en aktuele sake herhaal word weens die omvangryke en ingewikkelde aard van die saak, naamlik**
   **"*aan taakspan vir leer en aktuele sake (TLAS) opgedra word om by ontvangs van die hersiene uitgawe van die dokument "Geloof en Wetenskap", dit te evalueer en saam met die gespreksdokument van die algemene sinode se taakspan vir leer en aktuele sake (ASTLAS) aan gemeentes te versprei vir kommentaar.*"**

**STAAN OOR** *(Kyk na bladsy 269)*

### 5.4 Homoseksualisme en Selfdegeslagverhoudings

#### 5.4.1 Korrespondensie

**STAAN OOR** *(Kyk na bladsy 269)*

#### 5.4.1.1 Ring van Upington

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit om te volstaan met die aanbeveling van die sinodale kerkordekommissie ten opsigte van die skrywe van die ring van Upington, naamlik om kennis te neem van die dokument *Ring van Upington – Selfdegeslagverhoudings* (*Bylae 8*).**
**STAAN OOR** *(Kyk na bladsy 269)*

#### 5.4.1.2 Ned. Geref. Kerk Vergelegen

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit om te volstaan met die aanbeveling van die taakspan leer en aktuele sake, naamlik dat al die sake wat die Ned. Geref. Kerk Vergelegen noem (*Bylae 9*) in die verslag van die taakspan leer en aktuele sake aan die sinode van 2016 aangespreek word.**
**STAAN OOR** *(Kyk na bladsy 269)*

#### 5.4.1.3 Ring van Griekwastad

Sien ***Verslag taakspan sinodebeplanning, punt 3.18: Beskrywingspunte***, bladsy 4 en 15.
**STAAN OOR** *(Kyk na bladsy 227)*

#### 5.4.2 Opdrag van die sinode: Homoseksualisme en Selfdegeslagverhoudings

**AANBEVELING**
**Die sinode**

1. **besluit om die verslag *Selfdegeslagverhoudings* ter tafel te neem en keur dit goed.**
2. **besluit om onderstaande goed te keur en as 'n gravamen na die Algemene Sinode te stuur met die verslag *Selfdegeslagverhoudings* as motivering.**

2.1 **herbevestig sy verbintenis aan die besluit van die algemene sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg.**
   **"1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring Skrifgebruik en Skrifgesag, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.**
   **2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986 (getiteld *Skrifgebruik en Skrifgesag*), 1990 (*Skrifberoep in Etiese Sake*) en 2002 (*Gesag van die Skrif*) hiermee saam gelees behoort te word."**
   **(Vgl.: Notule algemene sinode 2011, bladsy 91)**

2.2 **wys die Algemene Sinode daarop dat die amptelike besluite van die Algemene Sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt van die Algemene Sinode is.**

2.3 **aanvaar nie die nuwe standpunte van die algemene taakspan leer en aktuele sake oor hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag soos verwoord in die bylaes van die taakspan leer en aktuele sake wat voor die algemene sinode 2015 gedien het nie.**

2.4 **versoek die Algemene Sinode om die motivering van die Sinode van Noord-**

**Kaapland ter tafel te neem en te bespreek**

**2.5 aanvaar op grond van Skrif en Belydenis nie**

**2.5.1 punt 2.4 van die besluit van die Algemene Sinode 2015 oor selfdegeslagverhoudinge nie**

***2.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.***

**2.5.2 ook nie die laaste sin van punt 2.8 van die besluit van die Algemene Sinode 2015 oor selfdegeslagverhoudinge nie**

***In ooreenstemming met NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, d.w.s. die beste huidige menswetenskaplike bevindings.***

**aangesien dit afwyk van die amptelike standpunt van die Algemene Sinode oor Skrifbeskouing, Skrifgesag en hermeneutiek soos uiteengesit in ons motivering *Selfdegeslagverhoudings* (*Bylae 10*).**

**2.6 aanvaar op grond van die Kerkorde nie dat die Algemene Sinode as enigste beleidmakende sinode aan die een kant beleid vorm en aan die ander kant ook aan mindere vergaderings dieselfde reg gee wat luidens die Kerkorde nie in eerste instansie daar tuishoort nie.**

**Die sinode verwerp dus ook onderstaande:**

***2.6 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.***

***2.7 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in 'n gees van Christelike liefde te doen.***

**2.7 beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie maar dat inteendeel met respek in en liefde teenoor alle mense opgetree moet word**

**2.8 roep alle lidmate en ampsdraers op om persone met 'n homoseksuele oriëntasie met pastorale sensitiwiteit en met die liefde van Christus te bedien**

**2.9 vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met 'n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie**

**2.10 herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou**

**2.11 herbevestig dat alle seksuele gedrag – waaronder alle vorme van homoseksuele gedrag – buite die huwelik teen die Woord van God ingaan**

**2.12 is oortuig dat die Woord van God 'n selibate lewenswyse verwag van alle ongetroude mense**

**2.13 enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, is 'n volwaardige lidmaat van Sy kerk en as sodanig het enige ongesensureerde lidmaat volle toegang tot al die ampte in die kerk.**

**STAAN OOR** *(Kyk na bladsy 262-263)*

**5.5 Seisoen van menswaardigheid**

**AANBEVELING**

**Die sinode besluit dat**

1. **kennis geneem word van die kritiese beoordeling van die dokument, Seisoen van Menswaardigheid (*Bylae 13*).**
2. **in 'n beskrywingspunt die algemene sinode versoek word om oor die begrip Menswaardigheid in die lig van Skrif en Belydenis van die kerk te herbesin. Die verslag, *Kritiese beoordeling van die dokument: Seisoen van Menswaardigheid*, word as motivering aangeheg.**
3. **opdrag gegee word aan die verteenwoordiger van die sinode in Noord-Kaapland wat op die taakspan seisoen van menswaardigheid van die algemene sinode dien, om terugvoer aan die sinode te gee.**

**STAAN OOR** *(Kyk na bladsy 269-270)*

**5.6 Apostolicum**

**AANBEVELING**

**Die sinode**

1. **om kennis te neem van die dokument *Die Apostoliese Geloofsbelydenis. 'n Eietydse Uitleg***
2. **herhaal die opdrag van 2014**

***1. ringe en gemeentes, soos versoek deur die algemene sinode, die dokument in behandeling neem en as 'n saak van dringendheid hulle kommentaar deurstuur aan die taakspan vir leer en aktuele sake (TLAS).***

***2. die taakspan vir leer en aktuele sake (TLAS) met inagneming van die kommentaar 'n eie studie onderneem met verslag aan die volgende sinode.***

**STAAN OOR** *(Kyk na bladsy 270)*

**5.7 Belydenis van Belhar**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**
1. **die volgende dokumente aan gemeentes beskikbaar gestel word:**
   - **WD Jonker - 1987 - Beoordeling van die Belhar-Belydenis**
   - **'n Teologiese beoordeling van die Belharbelydenis - Prof SA Strauss**
   - **Belhar NGK Kroonstad Môrewag Beskrywingspunt**
2. **gemeentes versoek word om na aanleiding van punt 1 'n eie teologiese beoordeling van die Belydenis van Belhar te maak met terugvoer aan taakspan leer en aktuele sake – na aanleiding van sinode 2015 se besluit:**
   ***"Die sinode versoek elke kerkraad van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland om – met die betrokkenheid van die gemeente en aan die hand van die Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid – die Belharbelydenis te evalueer;"***

**STAAN OOR** *(Kyk na bladsy 270)*

**5.8 Reformasie 500 feesvieringe 2017**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**
1. **dat 'n PowerPoint aanbieding oor die boomaanplanting van Noord-Kaapland in Lutherstadt Wittenberg (5-10 minute) tydens die sinode plaasvind.**
2. **dat 'n "partner-boom" tydens die sinode-sitting geplant word**
3. **dat by die sinode aanbeveel word dat by elke gemeente in 2017 'n "partner-boom" geplant word**
4. **kennis geneem word dat die algemene taakspan Reformasie 500, *Vrygemaak*, as tema gekies het.**
5. **om kennis te neem dat taakspan leer en aktuele sake aanbeveel dat die tema in Noord-Kaapland, *Reformeer Weer*, moet wees.**
6. **dat inligting van die algemene sinode se taakspan Reformasie 500 aan gemeentes beskikbaar gestel word sodra dit ontvang word.**

**STAAN OOR** *(Kyk na bladsy 270)*

## 6. TAAKSPAN LIDMAATTOERUSTING

**6.1 Program van lidmaattoerusting**
**KENNIS GENEEM**

**6.2 Taakspan lidmaattoerusting**
**KENNIS GENEEM**

**6.3 Byeenkomste**
**KENNIS GENEEM**

**6.4 Fokusarea**
**KENNIS GENEEM**

**6.5 Agtergrond: lidmaattoerusting**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**
1. **voortgegaan word om inhoud te verleen aan 'n program van lidmaattoerusting.**
2. **die wenslikheid van 'n toerustings-webblad as loodsprogram ondersoek word.**
3. **gemeentes van Noord-Kaapland by die evaluering van die loodsprojek betrek word.**

**GOEDGEKEUR**

## 7. TAAKSPAN PREDIKANTESAKE

**7.1 Mentorskap van predikante in die sinodale gebied.**

**7.1.1 Nuwe predikante**
**KENNIS GENEEM**

**7.1.2 Ouer predikante (insluitend emeriti)**
**KENNIS GENEEM**

**7.2 Predikanteversorging**

**7.2.1 Die bestuur van personeel in gemeentes (predikante en ander personeel)**
**KENNIS GENEEM**

**7.2.1.1 Gedragskode vir predikante**
**KENNIS GENEEM**

**7.2.1.2 Bedieningsbeoordelingsisteem**
**KENNIS GENEEM**

**7.2.2 Induksie/spanontwikkeling/kontekstualisering**
**KENNIS GENEEM**

**7.2.2.1** Die dokument ***"Riglyne vir die beroepingsproses van 'n leraar"*** deur dr. PM (Pierre) Goosen en dr. JF (Frederick) Marais is so opgestel dat dit aan heelwat van die vereistes voldoen wat die konsulent (ring) sou kon gebruik om 'n gemeente by te staan met die beroeping van 'n leraar.
**KENNIS GENEEM**

**7.2.2.2** Vir die spanbou oefening sal die ***"Induksieprogram vir die inskakeling van nuwe predikante – Handleiding vir fasiliteerders"*** van dr. R (Roelf) Opperman 'n baie handige kursus wees om te deurloop.
**KENNIS GENEEM**

**7.2.2.3** Dit moet egter ook in gedagte gehou word dat daar sekere gedeeltes van die induksieprogram/spanbou oefening/kontekstualiseringsproses is wat om verskeie redes nie noodwendig deur die konsulent (ring) gehanteer sal kan word nie.
**KENNIS GENEEM**

**7.2.3 Mobiliteit (Standplaasverwisseling)**
**KENNIS GENEEM**

**7.2.4 Leierskapontwikkeling**
**KENNIS GENEEM**

**7.2.5 Rol van die ring in predikanteversorging**
**KENNIS GENEEM**

**7.2.6 Retraites vir predikante**
**KENNIS GENEEM**

**7.2.7 Rusdag vir predikante**

**AANBEVELING**
**Die sinode**
1. **neem kennis van die dokument, *"Rus-dag" – knelpunt of noodsaaklikheid?* (*Bylae 17).***
2. **versoek kerkrade om toe te sien dat predikante 'n "rus-dag" elke week neem.**

**GOEDGEKEUR**

**7.2.8 Nuwe temas waaraan aandag gegee word:**

**7.2.8.1 Eggenote-versorging**
**KENNIS GENEEM**

**7.2.8.2 Leierskapontwikkeling – kerkrade**
**KENNIS GENEEM**

**7.2.8.3 Konflikhantering**
**KENNIS GENEEM**

**7.2.8.4 Eensaamheid/Alleenheid**
**KENNIS GENEEM**

**7.2.8.5 Selfversorging**
**KENNIS GENEEM**

**7.2.9 VBO kursusse**
**KENNIS GENEEM**

**7.3 Predikantekonferensie 3-6 April 2017**
**KENNIS GENEEM**

## 8. TAAKSPAN VROUELESENAAR NK

**8.1 Wie is taakspan Vrouelessenaar NK?**
**KENNIS GENEEM**

**8.2 Die doelwitte van taakspan Vrouelessenaar NK is die volgende:**
**KENNIS GENEEM**

**8.3 Projekte**
**KENNIS GENEEM**

**8.4 Wêreldbiddag vir Vroue**
**KENNIS GENEEM**

**8.5 Vrouefees: Vrouelessenaar Algemene Sinode: Skittervroue**
**KENNIS GENEEM**

**8.6 Vrouespore**
**KENNIS GENEEM**

**8.7 Vrouefees**
**KENNIS GENEEM**

**8.8 Briekloos vir Christus**
**KENNIS GENEEM**

**8.9 WhatsApp groep vir ringe**
**KENNIS GENEEM**

**8.10 Facebook groep "Vrouespore"**
**KENNIS GENEEM**

## 9. VERTEENWOORDIGERS

**9.1 Verslag van die verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die kuratorium van die Teologiese Fakulteit, Universiteit van die Vrystaat**

Die ***Verslag van die verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die kuratorium van die teologiese fakulteit, Universiteit van die Vrystaat*** is aangeheg as ***Bylae 18***.
**KENNIS GENEEM**

**9.2 Verslag van die verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die Kuratorium van die Teologiese Fakulteit, Universiteit van Pretoria**

Die ***Verslag van die verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die kuratorium van die Teologiese Fakulteit, Universiteit van Pretoria*** is aangeheg as ***Bylae 19.***
**KENNIS GENEEM**

**9.3 Verslag van die verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die Kuratorium Stellenbosch**

Die ***Verslag van die verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die kuratorium van die Teologiese Fakulteit, Universiteit van Stellenbosch*** is aangeheg as ***Bylae 20***.
**KENNIS GENEEM**

**10. SAMESTELLING SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING.**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat ’n sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning saamgestel word soos voorgeskryf in die huishoudelike bepalinge van die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning.**
**GOEDGEKEUR**

**11. SLOT**
Die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning vertrou dat hy sy opdrag uitgevoer het.
**KENNIS GENEEM**

Die voorsitter verwelkom rev. Masilo Poonyane en rev. Moses Mkoloyane van die Dutch Reformed Church in Botswana.

Die voorsitter stel aan die orde:

# EERSTE VERSLAG TYDELIKE KERKORDEKOMMISSIE

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,
U kommissie doen die volgende aanbevelings:

**1. AFVAARDIGING NA ALGEMENE SINODESITTING**

Sien Agenda van die sinodesitting van Noord-Kaapland 2016, punt 19: Afvaardiging na die algemene sinode, bladsy 207-208.

*Aanbeveling*
*Die sinode besin oor afvaardiging na die algemene sinode.*

Sien Notule taakspan beplanning en begroting, 27 September 2016, punt 5: Afvaardiging na algemene sinodesitting

*Besluit*
*Die taakspan beplanning en begroting besluit dat die tydelike kerkordekommissie versoek word om die sinode van Noord-Kaapland met ’n aanbeveling te bedien oor:*

1. *Die afvaardiging na die volgende vergadering van die algemene sinode. (Sien Agenda van die sinodesitting van Noord-Kaapland 2016, punt 19: Afvaardiging na die algemene sinode, bladsy 207-208)*
    a. *Wyse van afvaardiging na die volgende vergadering van die algemene sinode*
    b. *Wanneer word die afvaardiging van Noord-Kaapland na die volgende vergadering van die algemene sinode aangewys?*

Bepaling 35.4

*35.4 <u>Afgevaardigdes na die algemene sinode</u>*
*35.4.1 Die sinode wys soveel afgevaardigdes na die algemene sinode aan soos bepaal deur die moderamen.*
*35.4.2 die sinode besluit tydens sy gewone vergadering, voor die sitting van die algemene sinode, op die wyse van afvaardiging.*
*35.4.3 Verkose afgevaardigde bedienaars van die Woord wat binne die sinodale gebied van standplaas verander en ouderlinge/diakens wat rustend gaan, bly aan as afgevaardigdes.*

Notule sinode 2012, bladsy 215-216, punt 2

*Die sinode besluit*

1. *om die volgende <u>beginsels</u> vir afvaardiging na die algemene sinode te aanvaar*
    a. *Die sinode self wys sy afvaardiging na die algemene sinode aan*
    b. *Die tydelike kommissie vir kommissies stel ’n groslys saam, nadat ringe en sinodale kommissies gekonstitueer het, met in agneming van die volgende beginsels*
        i. *afvaardiging uit elke sinodale kommissie – primarius en sekundus*
        ii. *afvaardiging uit elke ring*
        iii. *<u>die voor- en ondervoorsitter van die sinode</u>.*
2. *die <u>groslys</u> sal waarskynlik uit 26 name bestaan wat as volg saamgestel is:*
    a. *’n lid uit elke sinodale kommissie (waarskynlik 4)*
    b. *2 afgevaardigdes uit elke ring – ’n kerkraadslid en ’n bedienaar van die Woord (22)*
3. *dat die kommissie vir kommissies die groslys <u>prioritiseer</u>*
    a. *waarskynlik sal slegs 11 lede vanuit die ringe aangewys kan word*
    b. *ringe moet dus aanbeveel watter lede die primarius- en watter die sekunduslid is*
4. *dat indien die getal nie die waarskynlike 15 is nie, sal die sinodale kerkorde kommissie op grond van bepaling 35.5.2.4(e) en op aanbeveling van die voorsitters en die ondervoorsitters van die sinodale kommissies die afgevaardigdes na die algemene sinode finaliseer.*
    *Aangesien die sinodale struktuur van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland nie voorsiening maak vir ’n sinodale kommissie/moderatuur/moderamen nie, wys die sinode die sinodale kerkordekommissie aan om op te tree in die plek van ’n sinodale kommissie/mode-ratuur/moderamen waar die Kerkorde of reglemente van die*

*algemene sinode optrede vra van die sinodale kommissie/ moderatuur/moderamen. (Sien ook artikel 66.4.4.)*

Motivering:

1. Die volgende vergadering van die algemene sinode sal na alle waarskynlikheid nie in 2017 plaasvind nie. Dit kan beteken dat die volgende vergadering van die algemene sinode plaasvind voordat die volgende sinodesitting van Noord-Kaapland plaasvind. Wanneer word die afvaardiging van Noord-Kaapland na die volgende vergadering van die algemene sinode aangewys?

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**

1. **die volgende besluit van sinode 2012 herroep word, naamlik**
   ***dat die voor-en ondervoorsitter van die sinode outomaties na die Algemene Sinode afgevaardig word***
2. **die volgende besluit van sinode 2012 gehandhaaf word, naamlik**
   ***Die tydelike kommissie vir kommissies stel 'n groslys saam, nadat ringe en sinodale kommissies gekonstitueer het, met inagneming van die volgende beginsels***
   - ***i. afvaardiging uit elke sinodale kommissie – primarius en sekundus***
   - ***ii. afvaardiging uit elke ring***
3. **die sinodale kerkordekommissie volmag kry, om in oorleg met ringe, afgevaardigdes vir die volgende vergadering van die algemene sinode aan te wys – indien nodig.**

***VOORSTEL***
***Die sinode besluit dat bogenoemde voorstel na die Tydelike Kerkorde Kommissie verwys word.***
VOORSTELLER: IM Kluge
SEKONDANT: PJ Theron
Die voorsitter oordeel dat bogenoemde voorstel 'n ordemosie is. Die voorstel word **GOEDGEKEUR**

### 2. VOLGENDE VERGADERING VAN DIE SINODE IN NOORD-KAAPLAND

Sien Agenda van die sinodesitting van Noord-Kaapland 2016, punt 3.17: Plek waar die volgende sinodesitting gehou word, bladsy 4.

*Aanbeveling*

*Die sinode besluit dat die volgende sinodesitting te Kimberley plaasvind.*

Sien Notule taakspan beplanning en begroting, 27 September 2016, punt 5: Afvaardiging na algemene sinodesitting

*Besluit*

*Die taakspan beplanning en begroting besluit dat die tydelike kerkordekommissie versoek word om die sinode van Noord-Kaapland met 'n aanbeveling te bedien oor:*

*2. Wanneer vind die volgende vergadering van die sinode in Noord-Kaapland plaas? (Sien Agenda van die sinodesitting van Noord-Kaapland 2016, punt 3.17: Plek waar die volgende sinodesitting gehou word, bladsy 4)*

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat die sinodale kerkordekommissie in oorleg met die sinodale kommissies (SKHD, SKBO, SKDG en SKOK) die datum van die volgende vergadering van die sinode in Noord-Kaapland bepaal.**

***VOORSTEL***
***Die sinode besluit dat bogenoemde voorstel na die Tydelike Kerkorde Kommissie verwys word.***
VOORSTELLER: IM Kluge
SEKONDANT: PJ Theron
Die voorsitter oordeel dat bogenoemde voorstel 'n ordemosie is. Die voorstel word **GOEDGEKEUR**

Die voorsitter stel aan die orde:

# TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AANKONDIGINGS

Dr. JB Vos word geleentheid gebied om aankondigings te doen.

- Die ringe vergader direk na die vergadering verdaag het vir die eerste dag.
- Ds. DJ Kritzinger Modderrivier-Ritchie vra toestemming om verskoon te word op 17 Oktober om 17:30.
- Ds. JJ Smit en oudl. JPP Vos Vanwyksvlei vra toestemming om verskoon te word op 18 Oktober vanaf 08:30 tot 09:00.
- Ds. GJHW Nieuwoudt Kameelboom vra toestemming om verskoon te word op 20 Oktober vanaf 08:30 tot 14:00.
- Die tydelike kommissie vir gemeente en gemeenskap vergader direk na die ringe vergader het.
- Die tydelike kommissie vir skrifbeskouing en skrifgesag asook die tydelike kommissie vir selfdegeslagverhoudings vergader om 20:00 in die saal. Almal is welkom.

Die dagafsluiting is deur ds. PL (Phillip) Louw waargeneem. Hy lees uit Handelinge 1:8 gelees. (Tema: *"Here, doen dit weer...!"*).

1. Watter troos gee die Here aan ons in hierdie Skrifgedeelte?
2. Bid vir die sake wat ons vandag bespreek het.

Die vergadering sing 'n lied: ***Getuig, Getuig*** (op die melodie van "*The Holy City*" se vers en koor gedeeltes).

Getuig vir Jesus Christus
dit is ons lewenstaak
Ons weet dat elke een van ons
nie langer skaam mag wees,
maar dat ons met vrymoedigheid
die boodskap moet versprei,
sodat die hele wêreld hoor
deur woorde en deur daad:
die Here Jesus is ons Heer
en almal moet Hom eer!

**Getuig, getuig**
**Vertel, vertel!**
**Sê dit oral oor:**
**Die Here Jesus Christus**
**is Heer en Hy regeer!**

Die liefde van ons Here -
dit dring ons meer en meer.
Ons kan nie langer stilbly nie,
ons moet dit uitbasuin!
Met heilige lewenswyses,
gedring deur dankbaarheid,
wil ons dit oral oor
en ook vir almal gaan vertel:
Die Here Jesus is ons Heer
en almal moet Hom eer!

Die vergadering **VERDAAG** vir die dag.

# TWEEDE SITTINGSDAG
**18 OKTOBER 2016**
EERSTE SESSIE

Die dagopening is deur ds. PL Louw waargeneem. (Tema: *"Here, sê dit weer vir ons...!"*). Hy lees uit Matteus 25:31-40.

1. Wat sê Jesus in hierdie Skrifgedeelte oor kerk-wees? Bedoel Hy daarmee dat ons 'n duisternis projekte en bedieninge moet hê om die wil van God te kan doen?
2. Bid vir vandag se sitting en sake op ons agenda.

Die vergadering sing Lied 308.

Die vergadering verwelkom dr. Etienne van der Walt van *AmazingBrainz*.

Die voorsitter stel aan die orde:

## EERSTE VERSLAG KOMMISSIE VIR KOMMISSIES

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,
U kommissie doen die volgende aanbevelings:

### 1. SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING

(Sameroeper Ds. PL Louw)

**Carnarvon**
Primarius Ds. JJ Smit
Sekundus Ds. RG Janse van Vuuren

**Deben**
Primarius Ds. N van Staden
Sekundus Ds. HK Viljoen

**Griekwastad**
Primarius Ds. FJ Heymans
Sekundus Ds. D Gerber

**Hanover**
Primarius Oudl. EJ vZ Greyling
Sekundus Ds. PJ Conradie

**Hopetown**
Primarius Ds. DJ Muller
Sekundus Oudl. JDA Crafford

**Kenhardt**
Primarius Ds. SL de Jager
Sekundus Ds. PJL Blaauw

**Kimberley**
Primarius Ds. S Nel
Sekundus Ds. W Roets

**Mafikeng**
Primarius Ds. WP Vermaak
Sekundus Oudl. HJ van Wyk

**Reivilo**
Primarius Oudl. LSG Claassens
Sekundus Ds. PF Coetzee

**Upington**
Primarius Ds. AH Scholtz
Sekundus Ds. PL Louw

**Warrenton**
Primarius Ds. SJ Strydom
Sekundus Ds. A Nel

## 2. SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS EN GETUIENIS

(Sameroeper Ds. MJ Coetzer)

**Carnarvon**
Primarius Ds. SC van der Merwe
Sekundus Oudl. L Steenkamp

**Deben**
Primarius Ds. K O'Callaghan
Sekundus Ds. JA van Schalkwyk

**Griekwastad**
Primarius Ds. DJ Kritzinger
Sekundus Oudl. F van As

**Hanover**
Primarius Ds. GPM de Wet
Sekundus Ds. P VdW Coetzer

**Hopetown**
Primarius Ds. IM Kluge
Sekundus Dr. JS Henning

**Kenhardt**
Primarius Ds. RJ Lourens
Sekundus Ds. JP Conradie

**Kimberley**
Primarius Ds. DJ Scheepers
Sekundus Prop LJ Enslin

**Mafikeng**
Primarius Dr. JJ Knoetze
Sekundus Oudl. JA Pretorius

**Reivilo**
Primarius Ds. PJ Theron
Sekundus Ds. PF Coetzee

**Upington**
Primarius Ds. FA Fouché
Sekundus Ds. BJP Booysen

**Warrenton**
Primarius Ds. MJ Coetzer
Sekundus Oudl. JA Swiegers

## 3. SINODALE KOMMISSIE VIR HULPDIENSTE

(Sameroeper Dr. AC Swanepoel)

**Carnarvon**
Primarius Oudl. M Meintjes
Sekundus Ds. GFM Oosthuizen

**Deben**
Primarius Ds. C Jonck
Sekundus Ds. JPJ van Tonder

**Griekwastad**
Primarius Ds. FC de Witt
Sekundus Oudl. G Moorcroft

**Hanover**
Primarius Ds. PJ Conradie
Sekundus Ds. NB Roux

**Hopetown**
Primarius Ds. VR Terblanche
Sekundus Oudl. CM Coetzee

**Kenhardt**
Primarius Ds. R Britz
Sekundus Ds. SL de Jager

**Kimberley**
Primarius Dr. AC Swanepoel
Sekundus Ds. P-R du Toit

**Mafikeng**
Primarius Ds. LB de Villiers
Sekundus Ds. WP Vermaak

**Reivilo**
Primarius Ds. LM Coreejes
Sekundus Ds. PJ Theron

**Upington**
Primarius Ds. TE Smit
Sekundus Oudl. JP Smit

**Warrenton**
Primarius Ds. J Oosthuizen
Sekundus Oudl. WJ van der Merwe

## 4. SINODALE KERKORDEKOMMISSIE

(Sameroeper Ds. GJ Duursema)

**Carnarvon**
Primarius Ds. A Werner
Sekundus Ds. C Janse van Rensburg

**Deben**
Primarius Ds. JJ van Zyl
Sekundus Oudl. B Nel

**Griekwastad**
Primarius Ds. PG Otto
Sekundus Oudl. F Vorster

**Hanover**
Primarius Ds. NB Roux
Sekundus GPM de Wet

**Hopetown**
Primarius Ds. SW Albertyn
Sekundus Oudl. CWH Boshoff

**Kenhardt**
Primarius Ds. JIR van Niekerk
Sekundus Ds. PL Blaauw

**Kimberley**
Primarius Ds. GJ Duursema
Sekundus Ds. CJ Swart

**Mafikeng**
Primarius Oudl. S du Toit
Sekundus Ds. LB de Villiers

**Reivilo**
Primarius Ds. CR Scheepers
Sekundus Ds. LM Coreejes

**Upington**
Primarius Ds. J Grobbelaar
Sekundus Ds. TE Smit

**Warrenton**
Primarius Oudl. HB Fick
Sekundus Oudl. HJ Lourens
**GOEDGEKEUR**

Die voorsitter stel aan die orde:

# VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS EN GETUIENIS

**(bladsye 152 - 177)**

Die verslag word aan die vergadering voorgehou deur die voorsitter van die sinodale kommissie vir diens en getuienis, ds. MJ Coetzer.

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,

Die kommissie doen soos volg verslag van sy werksaamhede:

**1. PERSONEEL EN VERGADERINGS**
**KENNIS GENEEM**

**2. SAMESTELLING: SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS EN GETUIENIS**

**2.1 Taakspanne**
**KENNIS GENEEM**

**2.2 Verteenwoordigers**
**KENNIS GENEEM**

## 3. TAAKSPAN BOTSWANA

**3.1 Sentrum vir Kontekstuele Bediening UP – Kgologano Kollege**
**KENNIS GENEEM**

**3.2 Taakspan Botswana – betrokkenheid in Botswana**

**3.2.1 Lede van taakspan Botswana**
**KENNIS GENEEM**

**3.2.2 Inleidend**
**KENNIS GENEEM**

**3.2.3 Redes vir ons betrokkenheid**
**KENNIS GENEEM**

**3.2.4 Behuisingsprojek en verhoudinge**

**Aanbeveling**
**Die sinode neem met dank kennis van die groei in die verhoudinge binne die Dutch Reformed Church in Botswana sowel as tussen die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland en die Dutch Reformed Church in Botswana.**
**GOEDGEKEUR**

**3.2.5 Teologiese opleiding**

**AANBEVELING**
**Die sinode neem kennis van die voltooiing van die sinodale opdrag ten opsigte van teologiese opleiding in die Dutch Reformed Church in Botswana.**
**GOEDGEKEUR**

**3.2.6 Tsabong bediening**
**KENNIS GENEEM**

**3.2.7 Werkswinkel saam met DRCB**

**Aanbeveling**
**Die sinode keur die verslag van taakspan Botswana goed en gee opdrag dat die taakspan voortgaan met die werk in Botswana.**
**GOEDGEKEUR**

## 4. TAAKSPAN DIAKONAAT

**4.1 Noodsaaklike lewensmiddele te Pomfret**
**KENNIS GENEEM**

**4.2 Samewerkingsooreenkoms: Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland en Caritas Gemeenskapsfokus NPC**
**KENNIS GENEEM**

**4.3 Gemeenskapsontwikkeling**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**
1. **aan dr. Etienne van der Walt van *AmazingBrainz* ’n spreekbeurt toegestaan word om ’n voorlegging oor Vroeë Kindontwikkeling te doen.**
2. **tafelgesprekke plaasvind oor die plaaslike gemeente se rol in vroeë kindontwikkeling- en gemeenskapsontwikkelingprojekte.**

3. **terugvoer van die tafelgesprekke deur die tydelike kommissie gemeente en gemeenskap verwerk word met verslag aan die sinode in sitting.**

**STAAN OOR** *(Kyk na bladsy 244)*

**4.4 Verhale oor: "*Prakties maak van gemeentes se diens en getuienis taak*"**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**

1. **die NG Kerk in Noord-Kaapland sy besluit van 2014 herhaal, wat lui:**
   **"*Die sinode versoek die sinodale kommissie vir diens en getuienis om verhale uit ringe en gemeentes te versamel en beskikbaar te stel aan gemeentes en lidmate. Verhale oor: "Prakties maak van gemeentes se diens en getuienis taak*".**

**GOEDGEKEUR**

**4.5 Armes in ons sinodale streek**
**KENNIS GENEEM**

**4.6 CAD en Versobering**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**

1. **dat gemeentes op die 2014 besluit van die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland gewys word, naamlik**
   ***dat versobering in die gemeenskappe ook die verantwoordelikheid van plaaslike gemeentes is en dat, waar CAD takke bestaan, van hulle gebruik gemaak kan word.***
2. **om sy kommer uit te spreek oor die voorkoms van alkohol- en dwelmmisbruik, veral ook onder jongmense in Noord-Kaapland se platteland.**

**GOEDGEKEUR**

**4.7 Seisoen van menswaardigheid**

Sien ***Verslag van die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning, punt 5.5: Seisoen van menswaardigheid***, bladsy 30.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit om gemeentes op te roep om deel te bly van die *Seisoen van Menswaardigheid* en gemeentelede aan te moedig om dit uit te leef.**
**GOEDGEKEUR**

**4.8 Voorbidding: nood en lyding**
**KENNIS GENEEM**

# 5. TAAKSPAN EKOLOGIE

**5.1 Die kerk se openbare getuienis oor die ekologiese krisis**

**AANBEVELING**
**Die sinode**

1. **neem kennis van die besinning en werk van taakspan ekologie en gee verdere opdragte aan die sinodale kommissie vir diens en getuienis.**

**STAAN OOR** *(Kyk na bladsy 259, voorstel)*

2. **neem kennis dat sake van belang uiters vloeibaar is, en dat nuwe omstandighede, navorsing en betrokkenheid van ander partye dikwels en op kort kennisgewing verander.**
3. **ondersteun die poging om soveel moontlik bydraes en betrokkenheid uit Noord-Kaapland, sowel as die kerkverband te bekom, sodat verantwoordelike en Bybels-gefundeerde getuienis en praktiese leiding gegee kan word.**
4. **keur die skrywe aan me. Kgalalelo Marintlhwane (*Bylae 2*), direkteur van Landelike Ontwikkeling en Grondsake in die Noord-Kaap, goed.**

**GOEDGEKEUR**

**AANBEVELING**
**Die sinode versoek die ring van Carnarvon om inligting te verskaf aan taakspan ekologie oor die omgewings- en maatskaplike impak van die SKA binne sy grense.**
**GOEDGEKEUR**

**5.2 Ekologiese verantwoordelikheid: Seisoen van die Skepping**

**AANBEVELING**
**Die sinode**

1. **besluit dat alle leraars en kerkrade in die sinodale gebied via die elektroniese nuusbrief versoek word om studiestukke, preke, bronne en Bybelse insigte oor die kerk se ekologiese verantwoordelikheid aan taakgroep ekologie beskikbaar te stel.**
2. **neem kennis van die poging deur taakspan ekologie om 'n voorlopige bundel oor die kerk se ekologiese verantwoordelikheid beskikbaar te stel, maar versoek dat die navorsing, besinning en samestelling as 'n voortgaande projek hanteer sal word.**

**GOEDGEKEUR**

**5.3 Hidrobreking in die Karoo/ groen energie**

**AANBEVELING**
**Die sinode**
1. **neem kennis dat die ontginning van skaliegas tans minder aantreklik is, hoofsaaklik weens die skerp daling in die pryse van alternatiewe energiebronne.**
2. **neem kennis dat die ontginning van skaliegas weens 'n verandering in die nasionale diskoers en ander prioriteite van die regering skynbaar nie meer 'n hoë prioriteit is nie. Dit, tesame met resente inligting en ervaring vanuit lande waar skaliegas reeds op groot skaal ontgin word, bied dus aan kundiges en belangegroepe meer tyd en 'n beter omgewing om diepgaande en geloofwaardige navorsing en bevindinge voor te lê. Dit word met belangstelling gevolg.**
3. **neem kennis dat nie alle "groen" energiebronne so gunstig is as wat algemeen aanvaar word nie. In die sinodale gebied van Noord-Kaapland is reeds 'n aantal projekte en meer word in die vooruitsig gestel.**
4. **versoek dat lidmate en kundiges ervaring, toepaslike inligting en praktiese wenke oor Hidrobreking in die Karoo / groen energie meer gereeld en met vrymoedigheid op elke moontlike manier in gemeentes versprei.**

**GOEDGEKEUR**

**5.4 Voorbidding: land, landbousektor (rampdroogtes) asook ekonomiese en politieke uitdagings**

**AANBEVELING**
**Die sinode**
1. **neem kennis dat die kommissie vir diens en getuienis in die lig van die huidige droogte en ekonomiese druk ringe versoek het om kerkrade en gemeentes na eie oordeel en omstandighede op te roep tot voorbidding.**
2. **neem kennis dat ds. IM Kluge 'n toepaslike berig hieroor in e-Nuus Noord-Kaapland geplaas het.**
3. **maan dat kerkrade en leraars steeds bedag moet wees op die onsekerheid en negatiewe emosies wat grond-hervorming meebring. Daarom bly dit die kerk se roeping in al sy strukture om lidmate en gemeentes, wat hierdeur negatief geraak word, met deernis en begrip te begelei.**
4. **versoek ringe en gemeentes, wanneer geleenthede voordoen waar positiewe bydraes gemaak kan word tot grond- en agri-hervorming, lidmate aangemoedig en ondersteun moet word, en om die hulp van georganiseerde landbou met vrymoedigheid te vra.**
5. **versoek ringe, gemeentes en lidmate om steeds bewus te bly van die groot nood en werklike armoede wat in ons land heers. In 'n gees van opregte Christelike deernis moet met kundigheid en oorgawe na diensbaarheid en opheffing gestreef word.**

**GOEDGEKEUR**

## 6. TAAKSPAN EKUMENE

**6.1. Skikkingsproses rakende eiendomme VGKSA Phororo en die NGKA Phororo**
**KENNIS GENEEM**

**6.2 Wysiging artikel 1**
**KENNIS GENEEM**

**6.3 Artikel 1: Implikasies besluit Noord-Kaapland 2015**
**KENNIS GENEEM**

**6.4 Memorandum of agreement**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**
1. **Die sinode in Noord-Kaapland versoek die algemene sinode dat alle relevante dokumente ten opsigte van kerkhereniging insluitend die "*Memorandum of Agreement*" en "*Road Map*" meertalig beskikbaar te stel.**
   **<u>Motivering</u>**
   ***In die Noord-Kaaplandse sinodale gebied is feitlik al die lidmate Afrikaanssprekend. Daar bestaan onsekerheid oor die presiese interpretasie van al die terme en woorde wat gebruik word in Engels.***

**GOEDGEKEUR**

**6.5 VGKSA Phororo plaas moratorium op bilaterale eenheidsgesprekke met Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland**

**AANBEVELING**
**Die sinode neem kennis van die moratorium wat die VGKSA Phororo op bilaterale eenheidsgesprekke met die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland geplaas het.**
**GOEDGEKEUR**

Die vergadering **KEUR** die versoek van dr. JJ Knoetze en dr. JS Henning **NIE GOED NIE** dat die volgende besluit van die buitengewone

Sinodesitting van 2015, in revisie gebring mag word:

1. ***Die sinode spreek dit as sy oorwoë mening uit dat die Ned. Geref. Sendingkerk met die aanvaarding van die Belharbelydenis in September 1986 en die stigting/vorming van die VGKSA op 14 April 1994 homself ontwortel en losgemaak het van die familie van Ned Geref. Kerke omdat dit 'n nuwe, ander kerk geword het met 'n ander belydenisgrondslag as die tradisionele familie van Ned. Geref. Kerke, wat dieselfde belydenisgrondslag het.***

***Motivering***

***Dit het gelei tot 'n moratorium en opskorting van alle gesprek tot en met gemeentevlak. Hierdie praktiese implikasies word na twee jaar ervaar. Ons het mekaar nodig om geloofwaardig kerk te wees.***

**6.6 Eenheidsgesprek met NGKA en RCA Pearl**
**KENNIS GENEEM**

**6.7 Belydenis van Belhar**
**KENNIS GENEEM**

## 7. TAAKSPAN WÊRELDSENDING

**7.1 Suid-Oos-Asië**
**KENNIS GENEEM**

**7.2 GKEF (Gesamentlike Kommissie vir Evangeliebediening in Frankryk)**
**KENNIS GENEEM**

**7.3 Aksie België vir Christus**
**KENNIS GENEEM**

## 8. VERTEENWOORDIGERS

Ds. GJ van Dyk van die Bybelgenootskap word ter vergadering verwelkom en geleentheid gegun om die vergadering toe te spreek.

**8.1 Verslag verteenwoordiger Bybelgenootskap**

**AANBEVELINGS**
1. **Die sinode neem kennis van die verslag in geheel.**
2. **Die sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor gemeentes wat 2015 gebruik het om d.m.v. elke R42 'n bekostigbare Bybel moontlik te maak.**
3. **Die sinode versoek gemeentes om Hardloop vir Bybels, Stap vir Bybels, Trap vir Bybels, Gholf dae en ander projekte so ver moontlik te gebruik vir betrokkenheid en groter deelname ten bate van Bybelverspreiding. (gratis medaljes beskikbaar).**
4. **Die sinode moedig gemeentes aan om d.m.v. 'n barometer-plakkaat as meetbare instrument R45-00 per belydende lidmaat as ideaal te stel wat 1 bekostigbare Bybel in verskillende tale moontlik maak.**
5. **Die sinode dank die Here saam met die Bybelgenootskap vir 150 jaar se lojale ondersteuning, uit die Noord-Kaap Kerk asook 196 jaar se Bybelgenootskap werk in SA (sedert 1820).**

**GOEDGEKEUR**

**8.2 Verslag verteenwoordiger van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by die Kuratorium NGKA**

**AANBEVELING**
1. **Die sinode doen voorbidding vir die lede van die Kuratorium NGKA in die uitwerk en soeke na effektiewe teologiese opleiding vir studente.**
2. **Die sinode doen voorbidding vir die studente van die NGKA en dosente betrokke by die opleiding van hul leraars.**

**GOEDGEKEUR**

**9. BEPALING 53**
Sien ***Verslag sinodale kerkordekommissie, punt 17.3: Bepaling 53***, bladsy 207.
**KENNIS GENEEM**

**10. SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS EN GETUIENIS**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat 'n sinodale kommissie vir diens en getuienis saamgestel word soos voorgeskryf in die huishoudelike bepalinge van die sinodale kommissie vir diens en getuienis.**
**GOEDGEKEUR**

**11. SLOT**
Die kommissie vertrou dat hy sy opdrag uitgevoer het.
**KENNIS GENEEM**

Die voorsitter stel aan die orde:

## VIERDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AANKONDIGINGS

Dr. JB Vos word geleentheid gebied om aankondigings te doen.

- Oudl. G Vernooy (Kimberley-Vooruitsig) vra om verskoon te word vanaf 17 Oktober om 15:30-18:00.
- Oudl. J Jacobs en E Weyers (Kimberley Bakenskop) vra om verskoon te word vanaf 18 Oktober om 08:30-13:00.
- Ds. SJ Schoeman vra om verskoon te word vanaf 17 Oktober om 09:30-13:00.
- Oudl. HJ van Wyk (Stella) vra om verskoon te word vir mediese afspraak op 18 Oktober vanaf 10:00.
- Ds. LM Coreejes (Vryburg-Harmonie) vra om verskoon te word op 19 Oktober vanaf 08:30-11:00.
- Ds. SW Albertyn versoek dat die lede van die Kommissie vir algemene sake om 13:30 op die galery vergader.
- Tydens teetyd sal ds. A Nel by die "JONK muur" wees vir navrae oor #Re-Imagine en om plakkate te kry vir bemarking van kampe.
- Oudl. PC Bossert (Mareetsane) word gelukgewens met sy verjaardag.

Geleentheid vir voorbidding word gegee. Di. JPL Mostert, JB Vos en IM Kluge neem deel aan die program. Die vergadering sing Liedere 518, 526 en 314.

Die vergadering **VERDAAG** vir tee

## TWEEDE SITTINGSDAG

**18 OKTOBER 2016**

Tweede Sessie

Die voorsitter stel weer aan die orde:

# VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS EN GETUIENIS

**(vervolg)**

### 4.3 Gemeenskapsontwikkeling

Die volgende **AANBEVELING** uit die Verslag van die Sinodale Kommissie vir Diens en Getuienis het oorgestaan *(Kyk na bladsy 241)*

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**

1. **aan dr. Etienne van der Walt van *AmazingBrainz* 'n spreekbeurt toegestaan word om 'n voorlegging oor Vroeë Kindontwikkeling te doen.**

**GOEDGEKEUR**

2. **tafelgesprekke plaasvind oor die plaaslike gemeente se rol in vroeë kindontwikkeling- en gemeenskapsontwikkelingprojekte gemeente en gemeenskap.**
3. **terugvoer van die tafelgesprekke deur die tydelike kommissie gemeente en gemeenskap van die sinode verwerk word met verslag aan die sinode in sitting.**

**VERWERP**

Die voorsitter gee geleentheid aan dr. Etienne van der Walt om 'n voorlegging oor Vroeë Kindontwikkeling te doen.

Dr. Etienne van der Walt gee 'n kort inleiding oor "die plaaslike gemeente se rol in Vroeë Kindontwikkeling- en gemeenskapsontwikkeling-projekte".

> Neuro-wetenskaplike kennis is nodig by 'n kind wie se brein nie genoegsaam ontwikkel het nie as gevolg van onder-stimulering en onder/en wanvoeding. 'n Leerprogram is nodig om 'n kind emosioneel, kognitief en sosiaal voor te berei om skoolgereed te wees. Die *AmazingBrainz* program voorsien in hierdie behoefte.

Die **Notule** van die **Eerste Sittingsdag** word aan die vergadering voorgehou. Redaksionele wysigings word aangebring en die notule word **GOEDGEKEUR**.

Die vergadering **KEUR** die versoek van ds. GJ Duursema en ds. CR Scheepers **GOED** dat die volgende besluit van taakspan sinodebeplanning, in revisie gebring mag word:

> **Beskrywingspunt 3: Verandering van algemene sinodestruktuur en –funksionering – ring van Griekwastad (Bylae 6) word verwys na die tydelike kommissie vir algemene sake.**

Die aanbeveling word dus weer ter tafel geneem en deur die vergadering **VERWERP**.

***VOORSTEL***
***Die sinode besluit dat Beskrywingspunt 3: Verandering van algemene sinodestruktuur en –funksionering – ring van Griekwastad (Bylae 6) na die tydelike kerkordekommissie verwys word.***

VOORSTELLER: GJ Duursema
SEKONDANT: CR Scheepers
**GOEDGEKEUR**

Rev. Moses Mkoloyane van die Dutch Reformed Chuch in Botswana word geleentheid gegee om 'n groeteboodskap aan die vergadering oor te dra.

Die voorsitter stel aan die orde:

## VYFDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AANKONDIGINGS

Dr. JB Vos word geleentheid gebied om aankondigings te doen.

- Ds. J Grobbelaar en oudl. WJ Barnard (Louisvale) vra om verskoon te word vanaf 18 Oktober om 13:00-15:00.
- Versoek van tydelike kerkordekommissie om te vergader om 13:55.
- Oudl. FD Bruwer (Orania) vra om verskoon te word op 18 Oktober van 14:00-18:00.
- Oudl. SP du Toit van (Upington-Noord) vra om verskoon te word vanaf 18 Oktober om 14:00-16:00.

Die vergadering **VERDAAG** vir middagete.

## TWEEDE SITTINGSDAG
**18 OKTOBER 2016**
DERDE SESSIE

Me. R Joshua van die Reformed Church in Africa Pearl word geleentheid gegun om 'n groeteboodskap aan die vergadering oor te dra.

***VOORSTEL***

1. ***Die sinode neem met kommer kennis van die besprekings en uitwysings deur predikante en lidmate in die media en sosiale netwerke oor die liberale teologie wat by onderskeie fakulteite gedoseer word.***
2. ***Die sinode voeg haar stem by die moontlikheid om 'n kerk-eie Seminarium op die been te bring. Dit sal daartoe bydra dat studente met 'n suiwer gereformeerde leer opgelei word.***
3. ***Die sinode doen 'n beroep deur ons verteenwoordigers by kuratorium en die algemene sinode dat die huidige kerk-eie opleiding verseker dat studente opgelei word met die Bybel as God se woord in ooreenstemming met die belydenis-skrifte.***

VOORSTELLER: HK Viljoen
SEKONDANT: PG Otto

Die Sinode **BESLUIT** dat bogenoemde voorstel na die **Tydelike Kommissie vir Algemene Sake** verwys word. *(Kyk na bladsy 279)*

***VOORSTEL***

***Die sinode besluit om die ring van Mafikeng en sinodale kommissie vir diens en getuienis (taakspan diakonaat en Caritas Gemeenskapsfokus) en moontlike ander rolspelers te versoek om voort te gaan met en aandag te gee aan:***

1. ***die verligting van nood in die gemeenskap van Pomfret en NG gemeentes aan te moedig om daarby betrokke te raak;***
2. ***dat die mense van Pomfret gehelp sal word met die verskuiwing na ander gemeenskappe;***
3. ***dat die sinodale kerkordekommissie gevra word om die leiding te gee en indien moontlik te help om vir die Angolese gemeenskappe in een ring binne die sinode in Noord-Kaapland te vestig (oor sinodale grense) om op die manier aandag te gee aan spesifieke unieke sake. Die Angolese ring sal nou gekoppel wees aan die ring van Mafikeng as mentorring;***
4. ***dat daar geleenthede gereël word waar die Angolese gemeenskap self kan aandag gee aan die huidige trauma en historiese trauma.***
5. ***Die SKDG, SKBO en SKHD word versoek om finansieel te help vir bogenoemde werksaamhede.***

VOORSTELLER: JJ Knoetze
SEKONDANT: M Hongolo

Die Sinode **BESLUIT** dat bogenoemde voorstel na die **Tydelike Kommissie vir Algemene Sake** verwys word. *(Kyk na bladsy 279-280)*

***VOORSTEL***

***Die sinode besluit om die algemene sinode se begrip van, en benadering tot, Missionale Transformasie na die taakspan leer en aktuele sake te verwys vir herbesinning in die lig van die Skrif en die kerk se belydenis.***

VOORSTELLER: FJ Heymans
SEKONDANT: M VDS Loubser

Die Sinode **BESLUIT** dat bogenoemde voorstel na die **Taakspan vir Leer en Aktuele Sake** verwys word.

Die voorsitter stel aan die orde:

## TWEEDE VERSLAG TYDELIKE KERKORDEKOMMISSIE

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,
U kommissie doen die volgende aanbevelings:

**1. AFVAARDIGING NA ALGEMENE SINODESITTING**

Sien Notule bladsy 237, Eerste verslag tydelike kerkordekommissie, punt 1

*AANBEVELING*
*Die sinode besluit dat*

1. *die volgende besluit van sinode 2012 herroep word, naamlik*
   *dat die voor-en ondervoorsitter van die sinode outomaties na die Algemene Sinode afgevaardig word*
2. *die volgende besluit van sinode 2012 gehandhaaf word, naamlik*
   *Die tydelike kommissie vir kommissies stel 'n groslys saam, nadat ringe en sinodale kommissies gekonstitueer het, met inagneming van die volgende beginsels*
   - *i. afvaardiging uit elke sinodale kommissie – primarius en sekundus*
   - *ii. afvaardiging uit elke ring*
3. *die sinodale kerkordekommissie volmag kry, om in oorleg met ringe, afgevaardigdes vir die volgende vergadering van die algemene sinode aan te wys – indien nodig.*

*VOORSTEL*
*Die sinode besluit dat bogenoemde voorstel na die Tydelike Kerkorde Kommissie verwys word.*
*VOORSTELLER: IM Kluge*
*SEKONDANT: PJ Theron*
*Die voorsitter oordeel dat bogenoemde voorstel 'n ordemosie is. Die voorstel word GOEDGEKEUR*

Motivering vir die versoek aan die Tydelike Kerkorde Kommissie
Die eerskomende buitengewone algemene sinode gaan tydens sy vergadering besluit wanneer die volgende gewone algemene sinode vergader. Indien die algemene sinode sou besluit om sy volgende vergadering eers in 2018 te hou, het dit die volgende implikasie vir:
1. die volgende vergadering van sinode in Noord-Kaapland. Aangesien die vergadering normaalweg in die jaar na die algemene sinode vergader (KO art 34), sodat die relevante besluite en kerkordelike wysigings deur sinode in Noord-Kaapland ter tafel geneem kan word, sou dit dus nie sinvol wees om in dieselfde jaar as die algemene sinode te vergader nie.
2. die aanwysing van die afgevaardigdes van die sinode in Noord-Kaapland na die algemene sinode van 2018. Die vraag is wanneer gaan dit plaasvind? Dit sou onsinnig wees om 'n buitengewone sinode in Noord-Kaapland te hou net om die afvaardiging te kies.

Die vraag is dus hoe gaan ons sinvol en kerkordelik die situasie hanteer? In hierdie verband is bepaling 35.5.2.4 (f) van belang. N.a.v. die bepaling het die sinodale kerkordekommissie in die verlede enige wysigings ten opsigte van afgevaardigdes hanteer. Die sinodale kerkordekommissie het dit gedoen uit die groslys wat tydens die sinode in Noord-Kaapland opgestel is. In die lig hiervan die volgende aanbevelings.

**AANBEVELING**
1. **Die afgevaardigdes van die sinode in Noord-Kaapland na die buitengewone algemene sinode vergadering van 2016 is ook die afvaardiging na die algemene sinode se vergadering wat volgens die huidige reëling in 2017 sou plaasvind.**
2. **Indien die algemene sinode sou besluit om sy volgende gewone vergadering later te hou, is die afgevaardigdes in punt een genoem ook die afgevaardigdes na die volgende algemene sinode vergadering.**
3. **Indien vakatures vir die afgevaardigdes na die volgende algemene sinode sou ontstaan en die sinodale kerkordekommissie nie uit die groslys wat tydens die 2016 sinode in Noord-Kaapland saamgestel is aanvullings sou kon doen nie, gee die sinode volmag aan die sinodale kerkordekommissie om in oorleg met ringe en sinodale kommissies (SKHD, SKBO, SKDG) afgevaardigdes vir die volgende algemene sinode aan te wys.**

**GOEDGEKEUR**

## 2 AFVAARDIGING VAN DIE VOORSITTER EN ONDERVOORSITTER NA DIE ALGEMENE SINODE

Sien Notule bladsy 237, Eerste verslag tydelike kerkordekommissie, punt 1

*AANBEVELING*
*Die sinode besluit dat*
1. *die volgende besluit van sinode 2012 herroep word, naamlik*
   *dat die voor-en ondervoorsitter van die sinode outomaties na die Algemene Sinode afgevaardig word*

*VOORSTEL*
*Die sinode besluit dat bogenoemde voorstel na die Tydelike Kerkorde Kommissie verwys word.*
*VOORSTELLER: IM Kluge*
*SEKONDANT: PJ Theron*
*Die voorsitter oordeel dat bogenoemde voorstel 'n ordemosie is. Die voorstel word GOEDGEKEUR*

Agtergrond
In 2012 het die sinode besluit dat die voorsitter en ondervoorsitter outomaties na die algemene sinode afgevaardig word.
- Dié besluit het die beginselbesluit van die sinode in Noord-Kaapland ondergrawe dat
  - die sinode nie 'n moderatuur verkies nie, maar net 'n voor- en ondervoorsitter
  - die voor- en ondervoorsitter alleen vir die duur van die vergadering gekies word.

Die 2012 besluit skep 'n tipe permanensie aan die posisie van die voorsitter en ondervoorsitter na afloop van die sinodale vergadering.
Na ons beskeie mening was dit 'n fout.

- Tweedens kan dit 'n situasie skep waar een ring – vergeleke met ander ringe, meer afgevaardigdes sal hê.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat die volgende besluit van die sinode van 2012 herroep word, naamlik**
**dat die voor- en ondervoorsitter van die sinode outomaties na die algemene sinode afgevaardig word.**
**GOEDGEKEUR**

**3. VOLGENDE VERGADERING VAN DIE SINODE IN NOORD-KAAPLAND**

Sien Notule bladsy 237, Eerste verslag tydelike kerkordekommissie, punt 2

*AANBEVELING*
*Die sinode besluit dat die sinodale kerkordekommissie in oorleg met die sinodale kommissies (SKHD, SKBO, SKDG en SKOK) die datum van die volgende vergadering van die sinode in Noord-Kaapland bepaal.*

*VOORSTEL*
*Die sinode besluit dat bogenoemde voorstel na die Tydelike Kerkorde Kommissie verwys word.*
*VOORSTELLER: IM Kluge*
*SEKONDANT: PJ Theron*
*Die voorsitter oordeel dat bogenoemde voorstel 'n ordemosie is. Die voorstel word GOEDGEKEUR*

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat die sinodale kerkordekommissie in oorleg met die sinodale kommissies (SKHD, SKBO en SKDG) die datum van die volgende vergadering van die sinode in Noord-Kaapland bepaal.**
**STAAN OOR** *(Kyk na bladsy 250)*

Die voorsitter stel aan die orde:

# DERDE VERSLAG TYDELIKE KERKORDEKOMMISSIE

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,
U kommissie doen die volgende aanbevelings:

**1. BESKRYWINGSPUNT 3: VERANDERING VAN ALGEMENE SINODESTRUKTUUR EN –FUNKSIONERING – RING VAN GRIEKWASTAD**

Sien Notule bladsy 227, Verslag taakspan sinodebeplanning, punt 3.18

*AANBEVELING*
*Die sinode besluit*
*3. Beskrywingspunt 3: Verandering van algemene sinodestruktuur en –funksionering – ring van Griekwastad (Bylae 6) word verwys na die tydelike kommissie vir algemene sake.*

*VOORSTEL*
*Die sinode besluit dat Beskrywingspunt 3: Verandering van algemene sinodestruktuur en –funksionering – ring van Griekwastad (Bylae 6) na die tydelike kerkordekommissie verwys word.*
*VOORSTELLER: GJ Duursema*
*SEKONDANT: CR Scheepers*
*GOEDGEKEUR*

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat kennis geneem word van Beskrywingspunt 3: *Verandering van algemene sinodestruktuur en –funksionering – ring van Griekwastad*. Die saak word volledig behandel in die verslag van die sinodale kerkordekommissie oor kerkverband.**
**GOEDGEKEUR**

**2. BESKRYWINGSPUNT 4: BELHAR BELYDENIS – RING VAN GRIEKWASTAD**

Sien Notule bladsy 227, Verslag taakspan sinodebeplanning, punt 3.18

*Die sinode besluit*
*4. Beskrywingspunt 4: Belhar Belydenis – ring van Griekwastad (Bylae 7) word verwys na die tydelike kerkordekommissie.*

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat kennis geneem word van Beskrywingspunt 4: *Belhar Belydenis – ring van Griekwastad.* Die saak word volledig aangespreek in die verslag van taakspan leer en aktuele sake.**
**GOEDGEKEUR**

Die voorsitter stel aan die orde:

# VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR HULPDIENSTE
**(bladsye 178 - 198)**

Die verslag word aan die vergadering voorgehou deur die voorsitter van die sinodale kommissie vir hulpdienste, dr. AC Swanepoel.

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,

Die kommissie doen soos volg verslag van sy werksaamhede:

**1. PERSONEEL EN VERGADERINGS**
**KENNIS GENEEM**

**2. SAMESTELLING: SINODALE KOMMISSIE VIR HULPDIENSTE**

**2.1 Taakspanne en portefeuljes**
**KENNIS GENEEM**

2.2 Verteenwoordigers
**KENNIS GENEEM**

**3. MEDIESE SKEMAS – PREDIKANTE**
**KENNIS GENEEM**

**4. BEURSE VIR TEOLOGIESE EN**
**KENNIS GENEEM**

**5. NGNK TUISTES NPC**
**KENNIS GENEEM**

**6. OPLEIDING KERKPERSONEEL/ SKRIBA'S**

**6.1 Opleiding kerkpersoneel/skribas: 2015**
**KENNIS GENEEM**

**6.2 Opleiding kerkpersoneel/skribas: 2016**
**KENNIS GENEEM**

**7. SINODALE PERSONEEL**
**KENNIS GENEEM**

**8. PENSIOENFONDS VAN PREDIKANTE**

Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland word verteenwoordig deur ds. JPL Mostert (aangewese lid) en ds. FD Hugo (verkose lid).

Die termyn van die lede is as volg:

- Ds. JPL Mostert (aangewese lid) is vanaf Oktober 2014 tot 2018
- Ds. FD Hugo (verkose lid) is vanaf Oktober 2014 tot 2018

Die nuutste ***verslag oor die fondsbeleggings pensioenfonds van predikante*** vind u as ***Bylae 1*** by hierdie verslag.
**KENNIS GENEEM**

**9. AMPTENARE PENSIOENFONDS**
Sanlam het bevestig dat gemeentes steeds geleentheid het om by die Amptenare Pensioenfonds van die NG Kerk in Noord-Kaapland in te skakel.
Motivering:
1. Deelname van werkgewers aan die Amptenare Pensioenfonds van die NG Kerk in Noord-Kaapland is gesonde arbeidspraktyk en vorm deel van die goeie versorging van werknemers.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**

**1. gemeentes aangemoedig word om as werkgewers by die Amptenare Pensioenfonds van die NG Kerk in Noord-Kaapland aan te sluit.**
**GOEDGEKEUR**

**10. GEKONSOLIDEERDE INKOMSTE-STAAT 2015/2016 EN BALANSSTAAT OP 29 FEBRUARIE 2016**

Ingesluit as ***Bylae 2*** is die gekonsolideerde inkomstestaat en balansstaat vir die finansiële jaar 2015/2016 van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland. Die volledige geouditeerde state is by die predikant in sinodale diens beskikbaar.
**KENNIS GENEEM**

**11. SINODALE FONDSE SOOS OP 29 FEBRUARIE 2016**

Sinodale Fondse soos op 29 Februarie 2016 word ingesluit as ***Bylae 3.***
**KENNIS GENEEM**

**12. HANTERING VAN SINODALE FONDSE**
Gedurende die finansiële jare 2014/2015 en 2015/2016 het die sinode die volgende hulp verleen:

**12.1 Gemeentebedieningsfonds**
**R370 000**
**KENNIS GENEEM**

**12.2 Angolana**
**R68 211**
**KENNIS GENEEM**

**12.3 PJJS Lategan Trustfonds**
**R224 600**
**KENNIS GENEEM**

**12.4 Mediese voorsieningsfonds – emeriti voor 1996**
**R385 050**
**KENNIS GENEEM**

**12.5 Predikantekursusse**
**R77 003**
**KENNIS GENEEM**

**12.6 Jeugwerk**
**R126 687**
**KENNIS GENEEM**

**12.7 Teologiese en maatskaplike werk studiefonds**
**R154 511**
**KENNIS GENEEM**

**13. BEGROTING NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND**

**13.1 Begroting 2016/2017**

Die sinodale begroting vir 2016/2017 word ingesluit as ***Bylae 4***.
**KENNIS GENEEM**

**14. ARGIEF**
**KENNIS GENEEM**

**15. HUISHOUDELIKE BEPALINGE SINODALE KOMMISSIE VIR HULPDIENSTE**
**KENNIS GENEEM**

**16. BEPALING 57**
**KENNIS GENEEM**

**17. FINANSIËLE BELEID NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND**
**KENNIS GENEEM**

**18. BELEGGINGSBELEID VAN DIE SINODE VAN NOORD-KAAPLAND**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**

1. **punt 3.2.2 van die Beleggingsbeleid van die sinode van Noord-Kaapland geskrap word:**
   ***~~3.2.2 Banke moet voldoen aan 'n A1+ of 'n A+ gradering volgens die Fitch IBCA verslag wat van tyd tot tyd aan die mark voorgelê word.~~***

**GOEDGEKEUR**

**19. FORMULE VIR SINODALE BYDRAES**

**19.1 Basaar/fondsinsameling**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**

1. **om die *Formule vir Sinodale Bydraes*, punt 2.2 *Toegewings*, uit te brei met 'n nuwe toegewing, naamlik**
   **<u>2.2.13 Basaar/fondsinsameling</u>**
   **Uitgawes wat aangegaan word vir basaar/fondsinsameling kan verhaal/afgetrek word van die inkomste wat gegenereer word deur die basaar/fondsinsameling. Slegs op die netto inkomste van die basaar/fondsinsameling word 'n sinodale bydrae gehef.**

**GOEDGEKEUR**

**19.2 Wysigings aan *Formule vir Sinodale Bydraes*: punt 3.1.2 en punt 3.1.3**

**Die sinode besluit dat**

1. **punt 3.1.2 "*Vrywillige sinodale kollektes*" en punt 3.1.3 "*Die volgende kollektes kan ook deur kerkrade oorweeg word*" in die Formule vir Sinodale Bydraes geskrap word, naamlik**
   **~~3.1.2 Vrywillige sinodale kollektes~~**
   **~~Die volgende kollektes moet ook nog oorweeg word:~~**
   **~~(a) Arbeidsbediening~~**
   **~~(b) Beradingsentrum~~**
   **~~(c) Aksie België vir Christus~~**
   **~~(d) Bybelverspreiding~~**
   **~~(e) CAD~~**
   **~~(f) Christelike Lektuurfonds~~**
   **~~(g) Hawesending~~**
   **~~(h) Susanna Coetzee-tehuis, Bloemfontein~~**
   **~~(i) Teologiese Kweekskool Stellenbosch~~**
   **~~3.1.3 Die volgende kollektes kan ook oorweeg word deur kerkrade~~**
   **~~(a) Hugenote Kollege~~**
   **~~(b) Instituut vir Blindes~~**
   **~~(c) Instituut vir Dowes~~**
   **~~(d) Jan Krielskool~~**
2. **punt 3.1.2 en punt 3.1.3 vervang word met 'n nuwe punt 3.1.2 "*Vrywillige sinodale kollektes*" wat lui:**
   **(a) Versoeke vir "*vrywillige kollektes*", om huidige bedieningsbehoeftes aan te spreek, moet jaarliks voor einde Oktober deur sinodale kommissies by taakspan beplanning en begroting ingedien word.**
   **(b) Nadat taakspan *beplanning en begroting* in November die *"vrywillige kollektes*" goedgekeur het, word 'n lys deur die sinodale kommissie vir hulpdienste in 'n skrywe, naamlik *Inligting vir kerkrade se gebruik op die aankondigings Sondae oor sinodale kollektes*, aan gemeentes deurgegee.**
3. **punt 3.1.2 in die *Formule vir Sinodale Bydraes* (wat deel uitmaak van die *Finansiële beleid Noord-Kaapland* van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland) dienooreenkomstig aangepas word**
4. **punt 3.1.2 in die huishoudelike bepalings van alle sinodale kommissies (SKHD, SKOK, SKDG en SKBO) opgeneem word.**

**GOEDGEKEUR**

Prof. Piet Strauss word word welkom geheet by die vergadering.

Ds. LJE Venter van die Gereformeerde Gemeente Kimberley word geleentheid gegee om 'n groeteboodskap aan die vergadering oor te dra.

Die voorsitter stel aan die orde:

## VYFDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AANKONDIGINGS

Dr. JB Vos word geleentheid gebied om aankondigings te doen.

- Oudl. MC van Zyl (Britstown) vra om verskoon te word op 18 Oktober om 13:30-14:30.
- Ds. DJ Kritzinger (Modderrivier-Ritchie) vra om verskoon te word op 18 Oktober om 17:30-18:00.
- Ds. CJ Swart (Kimberley-Vooruitsig) vra om verskoon te word op 18 Oktober om 17:30-18:00.
- Oudl. JJ Scholtz (Griekwastad) vra om verskoon te word op 19 Oktober tot einde van die sinode en oudl. J Combrink sal optree as waarnemer.
- Ds. HK Viljoen (Kathu) en ds. PJ Conradie (De Aar) vra om verskoon te word op 19 Oktober vir mediese afsprake.

Die vergadering **VERDAAG** vir tee.

## TWEEDE SITTINGSDAG
**18 OKTOBER 2016**
VIERDE SESSIE

Die voorsitter stel aan die orde:

## VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR HULPDIENSTE
**(vervolg)**

**20. FINANSIERING VAN TUG- EN APPÈLSAKE**
Sien ***Verslag van die sinodale kommissie vir hulpdienste, punt 21: Reglemente van fondse van die sinode in Noord-Kaapland,*** bladsy 183-184.
**KENNIS GENEEM**

**21. REGLEMENTE VAN FONDSE VAN DIE SINODE IN NOORD-KAAPLAND**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**
1. **dat die *Noord-Kaapland Sinode Fonds (NKSF)* en die *Algemene Sinodesittingskoste Fonds (ASF)* saamgevoeg word in een fonds, naamlik die *Sinodesittingskoste Fonds (SF)***
2. **dat die *Sinodale Reserwefonds (RF)* en die *Sinodale Meubel- en Kantoortoerusting Vervangingsfonds (MKF)* saamgevoeg word in een fonds, naamlik die *Sinodale Reserwefonds (RF)***
3. **om die volgende reglemente goed te keur**
   a. **die reglement Sinodale *Instandhoudingsfonds (IF)* (Bylae 5).**
   b. **die reglement *Sinodesittingskoste Fonds (SF)* (Bylae 6).**
   c. **die *reglement Sinodale Reserwefonds (RF)* (Bylae 7).**
4. **dat klousule 10 (Fondse) van die *Finansiële beleid Noord-Kaapland (FB)* dienooreenkomstig aangepas word.**

**GOEDGEKEUR**

**22. SAKE MET GROOT FINANSIËLE IMPLIKASIES**
**KENNIS GENEEM**

**23. VS / NK #IMAGINE NASIONALE KAMP: 10-12 APRIL 2015**
Sien ***Verslag van die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning, punt 4.2: VS / NK #Imagine Nasionale Kamp: 10-12 April 2015***, bladsy 22-23.
**KENNIS GENEEM**

**24. SINODALE KOMMISSIE VIR HULPDIENSTE**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat 'n sinodale kommissie vir hulpdienste saamgestel word soos voorgeskryf in die huishoudelike bepalinge van die sinodale kommissie vir hulpdienste.**
**GOEDGEKEUR**

**25. SLOT**
Die kommissie vertrou dat hy sy opdrag uitgevoer het.
**KENNIS GENEEM**

Die volgende **AANBEVELING** uit die Tweede Verslag Tydelike Kerkordekommissie het oorgestaan *(Kyk na bladsy 247)*

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat die sinodale kerkordekommissie in oorleg met die sinodale kommissies (SKHD, SKBO en SKDG) die datum van die volgende vergadering van die sinode in Noord-Kaapland bepaal.**
**GOEDGEKEUR**

Die voorsitter stel aan die orde:

# VERSLAG VAN DIE SINODALE KERKORDEKOMMISSIE

**(bladsye 199 - 219)**

Die verslag word aan die vergadering voorgehou deur die voorsitter van die sinodale kommissie vir diens en getuienis, ds. GJ Duursema.

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,

Die kommissie doen soos volg verslag van sy werksaamhede:

**1. PERSONEEL EN VERGADERINGS**
**KENNIS GENEEM**

**2. SAMESTELLING SINODALE KERKORDEKOMMISSIE**

**2.1 Verteenwoordigers**
**KENNIS GENEEM**

**3. REDAKSIONELE WYSIGINGS AAN KERKORDE 2014**
**KENNIS GENEEM**

**4. ARTIKEL 1: IMPLIKASIES BESLUIT NOORD-KAAPLAND 2015**
**KENNIS GENEEM**

**5. TUSSEN-ORDE**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**
1. **dat kerkrade en ringe kennis neem van die tussen-orde en implementeer waar toepaslik.**
2. **dat kerkrade en ringe aangemoedig word om die tussen-orde op plaaslike vlak te gebruik en daarmee die proses van kerkhereniging te bevorder.**

**GOEDGEKEUR**

**6. ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD (ABR)**
**KENNIS GENEEM**

**7. ONDERSOEKLIGGAAM / KERKLIKE TRIBUNAAL / TUGLIGGAAM**
**KENNIS GENEEM**

**8. HANDLEIDING VIR DIE BESTUUR VAN PREDIKANTSAKE IN DIE NG KERK (ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD 2013 – EERSTE UITGAWE)**
**KENNIS GENEEM**

**9. GEDRAGSKODE**

Sien ***Verslag van die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning, punt 7.2.1.1: Gedragskode vir predikante***, bladsy 33.

**AANBEVELING**
**Die sinode**
1. **besluit om die volgende beskrywingspunt aan die Algemene Sinode te stuur:**
   **Die daarstelling van 'n gedragskode vir bedienaars van die Woord, soos deur die algemene sinode versoek is onnodig.**
2. **keur die dokument, *Kommentaar op Gedragskode* (Bylae 2) goed en heg dit aan die beskrywingspunt as motivering.**

**GOEDGEKEUR**

**10. DIE IMPLEMENTERING VAN ARTIKEL 48.3.5**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**
1. **nie uitvoering gegee kan word aan die opdrag van 2014 nie.**
2. **kennis geneem word van die wysiging Kerkorde artikel 48.3.5**
3. **die opleiding na die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning verwys word.**

**GOEDGEKEUR**

**11. KERK AS INSTELLING NA EIE AARD – *SUI GENERIS***

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**
1. **om kennis te neem van punt 11: *Kerk as instelling na eie aard – Sui Generis***

**GOEDGEKEUR**

2. **dat 'n gesprek om tafels plaasvind waar onderstaande tema en vrae aan die orde gestel word.**
   **Tema: Kerk as instelling na eie aard – Sui Generis**
   a. **Hoe is 'n gemeente anders as 'n besigheid, kultuurvereniging of 'n sportklub? Hoe word dit sigbaar?**
   b. **Wie besluit oor hoe die kerk moet wees? (Bv. kerkraad, algemene sinode, meerderheid, Kerkorde, ens.) Wat beteken dit in die praktyk?**

c. **Wat is die rol en funksie van die kerkraad, ampte en amp van die gelowige in die gemeente ten opsigte van die eie aard van die kerk?**

d. **Bespreek: Die gemeente is nie daar ter wille van homself nie. Wat beteken dit vir julle verhouding met ander gemeentes / kerke in julle ring of dorp?**

**VERWERP**

3. **dat die volgende vrae tydens gemeentebesoeke (kerkvisitasie) in 2017 hanteer kan word.**

   **Tema: Kerk as instelling na eie aard – Sui Generis**

   a. **Hoe is ’n gemeente anders as ’n besigheid, kultuurvereniging of ’n sportklub? Hoe word dit sigbaar?**

   b. **Wie besluit oor hoe die kerk moet wees? (Bv. kerkraad, algemene sinode, meerderheid, Kerkorde, ens.) Wat beteken dit in die praktyk?**

   c. **Wat is die rol en funksie van die kerkraad, ampte en amp van die gelowige in die gemeente ten opsigte van die eie aard van die kerk?**

   d. **Bespreek: Die gemeente is nie daar ter wille van homself nie. Wat beteken dit vir julle verhouding met ander gemeentes / kerke in julle ring of dorp?**

**GOEDGEKEUR**

Die voorsitter stel aan die orde:

## VOORDRAG
## Kerk as instelling na eie aard – sui generis

Ds. GJ Duursema gee ’n kort inleiding oor *Kerk as instelling na eie aard – sui generis*.

Probleem: **Die regbank sien die Ned. Geref. Kerk as ’n “*universitas of collegium*”**.

- Standerton-saak in die Transvaalse Hoogge-regshof, 1893
- Wéér in 1998 – appèlhof: VGK v NGKA, Vrystaat (en Phororo)
- Ecclesia de Lange – appèlhofuitspraak 26 Augustus 2014

Is dit ’n kerkregtelik-hermeneutiese probleem of ’n probleem inherent aan ons kerkorde? ***Kan die hof die Ned. Geref. Kerk anders sien?***

<u>’n Aantal stellings</u>:

- Daar is geen enkele ander samelewingsvorm wat op dieselfde wyse aan die heil in Christus verbind is as die kerk nie.
- Die kerk staan in die nouste verband met die *Verlossing.*
- Vereiste vir lidmaatskap van die kerk, is verlossing.
- Die kerk is nie “produk” van die skepping nie, maar van die herskepping.
- Dáárom is hy in gestalte en inrigting uniek teenoor alle ander menslike gemeenskapsvorme.
- Prof. WD Jonker – reeds in 1977: “Die kerk is *mater fidelium, communio sanctorum* en instrument van die <u>*missio Dei*</u> in die wêreld.”

**Die kerk is...**

’n Heilige<br>
Algemene<br>
Christelike kerk<br>
***die gemeenskap van die heiliges***

**Wat sê die reg?**

Vgl. **Ecclesia de Lange-saak: appèlregter Wallis, JA (Fourie, AJA concurring)**. Hier volg gedeeltes daaruit (verdonkering is redaksioneel aangebring):

The **church consists of members who become such after a profession of faith** at a public service, also called Confirmation, which is described as a “solemn service of recognition, commitment, prayer and blessing” in which the member accepts responsibility as a member of the church to live in accordance with the Methodist Rule of Life...

Unlike a club, the **church's members and clergy do not become such** by subscribing to a constitution and the Conference is not established **by democratic election** among the membership.

Neither the ordinary members nor the body of ministers have any right to attend or vote in its deliberations or any direct role to play in the formulation or contents of *the Laws and Disciplines*. That serves to **distinguish the church from clubs and other similar voluntary associations**, where membership affords a right of participation in all the affairs of the organisation, or a company, where the articles of association define the voting rights of all members.

As the reported decisions show there are churches and other religious organisations that have constitutions adopted and approved by members **but the Methodist Church of Southern Africa is not one of them**

<u>These issues are not novel</u>. They have arisen in various denominations within the broad Christian community.

On three occasions the question has come before the Labour Court in this country. <u>The first</u> case dealt with a minister of **the Dutch Reformed Church** who had been given a letter of appointment by a particular congregation of the church setting out his duties and salary and other benefits that would be due to him in return for the performance of those duties. That was held to constitute a contract of employment (die Wilgespruit/Schreuder-saak).

*By contrast* the <u>second case</u> dealt with the dismissal of an **Anglican priest**... The Labour Court rejected this contention holding that there was no intention to enter into a contractually binding relationship. The basis of the entire process was religious.

Similarly in the <u>third case</u> it was held that officers in the **Salvation Army** did not enter into a contract of employment with the Salvation Army, because their position flowed from their understanding that

they were called of God to a spiritual ministry and the relationship between them and the Army was a spiritual one governed by religious conscience.

***Quo Vadis: 'n Ned. Geref. Kerk, sui generis?***

Wat moet in die Ned. Geref. Kerk gebeur?

1. Allereers: egte reformasie
2. Praktiese, konkrete uitlewing in praktyk en in vergaderings dat Jesus Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van die Ned. Geref. Kerk is
3. Alle klem op die plaaslike gemeente
4. Géén enkel vorm van sinodokrasie!
5. 'n Totaal nuwe en anders geformuleerde kerkorde

Ons droom: **'n Ned. Geref. Kerk, 'n gemeenskap van die heiliges**.

## 12. KERKVERBAND

**AANBEVELING**

**Die sinode besluit**

1. **om kennis te neem dat die algemene sinode besluit het**

   ***Die Algemene Sinode verwys al die stukke in 1.1 na die 10 samestellende sinodes vir bespreking en kommentaar aan die ASM met die oog op 'n finale verslag aan die volgende Algemene Sinode in sitting***
2. **om kennis te neem van die *Verslag van die algemene sinodale projekspan kerkverband (Bylae 3).***

**GOEDGEKEUR**

3. **dat 'n gesprek om tafels plaasvind waar onderstaande tema en vrae aan die orde gestel word**

   **Tema: Struktuur en samestelling van die algemene sinode**

   **Die kerk is die liggaam van Christus. Almal wat deel is van hierdie liggaam is aan Hom en aan mekaar verbind. Aangesien die huidige samestelling en struktuur van die algemene sinode nie bevredig nie, is dit nodig om 'n nuwe samestelling en struktuur te bedink. Bespreek die volgende vrae van die:**

   **a. <u>sinodale kerkordekommissie</u>:**

   **i. Hoe kan die kerk "verander" in sy struktuur en bediening ten einde relevant te bly in 'n veranderende wêreld, m.a.w. wat moet verander en wat mag nie verander nie?**

   **ii. Hoe oordeel julle oor die gedagte van 'n synodus contracta (verkleinde sinode) wat jaarliks vergader?**

   **iii. Hoe oordeel julle oor die gedagte van 'n synodus plena (uitgebreide sinode) wat een maal elke 5 jaar bymekaarkom?**

   **b. <u>algemene taakspan kerkverband</u>**

   **i Wat is u streeksinode se belangrikste fokusse / doelstellings/prioriteite/oogmerke/verantwoordelikhede? Waarmee is julle besig en hoe kan die Algemene Sinode julle daarmee help?**

   **ii. Watter kriteria kan en gaan u sinode gebruik om vas te stel of die Algemene Sinode se bydrae positief, ondersteunend en suksesvol was of nie? (Help die Algemene Sinode? En hoe gaan julle dit bepaal?)**

   **iii Indien die Algemene Sinode twee dinge wat op sy terrein lê binne die volgende ses maande kan verander, watter twee dinge sal binne jou sinode die meeste waarde hê en voordele inhou? (Gee kreatiewe insette van hoe die Algemene Sinode kan verander)**

   **iv Watter, indien enige, historiese spanninge en/of konflikterende verwagtinge het dit vir die Algemene Sinode moeilik gemaak om aan u sinode se verwagtinge en vereistes te voldoen? (Na watter bagasie van die Algemene Sinode moet gekyk word?)**
4. **insette vanaf tafels word deur die tydelike kerkordekommissie in ontvangs geneem.**

**STAAN OOR** *(Kyk na bladsy 259 - Voorstel)*

Die voorsitter stel aan die orde:

## VOORDRAG
## Kerkverband

Ds. GJ Duursema gee 'n kort inleiding oor *Kerkverband*: *Struktuur en samestelling van die Algemene Sinode.*

Inleidend word die volgende vrae aan die orde gestel:

- Hoe lyk die Ned. Geref. Kerkverband tans?
- Hoe behoort die Ned. Geref. Kerkverband te lyk?

'n Skets uit *De Heraut van 22 Mei 1887* is met die sinodegangers gedeel.

Die verskillende ratte van links na regs: gemeente, kerkraad, dominee, ring, sinode, algemene sinode... en die "man wat die ratte beheer en draai".... is dit dalk die algemene sinodale moderamen (ASM)?

'n Groter weergawe van die skets kan hier besigtig word: <u>De Hiërarchie</u>.

**Gereformeerde kerkregtelike beginsels:**

- Die regering van Christus deur sy Woord
- Alle klem op die plaaslike gemeente
- Die belangrikste verband is die ring
- Hoe belangrik is die sinode?
- Die Algemene Sinode is tans 'n ekumeniese sinode.
- Wat is die rol van die kerkverband?

Die kerk is die liggaam van Christus. Almal wat deel is van hierdie liggaam is aan Hom en aan mekaar verbind. Aangesien die huidige samestelling en struktuur van die algemene sinode nie bevredig nie, is dit nodig om 'n nuwe samestelling en struktuur te bedink.

**13. HANTERING VAN BESLUITE WAT TOT VERDEELDHEID BY LIDMATE KAN LEI**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit om onderstaande as beskrywingspunt aan die volgende gewone vergadering van die algemene sinode te stuur:**

1. **Die algemene sinode word aan sy besluit van 1994 herinner waarin op 'n werkswyse besluit is wat gevolg moet word wanneer sake hanteer word wat tot moontlike verdeeldheid kan lei (Sien NG Kerk, Handelinge van die Algemene Sinode 1994:439).**
   **Die Algemene Sinode het in 1994 soos volg besluit:**
   **Die Algemene Sinode besluit in 1994 na aanleiding van Kerk en Samelewing 1986 en die kerkskeuring daarna:**
   **1) Die sake soos genoem in Artikel 43 van die Kerkorde (beleid in sake van gemeenskaplike belang, die vasstelling van die Bybelvertaling ensovoorts) behoort tot die besluitnemingsbevoegdheid van die Algemene Sinode.**
   **2) Indien die Algemene Sinode egter vermoed dat sekere besluite of standpunte moontlik tot groot verdeeldheid onder kerklidmate kan lei, staan dit hom vry om voor finale besluitneming, die advies van mindere kerkvergaderinge in te win ten einde groter konsensus oor die betrokke sake in die NG Kerkverband as geheel te kry. In finale instansie is dit egter die Sinode se eie oortuiging in die lig van God se wil wat die deurslag moet gee. Dit gaan steeds om die Christokrasie – ook by die mees omstrede kwessies.**
2. **Die algemene sinode besluit om genoemde werkswyse in die reglement van orde op te neem.**
3. **<u>Motivering</u>**
   a. **Die algemene sinode se werkswyse behoort in ooreenstemming te wees met die "geestelike bestuurswyse" wat die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 30 op grond van die Woord bepleit en soos uitgedruk in Kerkorde artikel 22.**
   b. **Die gereformeerde kerkreg gaan deurgaans uit van die plaaslike gemeente. Die plaaslike gemeente is volledig kerk en staan in verband met gemeentes van soortgelyke belydenis.**

**GOEDGEKEUR**

**14. RINGSGRENSE**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**

1. **ter wille van beter bediening, onderlinge sorg en opsig die moontlikheid van die hergroepering van gemeentes in ringe oorweeg word.**
   **<u>Motivering</u>:**
   **Die hergroepering van gemeentes in groter ringe kan dalk net die energie en inspirasie gee wat gemeentes nodig het om in die hand van die Gees mekaar te help om God se Koninkryk in Noord-Kaapland beter sigbaar te maak.**
2. **die sinode 'n ad hoc-kommissie saamstel met verteenwoordigers uit elke ring om die hergroepering van gemeentes tot ringe te ondersoek en aanbevelings te maak.**

**GOEDGEKEUR**

***VOORSTEL***
***Die sinode besluit dat die voorsitters van ringskommissies van die verskillende ringe op die sinodale kerkordekommissie se ad hoc kommissie rakende ringsgrense sal dien.***
VOORSTELLER: C Jonck
SEKONDANT: CJ Swart
**GOEDGEKEUR**

Die voorsitter stel aan die orde:

# SESDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AANKONDIGINGS

Dr. JB Vos word geleentheid gebied om aankondigings te doen.

- Ds. WGS Stumpfe (Kimberley-Bakenskop) vra om verskoon te word op 18 Oktober om 14:00-18:00.
- Oudl. J Gronum (Lime Acres) vra om verskoon te word op 19 Oktober om 09:30 tot 20 Oktober om 14:00 en Me. SM Leeuwner woon die vergadering by as sekundus.
- Oudl. AS Enslin (Kimberley-Harmonie) vra om verskoon te word op 18 Oktober van 16:00-18:00.
- Sinodale kommissies vergader na dagafsluiting.

Ds. DJ Muller neem die dagsluiting waar.
1. Wat het die Here vandag vir ons gesê? Wat het ons vir mekaar gesê?
2. Bid vir die sake wat vandag bespreek is.

Die vergadering sing Liedere 248 en 488.

Die vergadering **VERDAAG** vir die dag.

# DERDE SITTINGSDAG
**19 OKTOBER 2016**
EERSTE SESSIE

Die dagopening is deur ds. PL Louw waargeneem. (Tema: *"Here, raak ons weer aan...!"*). Hy lees uit Matteus 28:18-20.
1. Waaraan moet ons, as kerk van die Here, in hierdie tyd en omstandighede aandag gee?
2. Bid vir die dag se vergadering en sake op die agenda?

Die vergadering sing Lied 281.

Dr. Gustav Claassen, die algemene sekretaris van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, word ter vergadering verwelkom.

Die voorsitter stel aan die orde:

## TWEEDE VERSLAG KOMMISSIE VIR KOMMISSIES

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,
U kommissie doen die volgende aanbevelings:

## UITVOERENDE KOMITEES

**1. SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING**

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Ds. DJ Muller |
| Ondervoorsitter | Ds. FJ Heymans |
| Skriba | Ds. N van Staden |

**2. SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS EN GETUIENIS**

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Ds. MJ Coetzer |
| Ondervoorsitter | Ds. PJ Theron |
| Skriba | Ds. DJ Scheepers |
| Addisionele lid | Ds. FA Fouché |
| Addisionele lid | Ds. GPM de Wet |

**3. SINODALE KOMMISSIE VIR HULPDIENSTE**

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Dr. AC Swanepoel |
| Ondervoorsitter | Ds. J Oosthuizen |
| Skriba | Ds. TE Smit |
| Addisionele lid | Oudl. JP Smit |
| Addisionele lid | Ds. LB de Villiers |
| Ampshalwe | Me. E Badenhorst |
| Ampshalwe | Ds. FD Hugo |
| Ampshalwe | Ds. JPL Mostert |

**4. SINODALE KERKORDEKOMMISSIE**

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Ds. GJ Duursema |
| Ondervoorsitter | Ds. SW Albertyn |
| Skriba | Ds. CR Scheepers |

## VERTEENWOORDIGERS

**1. VERTEENWOORDIGERS SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING**

**1.1 Algemene Kuratorium**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. PF Coetzee |
| Sekundus | Ds A Nel |

**1.2 Erediens en liturgie**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. PJ Conradie |
| Sekundus | Ds. DJ Muller |

**1.3 Gemeentebediening**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. PL Louw |
| Sekundus | Ds. DJ Muller |

**1.4 Gemeentedienste netwerk**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. DJ Muller |
| Sekundus | Ds. Pf Coetzee |

**1.5 Jeug**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. S Nel |
| Sekundus | Ds. N van Staden |

**1.6 Kerkverband**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. GJ Duursema |
| Sekundus | Ds. J Grobbelaar |

**1.7 Leerstellinge en aktuele sake**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. PG Otto |
| Sekundus | Ds. GJ Duursema |

**1.8 Lidmaatbemagtiging**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. FJ Heymans |
| Sekundus | Oudl. EJvZ Greyling |

**1.9 Missionale Ekklesiologie**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. PL Louw |
| Sekundus | Ds. AH Scholtz |

**1.10 Predikantesake**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. AC de Villiers |
| Sekundus | Ds. WP Vermaak |

**1.11 Reformasie 500**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. GJ Duursema |
| Sekundus | Ds. SL de Jager |

**1.12 Verteenwoordiger Kuratorium Pretoria**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. PF Coetzee |
| Sekundus | Ds. LB de Villiers |

**1.13 Verteenwoordiger Kuratorium Stellenbosch**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. AC de Villiers |
| Sekundus | Ds. N van Staden |

**1.14 Verteenwoordiger Kuratorium Vrystaat**
Primarius Ds. A Nel
Sekundus Dr. JS Henning

**1.15 Vrouelessenaar**
Primarius Me. R Viviers
Sekundus Me. LS Oosthuizen

**2. VERTEENWOORDIGERS SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS EN GETUIENIS**

**2.1 Bybelgenootskap**
Primarius Ds. GP Barnard
Sekundus leraar Ds. PL Gouws
Primarius lidmaat Mnr. S van der Linde
Sekundus lidmaat Me. CM du Preez

**2.2 Caritas Gemeenskapsfokus NPC**
Direkteur Ds. TE Smit
Alternatiewe Direkteur Ds. K O'Callaghan

**2.3 Christelike afhanklikheidsdiens (CAD)**
Primarius Mnr. Hendrik Snyman
Sekundus Mnr. G le Roux

**2.4 GKEF (Gesamentlike Kommissie vir Evangeliebediening in Frankryk)**
Primarius Ds. P VDW Coetzer
Sekundus Ds. PJ Theron

**2.5 Grondhervorming**
Primarius Ds. IM Kluge
Sekundus Mnr. H Myburgh

**2.6 Kuratorium en eksamenkommissie NGKA**
Primarius Dr. JJ Knoetze
Sekundus Ds. FA Fouché

**2.7 Seisoen van menswaardigheid**
Primarius Ds. Grobbelaar
Sekundus Ds. RJ Lourens

**2.8 Verenigde diensgroep vir diens en getuienis Phororo/Noord Kaapland (VDDGP/NK)**
Ds. FP Avenant
Dr. JJ Knoetze
Ds. FD Hugo

**3. VERTEENWOORDIGERS SINODALE KOMMISSIE VIR HULPDIENSTE**

**3.1 Algemene taakspan Fondse en Bates (AtFB)**
Primarius Dr. AC Swanepoel
Sekundus Ds JPL Mostert (PSD)

**3.2 Amptenare pensioenfonds**
Primarius Ds. J Oosthuizen
Sekundus Me. E Badenhorst

**3.3 NGNK Tuistes NPC**
Die 6 lede van die uitvoerende komitee van die sinodale kommissie vir hulpdienste.
Dr. AC Swanepoel
Ds. J Oosthuizen
Ds. TE Smit
Oudl. JP Smit
Ds. LB de Villiers
Ds. C Jonck

**4. VERTEENWOORDIGER SINODALE KERKORDEKOMMISSIE**

**4.1 Algemene steunspan regte (ATR)**
Primarius Ds. GJ Duursema
Sekundus Ds. SW Albertyn

**4.2 Tug en Dissipline (Reglement 18)**

**Carnarvon**
B Meintjes
D van Niekerk

**Deben**
K O'Callaghan
JJ van Zyl

**Griekwastad**
R Bode
L Hoffmann

**Hanover**
S van der Westhuizen
C Jonker

**Hopetown**
SW Albertyn
MC van Zyl

**Kenhardt**
PJL Blaauw
JIR van Niekerk

**Kimberley**
R Bode
L Hoffmann

**Mafikeng**
JJ Knoetze
S du Toit

**Reivilo**
CR Scheepers
PJ Theron

**Upington**
C Wessels
N Carr

**Warrenton**
J Oosthuizen
JA Swiegers

**5. KOÖRDINERINGSGESPREK / SINODEBEPLANNING / BEPLANNING & BEGROTING**

**SKBO**
Primarius Ds. PL Louw

Sekundus Ds. DJ Muller

**SKDG**

Primarius Ds. MJ Coetzer
Sekundus Dr. JJ Knoetze

**SKHD**

Primarius Dr. AC Swanepoel
Sekundus Ds. J Oosthuizen

**SKOK**

Primarius Ds. GJ Duursema
Sekundus Ds. SW Albertyn

**Ring wat sinode reël wys twee lede aan**
(*moet nog aangewys word*)

Die Sinode **BESLUIT** dat die **Tweede Verslag Kommissie vir Kommissies** na die kommissie vir kommissies terugverwys word. *(Kyk na bladsy 276-278)*

Die **Notule** van die **Tweede Sittingsdag** word aan die vergadering voorgehou. Redaksionele wysigings word aangebring en die notule word **GOEDGEKEUR**.

Die voorsitter stel aan die orde:

# VERSLAG VAN DIE SINODALE KERKORDEKOMMISSIE
**(vervolg)**

## 15. AANSOEK OM HERTOELATING TOT DIE BEDIENING BROER FC DE WITT
**KENNIS GENEEM**

## 16. REDAKSIONELE VERANDERINGS AAN KERKORDE 2016

### 16.1 Diensooreenkoms met 'n Bedienaar van die Woord punt 4.8 Mediese Skema

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat *Diensooreenkoms met 'n Bedienaar van die Woord punt 4.8 Mediese Skema* soos volg gewysig word:**

**Ou bepaling**

**4.8 MEDIESE SKEMA**
**Lidmaatskap van 'n mediese skema ingestel volgens die Wet op Mediese Skemas en soos goedgekeur deur die sinode van Noord-Kaapland, is verpligtend. ~~In geval waar die werknemer se gade oor 'n mediese skema beskik, is lidmaatskap egter nie verpligtend nie~~. Die bydraes wat die werkgewer betaal aan die mediese skema vorm deel van die werknemer se TKVI-pakket.**

**Nuwe bepaling**

**4.8 MEDIESE SKEMA**
**Lidmaatskap van 'n mediese skema ingestel volgens die Wet op Mediese Skemas en soos goedgekeur deur die sinode van Noord-Kaapland, is verpligtend. Indien die werknemer 'n afhanklike lid van die gade se mediese skema is, is lidmaatskap van die mediese skema soos goedgekeur deur die sinode van Noord-Kaapland nie verpligtend nie. Die bydraes wat die werkgewer betaal aan die mediese skema vorm deel van die werknemer se TKVI-pakket.**

**GOEDGEKEUR**

## 17. VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN BEPALINGS VAN DIE KERKORDE 2016

### 17.1 Bepaling 8.2

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat bepaling 8.2: advies prosedure, geskrap word**

~~**8.2 Advies prosedure**~~
~~**Wanneer 'n leraarspos vakant raak moet onderstaande advies prosedure gevolg word vóórdat 'n pos bekend gestel (adverteer) word:**~~
~~**8.2.1 die kerkraad nader die ring of sy gevolmagtigde om advies**~~
~~**8.2.2 die ring of sy gevolmagtigde nader die sinodale kerkordekommissie om advies ten opsigte van:**~~
~~**8.2.2.1 Tipe aanstelling (onbepaalde termyn, tentmaker, vaste termyn)**~~
~~**8.2.2.2 Beroepsbrief**~~
~~**8.2.2.3 Dienskontrak**~~
~~**8.2.3 die ring of sy gevolmagtigde nader die sinodale kommissie vir hulpdienste om finansiële advies. Die sinodale kommissie vir hulpdienste benodig die volgende om advies te gee:**~~
~~**8.2.3.1 Jongste finansiële state**~~
~~**8.2.3.2 Begroting 1 Maart – 28 Februarie**~~

**VERWERP**

### 17.2 Vorm 8 – Akte van demissie by verstryking van termyn

**AANBEVELING**
**Die sinode**

1. **besluit om die opskrif van Vorm 8 as volg te wysig:**

   **Ou bewoording**
   **Akte van demissie: Emeritaat of met die oog op verdere studie of op grond van Kerkorde art 12.7.3**

   **Nuwe bewoording**
   **Akte van demissie: Emeritaat of met die oog op verdere studie of op grond van Kerkorde art 12.7.3, by verstryking van termyn.**

**2. keur Vorm 8, Akte van demissie: Emeritaat of met die oog op verdere studie of op grond van Kerkorde art 12.7.3, by verstryking van termyn (*Bylae 4*) goed**

**GOEDGEKEUR**

**17.3 Bepaling 53**

Sien ***Verslag diens en getuienis, punt 9: Bepaling 53***, bladsy 168.

**AANBEVELING**

**Die sinode besluit dat**

**1. bepaling 53 verval**

~~**53.1 Elke gemeente behartig sending in ooreenstemming met die Skrif, die Formuliere van Enigheid en die toepaslike artikel van die *Kerkorde*, as 'n omvattende Woordbediening binne sy grense. Dit geskied langs die kanale van aanbidding, verkondiging, gemeenskap en diens.**~~

~~**53.2 Die uitstuur van sendelinge en ander sendingwerkkragte geskied deur die plaaslike gemeente, met of sonder die medewerking van ander gemeentes. Hierdie uitsending moet in oorleg met en advies van die ring en die sinodale kommissie vir diens en getuienis wees en is onderhewig aan die vereistes van die Kerkorde en ter saaklike besluite van die sinode en die algemene sinode. Sendelinge en sending-werkkragte is in hulle arbeid gebonde aan die Skrif en die Formuliere van Enigheid.**~~

~~**53.3 Elke gemeente behartig saam met al die ander gemeentes ook in breër verband die Binnelandse, die Buitelandse, en die Wêreldsending, met of sonder die samewerking van ander kerke en of sending-organisasies, soos dit gereël word in onderlinge ooreenkomste. Hierdie sendingwerk geskied in oorleg met en advies van die sinodale kommissie vir diens en getuienis.**~~

~~**53.4 Waar gemeentes ten behoewe van en in samewerking met gemeentes uit die NG Kerkfamilie binne die Noord-Kaap werk, behoort daar ter wille van koördinering en effektiewe bediening gesamentlike sendingstrukture gevorm te word. Hierdie sendingstrukture word deur die onderskeie ringe goedgekeur, in oorleg met die sinodale kommissie vir diens en getuienis.**~~

~~**53.5 Die sinodale kommissie vir diens en getuienis dien amptelik as die kerklike skakelliggaam tussen die plaaslike gemeente(s) en die samewerkende kerke of die sending-organisasies. Alle ooreenkomste met kerke en of organisasies word in oorleg met die sinodale kommissie vir diens en getuienis opgestel en deur die ring of sinode goedgekeur.**~~

~~**53.6 Elke kerkraad, ring en sinode sien toe dat die sendingopdrag op 'n gestruktureerde wyse die nodige aandag kry, bv. deur 'n kommissie te benoem of 'n diensgroep te vorm.**~~

**GOEDGEKEUR**

## 18. FINANSIERING VAN TUG- EN APPÈLSAKE

Sien ***Verslag van die sinodale kommissie vir hulpdienste, punt* 20: *Finansiering van tug- en appèlsake*** <u>asook</u> ***punt 21: Reglemente van fondse van die sinode in Noord-Kaapland***, bladsy 183-184.

**KENNIS GENEEM**

## 19. AFVAARDIGING NA DIE ALGEMENE SINODE

**AANBEVELING**

**Die sinode besin oor afvaardiging na die algemene sinode.**

**KENNIS GENEEM**

## 20. NUWE UITGAWE VAN DIE KERKORDE, REGLEMENTE, BESLUITE EN AANTEKENINGE VIR GEBRUIK IN DIE NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND

<u>Sinode Noord-Kaapland 2014</u>

*Die sinode het besluit*

*na die verskyning van elke nuwe kerkorde van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland sal een kopie op rekening van die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland aan elke kerkkantoor versend word.*

**KENNIS GENEEM**

## 21. SAMESTELLING SINODALE KERKORDEKOMMISSIE

**AANBEVELING**

**Die sinode besluit om**

**1. 'n sinodale kerkordekommissie saamgestel word soos voorgeskryf in die huishoudelike bepalings van die sinodale kerkordekommissie.**

**GOEDGEKEUR**

## 22. SLOT

**KENNIS GENEEM**

Die volgende **AANBEVELING** uit die Verslag van die sinodale kommissie vir diens en getuinis het oorgestaan (Kyk na bladsy 241)

**Die sinode**

**1. neem kennis van die besinning en werk van taakspan ekologie en gee verdere opdragte aan die sinodale kommissie vir diens en getuienis.**

**VERWERP**

***VOORSTEL***

***Die sinode neem kennis van die besinning en werk van die taakspan ekologie en versoek dat die taakspan sal voortgaan om inligting in te samel, te besin en die NG Kerk in Noord-Kaapland te verteenwoordig ten opsigte van sake wat ekologie en grondhervorming in ons gebied raak en die nodige inligting aan ringe deur te gee, met verslag aan die volgende sinode.***

VOORSTELLER: FP Avenant
SEKONDANT: IM Kluge
**GOEDGEKEUR**

Die ondervoorsitter stel aan die orde:

# EERSTE VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE SKRIFBESKOUING EN SKRIFGESAG

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,
U kommissie doen die volgende aanbevelings:

## 1. TERUGVOER TAFELGESPREKKE: SKRIFBESKOUING EN SKRIFGESAG

Tafel 1

Kan daar enige twyfel wees aan die Bybel?
Kan ons dit betwyfel?
Dit moet letterlik wees?
Ons moet konteks in ag neem!
Die Bybel se groot boodskap moet gesoek word, is dit redding of liefde.

Tafel 2

Skrifbeskouing – Die Bybel is die drade/grense waarbinne ons moet beweeg, Godgegewe.
Skrifgesag – Die gesag bly by God.

Tafel 3

Dit lyk vir my dat die algemene sinode ook wil hê dat ons die natuur in ag moet neem (Skrif en natuur).
"Skrif en natuur" – mense soek dalk 'n alternatief om 'n saak "reg te druk".
Fout lê by ons verstaan van die Bybel.
Wat is ons motiewe? Ons lees die Bybel deur die lens van ons eie motiewe.
Ons standpunte is te uiteenlopend omdat ons nog nie genoeg saam gesels het en saam die Bybel gelees het nie.
Def. Bybel? – Is die Bybel God se Woord aan die mens of is dit die mens se woord oor God?
Letterlike beskouing – Bybel is God se Woord. Skrif alleen.
Bybel woorde oor God – Skrif en natuur.
Vandag 2015 staan ons (dink ons) by Skrif en natuur.

Tafel 4

Aanbeveling 1 is aanvaarde pad van ontwikkeling van teologie in die NG Kerk.
Aanbeveling 2 gaan op baie onbillike wyse om met die dokumente van AKLAS (2015).
Dis nie "standpunte" soos TKLAS verkeerdelik ons mee probeer mislei nie.
Inagneming van ander teorieë en sieninge is werklik nie die bedryf van natuurlike teologie nie.
Die semantiek soos deur TKLAS gebruik is totaal in stryd met die Gees en bedoeling van die algemene sinode – die bedoeling van "KLAARBLYKLIK" was dat dit "SKYNBAAR" so is dat ons nie noodwendig met die eerste oogopslag die teks korrek lees met betrekking tot byvoorbeeld homoseksualiteit nie.
Die rol van goeie teologie en prediking is juis om die skrif uit te lê vir gelowiges, anders is nog teoloë, nog predikante meer nodig nie.
Die tafelgesprek was eenstemmig daaroor dat die stroming in die verslag erg onbillik is teenoor die algemene sinode se gees en bedoeling. Die algemene sinode wou hê dat TKLAS se voorleggings deur ons bespreek moes word.
TKLAS het ons nie daarin gelei nie maar bloot teenoor als stelling ingeneem

Tafel 5

Dis baie moeilik!
Die Skrif het die primêre gesag, tog beïnvloed die natuur my mening.
Fundamentalisme kan glad nie!
Ons lees oor die Skrif alleen maar onthou ook die Here Jesus se woorde: "Ek veroordeel jou nie, maar sondig nie verder nie".
Die natuur moet betrokke raak in besluite en menings. Wanneer die natuur betrokke raak, raak die vrae meer en moeiliker.

Tafel 6

Geen

Tafel 7

Skrifbeskouing – Is die Bybel die Woord van God of mense se woorde oor God.
Skrifgesag – Bybel het gesag omdat dit die Woord van God is.
Hermeneutiek – Die boodskap word deur God bepaal. Die konteks bepaal nie die boodskap nie.
Eksegese – Ek moet die Woord nederig, onbevange en kinderlik lees en leef.

Tafel 8

Skrifbeskouing = God se wil vir die mensdom
Skrifgesag = God se Woord
Hermeneutiek = Ek verstaan wat ek lees i.t.v.
God se riglyne in liefde oopmaak deur Sy Heilige Gees
Eksegese: (a) Wat is boodskap en vir wie is dit geskryf (b) Wat sê God vir my vandag o.l.v. die Heilige Gees?

Tafel 9

Sinode/Dominees praat in te geleerde taal – moet praat dat lidmate verstaan.
Gesag van die Bybel is nie debatteerbaar nie, want dit is die Woord van God.
Dit wat in boek geskryf is, dra gesag: deur God geïnspireer.
Verantwoordelikheid van leraar om konteks van teks (agtergrond waarteen) aan gemeente te verduidelik.
Die Heilige Gees daar toe Woord geskryf is – daar as Woord gelees word. Sy leiding so belangrik by interpretasie!

Tafel 10

Die Bybel is baie belangrik omdat dit God se boek is.
God maak sy wil in die Bybel bekend.
Die Skrif neem die belangrikste plek in ons lewens in.
Bybel bring jou in aanraking met God.
Die Bybel is vir alle mense.

Tafel 11

The Bible is a true life giving book – its Holy, it is God's Word.
All the knowledge is already in the Bible, there is nothing new.
The Bible is the revelation of God to man – from the beginning even today.
Before TV people were prepare to go out and minister and to listen but today they sit at comfort in their homes and

watch TV BUT not only negative. Before people WHO could not read had no knowledge. Today they can see and hear on TV/Radio

Tafel 12

Skrifbeskouing vanuit jou agtergrond.
Die boek bly riglyn van God se wil.
Gesaghebbende boek.
Die verstaan van wat ek lees groei namate ons geloof groei.
Liefdesgebod deur die Bybel trek.

Tafel 13

Geïnspireerde woord van – skrywers geïnspireer.
Verstaan en glo soos geskryf is.
Konteks en tyd baie belangrik – van outeurs.
As jy die woord lees en die Gees lei jou, dan staan die liefdesgebod voorop.
Van tegnologies en wetenskap gebruik in vertolking en verstaan van Skrif.
Bybel in geheel is liefdesbief aan sy mense.

Tafel 14

Aanvaar en hou by 1986 & 2002.

Tafel 15

Die Bybel is gesagvol en sê vir ons hoe ons moet lewe.
Die Bybel is God se Woord in mensetaal en nie mensewoorde oor God nie.
Die Bybel is die objek en bepaal die subjek. Die subjek bepaal die objek nie.

Tafel 16

Skrifbeskouing: God se Woord, geïnspireer deur die Heilige Gees. Sy bedoeling is nie wetenskaplik nie wie oor die Heil/Heling van die mens.
Skrifgesag: Omdat dit God se Woord is, het dit gesag!

Tafel 17

Bybel het nie uit die lug geval nie – met respek gesê!
Fundamentalis – glo soos dit in die Bybel staan, onder die leiding van die Heilige Gees (Bybel is Heilige boek).
So gesagvol dat dit God se Woord is – so geïnspireerd onder die leiding van die Heilige Gees (sterk standpunt).
Wat is die Bybel nie? Nie wetenskap nie, nie geskiedenisboek nie, nie storieboek nie.
Gesagvolle getuienisse van mense oor die manier waarop hulle God beleef het.
Historiese konteks moet in ag geneem word van die Bybel.

Tafel 18

Skrifbeskouing: Elkeen moet vir homself besluit waar hy staan. Is die skrif God se woord? Of net nog ’n geskrif. Skrifbeskouing is die bril waardeur ons na die Skrif/Woord kyk. Ons beskou die Bybel as die onfeilbare Woord van God.
Skrifgesag: Skrifgesag moet nie gekoppel word aan menslike interpretasie. Is die hoogste gesag want dit is God se Woord.

Tafel 19

Wat is die Bybel? Woord van God – geskryf op sekere tyd, plek, omstandighede (Verstaan die konteks).
Praat oor die hele Bybel, die Bybel is nie tekste nie, maar ‘n boodskap.
Glo soos ’n kind – Dit wat staan moet geglo word.
Die sleutel tot skrif gesag is verantwoordelikheid – openheid, kennis.
Die vraag: Wat sê God of wat sê dit van God vir my is dit belangrik.
Absolute konsekwentheid is belangrik.

Tafel 20

Gesag van skrif nou meer nodig.
Die vertolking van die skrif bly ’n problematiese siening van persoon tot persoon.
Nie willekeurig wees nie.

Tafel 21

Geen

Tafel 22

Ons het grootgeword met die idee/feit – Skrif is die woord van God.
My omstandighede word die bril waarmee ek die Bybel lees.
Gesprek oor Skrifgesag maak ’n mensdom.
As ons sê die skrif is Woord van God dan is ons mos nie veronderstel daarom anders te lees nie.
Ons bely die volkomenheid van die Skrif NGB.

Tafel 23

Wat in die Skrif staan, moet ons toets aan die res van die Skrif. Wat is die fokus daarvan?
Die gesag van die Skrif lê in homself. Die skrif kry gesag vir my lewe, vir my sou hier deur die werking van die Heilige Gees.
1 Joh. 4: 1 en 2.

Tafel 24

Ons kon nog altyd as ons iets wil weet of opklaar die Bybel gebruik as maatstaf. Kan meet aan die Bybel as grondslag.
Bybel is volledig vir alle tye wat ons nodig het nie.
Die fokus verskuif na die eie Ek toe as ander buite bronne bv. wetenskap en filosofie geraadpleeg word.
As ons nie saamstem nie, pas ons aan om ons eie idees te maak pas.

Tafel 25

Al is daar verskille moet dit altyd gemeet word teenoor bepalings – hoogste gesag die Bybel.
Om te sien dat nie afgedwaal word van die Bybel se bepalings nie. Verskillende interpretasies vergelyk word met bybelse gesag.

Tafel 26

Is konteks bepalende norm vir Skrifuitleg.
Waak teen fundamentalisme.

Tafel 27

100% deur mense geskryf, 100% deur God geïnspireer.
Bybel is nr. 1 daar om ons op die spoor van God te kom. Iets van God in Bybel ontdek.
Gesag van Bybel kom deur leiding van die Gees.
Konteks, literatuur, histories, bedoeling moet die Bybel gelees word. Vier elemente moet in ag geneem word.
Baie mense lees die Bybel sodat dit ons standpunte pas en nie altyd om die Here se wil te hoor nie.

Tafel 28

Skrifbeskouing – Woord van God. Woord van God in mensetaal.
Skrifgesag – Bo wêreldse gesag.
Hermeneutiek – Laat toe dat Gees jou lei en hê begrip vir ander standpunte.
Eksegese – Wat is die boodskap vir die tyd... en dit huidige.

Tafel 29

Woord van God – Skrifgesag.
Onderskei hermeunetiek/eksegese.
God het die gesag. Wegtrek.
God openbaar Homself steeds in die tydsgees van die dag, deur die Heilige Gees.
Net soos God, Homself in die tyd wat die skryf van die Woord Homself openbaar het.

Tafel 30

Skrifbeskouing:

1. Woord/Bybel word beskou as Woord van God. Die Woord vind sy gesag by God alleen. Die Kerk onderwerp haar aan hierdie gesag.
2. Hoe beleef die gemeentelede die gesag van die Woord?
   2.1 Aanvaar lidmate in 2016 nog die gesag van die Woord?
   2.2 Word die Bybel nog gelees?
   2.3 Indien die Bybel nie gelees word nie, sal die lidmaat geen Skrifbeskouing hê nie.
   2.4 Lidmate volg dikwels feitlik blindelings die leiding van die kerk.
   2.5 Soms is erediens-ervaring belangriker in 2016 as leiding vanuit die Skrif aan die gemeente.
   2.6 Soms tree roekeloosheid en onverskilligheid in by lidmate
   2.8 Lees ek met ’n oop gemoed die Bybel of het ek ’n standpunt oor ’n saak en probeer die Bybel by my standpunt inpas?

Daarom

1. Lees die Skrif teen historiese agtergrond, in konteks en vergelyk skrif
2. Ons aanvaar die hele Skrif as die Woord van God.

3. Die persoonlike verhouding tussen God en mens is noodsaaklik in die aanvaarding van die gesag van die Woord

Tafel 31

Skrifbeskouing: Dit is die woord van God.
Skrifgesag: Dit is die vaste anker in die veranderende wêreld – die enigste konstant.
Waar staan die Kerk: Dit is duidelik dat deel van die Kerk afgedwaal het van skrif beskouing en skrif gesag.

Tafel 32

Oortyd het die spelreëls verander.
Probeer na mekaar (verskillende invalshoeke) luister
Die Bybel is God se Woord – dit kan nie verander nie. Die wêreld verander – die Kerk moet aanpas- maar nie ten koste van God se Woord.
Soek God se wil – 'n lang proses van gesprek is nodig – moenie te gou by besluite kom nie.
Skrifgesag lê nie in die boek op sigself – dit lê eerder in die perspektief van die leser onder leiding van die Heilige Gees
Skrif: # dooie dogma = lewende dokument.
Ons aanvaar skrif + wetenskap: Vraag? Wat is die "tipping point" wanneer etiese besluite geneem word.

Tafel 33

Ons aanvaar die Bybel as die Woord van God.
Die Bybel het gesag omdat die wil van die Allerhoogste daarin geopenbaar word.
Die ewige geestelike waarhede in die Bybel word deur die Heilige Gees aan die gelowige duidelik gemaak.
Daar is stylverskille. Die Psalms bv. gebruik beeldspraak. Dan moet die geestelike waarheid daarin gesoek word en die beeldspraak moet nie letterlik opgeneem word nie.
Die kernboodskap is oor ons verhouding met God en die verlossing deur Jesus Christus se dood aan die kruis.
Die Bybel gee baie praktiese riglyne vir verhoudings tussen mense en ons algemene daaglikse lewe.

U kommissie doen die volgende aanbevelings:

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**

1. **om die aanbevelings van die agenda van die sinodesitting van Noord-Kaapland 2016, punt 5.1.1 *Skrifbeskouing en Skrifgesag* en punt 5.1.2 *Hermeneutiek en Skrifuitleg* net so aan die sinode te stel, naamlik**
   1.1 **<u>Skrifbeskouing en Skrifgesag</u>**
   **Die sinode**
      a. **herbevestig sy verbintenis aan die besluit van die algemene sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg.**
      ***"1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring Skrifgebruik en Skrifgesag, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.***
      ***2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986, 1990 en 2002 hiermee saam gelees behoort te word." (Vgl.: Notule algemene sinode 2011, bladsy 91)***

   **GOEDGEKEUR**

      b. **aanvaar nie die nuwe standpunt oor hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag soos verwoord in die bylaes van die taakspan leer en aktuele sake wat voor die algemene sinode 2015 gedien het nie.**

**STAAN OOR** *(Kyk na bladsy 263)*

   1.2 **Hermeneutiek en Skrifuitleg**
   **Die sinode**
      a. **vereenselwig hom met die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake* van die algemene sinode van 1990 (*Bylae 7*).**
      b. **beredeneer die sake wat die sinode van Noord-Kaapland op sy tafel geplaas het (punt 5.2 tot punt 5.6) aan die hand van:**
         i. **Skrifbeskouing en Skrifgesag soos uiteengesit in punt 5.1.1 hierbo**
         ii. **en die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake.***
2. **om die terugvoer van die tafelgesprekke oor Skrifbeskouing en Skrifgesag na die taakspan leer en aktuele sake te verwys.**
3. **dat die volgende studiestukke van die algemene sinode vir die aandag van gemeentes en ringe beskikbaar is by:**
   **http://www.ngkerkas.co.za/wp-content/uploads/2013/04/Agenda-Algemene-Sinode-2015.pdf)**
   **en**
   **http://www.noordkaapland.co.za/amptelike-dokumente/**
   - ***Verkennende oriëntering vir die voorlegging van die huidige gesprek.***
   - ***Ons christelike geloof en die wetenskap.***
   - ***NGB art 12: God se troos vir Middeleeuse mense – en vir ons vandag: 'n alternatiewe lesing.***

**GOEDGEKEUR**

Dr. Gustav Claassen, die algemene sekretaris van die Nederduitse Gereformeerde Kerk word geleentheid gegun om 'n groeteboodskap aan die vergadering oor te dra.

Die voorsitter stel aan die orde:

# SEWENDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AANKONDIGINGS

Dr. JB Vos word geleentheid gebied om aankondigings te doen.

- Die tydelike kommissie vir kommissies vergader om 13:30 saam met die voorsitters

van die sinodale kommissies en voorsitters van die ringe.

- Die tydelike kommissie Gemeente en Gemeenskap vergader tydens teetyd saam met dr. JS Henning. Ds. S Nel is tydens teetyd beskikbaar vir navrae oor JONK en #Imagine by die "JONK muur".
- Oudl. A Enslin (Kimberley-Harmonie) vra om verskoon te word op 19 Oktober om 13:30- en vir res van die sitting a.g.v. mediese redes. Ds. WP Vermaak (Stella) en oudl. HJ Van Wyk (Stella) vra om verskoon te word op 19 Oktober om 13:30 en vir res van sitting.

Die vergadering **VERDAAG** vir tee.

## DERDE SITTINGSDAG

**19 OKTOBER 2016**

Tweede Sessie

Die volgende **AANBEVELING** uit die **Verslag van die Sinodale Kommissie vir Bedieningsondersteuning** het oorgestaan *(Kyk na bladsy 232)*

**AANBEVELING**

**Die sinode**

1. **besluit om die verslag *Selfdegeslagverhoudings* ter tafel te neem en keur dit goed.**
2. **besluit om onderstaande goed te keur en as 'n gravamen na die Algemene Sinode te stuur met die verslag *Selfdegeslagverhoudings* as motivering.**

**2.1 herbevestig sy verbintenis aan die besluit van die algemene sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg.**

> **"1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring Skrifgebruik en Skrifgesag, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.**
>
> **2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986 (getiteld *Skrifgebruik en Skrifgesag*), 1990 (*Skrifberoep in Etiese Sake*) en 2002 (*Gesag van die Skrif*) hiermee saam gelees behoort te word."**
>
> **(Vgl.: Notule algemene sinode 2011, bladsy 91)**

**2.2 wys die Algemene Sinode daarop dat die amptelike besluite van die Algemene Sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt van die Algemene Sinode is.**

**2.3 aanvaar nie die nuwe standpunte van die algemene taakspan leer en aktuele sake oor hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag soos verwoord in die bylaes van die taakspan leer en aktuele sake wat voor die algemene sinode 2015 gedien het nie.**

**2.4 versoek die Algemene Sinode om die motivering van die Sinode van Noord-Kaapland ter tafel te neem en te bespreek**

**2.5 aanvaar op grond van Skrif en Belydenis nie**

**2.5.1 punt 2.4 van die besluit van die Algemene Sinode 2015 oor selfdegeslagverhoudinge nie**

> ***2.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.***

**2.5.2 ook nie die laaste sin van punt 2.8 van die besluit van die Algemene Sinode 2015 oor selfdegeslagverhoudinge nie**

> ***In ooreenstemming met NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, d.w.s. die beste huidige menswetenskaplike bevindings.***

**aangesien dit afwyk van die amptelike standpunt van die Algemene Sinode oor Skrifbeskouing, Skrifgesag en hermeneutiek soos uiteengesit in ons motivering *Selfdegeslagverhoudings* (*Bylae 10*).**

**2.6 aanvaar op grond van die Kerkorde nie dat die Algemene Sinode as enigste beleidmakende sinode aan die een kant beleid vorm en aan die ander kant ook aan mindere vergaderings dieselfde reg gee wat luidens die Kerkorde nie in eerste instansie daar tuishoort nie.**

**Die sinode verwerp dus ook onderstaande:**

> ***2.6 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.***
>
> ***2.7 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in 'n gees van Christelike liefde te doen.***

**2.7 beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie maar dat inteendeel met respek in en liefde teenoor alle mense opgetree moet word**

**2.8 roep alle lidmate en ampsdraers op om persone met 'n homoseksuele**

**oriëntasie met pastorale sensitiwiteit en met die liefde van Christus te bedien**

**2.9 vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met 'n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie**

**2.10 herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou**

**2.11 herbevestig dat alle seksuele gedrag – waaronder alle vorme van homoseksuele gedrag – buite die huwelik teen die Woord van God ingaan**

**2.12 is oortuig dat die Woord van God 'n selibate lewenswyse verwag van alle ongetroude mense**

**2.13 enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, is 'n volwaardige lidmaat van Sy kerk en as sodanig het enige ongesensureerde lidmaat volle toegang tot al die ampte in die kerk.**

**STAAN OOR***(Kyk na bladsy 265-267)*

Die ondervoorsitter stel aan die orde:

## EERSTE VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE SKRIFBESKOUING EN SKRIFGESAG
**(Vervolg)**

Die volgende **AANBEVELING** uit die **Tydelike kommissie Skrifbeskouing en Skrifgesag** het oorgestaan *(Kyk na bladsy 261 en 263)*

**Die sinode**

**2. aanvaar nie die nuwe standpunt oor hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag soos verwoord in die bylaes van die taakspan leer en aktuele sake wat voor die algemene sinode 2015 gedien het nie.**

**VERWERP**

***VOORSTEL***
***Die sinode***

***1. het vrae en bedenkinge oor die alternatiewe standpunt – Skrifbeskouing en Hermeneutiek – en besluit dat ringe en gemeentes die dokumente bestudeer en terugvoer gee aan die taakspan leer en aktuele sake.***

***2 versoek die algemene sinode om ook om dieselfde redes weer hieroor te besin en met sinodes hieroor in gesprek te bly.***

VOORSTELLER: PG Otto
SEKONDANT: PL Louw
**GOEDGEKEUR**

Die ondervoorsitter stel aan die orde:

## EERSTE VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE SELFDEGESLAG-VERHOUDINGS

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,
U kommissie doen die volgende aanbevelings:

### 1. TERUGVOER TAFELGESPREKKE: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

Tafel 1
Sommige voel ernstig dit is sonde.
Ander voel dat ons wel gays kan aanvaar maar hulle moet weerhou van seksuele verhoudings.
Sommige voel dis deel van die mens se geskape seksualiteit wat onder dieselfde voorskrifte van die Bybel gestel moet word

Tafel 2
Gaan oor moraliteit binne die huwelik. Homoseksuele is immoreel, daarom noem hulle dit 'n burgerlike verbintenis
Gesprek aan tafel was oor dat Jesus sondaars gebruik.

Tafel 3
Gay debat is 'n randsaak – nie 'n kernsaak nie.
Luister na mens se verhale, dit bly sonde maar wie het nie sonde nie?
Pasop om selfdegeslagverhoudinge te verabsoluteer tot die doodsonde!
Gay wees en uitleef daar kom die onderskeiding.
Ons is almal sondaars. Hoekom word daar nou 'n onderskeid gemaak? Ons is ewe sondig.
Pad na heiligmaking? Waar trek ons die lyn?

Tafel 4
Ons tafel is onseker oor die Bybelse gebruik van homoseksualiteit. Die Bybelse verwysings na kultiese en samelewings gebruike asook na promiskue en wellustige sondige misbruike kan tog sekerlik nie van toepassing gemaak word op selfdegeslagverhoudings nie?
Daar is baie meer in die Skrif wat ons daartoe lei om met deernis mense in selfdegeslagverhoudings toe te laat

Tafel 5
Fundamentalisties kan ons vinnig sê "maar die Bybel sê so".
Maar die Bybel is nie so baie duidelik nie. As voorbeeld kan Paulus eerder goddelose godsdienstige wanpraktyke aanspreek.
Nêrens word vanuit die positiewe dieselfde geslag verhoudinge beredeneer nie.
As die Skrif nie alles sê nie, vra dan wat sal God wil hê. Hy soek gesonde gemeenskappe. (Morele gronde)
Bybel is duidelik oor die huwelik – een man en een vrou.

Tafel 6
Is dit 'n gesprek oor sonde? Sedelikheid? – Is dit nie sonde om gays uit te laat nie?
"Vir my is dit verkeerd omdat God man en vrou geskape het."
"Ons hanteer sulke mense met liefde".
Die tekste in die Skrif is nie presies van toepassing op homoseksualiteit soos ons mense dit vandag bespreek nie."
Ons keur nie losbandigheid goed nie.

Tafel 7
Stem saam met die liefdesgebod – in die manier hoe ons mekaar hanteer.
Maar die Bybel weeg swaarder as die argumente wat hul op die natuurwetenskappe beroep.
Bybel is duidelik oor die afwysing daarvan.

Tafel 8
Ons aanvaar die Skrif as Woord van God en dat dit gesaghebbend is vir ons lewe.
Ons aanvaar dat die daad van homoseksualiteit deur God afgewys word.

Ons aanvaar ook dat die liefde van God geld vir alle mense, veral ons as sondaars en dat Sy vergifnis beskikbaar is vir almal wat sy/haar sonde bely.
Soos met alkoholisme, pedofiele ens., en ander afwykende gedrag, aanvaar ons as kerk diesulkes maar keur die daad af.

Tafel 9
Kerkraad laat dikwels deur ds. lei, maar as self Woord lees klink dit nie reg nie.
Moet in liefde met hulle omgaan – kan nie hulle seksuele oortuiging aanvaar nie – is nie volgens Woord nie.
God haat sonde, maar het sondaar lief. As iemand op die terrein oortree – met hom opneem.
Ons moet baie sagter wees in antwoord aan mense in die situasie. Ons het nie altyd klinkklare antwoord daarop nie!
Moet die sake nie as teorie alleen hanteer nie – maar ook diep persoonlike aard daarvan verreken.

Tafel 10
Ons moet sê “So sê die Here”.
Ons mag nie sonde toelaat nie – Sonde is teen God.
Ons moet soek na God se wil vir ons lewe.
Ons moet die aarde vul deur kinders na te laat.
Homoseksuele kan nie kinders nalaat nie.

Tafel 11
The Bible is a dangerous book – It is not clear cut.

Tafel 12
Ons moet oop bly vir oortuiging uit die Woord

Tafel 13
Baie komplekse saak om te bespreek.

Tafel 14
Selfdegeslagverhouding se gesprek is ’n blessing vir kerk – gaan ons help om weer saam te besluit waarvoor ons staan en waarvoor NG staan!
Daar moet ’n plek wees vir God se kinders en moet in liefde ingenooi word.
Is selfdegeslagverhoudings sonde?
Moet kyk na die totale prentjie van huwelik en verhouding wat in Bybel beskryf word!
Is daar groot en klein sonde?

Tafel 15
Aanvaar die gay persoon en verwelkom hom, maar gaan nie sy/haar homoseksuele dade goedkeur nie.
Anders sal ander vorme van onsedelikheid/onsedelike dade ook goedgekeur moet word.
Huwelik kan nooit wees ’n verbintenis tussen mense van dieselfde geslag nie.

Tafel 16
Huwelike is ’n verbintenis tussen man en vrou.
Deernis en liefde is belangrik.
God se skeppingsbedoeling is nie selfdegeslagverhoudings nie.

Tafel 17
Verslae en inleidings tot gesprek is eensydig – dit maak tafelgesprekke baie moeilik!
Dit is nie net ‘n hermeneutiese vraagstuk nie!
Verstaan ons werklik wat met die huwelik bedoel word?
Gevaarlik om te sê ons kan met sekerheid sê – NGK was al verkeerd.
In terme van dogmatiek: sonde, gebrokenheid van die mens = stel ons dit alles gelyk? Of maak ons onderskeid?
Wat het geword van die nuwe verbond? (Jer.31)
Daar is ‘n verskil tussen homoseksualiteit en homoseksuele verhoudings?
Ons is nie net seksuele wesens nie, ons is verhoudingswesens! Ons wil behoort!
Ek verstaan nie altyd 100% homoseksuele verhoudings nie, moet homoseksuele mense dit uitleef om vervulde mense te kan wees?
Daar is goed in die skepping wat ons het, wat ons nooit gebruik.
Daar is nie groot en klein sondes nie.
Inklusiwiteit waarmee Jesus mense behandel.

Tafel 18
Baie seer en ongeluk tussen mense.
Ons het nie/ nog nie al die antwoorde
Begrip hê vir mekaar en ruimte vir mekaar se standpunte hê
Gays welkom in kerk – dit is nie waar oor die gesprek gaan nie.
Seën Kerk die verbintenisse? En Gay op preekstoel? Waaroor ons moet besluit.

Tafel 19
Dis nie nodig of teologies regverdigbaar om altyd antwoorde te hê nie. Ons moet bereid wees om te erken dat ons nie weet nie.
Ons is as sondaars gebore, nie sondaars omdat ons sonde doen nie.
Ons kan nie sê nie.
Dis maklik solank dit nie aan jou lyf raak nie.

Tafel 20
Pasop vir veroordeling!
Die liefdesgebod moet geld.
Verskillende interpretasie- Homoseksualiteit in Bybel en Gay vandag verskillend.
NG Kerk moet nou ‘n besluit neem.

Tafel 21
Geen

Tafel 22
Maak ons nie te ’n groot ophef oor die hele debat in die kerk nie.
Hierdie gesprek behoort nie op sinodale vlak nie.
Dit hoort op die tafels van gemeente en gemeenskap.
As hul die saak om die verkeerde kant begin.
Algemene Sinode.

Tafel 23
Rom 1
1 Tim 1 vers 8-11

Tafel 24
Gebruik Bybel as Skrifgesag as behoudend. Gebruik Bybel om selfdegeslagverhoudings te beoordeel.
Bybel gee grondslag op grond van Bybel stem ons saam of stem ons nie saam nie.
Liefde is belangrik, maar Liefde van God het ook teregwys. Oordeel daad en nie mens nie.

Tafel 25
Die Bybel stel onomwonde dat die skepsels van God geskape is as man en vrou.
Die liefde kan nie toegemaak word van die totale teologiese perspektief op die liefde wat gehoorsaamheid aan die gebooie van God insluit nie.
Wie God lief het, moet Hom gehoorsaam. Dit is die instandhouding van die huwelik as ’n eenheid tussen een man en een vrou alleen.

Tafel 26
Gen. 2: 27 – God skep man en vrou. Dis ’n skeppingsorde maar die liefde moet seëvier.

Tafel 27
Seksuele selfde geslag verhouding is verkeerde volgend een ouderling.
Selfde geslag verhoudings lê in die semantiek “huwelik” of “lewenslange liefdesverhouding”.
’n Lewenslange liefdesverhouding tussen gays en lesbiese mense beteken nie positiewe ding nie.
Die kerk is ’n plek vir sondaars!
Seksualiteit kan nie bely word nie. Dit is deel van menswees.
Ds. SL de Jager - Semantiek is nie ‘n probleem vir my. Selfdegeslag verhoudings moet altyd onder die liefdesgebod behandel en hanteer word.
Ek glo ook nie selfdegeslag verhoudings ressorteer onder die 7de gebod nie.

Tafel 28
Is mense van selfdegeslagverhoudings maar net so omdat hulle gekies het.
Grappies vir die saak het geweldige skade gedoen. Dit moet gestaak word.
Liefdeloosheid teenoor mense wat selfdegeslagverhoudings beoefen moet as ernstig gesien word.
Gemeentes sal spesifieke pogings aanwend om mense van selfdegeslagverhoudings te aanvaar.

Tafel 29
Besluit moet geneem word.
Dit is ons oortuiging en staan daar by.

Versoenende gesprek.
As die gesprek voortgaan
Professors groter / pro selfde geslag. Hoekom?
In NK gesprek met persone in dieselfde geslag verhoudinge.
Pastoraal praat nie wetties.
Neem besluit, oop besluit waar gesprek moontlik is.
Besluit moet God verheerlik.

Tafel 30

Tafel is dankbaar dat openlik oor selfdegeslag, verhoudings gepraat word.
Die tafel vind die aanbevelings van die kommissie op bl. 99 aanvaarbaar.
Die tafel bly by 'n huwelik as 'n verhouding tussen een man en een vrou in 'n verhouding voor die Here.

Tafel 31

Die Skrif sê seksuele houding met dieselfde geslag is sonde.
As ons mense regtig lief het, sal ons hulle waarsku teen die verkeerd wat hulle doen as 'n mens nie tot bekering kom nie is hy in die moeilikheid.
Die argument dat hulle so gebore is, kan nie gebruik word nie, want almal is in sonde gebore en moet tot bekering kom.

Tafel 32

Gesprek en eers gemeentes toegeneem voordat 'n besluit geneem is by die algemene sinode (Soos met artikel 1 gedoen is).
2015 algemene sinode – Swak leierskap
Swak hantering van vergadering!
DGV besluit moet geneem word.
Vir en teen stemme te na aanmekaar.
Vrees dat daar persone is op sy "Topbestuur" wat met geheime agendas die saak dryf.
Besluit het 2 x kampe tot gevolg. Dit verwoes verhoudinge in gemeentes, medeleierskappe, kerkrade asook met gay lidmate in gemeentes.
Ons weet nie hoe ons hieruit gaan kom nie.
Liefdesgebod motief, ook Jesus se bediening.
Baie gevaarlik " pandora boks" word oopgemaak.
Bv. duiwel bestaan nie. O.T. geld nie los pauliniese briewe a.g.v. sy antiek – Joodse sieninge
Al wat oorbly is : Liefde en Genade en Jesus se voorbeeld
Probleem: Al meer NGK dosente en leraars begin selfs die historiese Jesus bevraagteken
Gooi die Bybel weg!

Tafel 33

Geen

**AANBEVELING**
**Die sinode verwys die terugvoer van die tafelgesprekke oor selfdegeslagverhoudings na die taakspan leer en aktuele sake.**
**GOEDGEKEUR**

## 2. HOMOSEKSUALISME EN SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

Sien Agenda van die sinodesitting van Noord-Kaapland 2016, punt 5.4.2: Opdrag van die sinode: Homoseksualisme en Selfdegeslagverhoudings, aanbeveling punt 1 tot punt 2.13

Die volgende **AANBEVELINGS** uit die Verslag van die Taakspan Sinodebeplanning is verwys na die **Tydelike Kommissie vir Selfdegeslag-verhouding** *(Kyk na bladsy 227)*

*AANBEVELING*
*Die sinode besluit*
1. *Beskrywingspunt 1: Standpunt oor die algemene sinode se besluit oor selfdegeslagverhoudings – Ned. Geref. Kerk Orania (Bylae 4) word verwys na die tydelike kommissie vir selfdegeslagverhoudings.*
2. *Beskrywingspunt 2: Selfdegeslagverhoudinge – ring van Griekwastad (Bylae 5) word verwys na die tydelike kommissie vir selfdegeslagverhoudings.*

Die tydelike kommissie selfdegeslagverhoudings vra dat die sinode **KENNIS SAL NEEM** van **Beskrywingspunte 1 en 2** asook die **Skrywes, Verslae en Inligtingstukke** op **bladsye 94 tot 112 van die Agenda**. Hierdie inligting kan met vrug in gemeentes gebruik word.

Die tydelike kommissie selfdegeslagverhoudings betreur die feit dat die debat oor Selfdegeslagverhoudings op soms onverkwiklike wyse in die openbaar gevoer word, dikwels op 'n wyse wat die kerk van Jesus Christus nie waardig is nie. In plaas van vrede en versoening, dra die huidige gesprek die potensiaal van voortgesette twis. Dit is onseker hoe die saak op die algemene sinode se agenda gekom het, aangesien dit baie beter binne 'n liefdevolle pastorale omgewing, soos in gemeentes, hanteer kon word.

Die tydelike kommissie selfdegeslagverhoudings betreur ook die feit dat ons, met respek en in liefde, van die besluite van die algemene sinode en die hantering van die saak moet verskil.

**AANBEVELING**
**Die sinode verwerp die aanbeveling by punt 5.4.2: Opdrag van die sinode: Homoseksualisme en Selfdegeslagver-houdings, punt 1 tot punt 2.13. (Agenda bl. 29, 30)**
**GOEDGEKEUR**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat die volgende voorstel die besluit word van die vergadering:**

**Die sinode**
1. **besluit om die verslag "Selfdegeslagverhoudings" ter tafel te neem.**

**GOEDGEKEUR**

2. **besluit om die algemene sinode te versoek om kennis te neem van die verslag en motivering hieroor deur die sinode in Noord-Kaapland.**

**Die sinode**
3. **herbevestig sy verbintenis aan die besluit van die algemene sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg.**
   ***"1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring Skrifgebruik en Skrifgesag,***

***soos aanvaar by die Sinode van 2004, as ’n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.***
***2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir ’n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986 (getiteld Skrifgebruik en Skrifgesag), 1990 (Skrifberoep in Etiese Sake) en 2002 (Gesag van die Skrif) hiermee saam gelees behoort te word.”***
***(Vgl.: Notule algemene sinode 2011, bladsy 91)***

**4. wys die algemene sinode daarop dat die amptelike besluite van die algemene sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt van die algemene sinode is.**

**Die sinode**

**5. aanvaar nie die nuwe standpunte van die algemene taakspan leer en aktuele sake oor hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag soos verwoord in die bylaes van die taakspan leer en aktuele sake wat voor die algemene sinode 2015 gedien het nie.**

***VOORSTEL***
***Die sinode verwys punte 3, 4 en 5 terug na die tydelike kommissie selfdegeslagverhoudings vir herformulering in die lig van die sinode se besluite oor Skrifgesag en Skrifbeskouing.***
VOORSTELLER: G Duursema
SEKONDANT: PL Louw
**GOEDGEKEUR**

***VOORSTEL***

1. ***Die sinode bely dat ons altyd soekend moet bly na die waarheid van die evangelie.***
2. ***Ons bely dat ons as feilbare mense dikwels sukkel om hierdie waarheid te hoor tussen die veelvuldige stemme waarmee ons gekonfronteer word.***
3. ***Ons bely dat daar lede van ons sinode is wat diep oortuig is van hulle standpunte, maar dat ons as sinode nie die antwoord het op die kwessie van selfdegeslagverhoudings nie. Dit beteken dat die kerk die verantwoordelikheid het om saam soekend te bly. Hierdie soeke moet met ’n gees van luister, sensitiwiteit, smeking, dringendheid en verantwoordelikheid benader word, wagtend op die leiding van die Heilige Gees.***
4. ***Die sinode bely dat die kerk die plek is waar almal omarm en waar die genade van Christus saam ontdek word.***
5. ***Die sinode pleit by die algemene sinode om die saak met groot omsigtigheid te hanteer en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees hulle nie oortuig het nie.***

VOORSTELLER: FD Hugo
SEKONDANT: JZ Joubert

Die Sinode **BESLUIT** dat bostaande **VOORSTEL**, na die **Tydelike Kommissie Selfdegeslagverhoudings** verwys word. *(Kyk na bladsy 281-283)*

Die voorsitter stel aan die orde:

# AGSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AANKONDIGINGS

Dr. JB Vos word geleentheid gebied om aankondigings te doen.

- Geen aankondigings

Die vergadering **VERDAAG** vir middagete.

# DERDE SITTINGSDAG
**19 OKTOBER 2016**
DERDE SESSIE

Die voorsitter stel aan die orde:

# EERSTE VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE SELFDEGESLAG-VERHOUDINGS
**(Vervolg)**

**Die sinode**

**6. aanvaar op grond van die Skrif en belydenis nie die volgende besluit van die algemene sinode 2015 nie, en versoek die algemene sinode om die besluit te herroep**

***“2.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.”***

**7. aanvaar nie die laaste sin van punt 2.8 van die besluit van die algemene sinode 2015 oor selfdegeslagverhoudinge nie, en versoek dat dit herroep word**

***“In ooreenstemming met NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, d.w.s. die beste huidige menswetenskaplike bevindings.”***

**aangesien dit afwyk van die amptelike standpunt van die algemene sinode oor Skrifbeskouing, Skrifgesag en hermeneutiek soos uiteengesit in ons motivering *Selfdegeslagverhoudings* (*Bylae 10*).**

8. **aanvaar op grond van die Kerkorde nie dat die algemene sinode as enigste beleidmakende sinode aan die een kant beleid vorm, en aan die ander kant ook aan mindere vergaderings dieselfde reg gee, wat luidens die Kerkorde nie in die eerste instansie daar tuishoort nie. Die sinode versoek dus dat die onderstaande ook herroep sal word:**

***"2.6 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.***
***2.7 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in 'n gees van Christelike liefde te doen."***

**Die sinode**

9. **beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar inteendeel, dat met respek en in liefde teenoor alle mense opgetree moet word.**
10. **roep alle lidmate en ampsdraers op om persone met 'n homoseksuele oriëntasie met pastorale sensitiwiteit en met die liefde van Christus te bedien.**
11. **vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met 'n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie.**
12. **herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou.**
13. **bevestig dat die gesin as normatiewe verhouding in 'n Christelike gemeenskap beskou word.**
14. **is oortuig dat**

**14.1 die Woord van God 'n selibate lewenswyse verwag van alle ongetroude mense.**

**14.2 enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, 'n volwaardige lidmaat van Sy kerk is en as sodanig as ongesensureerde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk.**

15. **Die sinode keur bostaande goed en stuur dit as 'n gravamen aan die algemene sinode, met die verslag "Selfdegeslagverhoudings" as motivering.**

Die Sinode **BESLUIT** dat alle aanbevelings in die **Eerste Verslag van die Tydelike Kommissie Selfdegeslagverhoudings** wat nog nie goedgekeur is nie of oorstaan, asook **voorstelle** oor die saak wat nog nie goedgekeur is nie na die kommissie verwys word. *(Kyk na bladsy 282-283)*

Die voorsitter stel aan die orde:

## NEGENDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AANKONDIGINGS

Dr. JB Vos word geleentheid gebied om aankondigings te doen.

- Ds. AC de Villiers het 'n vraelys oor die leraar se afdag (sien Agenda bladsy 146) aan elke afgevaardigde beskikbaar gestel – dit moet vandag nog ingehandig word.
- Ds. K O'Callaghan (Postmasburg) vra toestemming om verskoon te word op 19 Oktober vanaf 14:00 tot 16:00.
- Oudl. CJ Thomas (Hopetown) vra toestemming om verskoon te word op 19 Oktober vanaf 16:00 tot 20 Oktober 12:00.
- Ds. RG Janse van Vuuren (Brandvlei) en oudl. HLHC Louw (Brandvlei) vra toestemming om verskoon te word op 19 Oktober vanaf 16:00 tot 18:00.
- Oudl JG Potgieter (Petrusville) vra toestemming om verskoon te word op 19 Oktober vanaf 16:00 tot 17:00.
- Ds. P-R du Toit (Diamantveld) vra toestemming om verskoon te word op 20 Oktober vir die hele sitting (begrafnis).

Die vergadering **VERDAAG** vir tee.

## DERDE SITTINGSDAG
**19 OKTOBER 2016**
VIERDE SESSIE

***VOORSTEL***
***Die sinode besluit om elke 4 jaar te vergader***
***<u>Motivering</u>***

- ***Die sinodale kommissies is ringsgewys saamgestel. Indien daar 'n dringende saak is waaraan gemeentes aandag moet gee, kan dit via die ringsverteenwoordiger na die ring geneem word. Hulle kan dan aan die sinodale kommissies terugvoer gee wat dan besluit hoe die saak verder hanteer kan word. Ons het 'n koördinerings gesprek waar al die sinodale kommissies teenwoordig is en indien nodig kan 'n sinodale kommissie die***

***saak op die vergadering se agenda plaas.***

- ***Dit gaan aan kommissies meer tyd gee om deeglik uitvoering aan hulle opdragte te gee.***
- ***Laastens gaan dit ook 'n besparing op ons sinodale uitgawes teweegbring wat vir projekte aangewend kan word.***

VOORSTELLER: AC Swanepoel
SEKONDANT: IM Kluge

Die Sinode **BESLUIT** dat bogenoemde voorstel na die **Tydelike Kommissie vir Algemene Sake** verwys word. *(Kyk na bladsy 280)*

***VOORSTEL***

1. ***Die sinode besluit dat surplusfondse aan die einde van 'n finansiële jaar nie aan gemeentes terugbetaal word nie.***
2. ***'n Missionêre projekfonds word gestig. Surplusfondse word na die fonds oorgedra.***
3. ***Die doel van die fonds is om ringe en gemeentes te help om in die lig van die belang van missionêre transformasie projekte in rings- en gemeente verband te begin of bestaande projekte te ondersteun.***
4. ***Die sinodale kommissie vir hulpdienste (SKHD) moet in samewerking met die sinodale kommissie vir bedienings-ondersteuning (SKBO) en sinodale kommissie vir diens en getuienis (SKDG) en die sinodale kerkordekommissie (SKOK) 'n reglement vir die fonds opstel met volmag om dit te implementeer met verslag aan die volgende sinode.***

***<u>Motivering:</u>***

- ***Die surplusfondse kan die gemeentes en ringe help om in hulle gemeenskappe die koninkryk te dien.***
- ***Die volmag is belangrik aangesien ons nie kan wag tot die volgende sinode nie.***

VOORSTELLER: AC Swanepoel
SEKONDANT: IM Kluge

Die Sinode **BESLUIT** dat bogenoemde voorstel na die **Tydelike Kommissie vir Algemene Sake** verwys word. *(Kyk na bladsy 280)*

***VOORSTEL***

***Die sinode besluit om aan die sinodale kerkordekommissie (SKOK) opdrag te gee om die algemene taakspan kerkverband te bedien met die beskrywingspunt (Kyk Agenda en Handelinge Buitengewone Sinodesitting Noord-Kaapland 2007, bladsy 109-110,*** **Beskrywingspunt 6)** ***van die sinode in Noord-Kaapland wat op op 7-9 Mei 2007 plaasgevind het.***

VOORSTELLER: GJ Duursema
SEKONDANT: FD Hugo
**GOEDGEKEUR**

Die voorsitter stel aan die orde:

## LAATVERSLAG VERTEENWOORDIGER VAN DIE NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND BY DIE ALGEMENE TAAKSPAN: SEISOEN VAN MENSWAARDIGHEID

**AANBEVELING**

1. **Die sinode in Noord-Kaapland neem kennis van die werk van die algemene taakspan: seisoen van menswaardigheid en die verskeie produkte wat hulle bekendstel**
2. **Die sinode in Noord-Kaapland besluit dat gemeentes en predikante moet deel neem aan die seisoen van menswaardigheid en dat hulle op hoogte moet bly van nuwe ontwikkelinge deur middel van die webtuiste en ander hulpbronne.**
3. **Die sinode in Noord-Kaapland besluit dat elke afgevaardigde 'n DVD sal ontvang met die video's van die teologiese onderbou van die konsep van menswaardigheid daarop.**
4. **Die sinode in Noord-Kaapland neem kennis van die verskeie wyses waarop mense se waardigheid aangetas word. Die sinode in Noord-Kaapland besluit om hulle self toe te wy om as sinode die waardigheid van alle mense te erken en te beskerm soos aan ons opgedra deur die Here Jesus self in die woorde dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself.**
5. **Die sinode in Noord-Kaapland besluit dat daar 'n sinodale taakspan geskep word vir die seisoen van menswaardigheid wat deel vorm van die sinodale kommissie vir diens en getuienis.**

**GOEDGEKEUR**

Die voorsitter stel aan die orde:

## VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING
**(vervolg)**

Die volgende **AANBEVELING** uit die **Verslag van die Sinodale Kommissie vir Bedieningsondersteuning** het oorgestaan *(Kyk na bladsy 231)*

**5.2 Bediening van bevryding**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit om**

1. **sy formulering van 2011 te handhaaf, naamlik**
   **"Die sinode is bewus van die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassings van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Om die werklike en wesenlik persoonlike aard van die duiwel te aanvaar, sonder om daardeur die boosheid in die mens self, in owerhede, strukture, magte ensovoorts te ontken, is die Bybelse posisie en word ook so in die belydenisskrifte voorgehou en deur die NG Kerk aanvaar."**
2. **om opnuut onderstaande as <u>beskrywingspunt</u> aan die algemene sinode te stuur:**
   **Die sinode besluit dat die bestaande formulering (Sien Handelinge Algemene Sinode, punt 18 Bediening van bevryding, A.10 Leer en Aktuele Sake, Bylaag 2, bladsy 187, punt 14) wat as volg lui:**
   **"Die algemene sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassings van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer."**
   **gewysig word om te lees:**
   **"Die algemene sinode is bewus van die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassings van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Om die werklike en wesenlik persoonlike aard van die duiwel te aanvaar, sonder om daardeur die boosheid in die mens self, in owerhede, strukture, magte ensovoorts te ontken, is die Bybelse posisie en word ook so in die belydenisskrifte voorgehou en deur die NG Kerk aanvaar."**

**GOEDGEKEUR**

**5.3 Geloof en wetenskap**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit**

1. **dat die opdrag oor *Geloof en Wetenskap* aan taakspan leer en aktuele sake herhaal word weens die omvangryke en ingewikkelde aard van die saak, naamlik**
   **"*aan taakspan vir leer en aktuele sake (TLAS) opgedra word om by ontvangs van die hersiene uitgawe van die dokument "Geloof en Wetenskap", dit te evalueer en saam met die gespreksdokument van die algemene sinode se taakspan vir leer en aktuele sake (ASTLAS) aan gemeentes te versprei vir kommentaar.***

**GOEDGEKEUR**

**5.4 Homoseksualisme en Selfdegeslagverhoudings**

**5.4.1 Korrespondensie**
**KENNIS GENEEM**

**5.4.1.1 Ring van Upington**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit om te volstaan met die aanbeveling van die sinodale kerkordekommissie ten opsigte van die skrywe van die ring van Upington, naamlik om kennis te neem van die dokument *Ring van Upington – Selfdegeslagverhoudings* (*Bylae 8*).**
**GOEDGEKEUR**

**5.4.1.2 Ned. Geref. Kerk Vergelegen**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit om te volstaan met die aanbeveling van die taakspan leer en aktuele sake, naamlik dat al die sake wat die Ned. Geref. Kerk Vergelegen noem (*Bylae 9*) in die verslag van die taakspan leer en aktuele sake aan die sinode van 2016 aangespreek word.**
**GOEDGEKEUR**

**5.4.1.3 Ring van Griekwastad**

Sien ***Verslag taakspan sinodebeplanning, punt 3.18: Beskrywingspunte***, bladsy 4 en 15.
**KENNIS GENEEM**

**5.5 Seisoen van menswaardigheid**

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**

1. **kennis geneem word van die kritiese beoordeling van die dokument, Seisoen van Menswaardigheid (*Bylae 13*).**
2. **in 'n beskrywingspunt die algemene sinode versoek word om oor die begrip Menswaardigheid in die lig van Skrif en Belydenis van die kerk te herbesin. Die verslag, *Kritiese beoordeling van die dokument: Seisoen van Menswaardigheid*, word as motivering aangeheg.**

3. **opdrag gegee word aan die verteenwoordiger van die sinode in Noord-Kaapland wat op die taakspan seisoen van menswaardigheid van die algemene sinode dien, om terugvoer aan die sinode te gee.**

**GOEDGEKEUR**

### 5.6 Apostolicum

**AANBEVELING**
**Die sinode**

1. **om kennis te neem van die dokument *Die Apostoliese Geloofsbelydenis. 'n Eietydse Uitleg***
2. **herhaal die opdrag van 2014**
   ***1. ringe en gemeentes, soos versoek deur die algemene sinode, die dokument in behandeling neem en as 'n saak van dringendheid hulle kommentaar deurstuur aan die taakspan vir leer en aktuele sake (TLAS).***
   ***2. die taakspan vir leer en aktuele sake (TLAS) met inagneming van die kommentaar 'n eie studie onderneem met verslag aan die volgende sinode.***

**GOEDGEKEUR**

### 5.7 Belydenis van Belhar

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**

1. **die volgende dokumente aan gemeentes beskikbaar gestel word:**
   - **WD Jonker - 1987 - Beoordeling van die Belhar-Belydenis**
   - **'n Teologiese beoordeling van die Belharbelydenis – Prof. SA Strauss**
   - **Belhar NGK Kroonstad Môrewag Beskrywingspunt**
2. **gemeentes versoek word om na aanleiding van punt 1 'n eie teologiese beoordeling van die Belydenis van Belhar te maak met terugvoer aan taakspan leer en aktuele sake – na aanleiding van sinode 2015 se besluit:**
   ***"Die sinode versoek elke kerkraad van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland om – met die betrokkenheid van die gemeente en aan die hand van die Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid – die Belharbelydenis te evalueer;"***

**GOEDGEKEUR**

Die voorsitter stel aan die orde:

## EERSTE VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR ALGEMENE SAKE

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,

U kommissie doen die volgende aanbevelings:

### 1. REFORMASIE 500 FEESVIERINGE 2017

Sien Agenda van die sinodesitting van Noord-Kaapland 2016, punt 5.8, bladsy 31.

*Aanbeveling*
*Die sinode besluit*

1. *dat 'n PowerPoint aanbieding oor die boomaanplanting van Noord-Kaapland in Lutherstadt Wittenberg (5-10 minute) tydens die sinode plaasvind.*
2. *dat 'n "partner-boom" tydens die sinode-sitting geplant word*
3. *dat by die sinode aanbeveel word dat by elke gemeente in 2017 'n "partner-boom" geplant word*
4. *kennis geneem word dat die algemene taakspan Reformasie 500, Vrygemaak, as tema gekies het.*
5. *om kennis te neem dat taakspan leer en aktuele sake aanbeveel dat die tema in Noord-Kaapland, Reformeer Weer, moet wees.*
6. *dat inligting van die algemene sinode se taakspan Reformasie 500 aan gemeentes beskikbaar gestel word sodra dit ontvang word.*

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat die aanbevelings soos deur die taakspan leer en aktuele sake voorgestel in punt 5.8, bladsy 31 van die agenda van die sinodesitting van Noord-Kaapland 2016 goedgekeur word, naamlik**
**Die sinode besluit**

1. **dat 'n PowerPoint aanbieding oor die boomaanplanting van Noord-Kaapland in Lutherstadt Wittenberg (5-10 minute) tydens die sinode plaasvind.**
2. **dat 'n "partner-boom" tydens die sinode-sitting geplant word**
3. **dat by die sinode aanbeveel word dat by elke gemeente in 2017 'n "partner-boom" geplant word**
4. **kennis geneem word dat die algemene taakspan Reformasie 500, *Vrygemaak*, as tema gekies het.**
5. **om kennis te neem dat taakspan leer en aktuele sake aanbeveel dat die tema in Noord-Kaapland, *Reformeer Weer*, moet wees.**
6. **dat inligting van die algemene sinode se taakspan Reformasie 500 aan gemeentes beskikbaar gestel word sodra dit ontvang word.**

**GOEDGEKEUR**

Die voorsitter stel aan die orde:

## AANBIEDING
## Die boomaanplanting van Noord-Kaapland in Lutherstadt Wittenberg

Ds. GJ Duursema gee 'n kort inleiding oor die boomaanplanting van Noord-Kaapland in Lutherstadt Wittenberg.

Ds. GJ Duursema het in die begin van 2016 Lutherstadt-Wittenberg besoek om inligting en materiaal vir die viering van Reformasie 500 in 2017 in te win. Tydens sy besoek het hy vir Hans-Wilhelm Kasch, direkteur van die Lutherischer Weltbund ontmoet. Hy was bly oor ds. Duursema se besoek– *die eerste* gereformeerde uit Afrika en het vir hom gevra: *Wil jy nie asseblief 'n boom in die Luthergarten plant nie?*

Werklik? 'n Boom vir die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland? 'n Eerste? 'n Boom vir Noord-Kaapland in Wittenberg, in Luther se tuin?

Hans-Wilhelm Kasch het allerhande detail oor Luther en die reformasie met ds. Duursema gedeel. Hulle het o.a. 'n seremonie by die Stadtkirche gehad waar Luther meer as 2,000 keer gepreek het. Op die spesifieke dag is die ontsetting van Auschwitz-Birkenau op 27 Januarie 1945 herdenk. Dit het voor die suid-westelik hoek van die Stadtkirche plaasgevind. Hoog teen die pilaar-kolom is 'n beeld van 'n varksog met Jode wat die sog omhels en soen (die sogenaamde *Judensau*). Verskriklik vernederend – 'n absolute gruwel. Die Latynse inskripsie lui: *Rabini Shem hamphoras*. Die frase is brabbeltaal, maar verwys na die Hebreeuse woorde "*Shem HaMephorash*," 'n term in mistieke Judaïsme vir een van die verborge name van God.

Op die sypaadjie is 'n beeldhouwerk van vier brons plate met iets soos modder wat tussendeur uitpeul. Dit roep die volksmoord van die Jode tydens Hitler se bewind in herinnering. Die "stof" wat deur die bronsplate opborrel verteenwoordig "die hoop" dat basiese menslikheid ten tye van uiterste boosheid sal opborrel en na vore sal kom.

Daar is gesing en 'n kort boodskap is gebring: *Ons onthou, maar ons het ook hoop vir die toekoms. Dié Toekoms*. Kransleggings het plaasgevind. Hulle het ook ook 'n wit klippie op die beeldhouwerk geplaas. Dis 'n simboliese handeling, 'n Joodse gebruik. Wanneer hulle die graf van 'n geliefde besoek, neem hulle 'n klippie en sit dit op die graf en neem 'n ander een van die graf huis-toe. Ds. Duursema is uitgenooi om saam met Hans-Wilhelm Kasch ook 'n klippie neer te lê. Ds. Duursema het Noord-Kaapland se wit-klippie saamgebring en dit word in die argief van die sinode bewaar.

Ds. Duursema se gewaarwording:

*"Ek vind iets van 'n ander simboliek in die hele gebeure: eers vernietiging, vernedering, walging. En dan 'n boom. Die simbool van lewe, groei, skoonheid, die paradys, die nuwe aarde. En 'n simbool van verkoppeling. Die boom se wortels sprei deur die aarde. Die Luthergarten is so uitgelê dat dit hierdie verspreiding uitbeeld. Só het die reformasie in Wittenberg begin en oor die hele wêreld uitgebrei."*

Besoek gerus http://www.luthergarten.de/welcome.html.

By "List of all trees" moet afgeblaai word na nommer 279 – Noord-Kaapland se boom en 'n skakel na foto's van die boomplanting.

Bybelvers tydens die geleentheid was Openbaring 2:7: *"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is."*

***VOORSTEL***

***Die boere van die Noord-Kaap wil die sinode en die algemene sinode van harte bedank vir hulle volgehoue voorbidding en ondersteuning tydens die moeilike toestande waaronder die boere gebuk gaan. Voorts wil ons die algemene sinode bedank vir konkrete hulp aan 'n klomp boere in die Noord-Kaap.***

VOORSTELLER: EZ Anthonissen
SEKONDANT A de Klerk
**GOEDGEKEUR**

Die voorsitter stel aan die orde:

# EERSTE VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE MISSIONALE TRANSFORMASIE

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,
U kommissie doen die volgende aanbevelings:

## 1. TERUGVOER TAFELGESPREKKE: MISSIONALE TRANSFORMASIE

### Vraag 1
### Wie is ons (die kerk) in die lig van hierdie teksgedeeltes? Anders gestel: wat sê Christus oor sy kerk se *identiteit* en *roeping*?

Tafel 1

Kerk is die hele gemeente (liggaam)
Kerk is daar om te funksioneer in die gemeenskap.
Elke lidmaat het hierdie roeping om mense aan God bekend te stel – vat hulle tot ontmoeting met God om so deel van God se koninkryk te wees.
Roeping en identiteit leef elke gelowige in enige omstandighede uit.
Die kerk is hulle wat Jesus volg en waar hulle gaan die boodskap (genees, bevry, voed, versorg, beskerm, opstaan) vir Jesus te leef en so saam met God die Koninkryk nader aan die wêreld te bring.

Tafel 2

Geen

Tafel 3

(a) Die kerk is elke gelowige wat bely Jesus is Here dus word almal gestuur.
Identiteit van die kerk. Almal wat glo is gestuurdes.
Roeping – Maak dissipels, doop hulle, leer hulle om te ontdek hulle is gestuurdes wat weer moet uitgaan en mense Jesus se dissipels maak.
Maar hoeveel van ons tyd, finansies ens. gaan egter hiervoor?
Wees gestuurdes – leef dit uit.
Bring van die koninkryk hier en nou!
Hierdie is 'n kernsaak
(b) Ja! Wees 'n gestuurde waar jy is.
Gaan nie oor geld betaal nie, gaan oor om daar waar jy leef en werk is jy 'n gestuurde.
Blokkies wat val:
Oorgawe, oorgee, aan en aan almal beweeg in dieselfde rigting.
Almal is betrokke, daar is energie as een sou wegval dan gaan die domino's nie aanhou val nie. Dus almal moet hulle roeping leef.
Waarheen moet gaan? Werk waar ons is.
"Word of mouth" – Woord en daad

Identiteit gee energie.
As ons nie meer daar is nie, gaan die gemeenskap ons mis? Hopelik Ja,.
Geen

Tafel 4
Geen

Tafel 5
Elke lidmaat is sendeling. Ek is sendeling 24/7. – Draers (ontvangers) van vrede.
Roeping – Ons het die Heilige Gees ontvang.
Gestuurd – Gaan maak dissipels - Die Gees is by ons, altyd.
Ons het baie geestelik volwasse geraak met die jare/in die loop van die jare.
Nou praat ons Evangelie by die rugby, klub, duiweklub ens.
Nou dra ons mekaar se laste. Ek probeer nie alles om 'n ander se plaas te koop nie – ons probeer eerder die persoon op die plaas hou. Of iemand help met 'n huis wat afgebrand het.
Nou help groter gemeentes kleiner gemeentes.
Ons kan nog meer ambassadeurs van Christus wees.

Tafel 6
Wie is ons (ID en roeping) Joh. 20:21-22, Matt. 28: 16-20
Hoe help Artikel 2 ons? NGK is deur God geroep om deel te neem aan die missie van God.
Vraag 1:
Gewone lidmate voel hulle is nie toegerus nie.
Doen dit in jou alledaagse lewe. Orals waar mense woon en leef.
Doen dit georganiseerd as kerk. Uitreike, gebruik die gawes van die lidmate, Kursus in gemeente aanbied.
Is net mens met gawes gestuur? Nee, alle lidmate leef liefde na ander.
Natuurlike teologie – Skrif en Natuur.
Geref. Teologie – skrif alleen.
Spesifieke en alg openbaring? Aanvullend en Bevestiging – Bybel en natuur is
Glo in die God van die Bybel, nie in die Bybel nie.
Kennis vermeerder.
Bybel # wetenskap handboek.
Moet onderskei wat ken van Bybelse.
Bybel = Biblioteek.

Tafel 7
Ons is almal gestuurdes, toegerus deur die Gees met 'n spesifieke taak en opdrag in 'n bepaalde konteks. Nie noodwendig net binne gemeentegrense nie.

Tafel 8
Identiteit – God is Hoof van die Kerk en ons is Sy geroepenes.
Roeping:
Eien die Heilige Gees vir jouself toe (ontvang)
Dra jou dissipelskap uit deur jou woord en daad en gedagtes.
Leef in Liefde en eensgesindheid en leef die vrugte van die Gees uit.

Tafel 9
Die "Gestuurdheid" in gemeentes nie sterk nie.
Die gemeentes se denke oor kerkwees is baie selfgerig- die denke ingesteldheid moet verander word – na buite gerig.
Ons lees nie gerigtheid van dit wat Jesus sê oor kerkwees raak nie. Julle is die sout (vir die aarde). Julle is die lig (vir die wêreld).

Tafel 10
Die Kerk se getuienis is baie belangrik.
Elke lidmaat moet 'n getuie wees.
Die kerk moet groei.

Tafel 11
We must take the message to the people. Are we doing it?
Is the congregation just for the members of the church or should they go out to people who are not yet members "Christians"
God sends and empower us. He gives us the Holy Spirit.
The church (individuals) must have a calling.
It includes our whole life.
Lead by example.

Tafel 12
Gemeentelede as gestuurdes optree.
Lidmate is die Kerk.
In jou algehele lewe kerk wees.

Tafel 13
Wie val onder sending?
Uitleef en verkondiging loop saam.
Besef gestuurdheid in daaglikse lewe teenoor elkeen wat my pad kruis.
Voorbeeld stel.
Boodskap dra, nie vir self hou nie.
Missionaal na binne en buite.

Tafel 14
Gemeente moet 'n verandering in die gemeenskap maak en wees.
Gemeente moet anders leef as wêreld.
Elke gelowige moet weet. Ek is gestuurde van Jesus Christus.
Elkeen moet leef in die plek waar hy/sy beweeg op so manier dat Jesus vereer word.
Ons moet ons self prys gee en God volg.
Missionale kerk lê op vlak van wees en nie van doen nie.
Ons moet in werk plek ook kerk wees en in huwelik en gesin en sosiaal.

Tafel 15
Identiteit
Ons is: Dissipels van die Here.
Mens wat die Here Jesus Christus ken en in 'n verhouding met Hom staan.
Mense wat Jesus deur geloof "gevat" het.
Roeping: Roeping kom van binne af vanuit verhouding met Jesus Christus.
Vanuit hierdie verhouding kom God se kinders in beweging.

Tafel 16
Ons is deel van God se gestuurdes – Sout en Lig.
Identiteit – Here se Gesant en Getuie
Roeping – Woord en Brood bedien.
Is dit moontlik vir 'n gemeente? Beslis moontlik. Langtermyn proses. Leierskap met pas aangee. Ek moet begin.

Tafel 17
Baie keer lê die klem op die gestuurdheid, die teks help ons om te verstaan dat daar 'n verskil is tussen dissipelskap en lidmaatskap.
Ons dink te ver = net hier om ons is net soveel nood(gemeenskap).
Ons leef in 'n veranderde omgewing- is dit dalk ons taak om hulle te gaan haal? (omarm).
Doop – NB. Inklusiewe ding, deel maak van die kerk, deel maak van die verband.
Veranderde wêreld is ook problematies –"barriers" moet aangespreek word wat ons verhoed om betrokke te raak.
Kerke word minder – lidmaatgetalle daal, maar daar is steeds mense in die dorp.
Hoekom neem lidmate nie self verantwoordelikheid vir geestelike versorging nie?
NG Kerk is gekondisioneer om vir onsself om te sien.

Tafel 18
Identiteit – mense wat in verhouding met Christus staan. Ons almal is gestuurdes en toegerus met en deur die Gees.
Roeping – Maak die mense dissipels. Leef die evangelie sodat almal Christus in my kan sien en na Christus keer. Leer die mense om alles te onderhou wat Jesus ons beveel het.
Prakties – Gesprekke tans in die Kerk oorskadu hierdie gesprek wat eintlik belangriker is as bv. selfdegeslagverhoudings of Belhar.
Hierdie is die kern van kerk wees.
Hoe dra ons God se liefde uit? Elkeen van ons is 'n domino – haal een uit en almal val nie om – elkeen van ons moet die stokkie aangee. Die Gees stuur ons na die wêreld. Dit kos een persoon om dit wat die Gees aan die gang gesit het in beweging te bring. Die wêreld moet iets by ons sien wat maak dat hulle dit ook wil hê.

Tafel 19
Ons is die gestuurdes.

Ons is gestuur na almal.
Eng siening dat sending vir "swartes" is.
Woord verkondiging, barmhartigheid, liefde.
Die kerk bestaan nie vir homself nie
Die kerk moet dissipels maak. Tyd, moeite en gemeenskap met mense.(verhoudings)
Die kerk is baie wyer as my gemeente.
In ons gestuurdheid groei ons.
Ons algemene roeping bly dieselfde, maar roeping is ten nouste aan konteks gebonde.
Mense weet nie hoe nie. Kerkrade het leiding nodig.
Die NG Kerk het in 'n gemaksone verval. Almal wag vir die predikant. Lidmate moet geleer word om dit wat hul van God ontvang het uit te leef.
Daar is heelwat struikelblokke in die pad van missionaliteit wat 'n weerstand opbou bv drankmisbruik. Kultuur verskille is ook 'n groot struikelblok.
Meer aandag moet aan noodverligting gegee word.

Tafel 20
Missionêre aksie is die primêre funksie van die Kerk.

Tafel 21
Die kerk is die enigste organisasie wat bestaan vir die voordeel van nie-lede.
Ons is gestuurdes van die Here.

Tafel 22
Kerk – lewendige verteenwoordiger van Christus
Missionaliteit lê by die huis. Dis waar ek moet begin.
Missionale transformasie maak my as gelowige se verantwoordelikheid om verteenwoordiger te wees baie groter.
Die kerk moet sy gemeenskap dien.
My voorbeeld en maniere van dinge doen, is my getuienis.
Gestuurdheid – naby en vêr. Ek hoef nie oorsee te gaan om 'n gestuurde van God te wees nie.
My gemeente KONTEKS gaan bepaal hoe MT grond gaan vat op eie bodem.
Sien behoefte raak en vat hande daarom aan te spreek.

Tafel 23
Die kerk is ons! 'n Gemeenskap van gelowiges.
Die kerk is nie die wêreld nie. Die kerk is eksklusief, maar die roeping van die kerk is inklusief, want dit sluit almal in.
Die ware kerk is die skape nie die bokke nie.
Die wat gered word, die wat glo, maar ook die wil van die Here doen, sal gered word.

Tafel 24
Ons roeping as kerk fokus op Jesus en ons verhouding met Hom waardeer ons op 'n Sondag deel in Sy Woord waardeur Hy dan ons bemoedig, toerus en mobiliseer vir ons persoonlike lewe. Bring hierdie persoonlike lewensfeer reg en roep die Here ons tot sending: sending as " sout" en "lig" binne ons daaglikse leefwêreld. Hierdie realiteit stel dan in staat om toegerus te wees vir die Groot Opdrag – sendingwerk as evangelisasie onder hulle wat nie binne 'n Christenwêreld lewe nie.
Ons identiteit is as liggaam van Jesus – om binne die gemeente mekaar opbou, bemoedig, onderrig en andersins bystaan as die familie van God.

Tafel 25
Ons die kerk is gestuurdes van God. Ons is dissipels en moet die werke van Here gaan doen en leef.
Dissipelmaking moet by die huis en kategese begin.
Die eerste roeping van die leraar en ouderling "om ander na Christus te lei" moet weer terugkom in die KO reglement.

Tafel 26
Die Kerk is verlengstuk van Christus
Kerk gee liefde, barmhartigheid en vrede deur diensbaarheid.
Geen

Tafel 27
Roeping – Woord verkondig in NG Kerk moeilik, want vergaderings onwettig sonder predikant. Ver dorpe het net een predikant, bemoeilik proses van die bestuur van die kerke as 'n predikant nie daar is nie.
Voel die ouderling het nie die opleiding van 'n predikant nie, daarom nie eie preke skryf nie.
Predikante speel te groot rol, daarom gemeentes nie selfstandig is nie.
Reëls is 'n riglyn – Kerkorde
Die Kerk is te afhanklik van sy amptenare
Ons moet die Woord verkondig, dit beteken nie net dominees moet preek nie.

Tafel 28
Wie is ons? Ek en Jy wat gehoor en oortuig is van die "Boodskap"
Gaan en Wees gestuurde
Identiteit – verhouding met Christus
Gestuur – eers terug na Christus, dan uit
Geen

Tafel 29
Geen

Tafel 30
Ons is God se gestuurdes. Die gelowige is 'n gestuurde en geroep om in God se skepping sy opdrag uit te voer.
Die kerk kan niks anders wees as 'n gestuurde kerk.
Om missionaal te wees.

Tafel 31
Dit is ons verantwoordelikheid om die Blye Evangelie uit te dra.
Dit sou goed wees as gemeentes aktief by praktiese sendingwerk betrokke raak.
Dit sal 'n wonderlike dag wees wanneer die sinode van Noord-Kaapland 'n sinodale sending projek sal aanpak waarby al die ringe betrokke sal wees.
Die leraars moet die leiding neem.

Tafel 32
Daar is nie nuwe bekeerlinge in die kerk nie (NG Kerk). Mooi teologie. Niks Struktuur.
Geen opvolg, gefokusde, gesistematiseerde sisteem en struktuur dissipelskapprogram.
Dus geen dissipelskap en dissipelmaking model.
Vraag na ons motiewe
Missionaal ter wille van nuwe bekeerlinge of missional ter wille van Kerkgroei, getalle groei ter wille van oorlewing?
Of missionaal om politiek korrek te wees?
Breë buite kerklike mense reageer baie negatief op die NG Kerk. Baie vooroordele. Baie kritiek. Mense se families en vriende het seergekry in die NG Kerk a.g.v. interne politiekery. Hierdie mense het baie skietgoed om vinger te wys na die NG Kerk.
Lidmate is deel van die Kerk net t.w.v. hulleself – verbruikersmentaliteit.
Missionaal – nie iets wat ons doen, iets wat ons is.

Tafel 33
Identiteit – Getuies van Jesus Christus.
Gestuurdes in die krag van die Heilige Gees
Lewe as verloste (verlos deur Jesus se dood aan die kruis)
Roeping – om die evangelie te verkondig aan alle nasies om dissipels te maak.
Algaande met ander woorde orals waar ek gaan is ek besig om dissipels te maak.

## Vraag 2
## Hoe help artikel 2 van die Kerkorde ons om ons identiteit en roeping beter te verstaan?

Tafel 1
Gemeente moet self die verantwoordelikheid neem om die besluite te neem oor aangeleenthede en kan riglyne ontvang oor hoe om besluite te implementeer.
Gemeente is die beste kenner van sy konteks en moet daarom ook gerespekteer word en die geleentheid gegee word om so te funksioneer.

Tafel 2
Geen

Tafel 3
Geen

Tafel 4
Geen

Tafel 5
Geen

Tafel 6
Geen

Tafel 7
Ons is nie God se vennoot wat deelneem aan sy opdrag nie. Ons is God se diensknegte wat sy opdragte moet uitvoer in 'n wêreld waarin God reeds met sy genadewerk besig is.
Tafel 8
Geen
Tafel 9
Ons glo dat gemeentes (en die Gees) vertrou kan word om self by God te hoor vir hulle eie omstandighede. Dit vra 'n openheid, gebed.
Prediking en lering speel 'n belangrike rol.
Geleenthede moet geskep word om betrokke te raak.
Tafel 10
Geen
Tafel 11
Geen
Tafel 12
Geen
Tafel 13
Geen
Tafel 14
Kerk model – Gemeentes moet funksioneer as 'n liggaam. Almal moet hulle deel doen.
God is herstellend en versoenend.
Tafel 15
Geen
Tafel 16
Geen
Tafel 17
'n Nuwe beweging om mense dissipels te maak, "kerk wees" lyk anders, doen anders.
Beweging = NB. Kerk is gestagneer, ons moet in beweging kom.
Met die eerste domino wat val is God aan die werk deur sy Heilige Gees. (pinkstergebeure)
Gemeentes praat nie hieroor nie, dit is nie prioriteit nie.
Lidmate betaal geboue en salarisse – dit is waar kerkwees stop.
Tafel 18
Geen
Tafel 19
Geen
Tafel 20
Missionêre aksie baie duur geword. Sukkel om self mas op te kom.
Tafel 21
God het die wêreld in die oog.
Tafel 22
Geen
Tafel 23
Dit is waar van die missie van die kerk, maar dit definieer nie die kerk nie.
Ek moet reageer op die liefde. Ek moet die sonde "neerlê"
Ek moet in geloof na die nagmaaltafel toe kom.
Die kerk sluit nie verdere optrede en dade in nie, keur dit af.
Tafel 24
As ons as lidmate " gesout" as "lig" en "sout" sodat ons andere lok om kerk toe te kom?
Die missie van God is dus om mense dissipels te maak deur bekering en 'n lewe toegewy aan Jesus.
Ons lewenswyse is kardinaal – dit is wat mense kerk toe lok na Jesus toe lok.
Missie van God is nie sosiale geregtigheid, sosiale aktivisme, politieke verhoudings en oud samelewingsaksies nie. Jesus het gewys na omgee vir die samelewing en samelewings probleme maar slegs as gevolg van 'n lewe wat aan Jesus toegewy is – wat die fokus op Jesus en nie die samelewing nie.
Tafel 25
Geen
Tafel 26
Geen
Tafel 27
Ons gesindheid moet 1ste God en kerk wees.
Tafel 28
Geen
Tafel 29
Geen
Tafel 30
Geen
Tafel 32
Geen
Tafel 32
Geen
Tafel 33
Geen

## 2. RAAMWERKDOKUMENT OOR DIE MISSIONALE AARD EN ROEPING VAN DIE NG KERK

*VOORSTEL*
*Die sinode keur die Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk (Bylae 2) goed as 'n beleidsdokument vir die gemeentes en sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland.*
VOORSTELLER: JJ Knoetze
SEKONDANT: IM Kluge

Die Sinode BESLUIT dat bogenoemde voorstel na die Tydelike Kommissie vir Missionale Transformasie verwys word.

U kommissie doen die volgende aanbevelings:

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit dat**

1. **gemeentes en ringe indringend moet besin oor missionale transformasie binne hulle eie konteks.**
2. **die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning 'n taakspan vir missionale transformasie moet benoem en dat die taakspan ringsgewys saamgestel word.**
3. **die taakspan vir missionale transformasie ringe en gemeentes moet bedien met leiding rondom die besinning en praktiese toepassing van missionale transformasie.**
4. **ringe en gemeentes die algemene sinode se missionale transformasie dokumente krities sal lees en voorstelle maak ten einde 'n eie sinodale beleidsdokument op te stel.**
5. **die taakspan vir missionale transformasie aandag moet gee aan die toerusting van dissipelskap omdat die sinode oortuig is dat missionale transformasie geënergeer word deur dissipelskap en nie los staan daarvan nie.**
6. **die taakspan vir missionale transformasie aan die volgende sinode so 'n beleidsdokument sal voorlê.**
7. **die taakspan vir missionale transformasie die tafelgesprekinsette (sinode 2016) sal inkorporeer by die missionale transformasie beleidsdokument sowel as in die**

**taakspan se begeleiding aan ringe en gemeentes.**
**GOEDGEKEUR**

Die voorsitter stel aan die orde:

# EERSTE VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE GEMEENTE EN GEMEENSKAP

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,
U kommissie doen soos volg verslag:

Die tafelgesprek "Die rol van die gemeente in Vroeë Kindontwikkeling- en gemeenskapsontwikkelingprojekte" kon vanweë die gebrek aan tyd nie in die aangewese tydsgleuf plaasvind nie. Die beplanning was dat na die waardevolle inligting gegee deur dr. Etienne van der Walt aangaande die ontwikkeling van die brein van die kind, bogenoemde tafelgesprek as "tweelinggesprek" na die eerste gesprek naamlik Missionale Transformasie moes plaasvind.

Vanuit die oortuiging dat Missonale Transformasie nie in die eerste plek iets is wat die mens moet doen nie, maar dit is wat die gelowige en dus die kerk is naamlik "gestuurdes van God, lei dit noodwendig tot die opvolg vraag: "hoe word my missionale identiteit of dan gestuurdheid deur God, my lewe in en saam met die skepping van die Heer – hier waar ek nou is? Dit is duidelik die kerk kan nie anders as om missionaal te wees nie!

Volgens 'n oudit deur die Department of Basic Education in 2000 gedoen, is gevind dat die oorgrote meerderheid, ongeveer 84%, van jong kinders tussen die ouderdomme geboorte tot 5 jaar, nie by 'n formele VKO-sentrum inskakel nie en van primêre versorgers vir vroeë kindontwikkeling afhanklik is (The Department of Education, 2000: 17). Alhoewel die syfer 'n nasionale syfer is, kan aanvaar word dat die grootste persentasie kinders in Noord-Kaapland nie by formele vroeë kindontwikkelinginisiatiewe inskakel nie. Wat Caritas Gemeenskapsfokus met Vroeë Kindontwikkelingsentrums as gemeenskapsontwikkelingsprojekte begin het, het saam met die taakspan diakonaat ontwikkel tot 'n proses van gemeenskapstigting – **"ons gemeenskappe"!** Dit gee gemeentes en gelowiges die geleentheid **om te wees waarvoor God ons geroep het naamlik die herstel van God se heerskappy in die wêreld, mens en natuur waaraan die kerk in al sy gestaltes moet deel hê.**

Vanuit 1) die oortuiging ten opsigte van die identiteit van die kerk, 2) met die inligting tot ons beskikking ten opsigte van die ontwikkeling van die brein van die kind en 3) kennis ten opsigte van die omvang van armoede en nood in die Sinodale gebied van die NG Kerk in Noord-Kaapland versoek die tydelike kommissie gemeente en gemeenskap die sinode om die volgende aanbevelings te oorweeg:

**AANBEVELING**
1. **Die sinode gee opdrag dat die moontlikheid ondersoek word deur die sinodale kommissie vir diens en getuienis en Caritas Gemeenskapsfokus om 'n video daar te stel wat die inligting verskaf ten opsigte van die ontwikkeling van die brein van die kind;**
2. **Gemeentes van die sinode deur die gebruikmaking van die video deur die sinodale kommissie vir diens en getuienis en Caritas Gemeenskapsfokus aangemoedig word om VKO sentrums in hul gemeenskappe te vestig;**
3. **Die sinode gee opdrag aan die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning (SKBO) en sinodale kommissie vir diens en getuienis (SKDG) om gesamentlik te besin oor die wenslikheid en praktiese uitvoerbaarheid om die twee kommissies op sinodale-, rings- en gemeentevlak as een kommissie te laat funksioneer;**
4. **Die sinode gee opdrag aan die sinodale kerkordekommissie (SKOK) om, indien die sinodale kommissie vir bedienings-ondersteuning (SKBO) en die sinodale kommissie vir diens en getuienis (SKDG) as een kommissie sou funksioneer, die Kerkordelike implikasies te hanteer;**
5. **Die sinode gee opdrag aan die sinodale kommissie vir diens en getuienis om verteenwoordigers van Caritas Gemeenskapsfokus in bogenoemde gesprek te betrek;**
6. **Die sinode gee opdrag aan die sinodale kommissie vir diens en getuienis om te begroot vir die voortsetting van die diakonale beweging (proses).**

**GOEDGEKEUR**

Die voorsitter stel aan die orde:

# NEGENDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AANKONDIGINGS

Dr. JB Vos word geleentheid gebied om aankondigings te doen.

- Ds. K O'Callaghan (Postmasburg) vra toestemming om verskoon te word op 20 Oktober vanaf 08:30 tot 10:00.

- Dr. AC Swanepoel (Kimberley-Harmonie) vra toestemming om verskoon te word op 20 Oktober vanaf 08:00 tot 12:00.
- Ds. IM Kluge versoek dat die Kommissie vir Selfdegeslagverhoudings na die dagsluiting vergader, alle belangstellendes is welkom.
- Die tydelike kommissie vir kommisssies vergader na dagsluiting op verhoog.
- Ds. JPL Mostert versoek dat alle uitstaande verslae van tydelike kommissies op 19 Oktober voor 22:00 per e-pos aan hom gestuur word.
- Die tydelike kommissie vir algemene sake vergader direk na die dagsluiting.

Die dagafsluiting is deur ds. PL (Phillip) Louw waargeneem. (Tema: *“Here, raak ons weer aan...!”*). Hy lees uit Filipense 1:9-10.

1. Wat het die Here vandag vir ons gesê? Wat het ons vir mekaar gesê?
2. Bid vir sake wat ons vandag bespreek het.

Die vergadering sing Lied 523

Die vergadering **VERDAAG** vir die dag.

# VIERDE SITTINGSDAG

**20 OKTOBER 2016**

EERSTE SESSIE

Die dagopening is deur ds. PL Louw waargeneem. (Tema: *“Here, stuur ons weer...!”*). Hy lees uit Johannes 20:21-22.

1. Wat beteken dit vir die kerk om deur die Here “gestuur” te wees?
2. Bid vir die sake wat vandag op ons agenda is.

Die vergadering sing Lied 528.

Die **Tweede Verslag Kommissie vir Kommissies** is na die kommissie vir kommissies terugverwys *(Kyk na bladsy 255-257)*

Die voorsitter stel aan die orde:

## TWEEDE VERSLAG KOMMISSIE VIR KOMMISSIES

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,
U kommissie doen die volgende aanbevelings:

## UITVOERENDE KOMITEES

### 1. SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Ds. DJ Muller |
| Ondervoorsitter | Ds. FJ Heymans |
| Skriba | Ds. N van Staden |

### 2. SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS EN GETUIENIS

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Ds. MJ Coetzer |
| Ondervoorsitter | Ds. PJ Theron |
| Skriba | Ds. DJ Scheepers |
| Addisionele lid | Ds. FA Fouché |
| Addisionele lid | Ds. GPM de Wet |

### 3. SINODALE KOMMISSIE VIR HULPDIENSTE

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Dr. AC Swanepoel |
| Ondervoorsitter | Ds. J Oosthuizen |
| Skriba | Ds. TE Smit |
| Addisionele lid | Oudl. JP Smit |
| Addisionele lid | Ds. LB de Villiers |
| Ampshalwe | Me. E Badenhorst |
| Ampshalwe | Ds. FD Hugo |
| Ampshalwe | Ds. JPL Mostert |

### 4. SINODALE KERKORDEKOMMISSIE

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Ds. GJ Duursema |
| Ondervoorsitter | Ds. SW Albertyn |
| Skriba | Ds. CR Scheepers |

## VERTEENWOORDIGERS

### 1. VERTEENWOORDIGERS SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING

**1.1 Algemene Kuratorium**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. PF Coetzee |
| Sekundus | Ds A Nel |

**1.2 Erediens en liturgie**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. PJ Conradie |
| Sekundus | Ds. DJ Muller |

**1.3 Gemeentebediening**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. PL Louw |
| Sekundus | Ds. DJ Muller |

**1.4 Gemeentedienste netwerk**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. DJ Muller |
| Sekundus | Ds. PF Coetzee |

**1.5 Jeug**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. S Nel |
| Sekundus | Ds. N van Staden |

**1.6 Leerstellinge en aktuele sake**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. PG Otto |
| Sekundus | Ds. GJ Duursema |

**1.7 Lidmaatbemagtiging**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. FJ Heymans |
| Sekundus | Oudl. EJvZ Greyling |

**1.8 Missionale Ekklesiologie**
Primarius Ds. PL Louw
Sekundus Ds. AH Scholtz

**1.9 Predikantesake**
Primarius Ds. AC de Villiers
Sekundus Ds. WP Vermaak

**1.10 Reformasie 500**
Primarius Ds. GJ Duursema
Sekundus Ds. SL de Jager

**1.11 Verteenwoordiger Kuratorium Pretoria**
Primarius Ds. PF Coetzee
Sekundus Ds. LB de Villiers

**1.12 Verteenwoordiger Kuratorium Stellenbosch**
Primarius Ds. AC de Villiers
Sekundus Ds. N van Staden

**1.13 Verteenwoordiger Kuratorium Vrystaat**
Primarius Ds. A Nel
Sekundus Dr. JS Henning

**1.14 Vrouelessenaar**
Primarius Me. R Viviers
Sekundus Me. LS Oosthuizen

**2. VERTEENWOORDIGERS SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS EN GETUIENIS**

**2.1 Bybelgenootskap**
Primarius Ds. GP Barnard
Sekundus leraar Ds. PL Gouws
Primarius lidmaat Mnr. S van der Linde
Sekundus lidmaat Me. CM du Preez

**2.2 Caritas Gemeenskapsfokus NPC**
Direkteur Ds. TE Smit
Alternatiewe Direkteur
Ds. K O'Callaghan

**2.3 Christelike afhanklikheidsdiens (CAD)**
Primarius Mnr. H Snyman
Sekundus Mnr. G le Roux

**2.4 GKEF (Gesamentlike Kommissie vir Evangeliebediening in Frankryk)**
Primarius Ds. P VDW Coetzer
Sekundus Ds. PJ Theron

**2.5 Grondhervorming**
Primarius Ds. IM Kluge
Sekundus Mnr. H Myburgh

**2.6 Kuratorium en eksamenkommissie NGKA**
Primarius Dr. JJ Knoetze
Sekundus Ds. FA Fouché

**2.7 Seisoen van menswaardigheid**
Primarius Ds. J Grobbelaar
Sekundus Ds. RJ Lourens

**2.8 Verenigde diensgroep vir diens en getuienis Phororo/Noord Kaapland (VDDGP/NK)**
Ds. FP Avenant
Dr. JJ Knoetze
Ds. FD Hugo

**3. VERTEENWOORDIGERS SINODALE KOMMISSIE VIR HULPDIENSTE**

**3.1 Algemene taakspan Fondse en Bates (AtFB)**
Primarius Dr. AC Swanepoel
Sekundus Ds. JPL Mostert (PSD)

**3.2 Amptenare pensioenfonds**
Primarius Ds. J Oosthuizen
Sekundus Me. E Badenhorst

**3.3 NGNK Tuistes NPC**
Die 6 lede van die uitvoerende komitee van die sinodale kommissie vir hulpdienste.
Dr. AC Swanepoel
Ds. J Oosthuizen
Ds. TE Smit
Oudl. JP Smit
Ds. LB de Villiers
Ds. C Jonck

**4. VERTEENWOORDIGER SINODALE KERKORDEKOMMISSIE**

**4.1 Algemene steunspan regte (ATR)**
Primarius Ds. GJ Duursema
Sekundus Ds. SW Albertyn

**4.2 Kerkverband**
Primarius Ds. GJ Duursema
Sekundus Ds. J Grobbelaar

**4.3 Tug en Dissipline (Reglement 18)**

**Carnarvon**
B Meintjes
D van Niekerk

**Deben**
K O'Callaghan
JJ van Zyl

**Griekwastad**
R Bode
L Hoffmann

**Hanover**
S van der Westhuizen
C Jonker

**Hopetown**
SW Albertyn
MC van Zyl

**Kenhardt**
PJL Blaauw

JIR van Niekerk

**Kimberley**
R Bode
L Hoffmann

**Mafikeng**
JJ Knoetze
S du Toit

**Reivilo**
CR Scheepers
PJ Theron
D van Zyl
D Viviers
J Fourie
J Pretorius
F Smit

**Upington**
C Wessels
N Carr
H Husselmann

**Warrenton**
J Oosthuizen
JA Swiegers

**5. KOÖRDINERINGSGESPREK / SINODEBEPLANNING / BEPLANNING & BEGROTING**

**SKBO**
Primarius Ds. DJ Muller
Sekundus Ds. FJ Heymans

**SKDG**
Primarius Ds MJ Coetzer
Sekundus Ds. PJ Theron

**SKHD**
Primarius Dr. AC Swanepoel
Sekundus Ds. J Oosthuizen

**SKOK**
Primarius Ds. GJ Duursema
Sekundus Ds. SW Albertyn

**Ring wat sinode reël wys twee lede aan**
(*moet nog aangewys word*)
**GOEDGEKEUR**

Die voorsitter stel aan die orde:

# DERDE VERSLAG KOMMISSIE VIR KOMMISSIES

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,
U kommissie doen die volgende aanbevelings:

**GROSLYS AFGEVAARDIGDES NA DIE ALGEMENE SINODE**

**1. PREDIKANTE**

1. Primarius Ds. J Oosthuizen *(Warrenton/SKHD)*
   Sekundus Ds. LB de Villiers *(Mafikeng/SKHD)*
2. Primarius Ds. PL Louw *(Upington/SKBO)*
   Sekundus Ds. AC de Villiers *(Deben/SKBO)*
3. Primarius Dr. JJ Knoetze *(Mafikeng/SKDG)*
   Sekundus Ds. FA Fouché *(Upington/SKDG)*
4. Primarius Ds. GJ Duursema *(Kimberley/SKOK)*
   Sekundus Ds. SW Albertyn *(Hopetown/SKOK)*
5. Primarius Ds. SW Albertyn *(Hopetown)*
6. Primarius Ds. PG Otto *(Griekwastad)*
7. Primarius Ds. GPM de Wet *(Hanover)*
8. Sekundus Ds. RJ Lourens *(Kenhardt)*
9. Primarius Ds. C Janse van Rensburg *(Carnarvon)*
10. Sekundus Ds. SJ Strydom *(Warrenton)*
11. Sekundus Ds. AH Scholtz *(Upington)*
12. Sekundus Ds. CR Scheepers *(Reivilo)*
13. Sekundus Ds. LB de Villiers *(Mafikeng)*
14. Sekundus Ds. FD Hugo *(Kimberley)*
15. Sekundus Ds. K O'Callaghan *(Deben)*

**2. KERKRAADSLEDE**

1. Oudl. N Loots Deben
2. Oudl. LSG Claassens Reivilo
3. Oudl. F Vorster Griekwastad
4. Oudl. EJ vZ Greyling Hanover
5. Oudl. FD Joubert Hopetown
6. Oudl. T Grobler Mafikeng
7. Oudl. JL Snyman Upington
8. Oudl. P Britz Kimberley
9. Oudl. HJ Lourens Warrenton

**GOEDGEKEUR**

Die voorsitter stel aan die orde:

# TWEEDE VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR ALGEMENE SAKE

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,
U kommissie doen die volgende aanbevelings:

**1. TEOLOGIESE FAKULTEITE**

Sien Notule bladsy 245, Verslag sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning, punt 9

*VOORSTEL*

1. *Die sinode neem met kommer kennis van die besprekings en uitwysings deur predikante en lidmate in die media en sosiale netwerke oor die liberale teologie wat by onderskeie fakulteite gedoseer word.*
2. *Die sinode voeg haar stem by die moontlikheid om 'n kerk-eie Seminarium op die been te bring. Dit sal daartoe bydra dat studente met 'n suiwer gereformeerde leer opgelei word.*
3. *Die sinode doen 'n beroep deur ons verteenwoordigers by kuratorium en die algemene sinode dat die huidige kerk-eie opleiding verseker dat studente opgelei word met die Bybel as God se woord in ooreenstemming met die belydenis-skrifte.*

*VOORSTELLER: HK Viljoen*
*SEKONDANT: PG Otto*

**AANBEVELING**

1. **Die sinode neem kennis van leraars en lidmate in die sinodale streek wat ontsteld is oor die reaksie van indiwiduele teologiese dosente by die onderskeie universiteite se liberale uitsprake met optredes en hul menings in die media en sosiale media.**
2. **Die sinode wil dit onder lidmate se aandag bring dat enige lidmaat vrymoedig kan beswaar maak oor 'n dosent se optrede by die plaaslike kuratorium, waar hy/sy studente oplei.**
3. **Dit is nodig om te weet dat elke streeksinode, ook Noord-Kaapland, verteenwoordig word op die drie kuratoria en op die Algemene Kuratorium. 'n Kerkraad, of lidmaat kan ook via die kuratorium lid sy/haar beswaar laat hoor.**
4. **Verder is dit gerusstellend om te weet dat teologiese studente in twee bane opgelei word, naamlik: akademies en Kerkeie opleiding. Dus word ons teologiese kandidate geleer en opgelei op so 'n wyse dat hulle baie naby en lief vir die NG Kerk is en word.**
5. **Die sinode versoek gemeentes om voortdurend te bly bid vir ons kuratoria, dosentekorps en studente. Terwyl ons bid moet daar ook geestelike toesig en sorg plaasvind na hulle toe.**

***<u>AMENDEMENT</u>***

***Dat die woord "liberale" geskrap word aangesien dit 'n gelaaide veroordelende veralgemening is sonder enige spesifieke begronding.***

VOORSTELLER: GFM Oosthuizen
SEKONDANT: DJ Kritzenger

**GOEDGEKEUR**

Die voorstel soos gewysig deur die amendement word die besluit van die vergadering en lui soos volg:

1. **Die sinode neem kennis van leraars en lidmate in die sinodale streek wat ontsteld is oor die reaksie van indiwiduele teologiese dosente by die onderskeie universiteite se uitsprake met optredes en hul menings in die media en sosiale media.**
2. **Die sinode wil dit onder lidmate se aandag bring dat enige lidmaat vrymoedig kan beswaar maak oor 'n dosent se optrede by die plaaslike kuratorium, waar hy/sy studente oplei.**
3. **Dit is nodig om te weet dat elke streeksinode, ook Noord-Kaapland, verteenwoordig word op die drie kuratoria en op die Algemene Kuratorium. 'n Kerkraad, of lidmaat kan ook via die kuratorium lid sy/haar beswaar laat hoor.**
4. **Verder is dit gerusstellend om te weet dat teologiese studente in twee bane opgelei word, naamlik: akademies en Kerkeie opleiding. Dus word ons teologiese kandidate geleer en opgelei op so 'n wyse dat hulle baie naby en lief vir die NG Kerk is en word.**
5. **Die sinode versoek gemeentes om voortdurend te bly bid vir ons kuratoria, dosentekorps en studente. Terwyl ons bid moet daar ook geestelike toesig en sorg plaasvind na hulle toe.**

**GOEDGEKEUR**

**2. NOOD IN DIE GEMEENSKAP VAN POMFRET**

Sien Notule bladsy 245, Verslag sinodale kommissie vir diens en getuienis, punt 4.1

*VOORSTEL*

*Die sinode besluit om die ring van Mafikeng en sinodale kommissie vir diens en getuienis (taakspan diakonaat en Caritas Gemeenskapsfokus) en moontlike ander rolspelers te versoek om voort te gaan met en aandag te gee aan:*

1. *die verligting van nood in die gemeenskap van Pomfret en NG gemeentes aan te moedig om daarby betrokke te raak;*
2. *dat die mense van Pomfret gehelp sal word met die verskuiwing na ander gemeenskappe;*
3. *dat die sinodale kerkordekommissie gevra word om die leiding te gee en indien moontlik te help om vir die Angolese gemeenskappe in een ring binne die sinode in Noord-Kaapland te vestig (oor sinodale grense) om op die manier aandag te gee aan spesifieke unieke sake. Die Angolese*

*ring sal nou gekoppel wees aan die ring van Mafikeng as mentorring;*

4. *dat daar geleenthede gereël word waar die Angolese gemeenskap self kan aandag gee aan die huidige trauma en historiese trauma.*
5. *Die SKDG, SKBO en SKHD word versoek om finansieel te help vir bogenoemde werksaamhede.*

*VOORSTELLER: JJ Knoetze*
*SEKONDANT: M Hongolo*

Die tydelike kommissie vir algemene sake beveel aan dat die voorstel die besluit word van die vergadering.

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit om die ring van Mafikeng en sinodale kommissie vir diens en getuienis (taakspan diakonaat en Caritas Gemeenskapsfokus) en moontlike ander rolspelers te versoek om voort te gaan met en aandag te gee aan:**

1. **die verligting van nood in die gemeenskap van Pomfret en NG gemeentes aan te moedig om daarby betrokke te raak;**
2. **dat die mense van Pomfret gehelp sal word met die verskuiwing na ander gemeenskappe;**
3. **dat die sinodale kerkordekommissie gevra word om die leiding te gee en indien moontlik te help om vir die Angolese gemeenskappe in een ring binne die sinode in Noord-Kaapland te vestig (oor sinodale grense) om op die manier aandag te gee aan spesifieke unieke sake. Die Angolese ring sal nou gekoppel wees aan die ring van Mafikeng as mentor;**
4. **dat daar geleenthede gereël word waar die Angolese gemeenskap self kan aandag gee aan die huidige trauma en historiese trauma.**
5. **die SKDG, SKBO en SKHD word versoek om finansieel te help vir bogenoemde werksaamhede.**

**GOEDGEKEUR**

**3. SINODEVERGADERING ELKE 4 JAAR**
Sien Notule bladsy 267-268

*VOORSTEL*
*Die sinode besluit om elke 4 jaar te vergader*
*<u>Motivering</u>*

- *Die sinodale kommissies is ringsgewys saamgestel. Indien daar 'n dringende saak is waaraan gemeentes aandag moet gee, kan dit via die ringsverteenwoordiger na die ring geneem word. Hulle kan dan aan die sinodale kommissies terugvoer gee wat dan besluit hoe die saak verder hanteer kan word. Ons het 'n koördinerings gesprek waar al die sinodale kommissies teenwoordig is en indien nodig kan 'n sinodale kommissie die saak op die vergadering se agenda plaas.*
- *Dit gaan aan kommissies meer tyd gee om deeglik uitvoering aan hulle opdragte te gee.*
- *Laastens gaan dit ook 'n besparing op ons sinodale uitgawes teweegbring wat vir projekte aangewend kan word.*

*VOORSTELLER: AC Swanepoel*
*SEKONDANT: IM Kluge*

**AANBEVELING**
**Die sinode besluit om elke 4 jaar te vergader.**
**GOEDGEKEUR**

**4. SURPLUSFONDSE AAN DIE EINDE VAN 'N FINANSIËLE JAAR**
Sien Notule bladsy 268

*VOORSTEL*

1. *Die sinode besluit dat surplusfondse aan die einde van 'n finansiële jaar nie aan gemeentes terugbetaal word nie.*
2. *'n Missionêre projekfonds word gestig. Surplusfondse word na die fonds oorgedra.*
3. *Die doel van die fonds is om ringe en gemeentes te help om in die lig van die belang van missionêre transformasie projekte in rings- en gemeente verband te begin of bestaande projekte te ondersteun.*
4. *Die sinodale kommissie vir hulpdienste (SKHD) moet in samewerking met die sinodale kommissie vir bedienings-ondersteuning (SKBO) en sinodale kommissie vir diens en getuienis (SKDG) en die sinodale kerkordekommissie (SKOK) 'n reglement vir die fonds opstel met volmag om dit te implementeer met verslag aan die volgende sinode.*

*<u>Motivering:</u>*

- *Die surplusfondse kan die gemeentes en ringe help om in hulle gemeenskappe die koninkryk te dien.*
- *Die volmag is belangrik aangesien ons nie kan wag tot die volgende sinode nie.*

*VOORSTELLER: AC Swanepoel*
*SEKONDANT: IM Kluge*

Die tydelike kommissie vir algemene sake beveel aan dat die voorstel die besluit word van die vergadering,

**AANBEVELING**

1. **Die sinode besluit dat surplusfondse aan die einde van 'n finansiële jaar nie aan gemeentes terugbetaal word nie.**
2. **'n Missionêre projekfonds word gestig. Surplusfondse word na die fonds oorgedra.**
3. **Die doel van die fonds is om ringe en gemeentes te help om in die lig van die belang van missionêre transformasie projekte in rings- en gemeente verband te begin of bestaande projekte te ondersteun.**
4. **Die sinodale kommissie vir hulpdienste (SKHD) moet in samewerking met die sinodale kommissie vir bedienings-**

**ondersteuning (SKBO), die sinodale kommissie vir diens en getuienis (SKDG) en die sinodale kerkordekommissie (SKOK) 'n reglement vir die fonds opstel met volmag om dit te implementeer met verslag aan die volgende sinode.**
**GOEDGEKEUR**

Die voorsitter stel aan die orde:

# VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR REISKOSTE

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,
U kommissie doen die volgende aanbevelings:

**AANBEVELING**

| | |
|---|---|
| 1. Verblyf | R147 875 |
| 2. Etes | R104 500 |
| 3. Reiskoste | R148 961 |
| **TOTAAL** | **R401 336** |

**GOEDGEKEUR**

***AMENDEMENT 1***
***Die sinode in Noord-Kaapland herbevestig dat alle seksuele gedrag – waaronder alle vorme van homoseksuele gedrag – buite die huwelik teen die Woord van God ingaan.***
***Motivering***
***Die voorstel vra dat die oorspronklike aanbeveling (2.11) behou word as besluit van die sinode.***
VOORSTELLER P vdW Coetzer
SEKONDANT JP Pienaar

***AMENDEMENT 2***
***Die sinode besluit om punt 5 as volg te wysig:***
***Die sinode versoek die AS om die 2015 besluit oor selfdegeslagverhoudinge te suspender/op te skort ten einde gemeentes en ringe en sinodes die geleentheid te bied om daaroor te herbesin.***
VOORSTELLER PG Otto
SEKONDANT FJ Heymans

***AMENDEMENT 3***
***Die sinode besluit dat punt 11 in stryd is met punt 5 van die 2de Verslag van die Tydelike Kommissie SGV, en punt 11 dus gewysig word in ooreenstemming met die sinodebesluit oor punt 5.***
VOORSTELLER N Loots
SEKONDANT FJ Heymans

**AMENDEMENTE 1, 2 en 3** word met toestemming van die vergadering **TERUGGETREK**.
**GOEDGEKEUR**

Die voorsitter stel aan die orde:

# TWEEDE VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE SELFDEGESLAG-VERHOUDINGS

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,
U kommissie doen soos volg verslag:

Die kommissie het kennis geneem van die diepe erns, versoenende gesindheid en liefdevolle gees waarmee die bespreking in die sinode gevoer is. Die kommissie het dus probeer om die aanbevelings en voorstelle soos terugverwys in een stel aanbevelings te konsolideer. Die enigste alternatief sou wees om die sinode te vra om in 'n stemming 'n keuse te maak tussen die betrokke verslag en voorstelle of mosie.

Die kommissie lê die verslag voor aan die sinode met die opregte bede dat ons die wil van Here sal hoor, dat ons gemeentes hiermee sal kan werk, dat ons op verantwoordelike wyse met die algemene sinode in gesprek sal bly, en dat alle mense wat hierdeur geraak word die deernis en liefde van Christus sal kan raaksien.

Ons glo en bid dat die Here hierdie beskeie verslag sal kan gebruik as 'n nuwe vertrekpunt op die pad na eerlike gesprekke, na 'n beter verstaan van sy Woord, asook groter wysheid en meer deernis vir ons lidmate en alle mense met wie ons pad mag kruis.

Die voorsitter van die sinodale kerkordekommissie het die vergadering met ingligting bedien hoe die aanbeveling van die tydelike kommissie hanteer moet word.
Reglement van Orde van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland, punt 3.7
***"...Indien 'n tydelike kommissie 'n aanbeveling doen wat 'n aanbeveling van 'n permanente kommissie raak, het die permanente kommissie die voorstel en moet die tydelike kommissie amendeer. Indien meer as een permanente kommissie 'n voorstel oor dieselfde saak voor die vergadering het, reël die voorsitter watter een die voorstel is."***
Die voorsitter, ds. BJP Booysen, het gereël dat die Tweede Verslag van die Tydelike Kommissie Selfdgeslagverhoudings behandel word en daarna sonder verdere bespreking tot stemming oorgegaan word. Die vergadering het akkoord gegaan met die reëling.

**AANBEVELING**
**Dat die volgende voorstelle die besluit word van die vergadering:**

**Die sinode**

1. **besluit om die verslag "Selfdegeslagverhoudings" ter tafel te neem (reeds goedgekeur – kyk na bladsy 265).**

2. **Die sinode**

2.1 **herbevestig sy verbintenis aan die besluite van die algemene sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg.**

***"1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring Skrifgebruik en Skrifgesag, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.***

***2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986 (getiteld Skrifgebruik en Skrifgesag), 1990 (Skrifberoep in Etiese Sake) en 2002 (Gesag van die Skrif) hiermee saam gelees behoort te word."***

***(Vgl.: Notule algemene sinode 2011, bladsy 91)***

2.2 **wys die algemene sinode daarop dat die amptelike besluite van die algemene sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt van die algemene sinode is.**

2.3 **is bekommerd dat die nuwe standpunte van die algemene taakspan leer en aktuele sake oor hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag soos verwoord in die bylaes van die taakspan leer en aktuele sake wat voor die algemene sinode 2015 gedien het, teenstrydig is met die huidige amptelike standpunte van die sinode. Ons versoek die algemene sinode om hieroor te herbesin.**

3. **Die sinode bely**

3.1 **dat ons altyd soekend moet bly na die waarheid van die evangelie tussen veelvuldige stemme en in 'n stukkende wêreld.**

3.2 **dat gelowiges met diep oortuigings oor selfdegeslagverhoudings dikwels van mekaar verskil, en daarom moet hierdie soeke in 'n gees van luister, sensitiwiteit, smeking, dringendheid en verantwoordelikheid benader word, wagtend op die leiding van die Heilige Gees.**

3.3 **dat die kerk die plek is waar almal omarm en die genade van Christus ontdek moet word.**

4. **Die sinode pleit by die algemene sinode om die saak van selfdegeslagverhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees hulle nie oortuig het nie.**

5. **Die sinode versoek die algemene sinode om te herbesin oor die besluit van 2015 oor selfdegeslagverhoudings.**

**Die sinode**

6. **beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar inteendeel, dat met respek en in liefde teenoor alle mense opgetree moet word.**
7. **roep alle lidmate en ampsdraers op om persone met 'n homoseksuele oriëntasie met pastorale sensitiwiteit en met die liefde van Christus te bedien.**
8. **vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met 'n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie.**
9. **herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou.**
10. **bevestig dat die gesin as hoeksteen in 'n Christelike gemeenskap beskou word.**
11. **is oortuig dat enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, 'n volwaardige lidmaat van Sy kerk is en as sodanig as ongesensureerde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk.**

12. **Die sinode keur bostaande goed en stuur dit as 'n gravamen aan die algemene sinode, met die verslag "Selfdegeslagverhoudings" as motivering.**

**GOEDGEKEUR**

Die aanbeveling soos gewysig deur die amendement word die besluit van die vergadering en lui soos volg:

2. **Die sinode**

2.1 **herbevestig sy verbintenis aan die besluite van die algemene sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg.**

***"1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring Skrifgebruik en Skrifgesag, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.***

***2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986 (getiteld Skrifgebruik en Skrifgesag), 1990 (Skrifberoep in Etiese Sake) en 2002 (Gesag van die Skrif) hiermee saam gelees behoort te word."***

***(Vgl.: Notule algemene sinode 2011, bladsy 91)***

2.2 **wys die algemene sinode daarop dat die amptelike besluite van die algemene sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag**

**nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt van die algemene sinode is.**

**2.3 is bekommerd dat die nuwe standpunte van die algemene taakspan leer en aktuele sake oor hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag soos verwoord in die bylaes van die taakspan leer en aktuele sake wat voor die algemene sinode 2015 gedien het, teenstrydig is met die huidige amptelike standpunte van die sinode. Ons versoek die algemene sinode om hieroor te herbesin.**

**3. Die sinode bely**

**3.1 dat ons altyd soekend moet bly na die waarheid van die evangelie tussen veelvuldige stemme en in 'n stukkende wêreld.**

**3.2 dat gelowiges met diep oortuigings oor selfdegeslagverhoudings dikwels van mekaar verskil, en daarom moet hierdie soeke in 'n gees van luister, sensitiwiteit, smeking, dringendheid en verantwoordelikheid benader word, wagtend op die leiding van die Heilige Gees.**

**3.3 dat die kerk die plek is waar almal omarm en die genade van Christus ontdek moet word.**

**4. Die sinode pleit by die algemene sinode om die saak van selfdegeslagverhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees hulle nie oortuig het nie.**

**5. Die sinode versoek die algemene sinode om te herbesin oor die besluit van 2015 oor selfdegeslagverhoudings.**

**Die sinode**

**6. beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar inteendeel, dat met respek en in liefde teenoor alle mense opgetree moet word.**

**7. roep alle lidmate en ampsdraers op om persone met 'n homoseksuele oriëntasie met pastorale sensitiwiteit en met die liefde van Christus te bedien.**

**8. vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met 'n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie.**

**9. herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou.**

**10. bevestig dat die gesin as hoeksteen in 'n Christelike gemeenskap beskou word.**

**11. is oortuig dat enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, 'n volwaardige lidmaat van Sy kerk is en as sodanig as ongesensureerde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk.**

**12. Die sinode keur bostaande goed en stuur dit as 'n gravamen aan die algemene sinode, met die verslag "Selfdegeslagverhoudings" as motivering.**

**GOEDGEKEUR**

***VOORSTEL***
***Die sinode besluit dat die saakgelastigde en sinodale kommissie vir hulpdienste versoek word om met die Departement Binnelandse Sake in gesprek te tree rakende die veiligheidsituasie by Kimberley se kantoor. En om indien moontlik, een of ander alternatiewe reëling te beding.***

VOORSTELLER JB Vos
SEKONDANT DJ Muller
**GOEDGEKEUR**

Die voorsitter stel aan die orde:

# TIENDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AANKONDIGINGS

Dr. JB Vos word geleentheid gebied om aankondigings te doen.

- Ds. LM Coreejes (Vryburg-Harmonie) vra toestemming om verskoon te word op 20 Oktober vanaf 11:00.
- Ds. JPJ van Tonder (Vanzylsrus) en oudl. WJJ Roux (Vanzylsrus) vra toestemming om verskoon te word op 20 Oktober vanaf 10:30.

Die vergadering **VERDAAG** vir tee.

# VIERDE SITTINGSDAG
**16 OKTOBER 2014**
TWEEDE SESSIE

Die vergadering **BESLUIT** dat die ring van Upington die **Herderlike brief** op 21 Oktober aan die predikant in sinodale diens moet verskaf wat dit elektronies aan gemeentes sal stuur.
**GOEDGEKEUR**

Die volgende bedankings word deur ds. TE Smit (ondervoorsitter) gedoen.
Hartlike dank aan:

- Die NG Kerk Vooruitsig vir die gebruik van hulle fasiliteite. Die koster, Sybrandt Steyn en Willie Starch word bedank.

- Ned. Geref Kerk Kimberley-Bakenskop wat toerusting van sinodale kantoor na kerksaal vervoer het. In besonder dankie vir mnr. Johan Rautenbach wat hierby betrokke was.
- Die vroue van die Ned. Geref. Kerk Vooruitsig vir die etes.
- Vir die stemtellers wat boodskappe flink by bestemmings besorg het.
- Ned. Geref. Kerk Harmonie vir Dinsdagaand se ete.
- Ds. LB de Villiers vir die hantering van die klankstelsel.
- Liturgiespan: bestaande uit ds. DJ Muller.
- Vir al die tydelike kommissies vir die tyd wat hulle vir vergaderings moes inruim.
- Ouderling/diaken afgevaardigdes, asook waarnemers vir hulle bydraes tydens die sinode asook hul tyd wat hulle opgeoffer het.
- Aan alle leraars: baie dankie vir die vriendelike wyse waarmee almal deelgeneem het. Dankie dat julle ook geduldig was met die voorsitter.
- Dr. JB Vos vir die vriendelike wyse waarop hy die aankondigings hanteer het.
- Die lede van die notulekommissie, nl. di J Oosthuizen, K O'Callaghan, JPL Mostert en dr. LM Basson vir die notule en die gepaardgaande tegnologie.
- Die ring van Upington vir die herderlike brief.
- Die sinodale personeel vir uitstekende diens gelewer.
- Dank aan die motorwag wat die voertuie opgepas het.

Die dagafsluiting is deur ds. PL (Phillip) Louw waargeneem. (Tema: *"Here, stuur ons weer...!"*). Hy lees uit Johannes 20:21-22 en Handelinge 1:8.

1. Wat wil jy graag vir jou familie of kerkraad of gemeente van hierdie sinodesitting *vertel*?
2. Wat sou jy in ons sinodesitting uitsonder as iets *besonders* wat die Here vir jou gesê/gegee het? Watter *nuwe insigte* het die Here vir jou gegee?
3. *Voltooi hierdie sin*: Die NG Kerk (ook my gemeente) is 'n genadegawe van die Here aan my tuisdorp, Noord Kaap, Suid Afrika, Afrika, trouens aan die hele wêreld omdat...
4. Hoe kan ons die feit dat ons 'n "genadegawe" van die Here aan sy wêreld is, *vier*?

**Seënbede** (Johannes 20:21-22 en Matteus 28:19-20)
Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. Ontvang die Heilige Gees. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld. Amen.

Die vergadering sing Lied 266.

Die **VERGADERING VERDAAG**.

# 7. HERDERLIKE BRIEF

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus

Ons groet julle in die Naam van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, mag sy genade en vrede julle omvou en dra.

Die 82 gemeentes van die sinode in Noord-Kaapland was die afgelope week weer saam op pad. Die sinode is op ’n besondere wyse geopen deur ds. PL Louw van Upington-Moedergemeente waarin hy gefokus het op die derde bede van die Onse Vader gebed: “Laat U wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.” Hy het daarop gewys dat dit tragies is dat hierdie bede gebid word eerstens teen die agtergrond van die gebroke wêreld wat hom nie steur aan die wil van God nie en tweedens teen die agtergrond van ons sondige eiewilligheid. Daarom was dit ons gebed as vergadering dat Christus ons sou help om te onderskei wat God se wil is. Die gees waarin die vergadering plaasgevind het, was om werklik saam te soek en saam te luister om op verantwoordelike wyse, midde ons eie gebrokenheid en eiewilligheid, te soek na wat God se wil vir ons as kerk werklik is.

Regdeur die vergadering was dit verblydend om te hoor hoeveel goeie werk in ons sinodale gebied plaasvind. JONK NK het ons ingelig oor die werk wat hulle doen onder kinders en jongmense. Hulle het vertel van die groot sukses van die #Imagine beweging en die ontwikkeling van nuwe kinderbediening materiaal. Ons het gehoor van die wonderlike werk wat Caritas Gemeenskapsfokus doen deur onder andere die Terapie Sentrum. Ons het kennis geneem van werk wat verrig word om inhoud te gee aan ’n program vir lidmaattoerusting. Ons het ook van die Bybelgenootskap die verblydende nuus ontvang dat ons as sinode die finansiële ekwivalent van ’n Bybel per lidmaat aan die Bybelgenootskap geskenk het. Verder het ons gehoor van die uitgebreide werk en ondersteuning wat verleen word aan die Dutch Reformed Church in Botswana. Ons het ook geluister na dr. Etienne van der Walt, ’n neuro-wetenskaplike, wat ons kom vertel het van die *AmazingBrainz* projek en die belangrikheid van vroeë kinderontwikkeling. Sy lesing was van onskatbare waarde vir die sinode, omdat hierdie program reeds onder die inisiatief van Caritas Gemeenskapfokus met groot sukses aangebied word by twee VKO-sentrums in Hopetown en Strydenburg. Daar is potensiaal vir verdere groei waardeur ons kerk ’n groot impak kan maak op ons samelewing. Ons het geluister na die taakspan ekologie se groot kommer oor die wydverspreide droogte in ons land en die direkte impak op die boeregemeenskap en die indirekte impak daarvan op al ons landsburgers. Ons het daarom tyd ingeruim om as sinode in gebed die saak aan die Here op te dra. Ons het ook in gebed getree vir ons studente en universiteite en die impak van die #feesmustfall veldtog. Die sinode het ook besluit om aktief deel te neem aan die Seisoen van Menswaardigheid binne die NG Kerk familie en om hulle self toe te wy om as sinode die waardigheid van alle mense te erken en te beskerm soos aan ons opgedra deur die Here Jesus self in die woorde dat ons, ons naaste moet liefhê soos onsself.

Belangrike sake waarby ons stilgestaan het tydens die sinode was die missionale aard en roeping van die kerk, skrifbeskouing, skrifgesag en selfdegeslagverhoudings. Oor missionale transformasie het ons as sinode weer bewus geword daarvan dat dit die wesenlike opdrag van die kerk is en daarom is ook besluit dat gemeentes en ringe indringend moet besin oor missionale transformasie binne hulle eie konteks. Oor skrifbeskouing en skrifgesag is daar met kommer gepraat oor nuwe standpunte rakende hermeneutiek, skrifgebruik en skrifgesag. Die sinode staan steeds dáárby dat die Skrif die Woord van God is.

Die gesprek oor selfdegeslagverhoudings het met diepe erns en in ’n versoenende gesindheid en liefdevolle gees plaasgevind. In die besluit oor selfdegeslagverhoudings het die sinode bely dat ons altyd soekend moet bly na die waarheid van die evangelie tussen veelvuldige stemme en in ’n stukkende wêreld. Gelowiges met diep oortuigings oor selfdegeslagverhoudings verskil dikwels van mekaar. Daarom moet hierdie soeke in ’n gees van luister, sensitiwiteit, smeking, dringendheid en verantwoordelikheid benader word, wagtend op die leiding van die Heilige Gees. As sinode pleit ons dus by die algemene sinode om die saak met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees hulle nie oortuig het nie. Die sinode versoek die algemene sinode daarom om te herbesin oor die besluit van 2015 oor selfdegeslagverhoudings.

Die sinode wil egter beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie en dat persone met ’n homoseksuele oriëntasie met pastorale sensitiwiteit en met die liefde van Christus bedien moet word. Die sinode vra ook onvoorwaardelik om verskoning waar sulke persone nie so behandel is nie. Die sinode herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou.

Op die vergadering was dit duidelik dat ons as sinode werklik erns maak met ons roepingsverklaring wat lui: “Saam luister ons na die Woord van die Here en loop só saam op die pad dat ons, ons roeping ontdek en mekaar moed en hoop gee om dit uit te leef.” Ons gebed vir al die gemeentes in die sinode wat saam op pad is, is daarom “dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.” (Fil. 1:9-11)

Mag die liefde van God ons Vader, die genade van die Here Jesus Christus en die gemeenskap van die Heilige Gees met julle wees. Amen.

# 8. BESLUITEREGISTER

Die sinode van die Ned. Geref. Kerke in Noord-Kaapland het tydens sy vergadering van 17-20 Oktober 2016 die volgende besluite geneem:

**1. SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING**

| Ring | Primarius | Sekundus |
|---|---|---|
| Carnarvon | Ds. JJ Smit | Ds. RG Janse van Vuuren |
| Deben | Ds. N van Staden | Ds. HK Viljoen |
| Griekwastad | Ds. FJ Heymans | Ds. D Gerber |
| Hanover | Oudl. EJ vZ Greyling | Ds. PJ Conradie |
| Hopetown | Ds. DJ Muller | Oudl. JDA Crafford |
| Kenhardt | Ds. SL de Jager | Ds. PJL Blaauw |
| Kimberley | Ds. S Nel | Ds. W Roets |
| Mafikeng | Ds. WP Vermaak | Oudl. HJ van Wyk |
| Reivilo | Oudl. LSG Claassens | Ds. PF Coetzee |
| Upington | Ds. AH Scholtz | Ds. PL Louw |
| Warrenton | Ds. SJ Strydom | Ds. A Nel |

**Uitvoerende komitee**

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Ds. DJ Muller |
| Ondervoorsitter | Ds. FJ Heymans |
| Skriba | Ds. N van Staden |

**Verteenwoordigers**

**Algemene Kuratorium**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. PF Coetzee |
| Sekundus | Ds A Nel |

**Erediens en liturgie**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. PJ Conradie |
| Sekundus | Ds. DJ Muller |

**Gemeentebediening**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. PL Louw |
| Sekundus | Ds. DJ Muller |

**Gemeentedienste netwerk**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. DJ Muller |
| Sekundus | Ds. PF Coetzee |

**Jeug**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. S Nel |
| Sekundus | Ds. N van Staden |

**Leerstellinge en aktuele sake**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. PG Otto |
| Sekundus | Ds. GJ Duursema |

**Lidmaatbemagtiging**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. FJ Heymans |
| Sekundus | Oudl. EJvZ Greyling |

**Missionale Ekklesiologie**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. PL Louw |
| Sekundus | Ds. AH Scholtz |

**Predikantesake**
Primarius Ds. AC de Villiers
Sekundus Ds. WP Vermaak

**Reformasie 500**
Primarius Ds. GJ Duursema
Sekundus Ds. SL de Jager

**Verteenwoordiger Kuratorium Pretoria**
Primarius Ds. PF Coetzee
Sekundus Ds. LB de Villiers

**Verteenwoordiger Kuratorium Stellen-bosch**
Primarius Ds. AC de Villiers
Sekundus Ds. N van Staden

**Verteenwoordiger Kuratorium Vrystaat**
Primarius Ds. A Nel
Sekundus Dr. JS Henning

**Vrouelessenaar**
Primarius Me. R Viviers
Sekundus Me. LS Oosthuizen

**2. SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS EN GETUIENIS**

| Ring | Primarius | Sekundus |
|---|---|---|
| Carnarvon | Ds. SC van der Merwe | Oudl. L Steenkamp |
| Deben | Ds. K O'Callaghan | Ds. JA van Schalkwyk |
| Griekwastad | Ds. DJ Kritzinger | Oudl. F van As |
| Hanover | Ds. GPM de Wet | Ds. P VdW Coetzer |
| Hopetown | Ds. IM Kluge | Dr. JS Henning |
| Kenhardt | Ds. RJ Lourens | Ds. JP Conradie |
| Kimberley | Ds. DJ Scheepers | Prop LJ Enslin |
| Mafikeng | Dr. JJ Knoetze | Oudl. JA Pretorius |
| Reivilo | Ds. PJ Theron | Ds. PF Coetzee |
| Upington | Ds. FA Fouché | Ds. BJP Booysen |
| Warrenton | Ds. MJ Coetzer | Oudl. JA Swiegers |

**Uitvoerende komitee**
Voorsitter Ds. MJ Coetzer
Ondervoorsitter Ds. PJ Theron
Skriba Ds. DJ Scheepers
Addisionele lid Ds. FA Fouché
Addisionele lid Ds. GPM de Wet

**Verteenwoordigers**
**Bybelgenootskap**
Primarius Ds. GP Barnard
Sekundus leraar Ds. PL Gouws
Primarius lidmaat Mnr. S van der Linde
Sekundus lidmaat Me. CM du Preez

**Caritas Gemeenskapsfokus NPC**
Direkteur Ds. TE Smit
Alternatiewe Direkteur Ds. K O'Callaghan

**Christelike afhanklikheidsdiens (CAD)**
Primarius Mnr. H Snyman
Sekundus Mnr. G le Roux

**GKEF (Gesamentlike Kommissie vir Evangeliebediening in Frankryk)**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. P VDW Coetzer |
| Sekundus | Ds. PJ Theron |

**Grondhervorming**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. IM Kluge |
| Sekundus | Mnr. H Myburgh |

**Kuratorium en eksamenkommissie NGKA**

| | |
|---|---|
| Primarius | Dr. JJ Knoetze |
| Sekundus | Ds. FA Fouché |

**Seisoen van menswaardigheid**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. J Grobbelaar |
| Sekundus | Ds. RJ Lourens |

**Verenigde diensgroep vir diens en getuienis Phororo/Noord Kaapland (VDDGP/NK)**

Ds. FP Avenant
Dr. JJ Knoetze
Ds. FD Hugo

## 3. SINODALE KOMMISSIE VIR HULPDIENSTE

| Ring | Primarius | Sekundus |
|---|---|---|
| Carnarvon | Oudl. M Meintjes | Ds. GFM Oosthuizen |
| Deben | Ds. C Jonck | Ds. JPJ van Tonder |
| Griekwastad | Ds. FC de Witt | Oudl. G Moorcroft |
| Hanover | Ds. PJ Conradie | Ds. NB Roux |
| Hopetown | Ds. VR Terblanche | Oudl. CM Coetzee |
| Kenhardt | Ds. R Britz | Ds. SL de Jager |
| Kimberley | Dr. AC Swanepoel | Ds. P-R du Toit |
| Mafikeng | Ds. LB de Villiers | Ds. WP Vermaak |
| Reivilo | Ds. LM Coreejes | Ds. PJ Theron |
| Upington | Ds. TE Smit | Oudl. JP Smit |
| Warrenton | Ds. J Oosthuizen | Oudl. WJ van der Merwe |

**Uitvoerende komitee**

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Dr. AC Swanepoel |
| Ondervoorsitter | Ds. J Oosthuizen |
| Skriba | Ds. TE Smit |
| Addisionele lid | Oudl. JP Smit |
| Addisionele lid | Ds. LB de Villiers |
| Ampshalwe | Me. E Badenhorst |
| Ampshalwe | Ds. FD Hugo |
| Ampshalwe | Ds. JPL Mostert |

**Verteenwoordigers**

**Algemene steunspan Fondse en Bates (ASFB)**

| | |
|---|---|
| Primarius | Dr. AC Swanepoel |
| Sekundus | Ds JPL Mostert (PSD) |

**Amptenare pensioenfonds**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. J Oosthuizen |
| Sekundus | Me. E Badenhorst |

**NGNK Tuistes NPC**

Dr. AC Swanepoel
Ds. J Oosthuizen
Ds. TE Smit
Oudl. JP Smit

Ds. LB de Villiers
Ds. C Jonck

**Pensioenfonds NG Kerk in SA**
**Aangewese trusteelid**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. JPL Mostert |
| Sekundus | Ds. J Oosthuizen |

**Verkose trusteelid**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. FD Hugo |
| Sekundus | Ds. TE Smit |

## 4. SINODALE KERKORDEKOMMISSIE

| Ring | Primarius | Sekundus |
|---|---|---|
| Carnarvon | Ds. A Werner | Ds. C Janse van Rensburg |
| Deben | Ds. JJ van Zyl | Oudl. B Nel |
| Griekwastad | Ds. PG Otto | Oudl. F Vorster |
| Hanover | Ds. NB Roux | GPM de Wet |
| Hopetown | Ds. SW Albertyn | Oudl. CWH Boshoff |
| Kenhardt | Ds. JIR van Niekerk | Ds. PL Blaauw |
| Kimberley | Ds. GJ Duursema | Ds. CJ Swart |
| Mafikeng | Oudl. S du Toit | Ds. LB de Villiers |
| Reivilo | Ds. CR Scheepers | Ds. LM Coreejes |
| Upington | Ds. J Grobbelaar | Ds. TE Smit |
| Warrenton | Oudl. HB Fick | Oudl. HJ Lourens |

**Uitvoerende komitee**

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Ds. GJ Duursema |
| Ondervoorsitter | Ds. SW Albertyn |
| Skriba | Ds. CR Scheepers |

**Verteenwoordigers**
**Algemene taakspan regte**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. GJ Duursema |
| Sekundus | Ds. SW Albertyn |

**Kerkverband**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. GJ Duursema |
| Sekundus | Ds. J Grobbelaar |

**Tug en Dissipline (Reglement 18)**

**Carnarvon**
B Meintjes
D van Niekerk

**Deben**
K O'Callaghan
JJ van Zyl

**Griekwastad**
R Bode
L Hoffmann

**Hanover**
S van der Westhuizen
C Jonker

**Hopetown**
SW Albertyn
MC van Zyl

**Kenhardt**
PJL Blaauw
JIR van Niekerk

**Kimberley**
R Bode
L Hoffmann

**Mafikeng**
JJ Knoetze
S du Toit

**Reivilo**
CR Scheepers
PJ Theron
D van Zyl
D Viviers
J Fourie
J Pretorius
F Smit

**Upington**
C Wessels
N Carr
H Husselmann

**Warrenton**
J Oosthuizen
JA Swiegers

## 5. KOÖRDINERINGSGESPREK / SINODEBEPLANNING / BEPLANNING & BEGROTING

**SKBO**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. DJ Muller |
| Sekundus | Ds. FJ Heymans |

**SKDG**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds MJ Coetzer |
| Sekundus | Ds. PJ Theron |

**SKHD**

| | |
|---|---|
| Primarius | Dr. AC Swanepoel |
| Sekundus | Ds. J Oosthuizen |

**SKOK**

| | |
|---|---|
| Primarius | Ds. GJ Duursema |
| Sekundus | Ds. SW Albertyn |

**Ring wat sinode reël wys twee lede aan**
(moet nog aangewys word)

## 6. GROSLYS AFGEVAARDIGDES NA DIE ALGEMENE SINODE

**PREDIKANTE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Primarius | Ds. J Oosthuizen | *(Warrenton/SKHD)* |
| | Sekundus | Ds. LB de Villiers | *(Mafikeng/SKHD)* |
| 2. | Primarius | Ds. PL Louw | *(Upington/SKBO)* |
| | Sekundus | Ds. AC de Villiers | *(Deben/SKBO)* |
| 3. | Primarius | Dr. JJ Knoetze | *(Mafikeng/SKDG)* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Sekundus | Ds. FA Fouché | *(Upington/SKDG)* |
| 4. | Primarius | Ds. GJ Duursema | *(Kimberley/SKOK)* |
| | Sekundus | Ds. SW Albertyn | *(Hopetown/SKOK)* |
| 5. | Primarius | Ds. SW Albertyn | *(Hopetown)* |
| 6. | Primarius | Ds. PG Otto | *(Griekwastad)* |
| 7. | Primarius | Ds. GPM de Wet | *(Hanover)* |
| 8. | Sekundus | Ds. RJ Lourens | *(Kenhardt)* |
| 9. | Primarius | Ds. C Janse van Rensburg | *(Carnarvon)* |
| 10. | Sekundus | Ds. SJ Strydom | *(Warrenton)* |
| 11. | Sekundus | Ds. AH Scholtz | *(Upington)* |
| 12. | Sekundus | Ds. CR Scheepers | *(Reivilo)* |
| 13. | Sekundus | Ds. LB de Villiers | *(Mafikeng)* |
| 14. | Sekundus | Ds. FD Hugo | *(Kimberley)* |
| 15. | Sekundus | Ds. K O'Callaghan | *(Deben)* |

**KERKRAADSLEDE**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Oudl. N Loots | Deben |
| 2. | Oudl. LSG Claassens | Reivilo |
| 3. | Oudl. F Vorster | Griekwastad |
| 4. | Oudl. EJ vZ Greyling | Hanover |
| 5. | Oudl. FD Joubert | Hopetown |
| 6. | Oudl. T Grobler | Mafikeng |
| 7. | Oudl. JL Snyman | Upington |
| 8. | Oudl. P Britz | Kimberley |
| 9. | Oudl. HJ Lourens | Warrenton |

---

## 1. SINODESITTING: WERKSWYSE EN TYDSINDELING

Die sinode besluit

1. om die voorgestelde werkswyse (Bylae 2) en tydsindeling (Bylae 3) goed te keur.

*(Bladsy 225, punt 3.5)*

## 2. DAGGELD, REIS- EN VERBLYFKOSTE VIR SINODE 2016

Die sinode besluit dat

1. die koste teen R3-00 per kilometer vir een voertuig per gemeente en twee vir 'n gemeente met meer as twee leraars direk ter vergadering aan afgevaardigdes uitbetaal word, wat dit self onderling verdeel.
2. R100 per dag aan afgevaardigdes vir aandete betaal word.
3. geen gelde aan afgevaardigdes betaal word vir alternatiewe verblyf nie.

*(Bladsy 227, punt 3.16)*

## 3. VOLGENDE VERGADERING VAN DIE SINODE IN NOORD-KAAPLAND

Die sinode besluit om elke 4 jaar te vergader.

*(Bladsy 280, punt 3)*

*Die sinode besluit dat die sinodale kerkordekommissie in oorleg met die sinodale kommissies (SKHD, SKBO en SKDG) die datum van die volgende vergadering van die sinode in Noord-Kaapland bepaal*

*(Bladsy 250)*

## 4. TAAKSPAN SINODEBEPLANNING

Die sinode besluit dat

1. 'n taakspan sinodebeplanning aangewys word wat as volg saamgestel word
   a. die voorsitters van kommissies
   b. verteenwoordiger Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by moderamen van die algemene sinode

c. die lede waarmee die ring die sinode preadviseer met betrekking tot die verkiesing van 'n voorsitter en ondervoorsitter (Bepaling 34.2.1)
d. die predikant in sinodale diens
e. die Hoof Uitvoerende Direkteur Caritas Gemeenskapsfokus NPC.

*(Bladsy 227, punt 4)*

**5. MISSIONALE TRANSFORMASIE**

Die sinode

1. neem kennis van die volgende dokumente
   a. Julle sal my getuies wees is aangeheg as Bylae 1.
   b. Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk is aangeheg as Bylae 2.
   c. Missionale transformasie – van oorlewing tot impak is aangeheg as Bylae 3.
2. besluit dat 'n gesprek om tafels plaasvind waar onderstaande tema en vrae aan die orde gestel word:
   a. Tema: Missionale transformasie
   b. Gesprek (begeleidende video sal vertoon word) wat fokus op gestuurdheid, dissipelskap en waarheen ons gestuur is na aanleiding van Johannes 20:20-22.

*(Bladsy 230, punt 3.3)*

**Terugvoer tafelgesprekke: Missionale transformasie – Sien Notule, bladsy 271-274**

Die sinode besluit dat

1. gemeentes en ringe indringend moet besin oor missionale transformasie binne hulle eie konteks.
2. die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning 'n taakspan vir missionale transformasie moet benoem en dat die taakspan ringsgewys saamgestel word.
3. die taakspan vir missionale transformasie ringe en gemeentes moet bedien met leiding rondom die besinning en praktiese toepassing van missionale transformasie.
4. ringe en gemeentes die algemene sinode se missionale transformasie dokumente krities sal lees en voorstelle maak ten einde 'n eie sinodale beleidsdokument op te stel.
5. die taakspan vir missionale transformasie aandag moet gee aan die toerusting van dissipelskap omdat die sinode oortuig is dat missionale transformasie geënergeer word deur dissipelskap en nie los staan daarvan nie.
6. die taakspan vir missionale transformasie aan die volgende sinode so 'n beleidsdokument sal voorlê.
7. die taakspan vir missionale transformasie die tafelgesprekinsette (sinode 2016) sal inkorporeer by die missionale transformasie beleidsdokument sowel as in die taakspan se begeleiding aan ringe en gemeentes.

*(Bladsy 274-275, punt 2)*

**6. MISSIONALE TRANSFORMASIE: ALGEMENE SINODE – BEGRIP & BENADERING**

Die sinode besluit om die algemene sinode se begrip van, en benadering tot, Missionale Transformasie na die taakspan leer en aktuele sake te verwys vir herbesinning in die lig van die Skrif en die kerk se belydenis.

Die Sinode BESLUIT dat bogenoemde voorstel na die Taakspan vir Leer en Aktuele Sake verwys word.

*(Bladsy 245, Voorstel)*

**7. #IMAGINE NASIONAAL**

Die sinode keur goed dat JONK NK 'n video oor #Imagine vertoon.

*(Bladsy 231, punt 4.4)*

**8. SKRIFBESKOUING EN SKRIFGESAG**

Die sinode besluit

1. om die aanbevelings van agenda van die sinodesitting van Noord-Kaapland 2016, punt 5.1.1 Skrifbeskouing en Skrifgesag en punt 5.1.2 Hermeneutiek en Skrifuitleg net so aan die sinode te stel, naamlik

1.1 Skrifbeskouing en Skrifgesag
Die sinode
a. herbevestig sy verbintenis aan die besluit van die algemene sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg.
*"1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring Skrifgebruik en Skrifgesag, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.*
*2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986, 1990 en 2002 hiermee saam gelees behoort te word."*
*(Vgl.: Notule algemene sinode 2011, bladsy 91)*

1.2 Hermeneutiek en Skrifuitleg
Die sinode
a. vereenselwig hom met die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake* van die algemene sinode van 1990 (*Bylae 7*).
b. beredeneer die sake wat die sinode van Noord-Kaapland op sy tafel geplaas het (punt 5.2 tot punt 5.6) aan die hand van:
i. Skrifbeskouing en Skrifgesag soos uiteengesit in punt 5.1.1 hierbo
ii. en die verslag *Skrifberoep in Etiese Sake.*

2. om die terugvoer van die tafelgesprekke oor Skrifbeskouing en Skrifgesag na die taakspan leer en aktuele sake te verwys.
3. dat die volgende studiestukke van die algemene sinode vir die aandag van gemeentes en ringe beskikbaar is by:
- http://www.ngkerkas.co.za/wp-content/uploads/2013/04/Agenda-Algemene-Sinode-2015.pdf)
en
- http://www.noordkaapland.co.za/amptelike-dokumente/
  - *Verkennende oriëntering vir die voorlegging van die huidige gesprek.*
  - *Ons christelike geloof en die wetenskap.*
  - *NGB art 12: God se troos vir Middeleeuse mense – en vir ons vandag: 'n alternatiewe lesing.*

*(Bladsy 261)*

**Terugvoer tafelgesprekke: Skrifbeskouing en Skrifgesag – Sien Notule, bladsy 259-261**

## 9. ALTERNATIEWE STANDPUNT – SKRIFBESKOUING EN HERMENEUTIEK

Die sinode
1. het vrae en bedenkinge oor die alternatiewe standpunt – Skrifbeskouing en Hermeneutiek – en besluit dat ringe en gemeentes die dokumente bestudeer en terugvoer gee aan die taakspan leer en aktuele sake.
2 versoek die algemene sinode om ook om dieselfde redes weer hieroor te besin en met sinodes hieroor in gesprek te bly.

*(Bladsy 263, Voorstel)*

## 10. BEDIENING VAN BEVRYDING

Die sinode besluit om
1. sy formulering van 2011 te handhaaf, naamlik
*"Die sinode is bewus van die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassings van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Om die werklike en wesenlik persoonlike aard van die duiwel te aanvaar, sonder om daardeur die boosheid in die mens self, in owerhede, strukture, magte ensovoorts te ontken, is die Bybelse posisie en word ook so in die belydenisskrifte voorgehou en deur die NG Kerk aanvaar."*
2. om opnuut onderstaande as beskrywingspunt aan die algemene sinode te stuur:
Die sinode besluit dat die bestaande formulering (Sien Handelinge Algemene Sinode, punt 18 Bediening van bevryding, A.10 Leer en Aktuele Sake, Bylaag 2, bladsy 187, punt 14) wat as volg lui:
*"Die algemene sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassings van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer."*
gewysig word om te lees:
*"Die algemene sinode is bewus van die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassings van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Om die*

*werklike en wesenlik persoonlike aard van die duiwel te aanvaar, sonder om daardeur die boosheid in die mens self, in owerhede, strukture, magte ensovoorts te ontken, is die Bybelse posisie en word ook so in die belydenisskrifte voorgehou en deur die NG Kerk aanvaar."*

*(Bladsy 269, punt 5.2)*

## 11. GELOOF EN WETENSKAP

Die sinode besluit dat

1. dat die opdrag oor *Geloof en Wetenskap* aan taakspan leer en aktuele sake herhaal word weens die omvangryke en ingewikkelde aard van die saak, naamlik

   *"aan taakspan vir leer en aktuele sake (TLAS) opgedra word om by ontvangs van die hersiene uitgawe van die dokument "Geloof en Wetenskap", dit te evalueer en saam met die gespreksdokument van die algemene sinode se taakspan vir leer en aktuele sake (ASTLAS) aan gemeentes te versprei vir kommentaar.*

*(Bladsy 269, punt 5.4)*

## 12. SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

Die sinode

1. besluit om die verslag "Selfdegeslagverhoudings" ter tafel te neem.

2. Die sinode

2.1 herbevestig sy verbintenis aan die besluite van die algemene sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg.

*"1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring Skrifgebruik en Skrifgesag, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.*
*2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986 (getiteld Skrifgebruik en Skrifgesag), 1990 (Skrifberoep in Etiese Sake) en 2002 (Gesag van die Skrif) hiermee saam gelees behoort te word."*
*(Vgl.: Notule algemene sinode 2011, bladsy 91)*

2.2 wys die algemene sinode daarop dat die amptelike besluite van die algemene sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt van die algemene sinode is.

2.3 is bekommerd dat die nuwe standpunte van die algemene taakspan leer en aktuele sake oor hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag soos verwoord in die bylaes van die taakspan leer en aktuele sake wat voor die algemene sinode 2015 gedien het, teenstrydig is met die huidige amptelike standpunte van die sinode. Ons versoek die algemene sinode om hieroor te herbesin.

3. Die sinode bely

3.1 dat ons altyd soekend moet bly na die waarheid van die evangelie tussen veelvuldige stemme en in 'n stukkende wêreld.

3.2 dat gelowiges met diep oortuigings oor selfdegeslagverhoudings dikwels van mekaar verskil, en daarom moet hierdie soeke in 'n gees van luister, sensitiwiteit, smeking, dringendheid en verantwoordelikheid benader word, wagtend op die leiding van die Heilige Gees.

3.3 dat die kerk die plek is waar almal omarm en die genade van Christus ontdek moet word.

4. Die sinode pleit by die algemene sinode om die saak van selfdegeslagverhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees hulle nie oortuig het nie.

5. Die sinode versoek die algemene sinode om te herbesin oor die besluit van 2015 oor selfdegeslagverhoudings.

Die sinode

6. beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar inteendeel, dat met respek en in liefde teenoor alle mense opgetree moet word.
7. roep alle lidmate en ampsdraers op om persone met 'n homoseksuele oriëntasie met pastorale sensitiwiteit en met die liefde van Christus te bedien.
8. vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met 'n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie.
9. herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou.
10. bevestig dat die gesin as hoeksteen in 'n Christelike gemeenskap beskou word.

11. is oortuig dat enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, 'n volwaardige lidmaat van Sy kerk is en as sodanig as ongesensureerde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk.
12. Die sinode keur bostaande goed en stuur dit as 'n gravamen aan die algemene sinode, met die verslag "Selfdegeslagverhoudings" as motivering.

*(Bladsy 282-283)*

Die sinode verwys die terugvoer van die tafelgesprekke oor selfdegeslagverhoudings na die taakspan leer en aktuele sake.
*(Bladsy 265, punt 1)*

**Terugvoer tafelgesprekke: Selfdegeslagverhoudings – Sien Notule, bladsy 263-265**

## 13. APOSTOLICUM

Die sinode

1. om kennis te neem van die dokument *Die Apostoliese Geloofsbelydenis. 'n Eietydse Uitleg*
2. herhaal die opdrag van 2014

   *1. ringe en gemeentes, soos versoek deur die algemene sinode, die dokument in behandeling neem en as 'n saak van dringendheid hulle kommentaar deurstuur aan die taakspan vir leer en aktuele sake (TLAS).*
   *2. die taakspan vir leer en aktuele sake (TLAS) met inagneming van die kommentaar 'n eie studie onderneem met verslag aan die volgende sinode.*

*(Bladsy 270, punt 5.6)*

## 14. BELYDENIS VAN BELHAR

Die sinode besluit dat

1. die volgende dokumente aan gemeentes beskikbaar gestel word:
   - WD Jonker - 1987 - Beoordeling van die Belhar-Belydenis
   - 'n Teologiese beoordeling van die Belharbelydenis - Prof SA Strauss
   - Belhar NGK Kroonstad Môrewag Beskrywingspunt
2. gemeentes versoek word om na aanleiding van punt 1 'n eie teologiese beoordeling van die Belydenis van Belhar te maak met terugvoer aan taakspan leer en aktuele sake – na aanleiding van sinode 2015 se besluit:

   *"Die sinode versoek elke kerkraad van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland om – met die betrokkenheid van die gemeente en aan die hand van die Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid – die Belharbelydenis te evalueer;"*

*(Bladsy 270, punt 5.7)*

## 15. REFORMASIE 500 FEESVIERINGE 2017

Die sinode besluit dat

1. dat 'n PowerPoint aanbieding oor die boomaanplanting van Noord-Kaapland in Lutherstadt Wittenberg (5-10 minute) tydens die sinode plaasvind.
2. dat 'n "partner-boom" tydens die sinode-sitting geplant word
3. dat by die sinode aanbeveel word dat by elke gemeente in 2017 'n "partner-boom" geplant word
4. kennis geneem word dat die algemene taakspan Reformasie 500, Vrygemaak, as tema gekies het.
5. om kennis te neem dat taakspan leer en aktuele sake aanbeveel dat die tema in Noord-Kaapland, Reformeer Weer, moet wees.
6. dat inligting van die algemene sinode se taakspan Reformasie 500 aan gemeentes beskikbaar gestel word sodra dit ontvang word.

*(Bladsy 270, punt 5.8)*

## 16. SEISOEN VAN MENSWAARDIGHEID

1. Die sinode in Noord-Kaapland neem kennis van die werk van die algemene taakspan: seisoen van menswaardigheid en die verskeie produkte wat hulle bekendstel

2. Die sinode in Noord-Kaapland besluit dat gemeentes en predikante moet deel neem aan die seisoen van menswaardigheid en dat hulle op hoogte moet bly van nuwe ontwikkelinge deur middel van die webtuiste en ander hulpbronne.
3. Die sinode in Noord-Kaapland besluit dat elke afgevaardigde 'n DVD sal ontvang met die video's van die teologiese onderbou van die konsep van menswaardigheid daarop.
4. Die sinode in Noord-Kaapland neem kennis van die verskeie wyses waarop mense se waardigheid aangetas word. Die sinode in Noord-Kaapland besluit om hulle self toe te wy om as sinode die waardigheid van alle mense te erken en te beskerm soos aan ons opgedra deur die Here Jesus self in die woorde dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself.
5. Die sinode in Noord-Kaapland besluit dat daar 'n sinodale taakspan geskep word vir die seisoen van menswaardigheid wat deel vorm van die sinodale kommissie vir diens en getuienis.

*(Bladsy 268)*

Die sinode besluit om gemeentes op te roep om deel te bly van die *Seisoen van Menswaardigheid* en gemeentelede aan te moedig om dit uit te leef.
*(Bladsy 241, punt 4.7)*

Die sinode besluit dat
1. kennis geneem word van die kritiese beoordeling van die dokument, Seisoen van Menswaardigheid (*Bylae 13*).
2. in 'n beskrywingspunt die algemene sinode versoek word om oor die begrip Menswaardigheid in die lig van Skrif en Belydenis van die kerk te herbesin. Die verslag, *Kritiese beoordeling van die dokument: Seisoen van Menswaardigheid*, word as motivering aangeheg.
3. opdrag gegee word aan die verteenwoordiger van die sinode in Noord-Kaapland wat op die taakspan seisoen van menswaardigheid van die algemene sinode dien, om terugvoer aan die sinode te gee.

*(Bladsy 269, punt 5.5)*

## 17. AGTERGROND: LIDMAATTOERUSTING

Die sinode besluit dat
1. voortgegaan word om inhoud te verleen aan 'n program van lidmaattoerusting.
2. die wenslikheid van 'n toerustings-webblad as loodsprogram ondersoek word.
3. gemeentes van Noord-Kaapland by die evaluering van die loodsprojek betrek word.

*(Bladsy 234, punt 6.5)*

## 18 KERKRAADSLEDE OPLEIDING: PREDIKING EN PASTORAAT

Die sinode wys kerkrade en ringe op die riglyne wat die algemene sinode daargestel het vir die lei van eredienste deur ouderlinge (sien Artikel 48.3.5 en Artikel 4, 10 en 16.1.8).
*(Bladsy 230, punt 3.2)*

## 19. RUSDAG VIR PREDIKANTE

Die sinode
1. neem kennis van die dokument, *"Rusdag" – knelpunt of noodsaaklikheid?* (*Bylae 17).*
2. versoek kerkrade om toe te sien dat predikante 'n "rusdag" elke week neem.

*(Bladsy 235, punt 7.2.7)*

## 20. TEOLOGIESE FAKULTEITE

1. Die sinode neem kennis van leraars en lidmate in die sinodale streek wat ontsteld is oor die reaksie van indiwiduele teologiese dosente by die onderskeie universiteite se uitsprake met optredes en hul menings in die media en sosiale media.
2. Die sinode wil dit onder lidmate se aandag bring dat enige lidmaat vrymoedig kan beswaar maak oor 'n dosent se optrede by die plaaslike kuratorium, waar hy/sy studente oplei.
3. Dit is nodig om te weet dat elke streeksinode, ook Noord-Kaapland, verteenwoordig word op die drie kuratoria en op die Algemene Kuratorium. 'n Kerkraad, of lidmaat kan ook via die kuratorium lid sy/haar beswaar laat hoor.

4. Verder is dit gerusstellend om te weet dat teologiese studente in twee bane opgelei word, naamlik: akademies en Kerkeie opleiding. Dus word ons teologiese kandidate geleer en opgelei op so 'n wyse dat hulle baie naby en lief vir die NG Kerk is en word.
5. Die sinode versoek gemeentes om voortdurend te bly bid vir ons kuratoria, dosentekorps en studente. Terwyl ons bid moet daar ook geestelike toesig en sorg plaasvind na hulle toe.

*(Bladsy 279)*

**21. SAMESTELLING SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGSONDERSTEUNING**

Die sinode besluit dat 'n sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning saamgestel word soos voorgeskryf in die huishoudelike bepalinge van die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning.

*(Bladsy 236, punt 10)*

**22. BOTSWANA: BEHUISINGSPROJEK EN VERHOUDINGE**

Die sinode neem met dank kennis van die groei in die verhoudinge binne die Dutch Reformed Church in Botswana sowel as tussen die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland en die Dutch Reformed Church in Botswana.

*(Bladsy 240, punt 3.2.4)*

**23. BOTSWANA: TEOLOGIESE OPLEIDING**

Die sinode neem kennis van die voltooiing van die sinodale opdrag ten opsigte van teologiese opleiding in die Dutch Reformed Church in Botswana.

*(Bladsy 240, punt 3.25)*

**24. WERKSWINKEL SAAM MET DRCB**

Die sinode keur die verslag van taakspan Botswana goed en gee opdrag dat die taakspan voortgaan met die werk in Botswana.

*(Bladsy 240, punt 3.2.7)*

**25. GEMEENTE EN GEMEENSKAP**

1. Die sinode gee opdrag dat die moontlikheid ondersoek word deur die sinodale kommissie vir diens en getuienis en Caritas Gemeenskapsfokus om 'n video daar te stel wat die inligting verskaf ten opsigte van die ontwikkeling van die brein van die kind;
2. Gemeentes van die sinode deur die gebruikmaking van die video deur die sinodale kommissie vir diens en getuienis en Caritas Gemeenskapsfokus aangemoedig word om VKO sentrums in hul gemeenskappe te vestig;
3. Die sinode gee opdrag aan die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning (SKBO) en sinodale kommissie vir diens en getuienis (SKDG) om gesamentlik te besin oor die wenslikheid en praktiese uitvoerbaarheid om die twee kommissies op sinodale-, rings- en gemeentevlak as een kommissie te laat funksioneer;
4. Die sinode gee opdrag aan die sinodale kerkordekommissie (SKOK) om, indien die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning (SKBO) en die sinodale kommissie vir diens en getuienis (SKDG) as een kommissie sou funksioneer, die Kerkordelike implikasies te hanteer;
5. Die sinode gee opdrag aan die sinodale kommissie vir diens en getuienis om verteenwoordigers van Caritas Gemeenskapsfokus in bogenoemde gesprek te betrek;
6. Die sinode gee opdrag aan die sinodale kommissie vir diens en getuienis om te begroot vir die voortsetting van die diakonale beweging (proses).

*(Bladsy 275)*

**26. VERHALE OOR: "*PRAKTIES MAAK VAN GEMEENTES SE DIENS EN GETUIENIS TAAK*"**

Die sinode besluit

1. Die NG Kerk in Noord-Kaapland herhaal sy besluit van 2014 wat lui:

   "*Die sinode versoek die sinodale kommissie vir diens en getuienis om verhale uit ringe en gemeentes te versamel en beskikbaar te stel aan gemeentes en lidmate. Verhale oor: "Prakties maak van gemeentes se diens en getuienis taak*".

*(Bladsy 241, punt 4.4)*

**27. VROEË KINDONTWIKKELING**

Die sinode besluit dat

1. aan dr. Etienne van der Walt van *AmazingBrainz* 'n spreekbeurt toegestaan word om 'n voorlegging oor Vroeë Kindontwikkeling te doen.

*(Bladsy 244, punt 4.3)*

**28. NOOD IN DIE GEMEENSKAP VAN POMFRET**

Die sinode besluit om die ring van Mafikeng en sinodale kommissie vir diens en getuienis (taakspan diakonaat en Caritas Gemeenskapsfokus) en moontlike ander rolspelers te versoek om voort te gaan met en aandag te gee aan:

1. die verligting van nood in die gemeenskap van Pomfret en NG gemeentes aan te moedig om daarby betrokke te raak;
2. dat die mense van Pomfret gehelp sal word met die verskuiwing na ander gemeenskappe;
3. dat die sinodale kerkordekommissie gevra word om die leiding te gee en indien moontlik te help om vir die Angolese gemeenskappe in een ring binne die sinode in Noord-Kaapland te vestig (oor sinodale grense) om op die manier aandag te gee aan spesifieke unieke sake. Die Angolese ring sal nou gekoppel wees aan die ring van Mafikeng as mentor;
4. dat daar geleenthede gereël word waar die Angolese gemeenskap self kan aandag gee aan die huidige trauma en historiese trauma.
5. die SKDG, SKBO en SKHD word versoek om finansieel te help vir bogenoemde werksaamhede.

*(Bladsy 280)*

**29. CAD EN VERSOBERING**

Die sinode besluit dat

1. gemeentes op die 2014 besluit van die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland gewys word, naamlik

   *dat versobering in die gemeenskappe ook die verantwoordelikheid van plaaslike gemeentes is en dat, waar CAD takke bestaan, van hulle gebruik gemaak kan word.*
2. om sy kommer uit te spreek oor die voorkoms van alkohol- en dwelmmisbruik, veral ook onder jongmense in Noord-Kaapland se platteland.

*(Bladsy 241, punt 4.6)*

**30. DIE KERK SE OPENBARE GETUIENIS OOR DIE EKOLOGIESE KRISIS**

Die sinode

2. neem kennis dat sake van belang uiters vloeibaar is, en dat nuwe omstandighede, navorsing en betrokkenheid van ander partye dikwels en op kort kennisgewing verander.
3. ondersteun die poging om soveel moontlik bydraes en betrokkenheid uit Noord-Kaapland, sowel as die kerkverband te bekom, sodat verantwoordelike en Bybels-gefundeerde getuienis en praktiese leiding gegee kan word.
4. keur die skrywe aan me. Kgalalelo Marintlhwane (*Bylae 2*), direkteur van Landelike Ontwikkeling en Grondsake in die Noord-Kaap, goed.

*(Bladsy 241, punt 5.1)*

Die sinode neem kennis van die besinning en werk van die taakspan ekologie en versoek dat die taakspan sal voortgaan om inligting in te samel, te besin en die NG Kerk in Noord-Kaapland te verteenwoordig ten opsigte van sake wat ekologie en grondhervorming in ons gebied raak en die nodige inligting aan ringe deur te gee, met verslag aan die volgende sinode.

*(Bladsy 259, Voorstel)*

**31. EKOLOGIESE VERANTWOORDELIKHEID: SEISOEN VAN DIE SKEPPING**

Die sinode

1. besluit dat alle leraars en kerkrade in die sinodale gebied via die elektroniese nuusbrief versoek word om studiestukke, preke, bronne en Bybelse insigte oor die kerk se ekologiese verantwoordelikheid aan taakgroep ekologie beskikbaar te stel.

2. neem kennis van die poging deur taakspan ekologie om ’n voorlopige bundel oor die kerk se ekologiese verantwoordelikheid beskikbaar te stel, maar versoek dat die navorsing, besinning en samestelling as ’n voortgaande projek hanteer sal word.

*(Bladsy 241, punt 5.2)*

**32. OMGEWINGS- EN MAATSKAPLIKE IMPAK VAN DIE SKA**

Die sinode versoek die ring van Carnarvon om inligting te verskaf aan taakspan ekologie oor die omgewings- en maatskaplike impak van die SKA binne sy grense.

*(Bladsy 241, punt 5.1)*

**33. HIDROBREKING IN DIE KAROO/ GROEN ENERGIE**

Die sinode

1. neem kennis dat die ontginning van skaliegas tans minder aantreklik is, hoofsaaklik weens die skerp daling in die pryse van alternatiewe energiebronne.
2. neem kennis dat die ontginning van skaliegas weens ’n verandering in die nasionale diskoers en ander prioriteite van die regering skynbaar nie meer ’n hoë prioriteit is nie. Dit, tesame met resente inligting en ervaring vanuit lande waar skaliegas reeds op groot skaal ontgin word, bied dus aan kundiges en belangegroepe meer tyd en ’n beter omgewing om diepgaande en geloofwaardige navorsing en bevindinge voor te lê. Dit word met belangstelling gevolg.
3. neem kennis dat nie alle “groen” energiebronne so gunstig is as wat algemeen aanvaar word nie. In die sinodale gebied van Noord-Kaapland is reeds ’n aantal projekte en meer word in die vooruitsig gestel.
4. versoek dat lidmate en kundiges ervaring, toepaslike inligting en praktiese wenke oor Hidrobreking in die Karoo / groen energie meer gereeld en met vrymoedigheid op elke moontlike manier in gemeentes versprei.

*(Bladsy 242, punt 5.3)*

**34. VOORBIDDING: LAND, LANDBOUSEKTOR (RAMPDROOGTES) ASOOK EKONOMIESE EN POLITIEKE UITDAGINGS**

Die sinode

1. neem kennis dat die kommissie vir diens en getuienis in die lig van die huidige droogte en ekonomiese druk ringe versoek het om kerkrade en gemeentes na eie oordeel en omstandighede op te roep tot voorbidding.
2. neem kennis dat ds. IM Kluge ’n toepaslike berig hieroor in e-Nuus Noord-Kaapland geplaas het.
3. maan dat kerkrade en leraars steeds bedag moet wees op die onsekerheid en negatiewe emosies wat grond-hervorming meebring. Daarom bly dit die kerk se roeping in al sy strukture om lidmate en gemeentes, wat hierdeur negatief geraak word, met deernis en begrip te begelei.
4. versoek ringe en gemeentes, wanneer geleenthede voordoen waar positiewe bydraes gemaak kan word tot grond- en agri-hervorming, lidmate aangemoedig en ondersteun moet word, en om die hulp van georganiseerde landbou met vrymoedigheid te vra.
5. versoek ringe, gemeentes en lidmate om steeds bewus te bly van die groot nood en werklike armoede wat in ons land heers. In ’n gees van opregte Christelike deernis moet met kundigheid en oorgawe na diensbaarheid en opheffing gestreef word.

*(Bladsy 242, punt 5.4)*

Die boere van die Noord-Kaap wil die sinode en die algemene sinode van harte bedank vir hulle volgehoue voorbidding en ondersteuning tydens die moeilike toestande waaronder die boere gebuk gaan. Voorts wil ons die algemene sinode bedank vir konkrete hulp aan ’n klomp boere in die Noord-Kaap.

*(Bladsy 271, Voorstel)*

**35. MEMORANDUM OF AGREEMENT**

Die sinode besluit

1. Die sinode in Noord-Kaapland versoek die algemene sinode dat alle relevante dokumente ten opsigte van kerkhereniging insluitend die “*Memorandum of Agreement*” en “*Road Map*” meertalig beskikbaar te stel.

Motivering
In die Noord-Kaaplandse sinodale gebied is feitlik al die lidmate Afrikaanssprekend. Daar bestaan onsekerheid oor die presiese interpretasie van al die terme en woorde wat gebruik word in Engels.
*(Bladsy 242, punt 6.4)*

**36. VGKSA PHORORO PLAAS MORATORIUM OP BILATERALE EENHEIDSGESPREKKE MET NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND**
Die sinode neem kennis van die moratorium wat die VGKSA Phororo op bilaterale eenheidsgesprekke met die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland geplaas het.
*(Bladsy 242, punt 6.5)*

**37. VERSLAG VERTEENWOORDIGER BYBELGENOOTSKAP**
1. Die sinode neem kennis van die verslag in geheel.
2. Die sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor gemeentes wat 2015 gebruik het om d.m.v. elke R42 'n bekostigbare Bybel moontlik te maak.
3. Die sinode versoek gemeentes om Hardloop vir Bybels, Stap vir Bybels, Trap vir Bybels, Gholf dae en ander projekte so ver moontlik te gebruik vir betrokkenheid en groter deelname ten bate van Bybelverspreiding. (gratis medaljes beskikbaar).
4. Die sinode moedig gemeentes aan om d.m.v. 'n barometer-plakkaat as meetbare instrument R45-00 per belydende lidmaat as ideaal te stel wat 1 bekostigbare Bybel in verskillende tale moontlik maak.
5. Die sinode dank die Here saam met die Bybelgenootskap vir 150 jaar se lojale ondersteuning, uit die Noord-Kaap Kerk asook 196 jaar se Bybelgenootskap werk in SA (sedert 1820).

*(Bladsy 243, punt 8.1)*

**38. VERSLAG VERTEENWOORDIGER VAN DIE NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND BY DIE KURATORIUM NGKA**
1. Die sinode doen voorbidding vir die lede van die Kuratorium NGKA in die uitwerk en soeke na effektiewe teologiese opleiding vir studente.
2. Die sinode doen voorbidding vir die studente van die NGKA en dosente betrokke by die opleiding van hul leraars.

*(Bladsy 243, punt 8.2)*

**39. SINODALE KOMMISSIE VIR DIENS EN GETUIENIS**
Die sinode besluit dat 'n sinodale kommissie vir diens en getuienis saamgestel word soos voorgeskryf in die huishoudelike bepalinge van die sinodale kommissie vir diens en getuienis.
*(Bladsy 243, punt 10)*

**40. AMPTENARE PENSIOENFONDS**
Die sinode besluit
1. gemeentes aangemoedig word om as werkgewers by die Amptenare Pensioenfonds van die NG Kerk in Noord-Kaapland aan te sluit.

*(Bladsy 248, punt 9)*

**41. BELEGGINGSBELEID VAN DIE SINODE VAN NOORD-KAAPLAND**
Die sinode besluit dat
1. punt 3.2.2 van die Beleggingsbeleid van die sinode van Noord-Kaapland geskrap word:
   ~~*3.2.2 Banke moet voldoen aan 'n A1+ of 'n A+ gradering volgens die Fitch IBCA verslag wat van tyd tot tyd aan die mark voorgelê word.*~~

*(Bladsy 249, punt 18)*

**42. FORMULE VIR SINODALE BYDRAES: BASAAR/FONDSINSAMELING**
Die sinode besluit

1. om die *Formule vir Sinodale Bydraes*, punt 2.2 *Toegewings*, uit te brei met 'n nuwe toegewing, naamlik

    <u>2.2.13 Basaar/fondsinsameling</u>

    Uitgawes wat aangegaan word vir basaar/fondsinsameling kan verhaal/afgetrek word van die inkomste wat gegenereer word deur die basaar/fondsinsameling. Slegs op die netto inkomste van die basaar/fondsinsameling word 'n sinodale bydrae gehef.

*(Bladsy 249, punt 19.1)*

## 43. FORMULE VIR SINODALE BYDRAES: WYSIGINGS AAN *FORMULE VIR SINODALE BYDRAES*: PUNT 3.1.2 EN PUNT 3.1.3

Die sinode besluit dat

1. punt 3.1.2 "*Vrywillige sinodale kollektes*" en punt 3.1.3 "*Die volgende kollektes kan ook deur kerkrade oorweeg word*" in die Formule vir Sinodale Bydraes geskrap word, naamlik

    ~~3.1.2 Vrywillige sinodale kollektes~~  
    ~~Die volgende kollektes moet ook nog oorweeg word:~~  
    ~~(a) Arbeidsbediening~~  
    ~~(b) Beradingsentrum~~  
    ~~(c) Aksie België vir Christus~~  
    ~~(d) Bybelverspreiding~~  
    ~~(e) CAD~~  
    ~~(f) Christelike Lektuurfonds~~  
    ~~(g) Hawesending~~  
    ~~(h) Susanna Coetzee-tehuis, Bloem-fontein~~  
    ~~(i) Teologiese Kweekskool Stellen-bosch~~  
    ~~3.1.3 Die volgende kollektes kan ook oorweeg word deur kerkrade~~  
    ~~(a) Hugenote Kollege~~  
    ~~(b) Instituut vir Blindes~~  
    ~~(c) Instituut vir Dowes~~  
    ~~(d) Jan Krielskool~~

2. punt 3.1.2 en punt 3.1.3 vervang word met 'n nuwe punt 3.1.2 "*Vrywillige sinodale kollektes*" wat lui:

    (a) Versoeke vir "*vrywillige kollektes*", om huidige bedieningsbehoeftes aan te spreek, moet jaarliks voor einde Oktober deur sinodale kommissies by taakspan beplanning en begroting ingedien word.

    (b) Nadat taakspan *beplanning en begroting* in November die *"vrywillige kollektes*" goedgekeur het, word 'n lys deur die sinodale kommissie vir hulpdienste in 'n skrywe, naamlik *Inligting vir kerkrade se gebruik op die aankondigings Sondae oor sinodale kollektes*, aan gemeentes deurgegee.

4. punt 3.1.2 in die *Formule vir Sinodale Bydraes* (wat deel uitmaak van die *Finansiële beleid Noord-Kaapland* van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland) dienooreenkomstig aangepas word

3. punt 3.1.2 in die huishoudelike bepalings van alle sinodale kommissies (SKHD, SKOK, SKDG en SKBO) opgeneem word.

*(Bladsy 249, punt 19.2)*

## 44. REGLEMENTE VAN FONDSE VAN DIE SINODE IN NOORD-KAAPLAND

Die sinode besluit

1. dat die *Noord-Kaapland Sinode Fonds (NKSF)* en die *Algemene Sinodesittingskoste Fonds (ASF)* saamgevoeg word in een fonds, naamlik die *Sinodesittingskoste Fonds (SF)*
2. dat die *Sinodale Reserwefonds (RF)* en die *Sinodale Meubel- en Kantoortoerusting Vervangingsfonds (MKF)* saamgevoeg word in een fonds, naamlik die *Sinodale Reserwefonds (RF)*
3. om die volgende reglemente goed te keur
    a. die reglement *Sinodale Instandhoudingsfonds (IF)* (Bylae 5).
    b. die reglement *Sinodesittingskoste Fonds (SF)* (Bylae 6).
    c. die *reglement Sinodale Reserwefonds (RF)* (Bylae 7).
4. dat klousule 10 (Fondse) van die *Finansiële beleid Noord-Kaapland (FB)* dienooreenkomstig aangepas word.

*(Bladsy 250, punt 21)*

**45. SURPLUSFONDSE AAN DIE EINDE VAN 'N FINANSIËLE JAAR**

1. Die sinode besluit dat surplusfondse aan die einde van 'n finansiële jaar nie aan gemeentes terugbetaal word nie.
2. 'n Missionêre projekfonds word gestig. Surplusfondse word na die fonds oorgedra.
3. Die doel van die fonds is om ringe en gemeentes te help om in die lig van die belang van missionêre transformasie projekte in rings- en gemeente verband te begin of bestaande projekte te ondersteun.
4. Die sinodale kommissie vir hulpdienste (SKHD) moet in samewerking met die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning (SKBO), die sinodale kommissie vir diens en getuienis (SKDG) en die sinodale kerkordekommissie (SKOK) 'n reglement vir die fonds opstel met volmag om dit te implementeer met verslag aan die volgende sinode.

*(Bladsy 280-281, punt 4)*

**46. VEILIGHEIDSITUASIE: DEPARTEMENT BINNELANDSE SAKE**

Die sinode besluit dat die saakgelastigde en sinodale kommissie vir hulpdienste versoek word om met die Departement Binnelandse Sake in gesprek te tree rakende die veiligheidsituasie by Kimberley se kantoor. En om indien moontlik, een of ander alternatiewe reëling te beding.

*(Bladsy 283, Voorstel)*

**47. SINODALE KOMMISSIE VIR HULPDIENSTE**

Die sinode besluit dat 'n sinodale kommissie vir hulpdienste saamgestel word soos voorgeskryf in die huishoudelike bepalinge van die sinodale kommissie vir hulpdienste.

*(Bladsy 250, punt 24)*

**48. TUSSEN-ORDE**

Die sinode besluit

1. dat kerkrade en ringe kennis neem van die tussen-orde en implementeer waar toepaslik.
2. dat kerkrade en ringe aangemoedig word om die tussen-orde op plaaslike vlak te gebruik en daarmee die proses van kerkhereniging te bevorder.

*(Bladsy 251, punt 5)*

**49. GEDRAGSKODE**

Die sinode

1. besluit om die volgende beskrywingspunt aan die Algemene Sinode te stuur:
   Die daarstelling van 'n gedragskode vir bedienaars van die Woord, soos deur die algemene sinode versoek is onnodig.
2. keur die dokument, *Kommentaar op Gedragskode* (Bylae 2) goed en heg dit aan die beskrywingspunt as motivering.

*(Bladsy 251, punt 9)*

**50. DIE IMPLEMENTERING VAN ARTIKEL 48.3.5**

Die sinode besluit dat

1. nie uitvoering gegee kan word aan die opdrag van 2014 nie.
2. kennis geneem word van die wysiging Kerkorde artikel 48.3.5
3. die opleiding na die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning verwys word.

*(Bladsy 251, punt 10)*

**51. KERK AS INSTELLING NA EIE AARD – *SUI GENERIS***

Die sinode besluit

1. om kennis te neem van punt 11: *Kerk as instelling na eie aard – Sui Generis*
3. dat die volgende vrae tydens gemeentebesoeke (kerkvisitasie) in 2017 hanteer kan word.
   Tema: Kerk as instelling na eie aard – Sui Generis
   a. Hoe is 'n gemeente anders as 'n besigheid, kultuurvereniging of 'n sportklub? Hoe word dit sigbaar?
   b. Wie besluit oor hoe die kerk moet wees? (Bv. kerkraad, algemene sinode, meerderheid, Kerkorde, ens.) Wat beteken dit in die praktyk?

c. Wat is die rol en funksie van die kerkraad, ampte en amp van die gelowige in die gemeente ten opsigte van die eie aard van die kerk?
d. Bespreek: Die gemeente is nie daar ter wille van homself nie. Wat beteken dit vir julle verhouding met ander gemeentes / kerke in julle ring of dorp?

*(Bladsy 252, punt 11)*

**52. KERKVERBAND**

Die sinode besluit

1. om kennis te neem dat die algemene sinode besluit het

   *Die Algemene Sinode verwys al die stukke in 1.1 na die 10 samestellende sinodes vir bespreking en kommentaar aan die ASM met die oog op 'n finale verslag aan die volgende Algemene Sinode in sitting*

2. om kennis te neem van die *Verslag van die algemene sinodale projekspan kerkverband (Bylae 3).*

*(Bladsy 253, punt 12)*

Die sinode besluit om aan die sinodale kerkordekommissie (SKOK) opdrag te gee om die algemene taakspan kerkverband te bedien met die beskrywingspunt (Kyk Agenda en Handelinge Buitengewone Sinodesitting Noord-Kaapland 2007, bladsy 109-110, Beskrywingspunt 6) van die sinode in Noord-Kaapland wat op op 7-9 Mei 2007 plaasgevind het.

*(Bladsy 268, Voorstel)*

**53. HANTERING VAN BESLUITE WAT TOT VERDEELDHEID BY LIDMATE KAN LEI**

Die sinode besluit om onderstaande as beskrywingspunt aan die algemene sinode 2017 te stuur:

1. Die algemene sinode word aan sy besluit van 1994 herinner waarin op 'n werkswyse besluit is wat gevolg moet word wanneer sake hanteer word wat tot moontlike verdeeldheid kan lei (Sien NG Kerk, Handelinge van die Algemene Sinode 1994:439).

   Die Algemene Sinode het in 1994 soos volg besluit:

   Die Algemene Sinode besluit in 1994 na aanleiding van Kerk en Samelewing 1986 en die kerkskeuring daarna:

   1) Die sake soos genoem in Artikel 43 van die Kerkorde (beleid in sake van gemeenskaplike belang, die vasstelling van die Bybelvertaling ensovoorts) behoort tot die besluitnemingsbevoegdheid van die Algemene Sinode.
   2) Indien die Algemene Sinode egter vermoed dat sekere besluite of standpunte moontlik tot groot verdeeldheid onder kerklidmate kan lei, staan dit hom vry om voor finale besluitneming, die advies van mindere kerkvergaderinge in te win ten einde groter konsensus oor die betrokke sake in die NG Kerkverband as geheel te kry. In finale instansie is dit egter die Sinode se eie oortuiging in die lig van God se wil wat die deurslag moet gee. Dit gaan steeds om die Christokrasie – ook by die mees omstrede kwessies.

2. Die algemene sinode besluit om genoemde werkswyse in die reglement van orde op te neem.
3. Motivering

   a. Die algemene sinode se werkswyse behoort in ooreenstemming te wees met die "geestelike bestuurswyse" wat die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 30 op grond van die Woord bepleit en soos uitgedruk in Kerkorde artikel 22.
   b. Die gereformeerde kerkreg gaan deurgaans uit van die plaaslike gemeente. Die plaaslike gemeente is volledig kerk en staan in verband met gemeentes van soortgelyke belydenis.

*(Bladsy 254, punt 13)*

**54. RINGSGRENSE**

Die sinode besluit dat

1. ter wille van beter bediening, onderlinge sorg en opsig die moontlikheid van die hergroepering van gemeentes in ringe oorweeg word.

   Motivering:

   Die hergroepering van gemeentes in groter ringe kan dalk net die energie en inspirasie gee wat gemeentes nodig het om in die hand van die Gees mekaar te help om God se Koninkryk in Noord-Kaapland beter sigbaar te maak.

2. die sinode 'n ad hoc-kommissie saamstel met verteenwoordigers uit elke ring om die hergroepering van gemeentes tot ringe te ondersoek en aanbevelings te maak.

*(Bladsy 254, punt 14)*

Die sinode besluit dat die voorsitters van ringskommissies van die verskillende ringe op die sinodale kerkordekommissie se ad hoc kommissie rakende ringsgrense sal dien.
*(Bladsy 254, Voorstel)*

**55. VIERDE BEDIENINGSOPSIE IN KLEINERWORDENDE GEMEENTES**

Die sinode besluit

5. Beskrywingspunt 5: Vierde bedienings-opsie in kleinerwordende gemeentes – oudl. Gerhard Cilliers – Ned. Geref. Kerk Plooysburg (Bylae 8) word verwys na die sinodale kerkordekommissie.

*(Bladsy 227, punt 3.18*

**56. REDAKSIONELE VERANDERINGS AAN KERKORDE 2014**

**56.1 Diensooreenkoms met 'n Bedienaar van die Woord punt 4.6 Mediese Skema**

Die sinode besluit dat *Diensooreenkoms met 'n Bedienaar van die Woord punt 4.6 Mediese Skema* soos volg gewysig word:

Nuwe bepaling

4.8 MEDIESE SKEMA

Lidmaatskap van 'n mediese skema ingestel volgens die Wet op Mediese Skemas en soos goedgekeur deur die sinode van Noord-Kaapland, is verpligtend. Indien die werknemer 'n afhanklike lid van die gade se mediese skema is, is lidmaatskap van die mediese skema soos goedgekeur deur die sinode van Noord-Kaapland nie verpligtend nie. Die bydraes wat die werkgewer betaal aan die mediese skema vorm deel van die werknemer se TKVI-pakket.

*(Bladsy 257, punt 16.1)*

**57. VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN BEPALINGS VAN DIE KERKORDE 2014**

**57.1 Vorm 8 – Akte van demissie by verstryking van termyn**

Die sinode besluit

1. besluit om die opskrif van Vorm 8 as volg te wysig:

Nuwe bewoording

Akte van demissie: Emeritaat of met die oog op verdere studie of op grond van Kerkorde art 12.7.3, by verstryking van termyn.

2. keur Vorm 8, Akte van demissie: Emeritaat of met die oog op verdere studie of op grond van Kerkorde art 12.7.3, by verstryking van termyn (*Bylae 4*) goed

*(Bladsy 257-258, punt 17.2)*

**57.2 Bepaling 53**

Die sinode besluit dat

1. bepaling 53 verval

~~53.1 Elke gemeente behartig sending in ooreenstemming met die Skrif, die Formuliere van Enigheid en die toepaslike artikel van die *Kerkorde*, as 'n omvattende Woordbediening binne sy grense. Dit geskied langs die kanale van aanbidding, verkondiging, gemeenskap en diens.~~

~~53.2 Die uitstuur van sendelinge en ander sendingwerkkragte geskied deur die plaaslike gemeente, met of sonder die medewerking van ander gemeentes. Hierdie uitsending moet in oorleg met en advies van die ring en die sinodale kommissie vir diens en getuienis wees en is onderhewig aan die vereistes van die Kerkorde en ter saaklike besluite van die sinode en die algemene sinode. Sendelinge en sending-werkkragte is in hulle arbeid gebonde aan die Skrif en die Formuliere van Enigheid.~~

~~53.3 Elke gemeente behartig saam met al die ander gemeentes ook in breër verband die Binnelandse, die Buitelandse, en die Wêreldsending, met of sonder die samewerking van ander kerke en of sending-organisasies, soos dit gereël word in onderlinge ooreenkomste. Hierdie sendingwerk geskied in oorleg met en advies van die sinodale kommissie vir diens en getuienis.~~

~~53.4 Waar gemeentes ten behoewe van en in samewerking met gemeentes uit die NG Kerkfamilie binne die Noord-Kaap werk, behoort daar ter wille van koördinering en effektiewe bediening gesamentlike sendingstrukture gevorm te word. Hierdie~~

~~sendingstrukture word deur die onderskeie ringe goedgekeur, in oorleg met die sinodale kommissie vir diens en getuienis.~~

~~53.5 Die sinodale kommissie vir diens en getuienis dien amptelik as die kerklike skakelliggaam tussen die plaaslike gemeente(s) en die samewerkende kerke of die sending-organisasies. Alle ooreenkomste met kerke en of organisasies word in oorleg met die sinodale kommissie vir diens en getuienis opgestel en deur die ring of sinode goedgekeur.~~

~~53.6 Elke kerkraad, ring en sinode sien toe dat die sendingopdrag op 'n gestruktureerde wyse die nodige aandag kry, bv. deur 'n kommissie te benoem of 'n diensgroep te vorm.~~

*(Bladsy 258, punt 17.3)*

**58. AFVAARDIGING NA DIE ALGEMENE SINODE**

1. Die afgevaardigdes van die sinode in Noord-Kaapland na die buitengewone algemene sinode vergadering van 2016 is ook die afvaardiging na die algemene sinode se vergadering wat volgens die huidige reëling in 2017 sou plaasvind.
2. Indien die algemene sinode sou besluit om sy volgende gewone vergadering later te hou, is die afgevaardigdes in punt een genoem ook die afgevaardigdes na die volgende algemene sinode vergadering.
3. Indien vakatures vir die afgevaardigdes na die volgende algemene sinode sou ontstaan en die sinodale kerkordekommissie nie uit die groslys wat tydens die 2016 sinode in Noord-Kaapland saamgestel is aanvullings sou kon doen nie, gee die sinode volmag aan die sinodale kerkordekommissie om in oorleg met ringe en sinodale kommissies (SKHD, SKBO, SKDG) afgevaardigdes vir die volgende algemene sinode aan te wys.

*(Bladsy 246, punt 10)*

Die sinode besluit dat die volgende besluit van die sinode van 2012 herroep word, naamlik dat die voor- en ondervoorsitter van die sinode outomaties na die algemene sinode afgevaardig word.
*(Bladsy 247, punt 2)*

**59. SAMESTELLING SINODALE KERKORDEKOMMISSIE**

Die sinode besluit om

1. 'n sinodale kerkordekommissie saamgestel word soos voorgeskryf in die huishoudelike bepalings van die sinodale kerkordekommissie.

*(Bladsy 258, punt 21)*

**60. HERDERLIKE BRIEF**

Die vergadering **BESLUIT** dat die ring van Upington die **Herderlike brief** op 21 Oktober aan die predikant in sinodale diens moet verskaf wat dit elektronies aan gemeentes sal stuur.
*(Bladsy 283)*